

DOCUMENTA 15
UNISA 1975



PUBLIUS VERGILIUS MARO

Die Aeneïs

Uit die oorspronklike Latyn vertaal

deur

J.T. BENADE

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PRETORIA

© 1975 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 044 8

Ontwerp, geset, gedruk en uitgegee deur
die Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria

Geïllustreer deur Gert le Grange

OPGEDRA AAN MY KLEINKINDERS
CARINA KAISER
MARLÉ BENADE
CARL KAISER
J.T. BENADE
EN ALMAL WAT NOG MAG OPDAAG

... sequor et qua ducitis adsum,
di patrii; servate domum, servate nepotes.
(*Bk. 2, 701-2, effens gewysig*)

Voorwoord

Wat die afgelope vyf jaar tydsame ploegwerk was, het hierdie jaar, 1975, 'n wedloop teen tyd geword. Vanjaar vier ons reeds 'n eeu van ontwikkeling in die Afrikaanse Taal, en hoewel die Griek Homerus al 23 jaar lank in die Afrikaanse letterkunde ingeburger is, het Vergilius se beroemde Latynse epos steeds 'n ereskuld aan Afrikaans gebly.¹ Daarbenewens vier die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vanjaar sy vyf-en-twintigste jaar van selfstandigheid. Die wedloop teen tyd was dus 'n strewe aan my kant om met 'n Afrikaanse vertaling van Vergilius se *Aeneïs* 'n beskeie bydrae te lewer tot genoemde twee heuglike vierings. In daardie gees word hierdie eerste Afrikaanse prosa-vertaling van een van die mees klassieke digwerke uit die Wes-Europese kultuurskat aangebied. Mag dit dien ook tot verryking van ons eie Afrikaanse letterkunde.

Ek is terdeë bewus van die “onvertaalbaarheid” van Vergilius, van “all the charm of all the Muses often flowering in a lonely word”,² en dus ook van die noodwendige tekortkominge in die vertaling. Hoewel ek nie J. Marouzeau se bekende voorskrif (nl. dieselfde Afrikaanse woord vir dieselfde Latynse woord) konsekwent

¹ Intussen het N.A. Blanckenberg in 1975 'n waardige Afrikaanse versvertaling van Vergilius se landelike poësie die lig laat sien.

² Alfred Tennyson in sy gedig *To Vergil*.

deurgevoer het nie, en ek ook ter wille van groter helderheid die groot aantal sinonimiese eiename in die epos tot 'n minimum beperk het, het ek tog probeer om sowel die Latyn as Vergilius se gelaai, ernstige en verhewe verteltrant so getrou moontlik weer te gee.

Vergilius se epos is geen ontspanningslektuur nie — so min as wat enige groot woordkuns dit is. Maar elkeen wat hom met aandag en oorgawe lees, bevind homself spoedig vasgevang in 'n magnetiese bekoring. Daarom is hierdie vertaling nie net vir “viri doctissimi” bedoel nie, maar eerder om die literêr-estetiese van die Oudheid te help ontsluit vir almal wat dit voorheen moes ontbeer.

Ek is groot dank verskuldig aan proff. G. v. N. Viljoen (R.A.U.) en W.J. Richards (U.O.V.S.) vir waardevolle suggesties in verband met sekere dele van hierdie vertaling, maar bowe-al aan my leermeester Prof. H.L. Gonin (U.P.) vir sy allernoukeurigste kontrolering van die hele vertaling. Veel van wat mooi is daarin, is aan hulle skerpsinnigheid en fyn aanvoeling te danke, terwyl ek verantwoordelikheid aanvaar vir alles wat foutief of gebrekkig is.

Ook aan die Universiteit van die O.V.S. en die Universiteit van Suid-Afrika word hiermee dank gebied vir waardevolle hulp in verband met tikwerk. Besondere dank ook aan my kollega, prof. W.J. Richards, wat met groot offervaardigheid meer tyd aan my laat toevai het vanjaar vir die vertaling; aan mev. D. O'Kennedy wat onder groot druk die finale ms. getik het, en laaste maar nie die minste nie, aan my vrou, Bessie, wat altyd geduldig uitgesien het na die volgende stukkie voltooië vertaling, en dan uit die hiëroglifiese handskrif iets leesbaars kon optower.

Die vertaling is gemaak volgens die teks van Sir R.A.B. Mynors in die Oxford Classical Texts-reeks (1969). Waar 'n ander lesing of punktuering aanvaar is, word dit in 'n voetnota aangedui.

Ter wille van die korrekte uitspraak van persoons- en plekname wat in die *Aeneïs* verskyn, is 'n lys met die nodige aanduidings ná die vertaling bygevoeg. Oor die Afrikaanse spelling van eiename uit die Klassieke is die laaste woord nog nie gespreek nie. Daarom

het ek die spelling van die W.A.T. gevolg, waar dergelike name opgeneem is, maar owerigens die Latynse spelling behou.

Ek maak verder dankbaar melding van die nuttige wenke wat ek vir my vertaling gekry het uit die Nederlandse versvertalings van die *Aeneïs* deur dr. J.L. Chaillet en Anton van Wilderode; ook die Nederlandse prosavertalings van Bke. 1-2 en Bke. 5-6 deur R. de Pauw, A. Clerckx en G. Timmermans; die Engelse prosavertaling deur H.R. Fairclough (Loeb Classical Library) en die versvertaling deur C. Day Lewis; die Duitse versvertaling deur W. Plankl en Karl Vretska, tesame met Eduard Norden se versvertaling van Boek 6; die Franse prosavertaling van Bke. 1-6 deur André Bellesort; die Nederlandse aantekeninge by die teksuitgawe van dr. J. Mehler; die Engelse aantekeninge by die teksuitgawe van R.D. Williams (Bke. 1-6, 1972 en Bke. 7-12, 1973), R.G. Austin (Bke. 2 en 4), Sir Frank Fletcher (Bk. 6) en W.S. Maginness (Bk. 12).

Ten slotte betuig ek graag my dank aan die Universiteit van Suid-Afrika vir die vertroue en belangstelling wat hy in hierdie werk getoon het deur dit onverwyld uit te gee sodat dit nog in 1975 die lig kan sien.

J.T. Benade

Bloemfontein.
September 1975

Inhoud

Voorwoord	vii
Inleiding	1
DIE EERSTE BOEK	Aeneas se aankoms in Carthago 15
DIE TWEEDE BOEK	Die verhaal van die val van Troje 43
DIE DERDE BOEK	Aeneas se swerftog 73
DIE VIERDE BOEK	Die tragedie van Dido 99
DIE VYFDE BOEK	Op Sicilië 125
DIE SESDE BOEK	Aeneas se besoek aan sy vader in die Onderwêreld 155
DIE SEWENDE BOEK	Die oorlog in Latium 191
DIE AGSTE BOEK	Aeneas besoek die bouterrein van toekomstige Rome 225
DIE NEGENDE BOEK	Turnus se aanval op die Trojaanse laer 255
DIE TIENDE BOEK	Die groot veldslag: die dood van Pallas, Lausus en Mezentius 287
DIE ELFDE BOEK	Die groot ruiterygeveg: die dood van Camilla 321
DIE TWAALFDE BOEK	Die beslissende tweegeveg: die dood van Turnus 355
Toeliggende lys van eiename	389

*Inleiding*¹

Die verreikende gevolge van keiser Augustus se staatsmansbeleid word op letterkundige vlak gewis geëwenaar deur die gevolge van een enkele verbod. Toe Vergilius in 19 v.C. op sy sterfbed sy vriende versoek het om die *Aeneïs* te verbrand, is die uitvoering van hierdie laaste wens van die digter deur Augustus verbied. So het hierdie epos vir die mensdom behoue gebly om te dien as maatstaf vir dit wat as klassiek, nie alleen in die Latynse letterkunde nie, maar ook in die wêreldletterkunde bestempel kan word.

Uit hoofde van sy grootse opset, sy geestelike diepte en die onafgeronde toestand waarin die *Aeneïs* aan ons oorgelewer is, bly hierdie gedig, nieteenstande twintig eeue se deurvorsing deur van die wêreld se knapste filoloë en letterkundiges, nog steeds 'n bron van onopgediepte skoonheid gepaard met onopgeloste probleme. Dit lê nou eenmaal in die aard van 'n groot kunswerk dat dit aan elke nuwe geslag opnuut sy boodskap bring, opnuut 'n geestelike impak maak. Daarom is dit die plig van elke nuwe geslag om die kunswerk te benader met die wapenrusting van vergange geslagte se ervaring, gepaard met die metodes van moderne letterkundige

¹ Enkele formuleringe in hierdie "Inleiding" is ontleen aan die vertaler se ongepubliseerde doktorsale proefskrif: *'n Literêr-estetiese waardering van Vergilius se Aeneïs, Bk. VIII.*

navorsing. Eers dan kan dit sy boodskap bring wanneer die ewig-menslike van die kunswerk in lyn gebring word met eietydse begrip en ervaring; eers dan kan die nog onopgemerkte skoonheid, die nog onontginde juwele aan die lig gebring word.

DIE AENEÏS SE POSISIE IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE ROMEINSE EPOS

Soos met die meeste Romeinse letterkundige genres die geval was, het ook die Romeinse epos se wortels diep in die aarde van sy Griekse voorganger gelê. Meer nog! Dit was 'n Griek, Livius Andronícus, 'n krygsgevangene uit Tarentum, wat in die middel van die derde eeu v.C. die Latynse mond in die epiese genre geopen het met 'n Latynse vertaling van Homerus se *Odysseia*. Van meet af aan was die epiese digkuns in Rome dus onafskeidelik verbonde aan Homerus se epiese kuns, en *dit* was die eerste wesenstrek van die Romeinse epos.

As ons die ontwikkeling vanaf Livius Andronícus tot by Vergilius stap vir stap in oënskou neem, tree die doelbewuste eenheid in die Romeinse epos na vore.² Vergilius se voorgangers in die genre van die epos was sy wegbereiders. Elkeen van hulle het 'n bepaalde karakteristiek aan die genre verleen wat tot gevolg gehad het dat die Romeinse epos, toe dit sy toppunt bereik het in die hande van die meester Vergilius, wesenlik van die Griekse verskil het. Reeds by Livius Andronícus is daar 'n stoutmoedige selfstandigheid van gees in sy benadering van sy Griekse voorbeeld, maar dis veral by die eerste Romeinse eposdigter, Gnaeus Naevius, (c. 270-201 v.C.), dat ons 'n sterk nasionale trots bespeur. In sy *Bellum Punicum* behou hy wel die vorm wat Livius aan die Romeinse epos gegee het, nl. die inheemse Saturniese³ versmaat, maar hy voeg die Aeneas-sage en die Puniese oorlog, sage en geskiedenis, oertyd en eietyd, Homeriese en Romeinse, alles saam tot een

² Vgl. die insiggewende uiteensetting hiervan deur F. Klingner: *Virgil. Bucolica, Georgica, Aeneis*, Zurich, 1967, pp. 367-82.

³ Dis nie presies te bepaal hoedanig hierdie versmaat was nie.

gedig. Deurdat hy die vorm behou maar die stof vernieu, het hy die Romeinse geskiedenis as gelykwaardige onderwerp langs die Griekse mite gestel, en so die eerste nasionaal-historiese epos geskep. Eietydse, selfdeurleefde geskiedenis was van nou af aan 'n gebiedend noodsaaklike element van die Romeinse epos. Hiermee is die tweede wesenstrek van die Romeinse epos vasgelê.

Quintus Ennius (239-169 v.C.), ook 'n Griekssprekende, het die volgende stap in die ontwikkeling van die Romeinse epos gedoen. Waar sy twee voorgangers in hoofsaak Homerus se *Odysseia* tot voorbeeld geneem het, kies Ennius die *Ilias*. Al die oorloë deur die eeue in Rome se wordingsgeskiedenis, vanaf sy ontstaan tot by Ennius se eie tyd, is grotendeels die stof vir sy *Annales*. Maar waar Naevius in die nasionaal-historiese deel van sy epos die Romeinse annalistestyl, die styl van generaalsberigte aan die Senaat, gebesig het, is dit Ennius se strewe om ook die geskiedkundige oorloë in Homeriese styl te verhaal, met al die kleur wat 'n digterlike verbeelding kan optower. Ennius slaag nie volkome daarin om die Naeviaanse verteltrant, die beriggewerstyl, uit sy werk te weer nie, maar hy het tog aan sy opvolgers 'n heldere aanduiding gegee van hoe om met geskiedkundige materiaal op digtersvlak te werk te gaan.

Die gewigtigste vernuwing⁴ wat Ennius egter t.o.v. die Romeinse epos teweeggebring het, was die invoering van die Homeriese heksameter as versmaat vir sy *Annales*. Hy breek dus met sy voorgangers se epiese vormtradisie. Hy behou die nuwe stof vir die Romeinse epos soos deur Naevius aangedui, maar op sy beurt vernieu hy die vorm waarin dit gegiet moet word. Die heksametervorm open nuwe moontlikhede vir die verhouding tussen vers en sintaksis sodat beginsels vir woordposisie, sesúúr,

⁴ Vir die gewigtige vernuwings wat Ennius se invoering van die heksameter vir die Latynse digtertaal, besonders vir die epos, meegebring het, vgl. H. Oppermann in *Gymnasium* 61 (1954) (1954) pp. 535 e.v.; W.M. Lindsay: *Early Latin Verse*, pp. 307-09; M. Leumann in *Museum Helveticum* 4 (1947), pp. 120-21; F.J. Worstbrock: *Elemente einer Poetik der Aeneis*, pp. 122-29; E. Norden: *Aeneis VI*, pp. 176-77.

woord- en versaksent, kolon en periodisering nou eintlik vir die eerste keer vasgelê word. Die uitwerking van Ennius se styl op die daaropvolgende heksameterpoësie was groot. Lucretius, 'n honderd jaar na Ennius, se natuur-filosofiese epos, die *De Rerum Natura*, is nog deurspek met talle direkte ontlenings uit die *Annales*. Ongeveer tydens Lucretius se lewe het die “novi poetae,” van wie Catullus met sy heksameterpoësie die belangrikste verteenwoordiger was, hulle egter beywer om die Enniaanse heksametervers na die Griekse voorbeeld van veral die Hellenistiese tydperk te “moderniseer” en te verfyn, en op daardie fondament sou Vergilius later voortbou.

Nog 'n vernuwing wat Ennius ingevoer het, was die verheerliking van 'n nog lewende persoonlikheid. Met sy ophemeling van sy beskermheer, Fulvius Nobilior, se krygssdade in die Aetoliese oorlog (189 v.C.), lê hy hierdie wesenkenmerk, nl. die verheerliking van die oorlogssdade van beroemde generaals, in die Romeinse epos vas.

Daar het weinig oorgebly van die werke van die digters van die eintlike nasionaal-historiese epos tussen Ennius en Vergilius. Van sommige het 'n aantal heksameterverse in die vorm van sitate⁵ oorgebly, van ander niks anders nie as sy naam en moontlik 'n spottende⁶ of aanprysende⁷ opmerking in die werk van beter bekende Latynse skrywers.

Toe Vergilius dus teen ongeveer 30 v.C. op versoek van Octavianus⁸ instem om 'n epos te dig, het die tradisionele Romeinse epos die volgende voorvereistes gestel:

⁵ Vgl. W. Morel *Fragmenta poetarum Latinorum epicorum et lyricorum*: Aulus Gellius, *N.A.* 18, 11.

⁶ Vgl. Juvenalis 10, 122-26 oor Cicero se *De consulatu suo*; Catullus 36, vir sy smalende oordeel oor die *Annales* van Volusius; Horatius, *Sat. 1.* 10, 36-37 en 2,5,40-41 waar hy die spot dryf met M. Furius Bibaculus se epos oor Julius Caesar se Galliese oorloë.

⁷ Vgl. Quintilianus 10, 1, 89 se lof vir Cornelius Severus met sy *Bellum Siculum*; Vergilius, *Eclog.* 9, 34-35 en Horatius, *Carm.* 1, 6 en *Sat.* 1, 10, 43-44, se lof vir Varius Rufus se epiese werk.

⁸ Die latere keiser Augustus

1. dit moet 'n nasionale epos wees wat die geskiedenis van Rome verhaal;
2. behalwe geskiedenis moet dit ook sage bevat;
3. 'n deel van die geskiedenis moet eietyds wees;
4. dit moet die roem van 'n nog lewende persoonlikheid besing;
5. dit moet in heksametervorm gedig word.

Maar hierby het Vergilius 'n sesde eis gestel: dit moet werklik Homeries in styl en opset wees. Vir Vergilius het dit beteken dat hy 'n epos tot eer van Rome moes dig waarin selfdeurleefde geskiedenis verhaal word in die loop waarvan hy keiser Augustus kon roem. Die artistieke eise van die epos soos deur Aristoteles geformuleer,⁹ was egter gebiedend: dit moet gebaseer wees op 'n enkele handeling wat in homself 'n volkome geheel vorm, met 'n begin, 'n middel en 'n einde wat netjies inmekaar sluit sodat dit sy eie besondere bekoring uitstraal met al die organiese eenheid van 'n lewende wese. Die Homeriese eposse voldoen hieraan, maar geen enkele Romeinse voorganger het aan Vergilius 'n voorbeeld nagelaat van hoe om die geskiedenis van Rome as een enkele handeling uit te beeld nie. Hoe kon die digter bowendien geskiedkundige feite met digterlike verbeelding hanteer sonder om die geskiedenis te verkrag? Hoe kon artistieke eenheid verkry word uit die heterogene elemente van sage en geskiedenis?

Met verstommend geniale insig het Vergilius hierdie struikel-blokke te bowe gekom: hy sou slegs die Aeneas-sage as enkele handeling neem! Eeue lank was hierdie verhaal al part en deel van die Romeinse sageskat, en daarby het dit reeds as epiese materiaal in die eposse van Naevius en Ennius verskyn. Dit bevat verder die oorsprong van die Juliese geslag, daar hulle die nasate was van Julius-Ascanius, seun van Aeneas: hierdie feit kon hy benut ter verheerliking van Augustus, neef en aangenome seun van Julius Caesar. Daarbenewens is dit 'n tema uit die Trojaanse sagekring, en as sodanig kon dit verbeeldingryk en werklik epies gehanteer word met onbegrense benutting van Homerus.

⁹ *Peri Poiëtikes*, 1459a 23: 18-21.

Maar hoe kon hy die Romeinse geskiedenis, ook eietydse geskiedenis, weergee binne die raamwerk van die Aeneas-sage wat bloot maar die legendariese ontstaan van die Romeinse volk verhaal? Weer eens verrassend kunssinnig: hy verplaas die konkrete geskiedenis van Rome tot binne die raamwerk van die sage deur dit in die vertelling indirek, in die verre toekoms, te laat verskyn. Slegs van uit die ontrukte sfeer van die sage word die geskiedenis waargeneem, en as beeld in die beeldewêreld van die sage word dit deel daarvan. Die balans tussen digterlike verbeelding en historiese feite is volmaak; 'n artistieke eenheid is uit die heterogene elemente geskep. En hierdie eenheid verryk die digter met 'n teleologiese siening: die geskiedenis van Rome is deur die gode gewil en beplan, en alles wat van legendariese tye af met die Romeinse volk gebeur het, was fases in die totstandkoming van die eie tyd, die Goue Eeu van vrede wat deur Augustus bewerkstellig is. Die begin en die einde van Rome se hele geskiedenis word omvat deur die onmiddellik vertelde sage met sy eie begin en einde. Op hierdie wyse voldoen die digter aan sowel die eise van die tradisionele epos, as dié van die Griekse kuns. Alles wat binne die sfeer van die Romeinse epiek geval het, alles wat daarin moontlik was, is in Vergilius se *Aeneis* verenig.

Daarom is dit lig te verstaan dat Vergilius eintlik geen opvolger gehad het nie. Daar is wel verdienstelike¹⁰ eposse in die eerste eeu na hom, met 'n wisseling van mitologie en geskiedenis as onderwerp. Maar nooit is daar weer gepoog om 'n harmonieuse geheel te skep uit hierdie twee basiese elemente wat so kenmerkend van die Romeinse epos was nie.

In die tweede eeu na Christus het die epos in Rome klaarblyklik in onguns verval. Eers aan die begin van die vyfde eeu n.C. verskyn daar weer 'n Romeinse epiese digter¹¹ van formaat. Die ander epiese digters¹² van die vyfde eeu n.C. verdien nouliks vermelding

¹⁰ Bv. *De bello civili* van Lucanus; *Argonautica* van Valerius Flaccus; *Achilleis* van P. Statius; *Punica* van Silius Italicus.

¹¹ Claudius Claudianus. Sy *De raptu Proserpinae* getuig van 'n groot digtersgawe.

¹² C. Sidonius en Flavius Corippus.

in hierdie verband, daar hulle sg. epiese poësie niks anders as lofredes in epiese vermomming was nie.

Twee eeue van ontwikkeling in die Romeinse epos gaan dus sy hoogtepunt in die *Aeneïs* vooraf; gevolg deur vier en 'n half eeue van geleidelike verval, met enkele ligkolle tot en met sy verdwyning.

DIE DOEL VAN DIE AENEÏS

Die onderwerp van die *Aeneïs* is die verhaal van die held Aeneas se vlug uit die verowerde Troje, sy swerftog, en sy aankoms in Italië waar hy na sware oorlogvoering 'n stad gaan stig van waaruit Rome uiteindelik gestig sou word. Die geskiedenis van Rome, sy roem, sy mense, hulle godsdiens, sedes en gebruike is egter so nou verweef met die verhaal van Aeneas, dat die verhaal amper net soveel om Rome as om Aeneas gaan. Veral die belofte van 'n nuwe toekomst ná ontsaglike beproewinge, tree sterk op die voorgrond. Om die rede vir hierdie inslag van die epos behoorlik te begryp, moet ons na die Romeinse politieke toneel gedurende Vergilius se lewe kyk.

Na meer as 'n eeu van kortsigtigheid, selfsugtige ambisie en korrupsie aan die kant van die regerende adelstand, het die Romeinse Republiek ten slotte tot niet gegaan ten gevolge van geweld en burgeroorlog. Toe Octavianus in 31 v.C. sy teenstanders oorwin het en daar uiteindelik weer 'n stabiele regering en vrede in Rome ervaar is, het die Romeinse volk hierin 'n terugkeer gesien na die goeie ou dae voor die politieke getwis en geweld. Die keiser wou hierdie gevoel benut. Na die aaklige burgeroorloë, na die leeftyd van vrees en onsekerheid, moes hy weer aan die Romein 'n gevoel van nasionale trots gee, en in die proses die aandag op homself vestig as die kroon van die geskiedenisverloop en die bewerker van 'n Goue Eeu van rus en voorspoed in die Grieks-Romeinse wêreld. En in hierdie strewe kon die digters van Rome hom behulpsaam wees. Wat is geskikter hiervoor as juis die epos, die genre waarin grootse gebeurtenisse en grootse daade van heldefigure besing word?

Toe Vergilius dus op versoek van Augustus instem om sy bydrae tot die nuwe bedeling te lewer, kon hy geen beter genre vind om die ontstaansgeskiedenis, die imperiale prestasies en die karakter van die Romeinse volk te besing nie. Vervul met 'n diepe oortuiging van die verhewe, godgewilde roeping van die volk van Rome, en bedeel met 'n teleologiese visie en indringende begrip van die lewe, het Vergilius met die *Aeneïs* 'n gedig geskep wat nie alleen die verwarde Romein van sy tyd kon besiel nie, maar ook vir die toekomstige geslagte 'n bron van besieling kon wees. Die lyding en volharding van die held Aeneas is nie slegs simbool van die lyding wat dit geveer het om die Romeinse nasie tot stand te bring nie, maar ook van die lyding van die mens in die algemeen om sy ideale te bereik.

Tendenspoësie? Nee — Vergilius se fyn digtersiel het hierdie werk laat uitstyg bo die vlak van tendenspoësie. Deur sy begrypende gees, sy ruim hart en opregte meegevoel met die smarte van die lewe, word sy werk verhef tot die vlak van die algemeen-menslike. 'n Grootse etos spreek uit die *Aeneïs*: die man en die volk wat hom onderwerp aan die wil van die gode word beloon vir sy regsinnigheid! Die pynlike spanning in Aeneas dwarsdeur die epos, die spanning tussen hunkering na beskutte geluk en die harde eise van geskiedkundige gebeure word des te frappanter as ons daardie spanning sien as 'n projeksie van die konflik in die digter se eie hart, 'n projeksie van die ewig-menslike verlange wat deur stryd en leed gelouter word. Die boodskap wat die *Aeneïs* uiteindelik simbolies aan elkeen van ons bring is dit: deur onvoorwaardelike aanvaarding van ons plig en gewillige onderwerping aan die wil van die hemel loop die pad na ons eie persoonlike Goue Eeu.

DIE BOU VAN DIE AENEÏS

Oppervlakkig beskou bestaan die *Aeneïs* uit twee helftes van ses boeke elk. Die eerste helfte beskryf die omswerwinge van die held, en die tweede helfte die oorloë wat hy moes voer in sy nuwe vaderland. Vandaar die terme: Odysseïese en Iliadiese helftes. Daarmee word bedoel dat boeke 1-6 'n *imitatio* van Homerus se *Odysseia*, en boeke 7-12 'n *imitatio* van dieselfde digter se *Ilias*

is. In die eerste helfte vertel die digter egter nie die verhaal chronologies nie: hy verplaas die leser “in medias res” deur hom die Trojane in Bk. 1 op die oop see te laat ontmoet nadat hulle reeds sewe jaar lank rondgeswerf het. Hulle word deur ’n storm na die kuste van Carthago gedryf waar hulle gasvry ontvang word deur koningin Dido. Op haar versoek begin Aeneas nou van vooraf die verhaal te vertel tot en met hulle aankoms in Carthago — voorwaar ’n artistiek doeltreffende kunsgreep om die einste man wat so ’n belangrike aandeel aan al die gebeure gehad het, persoonlik aan die woord te stel.

’n Indringender studie van die struktuur van die *Aeneïs* het inderdaad drie strukturele patrone aan die lig gebring wat mekaar gedeeltelik oorvleuel en verryk:¹³

1. *Die beginsel van afwisseling.*

Tussen die gelyk- en ongelyktallige boeke van die *Aeneïs* is daar ’n duidelike afwisseling bespeurbaar:¹⁴ tussen die ernstige en minder ernstige, tussen spanning en ontspanning, tussen sterker en minder sterk tragiese inslag. Die belangrikste boeke in die epos, die wat die diepste indruk op die leser maak, is dié met die sterkste tragiese inslag, nl. die gelyktalliges. Die boeke met ongelyke getalle is wel belangrik en essensieel, maar hulle is ligter van stemming en dien om die spanning te verlig. T.W. Stadler¹⁵ beskou die gelyktallige boeke as boeke van diepte wat hoofsaaklik oor die held, sy sending en die noodlot handel, en die ongelyktalliges as boeke van breedte wat meer ander karakters en gebeure tot onderwerp het.

2. *Die tweeledige verdeling, of die parallelisme van die twee helftes.*

Ons het reeds gewys op die voor die hand liggende tweeledige verdeling van die epos. Heel aan die begin van die gedig (Bk. 1,

¹³ Vgl. G.E. Duckworth: *Structural Patterns and Proportions in Vergil's Aeneid*, Univ. of Michigan Press, 1962, pp. 1-13; B. Otis: *Virgil. A Study in civilized Poetry*, Oxford 1964.

¹⁴ Vgl. R.S. Conway: *Harvard Lectures on the Vergilian Age*, Cambridge, Mass. 1928, p. 41.

¹⁵ *Vergil's Aeneis*, Einsiedeln 1942, pp. 17-43.

1-7) vermeld die digter self 'n tweeledige verdeling, en aan die begin van die tweede helfte (Bk. 7, 44) verwys hy weer daarna. Die twee helftes verskil wel diametraal in stof, maar hulle is deur talle gelykvormighede en kontraste tot 'n hegte eenheid saamgebind. Opmerklik is die veelvuldige ooreenkomste¹⁶ in die ooreenstemmende boeke van elke helfte nl. 1 en 7, 2 en 8, ens.

Die parallelle is beslis nie toevallig nie, en ons moet dus aanneem dat Vergilius sy epos in twee groot parallelle panele geskep het met 'n afwisselende styging en daling van spanning, en met elke boek in die tweede paneel as balans vir die ooreenstemmende boek in die eerste deel.

3. *Die drieledige verdeling, of die Aeneïs as 'n trilogie.*

Die digter kombineer nog 'n derde, belangrike, strukturele patroon met die reeds genoemde afwisselende spanning en die twee ooreenstemmende panele: ons vind ook 'n drieledige verdeling¹⁷ van die epos in drie groepe van vier boeke elk. G. Duckworth¹⁸ interpreteer die drieledige verdeling soos volg: Die *Aeneïs* is die verhaal van Aeneas, en ook die verhaal van die lotsbestemming van Rome onder Augustus. Laasgenoemde verskaf die sentrale kern van die gedig, d.w.s. Bke. 5-8, en sluit af met Augustus se oorwinnings en triomfoptogte aan die einde van Bk. 8. Die eerste derde, Bke. 1-4, is die tragedie van Dido, en die laaste derde, Bke. 9-12, is die tragedie van Turnus.

Die lotsbestemming van Rome onder Augustus is die sentrale boodskap wat die digter wil bring, en hierdie boodskap omraam hy met die twee tragedies van Dido en Turnus. Maar die tragedies is nie sonder historiese belang nie: Dido se dood is simbool van die historiese omverwerping van Carthago deur Rome, en Turnus s'n van die opperheerskappy van Rome in Italië.

¹⁶ Vgl. R.S. Conway, a.w., pp. 139-140; G. Duckworth, a.w., pp. 8-10.

¹⁷ Vgl. Stadler, a.w., pp. 50-61; W.A. Camps, *A Note on the Structure of the Aeneid*, in C.Q. 4(1954), p. 215; K. Büchner: *P. Vergilius Maro, der Dichter der Römer*, RE. VIII A kol. 1440 en 1442; V. Pöschl: *Die Dichtkunst Vergils...*, p. 279-80.

¹⁸ a.w. pp. 11-13.

BALANS EN VERHOUDING

Hierdie ingewikkelde struktuurkompleks, geïntegreer uit nie minder as drie verskillende struktuurpatrone nie, vorm die argitektuur van die *Aeneïs*, en hiervan is simmetriese harmonie die opvallendste kenmerk. Deurgaans word 'n mens getref deur die digter se weergalose sin vir proporsie en simmetrie in sowel die breër argitektuur as in die bou van elke individuele boek; simmetriese vormgewing ook aan periode, vers, versonderdele, ja selfs aan die ritmiese en musikale elemente — dit is die eienskap wat Vergilius uitwys as die groot meester van poëtiese tegniek, as die geniale beheerser van sowel die groot struktuurlyne as die kleinste nuanse.

Ook t.o.v. ontlenings aan sy voorgangers vertoon Vergilius 'n sin vir balans en verhouding. Met volle erkenning aan sy voorbeelde slaag hy daarin om die oorname as 'n deurleefde skepping in die weefsel van sy eie poësie te integreer, veelal gepaard met verdieping en kragvoller werking. Selfs uit die aanwending van sy voorgangers se kunsgrepe ter versiering van die vorm straal 'n onfeilbare sin vir ewewig: die taal en styl van die *Aeneïs* verteenwoordig 'n komprehensiewe sifting van argaïese en nuwerwetse poëtiese uitdrukkingswyses, 'n balans tussen die ongekunsteldheid van die oue en die hipergekunsteldheid van die nuwe wat aan die Latynse digtertaal die kwaliteit besorg het wat as klassiek geld. Deur oorwoë benutting van die taalmiddele wat sy voorgangers geskep het, en deur die verryking en versiering van die Latynse taal uit eie geesteskrag word Vergilius "the supreme voice of that language".¹⁹ As sodanig het hy 'n enorme invloed uitgeoefen, nie alleen op alle daaropvolgende Latynse skrywers nie, maar ook op die poëtiese reuse van die hele Westerse kultuur.

DIE LEWE EN WERKE VAN VERGILIUS

Publius Vergilius Maro is op 15 Oktober in 70 v.C. in die

¹⁹ T.S. Eliot: *On Poetry and Poets*, London 1957, p. 68.

omgewing van Mantua in Noord-Italië gebore. Hy het as 'n gelukkige plaasseun grootgeword en het sy skoolopleiding te Cremona gehad. Daarna het hy sy studie in Milaan en Rome voortgesit. Aanvanklik wou hy hom vir 'n regsloopbaan bekwaam, maar het hom spoedig op filosofie en letterkunde toegelê.

Op dertigjarige leeftyd verloor hy sy vader deur die dood, en sy erfplasia word toegesê aan die ontslane veterane van die seëvierende Driemanskap na die slag van Philippi. Die gevolg is dat Vergilius in Rome by sy vroeëre leermeester Sirio gaan woon.

In 39 v.C. verskyn sy eerste digbundel, die *Eclogae* of *Bucolica*, tien idilliese herdersange wat hom dadelik roem en baie vriende besorg, onder andere Octavianus en sy eerste minister Maecenas. Van lg. kry hy 'n woning in Rome en 'n landgoed naby Napels present, en op sy beskermheer se versoek skryf hy sy tweede groot werk, die *Georgica* wat in 29 v.C. verskyn. Dit is 'n lang didaktiese gedig in vier boeke, waarin Romeinse landboumetodes, wingerden olyfboerdery, veeteelt en byeboerdery besing word. Met 'n suiwer poëtiese aanvoeling het hy egter hierdie oënskynlik prosaïese stof omgetower tot 'n heerlike gedig van die Italiaanse landelike lewe.

Op versoek van die keiser begin hy in 29 v.C. op sy landgoed naby Napels te werk aan die *Aeneïs*. Tien jaar later, in 19 v.C., was dit feitlik voltooi. Hy wou nog slegs in Griekeland en omgewing 'n paar plekke wat in die epos vermeld word persoonlik gaan besoek om sy beskrywings af te rond. Daarna sou hy nog drie jaar aan hersiening wy. In Athene ontmoet hy egter vir Augustus wat van die Ooste af op pad terug Rome toe was. Saam met die keiser onderneem hy 'n uitstappie na Megara en word daar ernstig siek aan koors. Augustus oorreed hom om saam met hom terug te vaar na Italië — die seereis sou hom dalk goed doen. Maar 'n paar dae nadat hulle in Brundisium aangekom het, op 22 September in die jaar 19 v.C. sterf Vergilius. Hy is te Napels naby sy strandvilla begrawe. Sy grafskrif lui soos volg: *cecini pascua, rura, duces* (ek het weivelde, landerye en generaals besing), 'n treffende verwysing na sy *Bucolica*, *Georgica*, en *Aeneïs* respektiewelik.

Vergilius was 'n groot man van growwe liggaamsbou. Sy hare was

kort en donker, die voorkop mooi gevorm, die mond sensitief met 'n trek van weemoed, die ken prominent, die oë groot en helder.²⁰ Hy het weinig sorg aan sy uiterlike²¹ bestee, en was dikwels sleg geklee en ongeskeer. Sy soel vel het hom gesonder laat lyk as wat hy was, en 'n keelswakheid het veroorsaak dat hy 'n moeisame spreker was. Daarbenewens was hy skugter van geaardheid en het nie graag voor die publieke oog verskyn nie. As vriend was hy bemind en gesog.

²⁰ Dit is op te maak uit die mosaïek in die vloer van 'n Romeinse villa wat in 1896 te Sousse in Tunisië opgegrawe is, en waarskynlik van 'n egte portretskildery van Vergilius af nagemaak is.

²¹ Dié besonderhede is te lees in die *Vitae Vergilianae Antiquae* (uitgegee deur C. Hardie, hersien deur R. Ellis, Oxford 1960) wat almal in meerdere of mindere mate berus op die eerste biografie van die digter deur die geskiedskrywer Suetonius aan die begin van die tweede eeu n.C. Vgl. ook H. Holtorf: *P. Vergilius Maro: Die grösseren Gedichte 1: Einleitung, Bucolica*, Freiburg 1959, pp. 80-83 vir 'n bondige bespreking van die *Vitae*.

DIE EERSTE BOEK
*Aeneas se aankoms in
Carthago*



Erg vertoorn het hy sy hoof kalm bo die watervlak
uitgelig ...

INLEIDING

Ek sing van oorlog, en van 'n held. Deur toedoen van die noodlot was hy 'n balling, en die eerste man wat van Troje se kuste af na Italië en die strande van Lavinium gekom het. Weens die onversoenlike wrok van wrede Juno is hy deur die mag van die gode op land en ter see veel rondgeslinger. Veel het hy ook in oorlog gely, totdat hy 'n stad kon stig en sy gode in Latium kon invoer, waaruit die Latynse ras, die Albaanse voorvadere en die mure van rysige Rome voortgekom het. Muse, noem my die oorsake. Hoe is haar majesteit geskend? Waaroer was die koningin van die gode gegrief sodat sy 'n man, merkwaardig in sy pligsvervulling, gedryf het om soveel rampe deur te maak? Soveel beproewinge te trotseer? Is die toorn in die hart van hemelinge dan so fel?

10

JUNO SE WROK

Daar was 'n eeue-oue stad — koloniste uit Tirus het dit bewoon — Carthago, regoor Italië en die monding van die Tiber, ver weg, welvarend, en weens sy oorlogsugtigheid uiters onverdraagsaam. Daar word beweer dat Juno hierdie stad by uitstek meer as alle ander lande gekoester en selfs vir Samos daarby tweede gestel het. Hiër was haar wapens, hiër haar strydwa. Vir die volkere moes dit 'n oppergesag wees, as die noodlot dit maar enigsins sou toelaat; reeds toe al was dit die godin se strewe en verlange.

Maar ja, sy het gehoor 'n geslag was besig om uit Trojaanse bloed te ontspruit, bestem om eendag die vesting van Carthago te verwoes. Uit hierdie geslag sou 'n volk ter verdelging van Libië voortkom, heersers oor 'n groot gebied en trots deur oorlog: so het die Skikgodinne dit immers bepaal.

20

Omdat die dogter van Saturnus¹ hiervoor bang was en omdat sy nog nie die langdurige oorlog vergeet het wat sy in die voorste linie

¹ Juno.

by Troje vir haar geliefde Griekeland gevoer het nie — die ander oorsake van haar toorn, en die vlymende smart het ook nog nie uit haar siel gewyk nie: diep in haar gemoed verborge bly die uitspraak van Paris, daardie onreg aan haar versmaaide skoonheid; ook die gehate geslag² en die eerbewyse aan die ontvoerde Ganymedes — is sy deur hierdie griewe nog verder aangevuur, en het sy die Trojane, die klompie wat aan die Grieke en die wrede Achilles ontsnap het, oor die ganse see heen rondgeslinger en hulle ver van Latium af weggehou. Baie jare lank het hulle rondgeswerf, deur die noodlot oor alle seë voortgedryf. So 'n geweldige taak was dit om die Romeinse volk tot stand te bring.

30

DIE STORM OP SEE

Nouliks buite sig van die land van Sicilië het hulle³ vol blydschap hul seile gespan op koers na die diepsee. Met koperboeg het hulle die skuimende sout golwe deurklief, toe Juno wat haar ewigdurende wond diep in haar hart bewaar, soos volg by haarself dink: “Moet ek dan oorwonne van my doel afsien? Nie in staat wees om die koning van die Trojane van Italië af weg te hou nie? Natuurlik, ek word mos deur die noodlot verbied! Kon Pallas die Grieke se vloot aan die brand steek en die bemanning self onder die golwe laat verdwyn weens die waansinnige vergryp van een man, Ajax, seun van Oileus? Eiehandig het sy Jupiter se versengende vuur vanuit die wolke neergeslinger, die skepe uitmekaargejaag en die see met winde omgewoel. Terwyl hy uit sy deurboorde bors vlamme uitasem het sy vir Ajax met 'n werwelwind gegryp en hom aan 'n skerp rots vasgepen. Maar ek

40

² Die Trojane word deur Juno gehaat omdat hulle afstam van Dardanus, die seun van Jupiter en Electra, Juno se mededingster. Hierbenewens het die Trojaan Paris tydens 'n skoonheidswedstryd tussen die godinne Venus, Juno en Minerva, die appel, die prys van die wedstryd, aan Venus toegeken. Verder is die pragtige Trojaanse seun, Ganymedes, deur 'n arend na Olympus toe geskaak om as Jupiter se skinker te dien in die plek van Juno se dogter Hebe. Al hierdie dinge verklaar Juno se groot wrok teen die Trojane.

³ Die Trojane, op koers na Italië, ná die gebeurtenisse soos verhaal in die tweede en derde boeke van die epos. Die digter verplaas die leser “in medias res”.

wat as koningin van die gode optree, sowel suster as eggenote van Jupiter, ek voer soveel jare lank oorlog teen één volk! En aanbid iemand hierna miskien Juno se godheid, of sal iemand as smekeling 'n offerande op haar altare neerlê?"

Terwyl die ontstoke godin dergelike gedagtes in haar hart oorweeg, kom sy in Aeolië aan, vaderland van donderwolke, 'n geweste vol woedende winde. Hier, in 'n ontsaglike grot, hou koning Aeolus die worstelende winde en gierende storms onder sy heersershand, en betuel hy hulle met boeie en kerker. Weerspanning brul hulle rondom teen die versperrings, onder 'n magtige gedreun van die berg. In sy hoë burg sit Aeolus, septer in die hand, en hy sus hul gemoedere en laat hul woede bedaar. As hy dit nie gedoen het nie, sou hulle voorwaar seë en lande en die hoë hemel ylings saam met hulle gevoer en deur die ruimte gesleur het. Maar die almagtige Vader het hulle uit vrees hiervoor in pikdonker grotte verberg, massiewe hoë berge bo-op hulle gestapel, en aan hulle 'n koning gegee wat volgens vaste wet moes weet om hulle teuels vas te vat en te laat skiet na gelang hy beveel word.

50

60

Aan hom het Juno nou smekend die volgende woorde gerig: "Aeolus — want aan jou het die Vader van die gode en die Koning van die mense mag gegee om die golwe te laat bedaar, maar ook om hulle met wind op te swiep — 'n volk wat my vyandig is, bevaar die Tirreense⁴ see en bring Troje en sy oorwonne Penate⁵ Italië binne. Ontketen geweld in die winde, oorweldig en laat sink hul skepe, of dryf die bemanning uiteen en verstrooi hul liggame oor die see. Ek het twee maal sewe wonderskone nimfe en van hulle sal ek Deiopea, die allerskoonste van gestalte, aan jou verbind in 'n duursame huwelik. Ek sal haar as jou eie toewys sodat sy, as beloning vir sulke dienste van jou, al haar jare saam met jou slyt en jou die vader maak van 'n pragtige kroos."

70

⁴ Tirreense = Etruriese.

⁵ Huisgode.

Hierop het Aeolus geantwoord: “U taak is dit, o koningin, om te kyk wat u wil hê; my plig is dit om u bevele uit te voer. Dis u wat my hierdie hele ryk, ja, u wat my my septer en Jupiter se guns verskaf. U vergun my om aan te sit by die feesmale van die gode, en maak my heerser oor donderwolke en storms.”

80

Na hierdie woorde het hy die punt van sy lans na die wand toe gedraai en die hol berg in sy flank getref. Dadelik, asof in militêre gelid, storm die winde voort deur die uitgang wat aan hulle gegee is en waai met werwelwarreling oor die aarde heen. Hulle stort neer op die see; saam woel die Ooste- en die Suidewind, en die Suidwester, propvol storms, die ganse see van sy diepste bodem af om, en rol ontsaglike golwe aan strand toe.

’n Geskree van die manne volg, en ’n gekraak van die touwerk. Plotseling ontruk wolke die hemel en daglig aan die oë van die Trojane; swart nag oordek die see. Die hemelpole donder, die lug flikker van snel opeenvolgende vuurstrale, en alles bedreig die manne met onmiddellike dood. Daar en dan word Aeneas se ledemate lam van ysige skrik. Hy kreun, en met albei hande na die hemel uitgestrek, roep hy uit: “O driemaal, ja viermaal gelukkig is hulle wie se heerlike lot dit was om voor die oë van hul vaders onder die hoë mure van Troje hul dood te kon ontmoet! O seun van Tydeus,⁶ dapperste onder die volk van die Grieke, om te dink dat ek nie op die vlaktes van Troje kon sneuwel en daar deur jou hand hierdie lewe kon uitstort nie — daar waar die woeste Hector deur die speer van Aeacus se kleinseun⁷, waar die geweldige Sarpedon neergevel lê, waar die Simoïs onder sy golwe soveel skilde en helms en forse liggame van helde meesleur en aanrol!”

90

100

Terwyl hy sulke woorde uitroep, tref die gierende stormwind uit die Noorde sy seil vol van voor en jaag die golwe tot aan die hemel op. Die roeispane breek; die voorstewe swaai om en stel die flank aan die golwe bloot; ’n steil waterberg kom in ’n massa aangerol.

⁶ Diomedes.

⁷ Achilles.

Party van die skepe hang bo-op die kruin van 'n golf; vir ander is die seebodem in die gapende water tussen die golwe sigbaar; die branding kook vol sand. Die Suidewind sleur drie skepe mee en slinger hulle teen verskuilde rotse aan — die Italiane noem dié rotse tussen die golwe die Altare: 'n ontsaglike rif bokant die seevlak. Die Oostewind dryf drie na vlakwater en sandbanke — 'n deerniswekkende skouspel — moker hulle teen die ondiepte en omring hulle met 'n wal sand.

110

Voor Aeneas se oë stort 'n ontsaglike golf uit die hoogte neer en tref juis dié skip wat die Lyciërs en die getroue Orontes vervoer, teen die agterstewe. Die stuurman word afgeslaan en hy tuimel vooroor, kop eerste. Die golf swaai die skip om en laat dit driemaal op dieselfde plek omtol. Toe verswelg 'n verslindende draaikolk dit in die see. Hier en daar verskyn swemmers op die ontsaglike diepte, ook wapens van die manne, wrakstukke en Trojaanse kosbaarhede — orals op die golwe. En nou oorweldig die storm die stewige skip van Ilioneus, nou dié van die dapper Achates, en die een waarin Abas en dié waarin die bejaarde Aletēs gevaar het. Die voeë van die flanke het losgetrek; deur gapende splete laat almal die vyandige seewater binnespoel.

120

NEPTUNUS STIL DIE STORM

Intussen het Neptunus bemerk dat die see met luide gebruis in beroering gebring word, dat 'n storm ontketen en die stil poele van hul diepste bodem af omgewoel is. Erg vertoorn het hy sy hoof kalm bo die watervlak uitgelig en oor die see heen getuur. Hy sien Aeneas se vloot oor die ganse see verstrooi, die Trojane oorweldig deur golwe en 'n neerstortende hemel: en Juno se liste en woede het by haar broer nie onopgemerk verbygegaan nie. Hy roep die Ooste- en die Westewind na hom toe en sê: “Het so 'n groot vertroue in jul afkoms julle beetgeneem? Waag julle dit al, winde, om sonder my gesag hemel en aarde om te woel en sulke groot massas water op te jaag? Ek sal julle ... maar dit is beter om eers die malende golwe tot bedaring te bring. Na dese sal julle vir julle misdrywe nie met dieselfde ligte straf teenoor my boet nie! Maak dat julle hier wegkom, gou, en sê dit aan julle koning: Nie aan hóm het die lot die gedugte drietand en heerskappy oor die see gegee

130

nie, maar aan my! Hy voer gesag oor die ontsaglike rotse, julle woning, Oostewind. Laat Aeolus in daardie paleis baasspeel, en laat hom heers in die toegrendelde kerker van die winde!” 140

Dit was sy woorde, en gouer as gesê, bring hy die deinende see tot bedaring, jaag die saamgepakte wolke uiteen en bring die son terug. Cymothoë en Triton stoot met verenigde krag die skepe van die skerp rotsrif af. Die god self lig hulle met sy drietand op en stoot 'n pad oop deur die geweldige sandbanke, bring die see tot bedaring en gly op ligte wiele oor die golfstoppe heen. Net soos wanneer daar oproer uitbreek het onder 'n groot volk, soos dikwels gebeur, en die lae gepeupel driftig te kere gaan; fakkels en klippe vlieg reeds rond, want waansin verskaf die wapens; dan, 150
wanneer hulle miskien 'n man opgemerk het wat weens sy regskaapenheid en verdienstelike dade gesag afdwing, bly hulle stil en staan met gespitste ore en wag; hy beheers hul gemoedere met sy woorde en kalmeer hulle harte: so het al die gedruis van die see bedaar toe die vader oor die golwe heen kyk. En terwyl hy onder 'n helder hemel voortry, pluk hy sy perde om en laat in vlieënde vaart die teuel skiet vir sy voortglydende strydwa.

DIE LANDING OP DIE KUS VAN AFRIKA

Doodmoeg doen die Trojane hulle bes om gou die naaste kus te bereik en swaai hulle voorstewens in die rigting van Libië se strande. In 'n diep inham is daar 'n plek; met sy versperrende kuste vorm 'n eiland hier 'n beskutte hawe. Elke golf van die diepsee af loop hom daarteen te pletter en verdeel dan om in die baaitjies verder na agter te spoel. Aan albei kante van die inham is daar ontsaglike kranse, en twee hoë spitse toring dreigend die hemel in. Aan hulle voet lê die see ver in die rondte veilig en stil. Bokant die hawe strek daar nog 'n agtergrond van trillende bosse; 'n bergwoud, donker van huiweringwekkende skadu, hang daaroorheen. Onder aan die voorkant van die krans vlak voor hulle is daar 'n grot, gevorm uit rotse wat vooroor hang. Daarbinne is vars water en sitplekke in die natuurlike rots — die tuiste van Nimfe. Hier hou geen kables die vermoeide skepe teë en geen anker meer hulle met sy krom snawel vas nie. 160

Hierheen nader Aeneas met die sewe skepe wat hy van die hele
aantal byeengebring het. Met 'n hewige verlange na die vaste
aarde ontskeep die Trojane. Hulle bereik die lankbegeerde kus en
vly hul ledemate, druipend van soutwater, op die strand neer. En
allereers het Achates 'n vonk uit die vuurslag geslaan, die vuur in
blare opgevang, dit gevoed met droë brandstof daaromheen, en
vinnig die vlam in die tontel opgeraap. Toe, vermoei deur al die
gebeure, haal hulle die koring, deur die golwe bederf, en die
gereedskap van Ceres⁸ uit en maak gereed om die geredde koring
oor die vlamme te rooster en met 'n klip te maal. 170

AENEAS BEMOEDIG SY VOLGELINGE

Intussen klim Aeneas op die krans en soek 'n onbelemmerde uitsig
wyd uit oor die see om te kyk of hy nie dalk vir Antheus, deur die
wind rondgeslinger, en die Frigiese tweeriemers, of vir Capys, of
Caicus se wapens⁹ op sy hoë agterstewe gewaar nie. Geen skip in
sig sien hy nie, wel drie herte wat in die verte op die strand
rondloop. Die hele kudde stap agter hierdie drie aan, en wei in 'n
lang streep deur die dale. Aeneas steek in sy spore vas, gryp
haastig sy boog en snelvliegende pyle — die wapens wat troue
Achates gewoonlik gedra het — en vel die leiers self, hulle koppe
met getakte horings fier in die hoogte, eers neer. Toe saai hy
wanorde onder die trop en jaag die hele spul met sy pyle tussen die
lowerryke bosse deur. Hy hou ook nie op voordat hy triomfantelik
sewe kolossale diere op die grond laat neerslaan en hulle aantal
met sy skepe s'n gelyk maak nie. 180 190

Daarna keer hy terug na die hawe en verdeel hulle onder al sy
makkers. Vervolgens verdeel hy die wyn wat goedhartige Acestes
op die kus van Sicilië in kruike gegiet en by hulle vertrek, held wat
hy is, aan hulle gegee het, en met sy woorde troos hy hul bedrukte
harte: “Kamerade, o julle wat al swaarder gely het — want ons het
tevore reeds met rampspoed kennis gemaak — ook aan hierdie

⁸ Bakgerei.

⁹ Die skild wat aan die agterstewe opgehang is om die bevelvoerder te identifiseer.

rampspoed sal die god 'n einde skenk. Julle het Scylla se waansin getrotseer en haar kranse wat in hul diepte dreun; ook die rotse van die Siklope het julle leer ken. Skep moed en verban neerslagtige vrees; miskien sal dit eendag 'n genoeë wees om ook hierdie dinge te onthou. Deur 'n reeks avonture, deur soveel gevare heen, is ons op weg na Latium waar die noodlot aan ons 'n rustige tuiste voorhou. Dáár is dit bestem dat die ryk van Troje weer verrys. Volhard, en bewaar julleself vir 'n mooi toekoms."

200

Met sy lippe sê hy dit, en hoewel siek van ontsaglike sorg, veins hy hoop op sy gelaat en onderdruk die verdriet diep in sy hart. Die manne spring aan die werk met die jagbuit, die fees wat voorlê. Gou slag hulle die velle van die ribbes af en lê die vleis bloot. Party sny dit aan stukke en ryg die trillende porsies aan braaispitte. Ander plaas die koperketels op die strand en stook die vure. Dan herwin hulle hul kragte deur die voedsel, en uitgestrek op die gras doen hulle hul te goed aan ou wyn en vet wildsvleis.

210

Toe hulle honger deur die feesmaal verdryf en die eetgerei opgeruim is, roep hulle in lang gesprekke hul vermiste vriende in herinnering. Tussen hoop en vrees wankel hulle: moet hulle aanneem dat hulle nog lewe? Of het die ergste met hul gebeur en hoor hulle nie meer as hul geroep word nie? Veral treur die troue Aeneas in stilte nou oor die lot van manhaftige Orontes, dan weer oor dié van Amycus; oor die wrede lot van Lycus, oor dapper Gyas en dapper Cloanthus.

220

VENUS SE PLEIDOOI

En dit het reeds ten einde geloop toe Jupiter vanuit die hoogste hemel neerkyk op die seilbesaaide see, die aarde wat daar onder lê, sy kuste en volkere wyd versprei. So gaan staan hy op die nok van die hemel en kyk aandagtig af na die koninkryk van Libië. En terwyl hy dergelike sorg in sy hart oorpeins, kom Venus, droewiger as ooit tevore, met haar blink oë wat in trane swem, en sê vir hom: "O u wat die sake van mense en gode met ewige heerskappy reël en hulle met u bliksem verskrik, watter groot kwaad kon my Aeneas, wat kon die Trojane teen u begaan het? Al het hulle reeds soveel sterfgevälle gely, bly die hele wêreld nog vir

230

hulle toegegrendel bloot omdat hulle na Italië wil gaan! U het beslis belowe dat daar eendag met verloop van jare uit hulle Romeine, dat uit hulle, uit die herrese bloed van Teucer, leiers sal ontspring wat die see en alle lande onder hul gesag sal hê. Watter oorweging, vader, het u van besluit laat verander? In hierdie belofte het ek altyd troos gevind vir die ondergang en deerniswekkende puin van Troje terwyl ek dié lotsbeskikking teen die teenoorgestelde een opweeg. Maar nou word manne wat deur soveel rampe heen voortgedryf is, deur dieselfde ongeluk agtervolg. Welke perk stel u, grote vors, aan hul beproewinge? Antenor kon tussen die Grieke uit ontsnap, veilig die Illyriese golf tot in die hart van die Liburniërs se ryk binnedring en die bron van die Timavus verbysteek. Onder luide gedreun van die berg stort dit daar uit nege mondinge in 'n see van water uit en oorstroom die landerye met sy druisende vloed. Hier het hý nogtans die stad Patavium, 'n woonplek van Trojane, gestig, 'n naam aan die volk gegee en Troje se wapens as wygeskenk opgehang. Nou leef hy daar rustig in ongestoorde vrede. Maar óns, u kroos, aan wie u die hemelburg beloof, het ten gevolge van die woede van een vrou ons skepe verloor — o skande onuitspreeklik! — en ons word verraai en ver van Italië se kuste af weggehou. Is dit die loon vir pligsgetrouheid? Herstel u ons só in heerskappy?"

240

250

JUPITER SE VOORSPELLING

Met die gelaat waarmee hy die stormbelaaide hemel laat opklaar, glimlag die Vader van mense en gode haar toe. Hy soen sy dogter liggies, en spreek toe hierdie woorde: "Moenie bang wees nie, godin van Cythera, jou kroos se lot bly onverander staan. Jy sal die stad en beloofde mure van Lavinium aanskou, en die grootmoedige Aeneas hemelhoog tot aan die sterre verhef. Geen oorweging het my van besluit laat verander nie. Hierdie seun van jou — want aangesien hierdie bekommernis aan jou knaag, sal ek maar verder praat, die noodlotsgeskrif ooprol, en sy geheime onthul — hy sal in Italië 'n geweldige oorlog voer en woeste volkere verpletter. Vir sy mense sal hy wette en stadsmure daarstel totdat die derde somer hom in Latium sien regeer en drie winters ná die omverwerping van die Rutuliërs verbygegaan het. Maar die knaap Ascanius, aan wie nou die bynaam Julus toegevoeg word —

260

Ilus was dit solank Ilium¹⁰ vas in sy heerskappy gestaan het — sal dertig groot kringlope van voortwentelende maande in oppergesag voltooi. Sy troon sal hy uit die setel van Lavinium verplaas en Alba Longa met groot mag versterk. Hier sal daar dan vir 'n volle driemaal honderd jaar 'n koninkryk bestaan onder gesag van die volk van Hector¹¹, totdat die koninklike priesteres Ilia, swanger van Mars, aan 'n tweeling geboorte gee. Daarna sal Romulus, trots op die geelbruin vel van sy wolvin-voedster, die volk oorneem, stadsmure gewy aan Mars grondves, en die volk na sy eie naam Romeine noem. Vir hulle bewind stel ek geen grense of periodes vas nie: heerskappy sonder einde het ek hul gegee. Trouens die grimmige Juno wat nou in haar vrees see en aarde en hemel kasty, sal tot beter insigte kom en saam met my guns verleen aan die Romeine, heersers van die wêreld, die volk van die toga. So behaag dit my. Na mate die heilige kringlope verbygly, sal daar 'n tydperk kom wanneer die huis van Assaracus¹⁰ vir Phthia¹² en die beroemde Mykene met die slawejuk sal druk, en heerskappy sal voer oor oorwonne Argos. Daar sal 'n Trojaan van roemryke afkoms gebore word, Caesar¹³, wat sy heerskappy met die oseaan, sy roem met die sterre sal begrens: Julius, 'n naam ontleen aan die groot Julus. Hom sal jý eendag in die hemel ontvang, belaaï met buit uit die Ooste, en jou sorge sal verby wees; ook hý sal in gebede aangeroep word. Dan sal oorloë ophou en geslagte van geweld vreedsaam gestem word. Gryse Trou en Vesta, en Quirinus saam met sy broer Remus, sal wette voorskryf. Die poorte van Oorlog, verskriklik met hulle digte ystertralies, sal gesluit word. Daarbinne sal goddelose Waansin op 'n hoop wrede wapens sit, sy hande agter sy rug vasgeboei deur 'n honderd koperknope, en huiweringwekkend brul met bloedbevlekte muil."

270

280

290

¹⁰ Troje.

¹¹ Die Trojane.

¹² Die drie Griekse state hier agtereenvolgens genoem = Griekeland.

¹³ Of Julius Caesar of sy neef, die latere keiser Augustus. Uit die teks is nie op te maak watter een bedoel word nie. Moontlik was die digter doelbewus vaag.

Dit was sy woorde, en hy stuur die seun van Maia¹⁴ uit die hoë hemel neer sodat die land en vesting van die nuutgebooue Carthago vir die Trojane gasvry mag oopstaan, en Dido, onbekend met die lotsbeskikking, hulle nie uit haar gebied sou weer nie. Deur die wye lug vlieg hy op die wieslag van sy vlerke, en weldra land hy op die kuste van Libië. En nou voer hy sy opdrag uit, en omdat die god dit wil, laat die Carthagers die wreedheid van hul harte vaar. Veral die koningin gevoel haar vreedsaam en goedgesind jeens die Trojane.

300

VENUS ONTMOET VIR AENEAS EN ACHATES OP VERKENNING

Maar dwarsdeur die nag oorpeins pligsgetroue Aeneas menigvuldige sorge, en net toe die milde daglig verskyn, besluit hy om uit te gaan en die vreemde streke te verken; ook om te verneem by watter kuste die wind hom laat land het, wie dit bewoon, mense of wilde diere — want hy sien slegs onbeboude grond — en om sy bevindinge dan aan sy makkers mee te deel. Sy vloot verberg hy in oorkoepelende bergwoude onder 'n oorhangende rotswand, rondomheen ingesluit deur bome en trillende skadu's. Vergesel deur Achates alleen stap hy voort terwyl hy twee spiese met breë ysterlemme in sy hand laat wieg.

310

In die middel van die woud kom sy moeder kom tegemoet. Haar gelaat en uiterlike voorkoms is die van 'n meisie, haar wapens ook die van 'n meisie, een van Sparta, of een soos Thraciese Harpalyce wat perde moeg hardloop en met haar spoed die vinnige Hebrusrivier verbystee. Want as jagteres het sy volgens gewoonte 'n ligte boog oor haar skouers gehang, en haar hare aan die winde oorgegee om te laat wegstroom; haar knie was ontbloot en die golwende plooi van haar kleed in 'n knoop saamgebind. En eerste sê sy: "Haai, jongmanne, as julle dalk een van my susters hier sien rond dwaal het, omgord met 'n pylkoker en 'n gespikkelde rooikatvel, of as sy dalk met luide geskree kort op die hakke van 'n skuimbekkende wildevark was, wys dan vir my waar."

320

¹⁴ Mercurius.

So het Venus gevra, en Venus se seun het so daarop geantwoord: "Geeneen van u susters het ek gehoor of gesien nie, o maagd ... hoe moet ek u noem? Want u het nouliks die gelaat van 'n sterweling, en u stem klink nie soos 'n mens s'n nie. O, beslis 'n godin! — Miskien 'n suster van Phoebus? Of een uit die geslag van die Nimfe? — Wees genadig, wie u ook al mag wees, en verlig ons swaarkry en sê vir ons asseblief onder welke hemel, op welke kuste van die aarde ons geslinger word. Onbekend met die mense en die landstreek swerf ons hier rond, hierheen gedryf deur die wind en ontsaglike golwe. Menige offerdier sal tot u eer onder ons hand voor u altare val."

330

Toe sê Venus: "Nee, ek beskou my regtig nie sulke eerbewys waardig nie. Tiriese meisies dra gewoonlik 'n pylkoker en bind hulle kuite hoog met die purper jaglaars vas. Jy aanskou die koninkryk van Carthago, 'n Tiriese volk en die stad van Agenor¹⁵. Maar die aangrensende gebied behoort aan die Libiërs, 'n volk ontembaar in oorlog. Dido wat uit Tirus vertrek het om haar broer te ontvlug, voer hier die bewind. Lank is die verhaal van onreg teen haar, lank die verwarrende verloop daarvan, maar die hoofpunte sal ek skets.

340

Haar eggenoot was Sychaeus, die rykste man aan goud onder die Feniciërs, en hartstogtelik deur arme Dido bemin. Haar vader het haar aan hom as maagd gegee en in eerste huwelik verbind. Maar oor Tirus het haar broer, Pygmalion, geheers, 'n man wie se misdadigheid monsteragtiger was as alle ander mense s'n. Tussen die twee swaers het waansin ingetree. Die goddelose en deur geldsug verblinde Pygmalion vel die niksvermoedende Sychaeus heimelik met 'n swaardhou voor die altare neer, sonder om te dink aan sy suster se liefde vir haar man. Lank het hy sy daad bedek gehou en in sy boosheid met baie gehuigel die liefhebbende vrou, siek van bekommernis, met ydele hoop bedrieg. Maar in haar slaap het die beeltnis van haar onbegraaftde eggenoot self verskyn en sy gelaat, wonderbaarlik bleek, na haar opgehef. Hy het aan

350

¹⁵ Carthago.

haar die wrede altaar en sy bors wat met die swaard deurboor was blootgelê, en die hele verborge misdaad van die huis ontsluit. Toe raai hy haar aan om haastig te vlug en uit haar vaderland te wyk, en as hulpmiddel vir die reis onthul hy skatte wat lank in die grond weggesteek was, 'n ongehoorde gewig aan silwer en goud.

Onthuts hierdeur, het Dido haar vlug en reisgeselle begin voorberei. Diegene wat meedoënlose haat of hewige vrees vir die tiran gekoester het, kom byeen; hulle lê beslag op skepe wat toevallig gereed lê en belaaï hulle met goud. Die skatte van gierige Pygmalion word oor die see weggevoer; 'n vrou is die leier van die onderneming. Hulle het aangeland op die plek waar jy nou die ontsaglike stadsmure en die verrysende vesting van die nuwe Carthago sal sien, en soveel grond gekoop — Byrsa het hulle dit genoem, na die naam van die handeling — as wat hulle met die vel van 'n bul kon omspan¹⁶. Maar julle, wie is julle tog? Of van welke kuste het julle gekom? Of waarheen is julle op reis?"

Toe sy sulke vrae stel, sug Aeneas, en hy antwoord haar met woorde wat hy diep uit sy bors ophaal: "O godin, indien ek die relaas van ons beproewinge van sy vroegste begin af sou herhaal en aanhou vertel, en as u die tyd sou hê om dit aan te hoor, dan sou die Aandster die hemel gesluit en die dag ter ruste gelê het voordat ek klaar is. Van aloue Troje af — as die naam van Troje miskien u ore bereik het — is ons oor verskillende seë heen gevoer, en het 'n storm ons uit eie gril teen die kuste van Libië aangedryf. Ek is Aeneas die pligsgetroue, wat my huisgode, aan die vyand ontruk, op my skepe met my saamvoer, en wat deur my roem tot bokant die hemel bekend is. Ek is op soek na Italië, die land van my vadere, en na 'n ras uit die allerhoogste Jupiter ontspring. Met twintig skepe het ek die see van Frigië ingesteek, en terwyl my goddelike moeder die weg aantoon, my verklaarde noodlot gevolg; skaars sewe bly oor, gebeuk deur die golwe en die Suidoos. Ek self, onbekend en nooddruftig, swerf deur die woesteny van Libië, verjaag van Europa en van Asië."

¹⁶ Die bulvel is in baie dun rieme gesny wat dan 'n groot stuk grond kon insluit.

Venus het dit nie verduur dat hy verder kla nie en hom midde-in sy smart aldus in die rede geval: “Wie jy ook al is, ek glo jy adem nie die lewenslug in as iemand wat deur die hemelbewoners gehaat word nie, aangesien jy by die stad Carthago aangeland het. Gaan maar net verder, en begeef jouself hiervandaan na die paleis van die koningin. Want ek bring jou die nuus dat jou makkers ongedeed teruggekeer het en dat jou vloot terugbring is, na ’n veilige hawe gedryf deurdat die winde gedraai het — tensy my ouers my die waarsêerskuns verkeerd en tot geen nut geleer het. Kyk na daardie twaalf swane in ’n vrolike swerm, wat so pas deur Jupiter se voël¹⁷, neerskietend uit die eteriese ruim, in die oop hemel verjaag is. Nou sien jy dat hulle in ’n lang ry òf op die grond neerstryk, òf reeds afkyk na waar hulle makkers klaar neergestryk het. Net soos hulle by hulle veilige terugkeer met suisende vlerke baljaar, en eers in ’n swerm saam in die rondte gevlieg en gekrysk het, net so is jou skepe en die manne van jou geselskap òf reeds in die hawe òf nader hulle die monding met bollende seile. Gaan maar net verder en rig jou skrede na waar die pad jou heen voer.”

390

400

Sy het gespreek, en toe sy wegdraai, glans dit om haar roserooi hals, en van haar hoof af adem die onsterflike lokke ’n goddelike geur; haar kleed vloei neer tot onder op haar voete, en deur haar tred word sy geopenbaar — ’n ware godin. Toe hy sy moeder herken, roep hy haar, terwyl sy verdwyn, hierdie woorde na: “Waarom bedrieg u u seun – wreed ook u – so dikwels met skyngestalties? Waarom word nie toegelaat om mekaar ’n handdruk te gee, en om ongehuigelde woorde aan te hoor en uit te spreek nie?” So verwyt hy haar, en stap aan in die rigting van die stadsmure. Maar terwyl hulle voortstap het die godin Venus hulle met ’n ondeursigtige mistigheid omring en in ’n digte wolkekleed gehul, sodat niemand hulle sou kon opmerk of aanraak, en niemand vertraging sou kon teweegbring, of die redes vir hulle koms sou kon vra nie. Sy self vertrek deur die lug na Paphus en besoek blymoedig haar tuiste weer, waar sy ’n tempel het; waar ’n honderd altare met wierook van Saba gloei en van vars blomkranse geur.

410

¹⁷ Die arend.

CARTHAGO

Intussen het hulle haastig voortgestap met die voetpad wat hulle
weg aantoon. Nou was hulle besig om op te klim teen die heuwel
wat reusagtig bokant die stad opdoem en van bo af op die vesting
hier voor hom neerblik. Aeneas bewonder die massiewe geboue **420**
waar voorheen slegs hutte was; hy vergaap hom aan die poorte, die
rumoer en die geplaveide strate. Die Carthagers is met oorgawe
besig; party trek die mure op, bou moeitevol aan die stadsburg en
rol rotsblokke van onder af met die hande aan. Ander kies 'n
perseel vir hulle woonhuis uit en trek 'n ploegvoor daaromheen.
Hulle kies vir hulle wette en amptenare en 'n eerbiedwaardige
senaat. Hier grawe sommiges die hawe uit, daar lê ander die diep
fondamente vir hulle skouburg, en hulle kap reusagtige suile uit
die rotse, paslike sierade vir die toekomstige toneel: soos bye in
die vroegsomer oor blomryke velde aan 't werk in die son, **430**
wanneer hulle die volwasse jonges van hul geslag na buite bring, of
die vloeiende heuning in die koeke instop en die selle laat swel van
soet nektar; party neem die vragte van die aankomendes oor; in
militêre gelid hou ander die hommels, 'n lui trop, van die korwe af
weg; in koorsagtige haas gaan die werk voort, en die geurende
heuning ruik na tiemie. "O gelukkig is hulle wie se mure reeds
verrys!" sê Aeneas, en hy kyk op na die gewelspanse van die stad.
In die newel gehul stap hy binne — wonderbaar om te sê — deur **440**
hul midde, en meng met die mense maar word deur niemand
gesien nie.

Midde-in die stad was daar 'n heilige bos, vol weelderige skadu,
die plek waar die Carthagers heel aan die begin, nadat hulle deur
golwe en werwelwind rondgeslinger was, die teken uitgegrawe het
wat vorstelike Juno aangedui het, naamlik die kop van 'n vurige
perd. Want dit was die teken dat die volk in oorlog sou skitter, en
deur die eeue in oorfloed sou lewe. Hier was Dido van Carthago
besig om tot eer van Juno 'n ontsaglike tempel te bou, weelderig
deur wygeskenke en die majesteit van die godin. Sy brons ingang
het met trappe na bo geloop, van brons plate was die hoofbalke
saamgeklank, en aan brons deure het die skarnier geknars.

DIE AFBEELDINGS IN DIE JUNOTEMPEL

In hierdie bos het hy op 'n ongewone skouspel afgekom wat vir die eerste maal sy vrees laat bedaar het. Hier het Aeneas vir die eerste maal durf hoop op redding en dit gewaag om meer vertrouwe in sy haglike omstandighede te hê. Want terwyl hy in die ontsaglike tempelgebou op die koningin wag en elke voorwerp in oënskyn neem, terwyl hy verwonder staan oor die voorspoed van die stad en oor die verskeidenheid in die bedrewenheid van die kunstenaars en hulle moeitevolle arbeid, sien hy, een na die ander, die gevegte om Troje, die oorlog wat deur sy roem reeds oor die ganse wêreld bekendheid verwerf het. Hy sien die seuns van Atreus¹⁸ en vir Priamus, en vir Achilles, meedoënloos teenoor albei¹⁹. Met trane in sy oë het hy gaan staan en gesê: “Watter oord, Achates, watter streek op aarde lê teen hierdie tyd nie vol van ons lyding nie? Kyk, Priamus! Ook hier het verdienste sy paslike belonings, ook hier is daar trane vir die ongeluk op aarde, en raak mensesmart die hart. Laat vaar jou vrees! Hierdie roem sê ek jou, sal ons 'n mate van veiligheid besorg.”

450

460

So sê hy, en onder veel gesug voed hy sy siel met die lewelose uitbeelding; sy gelaat is nat van die trane wat vryelik vloei. Want hier het hy gesien hoe die Grieke tydens die gevegte rondom Troje op die vlug slaan met die Trojaanse vegters kort op hul hakke; daar, hoe die Trojane vlug, en hoe Achilles, met helmkam versier, hulle met sy strydwa op die hakke sit.

Nie ver daarvandaan nie herken hy met trane in sy oë Rhesus se tente van sneeuwit seil. Die seun van Tydeus, bloedbevlek van die groot slagting, het hulle verwoes, verrai deur die eerste slaap; die vurige perde het hy na sy kamp afgekeer voordat hulle van Troje se voer of van die Xanthus se water kon proe.

470

Op 'n ander plek vlug Troïlus nadat hy sy wapens verloor het, arme knaap wat as ongelyke van Achilles met hom die stryd

¹⁸ Agamemnon en Menelaus, twee aanvoerders van die Grieke.

¹⁹ D.w.s. teenoor sowel Agamemnon en Menelaus as teenoor Priamus.

aangeknoop het. Hy word deur sy perde voortgesleep; agteroor-geval hang hy aan die leë strydwa, maar klou tog nog aan die leisels vas; sy nek en hare sleep oor die grond en sy omgekeerde lans skryf in die stof.

Intussen het die Trojaanse vroue met loshangende hare die tempel van die vyandige Pallas genader, smekend die oorkleed gebring, en bedroef hul borste met die handpalms geslaan: met gesig weggedraai het die godin haar oë star op die grond gehou.

480

Driemaal reeds het Achilles vir Hector om die mure van Troje gesleep, en nou was hy besig om die lewelose liggaam vir goud te verkoop. Toe, voorwaar, slaak Aeneas 'n swaar sug uit die diepte van sy hart, toe hy die buit, toe hy die strydwaens, toe hy sy vriend se lyk self sien, en vir Priamus wat sy weerlose hande uitstrek.

Ook homself het hy herken waar hy in stryd gewikkel is met die Griekse vorste; ook die leërs uit die Ooste en die wapenrusting van die swartman Memnon. Tierend lei Penthesilea haar Amasonekolonnes met hul halfmaanskilde, en sy gloei van drif te midde van haar duisende — 'n vroulike kryger met 'n goue gordel onder haar ontblote bors vasgebind, ja, 'n meisie wat dit waag om met manne die stryd aan te knoop.

490

DIDO

Onderwyl Aeneas, nasaat van Dardanus, hierdie wonderbare taferele beskou, onderwyl hy hom verbaas en in ononderbroke aanskouing versenke vasgenael staan, het die koningin na die tempel toe aangestap gekom, wonderskone Dido, met 'n groot skare jeugdiges wat om haar toestroom. Soos Diana haar reie op die oevers van die Eurotas of oor die rûens van Cynthus in beweging bring, met 'n duisend bergnimfe in haar gevolg wat aan alle kante om haar saamdrom; sy dra 'n pylkoker oor haar skouer, en terwyl sy voortstap, staan sy bokant al die godinne uit — en stille vreugde deurtril Latona se hart — só was Dido, só het sy blymoedig deur hul midde gestap en die werk van haar wordende ryk aangemoedig.

500

Toe het sy onder die sentrale koepel van die tempel by die deur van die godin plaasgeneem, omring deur gewapende manne en gesetel op haar hoë troon. Reg en wette het sy aan haar mense gegee, en die las van die arbeid regverdig in gelyke dele verdeel, of deur die lot laat beslis, — toe Aeneas skielik vir Antheus en Sergestus onder 'n groot toeloop van die volk sien aankom, en dapper Cloanthus en die ander Trojane wat deur die swart werwelwind op see uiteengejaag en ver na ander kuste weggevoer was. Verstom was hy self, verstom ook Achates, ontroer deur vreugde en vrees. Hulle brand van gretigheid om mekaar die hand te druk, maar die onsekerheid van die toestand verontrus hulle harte. Hulle verberg hul gevoelens, en bedek deur die omhullende wolk probeer hulle uitvind watter lot die manne getref het, op watter kus hulle hul vloot agterlaat, en waarom hulle kom. Want verkose manne van al die skepe was op pad met 'n pleidooi om genade, en was besig om onder geskree hul weg na die tempel te baan.

510

Nadat hulle binnegegaan het en daar geleentheid gegee is om in die koningin se teenwoordigheid te praat, het die oudste, Ilioneus, kalm en bedaard soos volg begin: “O koningin, aan wie Jupiter dit gegun het om 'n nuwe stad te stig en hovaardige volkere met geregtigheid te betuel, ons ongelukkige Trojane, deur die winde oor alle seë heen gedryf, smeeke u: weer die afgryslieke vuur van ons skepe af, spaar 'n godvresende volk en beskou ons omstandighede in 'n gunstiger lig. Ons het nie gekom om die wonings van Libië met die swaard te verdelg, of om geroofde buit na die kus toe mee te sleep nie; sulke geweld lê nie in ons bedoeling nie en sulke groot hoogmoed het oorwonne ook nie. Daar is 'n plek, die Grieke noem dit Hesperie, 'n oeroue land, magtig deur wapens en die vrugbaarheid van sy bodem; Oenotriërs het dit voorheen bewoon; nou wil die gerug dat 'n jonger geslag dit die naam Italië gegee het na die naam van hulle leier. Daarheen het ons koers gelei, toe stormagtige Orion met 'n skielike vloedgolf verrys en ons in die verskuilde ondieptes invoer. Met tierende winde slaan hy ons geheel en al uitmekaar tussen berghoë golwe en ontoeganklike rotse; hier na u kuste toe het ons paar aangedryf.

520

530

Watter menseras is dit dié? Of watter land is so barbaars dat dit

hierdie sede toelaat? Ons word die gasvryheid van die strandsand ontsê! Hulle ontketen oorlog en verbied ons om ons voet op die grens van hul land te plaas! As u en u volk die menseras en die wapens van sterweling minag, vrees dan tog die gode wat reg en verkeerd altyd sal onthou. **540**

Ons koning was Aeneas, en geen ander was regskepener as hy in pligsvervulling, of groter in oorlog en heldedade nie. As die noodlot hierdie man spaar, as hy van die hemelse lug lewe en nog nie in die wrede skadu's lê nie, dan het ons geen vrees nie, en sou dit u nie berou as u die eerste in vriendediens gewedywer het nie. In streke van Sicilië is daar ook nog stede en wapens wat ons sal help, en ook die beroemde Acestes, uit Trojaanse bloed gebore. **550** Laat ons toe om ons windgebeukte vloot aan wal te sleep, en om in die bosse planke reg te kap en roeispang glad te skaaf, sodat ons blymoedig na Italië en Latium mag soek as dit ons vergun word om met ons teruggevonde koning en kamerade na Italië koers te kry. Maar as redding uitgeskakel is, en as die see van Libië u gevange hou, allervoortreflikste vader van die Trojane, en daar nou geen hoop op Julius oorbly, nie, laat ons dan tog ten minste na die see-engtes van Sicilië soek vanwaar ons hierheen gevoer is; na die tuiste wat vir ons gereed lê, en na koning Acestes." So het Ilioneus gespreek, en al die seuns van Dardanus²⁰ het luid hul instemming betuig. **560**

Toe slaan Dido haar oë neer en antwoord kortliks: "Verban die vrees uit jul harte, Trojane, verdryf julle sorge. Harde noodsaak en die jeugdige bestaan van my ryk verplig my om sulke streng maatreëls te tref en my grense oor 'n wye gebied met wagte te beskerm. Wie sou die volk van Aeneas, wie die stad Troje, die heldedade, of die brande van so 'n groot oorlog nie ken nie? Ons Puniërs het nie sulke verstompte harte nie, en die Son span sy perde nie so ver van Carthago af in nie²¹. Of julle nou die groot land van die Aandster met die velde van Saturnus²², en of julle die

²⁰ Trojane.

²¹ D.w.s. ons woon nie onbereikbaar ver in die wêreld nie.

²² Italië.

gebied van Eryx²³ en Acestes as koning verkies, ek sal julle onder 570
veilige geleide heenstuur en met my middele help. Of wil julle julle
ook op gelyke voet saam met my in hierdie koninkryk vestig? Die
stad wat ek oprig, is julle s'n; sleep julle skepe aan wal; Trojaan en
Carthager sal sonder onderskeid deur my behandel word. Ag, ek
wens julle koning was deur dieselfde wind as julle aangedryf, en
kon hier teenwoordig wees — Aeneas in eie persoon! In elk geval
sal ek betroubare manne met die kus langs uitstuur, en opdrag gee
om die uithoeke van Libië te fynkam, in geval hy dalk as skip-
breukeling in wie weet watter bosse of stede rondswaai."

Bemoedig deur hierdie woorde het sowel dapper Achates as vader 580
Aeneas lank reeds gebrand om uit die wolk te voorskyn te breek.
Eers spreek Achates vir Aeneas aan: "Seun van 'n godin, watter
plan rys nou in u gees op? U sien alles is veilig, u vloot en kamerade
is gered. Een man is nie hier nie, die een wat ons self in die middel
van die golwe verswelg gesien het; die res stem ooreen met u
moeder se woorde." Nouliks het hy dit gesê, of die omringende
wolk skeur skielik oop en verdamp in die oop hemel. Daar het
Aeneas gestaan, stralend in die helder lig, na gelaat en skouers net
soos 'n god. Want self het die moeder haar seun die bekoorlike 590
haardos, die skitterende glans van jeug en die vrolike bekoring aan
sy oë toegeadem: 'n skoonheid soos die wat kunstenaarshande aan
ivoor gee, of wanneer silwer of marmer van Paros met geel goud
omrand word.

Toe spreek hy die koningin soos volg aan, en onverwags vir almal 600
sê hy skielik: "Hier voor u staan ek vir wie u soek, Trojaanse
Aeneas, gered uit die golwe van Libië. O, u, die enigste wat haar
ontferm het oor die onuitspreeklike ellende van Troje, u wat ons,
die paar wat aan die Grieke ontkom het en reeds deur alle rampe
van land en see uitgemergel is en aan alles gebrek het, deelgenote
maak van u stad en van u huis: om aan u, Dido, waardige dank te
betuig, lê nie in ons vermoë nie, ook nie in die vermoë van

²³ Sicilië.

enigiemand van die Trojaanse ras wat waar ook al oorbly, versprei oor die wye wêreld nie. Mag die gode aan u waardige belonings bring indien daar goddelike magte is wat na pligsbewuste mense omsien, indien daar êrens enige regverdigheid bestaan, en 'n gewete wat van reg bewus is. Watter gelukkige tye het aan u geboorte gegee? Watter roemryke ouers het aan so 'n dogter die lewe geskenk? Solank riviere in die see vloei, solank skadu's op die berge oor die hellings gly, solank die hemel die sterre voed, immer sal u eer, u naam en u lof bly voortbestaan, watter lande my ook al mag roep.” Nadat hy so gespreek het, gryp hy sy vriend Ilioneus met die regter- en vir Serestus met die linkerhand; daarna die ander, dapper Gyas, en dapper Cloanthus.

610

Verstom was Dido van Carthago, eers toe sy die held sien, toe weer oor sy geweldige lot, en so het sy geantwoord: “Watter lot, seun van 'n godin, agtervolg u deur sulke groot gevare heen? Watter mag dryf u na wrede kuste? Is u daardie Aeneas aan wie genadige Venus by die waters van die Simoïs van Troje die lewe geskenk het as seun van die Trojaan Anchises? Ja, gewis onthou ek dat Teucer na Sidon toe gekom het, nadat hy uit sy vaderland verban is en met Belus se hulp op soek was na 'n nuwe koninkryk. My vader Belus was toe besig om vrugbare Ciprus te verwoes, en dit as oorwinnaar onder sy gesag te hou. Reeds van daardie tyd af is die lot van die stad Troje my bekend, ook u naam, en die Griekse vorste. Hoewel persoonlik hul vyand, het Teucer met merkwaardige lof van die Trojane gepraat, en hy het daarop aanspraak gemaak dat hy van die oerou geslag van die Trojane afstam. Kom dus, jongmanne, en tree ons woning binne. 'n Soortgelyke lot het ook vir my deur baie beproewinge gedryf, en gewil dat ek my op langelaas in hierdie land moet vestig. Self met rampspoed vertrou, leer ek om mense in hul ellende by te staan.”

620

630

VOORBEREIDINGS VIR DIE FEESMAAL

So vertel sy; dadelik lei sy Aeneas die paleis binne, en dadelik kondig sy 'n dankoffer in die tempels van die gode aan. Boonop stuur sy intussen twintig stiere strand toe vir sy kamerade, 'n honderd groot varke met stekelige hare op die rug, 'n honderd vet lammers saam met hul moeders — geskenke vir die vrolikheid van

die dag. Maar binne word die pragtige paleis met vorstelike weelde ingerig, en in die middelsaal berei hulle 'n feesmaal voor. Daar is kunstig geborduurde spreie van trotse purper, en massiewe silwer op die tafels; in goud is die dapper dade van die voorvaders gesiseleer, 'n baie lang reeks gebeurtenisse oor menige held vanaf die oeroue oorsprong van die volk gevoer.

640

Aeneas — want sy vaderlike liefde het sy gemoed nie toegelaat om tot rus te kom nie — stuur vir Achates inderhaas vooruit na die skepe om hierdie nuus aan Ascanius te bring en om die seun self na die stad te begelei. Al die sorg van die dierbare vader is op Ascanius gerig. Hy beveel hom daarbenewens om geskenke te bring wat uit die puin van Troje gered is: 'n mantel, styf van figure met gouddraad gestik, en 'n sluier met geel beerklou omsoom, sierade van Spartaanse Helena, wat sy van Mykene af saamgeneem het toe sy op koers was na Troja en haar ongeoorloofde huwelik — 'n wonderlike geskenk van haar moeder Leda. Daarbenewens, die septer wat Ilione, oudste dogter van Priamus, eens op 'n tyd gedra het, 'n pêrelhalssnoer vir die nek, en 'n dubbele kroon van goud met edelstene beset. Hierdie bevele voer Achates haastig uit, en baan sy weg na die skepe.

650

VENUS SE LIS

Maar die godin van Cythera²⁴ bedink in haar hart nuwe liste, nuwe planne: hoe Cupido met veranderde voorkoms en gelaat in die plek van die liewe Ascanius na Carthago kan gaan, en met sy geskenke die koningin in waansin kan laat ontvlam en die vuur deur haar gebeente kan stuur. Ja, want sy vrees die onbetroubare huis en verraderlike Carthagers. Die gedagte aan Juno se toorn vreet aan haar, en as die nag daal, storm haar kommer terug. Daarom spreek sy ge vleuelde Amor²⁵ met hierdie woorde aan: “My seun, my krag, my groot mag, jy die enigste, my seun, wat die opperste Vader²⁶ se skigte waarmee hy vir Typhoeus²⁶ neergevel

660

²⁴ Venus.

²⁵ Cupido, of, Liefde.

²⁶ Jupiter, wat die honderdarmige reus Typhoeus met 'n bliksemstraal neergevel en onder Etna begrawe het.

het, minag, na jou neem ek my toevlug en smekend versoek ek jou goddelike mag. Jy weet hoe jou broer Aeneas ter see van strand tot strand geslinger word ten gevolge van meedoënlose Juno se haatgevoelens, en dikwels het jy vanweë my smart, ook smart ervaar. Nou het Dido van Carthago hom in haar mag en hou hom terug met vleierende woorde. Ek vrees die resultaat waartoe Juno se gasvryheid²⁷ mag lei: by so 'n gewigtige keerpunt in die gang van sake sal sy nie ledig sit nie. Daarom beoog ek om die koningin vooraf met lis te pak en met liefdesvuur te omring, sodat sy nie onder invloed van een of ander godheid²⁸ van gesindheid mag verander nie, maar saam met my vasgehou kan word deur 'n groot liefde vir Aeneas.

670

Verneem nou my plan waarmee jy dit kan regkry: die koningseun, my grootste sorg, maak hom gereed om op versoek van sy geliefde vader na Carthago toe te kom, en hy bring geskenke saam wat die see en vlamme van Troje oorleef het. Ek sal hom in slaap dompel en op die hoogtes van Cythera of op Idaliumberg in 'n geheiligde woonplek versteek, sodat hy my lis op generlei wyse kan agterkom, of tussenbei tree en 'n stok in die wiel kan steek nie. Boots jy listig sy gestalte na — nie langer as een nag nie — en neem as seun die welbekende gelaatstrekke van die seun aan, sodat wanneer Dido jou in die volheid van haar geluk gedurende die koninklike eetmaal en onder die drink van die wyn op haar skoot neem, wanneer sy jou omhels en teer kus, jy 'n heimelike vuur oor haar kan adem en haar ongemerk kan vergiftig."

680

Amor gehoorsaam die woorde van sy geliefde moeder, haal sy vlerke af en stap opgeruimd voort met die tred van Julus. Maar Venus laat kalme rus oor Ascanius se ledemate vloei, troetel hom op haar skoot en bring hom met goddelike mag op na die rysige bosse van Idalia waar tere marjolein hom met blomme omgewe en met soetgeurende skadu toeadem.

690

²⁷ D.w.s. die gasvryheid wat Aeneas in Carthago, stad van Juno, geniet.

²⁸ O.a. Juno.

DIE FEESMAAL

En nou was Cupido op weg, gehoorsaam aan haar woorde, en onder geleide van Achates blymoedig besig om die koninklike geskenke vir die Carthagers te bring. Toe hy daar aankom, het die koningin reeds tussen kosbare behangsels haar plek in hul midde ingeneem en op haar goue sofa aangelê. Nou kom vader Aeneas, nou kom die Trojaanse jeug byeen en strek hulleself op die purper spreie uit. Die diensknegte bied water vir hulle hande, bedien brood uit mandjies, en bring servette waarvan die vesels netjies geknip is. Dis vyftig diensmaagde binne se plig om die lang reeks disse ordelik te rangskik, en om die haardvuur goed te laat brand. 'n Honderd ander diensmaagde is daar, en net soveel diensknegte van gelyke ouderdom as hulle, om die tafels met voedsel te belaai en die drinkbekers voor te sit.

700

En ook die Carthagers het in groot getalle oral in die feestelike saal byeengekom. Nadat hulle genooi is om op die geborduurde sofas aan te lê, bewonder hulle Aeneas se geskenke, bewonder hulle vir Julius, die gloeiende gelaat van die god en sy veinsende woorde, die mantel en die sluier met geel beerklou geborduur. Veral die arme vrou van Carthago, gedoem tot naderende ondergang, kan haar siel nie versadig nie en ontvlam by die aanskouing daarvan: deur die seun word sy net soveel ontroer as deur die geskenke. Nadat hy in omhelsing om Aeneas se nek gehang, en voldoening geskenk het aan sy bedroë vader se groot liefde, gaan hy na die koningin. Met haar oë, met haar hele siel kleef sy aan hom en troetel hom telkens aan haar boesem, en sy weet nie, arme Dido, watter magtige god hom daar tot haar ellende vestig nie. Maar hy dink aan sy Acidaliese moeder²⁹ en begin om Dido se herinnering aan Sychaeus geleidelik uit te wis, en trag om haar gemoed, lank reeds sonder hartstog, en haar hart, nie meer aan liefde gewoond nie, met 'n lewende liefde te verras.

710

720

²⁹ Venus.

Nadat daar eers 'n verposing in die feesmaal ingetree het en die tafels afgeruim is, plaas die bediendes groot mengvate neer en omkrans die wyn met lower. 'n Gedruis ontstaan in die paleis en die gaste laat hulle stemme deur die ruim sale rol. Brandende lampe hang aan die goue plafon wat in panele afgewerk is, en fakkels verdryf die duister met hulle vlamme. In hierdie stadium het die koningin die drinkbeker, swaar van edelstene en goud, gevra, die beker wat Belus en al die konings na Belus gewoonlik gebruik het, en dit met wyn gevul. Toe kom daar stilte in die paleis en Dido sê: “Jupiter, — want hulle beweer dat u die wette van gasvryheid voorskryf — wil dat hierdie 'n blye dag mag wees vir sowel Carthagers as vir hulle wat van Troje af vertrek het, en dat ons nageslagte hierdie dag onthou. Mag Bacchus, gewer van blydschap, en die goeie Juno teenwoordig wees. En vier julle, Carthagers, die byeenkoms in toegeneë stemming.” Sy het gespreek, 'n offerande van wyn op die tafel uitgegiet, en eerste, nadat sy gepleng het, die beker met haar lippe aangeraak. Toe reik sy dit met vriendelike aandrang aan Bitias. Flink het hy die skuimende beker geledig en diep teue uit die vol goud gedrink; daarna die ander vooraanstaandes.

730

Langlokkige Jopas wat deur die groot Atlas leer speel is, laat die saal weerklink met sy vergulde siter. Hy sing van die swerwende maan en die verduisteringe van die son, van die oorsprong van die menseras en die diere, van die ontstaan van reën en van vuur. Hy sing van Arcturus³⁰ en die reënryke Hyades³¹, en die tweeling Triones³², waarom die son in die winter so erg haastig is om in die Oseaan af te duik, en welke hindernis die trae winter nagte in die weg staan. Keer op keer juig die Carthagers hom toe, en die Trojane volg hul voorbeeld.

740

Ja, ook arme Dido het die nag met afwisselende gesprekke uitgerek en die liefde met volle teue ingedrink terwyl sy baie vrae

³⁰ 'n Groot ster wat storms aankondig.

³¹ Reëngesternte.


³² Die Groot en Klein Beer.

oor Priamus stel, en baie oor Hector; nou: in watter wapenrusting Aurora se seun³³ na Troje toe gekom het, dan: hoedanig Diomedes se perde was, dan weer: hoe groot Achilles was. “Nee, kom, my gas,” sê sy, “en vertel vir ons van die vroegste begin af van die Grieke se hinderlae, van die lotgevalle van u mense en van u eie swerftogte. Want dit is nou reeds die sewende somer wat u al swerwend deur alle lande en op alle seë heenvoer.” **750**

³³ Memnon.

DIE TWEDE BOEK

*Die verhaal van die val
van Troje*



*Rendom sing seuns en ongehude dogters heilige himnes,
en verlustig hulle daarin om die tou met die hand aan
te raak ...*

AENEAS VOLDOEN AAN DIDO SE VERSOEK

Stilte het op hulle neergedaal, en vol verwagting het almal die swye bewaar. Daarop het vader Aeneas van sy hoë sofa af soos volg begin:

“U vra my, koningin, om die onuitspreeklike verdriet weer op te roep deur te vertel hoe die Grieke die Trojaanse mag en hul beklaenswaardige ryk vernietig het — al die ontsaglike ellende wat ek self gesien het en waarby ek so diep betrokke was. Watter soldaat van die Myrmidone¹ of Dolopiërs², of van die hardvotige Ulysses sou sy trane kon bedwing by die verhaal van sulke dinge? Reeds haas die votige nag uit die hemel neer, en die ondergaande sterre raai ons die slaap aan. Maar as die drang by u so groot is om ons lotgevalle te leer ken en kortliks die doodstryd van Troje aan te hoor — hoewel my gees sidder en van smart terugdeins om dit in herinnering te roep — sal ek dit onderneem.

10

Gebreek deur die oorlog en teruggedryf deur die noodlot, bou die aanvoerders van die Grieke, aangesien soveel jare reeds vrugteloos aan die verbygly was, met die goddelike hulp van Pallas³ 'n perd so hoog soos 'n berg, en omweef sy ribbes met gesaagde denneplanke. Hulle gee voor dat dit 'n wygeskenk is vir hul voorspoedige terugvaart en daardie gerug doen die ronde. Hulle kies met die lot 'n keurbende en sluit hulle heimelik hierin, in die pikdonker flanke toe, en diep na binne vul hulle die ontsaglike ruimtes van die buik met gewapende soldate.

20

DIE LAASTE MÔRE VAN TROJE

Binne sig van Troje lê Tenedos, deur sy roem 'n baie bekende eiland, ryk en welvarend solank die koninkryk van Priamus bestaan het, maar nou slegs 'n inham en 'n onveilige ankerplek vir

¹ Achilles se manne.

² Volgelingen van Achilles se seun Neoptolemus, ook genoem Pyrrhus.

³ Hierdie godin word ook Minerva of Athena genoem.

skepe. Hierheen seil hulle en verskuil hulself op die verlate kus. Ons het gedink hulle het vertrek en met die wind na Mykene koers gevat. Daarom bevry die ganse stad⁴ van Teucer homself van sy langdurige rou. Die poorte word oopgegooi, en dis vir ons 'n lus om uit te gaan en die Grieke se kamp, die leë plekke en die verlate strand te sien. Hier het 'n afdeling Dolopiërs, daar het die wrede Achilles sy tente opgeslaan; hier was die plek vir die vlote, daar het hulle keer op keer in die gevegslinie die stryd gevoer. Party staan hulle en vergaap aan die verderflike geskenk aan die ongehude Minerva en bewonder die reusagtige struktuur van die perd. En heel eerste raai Thymoetes ons aan om dit binne die mure te bring en op die burg te plaas, miskien uit arglistigheid, of miskien het die lot van Troje alreeds in dié rigting geneig. Maar Capys en diegene wat 'n beter insig gehad het, beveel ons om die valstrik van die Grieke, die verdagte geskenk, in die see te stort, of om vuur daaronder te plaas en dit te verbrand, of om gate in die hol skuilhoeke van die buik te boor en dit te ondersoek. Die twyfelende menigte raak verdeel in groepe met teenoorgestelde menings.

30

LAOCOON (a)

Op daardie oomblik kom Laocoon aan die spits van 'n groot skare wat hom begelei, voor almal, opgewonde bo van die burg af aangehardloop, en van ver af roep hy: 'Ag, rampsalige burgers, watter groot waansin is dit die? Glo julle dat die vyand weggevaar het? Of dink julle dat enige geskenke van die Grieke sonder lis is? Staan Ulysses só aan julle bekend? Of daar word Grieke in hierdie hout toegesluit en verberg, of hierdie tuig is ter vernietiging van ons mure gemaak, om in die toekoms ons huise te bespied en van bo af op ons stad neer te stort, of een of ander bedrog skuil daar. Vertrou die perd nie, Trojane! Wat dit ook al is, ek vrees Grieke selfs as hulle geskenke bring.' So het hy gesê, en sy geweldige lans met sterke krag teen die flank en boogvormige struktuur van die

40

50

⁴ Troje.

gedierte se buik geslinger. Trillend het dit vasgesteek; van die slag teen die buik het die hol ruimtes weerklink en 'n kreun laat hoor. En as die lotsbeskikking van die gode ons nie kwaadgesind, as ons eie harte nie verdwaas was nie, het hy ons daartoe beweeg om die skuilplek van die Grieke met die swaard te vermink, en sou Troje nou nog gestaan het, sou jy, rysige burg van Priamus, nog daar gewees het.

SINON

Kyk! intussen was Trojaanse herders besig om 'n jongman met sy hande stewig agter sy rug vasgebind, onder groot lawaai na die koning te sleep. Hierdie vreemdeling het hom vrywillig aan hulle oorgegee toe hulle opdaag, om juis daardie plan ten uitvoer te bring en Troje vir die Grieke oop te stel. Vol selfvertroue was hy, en gereed vir beide gebeurlikhede, sy dit om bedrog te pleeg, of om aan 'n gewisse dood ten prooi te val. In hulle geesdrif om hom te bekijk, storm die Trojaanse jeug wat daar rondom versprei gestaan het van alle kante of nader, en hulle wedywer om die draak te steek met die vangene.

60

Verneem nou die lokval van die Grieke, en leer almal ken uit my aanklag teen een van hulle. Want toe hy bedremmeld en weerloos midde-in die gesigskring staan en na die Trojaanse menigte om hom rondskou, sê hy: 'Helaas, watter land, watter seë kan my nou ontvang? Of wat bly daar nou ten slotte vir my in my ellende oor? Want by die Grieke is daar vir my nêrens 'n plek nie, en die vyandige Trojane self eis nog boonop van my vergelding met my bloed.'

70

Deur hierdie gejammer is ons gesindheid verander, is alle heftigheid onderdruk. Ons moedig hom aan om te sê uit watter bloed hy gebore is, of watter inligting hy bring. 'Laat hom verklaar waarop hy as vangene staatmaak,' het ons geëis. 'Aan u, o koning, sal ek gewis alles na waarheid erken, wat ook al gebeur,' sê hy, 'en ek sal nie ontken dat ek van die Griekse nasie is nie. Dit allereers. En as die noodlot van Sinon 'n ellendige skepsel gemaak het, sal sy, gemenerd soos sy is, hom nie ook 'n niksnuts en leuenaar maak nie.

80

Miskien het u al in gesprekke die naam van Palamedes, die nasaat van Belus, vermeld gehoor en sy roem, skitterend in die woorde van mense. Omdat hy die oorlog probeer verhinder het, het die Grieke hom met vals verraad op 'n skandelijke aanklag onskuldig na die dood laat afdaal. Maar nou dat hy van die lewenslig beroof is, treur hulle oor hom. My vader was 'n arm man en het my, 'n bloedverwant van Palamedes, van die eerste jare af as metgesel vir hom hier na die oorlog toe gestuur. Solank as wat hy onaangetas in sy koningskap gestaan en gesag gedra het in die vergaderings van die konings, het ek ook in 'n mate bekendheid en aansien geniet. Nadat hy deur die bose opset van daardie plousibele Ulysses, — ek vertel nie onbekende dinge nie — van die bowêreld vertrek het, het ek terneergeslae my lewe in duisternis en verdriet voortgesleep, en die lot van my onskuldige vriend wrokkend in my eie hart verduur.

90

Maar ek het nie stilgebly nie, dwaas wat ek was, en het belowe dat ek hom sou wreek as die geleentheid hom sou voordoën, as ek ooit as oorwinnaar na my vaderland Argos sou terugkeer. En deur my woorde het ek bittere haat teen my opgewek. Dit was die begin van my afgly na ramp; hiëroor het Ulysses my gedurig met nuwe aanklagte verskrik, hiëroor het hy dubbelsinnige gerugte onder die volk versprei en doelbewus wapens gesoek om my te verdelg. Want hy het nie gerus nie totdat hy met Calchas as handlangster — maar waarom roep ek tog vergeefs hierdie onaangename dinge weer voor die gees? Of waarom hou ek u op? As u alle Grieke oor een kam skeer, en as dit voldoende is om net daardie benaming te hoor, neem dan dadelik wraak, u wag al lank daarvoor. Die man van Ithaca⁴ sou dit wou hê, en die seuns van Atreus sou dit teen 'n groot prys wou koop.'

100

Toe, voorwaar, brand ons om vroe te stel en na die oorsake te verneem, want met sulke groot misdade en Griekse slinksheid was ons onbekend. Bewend vervolg hy sy verhaal en spreek met

⁴ Ulysses.

veinsende hart: 'Dikwels wou die Grieke Troje verlaat, die aftog onderneem en padgee omdat hulle moeg was van die lang stryd. Mog hulle dit maar gedoen het! Dikwels het ruwe weer op see hulle verhinder, en het die stormwind hulle verskrik terwyl hulle besig was om te vertrek. Veral toe die perd, opgetimmer met ahornhoutbalke, reeds hier gestaan het, het stormwolke deur die ganse hemel gedreun. Beangs stuur ons vir Eurypylus om die orakel van Phoebus te raadpleeg, en uit die allerheiligste bring hy hierdie sombere woorde terug: 'Met bloed en met die slagting van 'n meisie het julle die winde versoen, Grieke, toe julle die eerste keer na die kuste van Troje gekom het; met bloed moet ook julle terugvaart gesoek, en met die lewe van 'n Griek moet 'n soenoffer gebring word.'

110

Toe die gewone volk hierdie woorde te hore kom, het hulle harte oorstelp gestaan. 'n Koue rilling het deur merg en been getrek terwyl hulle wonder vir wie die noodlot die dood voorberei, vir wie Apollo opeis. In hierdie stadium sleep die man van Ithaca onder groot lawaai die siener Calchas voor die oë van almal; hy eis 'n verduideliking van hierdie beslissing van die gode. Baie het reeds 'n wrede misdaad van die knoeier teen my begin voorspel en swyend het hulle aanskou wat sou kom. Tien dae lank swyg Calchas, en verskuil in sy tent weier hy om iemand met sy woord te verraai of aan die dood oor te gee. Uiteindelik, dog slegs skoorvoetend, gedwing deur die luide krete van die man van Ithaca, verbreek hy volgens afspraak die swye en wys my aan vir die altaar. Almal het saamgestem en dit wat elkeen vir homself gevrees het, maar wat nou afgewend was ter verdelging van een ongelukkige man, kon hulle nie skeel nie.

120

130

En reeds was die afgryslieke dag daar. Vir my word die gewyde gerei in gereedheid gebring, sowel die sout offermeel as die hoofbande om die slape. Ek erken, ek het my aan die dood ontruk en my kettings verbreek. Deur die nag het ek ongemerk langs die modderige meer in die biesies weggekruip totdat hulle sou wegseil, as hulle dit na 'n ruk miskien wel sou gedoen het. Vir my is daar nou geen hoop om my vroeëre vaderland te sien nie; ook nie my liewe kinders en my vader na wie ek so verlang nie. Moontlik sal die Grieke ook nog vergelding van hulle eis vir my ontvlugting, en

hierdie skuld van my met die dood van die ongelukkiges verhaal. **140**
Daarom smee ek u by die hemel, by die goddelike magte wat die
waarheid ken, by enige trou wat nog ongeskonde êrens onder
sterweling mag oorbly, toon medelye met sulke groot ellende,
toon medelye met 'n hart wat onverdiende swaar verduur.'

Ten gevolge van hierdie jammerklag skenk ons hom sy lewe, en
meer nog, ons begin hom jammer kry. Priamus self beveel eerste
dat die handboeie en knellende kettings van die man verwyder
moet word, en spreek met vriendelike woorde soos volg: 'Wie jy
ook al is, vergeet nou van hier af aan die Grieke wat jy verloor
het — jy sal een van ons wees — en verduidelik aan my na
waarheid dit wat ek vra: hierdie reusegevaarte van 'n perd daar,
waarom het hulle dit opgerig? Wie is die bedinker daarvan? Of wat **150**
beoog hulle daarmee? Watter heilige voorwerp is dit? Of watter
oorlogstuig?' So het hy gesê. Die ander een, onderlê in bedrog en
Griekse lis, het sy handpalms, ontdaan van die kettings, na die
sterre opgehef en gesê: 'Ewige vure, ek roep u en u onskendbare
godheid tot getuie, en vir julle, altare en misdadige swaarde
waaraan ek ontsnap het, en julle, hoofbande van die gode wat ek
as slagoffer gedra het: ek het die morele reg om my geswore plig
teenoor die Grieke te beëindig, ek het die morele reg om die
mense te haat, en om alle geheime wat deur hulle bewaar word aan
die lig te bring, en ek word ook nie langer deurenige wette van my
vaderland gebind nie. Bly u, Troje, slegs by u beloftes, en bewaar **160**
as een wat self bewaar is u trou met u redder, indien ek die
waarheid vertel, indien ek groot gunste beloon.

Al die hoop van die Grieke en al hul vertroue in die oorlogs-
onderneming het steeds op die hulp van Pallas berus. Maar
inderdaad, van die oomblik af dat die goddelose seun van Tydeus,
en Ullysses, daardie beramer van misdade, dit onderneem het om
die bewakers van die vestingtop neer te vel en die noodlottige
beeld van Pallas uit die godgewyde tempel te roof, en die
vermetelheid gehad het om die heilige beeld te gryp en met
bebloede hande die hoofbande van die maagdelike godin aan te
raak — van daardie oomblik af het die Grieke se hoop vervloei,
geleidelik weggeëb en verdwyn, is hul krag gebreek, is die goeie **170**
gesindheid van die godin afgewend. En met geen onsekere

voortekens nie het Tritonia⁶ aanduidings daarvan gegee. Nouliks is die beeld in die kamp geplaas of flikkerende vlamme brand in die oopgesperde oë, souteet loop oor die liggaam, en drie keer — wonderbaar om te sê — het dit vanself met skild en trillende lans blitsig van die grond af opgespring. Dadelik verkondig Calchas dat ons oor die see moet probeer vlug: Troje kan nie deur die Grieke se wapens verwoes word nie, tensy hulle opnuut die voortekens te Argos gaan soek, en die godheid terugbring wat hulle in hul gekromde skepe saam met hulle oor die see weggevoer het.

En nou, in soverre die Grieke hulle vaderstad Mykene met die wind opgesoek het: hulle is bloot besig om vir hulle leërmagte en gode as metgeselle te verkry; hulle sal weer die see oorsteek en onverwags hier opdaag; so sit Calchas die voortekens uiteen. Hierdie perd het hulle op sy vermaning as soenoffer vir die Pallasbeeld opgerig, ter betaling vir die skending van haar majesteit, en om vir hul aaklige vergryp te boet. Calchas het hulle egter beveel om hierdie gevaarte so ontsaglik groot met gevoegde eikehoutplanke op te rig en tot aan die hemel op te bou, sodat dit nie deur u poorte ontvang of binne u stadsmure ingebring kon word, en dit u volk ook nie op grond van 'n eeue-oue godsdiensstige gebruik⁷ kon beskerm nie. Want, het hy gesê, as u hand die geskenk aan Minerva geweld sou aandoen, staan daar vir Priamus se ryk en die Trojane — mag die gode hierdie voorspelling eerder op homself laat neerkom — groot verderf voor die deur. Maar as dit deur u eie hande na u stadsburch sou opstyg, sal die Trojane bo verwagting vir Griekeland met 'n geweldige oorlog binneval, en wag daardie lot op ons kleinkinders.' 180 190

Ten gevolge van dergelike lae en die lis van die leuenaar Sinon is die storie geglo. Ons wat deur geen seun van Tydeus, deur geen Achilles, burger van Larisa, nie deur tien jaar van stryd, nie deur 'n duisend skepe getem is nie, ons is deur bedrog en huigeltrane oorrompel!

⁶ 'n Kultustitel van die godin Pallas.

⁷ Die gebruik, naamlik, om 'n wyoffer met respek te bejeën.

LAOCOON (b)

In hierdie stadium word 'n ander, groter, en veel skrikwekkender voorteken aan ons in ons ellende voorgehou, en verontrus dit ons argelose harte. Laocoon, deur die lot verkose priester van Neptunus, was besig om 'n groot stier by die gebruiklike altare te offer. Kyk, egter, van Tenedos af, oor die kalme diepsee — ek sidder terwyl ek dit vertel — leun twee slange vooroor oor die seevlak, hewig kronkelend, en sy aan sy pyl hulle op die kus af. Die borsdele word tussen die bare verhef, en hul bloedrooi kamme steek hoog bokant die golwe uit. Agter stryk die res van hulle lywe oor die see, en krom die ontsaglike rugge in eindelose kronkeling. 'n Gedruis ontstaan terwyl die sout see skuim.

200

En nou was hulle besig om die kus te bereik, die vlammente oë belope met bloed en vuur terwyl hulle hul sissende bekke met trillende tonge lek. Bleek by die aanskouing hiervan vlug ons in alle rigtings uiteen. Doelgerig pyl hulle op Laocoon af. Eers omstrengel beide slange die klein liggaampies van sy twee seuns, wikkel hulleself styf daaromheen en byt en verslind hul rampsalige ledemate. Daarna gryp hulle vir Laocoon self toe hy sy kinders wapen in die hand te hulp snel, en in geweldige lusse knel hulle hom vas. Twee maal het hulle reeds om sy middel gestrengel, twee maal hul geskubde rugge om sy nek geslaan, maar nog toring hulle met kop en hoë nekke bokant hom uit. Sy hoofbande is deurdrenk van dooibloed en swart venyn, en met sy hande probeer hy die knope los skeur. Terselfdertyd stoot hy aaklige krete na die sterre uit: soos die gebulk van 'n gewonde stier wat die sleggemikte byl van sy nek afgeskud het en van die altaar af vlug. Maar die twee slange skuifel weg en ontvlug na die tempel daar bo en pyl af op die vesting van wrede Pallas. Aan die voete van die godin, onder die ronding van haar skild gaan hulle skuil.

210

220

Toe, voorwaar, sluip 'n nuwe vrees deur almal se sidderende harte, en hulle sê dat Laocoon tereg vir sy misdaad geboet het: hy het mos die heilige eikehoutperd met sy speer geskend, en sy misdadige lans teen sy rug geslinger! Soos een man skree hulle dat ons die beeld na die tuiste van die godin moet trek en haar godheid om genade moet smeek. Ons breek die mure oop en lê die geboue

230

van die stad bloot. Almal omgord hulle vir die taak. Onder die pote bring hulle gladbewegende wiele aan en vlastoue word styf om die nek vasgetrek. Die noodlottige tuig, swanger aan wapens, verhef hom oor ons mure. Rondom sing seuns en ongehude dogters heilige himnes, en verlustig hulle daarin om die tou met die hand aan te raak. Nader kom dit, en dreigend rol dit die middestad binne. O vaderland, o Troje, huis van gode! O Trojaanse vestingmure, deur oorlog beroemd! Viermaal het dit net daar op die poortdrumpel vasgesteek, viermaal het die wapens in die buik gekletter. Sonder om aandag daaraan te gee, ja, blind van waansin gaan ons voort en ons plaas die onheilspellende gevaarte op die heilige burg. Selfs toe nog open Cassandra haar mond met voorspellings van die toekomstige noodlotsgebeure, 'n mond wat op bevel van die god nooit deur die Trojane geglo is nie. Ons rampsaliges — want vir ons sou daardie die laaste dag wees — oral deur die stad omkrans ons die heiligdomme van die gode met feestelike lower.

240

DIE LAASTE AAND IN TROJE

Intussen draai die hemelkoepel. Die nag snel uit die Oseaan op en hul aarde en hemel en die liste van die Grieke in 'n digte skadu. In rus ontspanne het die Trojane deur die stad heen stil geword; slaap omvou hul vermoeide ledemate. En reeds het die Griekse armada in geordende eskaders van Tenedos af begin terugvaar. Onder die vriendelike stilte van die swyende maan koers hulle na die bekende kus, toe die koninklike vlagskip 'n vuursinjaal hys, en Sinon, beskerm deur 'n lot vyandig teenoor ons, heimelik die dennehoutgrendels losmaak en die Grieke wat in die buik toegesluit was, bevry. Die geopende perd gee hulle aan die lug terug en verheug kom die aanvoerders Thessandrus en Sthenelus, en wrede Ulysses uit die hol eikehout te voorskyn. Hulle gly af met die tou wat na benede hang. Ook Acamas en Thoas en Neoptolemus, kleinseun van Peleus, en die hoofman Machaon, en Menelaus, en Epeos self, vervaardiger van die bedrieglike gevaarte. Hulle oorval die stad wat in slaap en wynroes versinke lê; die wagte word afgemaai, en deur die oopliggende poorte verwelkom hulle al hul kamerade en verenig so hulle medepligtige strydmagte.

250

260

HECTOR

Dit was die uur waarop die eerste sluimer vir gekwelde sterweling
'n aanvang neem, en alleraangenaams as geskenk van die gode oor
hulle sluip. In my drome, kyk! het dit geskyn asof Hector in groot
droefheid voor my staan en oorvloedige tranes stort, soos hy
destyds gelyk het toe hy deur die tweespan rondgesleep is, swart
van bloeddeurweekte stof, sy geswelde voete met rieme
deurpriem. Wee my, hoe het hy tog daar uitgesien! Hoe veel het hy
verander van daardie Hector wat by sy terugkeer in Achilles se
oorlogsbuit geklee was, of die keer toe hy die Trojaanse vuur op
die Grieke se skepe geslinger het! Sy baard verwaarloos, sy hare
gekoek van die bloed, en met daardie wonde wat hy in groot
getalle om sy vaderlandse mure opgedoen het!

270

Terwyl ek self ween, het dit my geskyn, het ek die held eerste
aangespreek en hierdie droewige woorde geuiter: 'O lig van Troje,
o betroubaarste hoop van die Trojane, watter lang oponthoud het
jou weggehou? Van welke kuste kom jy, langverwagte Hector?
Hoe dankbaar sien ons vermoedies jou nou na die baie sterfgevalle
van jou manne, na die verskillende beproewinge van ons mense en
ons stad! Welke wrede oorsaak het jou kalm gelaat so geskend? Of
waarom sien ek hierdie wonde?' Hy antwoord niks en slaan ook
geen ag op my nuttelose vrae nie, maar swaar sugtend uit die
bodem van sy hart, sê hy: 'Helaas! vlug, seun van 'n godin, en
ontkom aan hierdie vlamme. Die vyand het ons mure in hulle mag;
Troje stort van sy hoë kruin af neer. Genoeg is vir jou vaderland
en vir Priamus geoffer: as Troje deur 'n regterhand verdedig kon
word, sou dit ook deur hierdie hand van my verdedig gewees het.
Aan jou vertrou Troje sy heilige artikels en sy huisgode toe. Neem
hulle as die metgeselle van jou lot, soek vir hulle 'n stad, 'n groot
stad wat jy uiteindelik sal stig nadat jy oor die see heen geswerf
het.' So spreek hy, en met sy eie hande dra hy die beeld van die
magtige Vesta met haar hoofbande, en die ewige vuur uit die aller-
heiligste diep binne in haar tempel.

280

290

AENEAS ONTWAAK UIT SY DROOM

Intussen is die stad in 'n wydverspreide beroering van geweevlaag,

en hoewel my vader Anchises se huis afgesonder was en verskuil 300
 deur bome ver terug gestaan het, word die krygsrumoer ook daar
 al hoe duideliker en snel die ontsetting van wapens al hoe nader.
 Ek skud my wakker uit die slaap, klim tot bo op die nok van ons
 huis se dak en staan daar met gespitste ore: soos wanneer vuur op
 'n koringland val onderwyl Suidewinde tier, of die bruisende vloed
 van 'n bergstroom die landerye platloop, die welige gesaaides, die
 arbeid van die osse platloop en bosse in dolle vaart meesleur; die
 herder wat die oorsaak nie ken nie staan oorstelp waar hy van die
 kruin van 'n rots af die gedruis verneem.

Toe, voorwaar, was die bewys vir my onmiskenbaar, en word die
 hinderlaag van die Grieke vir my duidelik. Reeds het die ruim 310
 woning van Deïphobus ineengestort onderwyl die Vuurgod dit
 oormeester; reeds staan die aangrensende huis van Ucalegon in
 ligte laaie; die breë seestraat van Sigeum flikker van die vuur. 'n
 Geskree van manne ontstaan, en 'n gesketter van trompette. Buite
 myself gryp ek my wapens. Veel sin is daar ook nie in om wapens
 op te neem nie, maar my hart brand om 'n bende vir die stryd
 byeen te bring en om saam met my makkers na die burg te snel.
 Waansin en woede dryf my gees blindelings voort, en dit skiet my
 te binne dat dit lieflik is om onder die wapen te sterf.

PANTHUS

Kyk, egter, Panthus het aan die wapens van die Grieke ontsnap,
 Panthus, die seun van Othrys, en priester van Phoebus se tempel 320
 op die burg. Met eie hand bring hy die gewyde gerei en die
 verslane gode en hardloop buite homself op my voordeur af terwyl
 hy sy jong kleinseun agter hom aan trek. 'Hoe staan sake met die
 uitslag van die geveg, Panthus? Watter verdedigingspos hou ons?'
 vra ek. Skaars het ek dit gesê of hy antwoord met 'n kreun: 'Die
 laaste dag en die onontwykbare oomblik het vir Troje aangebreek.
 Dis gedaan met ons Trojane, Troje bestaan nie meer nie, en ook
 nie die groot roem van die Teucriërs⁸ nie. Wrede Jupiter het alles

⁸ Trojane.

aan Griekeland oorgedra; die Grieke is baas in die brandende stad. Hoog staan die perd in die middel van ons stad waar dit gewapende manne laat uitstroom, en met 'n hoonlag steek seëvierende Sinon alles aan die brand. Voor die wydoop dubbelpoort staan party, soveel duisende as wat ooit van groot Mykene af gekom het. Ander het die nou strate met versperrende wapens beset. Met glinsterende punt staan die skerpste van die swaard getrokke, gereed vir moord; nouliks die voorste poortwagters knoop die geveg aan en bied weerstand in blinde stryd.'

330

AENEAS HAAS HOM NA DIE STRYD

Deur sulke woorde van die seun van Othrys, en deur die wil van die gode word ek die vlamme en stryd in gedryf, waarheen die aaklige Wraakgodin, waarheen die krygsgedruis, die geskree wat ten hemel styg, my roep. Rhipeus, en Epytus, uiters gedug in die stryd, sluit hulle as bondgenote by my aan toe ek hulle in die maanlig teëkom. Ook Hypanis en Dymas skaar hulle aan my sy, en die jongman Coroebus, seun van Mygdon — toevallig het hy in daardie dae na Troje gekom, aangevuur deur 'n waansinnige liefde vir Cassandra. As aanstaande skoonseun het hy hulp gebring aan Priamus en die Trojane, arme man, want hy het nie geluister na die waarskuwings van sy geïnspireerde verloofde nie!

340

Toe ek sien dat hulle in digte skaar brand vir die geveg, begin ek nog boonop met hierdie woorde: 'Jongmanne, harte vergeefs vol heldemoed, as julle die vaste begeerte het om my te volg terwyl ek die uiterste aandurf ... julle sien hoe dit met ons sake gesteld is: al die gode deur wie hierdie ryk vasgestaan het, het hul heiligdomme en altare verlaat en uitgewyk; julle snel 'n brandende stad te hulp. Laat ons na die midde van die stryd storm, en sterf. Die enigste redding vir oorwonnes is om op geen redding te hoop nie.'

350

So is daar woede by die moed van die jongmanne gevoeg. Soos wolwe op 'n strooptog in 'n swart mistigheid: rasend van 'n knaende honger is hul blindelings uitgedryf terwyl die agtergelate welpies met smagtende kele op hulle wag — so ruk ons hierna op, tussen wapens, tussen die vyand deur na 'n gewisse dood, en ons

koers na die middestad; om ons sweef die swarte nag met sy omhullende skadu. Wie sou die ramp van daardie nag, wie sou die dodetol volledig kon weergee met sy vertelling? Of wie sou in staat wees om ons beproewing met sy trane te ewenaar? My eeue-oue stad, heerser deur baie jare heen, kom tot 'n val; orals in die strate word groot getalle weerlose liggame neergevel; ook in die wonings, en op die heilige drumpels van die gode. Maar nie Trojane alleen boet met hulle bloed nie! By wyle word ook die oorwonnenes se harte weer met moed vervul, en dan sneuwel die seëvierende Grieke. Oral heers wrede rou, oral verskrikking en menige skrikbeeld van die dood. 360

ANDROGEOS

Heel eerste kom Androgeos ons tegemoet, vergesel van 'n groot troep Grieke. In sy onkunde dink hy ons is 'n afdeling bondgenote, en voordat ons kan praat, spreek hy ons met vriendelike woorde aan: 'Haas julle, manne! Watter dralende getalm hou julle nou eintlik so lank op? Die ander is besig om die brandende Troje te plunder en te beroof. Kom julle nou eers van die hoë skepe af?' Hy het gespreek, en terstond — want die antwoord wat aan hom gegee is, was ook nie heeltemal oortuigend nie — het hy bemerk dat hy in die midde van die vyand beland het. Verdwaas het hy gestaan, en gelyktydig sy treë en woorde ingehou. Net soos iemand wat met ferme tred aanstap en onverwags in die stekelrige struik op 'n slang trap; onthuts deins hy skielik terug as die reptiel woedend orent kom en opswel aan die blouswart nek: presies so het Androgeos sidderend die wyk probeer neem toe hy ons sien. 370

Ons storm in, en met wapens dig teenmekaar omsingel ons hulle. Aan alle kante vel ons hulle neer want hulle ken die terrein nie en is van vrees bevange. Die noodlot begunstig ons eerste onderneming. 380

En in hierdie stadium sê Coroebus, uitgelate van sukses en moed: 'Kamerade, laat ons volg waar die noodlot heel aan die begin die pad van heil aanwys, en waar dit homself gunstig vertoon: laat ons skilde omruil en die onderskeidende wapenrusting van die Grieke aantrek. Lis of moed, wie sou daarna vra waar dit 'n vyand geld? Hulle self sal aan ons wapens verskaf.' So het hy gesê, en sit 390

vervolgens Androgeos se gepluimde helm op, neem die skild met sy sierlike ontwerp en maak die Griekse swaard aan sy sy vas. Dit doen Rhipeus hom na, so ook Dymas self, en die hele jongelingskaar, blymoediglik: elkeen bewapen homself met die buit so pas gewen. Ons ruk aan, en onder leiding van 'n ongunstige goddelike mag meng ons met die Grieke. Ons raak slaags en deur die pikdonker nag knoop ons menige geveg aan; ons laat baie van die Grieke na die Onderwêreld afdaal. Sommige vlug uiteen na die skepe, en pyl ylins af op die vertroude kus. Ander klouter uit skandalige vrees weer teen die ontsaglike perd op en kruip in die bekende buik weg.

400

CASSANDRA

Helaas, niemand mag op teësnigende gode vertrou nie! Kyk! die dogter van Priamus, die maagd Cassandra, word aan haar loshangende hare uit die allerheiligste tempel van Minerva gesleep, haar brandende oë vergeefs na die hemel gerig, slegs haar oë, want kettings het haar tere hande weerhou. Coroebus, sy gemoed verwoed, het geweier om hierdie skouspel te verduur en homself in die midde van die troep gestort, vasbeslote om te sterf. Ons almal volg en storm in met wapens dig teenmekaar. Hier word ons allereers oorweldig deur ons eie mense se werpwapens van die hoë dak van die tempel af, en 'n allerellendigste slagting ontstaan vanweë die bedrieglike voorkoms van ons wapenrusting en die Griekse helmpluime. Daarna storm die Grieke in 'n digte horde van alle kante af in met 'n kreet van woede oor die meisie wat hulle ontnem is — Ajax die woesste van almal, en die twee seuns van Atreus, en die hele leer van die Dolopiërs: soos winde soms tromp-op teen mekaar bots as die orkaan losgebars het, sowel die Weste- as die Suidewind, en die Oostewind, uitgelate op die rosse van die Daeraad; die woude druis en skuimbespat tier Nereus met sy drietand en woel die see van sy diepste bodem af om.

410

Ook hulle vir wie ons deur die donker nag in die duister met ons lis verslaan en deur die hele stad heen gejaag het, duik weer op. Hulle is die eerste wat ons skilde en misleidende wapens herken, en op ons afwykende uitspraak wys. Dadelik word ons oorweldig deur hulle getalle, en heel eerste, by die altaar van die krygshaftige

420

godin, stort Coroebus vooroor neer, getref deur die hand van Peneleus. Ook Rhipeus sneuwel, hy wat verreweg die regskaapste onder die Trojane was en die grootste handhawer van geregtigheid — die gode wou dit anders. Hypanis en Dymas sterf ook, deur ons eie makkers deurboor! En jou ryke vroomheid, Panthus, het jou nie in jou val beskerm nie, ook nie die hoofband van Apollo nie. Asse van Troje, o lykvuur van my mense, ek roep u tot getuie dat ek in die uur van u ondergang vir geen wapens of gevare van die kant van die Grieke teruggedeins het nie, en as dit my lot was dat ek moes sneuwel, dat ek die dood deur my dade verdien het.

430

NA PRIAMUS SE PALEIS

Ons skeur ons weg vandaar, Iphitus en Pelias saam met my — van hulle was Iphitus reeds ietwat gevorderd in jare, Pelias ook nog gestrem deur 'n wond deur Ulysses toegedien — want dadelik is ons deur 'n geskreeu na Priamus se paleis opgeroep. Hier, voorwaar, sien ons 'n geweldige stryd, asof daar nêrens anders oorlog aan die gang was, asof niemand elders in die ganse stad aan die sterf was nie: so sien ons die ontembare Krygsgod, die Grieke wat na die paleis toe aanstorm, en die voorpoort beset deur 'n oprukkende skildedak⁹. Lere klou teen die mure vas, en vlak onder die dakbalke self beur hulle moeitewol met die sporte op. Met die linkerhand hou hulle hul skilde voor as beskutting teen die werpwapens, en gryp met die regterhand die dakrand vas.

440

Die Trojane aan die ander kant, ruk die torings en die hele teëlbedekking van die paleis se dak af. Aangesien hulle bemerk dat die einde daar is, maak hulle gereed om hulleself met sulke werpwapens te verdedig, noudat hulle reeds die dood in die oë staar. Die vergulde balke, hoë sierade van ons vadere van ouds, slinger hulle na benede. Met getrokke swaard beset ander die

⁹ 'n Afdeling soldate in geslote formasie met hulle skilde op so 'n wyse bokant hulle koppe gehou dat dit 'n ondeurdringbare dak oor hulle vorm – ook genoem 'n skilpaddopformasie.

deure daar onder, en dié bewaak hulle in rye dig op mekaar. My 450
moed is hiernieu deur die begeerte om my koning se paleis te hulp
te snel, om die druk op ons manne met my bystand te verlig, en om
nuwe krag vir die oorwonnes te bring.

Daar was 'n ingang, 'n versteekte deur en gang wat gebruik is om
die wooneenhede van Priamus se paleis met mekaar te verbind, 'n
onopgemerkte poort aan die agterkant. Solank die ryk nog bestaan
het, het die arme Andromache die gewoonte gehad om nogal
dikwels hierlangs, sonder geleide na haar skoonouers toe te stap
en haar seuntjie Astyanax aan sy handjie na sy grootvader toe
saam te trek. Hierlangs bereik ek die nok van die dak vanwaar die
rampsalige Trojane flink besig was om vergeefs hulle werpwapens
te slinger.

Direk oor die rand van die afgrond het daar 'n toring gestaan, 460
hoog bokant die nok van die dak opgebou tot na aan die sterre.
Daarvandaan het ons gewoonlik 'n uitsig geniet oor die ganse
Troje, oor die skepe van die Grieke en die Griekse kamp. Met
koevoete het ons hierdie toring rondom aangepak waar die
boonste verdiepings onvaste lasplekke gebied het, dit van sy diep
voetstuk af losgewoel en 'n stamp gegee. Plotseling kantel dit, stort
met 'n knal slepend neer en val oor 'n wye gebied op die geledere
van die Grieke. Dog andere neem hulle plek in, en intussen is daar
geen afname in die reën van klippe en allerhande werpwapens nie.

PYRRHUS

Vlak voor die voorhof, by die voorste ingang, pronk Pyrrhus 470
seëvierend, glansend in die koperskittering van sy wapens: soos
wanneer 'n slang wat op giftige kruie geteer en vetgevrete deur die
koue winter onder die grond bedek gehou is, in die daglig te
voorskyn kom; nou nuut vervel en blinkend van jeug, lig hy sy bors
hoog na die son toe op, kronkel sy gladde lyf en flits met
drievoudig gesplete tong. By hom is forse Periphas, en die
perdemenner en wapendraer van Achilles, Automedon; saam met
hom ruk die hele Scyriese¹⁰ leer op na die paleis en hulle slinger

¹⁰ Die wapenbroers van Pyrrhus.

vuur na die dak. Self onder die voorstes, gryp Pyrrhus sy tweesnydende byl, kap sy pad oop deur die taai deur en ruk die koperbeslane kosyne uit hul spil. Deur die planke van die deur stukkend te kap, het hy reeds 'n opening in die stewige eikehout gemaak, en 'n ontsaglike, wydgapende bres daarin geslaan. Die huis daarbinne word sigbaar en die lang suilegange strek voor hom uit. Die binnevertrekke van Priamus en die vorste van ouds word sigbaar, en hulle sien gewapende manne voor op die drumpel staan.

480

Maar verder na binne is die paleis in 'n verwarring van gekerm en deerniswekkende wanorde, en diep daarbinne weergalm die gewelfde woning van die jammerkrete van vroue; die geskree tref die goue sterre. Toe dwaal verskrikte moeders in die groot sale rond; hulle omarm die kosyne, klou daaraan vas en druk soene daarop. Pyrrhus dring voort met sy vader se geweld; nie die sluitbalke, nie die wagt self is in staat om hom te weerstaan nie. Die deur wankel onder die herhaalde gebeuk van die stormram; die kosyne word uit hul spil geruk en stort neer. Met geweld word 'n weg gebaan; die instormende Grieke forseer 'n toegang, vel die voorste Trojane neer en vul die omgewing oor 'n wye gebied met soldate. So woes gaan 'n rivier nie te kere wanneer dit skuimend sy walle deurbreek, uit sy bedding vloei, en die massas in sy pad met sy gekolk platloop nie; siedend rol dit in 'n vloedgolf op die saailande af en sleur vee en stalle saam oor al die vlaktes mee.

490

Vir Neoptolemus, rasend van moordlus, en die twee seuns van Atreus het ek self by die ingang gesien; Hecuba en haar honderd dogters het ek gesien, en vir Priamus tussen die altare, waar hy die vure wat hy self geheilig het met sy bloed besoedel. Daardie vyftig beroemde bruidsvertrekke, so 'n ryke vooruitsig vir 'n nakroos, daardie deure, trots met oosterse goud en oorlogsbuit, stort ineen. Die Grieke beset waar die vuur faal.

500

PRIAMUS

Miskien wou u ook verneem wat Priamus se lot was. Toe hy die ondergang van die verowerde stad, die uitgerukte deure van sy woning en die vyand midde-in sy binnevertrekke sien, plaas hy,

oud soos hy was, die wapenrusting waaraan hy lank nie meer gewoon was nie vergeefs om sy skouers wat bewe van ouderdom; hy gord sy nuttelose swaard aan en storm op die digte horde vyande af met die voorneme om te sterwe. **510**

In die middel van die paleis, onder die blote hemel, was daar 'n reusagtige altaar en daarneffens, 'n oerou lourierboom wat oor die altaar geleun en die huisgode in sy skadu gehul het. Soos duiwe wat in 'n donker storm loodreg na onder afgepyl het, het Hecuba en haar dogters hier vergeefs om die altaar saamgebondel gesit en die beelde van die gode omklem. Toe sy egter vir Priamus in eie persoon sien nadat hy die wapens van sy jeug opgeneem het, sê sy: 'Watter aaklige opset, my arme, arme man, het jou aangedryf om jou met hierdie wapens te omgord? Of waarheen storm jy? Die geleentheid benodig nie dergelike hulp en ook nie sülke verdedigers nie, nee, selfs nie as my Hector nou hier was nie. Kom tog asseblief maar hierheen; hierdie altaar sal ons almal beskerm, of jy sal saam met ons sterwe.' So het sy met haar mond gespreek, die bejaarde koning by haar geneem en hom op die gewyde plek langs die altaar laat sit. **520**

Kyk egter, Polites, een van Priamus se seuns, ontsnap aan Pyrrhus se moordlus, vlug tussen die wapens, tussen die vyand deur, al met die lang suilegange langs, en deurkruis die leë sale — gekwes. Vurig agtervolg Pyrrhus en dreig om hom 'n wond toe te dien; nou, ja nou lê hy sy hand op hom en steek hom met sy spies. Toe hy uiteindelik voor die oë en aangesig van sy ouers uitkom, val hy neer, en stort met 'n stroom bloed sy lewe uit. Hoewel reeds in die greep van die dood, het Priamus homself hier nie weerhou nie, en ook nie sy woorde getel of sy woede beheers nie. 'Ai tog!', roep hy uit, 'mag die gode jou vir jou misdaad, vir sulke vermetelheid — as daar enige geregtigheid in die hemel is wat na sulke dinge omsien — waardige dank betaal en die verskuldigde vergelding laat toekom, jy wat gemaak het dat ek die dood van my seun voor my oë aanskou, jy wat die aangesig van 'n vader met die lyk van sy eie kind besoedel het. Ag, die beroemde Achilles, uit wie jy lieg dat jy gebore is, het nie so teenoor sy vyand Priamus opgetree nie. Hy het immers eerbied betoon vir die regte en vertrouwe van 'n smekeling, die bloedlose liggaam van Hector aan sy graf **530**

540

teruggegee, en my na my koninkryk laat terugkeer.' So het die ou man gesê, en sy onkrygshaftige speer sonder dryfkrag geslinger. Sonder meer is dit deur die heesklinkende brons afgeweer en sonder effek het dit bo-aan die skildknop bly hang. Aan hom sê Pyrrhus: 'Nou ja, dan sal jy maar hierdie dinge rapporteer, en as boodskapper na my vader, seun van Peleus, gaan. Onthou om aan hom my aaklige dade te vertel, en dat Neoptolemus ontaard is. En nou, sterf!' Terwyl hy dit sê, het hy die bewende grysaard gly-gly in die groot plas bloed van sy seun tot by die altaar gesleep, met die linkerhand sy hare vasgegryp, met die regterhand die flikkerende swaard omhooggehef, en dit tot aan die geves in sy sy weggedruk. Dit was die einde van Priamus se lewenslot, dit was die dood wat hom deur die wil van die noodlot weggeraap het terwyl hy Troje aan die brand en sy burg ineengestort gesien het, hy, eertyds met soveel volkere en lande die trotse heerser van Asië. Op die seestrand lê sy ontsaglike romp, die hoof van die skouers afgeskeur, 'n liggaam sonder naam.

550

Maar toe, vir die eerste keer, het wrede vrees my omgewe. Oorstelp het ek gestaan: voor my gees het die beeltnis van my dierbare vader opgedoem toe ek die koning van gelyke ouderdom as hy, sy lewe sien uitasem van die wrede wond; voor my gees het die verlate Creüsa opgedoem, my geplunderde huis en die gevaar van klein Julus. Ek kyk om en skou in die rondte om te sien wat se troepemag om my is. Uitgeput het hulle almal my verlaat; met 'n sprong het hulle hul liggame na die grond laat afstort, of afgetob aan die vlamme prysgegee.

560

HELENA

En nou¹¹ was ek inderdaad alleen oor, toe ek die dogter van Tyndareus¹² bemerk waar sy swyend in 'n afgesonderde hoekie

¹¹ Die egtheid al dan nie van vv. 567-588, die sg. Helena-episode, is een van die groot probleme van Vergiliusnavorsing. Vgl. R.G. Austin (*P. Vergili Maronis Aeneidos liber secundus*, ad loc.) vir 'n sinvolle uiteensetting van die literatuur rondom hierdie probleem.

¹² Helena.

skuil terwyl sy die deur van Vesta se tempel in die oog hou. Die helder brande verskaf aan my lig onderwyl ek rond dwaal en my blik oral oor alles heen laat gaan. Uit vrees vooraf vir die Trojane wat haar weens die ondergang van Troje vyandiggesind was, en vir wraak van die kant van die Grieke en die toorn van haar versaakte eggenoot, het sy, gemeenskaplike verderf van Troje en haar eie vaderland, by die altare gesit en wegkruip, die haatlike vrou. Vure het in my gemoed ontvlam; 'n woedende drang stu in my op om my vallende vaderland te wreek en om straf vir haar misdaad uit te meet: 'Sal hierdie vrou Sparta en haar Mykene waaragtig ongedeerd aanskou, en as vorstin paradeer in die triomfoptog wat sy gaan verkry? En sal sy onder geleide van 'n skaar Trojaanse vroue en Friese bediendes haar eggenoot en huis, haar ouers en kinders sien? Sal Priamus dan vir hierdie doel deur die swaard omgekom het? Sal Troje dáárvoor in vlamme opgegaan het? Die Dardaniese kus soveel kere van bloed deurweek gewees het? Nee, so sal dit nie wees nie! Want hoewel daar geen gedenkwaardige roem steek in straf aan 'n vrou nie, hou so 'n prestasie tog lof in: ek sal ten minste geloof word omdat ek 'n gruwel uitgedoof en verdiende straf uitgemeet het, en dit sal my genot verskaf om my siel met wrekende vuur¹³ te vul, en aan die asse van my mense voldoening te gee het.'

VENUS

Dergelike gedagtes het ek uitgegalm, en ek was besig om met rasende gemoed op haar af te storm, toe my weldadige moeder voor my oë verskyn, so helder soos nog nooit tevore nie. In suiwer lig het sy deur die nag gestraal en haar as 'n godin geopenbaar, in die skoonheid en gestalte waarin sy gewoonlik aan hemelbewoners verskyn. Met haar regterhand het sy my gegryp en teëgehou, en boonop met roserooie mond hierdie woorde toegevoeg: 'My seun, watter ontsaglike verdriet verwek jou tomelose woede? Waarom gaan jy so rasend te kere? Of waarheen het jou liefde vir my

¹³ Hier lees ek *flammae*. i.p.v. *famam*.

gewyk? Gaan jy nie liever kyk waar jy jou vader Anchises, afgemat van ouderdom, gelaat het nie? Of jou eggenote Creüsa nog lewe nie, en jou seun Ascanius? Aan alle kante dwaal die Griekse magte om hulle almal rond, en as my besorgdheid dit nie in die weg gestaan het nie, sou die vlamme hulle reeds weggevee, en die vyandelike swaard hulle verteer het. Glo my vry, dis nie die haatlike gesig van die Spartaanse dogter van Tyndareus of die owerspelige Paris nie: dis die onverbiddelikheid van die gode, ja, van die gode, wat hierdie mag van julle omverwerp en Troje van bo tot onder neervel. Kyk! — want die hele wolk wat nou jou oë versluier, wat jou sterflike blik verdof en klam en duister om jou hang, sal ek wegruk. Geen bevel van jou moeder hoef jy te vrees nie, en wees nie onwillig om haar voorskrifte te gehoorsaam nie — hier waar jy die uitmekaargeslingerde boumassas sien, rotse wat van rotse af losgeruk is, die golwende rook met stofwolke vermeng, hier skud Neptunus die mure en die losgewikkelde fondamente met sy yslike drietand en werp die ganse stad uit sy grondveste omver. Hier hou allerwreedadigste Juno, vegtend aan die voorpunt, die Scaeïese poort in haar mag; tierend, met swaard omgord, roep sy haar bondgenoottroepe van die skepe af. Reeds sit Tritoniese Pallas — kyk terug! — bo-op die burg, stralend vanuit haar newel en grimmig met die Gorgokop¹⁴. Die Vader¹⁵ self verskaf aan die Grieke moed en doeltreffende krag, hy self hits die gode aan teen die wapens van Troje. Vlug dadelik hier weg, my seun, en bring 'n einde aan jou swoeë. Nêrens sal ek jou versaak nie, en ek sal jou veilig op jou vader se drumpel plaas.' Sy het gespreek, en haarself in die digte skadu's van die nag verberg. Wrede gedaantes verskyn, die geweldige magte van die gode, vyandig teen Troje.

600

610

620

Toe, voorwaar, het dit my geskyn asof die hele Ilium in vuur versink, of Troje, stad van Neptunus, van sy grondveste af omgekeer word: net soos wanneer boere beurte maak en sonder verposing aanhou om 'n oeroue es op die bergtoppe, een wat reeds

¹⁴ Pallas het die kop van die Gorgo Medusa op haar skild aangebring.

¹⁵ Jupiter.

deur die yster aangekap is, met snel opmekaarvolgende bylslae te vel; dit dreig aaneen om te val, en bewend knik hy sy blaretooi met skuddende kruin; langsamerhand word dit oorweldig deur wonde, totdat dit 'n laaste kreun gee en neerstort, losgeruk van die rûens af. Ek daal af, en onder goddelike geleide baan ek my weg sonder moeite tussen vuur en vyand deur: die wapens bied verbykomkans en die vlamme wyk.

630

ANCHISES

En toe ek reeds die drumpel van my ouerlike woning, ons ou huis, bereik het, weier my vader vir wie ek bowe alles begeer het om na die hoë berge op te dra en vir wie ek heel eerste opgesoek het, om, noudat Troje verdelg is, sy lewe verder te rek en ballingskap te verduur. 'Julle wie se bloed onaangetas is deur die tyd,' sê hy, 'en wie se stewige kragte in eie gespierdheid staan, dink julle maar aan vlug. Indien die hemelbewoners wou hê dat ek my lewe verder moet lewe, sou hulle hierdie huis vir my bewaar het. Dit is genoeg, ja, meer as genoeg, dat ek een verwoesting aanskou en die verowering van ons stad oorleef het¹⁵. Ag, roep my liggaam wat so, ja, so geplaas is, vaarwel toe en gaan heen¹⁶. Ek self sal die dood vind deur iemand se hand; 'n vyand sal my wapenrusting begeer en medelye betoon. Die verlies van 'n graf is maklik te verduur. Lank reeds is ek haatlik vir die gode en hou ek nutteloos die jare teë, vandat die Vader van gode en Koning van mense my met die winde van sy bliksem aangeblaas en my met sy vuurstraal getref het¹⁷.

640

Hierdie dinge het hy in herinnering geroep, voet by stuk gehou en onbeweeglik by sy besluit gebly. Ons daarenteë, het in trane uitgebars, sowel my vrou Creüsa as Ascanius en die hele huis, en gesmeek dat my vader nie moet begeer om alles saam met hom te vernietig en ons benouende lot nog verder te verswaar nie.

650

¹⁶ Troje is tevore in Anchises se leeftyd deur Hercules verwoes.

¹⁷ Hulle moet hom soos 'n lyk behandel.

¹⁸ Jupiter het vir Anchises met 'n bliksemskig getref omdat hy oor Venus se liefde vir hom gespog het.

Hardnekkig weier hy; van sy voorneme wyk hy nie af nie, van sy stiplek af roer hy hom nie. Weer eens storm ek na die geveg, en in my diepe ellende begeer ek die dood. Want watter raad, watter kans is my nou nog gebied? 'Het u gehoop, vader, dat ek 'n voet sou kon versit as u agtergelaat word, en ontval so 'n ontsaglike gruwel u vaderlike mond? Indien dit die gode behaag dat daar niks van so 'n groot stad oorbly nie, as hierdie besluit onwrikbaar in u gemoed lê en as dit u behaag om sowel uself as die uwe te voeg by Troje se ondergang, dan staan die deur tot daardie dood wat u seek wyd oop. Weldra sal Pyrrhus hier wees, van die groot plas bloed van Priamus af, hy wat die seun voor die oë van sy vader, en die vader by die altare vermoor. Was dit hiêrvoor, genadige moeder, dat u my deur wapens, deur vure heen red, dat ek die vyand midde-in my eie huis, dat ek vir Ascanius en my vader, met Creüsa daarby, die een in die bloed van die ander neergevel mag sien? Wapens, manne, bring my wapens! Die laaste dag roep die oorwonnenes op! Gee my aan die Grieke terug; laat my toe om terug te gaan en die geveg te hernieu. In geen geval sal ons almal vandag ongewreek sterwe nie!'

660

670

Hierna gord ek weer my swaard aan, en terwyl ek dit regtrek, het ek my linkerhand by die skildriem ingesteeek en my na buite begin begewe. Kyk, egter, op die drumpel het my vrou my knieë omarm en vasgeklou en vir klein Julius na sy vader toe opgehou: 'As jy weggaan met die doel om te sterwe, neem dan ook vir ons saam om elke gevaar aan jou sy te verduur. Maar as jy volgens jou ervaring nog enige hoop vestig op die wapens wat jy opgeneem het, beveilig dan allereens hierdie huis. Aan wie se sorg word die kleine Julius agtergelaat, aan wie jou vader, en ek, eens jou eggenote genoem?'

Dergelike woorde het sy uitgeroep, en die hele huis met haar geklaag gevul, toe daar skielik, wonderbaar om te sê, 'n voorteken verskyn. Want tussen die hande en gesigte van die bedroefde ouers, kyk! lyk dit of 'n ligte vuurtong van die kruin van Julius se hoof af 'n lig uitstraal, en of die vlam, onskadelik met sy aanraking, aan sy sagte hare lek en om sy slape wei. Ontsteld het ons van vrees gesidder en probeer om die vlamme hare uit te doof, om die heilige vuur met bronwater te blus. Maar my vader Anchises

680

het sy oë bly na die sterre opgehef en sy handpalms saam met sy bede ten hemel gerig: 'Almagtige Jupiter, as u enigins deur gebede beïnvloed word, sien ons aan, slegs dit vra ek, en as ons dit deur pligsvervulling verdien, skenk van hierdie oomblik af u hulp, vader, en bevestig hierdie voorteken.'

690

Nouliks het die grysaard daardie woorde gespreek, of skielik donder dit met 'n gedreun aan die linkerkant, en in helder lig skiet 'n vallende ster uit die hemel deur die duister neer en sleep 'n vuurbal agter hom aan. Ons sien hoe dit oor die nok van die dak seil, hoe dit sy baan afteken en homself in ligte laaie in die woud van Ida begrawe. Toe gloei die voor op sy lang baan nog, en ver in die rondte rook die omgewing van swawel.

In hierdie stadium, inderdaad oorreed, rig my vader hom op en hy spreek die gode aan en huldig die heilige ster: 'Nou, ja nou is daar geen vertraging meer nie. Ek volg, en waar u lei, daar is ek by u, gode van my voorvaders. Behoed my huis, behoed my kleinseun! Dis u voorteken hierdie, Troje is in u goddelike mag. Wat my betref, ek gee dit gewonne, my seun, en weier nie langer om as jou metgesel te gaan nie.'

700

Hy het gespreek; duideliker word die vuur deur die stad reeds gehoor, en al nader rol die brande die hittegolwe aan. 'Kom dan, dierbare vader, plaas u op my nek. Ek self sal u op my skouers neem, en die vrag wat u uitmaak sal glad nie vir my swaar wees nie. Wat ook al gebeur, vir ons albei sal daar een gemeenskaplike gevaar, of een redding wees. Laat klein Julius my vergesel, en laat my vrou op 'n afstand ons spoor volg. Julle, bediendes, skenk aandag aan wat ek sê! As julle die stad uitgaan, kry julle 'n heuweltjie en 'n ou tempel van die eensame Ceres, en daarneffens 'n oerou sipres wat baie jare lank deur die eerbied van ons voorvadere gespaar gebly het; na hierdie een plek sal ons uit verskillende rigtings kom. U, vader, neem u die heilige voorwerpe en die voorvaderlike huisgode in u hand. Vir my wat uit so 'n groot oorlog en slagting van pas gelede kom, is dit heiligs kennis om daaraan te raak, totdat ek my in stromende water sal gewas het.'

710

720

CREÛSA

Nadat ek dit gesê het, bedek en my bree skouers en geboë nek met 'n mantel, 'n geelbruin leeuveld, en ek buig onder my las in. Klein Julius het sy handjie aan my regterhand vasgestrengel en volg sy vader met korter treetjies; agter volg my vrou. Ons stap deur die skadukolle van die omgewing, en ek wat flus deur geen vliegende werpwapens, deur geen Grieke in opponerende menigtes saamgedrom ontstel is nie, vir my verskrik elke roersel van die wind nou, elke geluidjie verontrus my in my gespannenheid, tegelyk besorg om sowel my metgesel as my las. Ek het reeds die stadspoorte genader en dit het gelyk asof ek die hele pad in veiligheid afgelê het, toe 'n aanhoudende getrappel van voete my in die ore klink, en vader wat deur die duister vorentoe tuur, uitroep: 'My seun, vlug, my seun! Hulle is aan die naderkom. Ek onderskei hulle blitsende skilde en glimmende koperwapenrustings.'

730

In hierdie stadium het 'n onvriendelike godheid — ek weet nie watter een nie — my in my bevangenheid van my verwarde sinne beroof. Want terwyl ek ylincs 'n padlose koers volg en van die bekende rigting van die paaie afwyk, helaas! ... het sy gaan staan, my vrou CreÛsa, en is sy my, rampsalige, deur die noodlot ontruk? ... het sy van die pad af gedwaal? ... dalk het sy van vermoëinis gaan sit ... ek weet nie. Daarna het sy nie weer voor ons oë verskyn nie. Ek het ook nie na my verlorene omgekyk of weer aan haar gedink voordat ons by die heuweltjie van eeue-oue Ceres en haar gewyde tuiste aangekom het nie. Hier, ja eers hier, nadat almal byeengebring is, het sy alleen ontbreek, en het sy haar kamerade, haar seun en haar man in hulle verwagting teleurgestel. Wie van sowel mense as gode het ek in my waansin nie beskuldig nie? Of wat het ek in my onvergewerpte stad gesien wat wreder was?

740

Ek vertrou Ascanius, my vader Anchises en die Trojaanse huisgode aan my geselle toe, en versteek hulle in 'n bogtige vallei. Ek self koers weer na die stad en gord my glinsterende wapens aan, vasbeslote om alle toeval opnuut te trotser, om deur die ganse Troje terug te gaan en om nogmaals my lewe aan gevare bloot te

750

stel. Allereers soek ek weer die mure en die donker ingang van die poort op vanwaar ek my skrede na buite gerig het. Ek kry my spore en volg hulle deur die nagduister terug; oral speur ek skerp rond. Aan alle kante oorvalangs my hart, en die stilte self vervul my ook met vrees.

Vandaar af keer ek terug na my huis, in geval sy dalk daarheen gegaan het, in geval dalk! Die Grieke het dit reeds binnegestorm en die hele huis beset. Dadelik word die verterende vuur deur die wind na die nok van die dak aangerol; die vlamme slaan daarbokant uit; die hittegloed knetter die lug in op.

Ek gaan verder en besoek weer Priamus se paleis en die burg. In die verlate suilegange by die heiligdom van Juno het uitgelese wagt, Phoenix en die grimmige Ulysses, reeds die buit bewaak. Van alle kante af word Troje se skatte wat uit die brandende allerheiligstes gegryp is hier byeengebring: tafels van die gode, mengvate van soliede goud, en buitgemaakte kledingstukke. Seuns en skrikbevange moeders staan in eindelose rye daar rondomheen. Ja-nee, ek het dit selfs gewaag om krete deur die duister heen uit te galm, en die strate met my geskree gevul. In my droefheid het ek Creüsa se naam tevergeefs oor en oor herhaal, en weer en weer uitgeroep. 760

Terwyl ek soek en sonder ophou tussen die geboue van die stad voortstorm, het die bedroefde skim, die skadubeeld van Creüsa self voor my oë verskyn, maar haar beeld was groter as die een wat ek geken het. Ek was lamgeslaan, my hare het orent gestaan en my stem het in my keel vasgesteek. Toe spreek sy my soos volg aan, en neem sy my sorge weg met hierdie woorde: 'Wat baat dit, liewe eggenoot, om so seer aan waansinnige smart toe te gee? Hierdie dinge gebeur nie sonder die wil van die gode nie; die ewige wet, of die grote regeerder van hoë Olympus laat nie toe dat jy vir Crëusa hiervandaan as jou gesellin meeneem nie. Lank is die ballingskap wat vir jou voorlê, en ontsaglik die seevlak wat jy moet deurklief. 780 En jy sal by die land van die Aandster aankom, waar Lidiese Tiber met sagte stroming tussen ryk akkers van manne vloei. Dáár is vir jou voorspoed, heerskappy en 'n vorstelike gemalin verwerf; verdryf die trane oor jou geliefde Creüsa. Ek sal nie die trotse

tuistes van die Myrmidone of Dolopiërs aanskou, of gaan om aan Griekse moeders slawediens te verrig nie, ek, 'n Trojaanse vrou en skoondogter van die goddelike Venus! Nee, die groot Moeder van die gode hou my terug aan hierdie kuste. En nou, vaarwel, en bewaar jou liefde vir ons twee se seun.' Toe sy hierdie woorde gesê het, het sy my verlaat terwyl ek ween en nog baie dinge wou sê, en in die yl lug verdwyn. Driemaal het ek daar probeer om my arms om haar nek te slaan; driemaal het ek die beeld misgevat en het dit my hande ontglip, soos ligte winde en net soos 'n vlugtige droom.

790

So besoek en uiteindelik weer my makkers, na die nag verstreke was. En hier vind ek tot my verbasing dat 'n groot aantal nuwe makkers toegestroom het, sowel vrouens as mans, mense vir ballingskap versamel, 'n deerniswekkende skaar. Van alle kante af het hulle byeengekom, met harte en middele gereed om te volg na watter land ook al ek hulle oor die see na 'n kolonie sou wou lei. En nou het die Môrester oor die rûens van hemelhoë Ida verrys en die dag ingelei. Die Grieke het die poortingange beset gehou en geen hoop op hulp is ons gebied nie. Ek het berus, my vader op my skouers gelig en na die berge koers gevat.

800

DIE DERDE BOEK
Aeneas se swerftog



*Hy het ons gehoor, omgeswaai, en op die geluid van
die spaangeplons af aangekom...*

ANTANDROS: AENEAS SE VLOOT VAAR NA BALLINGSKAP

“Nadat dit die hemelse gode behaag het om die mag van Asië en Priamus se onskuldige volk te gronde te rig, en die trotse Ilium geval het en die ganse Troje, stad van Neptunus, van die grond af bly rook, word ons deur voortekens van die gode gedryf om na veraf streke van ballingskap en onbewoonde lande te soek. In die onmiddellike omgewing van Antandros, aan die voet van die Idaberg in Frigië, bou ons ’n vloot, onseker waar die noodlot ons heen voer, waar dit ons gegun is om ons te vestig, en dáár bring ons ons mense saam. Nouliks het die vroegsomer aangebreek of vader Anchises gee ons opdrag om ons seile voor die noodlot te span. Toe verlaat ek met trane die kuste en hawens van my vaderland, en die vlaktes waar Troje gestaan het. As balling vaar ek die diepsee in met my metgeselle en seun, met die Penate en die groot gode.

10

THRACIË: POLYDORUS SE GRAF

’n End weg lê die land van Mars met sy uitgestrekte vlaktes — Thraciërs ploeg dit — voorheen deur die onverbiddelike Lycurgus regeer. Van oudsher af het hierdie land gasvryheid aan Troje betoon en solank die noodlot ons begunstig het, was sy gode bondgenote van ons eie. Hierheen vaar ek en stig op die bogtige kus my eerste stad, ’n begin onder ’n vyandiggesinde noodlot. Vir my volk skep ek die naam Aeneadae, aan my eie naam ontleen.

Ek was besig om ’n heilige offer te bring aan my moeder, dogter¹ van Dione, asook aan die ander gode wat die taak wat ek onderneem het met guns bejeën, en om tot eer van die hoë Koning van die hemelbewoners ’n skitterwit stier op die strand te slag. Toevallig was dit langs ’n heuweltjie op die top waarvan kornoeliebossies en ’n mirteboom gestaan het, stekelig met spiestakke dig

20

¹ Venus.

teenmekaar. Ek stap daarheen, en toe ek probeer om die groen groeisel van die grond af los te ruk sodat ek die altare met lowerryke takkies kon bedek, sien ek, wonderbaar om te vertel, 'n skrikwekkende voorteken. Want die eerste bossie wat met gebreekte wortels uit die grond gepluk word, van hom tap daar druppels swart bloed af, en dit bevlek die aarde met etter. 'n Koue rilling skud my ledemate en my bloed stol yskoud van vrees. Weer doen ek dit, en gaan voort om die taai hout van 'n tweede af te skeur; ek speur diep na die verskuilde oorsaak; swart bloed drup uit die bas ook van die tweede. Terwyl ek in my hart baie dinge oorweeg, het ek die landelike nimfe eerbiedig begin aanbid, ook vir vader Gradivus² wat oor die Getiese velde³ regeer, dat hulle die verskyning op die regte wyse in ons guns moet keer, en die voorteken vir ons moet temper.

30

Maar toe ek met groter inspanning die derde bos spiestakke vasgryp en worstelend met my knieë teen die sand onder hulle beur — sal ek alles vertel of stilbly? — word daar uit die diepte van die die heuwel 'n jammerlike kreun gehoor, en 'n stem klink op en kom tot my ore: 'Waarom, Aeneas, verskeur jy my in my ellende? Spaar tog vir my wat hier begrawe lê en moenie jou vrome hande verder met misdaad bevlek nie. Troje het my nie as vreemdeling vir jou voortgebring nie, en hierdie bloed tap nie uit 'n boomstam nie. Helaas, vlug van hierdie wrede land af weg, vlug weg van hierdie gierige kus: want ek is Polydorus⁴. Hier het 'n digte menigte yster spere my deurboorde liggaam bedek en uitgegroeit tot skerp spiestakke.' Toe, voorwaar, het ek verdwaas gestaan, my verstand oorspoel deur 'n onbepaalbare vrees; my hare het orent gestaan en my stem het in my keel vasgesteek.

40

Destyds, toe hy reeds begin twyfel het aan Troje se wapens en hy gesien het dat sy stad deur 'n beleg omsingel word, het die arme Priamus hierdie Polydorus heimelik met 'n groot gewig aan goud

50

² Mars.

³ Thracië.

⁴ Een van koning Priamus van Troje se seuns — 'n swaer dus van Aeneas.

na die koning van Thracië gestuur om deur hom grootgemaak te word. Nadat die mag van Troje gebreek is en die geluksgodin gewyk het, kies daardie man Agamemnon en sy seëvierende leer se kant en verbreek elke heilige band: hy vermoor Polydorus en neem met geweld besit van die goud. Vervloekte gouddors, waartoe dwing jy tog die harte van sterwelinge!

Toe die angs my gebeente verlaat, rapporteer ek die gode se voortekens aan die gekose hoofmanne van die volk, allereers aan my vader, en ek vra hul hulle mening. Almal is dit eens dat ons uit die misdadige land moet padgee; ons moet die plek van besoedelde gasvryheid verlaat en ons seile voor die winde oopspan. Daarom voer ons opnuut 'n begrafnisritus vir Polydorus uit, en grond word hoog op sy grafheuvel opgestapel. Droef staan die altare vir sy skim met donkerblou linte en swart sipres, en daarrondom Trojaanse vroue, soos gebruiklik met loshangende hare. Ons dra skuimende bekere lou melk aan, en bokale vol heilige bloed; ons lê sy siel ter ruste in die graf en roep met luide stem die laaste vaarwelgroet.

60

DELOS: DIE ORAKEL VAN APOLLO

Sodra ons daarna die oseaan kon vertrou, toe die winde 'n kalm see bied en die Suidewind ons sag suisend na die diepsee nooi, sleep my makkere die skepe water toe en kom in 'n groot menigte op die strand byeen. Ons vaar die hawe uit, en lande en stede verdwyn in die verskiet. In die middel van die see lê daar 'n heilige land⁵, baie dierbaar vir die moeder⁶ van die Nereïde en Egeïese Neptunus. Terwyl dit langs kuste en strande heen rondgedobber het, het die pligsgetroue boogskuttergod⁷ dit aan die rysige Myconos en Gyaros vasgemaak en dit toegelaat om onbeweeglik te lê en die winde te minag. Hierheen vaar ek, en allervreedsaam ontvang hierdie eiland ons, moeg soos ons was, in 'n veilige hawe. Ons ontskep en betoon eer aan die stad van Apollo. Koning

70

⁵ Die eiland Delos, geboorteplek van Apollo en Diana.

⁶ Doris.

⁷ Apollo.

Anius, koning van mense en terselfdertyd priester van Phoebus, haas ons tegemoet, sy slape omkrans met linte en heilige lourier; hy het sy ou vriend, Anchises, herken. In vriendskap skud ons mekaar die hand en gaan onder sy dak in.

80

Eerbiedig het ek na die god se tempel van ou klip gestaar: 'Skenk ons, god van Thymbra', 'n eie tuiste. Skenk aan ons wat moeg is stadsmure, 'n nageslag en 'n stad wat sal bly bestaan. Bewaar Troje se tweede vesting, ons wat van die slagting deur die Grieke en hardvogtige Achilles oorgebly het. Vir wie moet ons volg? Of waarheen beveel u ons om te gaan? Waar moet ons ons tuiste vestig? Skenk ons, vader, 'n voorteken, en stort uself in ons harte.'

Nouliks het ek dit gesê of dit lyk asof alles skielik bewe, sowel die deure as die lourierboom van die god, en of die ganse berg rondom begin te skud. En toe die allerheiligste oopgegooi is, begin die orakeldrievoet loei. Ons kniel en buig op die grond neer, en 'n stem klink in ons ore: 'Kinders van Dardanus⁸ wat soveel ly, dieselfde land wat eerste julle volk uit voorvaderlike stam voortgebring het, sal julle by julle terugkeer aan sy vrugbare boesem verwelkom. Soek julle moeder van ouds. Dáár sal die huis van Aeneas oor alle kuste heerskappy voer, die kinders van sy kinders, en die nakroos wat uit hulle gebore sal word.'

90

So het Apollo gespreek. Groot vreugde het ontstaan, gepaard met luide gejuig. Almal vra watter stad dit is waarheen Phoebus ons swerwers roep, en waarheen hy ons beveel om terug te keer. Toe sê my vader, terwyl hy die oorlewerings van die manne van ouds oordink: 'Luister, hoofmanne, en verneem waarin julle hoop bestaan. In die middel van die oseaan lê die eiland van die groot Jupiter, Kreta, waar die Idagebergte troon en die wieg van ons ras staan. 'n Honderd groot stede bewoon hulle, uiters vrugbare ryke. Ons vroegste voorvader, Teucer, — as ek die dinge wat ek gehoor het, reg onthou — het van daar af eerste na die kuste van

100

⁷ Apollo.

⁸ Trojane.

Rhoeteum gevaar en 'n plek vir sy koninkryk gesoek. Ilium en die vestings van Pergamum het toe nog nie bestaan nie; die mense het onder in die valleie gewoon. Daarvandaan kom die moedergodin wat op Cybelus woon, die brons simbale van die Corybante en die bergwoud van Ida; daarvandaan die getrou bewaarde swye oor haar heilige ritusse, en die ingespande leeus wat die gebiedster se strydwa trek. Kom dan, en laat ons volg waar die bevel van die gode ons heen lei; laat ons die winde versoen en die koninkryk van Knossos opsoek. En dit lê ook nie ver van hier af nie. As Jupiter ons net bystaan, sal die derde daeraad ons vloot op die kuste van Kreta voor anker laat lê.' So het hy gespreek en die vereiste offerandes op die altare geslag: 'n stier tot eer van Neptunus, 'n stier ter ere van U, skone Apollo, 'n swart skaap vir die Stormgod, en 'n witte vir die gunstige Westewinde.

110

120

KRETA: DIE PENATE SE WAARSKUWING

Die gerug is in omloop dat die aanvoerder Idomeneus verban is en uit die koninkryk van sy voorvadere gewyk het. Die kuste van Kreta lê glo onbewoon, die huise staan leeg, sonder ons vyand, en 'n verlate tuiste wag vir ons daar. Ons verlaat die hawe van Ortygia en skeer oor die see heen, by Naxos verby waar Bacchusvreugde op die rûens weerklink; verby groen Donusa, Olearon en sneeuwitte Paros; verby die Cyclade wat oor die see heen versprei lê, en ons vaar deur engtes wat kook van riwwe dig op mekaar. 'n Geskree van die matrose klink op terwyl hulle op allerhande maniere teen mekaar wedywer. As makkers moedig hulle mekaar aan: 'Laat ons die land van ons voorvaders soek — Kreta!' Die wind steek van agter op en begelei ons op ons vaart, en uiteindelik gly ons nader na die eeue-oue kuste van die Curetes. Derhalwe begin ek gretig bou aan die mure van my begeerde stad, en noem dit Pergama. My volk is verheug oor hierdie naam en ek moedig hulle aan om hulle haarde lief te hê, en om 'n burg met rysige dakke te bou.

130

En nou, ongeveer, het die skepe op die droë strand gelê. Ons jongmense was besig met huwelike en nuwe ploeglande, ek om wette in te stel en huise toe te ken. Toe, skielik, daal daar vanuit 'n besmette deel van die hemel 'n pes neer, 'n gety van die dood tot

bederf van ons liggame, en tot jammerlike vernietiging van bome en gesaaides. Mense het die heerlike lewe gelaat of hulle siek liggame voortgesleep. Vervolgens het die Hondster die velde onvrugbaar gebrand; die gras het verdor, en die sieklike graan het geweier om voedsel voort te bring. My vader raai my aan om weer oor die see heen te vaar, om weer na Ortygia en die orakel van Phoebus toe te gaan: ek moet hom om genade gaan bid en verneem watter einde hy aan ons moeilike lot skenk. Waar, sê hy, moet ons bystand vir ons swaarkry probeer bekom? Waarheen moet ons ons koers wend?

140

Dit was nag, en op aarde het slaap alles wat lewe in sy mag gehou. Soos ek daar lê en slaap, het dit gelyk asof die heilige beelde van die gode, die Frigiese Penate wat ek van Troje af uit die midde van die brandende stad met my saamgebring het, voor my oë staan, duidelik in helder lig waar die volmaan deur die ingeboude vensters stroom. Toe spreek hulle soos volg en neem my sorge weg met hierdie woorde: 'Wat Apollo jou sal meedeel as jy Ortygia bereik, dit voorspel hy hier, en kyk! uit eie beweging stuur hy ons na jou drumpel. Ons wat jou en jou wapens gevolg het nadat Troje verbrand is, ons wat onder jou leiding die geswolle see in skepe deurkruis het, ons sal ook jou nakroos wat sal kom tot aan die sterre verhef, en aan jou stad heerskappy verleen. Trek groot stadsmure vir groot manne op, en ontwyk nie die langdurige beproewing van ballingskap nie. Jy moet julle woonplek verander! Dis nie hierdie kuste wat Deliese Apollo aanbeveel het nie; hy het nie gesê julle moet julle in Kreta kom vestig nie. Daar is 'n plek, die Grieke noem dit Hesperie, 'n oerou land, magtig deur wapens en die vrugbaarheid van sy bodem; Oenotriërs het dit voorheen bewoon; nou wil die gerug dat 'n jonger geslag dit die naam Italië gegee het na die naam van hulle leier. Dit is ons blywende tuiste, hiérvandaan het Dardanus gekom, en vader Jasius, van wie ons volk oorspronklik afstam. Kom, staan op en bring met vreugde hierdie onbetwyfelbare boodskap aan jou bejaarde vader: hy moet die stad Corythus en die lande van Ausonië soek; Jupiter ontsê jou die velde van Dicté⁹.

150

160

170

⁹ Kreta.

Verbyster deur so 'n gesig en die stem van die gode — en dit was geen droombeeld daardie nie, maar dit het my gelyk asof ek hul gelaatstrekke, hul lintdeurvlegte hare en gesigte tasbaar hier voor my oë herken; toe begin die koue sweet oor my hele liggaam afstroom — spring ek vinnig uit die bed, hef my hande met die palms na bo ten hemel tesame met my bede, en pleng 'n suiwer wygeskenk op die haar.

Toe die offerande voltrek is, lig ek bly vir Anchises in en ontvou stap vir stap aan hom die hele verhaal. Hy het ons dubbelsinnige herkoms en tweevoudige afstamming herken, en ingesien dat hy op 'n dwaalspoor gebring is deur 'n vreemde vergissing in verband met die ou lande. Toe vertel hy: 'My seun, jy wat deur die onheilslot van Troje afgemat is, slegs Cassandra het dergelike lotsgebeure aan my voorspel. Nou onthou ek dat sy hierdie dinge verkondig het as dinge wat aan ons ras verskuldig is, en dat sy dikwels die naam Hesperie, dikwels die Italiaanse ryk genoem het. Maar wie kon glo dat Trojane ooit die kuste van Italië sou bereik? Of vir wie kon Cassandra se profesieë toe beïnvloed? Laat ons aan Apollo toegee en op sy raad die beter koers volg.' So het hy gesê, en juigend gehoorsaam ons almal sy woord. Ons verlaat ook hierdie woonplek, en nadat ons 'n paar agtergelaat het, laat bol ons die seile en snel in onshol skepe heen oor die ontsaglike see. 180 190

DIE STROPHADES: BOTSING MET DIE HARPYE

Nadat die skepe die diepsee bereik het en daar nou geen land meer sigbaar is nie — aan alle kante net lug, aan alle kante die see — toe verskyn daar bo my hoof 'n blouswart reënwolk wat nagduister en storm met hom saambring, en onder die skemering het die seevlak gesidder. Dadelik rol die winde die water aan en yslike golwe rys op. Ons word uiteengeslaan en op die ontsaglike draaikolk rondgeslinger. Stormwolke hul die dag in duisternis en 'n nat nag maak die hemel onsigbaar. Weerligstrale blits vinnig na mekaar uit die verskeurde wolke; ons word uit ons koers gebeuk en dwaal oor die donker golwe rond. Selfs Palinurus sê hy kan nie dag van nag onderskei in die lug nie, en die koers onthou hy te midde van die golwe nie. 'n Volle drie dae, uitsigloos vanweë 'n ondeursigtige 200

mistigheid, dryf ons op die see rond, en net soveel sterlose nagte. Op die vierde dag eers het ons op langelaas land sien opdoem; in die verte het berge verskyn en rook wat in die lug in opkrul. Af kom die seile en ons gaan staan regop teen die roeispane¹⁰; onverwyld woel die beurende matrose die skuimende water om en skeer oor die donkerblou see heen.

Nadat ek aan die golwe ontkom het, verwelkom die kuste van die Strophades my heel eerste. Die Strophades, genoem op hul Griekse naam, lê in die groot Ioniese see. Hulle is eilande wat deur die afgryslike Celaeno en die ander Harpye bewoon word sedert Phineus se huis vir hulle gesluit is, en hulle uit vrees hulle vroeëre tafels verlaat het. Geen aakliger monster as hulle, geen wreder pes of toorn van die gode het ooit uit die waters van die Styx verrys nie. Hulle is voëls met die gesigte van jong meisies; die uitwerpsel van hulle mae is uiters vies; hulle het kloue vir hande, en is ewigdurend bleek in die gesig van honger.

210

Toe ons hierheen aangeseil kom en die hawe binnevaar, kyk! sien ons pragtige kuddes beeste versprei oor die vlaktes, en 'n trop bokke sonder herder tussen die gras. Ons storm op hulle af met die swaard en nooi die gode om deel te hê aan die buit, ook vir Jupiter self. Daarna belaaï ons die aanlêsofas ryklik op die bogtige strand en smul feestelik aan die heerlike voedsel. Maar skielik verskyn die Harpye in 'n skrikwekkende duikvlug van die berge af, klap hulle vlerke met luide geklepper, roof die voedsel en bevuil alles met hul onreine aanraking. So tussen die afskuwelike stank deur klinkdaardan 'n afgryslike gekrys.

220

Andermaal dek ons die tafels, in 'n lang gleuf onder 'n uitgeholde rots, rondom ingesluit deur bome en trillende skadu's,¹¹ en plaas weer vuur op die altare. Andermaal, vanuit 'n teenoorgestelde hemelstreek en geheime skuilhoek, fladder die luidrugtige bende

230

¹⁰ As die roeiers hulself werklik inspan, gaan staan hulle met die terugswaai van die spane regop, sodat hulle by die inplons met die volle gewig van hul liggame op die roeibank kan neersak terwyl hulle beurend aan die spane trek.

¹¹ Hierdie reël is blykbaar hier ingebring uit Bk. I, 311.

met gekromde pote om die buit rond, en besoedel die voedsel met hulle monde. Toe gee ek aan my makkers opdrag om hulle wapens op te neem en dat daar oorlog gevoer moet word teen die afgryslieke geslag. Hulle maak presies soos hulle beveel is, steek hulle swaarde hier en daar in die gras weg, en bêre hulle skilde waar dit onsigbaar sal wees.

Toe die voëls dus onder luide gekrys al met die bogtige kus langs aangevlieg kom, gee Misenus van sy hoë uitkykpos af die teken met sy hol kopertrompet. My makkers val aan en onderneem 'n vreemde geveg: hulle probeer om die afskuwelike voëls van die see met die swaard te vermink. Tog, hulle voel geen hou op hulle vere en ook geen wond up hul rûe nie, maar skiet in snelle vlug die lug in op en laat die halfgeëte buit en hul walglike spore agter.

240

Alleen Celaeno, die onheilsprofetes, gaan sit op 'n hemelhoë rotspiek en bars los met hierdie woorde uit haar hart: 'Is dit sowaar oorlog, ter vergoeding van die beeste wat julle geslag en die stiere wat julle neergevel het, is dit oorlog, kinders van Laomedon¹², wat julle gereed maak om teen ons te ontketen, en die onskuldige Harpye uit hul voorvaderlike koninkryk te verdryf? Neem dan hierdie woorde van my ter harte en prent hulle diep in jul geheue in, woorde wat die almagtige Vader aan Phoebus, en Phoebus Apollo aan my voorspel het, en wat ek as oudste Furie nou aan julle openbaar. Julle het die winde aangeroep, en met hulle hulp soek julle naarstiglik na Italië: julle sàl na Italië gaan, en dit sàl geoorloof wees om sy hawens binne te vaar. Maar julle sal nie jul beloofde stad met mure omring alvorens 'n afgryslieke honger, en die onreg van hierdie moorddadige aanslag op ons, julle eers dwing om julle tafels rondom met die tande af te knaag en te verslind nie.' Sy het gespreek, en weggedra op haar vlerke het sy weer die bos ingevlug.

250

Maar my makkers se bloed het koud geword en van plotselinge skrik gestol. Hulle moed het gesink, en hulle gebied my om nie

260

¹² Trojane.

langer met wapens nie, maar met geloftes en gebede vrede van hulle af te smeek, of dit nou godinne is hierdie wesens, of afgryslieke, afskuwelike voëls. En met uitgestrekte hande roep vader Anchises die groot gode daar van die strand af aan en kondig die offerandes aan wat hulle toekom: 'O gode, verhinder hierdie dreigemente! O gode, hou so 'n lot ver van ons! Wees welwillend en spaar die vromes.' Toe gee hy ons opdrag om die vasmeerkabel van die strand af los te pluk, om die toue los te maak en die seile uit te rol. Die Suidewinde laat ons seile bol; oor die skuimende golwe vlug ons na waar wind en stuurman ons koers bepaal.

Reeds doem woudryke Zacynthos in die middel van die golwe op, en Dulichium en Same en Neritos met sy steil kranse. Ons vlug by die rotse van Ithaca verby, koninkryk van Laertes, en ons vervloek die geboortegrond van die wrede Ulysses. Spoedig verskyn ook die newelbedekte kruine van Leucatesberg en die Apollotempel, gevrees deur seelui. Moeg koers ons daarheen en nader die klein stadjie; die anker word van die boeg af gegooi; vas lê die agterstewens op die strand.

270

ACTIUM: 'N RUSPLEK OP DIE REIS

Daar ons dus bo verwagting uiteindelik land bereik het, reinig ons onself ter ere van Jupiter en laat die altare rook met wygeskenke. Ons drom in groot getalle op die kus van Actium saam waar ons Trojaanse spele vier. Kaal en glibberig van die olie, beoefen my makkers hul tradisionele stoeigevegte. Hulle is in hulle skik dat hulle by soveel Griekse stede verbygeglim en hulle vlug tussen die vyand deur volgehou het.

280

Intussen wentel die son voort in sy magtige kringloop van 'n jaar, en die ysige winde maak die see onstuimig met noorderstorms. 'n Skild van gedrewe brons, eertyds deur die magtige Abas gedra, heg ek aan die suile van die voorgewel vas, en ek maak die geskenk kenbaar met die versreël: 'Aeneas wy hierdie wapens wat hy van die Grieke, sy oorwinnaars, gebuit het.' Toe gee ek hulle opdrag om op die roeibanke plek in te neem en die hawe te verlaat. Wedywerend beuk my makkers die see en skeer oor die

290

watervlakte heen. Ons sien hoe die hemelhoë berge van die Phaeakers een na die ander verdwyn; ons vaar langs die kuste van Epirus verby, nader die hawe van Chaonië en bereik die rysige stad Buthrotum.

BUTHROTUM: (a) DIE ONTMOETING MET ANDROMACHE

Hier bereik 'n ongelooflike tyding van gebeurtenisse ons ore: Helenus, seun van Priamus, voer heerskappy oor Griekse stede nadat hy die vrou en septer van Pyrrhus, nakomeling van Aeacus, verkry het; Andromache het weer eens 'n man van haar eie ras ten deel geval. Verstom het ek gestaan, en my hart het gebrand van 'n ongewone verlange om met die man te praat en te hoor van sy hoogs merkwaardige lot. Ek vertrek van die hawe en laat die vloot en strand agter, toevallig net toe Andromache in 'n woud voor die stad besig was om langs die waters van 'n sogenaamde Simoïs 'n plegtige fees en rougeskenke aan die asse van Hector te offer. Sy nooi sy skim na die leë graf wat sy van groen sooie gebou, en waarnaas sy twee altare gewy het — 'n bron van tranen.

300

Toe sy my sien aankom en met verbystering die Trojaanse wapens rondom my bemerk, het sy groot geskrik vir die geweldige voorteken. Terwyl sy nog staar het sy verstyf, het die hitte haar gebeente verlaat; sy syg neer, en uiteindelik, na 'n lang ruk, vind sy haar woorde: 'Kom jy in ware gestalte, as werklike boodskapper na my, seun van 'n godin? Is jy lewendig? Of, as die heerlike lewenslig van jou gewyk het, waar is Hector?' Sy het gesprek, in tranen uitgebars en die hele omgewing met geweeklaag gevul.

310

Te midde van haar verbystering kry ek nouliks 'n paar kort antwoorde in, en in my verwarring stamel ek onsamehangende woorde: 'Ek leef, inderdaad, en sleep my lewe deur alle gevare voort. Moenie twyfel nie, want wat jy sien, bestaan werklik. Helaas! watter nederige lot is jy nou deelagtig na jy so 'n eggenoot verloor het! Of watter geluk, jou volkome waardig, Andromache van Hector, is tans weer jou deel! Is jy nog met Pyrrhus getroud?' Sy het haar oë neergeslaan en in 'n fluisterstem sê sy: 'Gelukkiger

320

as alle ander was die maagdelike dogter¹³ van Priamus, sy wat beveel was om by die graf van 'n vyand te sterf onder die hoë mure van Troje! Nooit is sy deur loting as buit uitgedeel nie en nooit het sy as gevangene die bed van 'n seëvierende baas aangeraak nie! Nadat ons vaderland in vlamme opgegaan het, is ek oor afgeleë seë saamgeneem. Ek het die hooghartigheid en jeugdige trots van Achilles se seun verduur, en in slaweskap 'n kroos gebaar. Maar daarna het hy Hermione, kleindogter van Leda, en 'n Spartaanse huwelik nagejaag en my as diensmaag aan sy dienskneg Helenus oorhandig om te besit. Maar Orestes het gebrand van 'n felle hartstog vir sy gesteelde vrou, en aangedryf deur die waansin veroorsaak deur sy misdade, oorval hy vir Pyrrhus onverhoeds en vermoor hom by sy vader se altaar. Met die dood van Neoptolemus¹⁴ het 'n deel van die ryk aan Helenus as sy regmatige besit toegeval. Die vlaktes het hy die Chaoniese vlaktes genoem en die gebied in sy geheel, Chaonië, na Chaon van Troje, en op die rûens 'n Pergamus, hierdie Trojaanse burg gebou.

330

Maar nou, wat jouself betref, watter winde, watter noodlot het jou koers bepaal? Of welke god het jou sonder dat jy dit weet na ons kuste aangedryf? Hoe gaan dit met jou seun Ascanius? Leef hy, en asem hy nog die hemelse lug in? Vir hom, glo my, toe Troje reeds¹⁵ ... Het die seun darem 'n bietjie liefde vir sy gestorwe moeder? En vuur sy vader Aeneas en sy oom Hector hom enigsins aan tot die ou deugde en mannemoed?

340

Dergelike woorde het sy wenend uitgestort, en nog 'n lang ruk tevergeefs geweeklaag, toe die held Helenus, seun van Priamus, onder groot geleide van die stadsmure of aangestap kom. Hy herken sy mense, lei hulle met blydschap na die poort, en stort menige traan na elke woord. Ek stap verder en herken 'n klein Troje en 'n Pergamus wat soos die grote gebou is; ook 'n droë rivierbedding vernoem na die Xanthus, en ek omhels die pilare

350

¹³ Poluxena, wat deur Pyrrhus op Achilles se graf gedood is.

¹⁴ 'n Ander naam vir Pyrrhus.

¹⁵ Hierdie is die enigste onvoltooide vers in die Aeneïs wat nie sin maak nie.

van die Scaeïese poort; my Trojane geniet ook die verwante stad saam met my. Die koning het hulle in die ruim suilegang ontvang; die geregte is in goue skottels voorgesit, en met beker in die hand het hulle in die middel van die voorhof plengoffers van wyn uitgegië.

(b) HELENUS SE VOORSPELLING

En nou het die een dag na die ander verbygegaan; die briesie nooi ons seile, en die linne bol van die suisende Suidewind. Met hierdie woorde nader ek die siener en rig die volgende versoek: 'Seun van Troje, tolk van die gode, jy wat die goddelike wil van Apollo, jy wat die drievoet en lourier van die god¹⁶ van Claros verstaan, en die sterre, en die taal van voëls en die voortekens van die snelvliegense vlerk, kom, sê my — want elke uitspraak van die orakels het my reis vir my as gunstig verklaar, en al die gode het my met hulle openbarings aangeraai om na Italië te koers en verafgeleë lande te verken. Slegs die Harpy Celaeno voorspel 'n verontrustende voorteken, ja, 'n gruwel om te vertel, en sy dreig met grimmige woede en afskuwelike honger — welke gevare moet ek eerste vermy? Of deur watter plan te volg sou ek sulke geweldige beproewinge te bowe kon hom?' 360

Hierna slag Helenus volgens gewoonte eers jong stiere, en bid om die guns van die gode. Hy maak die linte van sy gewyde hoof los, en met sy eie hand, Apollo, lei hy my, gespanne van u magtige teenwoordigheid, na u drumpel, en toe profeteer hy, priester soos hy is, die volgende uit goddelike mond: 'Seun van 'n godin — want daar is duidelike bewys dat jy die see onder beskerming van hoër magte deurvaar; so reël die koning van die gode jou noodlot en draai hy die wiel van verandering, so wentel daardie vaste orde van dinge voort — uit baie geheime sal ek vir jou slegs 'n paar in woorde uitleë, sodat jy met groter gerustheid die vreemde seë kan deurkruis en in 'n Italiaanse hawe tot rus kan kom. Want die Skikgodinne verhinder Helenus om die ander dinge te weet, en 370

¹⁶ Apollo.

Juno, dogter van Saturnus, verbied hom om dit te sê. Allereers, die Italië wat jy nou dink naby is, en die nabygeleë hawens wat jy in jou onwetenheid gereed maak om binne te vaar, word weens lang stroke land deur 'n lang onbereisbare pad ver weg van jou geskei. Eers moet jou roeispaan in die golwe van Sicilië buig, eers moet jou skepe die uitgestrektheid van die Ausoniese see deurkruis, by die mere van die onderwêreld verby en die eiland Aea wat aan Circe behoort, aler jy jou stad in 'n veilige land kan stig. Ek sal jou sê wat die tekens sal wees, hou dit in jou hart weggebêre: wanneer jy eendag vol sorge langs die water van 'n afgeleë stroom 'n ontsaglike sog onder die eike langs die oewer kry lê met 'n werpsel van dertig stuks so pas gebore, 'n wit sog wat op die grond lê en rus, en wit die kleintjies aan haar spene — dáár sal die plek vir jou stad wees, dáár die onbetwyfelbare rus na jou beproewinge. En vrees nie die toekomstige afknaag van julle tafels nie: die noodlot sal 'n uitweg vind, en as Apollo aangeroop word, sal hy bystand bied.

Maar hierdie lande en hierdie streek van die Italiaanse kus¹⁷ naaste aan ons en wat deur die branding van ons see bespoel word, moet jy vermy: al die stede word deur kwaadgesinde Grieke bewoon! Hier het die Locriërs uit Naryx 'n stad gebou, en Idomeneus van Lyctos¹⁸ het die Sallentynse vlaktes met sy soldate gekoloniseer. Hier lê die beroemde stadje van Philoctetes, die Meliboeïese leier, klein Petalia wat staatmaak op sy muur. Verder, wanneer jou skepe die see oorgesteek het en voor anker lê, wanneer jy altare opgerig het en eindelijk jou geloftes op die strand volbring, omhul en bedek dan jou hare met 'n purper sluier, sodat niks skadeliks gedurende die offerande aan die gode tussen die heilige vure voor jou oë verskyn en die voortekens versteur nie. Laat jou makkers hierdie gebruik by offerandes in ere hou, en hou jy dit self in ere; laat jou nakroos met hierdie heilige verpligting rein bly.

¹⁷ Die Adriatiese kus.

¹⁸ 'n Stad in Kreta.

Maar wanneer jy daarvandaan vertrek en die wind jou na die kus van Sicilië gedryf het, en die versperrings van die Pelorus-engte geleidelik oopgaan, moet jy met 'n groot omweg na die land aan jou linkerkant en die see aan jou linkerkant koers: vermy die kus en waters aan jou regterkant! Hierdie gebiede, sê hulle, het eertyds toe die twee lande nog 'n ongebroke eenheid was uitmekaar gesplits, losgeskeur deur die geweld van 'n magtige katastrofe — soveel verandering kan die lang verloop van tyd teweegbring. Met geweld het die see toe daartussen ingespoel, met sy golwe die kus van Italië van Sicilië s'n afgesny, en in 'n smal seestraat deurgestroom tussen landerye en stede wat nou geskei van mekaar op die kuste gestaan het. Scylla bewaak die regterkant, die onversadigbare Charybdis die linkerkant. Op die bodem van haar kolkende afgrond slurp laasgenoemde drie maal per dag ontsaglike golwe loodreg die dieptes in, slinger dit weer telkemale in die lug op en tref die sterre met die water. Maar 'n grot hou vir Scylla in donker skuilhoeke ingekerker, vanwaar sy haar koppe uitsteek en skepe na haar rotse toe aansleep. Bolangs is haar voorkoms die van 'n mens, tot by die heupe 'n meisie met pragtige borste; onderlangs is sy 'n seemonster met 'n gedrogtelike lyf, met dolfynsterre vasgegroeï aan 'n buik wat wolwe voortbring. Dit is beter dat jy sonder haas om die suidpunt van Sicilië, kaap Pachynus, vaar, beter om 'n wye draai daarom te stuur, as om eenmaal die wanstaltige Scylla in haar ontsaglike grot te sien, en die rotse wat weerklink van haar donkerblou honde.

Bowendien, as Helenus die siener enige voorkennis het, as hy enigsins geglo kan word, as Apollo sy gees met waarheid vervul, dan sal ek jou, seun van 'n godin, hierdie een ding, ja, een ding voor alles anders vooraf sê, en by herhaling weer en weer aanraai: vereer allereers die goddelike mag van grote Juno in jou gebed, sê bereidwillig aan Juno geloftes toe, en wen die magtige heerseres met die geskenke van 'n smekeling. So sal jy Sicilië uiteindelik agterlaat en triomfantelik na die grense van Italië gestuur word.

Wanneer jy daar aangeland het, en die stad Cumae en die heilige mere en Avernus met sy ruisende woude nader, sal jy die besete profetes sien wat diep in haar rots-grot die noodlot aankondig en haar tekens en simbole aan blare toevertrou. Elke voorspelling wat

die maagd op die blare neergeskryf het, rangskik sy in volgorde en laat dit eenkant afgesonder in die grot lê. Roerloos lê hulle daar op hulle plekke en verander nie van volgorde nie. Maar tog, wanneer die skarnier draai en 'n ligte windjie het hulle geroer en die oopmaak van die deur het die tere blare deurmekaargewaaï, dan doen sy nooit daarna die moeite om hierdie voorspellings wat deur die hol rots-grot rondfladder, weer op te vang en hulle op hul plekke terug te plaas of om die verse weer saam te voeg nie. Sonder antwoord vertrek die mense wat haar kom raadpleeg dan, en haat die tuiste van die Sibille. Laat geen tydsverlies hier vir jou van soveel belang wees — al sou jou makkers teen jou uitvaar, al sou jou reis die seile dringend na die diepsee nooi en jy hulle voue met gunstige winde kon vul — dat jy nie die priesteres nader en smekend versoek dat sy met eie mond die orakels verkondig en goedgegunstiglik haar woorde en mond ontsluit nie. Sy sal jou meedeel van die volke van Italië en die oorloë wat op jou wag, en op watter wyse jy elke nood kan vermy of trotseer, en as sy eerbiedig versoek word, sal sy jou 'n voorspoedige reis verleen. Dit is die dinge waaroor jy deur my stem gewaarsku mag word. Gaan nou heen en verhef Troje in grootheid tot aan die hemel deur jou dade.'

(c) DIE AFSKEID

Nadat die profeet so met vriendelike mond gespreek het, gee hy vervolgens opdrag dat swaar geskenke van goud en gebeeldhoude ivoor na die skepe toe gebring moet word. In die ruime laai hy 'n massa silwer en ketels soos die van Dodona, 'n drie-laag pantser met goue skakels aanmekaargevleg, 'n opmerklieke spits-helm met 'n perdehaar helmbos — die wapens van Neoptolemus. Vir my vader is daar ook persoonlike geskenke. Hy gee nog perde, en voeg ook loodse by; hy vul die roeiers aan tot die vereiste aantal en rus terselfdertyd my makkers met wapens uit.

Intussen het Anchises ons opdrag gegee om die vloot met seile toe te rus sodat 'n gunstige wind nie verspeel sou word nie. Hom spreek die tolk van Apollo met groot respek aan: 'Anchises, u wat die trotse huwelik met Venus waardig is, u oor wie die gode hulle bekommer, wat twee maal uit die ruïnes van Troje gered is, kyk!

voor u lê die land van Italië: seil daarheen en neem dit haastig in besit. Maar tog moet u by die duskantse kus verbyvaar: ver weg lê daardie deel van Italië wat Apollo openbaar. Gaan heen', sê hy, 'o man geseën met die pligsgetroue liefde van 'n seun. Waarom hou ek aan praat en vertraag deur my woorde die opstekende winde?' **480**

Net so verdrietig oor ons laaste afskeid, bring Andromache kledingstukke met gouddraad geborduur, en vir Ascanius 'n Frigiese mantel — ten opsigte van eregeskenke staan sy nie terug nie — en belaaï hom met presente van weefwerk en sê: 'Neem ook hierdie geskenke, my seun, om vir jou 'n herinnering te wees aan my handewerk, en om van die blywende liefde van Andromache, vrou van Hector, te getuig. Neem hierdie laaste geskenke van jou mense, jy, beeldnis van my eie Astyanax, en al wat vir my van hom oorbly. So het sy oë gelyk, so sy hande, so sy gesig; en nou sou hy saam met jou aan die opgroei gewees het, net so oud soos jy.' **490**

Toe ek vertrek, het daar trane in my oë geskiet, en ek het aan hulle gesê: 'Leef gelukkig, o julle wie se eie lotswisselinge reeds deurleef is: ons word steeds van die een lotsbestemming na die ander geroep. Julle het rus verkry en hoef geen seevlak te deurploeg, of te soek na die akkers van Italië wat altyd maar terugwyk nie. Julle aanskou 'n weergawe van die Xanthus en 'n Troje wat julle eie hande gebou het — met beter bystand van die gode, hoop ek, en mag dit minder blootgestel wees aan die Grieke! As ek ooit die Tiber bereik, die aangrensende akkers van die Tiber betree en die stadsmure sien wat aan my volk toebedeel is, dan sal ons eendag ons stede susters maak, ons volke bloedverwante: Italië 'n bondgenoot vir Epirus — want albei het vir Dardanus as een en dieselfde voorsaak, en een en dieselfde verhaal van rampspoed — ja van die twee sal ons een Troje in die gees maak. Laat dit die taak wees wat op ons nakroos wag.' **500**

Ons vaar oor die see neffens die nabygeleë Cerauniaberg, vanwaar die tog na Italië en die roete oor die golwe die kortste is. Intussen gaan die son onder en die skaduryke berge word in duisternis gehul. Deur loting ken ons die roeibeurte toe en ons strek ons op die skoot van die diepbegeerde land uit, na aan die water. Oral rond op die droë strand verkwik ons ons liggame, en slaap spoel **510**

ons vermoeide ledemate binne.

En Nag, voortgedryf deur die ure, het nog nie die middel van sy baan genader nie of die ywerige Palinurus staan van sy bed af op, speur elke wind na en luister aandagtig hoe hulle waai. Hy neem al die sterre waar soos hulle in die stille hemel voortgly: Arcturus, die reënryke Hyades, en die tweeling Bere, en hy kyk om na Orion wat met goue wapens omgord is. Toe hy sien dat alles in die regte posisie is aan 'n helder hemel, gee hy 'n luide teken van sy skip se agterstewe af. Ons breek kamp op, sit ons reis voort en ontplooi die vlerke van ons seile. **520**

En reeds het die Daeraad die sterre op vlug gejaag en rooi begin gloei, toe ons in die verte deinserige berge sien, en laag teen die horison — Italië! 'Italië!' roep Achates eerste uit, en met 'n juigkreet groet my makkers: 'Italië!' Toe vleg vader Anchises 'n blomkrans om 'n groot mengvat wat hy met wyn vul. Hy gaan staan op die hoë agterstewe en roep die gode aan: 'Gode van see en land, gebieders van die storms, skenk ons 'n gemaklike vaart voor die wind, en blaas welwillend in ons seile.' Die verlangde winde steek sterker op en die hawe, nou nader, begin voor ons uitstrek, en op 'n heuwelpiek verskyn die tempel van Minerva. My makkers haal die seile in en swaai die boeë in die rigting van die strand. **530**

Die hawe is deur golwe uit die Ooste boogvormig uitgehol en die rotse voor die ingang skuim in 'n sout sproeireën. Maar die eintlike hawe lê verskuil: toringhoë rotse skiet hulle uitlopers soos 'n muur aan albei kante na benede, en die tempel staan 'n end van die strand af terug. Hier het ek die eerste voorteken gesien: op die grasveld wei daar vier perde, wit soos sneeu en ver oor die vlakke versprei. Toe roep vader Anchises uit: 'Dis oorlog wat jy bring, o land bestem om ons te ontvang. Vir oorlog word perde opgetuig, dis oorlog waarmee hierdie trop ons bedreig! Maar nogtans is hierdie selfde viervoetiges soms geoefen om die strydwa te trek, en om onder die juk die stang in eensgesindheid te verduur: daar is ook hoop vir vrede.' Daarop aanbid ons die heilige almag van die wapenkletterende Pallas, sy wat ons eerste in ons uitbundige blydschap verwelkom het. Voor haar altaar omsluer ons ons **540**

hoofde met 'n Frigiese kleed, en in ooreenstemming met Helenus se opdragte, dié wat hy as die allerbelangrikste gegee het, offer ons plegtig die vereiste brandoffers tot eer van Juno van Argos.

Sonder verwy, direk nadat ons ons geloftes na behore volvoer het, draai ons die horings van die seilbedekte ra's teen die wind, en ons verlaat die wonings van die Grieke en die akkers wat ons nie vertrou nie. Hierna verskyn die baai van Tarentum, gegrondves deur Hercules — as die gerug waar is — en daarteenoor verrys die tempel van die godin van Lacinium,¹⁹ die torings van Caulon, en Scylaceum wat skepe verbrysel. Dan doem Siciliese Etna in die verte uit die golwe op en ons hoor ver weg 'n geweldige gedreun van die see, 'n gebeuk teen die rotse en 'n onderbreekte gedruis al met die kus langs. Die water skiet die lug in op, die sand meng met die branding. Toe sê vader Anchises: 'Ongetwyfeld is dit die berugte Charybdis dié: hierdie kranse, hierdie skrikwekkende rotse het Helenus voorspel. Red julleself, kamerade, en beur gelyk teen die roeispane.' Hulle maak presies soos hulle beveel is, en heel eerste swaai Palinurus sy knarsende boeg na die golwe links; na links beur die hele konvooi met roeispaan en seil. 'n Geweldige golfberg lig ons tot aan die hemel op, en dan, met die wegsak van die golf, sink ons weer neer tot op die bodem van die Onderwêreld. Drie maal het die kranse tussen die hol rotse gebrul, driemaal het ons gesien hoe die skuim hemelwaarts spat, hoe die sterre daarvan drup. Intussen het die wind ons saam met die son verlaat, moeg soos ons was, en die roete byster, dryf ons na die kuste van die Siklope.

SICILIË: (a) ETNA

Die hawe lê rimpelloos, buite bereik van die aanslag van die winde, en is in sigself groot. Maar vlak daarnaas donder Etna met skrikaanjaende verwoesting: soms laat dit 'n swart wolk die hemel in voortbars, vol kolkende, pikagtige rook en gloeiende as, of skiet vuurballe op en lek aan die sterre; soms braak dit rotse uit en

¹⁹ Juno.

slinger die losgeskeurde ingewande van die berg die lug in, spuit massas gesmelte rots met 'n gedreun hemelwaarts, en borrel van sy diepste diepte af op. Hulle vertel dat Enceladus se liggaam, halfverskroei deur die bliksem, deur hierdie massa vasgedruk word. Die enorme Etna wat bo-op hom gestapel is, skiet glo die vlamme by oopgebarste oonde uit, en elke keer as die reus moeg word en op sy ander sy draai, bewe die hele Sicilië van die gedreun en word die hemeltrans in rook gehul.

580

Daardie hele nag lank skuil ons in die bosse en trotseer die verskriklike verskynsel, maar ons sien nie wat die geluide veroorsaak nie. Want sterlig was daar nie, die hemel nie verhelder deur 'n sterbesaaide uitspansel nie: die lug was toegetrek van donker newels en die gure nag het die maan in reënwolke gehul gehou.

(b) ACHAEMENIDES

En nou was die nuwe dag besig om saam met die vroeë môrester te verrys, en het Aurora reeds die klam skaduwees van die hemel af verdryf, toe die vreemde gestalte van 'n onbekende man skielik uit die bosse te voorskyn kom. Hy was uitgeteer van maerte en bejammerenswaardig geklee, en smekend strek hy sy hande na die strand toe uit. Ons kyk om. Hy was afgryslik vuil, sy baard woes, sy kleed met dorings vasgesteek. Maar owerigens 'n Griek, een wat eens op 'n tyd onder sy land se wapens na Troje gestuur is.

590

Toe hy van ver af die Trojaanse kleredrag en wapens bemerk, steek hy by die sien daarvan 'n oomblik onthuts vas en loop nie verder nie. Maar spoedig storm hy ylins strand toe en smee met trane in die oë: 'Ek besweer u by die sterre, by die gode daar bo, en by hierdie hemelse lug wat ons inasem, Trojane, neem my tog aan boord. Voer my weg na watter land u ook al wil — dit sal vir my genoeg wees. Ek besef ek is iemand van die Grieke se vloot af, en ek erken dat ek Troje se huisgode in oorlog aangeval het. As die skuld van my misdryf so groot is, kan u my daarvoor maar stuk vir stuk in die golwe strooi, of in die ontsaglike see verdrink. As ek sterf sal dit vir my 'n genoeë wees om deur die hand van mense te gesterf het.' Dit het hy gesê, sy arms om my knieë geslaan, en aan

600

my knieë vasgeklou terwyl hy heen en weer rol. Ons spoor hom aan om te sê wie hy is, uit watter bloed hy gebore is en vervolgens, om openhartig te vertel van die bese lot wat hom agtervolg. My vader Anchises steek na 'n kort aarseling self sy hand na die jongman uit en met so 'n duidelike waarborg van hulp stel hy sy gemoed gerus. 610

Toe hy eindelijk sy vrees laat vaar, antwoord hy dit: 'My vaderland is Ithaca, en ek was 'n makker van die ongelukkige Ulysses. My naam is Achaemenides, en omdat my vader Adamastus arm was — ag, mag my lot maar so gebly het! — het ek na Troje vertrek. Toe my makkers vreesbevange van die wrede ingang af weggevlug het, het hulle skoon vergeet van my en my hier in die enorme grot van die Sikloop agtergelaat. Dit is 'n woning daardie van dooibloed en bloederige feesmale, donker binne, ontsaglik groot. Hy self is reusagtig en stamp teen die hoë sterre aan — o gode, hou so 'n verderflike wese van die aarde weg! Elkeen wat hom sien, word met huiwering vervul, en niemand waag dit om 'n woord met hom te praat nie. Hy leef van die vlees en donker bloed van sy rampsalige slagoffers. Ek self het gesien hoe hy in die middel van die grot op sy rug uitgestrek lê en twee manne van ons groep met sy reusehand gryp en teen die rots verbrysel. Hoe die vertrek bespat word en van bloed stroom! Ja, ek het gesien hoe hy knabbel aan hul ledemate waarvan donker ontbinde bloed afdrup. Hoe hulle louwarm vlees onder sy tande dril. 620

Maar sy straf het hy gekry! Ulysses het sulke dade nie geduld nie; die man van Ithaca het in so 'n groot krisis kop gehou. Want sodra die Sikloop hom dik gevreet het aan sy feesmaal, het hy bedwelm van die wyn sy slap nek ter ruste neergevly. Met sy geweldige liggaam het hy daar uitgestrek in die grot gelê, en in sy slaap braak hy dooibloed en stukke vleis en bloederige wyn, alles deurmekaar. Dadelik het ons tot die groot gode gebid. Deur loting bepaal ons elkeen se taak en ons gaan staan in 'n kring om hom. Met 'n skerppuntige wapen boor ons sy ontsaglike oog uit wat alleen onder sy grimmige voorkop verskuil gesit het — so groot soos 'n Griekse skild, of soos die lamp²⁰ van Apollo. Met blydskap wreek 630

²⁰ Die son.

ons eindelijk die skimme van ons makkers. Maar vlug, ag rampsaliges, pluk die meertoue los van die strand en vlug! Want oral aan hierdie bogtige kuste woon daar 'n honderd ander monsteragtige Siklope. Hulle dwaal op die hoë berge rond en is net so afskuwelik en groot soos Polyphemus wat sy woldraende kuddes in sy ontsaglike grot in 'n kraal jaag en hulle uiers uitmelk.

640

Reeds vir die derde keer vul die horings van die maan hulleself met lig sedert ek my lewe in die bosse begin voortsleep het tussen eensame hole en die skuilplekke van wilde diere; sedert ek die enorme Siklope van 'n rotspiek af dophou en sidder vir die gedonder van hul voetval en stem. Karig is die voedsel wat die boomtakke my verskaf: bessies en klipharde kornoelies; en kruie wat ek uittrek, voed my met hulle wortels. Ek was gedurig na alle kante op die uitkyk, maar u vloot hier was die eerste ding wat ek die kus sien nader het. Aan daardie vloot, wat dit ook al sou blyk te wees, het ek myself oorgegee: vir my is dit genoeg dat ek die goddelose volk ontvlug het. Neem u maar liewer hierdie lewe van my met enige dood wat u mag behaag.'

650

(c) POLYPHEMUS

Nouliks het hy dit gesê of ons bemerk die reus in lewende lywe op die bergtop, die herder Polyphemus, waar hy met sy kolossale liggaam tussen sy kuddes stap, op koers na die welbekende strand: 'n afskuwelike monster, misvorm, enorm, met sy oog hom ontnem. 'n Kaalgekapte dennestam rig sy hand en stut sy treë, sy woldraende skape vergesel hom — die enigste vreugde, die enigste troos in sy rampspoed. Toe hy die diep golwe bereik en by die oopsee aanland, skep hy water op en spoel daarmee die bloed af wat uit sy leë oogholte sytel: hy kners op sy tande en kreun. Nou waad hy reeds deur die oopsee, maar nog het die golf nie sy hoë sye natgemaak nie.

660

Ons neem so 'n verdienstelike smekeling aan boord, sny in stilte die meertou los en vlug beangs in aller yl ver weg vandaar. Vooroor geleun beur ons aan die spane en woel die seevlak om. Hy het ons gehoor, omgeswaai, en op die geluid van die spaangeplons af aangekom. Maar toe daar vir hom geen geleentheid gebied

word om ons skip met sy hand raak te gryp nie, en hy ook nie in staat is om in sy agtervolging by te hou by die golwe van die Ioniese see nie, hef hy 'n geweldige geskree aan. Die see en al die golwe het daarvan gesidder, die land van Italië is diep na die binneland verskrik, en in sy kronkelende spelonke het Etna geloei. **670**

Maar die volk van die Siklope is uit hulle rus opgeskrik. Hulle storm uit die bosse en van die hoë berge af na die hawe toe en staan in groot getalle op die strand. Ons sien hulle daar staan, magtelos, met grimmige blik, die Etna-broers, hulle koppe hoog die hemel in gelig, 'n huiweringwekkende skaar: soos wanneer hemelhoë eike of keëldraende sipresse op 'n verhewe kruin bymekaar staan — 'n hoogslanke bos van Jupiter of heilige woud van Diana. Felle vrees dryf ons om in aller yl die toue los te maak, om die seile uit te rol en hulle voor die gunstige winde te span, maak nie saak waarheen nie. **680**

Aan die ander kant waarsku Helenus se bevel my teen die roete tussen Scylla en Charybdis, want aan beide kante is dit met slegs 'n geringe speling 'n pad van die dood as ek nie my koers hou nie. Ons besluit dus om terug te vaar. Maar kyk! Die Noordewind wat van die Pelorus-engte af gestuur is, bereik ons: ek vaar by die Pantagiasmonding, gevorm uit natuurlike rots, by die baai van Megara en laagliggende Thapsus verby. Dergelike plekke het Achaemenides, makker van die ongelukkige Ulysses, aan my uitgewys terwyl hy weer terugvaar langs die kuste waar hy rondgeswerf het. **690**

Uitgestrek voor 'n Siciliese baai, reg teenoor ontstuimige Plemurium, lê daar 'n eiland. Die mense van ouds het dit Ortygia genoem. Die gerug lui dat die Alpheus, 'n rivier van Elis, heimelik sy weg hierheen onder die see deur gebaan het, en dat hy nou by jou bron, Arethusa, met die waters van Sicilië meng. Soos beveel, aanbid ons die magtige gode van die plek, en ek vaar vervolgens by die buitengewoon vrugbare grond van die moerasagtige Helorusrivier verby. Van daar af skuur ons om die hoë riwwe en vooruitspringende rotse van kaap Pachynus. Ver weg verskyn Camerina wat op bevel van die noodlot nimmer gesteur moes word nie, en die vlaktes van die Gelarivier, en die stad Gela, **700**

genoem na sy woeste stroom. Daarna vertoon steil Acragas, eertyds 'n teler van vurige perde, sy magtige stadsmure in die verte. Met die winde my gegun, laat ek jou agter, palmbegroeide Selinus, en vleg my pad deur die ondieptes van Lilybaeum, gevaarlik vanweë die blinde rotsriwwe. Daarna ontvang die hawe van Drepanum en sy vreugdelose kus my.

Hier, nadat ek deur soveel storms op see voortgedryf is, helaas! verloor ek my vader, ja, vir Anchises, my troos in al my sorg en ongeluk. Hier, allerbeste vader, laat u my in die steek, moeg soos ek was, helaas! vergeefs deur my gered uit sulke groot gevare! En hoewel die siener Helenus my oor baie skrikwekkende dinge gewaarsku het, het hy hierdie rou nie aan my voorspel nie, die afgryslieke Celaeno ook nie. Dit was my swaarste beproewing, hiér die eindpaal van my eindelose reise. En toe ek daarvandaan vertrek, het die god my na u kuste aangedryf.”

710

So het vader Aeneas, middelpunt van almal se gespanne aandag, die verhaal van sy godgewilde lot vertel en hulle sy togte meegedeel. Ten slotte het hy geswyg, en nadat hy hier aan die einde gekom het, het hy gerus.

DIE VIERDE BOEK

Die Tragedie van Dido



... ek sal ongewreek sterf, maar laat ek nietemin sterf...

DIDO SE LIEFDE

Maar die koningin, lank reeds verskeur deur felle liefdespyn, voed die wond met haar lewensbloed en word verteer deur 'n verborge vuur. Weer en weer kom die dapperheid van die held haar voor die gees, weer en weer die roem van sy geslag. Ingeprent in haar gemoed kleef sy gelaat en woorde vas, en haar hartstog laat haar liggaam geem kalme rus nie.

Die volgende Daeraad was besig om met Phoebus se fakkel¹ oor die aarde te beweeg en het reeds die vogtige duisternis van die hemelgewelf af verdryf, toe sy buite haarself soos volg aan haar suster, haar sielsvertroueling, sê: “Anna, my suster, watter droomgesigte verskrik my tog en maak my so onseker! Watter buitegewone gas is dit nie hierdie wat onder my dak kom woon het nie! Hoe edel sy gelaat en houding! Hoe sterk sy bors en skouers! Ek glo voorwaar – en dis geen ongegronde oortuiging nie – dat hy 'n kind van gode is. Ontaarde siele word deur vrees uitgewys. Ai, hoe is hy tog deur die noodlot rondgeslinger! Van welke oorlogsbeker, tot die droesem geledig, het hy nie vertel nie!

10

As daar nie 'n vaste en onwrikbare besluit in my gemoed gevestig was om my aan niemand met die bande van die huwelik te verbind nadat my eerste liefde my in my verwagting teleurgestel, en my deur sy dood bedrieg het nie; as ek nie tot sterwens toe moeg was vir die huweliksbed en -fakkel nie, kon ek miskien toegee aan hierdie een swakheid. Anna – ja, ek sal erken – na die dood van my man, my arme Sychaeus, en nadat ons huis met bloed bevlek is ten gevolge van die moord deur my broer, was hierdie die enigste man wat my gevoelens laat swenk, en my wankelende gemoed oorweldig het. Ek herken die simptome van daardie gloedvolle passie van weleer. Maar ek sou wens dat die diepste dieptes van die aarde eerder vir my oop mag gaap, of dat die almagtige vader my met sy blits na die skimmeryk moet slinger, na die bleek skimmeryk en eindelose nag in die Onderwêreld,

20

¹ Die son.

voordat ek jou, gewete van my, verkrag, of jou wette verbreek. Hy wat my die eerste aan hom verbind het, het my liefde met hom meegeneem; mag hy dit by hom hou en in sy graf bewaar.” So het sy haar hart uitgespraak, en met opwellende trane die voue van haar kleed deurweek.

30

Anna antwoord: “Ag, sal jy wat vir my, jou suster, dierbaarder is as die lewenslig, sal jy alleen en in droefheid wegkwyn deur al die dae van jou jeug, en lieflike kindertjies en die beloning van Liefde nie ken nie? Dink jy dat asse of geeste in die graf dáárop gesteld is? Reg genoeg: tot dusver het geen vryer jou tot ’n ander sienswyse beweeg nie, siek van verdriet soos jy is, nie in Libië nie, en ook nie te vore in Tirus nie. Jarbas is met minagting behandel, so ook die ander leiers wat deur die bodem van Afrika, ryk aan triomfoptogte, onderhou word. Gaan jy veg, ook teen ’n liefde wat jou behaag? En dink jy nie daaraan in wie se grondgebied jy jou gevestig het nie? Aan die een kant omring stede van die Gaetuliërs, ’n stam onoorwinlik in oorlog, en Numidiërs wat perdry sonder toom, en die onherbergsame Syrtis jou; aan die ander kant ’n dorsverlate streek en die Barcaeï wat wyd en syd soos besetenes tier.

40

Waarom sal ek praat van die oorlog wat besig is om van Tirus se kant af op te steek, en van jou broer se dreigemente? Dis voorwaar met die seën van die gode, glo ek, en deur die guns van Juno dat die Trojaanse skepe hulle koers hierheen voor die wind gehou het. Welke stad, my suster, sal jy nie hier sien verrys, en welke koninkryk, met só ’n huwelik nie! Met Trojaanse wapens aan ons sy, tot watter groot hoogtes sal die roem van Carthago nie uitstyg nie! Smeek jy maar net die gode om hulle guns, en as jy die heilige offerandes klaar gebring het, gee dan vrye teuels aan jou gasvryheid en versin rede op rede waarom hy langer moet vertoef, terwyl die winter en reënbringende Orion hulle ter see uitwoed, terwyl sy skepe nog gehawend is en die weer nog onbetroubaar.”

50

Met hierdie woorde het sy ’n hart wat van liefde smeul, laat opvlam; hoop gegee aan ’n twyfelende gemoed, en die anker van haar suster se gewete gelig. Eers besoek hulle die tempels en smeeke sorgvuldig van altaar tot altaar die vrede af. Volgens

voorskrif offer hulle uitgesoekte tweejaar-oud skape aan Ceres die wetgeefster, aan Apollo en vader Lyaeus, en voor almal, aan Juno onder wie se sorg die bande van die huwelik val. Allerskoonste Dido hou self die beker in haar regterhand en giet 'n plengoffer uit tussen die horings van 'n spierwit vers, of stap onder die oog van die gode statig na die vetryke altare. Telkens in die loop van die dag offer sy opnuut wygeskenke, en raadpleeg die kloppende ingewande terwyl sy gretig in die oopgevelekte borste van beeste rondtuur. Ag, niksvermoedende harte van sieners! Wat baat gebede 'n mens wat waansinnig is van liefde, wat baat heiligdomme? Deurentyd vreet die vlam aan haar tere binneste en diep in haar bors skryn die wond in stilte voort.

60

Arme Dido brand van liefde en dwaal verbyster orals deur die stad, soos 'n hert na 'n pylskoot, een wat 'n herder wat met werptuie jag van ver af in die bosse van Kreta onverhoeds getref, en sonder dat hy daarvan bewus is, die gevleuelde yster in haar agtergelaat het: in haar vlug deurkruis sy die bosse en bergwoude van Dicte; vas in haar sy steek die dodelike pyl. Nou lei sy vir Aeneas saam met haar deur die middestad; sy spog met Carthago se mag, met die stad wat daar gereed lê; sy begin praat, maar in die middel van 'n woord steek sy vas. En nou, as die dag aan 't daal is, vra sy weer om dieselfde feesmaaltd, begeer sy in haar waansin om weer eens te hoor van die doodstryd van Troje, en weer hang sy aan die verteller se lippe. Later, as hy en sy uiteengegaan het, as die bleke maan op sy beurt sy lig gedemp het en die ondergaande sterre slaap aanraai, treur sy alleen in die leë huis en vly haar neer op die bank wat hy verlaat het. Sy is wel nie by hom nie, maar vir hom wat nie daar is nie, hoor sy, hom sien sy. Of, betower deur die gelykenis met sy vader, hou sy vir Ascanius op haar skoot vas om te kyk of sy nie haar onuitspreeklike liefde kan mislei nie. Die torings waarmee daar begin is, verrys nie verder nie; die jeug oefen nie meer onder wapen nie, en hulle bring nie meer die hawens of die bolwerke in gereedheid ter beveiliging teen oorlog nie. Die werke word onderbreek en staan stil – die ontsaglike, dreigende mure, en die hyskraan wat tot aan die hemel reik.

70

80

JUNO SE PLAN

Sodra Jupiter se geliefde eggenote heeltemal seker was dat Dido deur so 'n verderflike liefde vasgevang is en dat haar trots nie haar waansin in die weg staan nie, rig Juno hierdie woorde tot Venus: “Julle oes voorwaar voortreflike roem in, en ryk buit, jy en jou seun – groot en roemryk julle goddelike mag – as één vrou oorwin word deur die lis van twee gode. Ek weet baie goed dat jy die wonings van rysige Carthago met argwaan bejeën het omdat jy bang was vir my stad. Maar wat sal die perk wees of waarheen neig ons nou met so 'n geweldige wedywering? Waarom bewerk ons nie liewer 'n ewigdurende vrede en 'n vaste ooreenkoms vir 'n huwelik nie? Dit waar jy met jou hele hart na gestreef het, het jy: Dido brand van liefde en haar waansin het deur merg en been getrek. Laat ons dan nou hierdie volk gesamentlik regeer, met gelyke gesag; laat haar maar die slaaf wees van 'n Trojaanse eggenoot en haar Carthagers as bruidskat in jou hand oorgee.”

90

100

Ten antwoord aan haar – want sy het geweet dat Juno met veinsende hart praat met die doel om die koninkryk van Italië na die kuste van Libië te verlê – het Venus só begin: “Wie sou so dwaas wees om sulke voorstelle van die hand te wys, of wie sou verkies om met jou in oorlog te stry? As ons goeie geluk tog net die saak waarna jy verwys in vervulling wil bring! Maar die noodlot laat my sterk twyfel of dit Jupiter se wil is dat daar een stad moet wees vir die Carthagers en die manne wat van Troje af op weg gegaan het, en of hy dit goedkeur dat die volke vermeng en dat daar verdrae gesluit word. Jy is sy eggenote, jy het die goddelike reg om sy hart met smeekbedes te verlei. Gaan voort, ek sal volg.”

110

Toe het Juno in haar majesteit soos volg die woord geneem: “By my sal daardie taak berus. En nou, op welke wyse die onmiddellike doel verwesenlik kan word – luister – dit sal ek in 'n paar woorde verduidelik. Aeneas, en sy jammerlik verliefde Dido saam met hom, tref voorbereidings om die bos in te gaan om te gaan jag sodra die son môre vroeg opkom en die aarde met sy strale sigbaar maak. Terwyl die berede aanjaers haastig heen en weer ry en die bergwoude met 'n kordon netdraers omsingel, sal ek van bo af 'n swart reënbus met hael gemeng op hulle uitgiet en die ganse hemel

120

met donder in beroering bring. Hulle metgeselle sal in verskillende rigtings vlug en deur nagtelike duister bedek word; maar Dido en die Trojaanse vors sal by dieselfde spelonk uitkom. Ek sal daar wees, en, as ek seker is van jou goeie gesindheid, sal ek hulle verenig in 'n hegte egverbintenis en haar as sy wettige vrou aan hom toesê. Dit sal hulle huwelik wees.” Die godin van Cythera² het nie teëgestribbel nie, toegestem tot die versoek, en geglimlag omdat sy die slim set deursien het.

Intussen het die Daeraad uit die oseaan verrys. Toe ligdag aanbreek, stroom 'n keurbende jongmanne deur die poorte. Hulle neem nette met wye mase, striknette en breëlem-jagspiese saam. Massyliese ruiters galoppeer nader, vergesel van kragtige honde, fyn van reuk. Onderwyl die koningin in haar slaapkamer talm, wag die prinse van Carthago haar by die voordeur in. Haar perd staan daar, opvallend in purper en goud, en vol vuur kou hy aan die skuimende stang. Eindelik, terwyl 'n groot skare om haar saamdrom, tree sy te voorskyn, geklee in 'n Feniciëse mantel met 'n geborduurde soom. Haar pylkoker is van goud, haar lokke is in 'n goue kam saamgeknoop, en van goud is die gespe wat haar purper kleed opbind.

130

Ook die geselskap Trojane met 'n uitgelate Julius tree haar fier tegemoet. Aeneas self, aansienlikste man van almal, sluit by haar aan en verenig sy gevolg met hare. Soos wanneer Apollo sy wintertuiste in Lycië en die strome van die Xanthus verlaat om Delos, eiland van sy moeder, te besoek, en hy die koordanse opnuut laat begin terwyl Kretense en Dryope en getatoeëerde Agathyrsi³ in bonte skaar om sy altare rumoer; hy self skry voort op die rûens van Cinthus, tooi en bedwing sy golwende hare met sagte lower en omstrengel dit met goud, terwyl sy pyle aan sy skouers ratel: net so flink soos hy het Aeneas voortbeweeg, net soveel bekoorlikheid straal uit sy voortreflike gelaat.

150

² Venus.

³ Hierdie volkere word genoem om te beklemtoon hoe ver die aanbidders na die fees gekom het.

Toe hulle by die hoë berge en ongebaande skulhoeke aankom, kyk! hardloop daar wilde bokke wat van die rotsige kruin verjaag is teen die rûens af. Op 'n ander plek storm daar herte oor die oop vlakke, bondel in hulle vlug saam in stofbedekte troppe en verlaat die berge. Maar midde-in die valleie verlustig die knaap Ascanius hom in sy vurige perd. Hy jaag met 'n vaart nou by dié dan by daardie verby, en wens dat daar tussen die skuwe wildtroppe 'n skuimbek wildevark in antwoord op sy gebede moet verskyn, of dat 'n geelbruin leeu van die berg af moet kom.

Intussen het die hemel met luide gerommel in beroering begin kom; reën volg, gemeng met hael. Die verspreide geselskap Carthagers, die jeug van Troje en die Trojaanse kleinseun van Venus soek beangs skuiling op verskillende plekke oor die velde; vloedwaters storm van die berge af neer. Dido en die Trojaanse leier land by dieselfde spelonk aan. Oeroue Aarde, en Juno, die huweliksgodin, gee die teken. Weerlig het geblits, die uitspansel was medepligtig by hul huwelik, en op die bergtop het die Nimfe gegil. Daardie dag heel aan die begin, was die oorsaak van dood; daardie dag aan die begin, was die oorsaak van verdriet. Want Dido word nie langer beïnvloed deur wat die mense sien of wat hulle sê nie, en sy dink nie langer aan 'n geheime liefde nie; sy noem dit 'n wettige huwelik, en met hierdie naam verbloem sy haar misstap. 160

GERUG BRING VIR JARBAS DIE BOODSKAP

Onmiddellik trek Gerug deur die groot stede van Libië, Gerug, die vinnigste van alle euwels. In beweeglikheid lê haar krag, en met dat sy voortsnel, word sy sterker. Klein is sy aan die begin, uit vrees, maar spoedig rig sy haarself op tot aan die hemel; sy wandel op die aarde, en verberg haar kop tussen die wolke. Vir haar, vlug van voet en ratse vlerk, het moeder Aarde – so lui die verhaal – in toorn en verbittering teen die gode laaste gebaar as suster van Coeus en Enceladus. 'n Afskuwelike monster is sy, geweldig, met onder elke veer op haar lyf 'n wakende oog, en – wonderbaar om te sê – net soveel tonge, net soveel monde spreek daar, en net soveel ore hou sy gespits. Snags vlieg sy halfpad tussen hemel en aarde, krysend deur die duister, en sluit nooit haar oë in soete 180

slaap nie. Bedags sit sy as wagter op die nok van die hoogste dak of op rysige torings en verskrik groot stede – net so ’n hardnekkige verkondiger van leuen en bedrog as wat sy dit is van waarheid. Sý was dit wat haar nou daarin verlustig het om onophoudelik menigvuldige praatjies onder die volke te versprei, en om feite en fabels in gelyke mate te verkondig: dat Aeneas aangeland het, ’n man gebore uit Trojaanse bloed, met wie die skone Dido haarself verwerdig om in die huwelik te tree; dat hulle nou die winter, so lank as wat dit duur, heerlik in wellus in mekaar se geselskap deurbring sonder ’n gedagte aan hul koninkryke, deur lae lus oorweldig.

190

Hierdie gerugte het die haatlike godin hier en daar op die lippe van die mense gestrooi. Terstond swenk sy van haar koers af na koning Jarbas, ontsteek sy gemoed met haar woorde, en laat sy woede aanswel. Hierdie Jarbas was ’n seun van Hammon, ten gevolge van die verkragting van ’n Garamantiese nimf. Tot eer van Jupiter het hy ’n honderd ontsaglike tempels en ’n honderd altare in sy wydstrekkende koninkryke opgerig, en ’n ewig brandende vuur gewy, brandwag van die gode tot in lengte van dae. Die grond was vet van die bloed van beeste, en die vertrekke het gepryk met blomkranses in bonte kleureprag. Daar word vertel dat hy, verbyster en ontstoke deur die bitter gerug, voor die altare, in kenlike teenwoordigheid van die majesteit van die gode vurig tot Jupiter gebid het, smekend met die handpalms omhoog gehef: “Almagtige Jupiter, tot wie se eer die Moorse ras hier op geborduurde sofas feesvier en nou ’n wynoffer pleng, sien u hierdie dinge? Is dit dan sonder rede, Vader, dat ons vir u sidder wanneer u u bliksemskigte slinger? Is dit doellose vuurstrale in die wolke wat ons harte verskrik? En die rammelinge wat hulle veroorsaak, is dié ook sinloos? Die vrou wat as swerweling in ons grense ’n onbeduidende ou stadjie teen vergoeding opgerig het, en aan wie ons ’n stukkie kusgebied gegee het om te ploeg met voorwaardes van eiendomsreg, het ’n wettige huwelik met my versmaai en vir Aeneas as haar heer verwelkom om haar koninkryk mee te deel. En nou is daardie Paris met sy verwyfde gevolg, hy met ken en gesalfde hare omwikkel in ’n Lidiese tulband, in volle besit van wat hy geroof het. Maar ons bly mos geskenke aandra na u tempels, ja, na u tempels, en ons koester ’n leë naam!”

200

210

JUPITER SE BOODSKAP

Terwyl hy met sulke woorde bid en die altaar omklem, het die 220
almagtige hom gehoor en sy oë na die koningin se stad gedraai, en
na die minnaars wat hulle beter reputasie vergeet het. Toe spreek
hy vir Mercurius só aan, en gee hom hierdie opdrag: “Gaan tog,
my seun, roep die Westewinde, sweef heen op jou vlerke en gaan
praat met die Trojaanse leier wat nou in Tiriese⁴ Carthago sy lot
afwag en hom nie bekommer oor die stede wat deur die noodlot
aan hom gegee is nie, en dra my boodskap af deur die snelle winde.
Dit was nie ’n man soos hiërdie wat sy allerskoonste moeder vir
ons in hom belowe het nie, en dit was nie hiërvoor dat sy hom
tweemaal van die Grieke se wapens gered het nie. Maar dat hý die
man sou wees wat oor Italië moes regeer, ’n land siedend van
oorlog en propvol geleenthede vir gesagvoering; die man wat ’n 230
ras uit Teucer se edel bloed moes voortplant en die ganse aarde
onder wette moes plaas! As die roem van so ’n groot bestemming
hom geensins aanvuur nie, en as hy nie die taak ter wille van sy eie
eer wil aandurf nie, misgun hy as vader dan vir Ascanius die
vestings van Rome? Wat voer hy in die skild? Of met welke
verwagting talm hy by ’n vyandige volk en bekommer hy hom nie
oor sy Italiaanse nakomelingskap en die saailande van Lavinium
nie? Hy moet seil! Dit is die slotsom, laat dit my boodskap wees.”

Hy het klaar gepraat. Mercurius het begin regmaak om die opdrag
van sy magtige vader te gehoorsaam. Eers bind hy aan sy voete die 240
goue sandale vas wat hom met hulle vlerke hoog in die lug oor see
of land dra, snel soos die wind. Toe neem hy sy staf: daarmee roep
hy die bleek skimme op uit die Doderyk, stuur hy ander af na die
aaklige Hel, skenk en ontnem hy slaap, en open hy oë in die
dood. Op hierdie staf vertrouend, dryf hy die winde aan en
deurklief stormbelaaide wolke.

Terwyl hy nou voortvlieg, gewaar hy die kruin en steil hange van
rotsagtige Atlas wat met sy hoof die hemel stut, Atlas met sy

⁴ Omdat Dido oorspronklik van Tirus (ofte wel Sidon) gekom het.

dendraende kruin gedurig in donker wolke gehul, deur wind en reën gebeuk. Sneeu het op hom neergesif en dit bedek sy skouers; riviere stort van die grysaard se ken af neer en sy ruwe baard staan styf van die ys. Hier het Mercurius vir die eerste keer met inspanning van balanserende vlerke halt gemaak. Van hier af het hy na die golwe toe neergeduik, ylings, met die krag van sy hele liggaam, net soos 'n meeu wat al met die kus langs, al om die visryke kranse rondvlieg, laag, en na aan die see. Net so het die spruit van Cyllene⁵ tussen hemel en aarde na die sanderige kus van Libië gevlieg, en in sy koms vanaf sy grootvader aan moederskant⁶, die winde deurklief. **250**

Net toe hy met sy gevleuelde voete die hutte bereik, gewaar hy vir Aeneas waar hy besig is om fondamente vir vestings te gooi en nuwe huise te bou. En kyk, op sy swaard het 'n geel jaspissteen, soos 'n ster, gevonkel; die mantel wat van sy skouers af neerhang, het gegloei van Tiriese purper – geskenke van die vermoënde Dido wat die weefsel eiehandig met fyn gouddraad deurvleg het. Dadelik vaar die god teen hom uit: “En jy, lê jy nou die fondamente van rysige Carthago, en bou jy oorgedienstig teenoor jou vrou 'n pragtige stad? O wee! sonder 'n gedagte aan jou koninkryk en jou eie sake! In eie persoon stuur die heerser van die gode my uit stralende Olympus neer, hy wat hemel en aarde met sy goddelike mag bestier, en hy self beveel my om hierdie opdragte deur die snelle winde heen te bring: Wat beoog jy? Of waarvoor wag jy dat jy jou tyd onproduktief in Libiese lande verspil? As die roem van so 'n groot bestemming jou geensins aanspoor nie, (en jy nie die taak terwille van jou eie eer wil aandurf nie)⁷ dink dan aan Ascanius wat besig is om op te groei, ja, aan die verwagtinge van jou erfgenaam Julius, aan wie die koninkryk van Italië en die land van Rome verskuldig is.” So het Mercurius gesê, en terwyl hy nog besig is om te praat, het hy hom aan die gesigsveld van sterwelinge onttrek en ver weg in die yl lug onder die oë uit verdwyn. **260**
270

⁵ Mercurius.

⁶ Atlas was sy grootvader aan moederskant.

⁷ Hierdie vers kom nie in die beste mss. voor nie.

Maar Aeneas was voorwaar stomgeslaan en verbyster deur die gesig; van skrik het sy hare orent gestaan en sy stem het in sy keel vasgesteek. Hy brand om weg te vlug en om daardie heerlike land te verlaat, geskok deur so 'n kragtige waarskuwing en uitdruklike bevel van die gode. O, wat moet hy doen? Watter woorde sal hy nou durf gebruik om die hartstogtelike koningin te paai? Wat sal hy as sy eerste woorde kies? En hy verdeel sy vlugge gees nou hierheen, dan daarheen, stuur dit snel in verskillende rigtings en laat dit oor elke moontlikheid gaan. Terwyl hy weifel, het die volgende plan vir hom die beste gelyk: hy roep vir Mnesteus en Sergestus en dapper Serestus, en beveel hulle om die vloot stil-stil toe te rus en hulle makkers op die strand byeen te bring; om die takelwerk gereed te maak en om een of ander verskoning vir sy plansverandering voor te gee; aangesien sy geliefde Dido van niks weet en geen vermoede het dat so 'n sterk liefde afgebreek kan word nie, sal hy self intussen ondersoek instel na moontlikhede om haar te nader, vasstel wat die gunstigste geleentheid sal wees om te praat, en wat die gunstigste wyse is vir sy doel. Vinnig gehoorsaam almal die bevel met vreugde in die hart, en haas hulle om sy opdragte uit te voer.

280

290

DIDO SE VERSOEK

Maar die koningin het 'n voorgevoel gehad van die bedrog – wie sou iemand wat liefhet kon bedrieg? – en die komende vertrek die eerste aangevoel, vol vrees, hoewel alles nog rustig was. Dieselfde gewetenlose Gerug het aan haar in haar waansin die nuus verklik dat die vloot toegerus, en die reis voorberei word. Onbeheersd tier sy en storm ontstoke deur die ganse stad, soos 'n Bacchante wat deur die geswaai van die heilige gerei opgesweepte is wanneer die tweejaarlikse swelgfeeste haar by die hoor van Bacchus se naam⁸ prikkel, en Cithaeron haar snags met sy geskree aanlok.

300

⁸ Die aanbidders van Bacchus, die Bacchante, het deur die strate gedraf, die heilige gerei geskud en geskree: "Hoesee, Bacchus!", en snags op die Cithaeronberg orgiastiese feeste gevier.

Sy neem eerste die woord en spreek hom eindelijk soos volg aan: “Jy het dus gehoop, verraaiër, om selfs so ’n groot sonde te kan verberg en stil-stil uit my land te vertrek? Hou ons liefde jou nie teë nie? Ook nie die regterhand wat eens as erepand gegee is, en die gedagte dat Dido dan ’n wrede dood sal sterf nie? Ja, selfs in die winterseisoen arbei jy aan jou vloot, en terwyl die Noordewinde op hulle ergste woed, is jy haastig om oor die diepsee heen te vaar, nè, wreedaard? Sê my, as jy nie op soek was na vreemde saailande en ’n onbekende tuiste nie, en as oeroue Troje nog gestaan het, sou Troje dan jou bestemming gewees het met jou vloot oor die golwende see? Is dit vir my wat jy vlug? Ek smee jou by hierdie trane van my en by jou regterhand – want deur eie toedoen het ek niks anders vir my in my ellende oorgelaat nie – ook by ons huwelik, en by die egverbintenis waarmee ons begin het: as my optrede teenoor jou enigsins verdienstelik was, of as enigiets aan my vir jou bevallig was, en indien daar nog plek is vir gebede, toon medelye met ’n huis wat besig is om ineen te stort en sien af van daardie voorneme van jou. Dis oor jou dat die volke van Libië en die heersers van die Numidiërs my haat; dat my Carthagers verbitter is teen my. Dis ook ter wille van jou dat my gewete uitgedoof is, en my goeie naam van weleer, die enigste middel waarmee ek gestreef het om onsterflikheid te bereik. Aan wie laat jy my sterwend agter, my gas? – want dis tog die enigste benaming wat oorbly vir hom wat eggenoot was. Waarom vertoef ek hier? Miskien tot my broer Pygmalion my stad verwoes, of totdat die Libiër Jarbas my gevange as sy bruid wegvoer? As ek ten minste ’n kindjie van jou in my arms kon gehou het voor jy vlug, as ’n klein Aeneas in my voorhuis kon gespeel het wat darem met sy voorkoms aan jou kon herinner, dan sou ek voorwaar nie heeltemal so oorrumpel en verstote gevoel het nie.”

310

320

330

Sy het opgehou praat. Weens Jupiter se waarskuwings het Aeneas sy oë strak probeer hou, en met groot inspanning sy smartlike liefde diep in sy hart verberg. Eindelijk antwoord hy kortliks: “Ek sal nooit ontken nie, koningin, dat jy gunste aan my bewys het wat jy in groot getalle kan opnoem. En solank ek bewus is van myself, solank die lewe hierdie liggaam van my beheers, sal dit my nie

ongelukkig maak om vir Elissa⁹ te onthou nie. Laat ek net 'n paar woorde sê soos dit die geleentheid pas. Ek het my dit nie in die vooruitsig gestel – beeld jou dit nie in nie – om in die geheim hier weg te vlug nie. Ek het ook nooit die bruidegomsfakkel voor my gehou¹⁰, of tot 'n ooreenkoms van daardie aard geraak nie. As die noodlot my toegelaat het om my lewe op eie gesag te lei en om my sorg volgens eie wil tot rus te bring, dan sou ek heel eerste my stad Troje en die geliefde oorblyfsels van my mense versorg het. Die rysige woning van Priamus sou dan nog bestaan het, en vir die oorwonnes sou ek met eie hand 'n herboude Troje opgerig het.

340

Maar nou het Apollo van Grynium my beveel om op die grote Italië af te stuur, ja, op Italië – so het die Lyciese orakel beveel. Dit is nou my liefde, dit my vaderland. As die vestings van Carthago en die aanblik van hierdie Libiese stad vir jou, Carthager wat jy is, bekoor, waarom, sê my, misgun jy dan die Trojane om hulle in die land van Italië te vestig? Ook ons het die heilige reg om 'n koninkryk in die vreemde te soek. So dikwels as wat die nag die aarde met vogtige skadu's bedek, so dikwels as wat die vurige sterre verrys, vermaan en verskrik die gekwelde skim van my vader Anchises my in my drome. My seun Ascanius en die onreg aan die dierbare kind vervul my met kommer: ek beroof hom van die koninkryk van Italië, ja, van die lande wat deur die noodlot vir hom bestem is. Nou het ook die boodskapper van die gode, deur Jupiter persoonlik gestuur – ek sweer dit by jou lewe en myne – sy bevele deur die snelle winde heen na benede gedra. In helder daglig het ek self die god gesien toe hy die mure binnekom, en met hierdie ore het ek sy woorde ingedrink. Hou op om my en jouself met jou klagtes te ontstel. Na Italië vaar ek, maar nie uit vrye wil nie.”

350

360

DIDO SE VERWENSING

Geruime tyd al gluur sy hom sydelings aan terwyl hy so praat, en

⁹ 'n Ander naam van Dido.

¹⁰ Letterlik, maar ook figuurlik.

draai haar oë nou hierheen, dan daarheen. Sonder 'n woord meet sy hom met haar oë van kop tot tone, en woedend bars sy los: "'n Godin jou moeder, en Dardanus die stigter van jou geslag? Nooit, verraaiër! Nee, die Kaukasusgebergte, dig besaai met ruwe rotse, het jou gebaar en tierkatte van Hyrcanië het jou laat drink. Want waarom moet ek doekies omdraai? Of vir watter groter leed moet ek myself spaar? Het hy miskien een sug geslaak toe ek gehuil het? Het hy miskien sy oë afgewend? Het hy miskien van ontroering trane gestort, of vir my wat hom lief het jammer gekry? Wat sal ek eerste sê, wat laaste? Nou, ja nou sien nòg die magtige Juno, nòg die seun van Saturnus¹¹ al hierdie gebeure met regverdige oë aan. Nêrens is my vertroue veilig nie. 'n Drenkeling op die kus, 'n bedelaar het ek ontvang, en hom, gek wat ek was, 'n deel aan my koninkryk gegee. Sy verlore vloot het ek vir hom teruggebring, sy makkers aan die dood ontruk – wee my, brandende woede sleur my mee! Eers is dit die wiggelaar Apollo, dan die Lyciese orakel, dan weer die boodskapper van die gode, deur Jupiter persoonlik gestuur, wat vir hom vreesinboesemende bevele deur die lugruim bring. Natuurlik, dit is mos iets waarmee die gode hulle bemoei, dit is 'n bekommernis wat hulle in hul rus versteur.¹²

370

Ek hou jou nie teë nie, en ek weerspreek nie jou woorde nie. Gaan, seil voor die winde na Italië, gaan seek jou koninkryk oor die golwe. Wat my betref, hoop ek, as die magte van regskapenheid iets vermag, dat jy halfpad, tussen rotse die volle beker van vergelding sal ledig en herhaaldelik vir Dido by name sal aanroep. Hoewel ek ver weg van jou sal wees, sal ek jou met rokende vuurfakkels agtervolg, en wanneer die kille dood my liggaam van my gees geskei het, sal ek orals as skim aanwesig wees. Hartelose man, jou straf sal jy kry! Ek sal hoor, en tyding hiervan sal my in die dieptes van die onderwêreld bereik."

380

Met hierdie woorde breek sy die gesprek in die middel af en vlug siek van verdriet uit die daglig. Sy draai haar rug op hom en

¹¹ Jupiter.

¹² nl. Aeneas se roeping, waaraan sy nie glo nie.

verwyder haar uit sy gesig. Net daar laat sy hom waar hy in beangste onsekerheid oor baie dinge gereedmaak om baie dinge te sê. Haar diensmeisies tel haar van die grond af op, dra die bewustelose liggaam terug na haar marmer slaapkamer en lê haar op die bed neer.

390

Maar hoewel pligsgetroue Aeneas graag haar leed met troos wil lenig, graag haar sorge met sy woorde wil verdryf, voer hy nietemin met menige sug, en wankel in sy gemoed van felle liefde, die gode se bevele uit en keer terug na sy vloot. Toe, voorwaar, spring die Trojane ywerig aan die werk en oor die hele strand sleep hulle die hoë skepe af na die water toe. Die pikbestrykte rompe dobber al, en in hulle gretigheid om te vlug dra hulle roeispane aan wat nog blare aan het, en onafgewerkte eikehout uit die bosse. 'n Mens sou kon sien hoe hulle trek, hoe hulle van orals uit die stad aangehaas kom: net soos wanneer miere, gedagtig aan die winter, 'n groot hoop koring beroof en dit in hulle nes bêre; oor die velde loop 'n swart linie, en al met 'n smal voetpaadjie langs vervoer hulle hul buit deur die grassprietjies; met groot inspanning stoot party die yslike graankorrels met hulle skouers aan; ander dwing die kolonne in gelid en berispe die luiards; die hele paadjie gloei van die bedrywigheid.

400

DIDO SE SMEEKBEDES

Hoe het jy toé gevoel, Dido, toe jy sulke dinge sien? En welke sugte het jy geslaak toe jy bo van jou toring af gewaar watter drukte wyd en syd hier voor jou op die strand heers? Toe jy voor jou oë sien hoe die hele see in rep en roer is met soveel luide krete! O meedoënlose liefde, waartoe dryf jy die harte van sterwelingetog! Om weer in tranes uit te bars, weer met smeekbedes te probeer, daartoe word sy gedwing, en om nederig haar trotse gees aan die liefde te onderwerp. Om nie nodeloos te sterf nie, mag sy geen steen onaangeroer laat nie.

410

“Anna, jy sien die drukte orals op die strand: van heinde en ver het hulle byeengekom; reeds nooi die seile die winde uit en vol blydschap het die matrose blomkranse aan die boeë gehang. Hierdie leed – so groot – as ek die krag gehad het om dit te

voorsien, dan, my suster, sal ek ook die krag hê om dit te verduur. In my ellende, Anna, moet jy egter vir my hierdie een diens bewys. Want alleen vir jou het daardie verraaier altyd as vriendin hooggeag, selfs sy hartsgeheime aan jou toevertrou; alleen jy weet watter geleenthede geskik is om die man te nader, en wanneer. Gaan, suster, gaan praat nederig met die hooghartige vyand uit die vreemde: ek het nie te Aulis met die Grieke saamgesweer om die Trojaanse volk te vernietig, of 'n vloot na Troje gestuur nie; ek het ook nie die asse en gees van sy vader Anchises gewelddadig versteur nie. Waarom weier hy dan om my woorde in sy halsstarrige ore te laat insink? Waarheen haas hy? Laat hom hierdie laaste guns toestaan aan die arme vrou wat hom liefhet: laat hom wag vir 'n onbelemmerde vlug en vir gunstige winde. Nou smee ek nie om die wettige huwelik van weleer wat hy verraaie het nie. Ook nie dat hy van sy roemryke Latium moet afsien en sy koninkryk laat vaar nie: dis tyd, 'n niksbeduidende ou tydjie wat ek vra, 'n blaaskans en respyt vir my hartstog, totdat my lot my leer hoe om in my neerlaag te treur. Dis die laaste vergunning hierdie waarom ek smee – bejammer jou suster – en wanneer hy dit aan my toestaan, sal ek dit met opgehoopte rente vergoed by my dood.¹³”

420

430

Met sulke woorde het Dido herhaaldelik gepleit; so 'n verhaal van droefheid bring haar diepbedroefde suster telkens oor. Maar deur geen tranes word hy beweeg nie, na geen woorde luister hy insiklik nie: die noodlot staan in die weg, en die god sluit die held se ore en hou hulle onverstoort. Net soos wanneer Noordewinde uit die Alpe nou van hierdie kant en dan van daardie kant af met mekaar wedywer om 'n forse eik met harde hout wat van baie jare getuig, met hulle vlae te ontwortel; 'n gekraak word gehoor, en as die stam met 'n skok geskud word, besaai die boonste blare die aarde; hy self klou vas aan die rotse, en net so hoog as wat hy met sy kruin opreik na die hemelse lug, so diep strek hy met sy wortels af na die Onderwêreld: net so word die

440

¹³ Vers 436 is een van die moeilikste *cruces* in Vergilius se digwerke. Vir 'n helder uiteensetting van die probleem, kyk R.G. Austin: *P. Vergili Maronis Aeneidos Liber quartus* ad. loc.

held deur onophoudelike versoeke toegetakel, en in sy groot hart ervaar hy die volle geweld van lyding. Maar onwrikbaar bly sy besluit, die trane vloei tevergeefs.

DIDO SE ANG

Toe, voorwaar, oorbluf deur haar lot, bid arme Dido om te sterwe; 450
sy is moeg daarvoor om die hemelgewelf te aanskou. Om haar des
te meer tot haar besluit te verbind om die daglig te verlaat, sien sy,
toe sy wygeskenke op die wierookbrandende altare plaas –
afgrypslik om te sê – hoe die heilige water swart word, en hoe die
geplengde wyn in weersinwekkende bloed verander. Hierdie gesig
het sy aan niemand vertel nie, selfs nie aan haar suster nie. In die
paleis was daar ook nog 'n marmeraltaar ter ere van haar eertydse
eggenoot; dit het sy met wonderlike eerbetoon versorg en steeds
met sneeuwit wol en feestelike lower omkrans. Hiervandaan het
dit vir haar geklink, het sy die klag en woorde gehoor van haar 460
eggenoot wat haar roep wanneer die donker nag die aarde in sy
mag hou. En eensaam op die dakke het 'n uil telkens met sy lied
van die dood gekla en sy dralende hoe-hoe tot 'n gejammer
uitgerek. Daarbenewens laat menige voorspelling van vroeëre
sieners haar sidder met hul ontsettende vermaning. In eie persoon
dryf die wrede Aeneas haar in haar drome tot raserny. En altyd is
dit vir haar asof sy eensaam en alleen agtergelaat word, altyd asof
sy onvergesel met 'n eindelose pad aanstap, soekend na haar
Carthagiers in 'n verlate land: soos Pentheus¹⁴ in sy waansin die
troep Wraakgodinne sien, en twee sonne, en 'n dubbele Thebae; 470
of soos Agamemnon se seun Orestes oor die verhoog gejaag word
as hy vlug voor sy moeder wat met vuurfakkels en swart slange
gewapen is – en by die deur sit die Duiwels gereed om wraak te
neem.

¹⁴ In die *Bacchae* van Euripides word Pentheus deur Bacchus met waansin geslaan, en in die *Eumenides* van Aeschylus hits Clytaemnestra die Wraakgodinne teen haar seun Orestes aan.

DIDO SE PLAN

Toe sy derhalwe, deur smart oorweldig, in waansin verval en besluit om te sterwe, oorweeg sy in haar eie hart die tyd en die uitvoering daarvan. As sy met haar bedroefde suster praat, verloën sy haar plan met haar gesigsuitdrukking, en op haar voorhoof laat sy die hoop helder skyn: “Suster, ek het ’n weg gevind – wens jou suster geluk – wat hom aan my sal terugbesorg, of wat my in my liefde van hom sal bevry. Na aan die grens van die Oseaan en die ondergaande son lê die afgeleë gebied van die Ethiopiërs, waar die reus Atlas die hemelpool, beset met vonkelende sterre, op sy skouer laat draai. Uit daardie land is ’n priesteres van die Massyliese ras aan my uitgewys, ’n bewaker van die gewyde tuin van die dogters van Aand. Sy het altyd die draak gevoer en oog gehou oor die heilige takke aan die boom deur vloei-bare heuning en slaapverwekkende papawer daarop te sprinkel. Sý beloof om die harte wat sy wil met haar towerspreuke te bevry, maar om wrede liefdespyn op ander los te laat; om die water in riviere te laat stilstaan en die sterre op hul baan terug te draai. Sy roep die geeste van die nag op: jy sal waarneem hoe die grond onder jou voete dreun, hoe essebome van die berge af neerdaal. Ek roep die gode tot getuie, en vir jou, liewe suster, en jou dierbare hoof: teen my sin bewapen ek my met towerkunste. Rig jy nou heimelik ’n brandstapel in die binneplein op, hoog die lug in, en plaas daar bo-op die man se wapen wat hy in my slaapkamer laat bly hang het – die gewetenlose skurk – en alles wat hy gedra het, en die huweliksbed waardeur ek te gronde gegaan het. Dis vir my ’n genoeg om alles te vernietig wat my aan die goddelose man herinner, en die priesteres toon die weg aan.”

480

490

Dit het sy gesê, en toe bly sy stil; terselfdertyd sprei daar skielik ’n bleekheid oor haar gelaat. Anna dink egter nie dat haar suster haar dood agter hierdie vreemde plegtighede verberg nie. So ’n ontsaglike waansin stel sy haar ook nie voor nie, en sy vrees niks ernstigers as met die dood van Sychaeus nie. Derhalwe bring sy die dinge in gereedheid wat aan haar opgedra is.

500

Maar toe die brandstapel in die binnehof van haar woning opgerig is, hoog die lug in, kolossaal met dennehout en stompe van

steeneik, behang die koningin die plek met blomkranse en omrand dit met lower van die dood.¹⁵ Ten volle bewus van wat voor die deur staan, plaas sy die klere en die swaard wat hy agtergelaat het, en 'n wasbeeld van hom bo-op, op die bed. Rondom staan altare, en bulderend, met loshangende hare, roep die priesteres driemaal honderd gode aan, Erebus en Chaos, die drievoudige Hecate en die drie gesigte van die maagd Diana. Ook het sy reeds wywater gesprinkel wat sy beweer het uit die fontein van Avernus kom, en daar word gesoek na kruie wat met brons sekels in die maanlig afgesny is, welig van donker, giftige sap. Daar word ook gesoek na 'n liefdesamulet wat van die voorkop van 'n vul by geboorte afgeskeur en voor die moeder weggegryp is.

510

Dido self staan met offermeel en eerbiedige hande langs die altare; haar een voet is van skoeisel ontdaan en haar kleed hang los neer. Op die punt om te sterwe, roep sy die gode tot getuie, en ook die sterre wat die geheime van die noodlot ken. Dan bid sy tot daardie goddelike mag wat moontlik bestaan, wat regverdig en waaksaam sorg vir hulle wat nie onder gelyke voorwaardes lief het nie.

520

Dit was nag, en oral op aarde het vermoeide wesens ongestoorde slaap geniet. Die woude en die woeste seë het tot rus gekom, die uur wanneer die sterre halfpad op hul sirkelbaan gly, wanneer iedere weiveld stil is, stil die diere en helderkleurige voëls, sowel dié wat wyd en syd om die deurskynende mere boer as dié wat in ruwe velde vol doringstruie woon – in slaap versonke onder die stille nag. Maar nie die koningin van Carthago met die ongeluk in haar siel nie! Nooit ontspan sy in slaap, of neem sy die nag in haar oë of hart op nie. Haar kwellinge verdubbel; weer eens ontwaak die liefde met wilde aanstuwings en dobber rond op die magtige gety van haar woede. So, presies so, bly sy met haar gedagtes besig, so wik en weeg sy in haar eie hart:

530

“Kyk, wat is ek besig om te doen? Moet ek as 'n ander moontlikheid my kanse by my vroeëre vryers beproef – ek 'n

¹⁵ Siprestakkies.

voorwerp van hul bespotting – en nederig ’n huwelik met een van
 die Numidiërs nastreef hoewel ek hulle al so dikwels as eggenote
 versmaai het? Moet ek dan die Trojaanse vloot agternaseil en my
 skik na Trojane se bevele, hoe erg ook al? Moet ek dit doen omdat
 hulle bly is dat hulle voorheen deur my hulp versterk is en omdat
 dankbaarheid oor ’n weldaad van vroeër stewig vasstaan in harte
 wat nie vergeet nie? Wie egter – gestel ek wil dit doen – sal my **540**
 duld, of op sy trotse skepe ontvang, my vir wie hulle haat? Helaas,
 rampsalige, ken jy nie, en verstaan jy nog nie die troueloosheid van
 Laomedon se ras¹⁶ nie? Wat dan? Alleen en op vlug uitbundige
 matrose geselskap gaan hou? Of sal ek by hulle gaan aansluit, dig
 omring deur Carthagers en die hele mag van my volk, en my
 mense wat ek nouliks van die stad Sidon kon wegskeur weer eens
 see toe dryf en hulle beveel om hulle seile opnuut voor die winde
 te span? Nee, sterf soos jy verdien het, en verdryf jou smart met die
 swaard. Jy wat deur my trane oorrompel is, jy, my suster, het my
 eerste in my waansinnige liefde met hierdie ongeluk belaa, my
 eerste aan die vyand prysgegee. Jy wou my nie as weduwee laat
 leef, onskuldig soos ’n dier van die veld, sonder om liefdespyn soos **550**
 dié te smaak nie. Die trou aan die asse van Sychaeus gesweer, het
 ek nie bewaar nie.” Sulke ontsettende klaagtone het sy keer op
 keer uit haar hart laat voortbars.

AENEAS VERTREK VAN CARTHAGO

Nadat alles nou behoorlik in gereedheid gebring is, het Aeneas,
 reeds oorgehaal om te vertrek, rustig op die hoë agterstewe van sy
 skip gelê en slaap. Aan hom verskyn daar in ’n droom die beeltenis
 van ’n god wat ’n tweede keer in dieselfde voorkoms opdaag, en
 wat hom, na dit skyn, weer soos volg vermaan – in alle opsigte, na
 stem en gelaatskleur, na die blonde hare en jeugdige skoonheid
 van liggaam die sprekende gelykenis van Mercurius: “Seun van ’n
 godin, kan jy op ’n kritieke tydstip soos hierdie nog so rustig bly **560**
 slaap? En sien jy nie die gevare wat jou van nou af aan omring nie,

¹⁶ Die Trojane. Vgl. nota by Bk. 5, 811.

dwaas, en hoor jy nie die gunstige Westewinde wat daar waai nie? Sy oorweeg bedrog en gruwelike misdaad in haar hart, noudat sy vasbeslote is om te sterf, en sy wek 'n wisselende vloed van woede in haar op. Vlug jy dan nie haastig hiervandaan terwyl daar nog geleentheid is om haastig te vlug nie? Spoedig sal jy sien hoe die see in verwarde beroering gebring word deur skepe, en hoe wrede fakkels opvlam; spoedig hoe die kus van vlamme gloei as die Daeraad jou betrap terwyl jy in hierdie lande talm. Welaan dan! Laat vaar alle oponthoud. 'n Wispelturige en veranderlike wese is die vrou altyd." So het hy gepraat en in die donker nag versmelt.

570

Toe, voorwaar, verskrik deur die skielike verskyning van die skim, ruk Aeneas sy liggaam uit die slaap en hy jaag sy makkers holderstebolder op: "Wakker word, manne, en neem plaas op die roeibanke. Maak los die seile, gou! 'n God uit die hoë hemel neergestuurd, kyk, spoor ons weer eens aan om haastig te vlug en die gedraaide ankertoue af te kap. Ons volg u, heilige onder die gode, wie u ook al is, en weer eens gehoorsaam ons u opdrag jubelend. O wees ons naby, skenk ons genadiglik u hulp, en bring vir ons gunstige sterre aan die hemel." Dit het hy gesê, pluk sy flitsende swaard uit die skede en kap die kabel met die getrokke lem. Dieselfde geesdrif pak almal tegelyk, en hulle gryp en storm voort. Verlate laat hulle die kus agter, die see word verberg onder skepe; beurend woel hulle die skuimende water om en skeer oor die diepblou golwe heen.

580

En nou het die vroeë Daeraad die saffraankleurige bed van Tithonus verlaat en was besig om nuwe lig oor die aarde te sprinkel. Toe die koningin vanuit haar wagtoring die eerste môrelik sien gloor, en die vloot bemerk wat met seile in 'n reguit linie voortbeweeg, en besef dat die kus verlate, die hawe leeg en sonder roeiers is, slaan sy driemaal, viermaal met haar hand op haar lieflike bors, pluk haar goue hare uit en skree: "My God! sal hy gaan, hierdie man, en sal dit wees dat hy, uitlander wat hy is, ons koninklike mag bespot het? Sal niemand dan wapens te voorskyn bring en hom vanuit die ganse stad agternasit nie? Niemand anders die skepe haastig uit die dokke sleep nie? Gaan, bring vuur, gou, gee vir my wapens, plons die roeispane kragtig in! Wat praat ek? Of waar is ek? Watter waansin is dit dié wat my van

590

plan laat verander? Arme Dido, tref jou goddelose daad jou nou? Toé moes dit jou getref het, toe jy hom jou septer aangebied het. Siedaar die belofte en trou van die man wat hulle beweer die Huisgode van sy vaderland met hom meevoer, wat sy vader, afgetakel van ouderdom, op sy skouers gedra het!

Was ek dan nie by magte om hom te gryp en sy liggaam uitmekaar te skeur en op die golwe te strooi nie? Nie om sy makkers met die swaard te verdelf, ja, vir Ascanius self, en hom as feestelike dis aan sy vader op tafel voor te sit nie? Weliswaar, die uitslag van die geveg was twyfelagtig. Veronderstel dit was: wie het ek te vrees gehad, ek wat op die punt staan om te sterwe? Ek moes vuurfakkels op sy kamp geslinger het, sy skeepsdekke in vlamme gehul, seun en vader tesame met die hele ras uitgewis, en my uit eie wil daar bo-op gewerp het. O Son, u wat alles wat op die aarde gedoen word met u vure verlig; en u, Juno, bewerkster en getuie van hierdie liefdespyl; u Hecate, wie se naam snags op die kruispaaie oral deur die stede uitgegil word; u, wraaksugtige Helbewoners; en u, gode van die sterwende Elissa – luister na hierdie woorde, verleen u goddelike aandag aan my ellende wat u goddelike aandag verdien, en hoor my gebed. As dit dan moet dat daardie afskuwelike wese sy hawe bereik en land toe dryf, en as Jupiter se beskikkinge dit eis, dan is dit 'n onverskuifbare grenssteen. Maar laat hom om hulp smee, geteister deur oorlog en die wapens van 'n dapper volk, verdryf uit sy gebied, weggeskeur van Julius se omhelsing; en laat hom die smadelike vermoordding van sy mense aanskou. En wanneer hy oorgegee het onder die voorwaardes van 'n onregverdige vrede, laat hom nie sy heerskappy of die diepbegeerde lewenslig geniet nie, maar laat hom voor sy tyd sneuvel en onbegraaf in die middel van die strydperk lê. Dit is my gebed, dit is my laaste woorde wat ek saam met my bloed laat uitstroom. En dan, Carthagers, moet julle al sy afstammelingen, sy hele toekomstige geslag met haat teister en aan my asse hierdie laaste eer betoon. Laat daar geen liefde of verdrae tussen sy volk en myne wees nie. Verry's uit my beendere, jy, iemand wat my sal wreek deur die Trojaanse setlaars met vuur en swaard te agtervolg, nou, in die toekoms, en enige tyd dat die krag daartoe voor hande sal wees. Kus teen kus in vyandskap, see teen see, swaard teen swaard – dit is die vloek wat ek op hulle afbid:

600

610

620

laat hulle in oorlog verkeer, hulle en hulle kinders se kinders.”

DIDO SE SELFMOORD

Dit het sy gesê, en haar gedagtes heen en weer in alle rigtings laat gaan met die begeerte om so gou as moontlik die haatlike lewenslig uit te doof. Toe spreek sy kortliks vir Barce aan, voedster van Sychaeus, want haar eie voedster het in die swart stof van haar vaderland van weleer gelê: “Anna – liewe voedster, bring haar hier vir my – my suster: sê sy moet gou haar liggaam met rivierwater besprinkel en die diere en soenoffers soos voorgeskryf saam met haar bring. Sô moet sy kom, en jy self moet jou slape met ’n heilige hoofband bedek. Ek is van plan om die offerplegtigheid wat ek behoorlik onderneem en voorberei het, tot eer van Jupiter van die Onderwêreld te volvoer, om ’n einde te maak aan my smarte en die brandstapel van daardie Trojaanse skepsel aan die vuur oor te gee.” 630 640

So het sy gesê. Die voedster het haar skrede gehaas met die bekommerde toegeneentheid van ’n ou vrou. Maar Dido, gejaagd en buite haarself van haar afgryslike onderneming, rol haar bloedbelope oë. Haar wange bewe en slaan vol vlekke uit, en bleek van die naderende dood, storm sy na die binnedeel van die paleis. Besete bestyg sy die hoë brandstapel en trek die swaard uit sy skede, ’n Trojaanse een, ’n geskenk wat nie vir so ’n doel aangevra is nie. Hier talm sy ’n wyle in snikkende herinnering toe sy die Trojaanse klere en die bekende bed sien. Toe val sy op die bed neer en uiter haar laaste woorde: “Dierbare aandenkings, dierbaar solank die noodlot en die god dit toegelaat het, ontvang nou my siel en bevry my van hierdie smarte. Ek het my lewe volbring en die loopbaan voltooi wat die noodlot my geskenk het; en nou sal die magtige skim van wat ek is onder die aarde ingaan. Ek het ’n roemryke stad gebou, ek het my eie stadsmure gesien, ek het my man gewreek en straf uitgemeet aan my broer wat my vyand was. Gelukkig kon ek gewees het, ag, alte gelukkig, as die Trojaanse skepe net nooit ons kuste bereik het nie!” Na hierdie woorde druk sy haar lippe op die bed en sê: “Ek sal ongewreek sterf, maar laat ek nietemin sterf. So, ja so behaag dit my om na die 650 660

duisternis af te daal. Laat die wrede Trojaan van die diepsee af hierdie vuur aanskou, en laat hom die onheilsteken van my sterwe met hom saamdra.”

Dit was haar woorde , maar terwyl sy nog besig was om sulke dinge te sê, sien haar gesellinne hoe sy op die swaard val, sien hulle die swaard vol skuimende bloed, en haar bloedbespatte hande! Hulpgeroep dring deur tot die hooggewelfde sale; Gerug tier uitgelate deur die verslae stad. Die paleis weerklink van geweeklaag en gekreun en die smartkrete van vroue; die lug weergalm van luide gejammer, net soos wanneer die ganse Carthago of oeroue Tirus voor die aanstormende vyand ineenstort en die vlamme woedend aangerol kom oor die dakke van mense, en oor die dakke van die gode.

670

Tot die dood toe ontstel het haar suster dit gehoor. Met haar naels krap sy haar gesig stukkend, met haar vuiste kneus sy haar bors. Vol vrees storm sy in vlieënde vaart deur die skare en roep die sterwende op haar naam aan: “Dit, my suster, was dus die plan? Ek die een wat jy al die tyd doelbewus mislei het? Dit wat daardie brandstapel van jou, dit wat die vure en die altaar vir my voorberei het? Waaroor sal ek eerste kla, nou dat ek alleen agtergelaat is? Het jy jou suster in die uur van jou dood as metgesel versmaai? Jy moes my tot dieselfde lot opgeroep het! Dieselfde steekpyn van die swaard, dieselfde uur moes ons albei saam weggeneem het. Het ek dit boonop met hierdie hande van my gebou, luid ons land se gode aangeroop, net dat ek, wreedaard wat ek is, ver van jou moes wees terwyl jy so lê? Jy het jou eie lewe uitgewis, en myne, my suster; ook dié van die volk en senaat van Carthago, en van jou stad. Help my om haar wonde met water skoon te was, en as daar nog ’n laaste asempie rondhuiwer, om dit met my mond op te vang.”

680

Terwyl sy so praat, het sy reeds die hoë trappe uitgeklim, jammerend haar arms om haar sterwende suster geslaan, haar weer en weer aan haar bors gedruk, en telkens die druppels donker bloed met haar kleed afgedroog. Dido het loodswaar oë na haar probeer ophef, en weer in beswyming versink; in haar bors roggel die toegediende wond. Driemaal het sy haarself opgerig en met inspanning op die elmboog gelig; driemaal het sy teruggerol

690


op die bed. Met dwalende oë het sy die lig in die hoë hemel gesoek en toe sy dit vind, diep gesug.

Toe het almagtige Juno uit ontferming oor haar langdurige pyn en moeisame sterwe, vir Iris uit Olympus neergestuurd om haar worstelende siel te bevry van die ledemate waaraan dit vasgestrengel is. Want aangesien sy nie aan 't sterwe was deur die wil van die noodlot, of deur 'n dood wat sy verdien het nie, maar jammerlik voor haar bestemde dag en aangevuur deur 'n plotselinge waansin, het Prosérpina nog nie die goue lok van haar hoof af geneem en sodoende haar lewe tot die Stygiese Onderwêreld veroordeel nie. Daarom vlieg Iris met dou op haar saffraankleurige vlerke deur die hemel neer terwyl sy teen die son 'n duisend verskillende kleure agter haar aansleep. Bokant Dido se hoof het sy gaan staan en gesê: “Hierdie haarlok, aan Dis¹⁷ gewy, neem ek soos beveel, en van jou liggaam verlos ek jou!” So het sy gesê, en met haar regterhand sny sy 'n haarlok af. Elke greintjie hitte in Dido se liggaam het daarmee vervloei, en haar lewe het in die winde verdwyn.

700

¹⁷ Vergelyk nota by Bk. 6, 127.

DIE VYFDE BOEK
Op Sicilië



... en nou dat die boë kop aan kop was ...

DIE VAART VAN CARTHAGO NA SICILIË

Intussen was Aeneas reeds goed op pad met sy vloot, pylreguit op koers. Hy deurklief die golwe, donker van die Noordewind, terwyl hy omkyk na die stadsmure wat nou aan alle kante verlig word deur die vlamme van arme Dido se brandstapel. Die oorsaak wat so 'n geweldige vuur laat ontvlam het, is vir hulle onbekend, maar die bitter smart wanneer 'n groot liefde onteer word, en die ervaring van wat 'n vrou in haar waansin vermag, lei die Trojane se gedagtes langs weë van sombere voorgevoel.

Toe die skepe die oop see bereik en daar nou geen land meer te sien is nie – net see waar jy kyk en aan alle kante die lug – verskyn daar bo sy hoof 'n grousware reënwolk wat nagduister en storm meebring, en onder sy donker aanslag het die golwe onstuimig geword. Die stuurman self, Palinurus, roep van die hoë agterstewe af: “O wee! waarom tog het sulke swaar wolke die hemel beset? Of wat voer u in die skild, vader Neptunus?” Dit was sy woorde, en hy gee vervolgens bevel dat die manne die takelwerk moet inbind en oor hulle stewige roeispane moet buig. Hy laveer en sê: “Grootmoedige Aeneas, al sou Jupiter my dit met sy volle gesag waarborg, sou ek nie kon hoop om Italië met hierdie weer te bereik nie. Die winde het gedraai, hulle dreun dwarsweg oor ons roete en steek van die donker Weste af op terwyl die lug saampak tot 'n wolkemassa. Ons is nie by magte om ons teen die storm te verzet, of om voldoende koers te hou daarteen nie. Aangesien die Noodlot die oorhand het, laat ons hom volg en ons koers swenk na waarheen hy roep. Ek meen die betroubare kus van u broer Eryx en die hawens van Sicilië is nie ver van hier af nie – as ek maar net reg onthou en my die sterre wat ek tevore dopgehou het korrek herinner.”

Toe antwoord pligsgetroue Aeneas: “Inderdaad merk ek al geruime tyd dat die winde dit so eis en dat jy tevergeefs teen hulle instuur. Verander van koers! Of kan daar dan êrens 'n land vir my meer welkom wees, en waar ek eerder sou begeer om my vermoeide skepe te laat binne loop as die land wat vir my Trojaanse Acestes herberg, en in sy skoot die beendere van my vader Anchises bêre?” Na hierdie woorde vaar hulle op die hawe

10

20

30

af en gunstige Westewinde laat die seile bol. Vinnig word die vloot oor die diepte gevoer, en verheug stuur hulle eindelijk in na die bekende strand.

Maar ver weg, van 'n hoë bergtop af, staan Acestes hom en verwonder oor die aankoms van sy bondgenote se skepe en hy haas hul tegemoet, stekelig met sy werpspiese en die vel van 'n Libiese berin, Acestes, aan wie 'n Trojaanse moeder die lewe geskenk het as seun van die riviergod Crinissus. Gedagtig aan sy voorsate van ouds wens hy hulle geluk met hulle terugkeer, verwelkom hulle bly met landelike weelde, en verkwik die vermoeide Trojane met vriendelike bystand.

40

DIE HERDENKING VAN ANCHISES SE DOOD

Toe die volgende dag by môregloor die sterre met sy helder lig op die vlug gejaag het, ontbied Aeneas sy makkers van oor die hele strand na 'n vergadering en spreek hulle van 'n klein heuweltjie af toe: "Edel nakroos van Dardanus, o ras ontspruit uit die verhewe bloed van gode, met die verloop van die maande word 'n kringloop van een jaar voltooi sedert ons die oorskot en beendere van my goddelike vader in die aarde weggebêre en roualtare gewy het. En nou is die dag daar, as ek my nie vergis nie, wat ek altyd – u, gode, het dit so gewil – as bitter sal beskou, en altyd as 'n dag van eerbetoon. Al sou ek hierdie dag as 'n balling in die Gaetuliese Syrtes¹ beleef, of al sou ek op die see van Argos en in die stad Mykene oorval wees, sou ek nogtans die jaarlikse geloftes en die plegtige optog na behore volbring en die altare met hulle voorgeskrewe offergawes berei.

50

Maar nou is ons bowe verwagting aanwesig by die asse en beendere van my vader self – beslis nie sonder die bedoeling van die gode nie, meen ek, nie sonder hulle bestiering nie – en het ons die land bereik en 'n bevriende hawe binnegevaar. Kom dan, laat

¹ Gevaarlike sandbanke in die Middellandse See aan die noordwestelike kus van Afrika.

ons almal die offerritus met blydschap vier; laat ons vir Anchises gunstige winde vra, en mag dit sy wil wees dat, nadat my stad gestig is, ek hierdie heilige rites elke jaar sal aanbied in tempels tot sý eer gewy. Twee stuks osse gee Trojaans gebore Acestes vir elke skip. Nooi die huisgode na die feesmaal, sowel dié van julle eie vaderland as dié wat deur jul gasheer Acestes aanbid word. Daarbenewens, as die negende Daeraad die vriendelike dag vir sterweling te voorskyn bring en met sy strale die aarde onthul, sal ek vir die Trojane eers 'n wedstryd vir vinnige skepe bepaal. Daarna mag elkeen wat in die vlugheid van sy voete uitblink, of wat stoutmoedig in sy krag meen hy is die beste man met die werpspies en die ligte pyle, of wat die selfvertroue het om die geveg aan te knoop met die bokshandskoen van ongebreide vel – laat hulle almal teenwoordig wees en uitsien na die prys van 'n verdienstelike oorwinning. Bewaar almal 'n gewyde stilte en omkrans julle slape met lower.”

60

70

Nadat hy so gesê het, bind hy om sy slape 'n mirtetakkie, iets wat vir sy moeder heilig is. So maak Helymus, so die bejaarde Acestes, so die seun Ascanius en die res van die weerbare manne volg hulle voorbeeld. Aeneas self, middelpunt van 'n groot skare wat hom begelei, stap saam met baie duisende na die grafheuvel toe. Hier pleng hy op gebruikelike wyse en giet twee bekere suiwer wyn op die grond uit, twee bekere vars melk, twee bekere heilige bloed. Hy strooi donkerrooi blomme en spreek soos volg: “Gegroet, eerbiedwaardige vader, 'n tweede maal. Gegroet, asse vergeefs gered, en u, gees en skim van my vader. Dit was my nie geoorloof om saam met u te soek na die gebied van Italië, die akkers deur die lot aan my toebedeel nie, en ook nie na Ausoniese Tiber nie, wat dit ook al mag wees.”

80

Dit het hy gesê, toe 'n groot gladde slang hom van onder uit die binneste van die grafheuvel voortsleep en sewe kringe, sewe kronkelings vorm terwyl hy hom rustig om die grafheuvel strek en langs die altare verbygly. Donkerblou kolle het sy rug gevlek en vonkelende spikkels het sy skubbe met 'n goue glans laat gloei: soos 'n reënboog teen die sonlig 'n duisend bonte kleure op die wolke werp. Aeneas was stomgeslaan deur die skouspel. Met sy lang lyf het die slang uiteindelik langsaam tussen die offerskale en

90

gepoleerde bekere deur gekronkel, aan die voedsel geproe, die dis halfgeëet verlaat, en weer sonder om skade aan te rig tot onder die grafheuwel ingekruip.

Om hierdie rede hiernieu Aeneas met groter ywer die rites wat hy ter ere van sy vader begin het, onseker of hy die slang as die skutsgees van die plek moet beskou, of as die dienskneg van sy vader. Volgens gebruik slag hy twee tweetand skape, twee varke, en net soveel swartrug stiere. Hy het wyn uit die offerskale gegiet en die gees van magtige Anchises, sy skim wat uit Acheron² vrygelaat was, aangeroep. Ook sy makkers bring geskenke, elkeen na sy vermoë, vol blydschap; hulle belaa die altare en slag stiere. Ander plaas die koperketels op hulle regte plekke, en versprei oor die gras gooi hulle gloeiende kole onder die spitte en braai die vleis.

100

DIE LYKSPELE

Die langverwagte dag was nou daar en die perde van die Son het die negende Daeraad in stralende lig aangebring. Die berig van die spele en die naam van die beroemde Acestes het die buurvolke angevuur. In vrolike groepe het hulle in groot getalle op die strand vergader om die Trojane te sien, party ook gereed om mee te ding. Eers word die pryse voor hulle oë in die middel van die arena uitgestal: heilige driepote, groen kranse en palmtakke – die pryse vir oorwinnaars – wapenrustings, purpergetinte kledingstukke en talente silwer en goud. Van die hoogte in die middel af kondig trompetgeskal die begin van die spele aan.

110

DIE ROEIWEDSTRYD

Vier skepe wat met hulle swaar roeispane goed teen mekaar opweeg en wat uit die vloot as geheel gekies is, knoop die eerste wedstryd aan. Mnestheus, weldra Mnestheus van Italië, van wie die geslag van die Memmii hulle naam gekry het, voer met 'n flink

² Die Onderwêreld.

span roeiers bevel oor die snelle Pristis. Gyas oor die reusagtige Chimaera met sy reuseromp – so groot soos 'n stad. Die Trojaanse bemanning wat hom aandryf, beset drie rye roeibanke, en die spane rys telkens in drievoudige ry op. Sergestus, van wie die huis van die Sergii hulle naam het, vaar op die groot Centaurus, en Cloanthus, uit wie jou geslag stam, Cluentius van Rome, op die donkerblou Scylla.

120

'n End weg die see in, reg voor die skuimende strand, is daar 'n rots wat soms wanneer die stormagtige Noordwesters die hemele verberg, deur die geswolle golwe oorspoel en gebeuk word. Maar in kalm weer is dit stil en rys dit uit die rimpellose water op as 'n gelyk vlakke, 'n allerheerlikste rusplek vir meeu wat in die son sit en bak. Hier het vader Aeneas 'n groen draaipunt, die tak van 'n lowerryke steeneik as baken vir die matrose laat plaas, waaraan hulle kon weet om terug te keer en waar om die draai terug te maak in hulle lang wedvaart.

130

Dan kies hulle hul plekke deur loting, en op die agterstewens skitter die kapteins self van ver af, sierlik in hulle goud en purper. Die ander manskappe is met populierloof omkrans en hulle kaal skouers blink van die olie wat op hulle uitgegiet is. Hulle sit op die roeibanke, die arms na die spane uitgestrek; oorgehaal wag hulle op die afsetteken; polsende vrees en 'n vurige begeerte na roem omklem hul bonsende harte. En toe, toe die helder trompet die teken gee, skiet almal meteens van die wegspringplekke af vorentoe. Die geskree van die matrose slaan teen die eter vas, en met die intrek van hul arms skuim die see soos dit omgewoel word. Sy aan sy klief hulle vore, en die ganse watervlak gaap, uiteengeskeur deur spane en drietand boegsnawels. Wanneer strydwaens in 'n tweespanwedloop by die slagboom uitstroom en voortstorm, vlieg hulle nie met so 'n halsoorkop vaart oor die vlakke nie. So skud die wadrywers nie die golwende leisels oor hul perde onder vrye teuel, terwyl hulle vooroor hang om hulle te raps nie. Ja, toe weergalm die hele woud van die bulderende toejuiging van die manne, en van die byvalskrete van ondersteuners. Die ingeslote strand laat die gedreun voortrol, en die heuwels weergalm die geskree wat teen hul vasslaan.

140

150

Heel eerste neem Gyas die voortou en tussen die wanorde en

lawaai deur skiet hy oor die golwe na die voerpunt. Dan volg Cloanthus onmiddellik na hom – met 'n beter span roeiers maar gestrem deur die gewig van sy logge vaartuig. Op gelyke afstand agter hulle spook die Pristis en Centaurus om die een voor die ander te kom. Nou is die Pristis voor, dan wen die ontsaglike Centaurus en gaan hom verby, en dan beweeg beide weer soos een, boeg aan boeg, en met hul lang kiele ploeg hulle deur die soutwater.

Reeds was hulle besig om die rots te nader en die draaipunt te bereik toe Gyas, voorloper en wenner halfpad deur die vaart, vir Menoetes, die stuurman van sy skip luidrugtig aanspreek: “Haai! waar gaan jy heen, so ver weg na regs? Rig jou koers hierheen! Hou so na as moontlik aan die kus en laat die spane links teen die rotse skuur; ander kan maar in die diepwater langs hou!” So het hy gesê, maar uit vrees vir verskuilde rotse swaai Menoetes die boeg weg na die oopsee. “Waar gaan jy uit die koers heen? Stuur na die rotse toe, Menoetes!”, het Gyas hom weer luidkeels teruggeroep – en kyk! daar gewaar hy vir Cloanthus agter hom, kort op sy hakke en op 'n baan nader aan die rotse. Tussen Gyas se skip en die dawerende rotse stuur hy sy koers rakelings links aan die binnekant deur en terstond steek hy die voorloper verby, laat die draaipunt agter en bereik die veilige waters. 160

Toe, voorwaar, het 'n ontsaglike verontwaardiging in die jongman se hart ontbrand, en oor sy wange het die tranes gestroom. Sonder 'n gedagte aan sy eie waardigheid of die veiligheid van sy makkers stamp hy Menoetes weens sy gebrek aan ondernemingsgees halsoorkop van die hoë agterstewe af die see in. Hy self neem as stuurman plek in voor die roer, en, self loods, bemoedig hy sy manne en swaai die roerpen strandwaarts. Toe Menoetes uiteindelik, maar beswaarlik en sukkel-sukkel van die seebodem af te voorskyn kom, reeds aan die ou kant en druppelend in sy deurweekte klere, kruip hy na die top van die rots en gaan sit op die droë klip. Toe hy val en toe hy uitswem, het die Trojane vir hom gelag, en nou lag hulle vir hom terwyl hy die soutwater uitbraak. 180

In hierdie stadium het 'n blye verwagting in die twee agterstes,

Sergestus en Mnestheus, se hart ontvlam om die dralende Gyas verby te steek. Sergestus neem die voortou en nader die rots, maar hy is darem nie met die volle lengte van sy kiel voor nie. Slegs met 'n deel daarvan is hy voor want die jaloerse Pristis bedek 'n gedeelte met sy boeg. Maar in die middel van sy skip stap Mnestheus tussen sy makkers rond en moedig hulle aan: "Nou, ja nou moet julle opstaan om die spane in te plons, makkers van Hector, julle wat ek in Troje se laaste uur as metgeselle gekies het. Toon nou daardie krag, nou die moed wat julle aan die dag gelê het in die Gaetuliese Syrtes, op die Ioniese see, en te midde van die agtervolgende golwe van Malea. Ek, Mnestheus, streef nie langer na die eerste plek nie, en ek stry nie om te wen nie, hoewel, ag! – maar laat hulle wen, Neptunus, aan wie u dit toegesê het. Tog, om laaste te kom sou ons met skaamte vervul. Behaal tog hierdie oorwinning, landgenote, en verhoed die skande!" Met die uiterste kraginspanning buig die roeiers vooroor; die brons agterstewe tril van hul geweldige roeislae en die wateroppervlak gly onder hulle deur; die vinnige asemhaling skok hul ledemate en droë kele, en orals loop die sweet hulle in strome af.

190

200

Blote toeval het vir die manne die felbegeerde eer gebring. Want terwyl Sergestus in die binnebaan sy boeg met waansinnige geesdrif op die rotse aandryf en die gevaarsone nader, het hy, arme man, op die vooruitspringende rotse gestrand. Die riwwe is met 'n skok getref. Toe hulle teen die skerp kante bots, het die spane gekraak, en die verbryselde boeg het in die lug gehang. Die matrose spring op, bring die skip onder luide geskree tot bedaring, haal ysterbeslane stange en skerppuntige stootpale uit en pik hulle gebreekte roeispane uit die golwe op.

Maar Mnestheus was bly. Nog meer besiel deur sy wesenlike sukses pyl hy met vinnige, ritmiese roeislag en die hulp van die winde wat hy aangeriep het op die strand af, en snel oor die veilige water heen. Soos 'n duif wat skielik opgejaag word in die grot waar haar nes en lieflike kleintjies in die skeure van die lawarots weggesteek is, en in haar vlug na die saailande gevoer word; verskrik uit haar woning klapper sy luid met die vlerke, maar weldra sweef sy onder die klare hemel deur die lug sonder om haar vinnige vlerke te roer: so ook Mnestheus, so sny die Pristis in sy

210

vaart somer self deur die laaste pylvak, so dra sy blote momentum hom voort in vlieënde vaart. Eers laat hy vir Sergestus agter waar hy in die vlak water op die hoë rots sukkel en vergeefs om hulp roep, terwyl hy leer hoe om met gebreekte roeispans reisies te jaag. Daarna sit hy vir Gyas agterna, ja, die Chimaera self met sy reuseromp; laasgenoemde staan sy plek af want hy is van stuurman ontroof. En nou is net Cloanthus oor, vlak voor die eindpunt. Op hom pyl hy af, beur met volle krag en sit hom op die hakke.

220

Toe, voorwaar, verdubbel die geskree. Almal moedig die agtervolger geesdriftig aan en die hemel weergalm van die stemmegedreun. Die voorlopers beskou dit as 'n skande om nie die roem wat aan hulle behoort en die eer wat hulle reeds verwerf het, te behou nie, en hulle is bereid om hulle lewens in ruil te gee vir lof. Sukses gee aan die ander nuwe krag: hulle kán wen omdat hulle daarvan oortuig is dat hulle kan. En noudat die boeë kop aan kop was, sou Mnestheus se manne miskien die prys gewen het as Cloanthus nie albei sy hande na die see toe uitgestrek, gebede uitgestort en die gode aangeriep het om sy geloftes aan te hoor nie: "O gode, u wat oor die see heers, u, oor wie se waters ek hier voortsnel, vir u sal ek op hierdie kus ter betaling van my gelofte blymoedig 'n skitterwit stier voor u altare plaas, sy ingewande in die sout golwe slinger en helder wyn pleng." Dit het hy gesê, en diep in die skoot van die golwe het die hele skaar van die Nereïdes en van Phorcus hom gehoor, en ook die maagd Panopea. Vader Portunus self het die varende skip met magtige hand voortgestoot; vinniger as die wind of 'n gevleuelde pyl het dit landwaarts gevlug en hom in die diep hawe geberg.

230

240

Toe roep die spruit van Anchises volgens gebruik almal byeen en verklaar deur 'n luide aankondiging van die herout vir Cloanthus tot oorwinnaar. Hy omkrans die wenner se slape met groen lourierloof en gee vir elk van die skepe drie stiere present wat hulle self kon uitkies, asook wyn en 'n groot talent silwer om vir hulle te neem. Vir die kapteins selfs voeg hy uitnemende pryse by: vir die wenner 'n gouddeurstikte mantel met 'n breë omboersel van Meliboeïese purper wat in 'n dubbel, golwende lyn rondom

250

loop. Ingeweef daarop was die koningseun³ waar hy op lowerryke Ida gretig besig was om die vinnige herte met sy werpspies en vaart te vermoei, uitasem as't ware. Die snelvliegende wapendraer van Jupiter⁴ het hom in gekromde kloue van Ida af die lug in geraap en vergeefs strek sy bejaarde wagters hulle handpalms na die sterre uit, vergeefs slaan die woedende geblaf van die honde na die hemel op.

Vervolgens gee hy aan hóm wat deur sy kranigheid die tweede plek behaal het, 'n drie-laag harnas met gepoleerde goue skakels aanmekaar gevleg om vir homself te hou. Self het hy dit as oorwinnaar van Demoleos afgepluk langs die snelvlietende Simoïs aan die voet van rysige Troje – 'n sieraad vir die held en 'n beskutting in oorlog. Sy dienaars, Phegeus en Sagaris, het die diggemaasde harnas met moeite op hul beurende skouers weggedra. Maar in die dae van weleer het Demoleos dit altyd aan gehad as hy op volle vaart die afgedwaalde Trojane agterna gesit het. Hy maak die derde prys twee brons ketels, benewens drinkbekers uit silwer vervaardig en skurf van figuurtjies in reliëf.

260

En nou het almal hulle geskenke ontvang. Trots op hul rykdom was hulle aan die wegstap, die slape met rooi linte omwikkel, toe Sergestus wat homself met veel stuurmanskuns moeitevol van die wrede rots af losgepluk het, sy skip begin nader bring, die roeispane verloor, een kant mank, eerloos en bespot. Soos 'n slang meermale op die opgeboude pad betrap word wanneer 'n brons wiel oor hom geloop het terwyl hy van die dwarste af aangeseil kom; of 'n wandelaar hom halfdood agtergelaat het, vermink van 'n geweldige hou met 'n klip; in 'n poging om weg te kom, wring hy sy liggaam vergeefs in groot kronkels; 'n deel van sy lyf is uitdagend, die oë skiet vuur, die sissende kop hoog opgetel; maar 'n deel is verlam deur die wond en hou hom teë terwyl hy homself in knope vleg en in sy eie lyf inkrul: met so 'n verlamde roeistel het die skip stadig begin beweeg. Hy hys nietemin seil en nader die

270

280

³ Ganymedes.

⁴ Die arend.

hawe met bollende seile. Aeneas gee aan Sergestus die beloofde pryse, bly dat die skip gered en die bemanning teruggebring is. Aan hom word 'n slavin gegee, nie onbedrewe in die take van Minerva nie, 'n Kretenser van afkoms, Pholoe, met tweeling seuntjies aan haar bors.

DIE WEDLOOP

Toe hierdie wedstryd afgehandel is, stap pligsgetroue Aeneas na 'n grasbegroeide vlakte wat aan alle kante deur golwende, bosryke heuwels ingesluit word. In die hart van die vallei was daar 'n sirkelvormige teater. Hierheen het die held saam met baie duisende gestap, hy self in die middel van die toeloop, en op 'n platform sy sitplek ingeneem. Hier nooi hy met belonings almal wat dalk graag sou wou meeding in 'n wedloop, en hy stal die pryse uit.

290

Van alle kante kom Trojane met Siciliane saam, byeen, Nisus en Eurýalus heel voor: Eurýalus opvallend deur sy skoonheid en ongerepte jeug, Nisus, deur sy suiwer liefde vir die seun. Na hulle volg die koningseun Diores, spruit uit die voortreflike geslag van Priamus. Dan kom Salius, en saam met hom Patron, die een 'n Acarnaniër en die ander uit Arcadiese bloed, 'n afstammeling van die Tegeïese familie. Dan volg twee Siciliaanse jongelinge, Helymus en Panopes, kêrels wat gewoon is aan die bosse, en geselle van die bejaarde Acestes – en baie ander nog wie se onbekende roem ook hulle name verborge hou.

300

Toe sê Aeneas dit in hul midde: “Neem hierdie woorde ter harte en skenk my blymoedig julle aandag. Geeneen van hierdie groep sal sonder 'n beloning van my hier weggaan nie. Aan elkeen sal ek twee Kretensiese spere gee om weg te neem, glimmend van gepoleerde yster, en 'n tweesnydende byl met silwer ingelê; almal sal hierdie selfde eregawe ontvang. Die eerste drie sal boonop pryse ontvang en hulle hoofde sal met geelgroen olyfloof omkrans word. Die man wat eerste kom, kry as wenner 'n perd met buitengewoon pragtige borsversierings; die tweede 'n Amasonekoker vol Thraciese pyle, gemonteer in 'n breë draagriem met goue knoppe versier, en met 'n gespe van

310

gepoleerde edelsteen vasgeknip. Laat die derde weltevrede weggaan met hierdie Griekse helm.”

Na hierdie woorde neem hulle hul plekke in, en skielik, toe hulle die afsetteken hoor, laat hulle die wegspringplek agter, snel weg oor die baan en storm soos ’n donderwolk voort. Net⁵ toe hulle die wenpaal binne sig kry, neem Nisus die voortou en skiet vinniger as die winde en die gevleuelde bliksem ver voor almal uit. Die naaste aan hom, maar tog op ’n groot afstand, volg Salius. Agter hom is daar ’n oop spasietjie en dan kom Eurýalus derde. Na Eurýalus kom Helymus; dan, kort agter hom, kyk! vlieg Diore voort; hy leun oor sy skouer en trap reeds amper Helymus se hakke raak. As daar meer van die baan oor was, sou hy hom verbygegaan en voor hom uitgeseil het, of hy sou die uitslag onseker gelaat het. 320

En nou was hulle so te sê op die laaste endjie en het moeg hier kort voor die wenpaal self aangekom, toe Nisus, ongelukkige kêrel, in die glibberige bloed gly wat tydens die slagting van stiere toevallig daar uitgestort is, en die grond en die groen gras daarbokant 330 deurweek het. Toe die jongman, reeds jubelend oor sy oorwinning, op hierdie kol trap, kon hy nie sy wankelende treë beheer nie en slaan vooroor neer in die vuil slyk en heilige bloed. Maar vir Eurýalus het hy nie vergeet nie, nie sy liefde vir die knaap nie, want hy het hom in die gladde modder opgerig en Salius se pad versper: laasgenoemde het halsoorkop getrek en op die vaste sand bly lê. Eurýalus skiet vorentoe. Deur die guns van sy vriend neem hy as wenner die eerste plek in en vlieg voort onder applous en byvalskrete. Na hom kom Helymus, en Diore, nou die derde prys.

In hierdie stadium laat Salius ’n luide protes weergalm oor die 340 ganse menigte in die ontsaglike stadion, en oor die vaders wat in die voorste rye sit en toekyk. Hy eis dat die prys wat hom met

⁵ Vers 317 is ’n ander bekende *crux* van die *Aeneïd*s. Vir ’n volledige bespreking van die probleem, kyk R.D. Williams: *P. Vergili Maronis Aeneidos Liber quintus*, ad loc.

bedrog ontnem is, aan hom teruggegee moet word. Die simpatie van die toeskouers, sy betaamlike trane en sy manlikheid wat nog welgevalliger na vore tree in 'n skone liggaam, beskerm vir Eurýalus. Ook Diores steun hom en protesteer luidkeels, hy wat nou vir 'n prys in aanmerking gekom het maar nie die laaste prys sou haal as die eerste aan Salius toegeken word nie.

Toe sê vader Aeneas: “Julle belonings, my seuns, bly vir julle verseker, en niemand verander die rangorde van die pryse nie. Vergun my egter om medelye te hê met die ongeluk van ons onskuldige vriend.” Nadat hy so gesê het, gee hy aan Salius 'n yslike vel van 'n Gaetuliese leeu, swaar van die maanhare en vergulde kloue. Hierop sê Nisus: “As daar sulke groot pryse vir die verloorders is, en as u jammer voel vir mense wat val, watter gepaste belonings gaan u dan aan Nisus gee? Met my kranigheid het ek immers die eerste prys verdien, as die vyandige lot wat ook vir Salius getref het, my nie getref het nie!” En onderwyl hy hierdie woorde sê, het hy herhaaldelik sy gesig en ledemate, besmeer van die nat slyk, laat sien. Die allerbeste vader het na hom geglimlag en beveel dat 'n skild uitgebring word, 'n kunswerk van Didymaon, een wat deur die Grieke van die heilige deurpos van Neptunus afgeruk is. Met hierdie voortreflike geskenk beloon hy die uitmuntende jongman. 350 360

DIE VUISGEVEG

Toe die wedloop afgehandel was en hy die prys uitgedeel het, sê Aeneas hierna: “En nou, as iemand moed en onverskrokke dapperheid in sy hart het, laat hy hier kom, en laat hy sy hande omwikk⁶ en sy arms lig.” So sê hy, en stel twee pryse vir die vuigseveg voor: aan die wenner 'n stier, getooi met goud en linte; 'n swaard en 'n merkwaardige helm as troosprys vir die verloorder.

⁶ Destyds het Romeinse bokkers stroke of rieme van ongebreide beesvel waarin lood en/of yster vasgewerk was, om hulle hande gewikkel om doeltrefferder houe te kan plant.

Hulle wag nie langer nie, en dadelik stoot Dares in sy ontsaglike krag sy ken uit en staan onder luide gemompel van die manne op, Dares, die enigste bokser wat gewoonlik teen Paris geveg het. By die grafheuvel waar die magtige Hector rus, was dit hý wat die immer seëvierende Butes, 'n man van reusagtige liggaamsgrootte, en wat met sy koms na die spele gespog het met sy afstamming van die Bebryciese ras van Amycus, neergevel en sterwend op die geel sand uitgestrek het. So 'n man was Dares wat nou sy kop hoog optel vir die begin van die geveg, sy breë skouers vertoon, sy arms vorentoe strek en hulle beurtelings vinnig uitskiet en die lug met houe peper. Vir hom word daar 'n teenstander gesoek, maar niemand uit so 'n groot skare waag dit om na die man toe te kom en die boksrieme om sy eie hande te wikkell nie. Opgewek, en onder die indruk dat almal afsien van die prys, het hy voor Aeneas se voete gaan staan. Sonder om verder te talm vat hy met sy linkerhand aan die bul se horing en sê soos volg: “Seun van 'n godin, as niemand homself in die stryd durf waag nie, hoe lank moet en nog hier staan? Hoe lank moet ek opgehou word? Sê dat ek die prys kan wegneem.” Al die Trojane het terselfdertyd hulle goedkeuring gemompel en gesê dat die beloofde prys aan die man gegee moet word.

In hierdie stadium berispe Acestes vir Entellus met ernstige woorde, daar waar hy langs hom op 'n groen sitplek van gras gesit het: “Entellus, vroeër die dapperste onder die helde – alles vergeefs! – gaan jy so goedsniks toelaat dat sulke groot geskenke sonder stryd weggedra word? Waar, sê vir ons, is die goddelike Eryx nou, vir wie jy sommerk pure verniet jou leermeester genoem het? Waar jou roem wat deur die hele Sicilië bekend was, en daardie buit wat in jou huis hang?” Hierop antwoord Entellus: “My liefde vir lof en my begeerte na roem het nie gewyk omdat dit deur vrees verdryf is nie; maar my bloed is inderdaad koud en dit vloei traag. Die ouderdom maak my stram, en my liggaamskragte is verswak en futloos. As ek dit besit het wat ek vroeër gehad het, dit waarop daardie windmaker so vol selfvertroue prat gaan, as ek nou daardie jeug besit het, sou ek na vore gekom het, maar voorwaar nie deur die prys van 'n pragtige jong stier aangelok nie – en geskenke kan my niks skeel nie.” So het hy gesê en vervolgens 'n paar geweldig swaie boksrieme in die midde gegooi,

'n paar waarmee die vurige Eryx gewoonlik sy vuiste vir die geveg gelig, en met die harde leer waarvan hy sy arms omwikkel het.

Hulle harte het verstom gestaan: so enorm was die sewe yslike beesvelle, stokstyf van die ingerygde lood en yster. Nog meer as almal staan Dares self verbyster. Hy deins 'n end terug en wys die geveg van die hand terwyl die groothartige seun van Anchises⁷ die gewig van die rieme op sy hande weeg en om en om draai. Toe spreek die veteraan soos volg uit sy hart: “Hoe sou dit gewees het as iemand van julle die boksrieme van Hercules self gesien het, en die aaklige geveg op hierdie einste strand? Hierdie rieme, Aeneas, het u broer Eryx voorheen gedra – u sien nou nog hoe hulle met bloed bevlek en met harsings bespat is. Met hulle het hy teen die groot Hercules stelling ingeneem, met hulle was ek gewoond om te veg toe warmer bloed my die krag gegee, en jaloerse ouderdom nog nie beide my slape met grys hare bedek het nie. Maar as Trojaanse Dares hierdie rieme van my van die hand wys, en as dit pligsgetroue Aeneas se beslissing is en Acestes wat my tot die geveg oorgehaal het dit goedkeur, laat ons dan die stryd gelyk maak. Van Eryx se rieme, daarso!, sien ek af – laat vaar jou vrees – en stroop jy die Trojaanse rieme van jou vuiste af.”

410

420

Met hierdie woorde het hy die dubbele mantel van sy skouers afgegooi, die groot gewrigte van sy ledemate, sy growwe gebeente en bo-arms ontbloom, en soos 'n reus in die middel van die arena gaan staan. Toe het die seun van Anchises rieme met gelyke gewig te voorskyn gehaal en albei se hande met gelyke wapens omwikkel. Dadelik het elkeen gaan regstaan, op die tone gelig, en onverskrokke sy arms hoog opgelig. Met hulle koppe steil agteroor weggetrek, ver buite bereik van die houe, skerm hulle hand teen hand en lok die geveg uit, die een vinniger met sy voetwerk en vol vertrouwe op sy jeug, die ander kragtig in sy massiewe ledemate; maar sy trae knieë swik en bewe, en sy swaar asemhaling skok sy reusegestel.

430

⁷ Aeneas.

Menige moordende hou mik die manne vrugteloos na mekaar, maar vele laat hulle op die hol sye reën, en die borskaste dreun luid. Vinnig na mekaar speel die vuiste om ore en slape en die kinnebakke klap onder die harde treffers wat seer maak. Swaar staan Entellus in dieselfde stand sonder om hom te verroer en hy ontwyk die houe slegs met sy liggaam en waaksame oë. Die ander een soek nou hierdie, dan weer daardie opening, soos iemand wat 'n rysige stad met massiewe mure aanval, of rondom 'n gewapende fort in die berge laer getrek het. Listig dwaal hy by elke plek rond en poog vergeefs om dit met verskillende aanvalle in die nou te bring.

440

Entellus lig sy regterarm op en stoot dit hoog uit terwyl hy op sy tone gaan staan. Vinnig voorsien sy opponent die hou wat van bo af kom, tree terug en ontwyk dit met sy lenige liggaam. Entellus het sy krag op wind verspil en sonder dat hy getref is, val die swaar man vanself met sy ontsaglike gewig loodswaar op die grond neer: soos 'n uitgeholde denneboom soms op die Erymanthusberg of magtige Ida neerstort, wortel en al uitgepluk. In hulle geesdrif spring die Trojane en die jeug van Sicilië tegelyk op; 'n geskree styg op na die hemel.

450

Heel eerste hardloop Acestes nader en medelydend help hy sy vriend, van gelyke ouderdom as hy, van die grond af op. Maar geensins belemmer of verskrik deur die val nie, keer die held met groter gretigheid na die geveg terug en wakker sy geweld met woede aan. Ook skaamte en die besef van sy manlike krag vuur sy kragte aan, en in brandende woede jaag hy vir Dares ylins oor die hele arena terwyl hy die houe laat reën, nou met die regter-, en dan, kyk! met die linkerhand. Geen respyt is daar en ook geen ruskans nie: dig soos haelvlae wat uit stormwolke op die dakke ratel, reën die houe waarmee die held vir Dares onophoudelik met albei hande ransel en laat tol.

460

Toe het vader Aeneas dit nie langer geduld dat Entellus se woede verder voortgaan en dat hy met bitterheid in sy gemoed voorttiet nie, maar hy het die geveg beëindig, die uitgeputte Dares gered, en hom met hierdie woorde van vertroosting aangespreek: “Onge-lukkige man, watter groot waansin het jou besiel? Sien jy nie dat

hierdie 'n ander soort krag is nie? Dat die goddelike magte teen jou gedraai het nie? Gee dit gewonne aan die god." Hy het gespreek en met sy woord die geveg beëindig.

Maar sy vertroude makkers bring vir Dares na die skepe toe; hy sleep sy swikkende knieë voort, rol sy kop heen en weer en spuug bloedklonte en tande met bloed gemeng uit sy mond. Toe hulle geroep word, neem hulle die helm en die swaard in ontvangs en laat die palmtak en die stier vir Entellus. 470

Opgetoë en trots op die stier, sê die oorwinnaar: "Seun van 'n godin, en julle, Trojane, besef nou watter krag daar in my liggaam geskuil het toe ek jonk was, en ook van welke dood julle vir Dares vrywaar en red." Hy het gespreek, teenoor die kop van die stier direk voor hom stelling ingeneem – die een wat as prys van die geveg daarneffens gestaan het – sy regtervuus teruggetrek, en terwyl hy hom tot sy volle lengte opstrek, het hy die harde boksrieme mooi tussen die horings gebalanseer en dit in die kopbeen ingemoker dat die harsings spat. Leweloos en sidderend val die bees uitgestrek op die grond neer. Bokant hom stort Entellus hier hierdie woorde uit sy hart: "Hierdie meer aanneemlike lewe betaal ek u, Eryx, in ruil vir Dares se dood. As oorwinnaar lê ek hier my rieme en die bokskuns neer." 480

DIE BOOGSKUTTERWEDSTRYD

Direk daarna nooi Aeneas almal wat dalk met die vinnige pyle wou meeding en hy verklaar die pryse. Met sy magtige hand rig hy 'n mas op wat van Serestus se skip af kom en hy laat 'n fladderende duif aan 'n tou vasgebind van die hoë mas af hang om hulle pyle na te mik. Die manne het byeengekom en die brons helm het die lootjies wat hulle daarin gegooi het, ontvang. Heel eerste, voor almal, kom die lootjie van Hippocoön, seun van Hyrtacus, onder luide byvalskrete te voorskyn. Na hom volg Mnesteus, so pas nog 'n pryswenner in die bootwedren, Mnesteus, nog omkrans met die groen olyftwyg. Derde kom Eurytion, jou broer, befaamde Pandarus, jy wat destyds beveel is om die verdrag te skend en eerste jou pyl na die midde van die Grieke afgeskiet het. Heel laaste, onder op die boom van die helm, het die lootjie van Acestes 490

bly lê, hy wat nog die durf gehad het om sy hand te waag aan 'n taak van die jeug.

Toe span die manne hul gekromde boë met ferme krag, elkeen na die beste van sy vermoë, en hulle trek die pyl uit die kokers. Eerste vlieg die jeugdige seun van Hyrtacus se pyl van die singende boogenaar af deur die hemel en deurklief die gevleuelde bries. Dit land by die teiken aan en slaan vas in die hout van die mas in sy pad. Die mas het getril, die voël het verskrik geklapwiek, en alles het weergalm van dawerende applous. **500**

Hierna het die dapper Mnestheus kom regstaan, die boogenaar teruggetrek, al mikkend in die hoogte terwyl hy tegelyk met oog en pyl korrel. Maar, ongelukkige man, die voël self kon hy nie met die yster tref nie; die knope en die vlas tou waarmee dit aan die poot vasgebind was en waaraan dit van die hoë mas af gehang het, dié skiet hy af. Fladderend vlug dit na die Suidewinde en die donker wolke weg. **510**

Toe, blitsvinnig, het Eurytion wat geruime tyd al sy boog met die pyl teruggetrek gereed gehou het, sy broer in gebed aangeriep. Hy lê aan na die duif wat nou bly in die vryheid van die lug sy vlerke klap, en onder 'n donker wolk deurboor hy hom. Leweloos het hy neergestort, sy lewe tussen die hemelse sterre agtergelaat, en in sy val die pyl wat in hom vassteek, teruggebring.

Nog net Acestes was oor noudat die prys verloor was, maar hy skiet nietemin sy pyl die hoë lug in op om as veteraan sy vaardigheid en singende boog ten toon te stel. In hierdie stadium verskyn daar skielik 'n wonderteken voor hulle oë, een wat bestem was om 'n gewigtige voorspelling te wees. Die geweldige afloop daarvan in later jare toe vreesinboesemende sieners van die laat vervulde voortekens gesing het, het dit bewys. Want in sy vlug deur die yl wolke het die rietpyl aan die brand geslaan, sy spoor met vlamme afgeteken, en toe dit uitgebrand was, in die dun lug verdwyn: soos verskietende sterre dikwels van die hemel losraak en deur die lug snel terwyl dit 'n stert agternasleep. **520**

Met oorblufte harte het die manne van Sicilië en Troje vasgenaël **530**

gestaan en tot die gode gebid. Magtige Aeneas het die voorteken nie verwerp nie, maar hy omhels die sielsgelukkige Acestes, belaaï hom met groot geskenke en sê: “Neem dit, vader, want die groot vors van Olympus het met hierdie tekens gewil dat u buitengewone eerbewyse ontvang. Hierdie geskenk wat aan bejaarde Anchises self behoort het, sal u besit: ’n mengvat met figuurtjies in reliëf daarop, een wat Cisseus van Thracië vroeër aan my vader Anchises gegee het as ’n groot geskenk, as ’n aandenking aan homself en as pand van sy hoogagting.” Nadat hy so gesê het, omkrans hy Acestes se slape met ’n groen louriertwyg en verklaar hom die wenner, eerste, voor almal. Die goeie Eurytion het hom ook nie die eer wat bo syne gestel is, misgun nie, hoewel hy die enigste was wat die voël uit die hoë hemel neergehaal het. Tweede ten aansien van die pryse, kom hý wat die tou afgeskiet het, en laaste, hý wat die mas met sy gevleuelde riet getref het.

540

DIE RUITERYVERTONING

Maar voordat die wedstryd nog verby is, ontbied vader Aeneas vir Epytides, die beskermmer en makker van die jong Julius, na hom toe en sê dit in sy vertroude oor: “Gaan gou en sê vir Ascanius, as hy die seuns by hom al in formasie gereed hou en sy ruiteryvertoning klaar opgestel het, om die eskadronne ter ere van sy grootvader voort te lei en homself in volle wapendos te vertoon.” Self gee hy opdrag aan al die mense wat toegestroom het, om pad te gee uit die lang arena, en dat die renperk oop moet bly.

550

Die seuns kom aangery, en onder die oë van hul ouers skitter hulle in gelid op hul gebreidelde perde. Die ganse jeug van Sicilië en Troje laat weergalm hul bewondering vir die knape in aantog. Almal se hare is volgens gebruik met ’n gelykgeknippte krans gekroon; elkeen dra twee kornoeliehout spiese met yster aangepunt, en ’n gedeelte het gepoleerde kokers om die skouer. Hoog teen die bors loop daar ’n buigsame snoer van ineengedraaide goud om die hals.

Daar is drie eskadronne ruiters, en drie aanvoerders vleg hulle pad heen en weer. Twee rye van ses knape elk volg elkeen van hulle, en met hul instrukteurs in ooreenstemmende posisie skitter hulle

560

in gebroke formasie. Een pralende afdeling jeugdiges word geleideur klein Priamus wat die naam van sy grootvader dra, jou beroemde nasaat, Polites, bestem om die Italiërs te vermeerder. Hy ry op 'n perd uit Thracië, 'n bonte met wit kolle, al pronkend met wit pote en 'n wit bles hoog in die lug. Die tweede is Atys, aan wie die Latynse Atii hulle afkoms ontleen het, klein Atys, 'n seun vir wie die seun Julius 'n hoë agting het. Laaste het die pragtige Julius, mooier as al die ander, op 'n Sidoniese perd gery, een wat skitterskone Dido geskenk het as 'n gedagtenis aan haarself en as pand van haar liefde. Die res van die seuns ry op Siciliese perde van die bejaarde Acestes.

570

Die Trojane begroet die senuagtige knape met applous; hulle beskou hulle met vreugde en herken die gelaatstrekke van hul voorvaders van ouds. Nadat hulle opgetoë voor die hele skare en die kykende verwante in die rondte gery het, was hulle gereed. Van ver af het Epytides met 'n kreet die teken gegee, en met sy sweep geklap. In ewe groot groepe het hulle in teenoorgestelde rigting van mekaar af weggery, deurdat die drie eskadronne hul kolonneformasie verbreek en die rye weg van mekaar beweeg het. Hulle word teruggeroep, maak 'n regsomkeer en kom met dreigende wapens op mekaar afgery.

580

Dan word hulle teenoor mekaar opgestel in die renperk en begin met ander maneuvres en teenmaneuvres. Hulle verstrik afwisselende sirkelpatrone in sirkelpatrone, en sit 'n skyngeveg onder volle wapen aan die gang. Nou stel hulle hul rugge bloot op vlug, dan swaai hulle weer hul spiese om op die aanval, en nadat hulle vrede gesluit het, ry hulle sy aan sy verder. Dit was soos die Labirint in rysige Kreta lank gelede, wat volgens vertelling 'n pad gehad het wat tussen blinde mure deur vleg, 'n verbysterende raaisel van 'n duisend weë waar 'n onontwarbare en onnaspeurbare doolhoof die merke van die spoor terug sou vernietig: so maak die seuns van die Trojane op galop hulle spore onuitkenbaar, en net soos dolfyne wat deur die vogtige see swem en die dieptes om Carpathus en Libië deurklief, weef hulle al spelend vlug en geveg ineen.

590

Toe Ascanius die stad Alba Longa met mure omring het, was hy

die eerste vors wat hierdie soort ruiteryvertoning en hierdie skyngewege weer laat herleef het. Hy het die Latyners van die goeie ou tyd geleer om dit te vier soos hy dit self as seun gedoen het, en die jeug van Troje saam met hom. Die Albane het dit vir hulle eie kinders geleer en van hulle het magtige Rome dit op sy beurt oorgeneem en as 'n voorvaderlike erfenis bewaar. So 'n vertoning van seuns word tans "Troje" genoem, en die seuns wat die kolonne vorm, "Trojane". Tot so ver dan, is die spele ter ere van sy hoogerwaardige vader gevier.

600

DIE VLOOTBRAND

Hier het die noodlot vir die eerste keer van gesindheid verander en troubreuk teenoor ons gepleeg. Onderwyl hulle met die verskillende spele eer aan Anchises se graf betoon, stuur Juno, dogter van Saturnus, vir Iris uit die hemel neer na die Trojaanse vloot toe. Nog steeds vol planne en met haar ou wrok nog ongekoel, blaas sy die voortsnellende boodskapster gunstige winde toe. Op pad deur die reënboog met 'n duisend kleure skiet Iris vinnig in haar baan na benede – 'n maagd deur niemand opgemerk nie. Sy kyk na die ontsaglike samedromming van mense, vlieg al met die strand langs en sien die verlate hawe en versaakte vloot. Maar daar eenkant, ver weg op die eensame kus, was die Trojaanse vroue besig om die dood van Anchises te beweën, en al wenend het almal na die bodemlose see sit en staar. "Helaas!, dat soveel waters, soveel see nog voorlê vir ons wat so moeg is," is die een klag van almal. Dis 'n stad wat hulle vra, en hulle is moeg daarvoor om die ontberings van die see te verduur.

610

Bedrewe in die kuns van kwaadstook, werp Iris haarself dus in die midde van die vroue en lê die gelaat en kleed van 'n godin opsy. Sy word Beroe, die bejaarde eggenote van Doryclus uit Tmaros, 'n man van adellike afkoms en wat in vervloë dae seuns en 'n groot naam gehad het. In dié gedaante stap sy tussen die Trojaanse moeders in en sê: "Ag, arme vrouens wat nie in die oorlog deur 'n bende Grieke na die dood gesleep is voor die mure van ons vaderlandse stad nie! Ag, ongelukkige geslag, vir welke ondergang spaar die Noodlot julle? Die sewende somer sedert die ondergang van Troje is reeds aan die verbygaan terwyl ons sonder verposing

620

alle seë en lande op ons vaart deurreis, by soveel onherbergsame rotse verby, onder soveel ongasvrye hemelstreke deur. Steeds dobber ons op die golwe rond en soek oor die grote see na Italië wat immer bly terugwyk. Hier is die land van ons broer Eryx, en Acestes ons gasvriend: wie belet ons om hier ons stadsmure te grondves en 'n stad aan ons burgers te gee? Ag, vaderland, ag, Penate, vergeefs ontworstel aan die vyand, sal geen mure dan ooit weer die mure van Troje genoem word nie? Sal ek nêrens weer 'n Xanthus- en Simoësrivier sien om my aan Hector te herinner nie? Nee, kom! en verbrand saam met my hierdie onheilskepe. Want in 'n droom het dit my geskyn asof die gestalte van die profetes Cassandra vir my brandende fakkels gee. 'Soek Troje hier; hier is julle tuiste,' het sy gesê. Nou is dit tyd vir handeling, laat daar geen uitstel wees na so 'n dringende wonderteken nie. Kyk! daar staan vier altare tot eer van Neptunus: die god self verskaf die fakkels en die wil om dit te doen!" By hierdie woorde gryp sy eerste die vernietigende vuur met geweld, lig haar regterhand hoog op, swaai die fakkel in die rondte met alle mag en slinger dit van daar ver af waar sy staan.

630

640

Gespanne staan die vroue van Troje, hulle harte verbluf. Toe sê een van die skaar, sy wat die oudste onder hulle was, Pyrgo, die vorstelike voedster van so baie van Priamus se seuns: "Dis nie Beroe nie, sê ek julle! Hierdie vrou, moeders, is nie die Rhoetiese⁸ vrou van Doryclus nie! Let op die tekens van goddelike skoonheid! Kyk haar gloeiende oë! Wat 'n trotse houding het sy tog! Wat 'n gelaat! Wat 'n klank in haar stem! Kyk net die sierlike stap! Self het ek so pas van Beroe af gekom en haar siek agtergelaat, ergerlik omdat sy alleen by so 'n belangrike seremonie afwesig was en nie aan Anchises die eerbewys kon bring wat hy verdien nie." Dit het sy gesê. Maar die moeders was eers onseker en het met toornige oë na die skepe gegluur, weifelend tussen hul jammerlike verlange na die land hier en die koninkryk wat hulle op aandrang van die noodlot roep. Skielik verhef die godin haar op balanserende vlerke

650

⁸ Trojaanse. Bg. epitheton word gebruik na aanleiding van die voorgebergte Rhoeteum in die nabyheid van Troje.

deur die lug, en beskryf in haar vlug 'n ontsaglike reënboog onder die wolke. Ja, toe begin hulle hard te skree, verbyster deur die wonder en aangedryf deur waansin. Party gryp vuur uit die haarde binnenshuis, ander stroop die altare en slinger brandende blare en takke en fakkels. Ongebreidel woed Vulcanus⁹ oor roeibanke, spane en beskilderde skepe van dennehout.

660

Eumelus bring die nuus na die graf van Anchises en na die toeskouersbanke in die teater: “Die skepe is aan die brand!” Hulle kyk om en sien met eie oë hoe swart as in 'n wolk die lug in kolk. En heel eerste, net soos hy was, nog opgetoë besig om die berede troep voor te gaan, jaag Ascanius wild op die wanorde in die kamp af. Uitasem agtervolg sy instrukteurs hom, maar keer kan hulle hom nie. “Watter vreemde waansin is dit dié?” roep hy uit. “Waarheen nou, waar wil julle heen, ag tog! arme vroue van ons volk? Dis nie die vyand, nie die haatlike kamp van die Grieke wat julle verbrand nie, maar wel julle toekoms! Kyk, dis ek, julle eie Ascanius!” Voor sy voete het hy die leë helm neergegooi, die een wat hy gedra het toe hy in spel die skyngeweg ontketen het. Met dié kom Aeneas ook aangehaas, en saam met hom die skare Trojane. Die vroue, egter, vlug van vrees uiteen, hier en daar op die strand, oral rond. Skelm-skelm sluip hul na die bosse en rotsholtes, enigiets wat hulle kon vind. Hulle is spyt oor hulle daad en sku vir die lig, en noudat hulle weer tot ander insigte gekom het, herken hulle hul eie mense en word Juno uit hul harte geban.

670

Maar die verskroeiende vlamme het nie daarom hulle toemelse woede laat vaar nie. Onder die klam eikehoutbalke gloei die kalfatervlas en braak 'n trae rook uit. Die smeulende vuur vreet aan die kiele, en die verderf beweeg af en af totdat dit die hele romp vol is. Die helde se kragte en die strome water wat hulle daarop uitgiet, help niks. Toe pluk pligsgetroue Aeneas die mantel van sy skouers, roep die gode aan om hulp en strek sy handpalms na bowe: “Almagtige Jupiter, as u nog nie die Trojane een en almal onverbiddelik haat nie, as u goedheid soos voorheen nog ag

680

⁹ Die Vuurgod.

slaan op menslike lyding, gee dat ons vloot aan die vuur ontkom, nou, vader, en red van vernietiging die Trojane se skrale hoop. Of, as ek dit verdien, stuur dan die paar wat oor is met u vernietigende bliksem na die dood neer en verdelg ons hier met u regterhand.” Nouliks het hy hierdie woorde uitgespreek of ’n storm, swart van neerstortende reën, bars los met tomelose geweld. Die steiltes en vlaktes van die aarde bewe van die donder. Uit die ganse hemel storm die vlae in strome neer, pikswart op die waterbelaaide Suidewinde. Die skepe word van bo af oorstroom, die halfverbrande balke raak deurweek, totdat al die vuur geblus en al die skepe op vier na van vernietiging gered is. 690

DIE STIGTING VAN ACESTA IN SICILIË

Maar vader Aeneas was geskok deur die bittere voorval. Hy het sy ontsaglike sorge in sy hart oorpeins en gedurig van die een moontlikheid na die ander oorgeslaan. Moes hy die noodlot vergeet en hom in die saailande van Sicilië vestig? Of moes hy trag om die kuste van Italië te bereik? Die bejaarde Nautes, die man vir wie Tritoniese Pallas meer as ander onderrig en met ’n groot waarsêerskuns beroemd gemaak het – sy was dit wat aan hom die antwoorde verskaf het oor wat die groot toorn van die gode voorspel, of wat die gang van die noodlot eis – het vir Aeneas met hierdie woorde begin troos: “Seun van ’n godin, laat ons volg waar die noodlot ons in sy eb en vloed heen trek. Wat ook al gebeur, ons moet elke lotsbeskikking deur volharding te bowe kom. U het vir Trojaanse Acestes, ’n man van goddelike oorsprong: maak hom deelgenoot van u planne, u bondgenoot, hy is gewillig. Vertrou aan hom almal toe wat weens die verlies van die skepe te veel geword het, en almal wat moeg geword het vir u grootse onderneming en avonture. Kies die bejaarde grysaards uit, die moeders wat moeg is van die seereis, almal in u groep wat nie weerbaar is nie en bang vir gevaar. Laat die vermoeides toe om hulle stad in hierdie land te hê, en as die naam u goedkeuring wegdra, sal hulle dit Acesta noem.” 700

Deur dergelike woorde van sy bejaarde vriend is hy aangevuur, maar toe, voorwaar, word sy gemoed deur alle sorge verskeur. Die swarte Nag is intussen op sy tweespan na bowe gedra en het nou 710

die hemel beset. Skielik skyn dit asof die beeltnis van sy Vader Anchises daar van die hemel af neerdaal en hierdie woorde uiter: “My seun, jy wat vir my destyds solank my lewe geduur het dierbaarder was as die lewe, my seun, gekwel deur die noodlot van Troje, ek kom hierheen op bevel van Jupiter wat die vuur van jou skepe verdryf en op langelaas vanuit die hoë hemel ontferming getoon het. Luister na die voortreflike raad wat die bejaarde Nautes nou gee: bring die kern van jou jongmanne, die dapperste harte, na Italië toe oor. In Latium moet jy ’n harde volk, en ru van sedes onderwerp. Maar, my seun, gaan eers na die onderaardse woning van Dis en soek deur die dieptes van Avernus¹⁰ na ’n ontmoeting met my. Want die goddelose Tartarus¹¹ met sy sombere skimme hou my nie gevange nie, maar ek woon in Elysium¹² in die lieflike vergaderings van die vromes. Hierheen sal die kuise Sibille jou lei nadat jy ’n ryk offerande van swart vee geoffer het. Dan sal jy jou ganse nageslag leer ken en hoor watter stad aan jou gegee word. En nou, vaarwel! Die vogtige Nag wentel al halfpad op sy baan, en die wrede¹³ opkomende son het met die asem van sy hygende perde op my geblaas.” Hy het gespreek, en soos rook in die yl lug verdwyn. “Waar snel u nou heen?” roep Aeneas hom na. “Waarheen haas u u weg? Van wie vlug u? Of wie verhinder dat ek u omhels?” Terwyl hy hierdie woorde sê, laat hy die kole en smeulende vuur weer opvlam. Met heilige offermeel en ’n vol wierookkissie vereer hy in alle nederigheid die Lar van Troje en die heiligdom van gryse Vesta.

730

740

Dadelik ontbied hy sy makkers, heel eerste vir Acestes, en deel hulle mee wat Jupiter beveel en sy geliefde vader aangeraai het; ook die plan wat nou onveranderlik vasstaan in sy gees. Hulle beraad duur nie lank nie en Acestes weier nie om die opdragte uit te voer nie. Hulle skryf moeders in vir die stad en ontskep die mense wat wil – harte wat nie na groot roem smag nie. Hulle self

750

¹⁰ Die Onderwêreld.

¹¹ Dié deel van die Onderwêreld waar oortreders gestraf word.

¹² Die vromes se tuiste in die Onderwêreld.

¹³ Wreed omdat die sonlig die skimme, soos Anchises, verdryf.

vernieu die roeibanke, vervang aan die skepe die hout wat deur die vuur aangevreet is, en bring spane en takelwerk in gereedheid: min is hulle in getal, maar vurig hul dapperheid in oorlog. Intussen baken Aeneas die stad af met 'n ploeg, en ken deur loting huise toe. “Hierdie deel”, sê hy, “moet julle Ilium wees, en daardie omgewing julle Troje.” Trojaanse Acestes verlustig hom in sy koninkryk, proklameer 'n vergadering, roep die senaat byeen en vaardig wette uit. Toe word daar op die kruin van Eryxberg, na aan die sterre, 'n tempel ter ere van Venus van Idalium opgerig. Aan Anchises se grafheuvel word 'n priester en 'n breë strook heilige woud toegewys.

760

DIE OORTOG NA CUMAE

En nou het die hele volk nege dae lank fees gevier, en nege dae lank is daar offers op die altare gebring. Rustige winde het die seevlak glad gestryk en die Suidewind waai gestadig en nooit hulle weer eens diepsee toe. Langs die bogtige kus ontstaan daar 'n luide geweeeklaag; 'n nag en 'n dag talm hulle in mekaar se omhelsing. Die einste vroue, die einste mans vir wie die aangesig van die see tevore wreed, en sy mag ondraaglik gelyk het, wil nou ook gaan en al die beproewinge van ballingskap verduur. Goeie Aeneas troos hulle met vriendelike woorde, en wenend vertrou hy hulle aan die sorg van hul bloedverwant Acestes toe. Daarna beveel hy hulle om drie kalwers vir Eryx, en 'n oilam vir die Stormwinde te slag, en om die meertoue een na die ander los te maak. Sy hoof is omkrans met gelykgeknpte olyfloo, en hy self staan eenkant op die voorstewe met 'n offerskaal in die hand. Hy gooi die ingewande van die offerdiere in die sout golwe en pleng helder wyn. Wedywerend beuk sy makkers die see en skeer oor die watervlak heen; die wind steek van agter op en vergesel hulle op hul vaart.

770

Maar intussen is Venus gekwel deur sorge. Sy spreek vir Neptunus aan en stort in hierdie trant haar klagtes uit haar hart: “Juno se felle woede en onversadigbare hart dwing my, Neptunus, om my toevlug tot elke soort gebed te neem. Geen tydsverloop, geen pligsgetrouheid stem haar sagmoediger nie. Sy buig ook nie voor Jupiter se bevel en die noodlot, of berus daarin nie. Dis nie genoeg dat sy in haar misdadige haat die stad van die volk van Frigië uit

780

hul midde verslind het, of dat sy die oorblyfsels van Troje alle strawwe laat deurmaak het nie. Nee, nou vervolg sy nog die asse en beendere van die vernietigde stad. Laat sy maar die redes vir haar ontsaglike waansin ken. U self is my getuie van die skielike beroering wat sy onlangs op die golwe van Libië ontketen het: in vergeefse vertroue op die stromwinde van Aeolus het sy al die seë tot aan die hemel opgesweepte – en dit het sy in u koninkryk gewaag! Kyk! boonop het sy die Trojaanse moeders op 'n pad van misdaad voortgedryf en hulle skepe skandelik verbrand. En toe hulle vloot verloor is, het sy vir Aeneas gedwing om sy makkers aan die genade van 'n vreemde land oor te laat. Gee dat die wat oorbly – dis my gebed – hulle seile in veiligheid aan u mag toevertrou oor die golwe, ja, gee dat hulle Laurentynse Tiber bereik – as my versoek ten minste geoorloof is, en as die Skikgodinne vir hulle daar 'n stad toestaan.”

790

Toe antwoord die heerser van die diepe see, die seun van Saturnus¹⁴, in hierdie woorde: “Dis heeltemal reg, godin van Cythera, om u vertroue te plaas op my koninkryk waaruit u afstam. Ek het dit ook verdien: dikwels het ek al die woede en felle waansin van see en lug betuel. En op land – ek roep die Xanthus en Simoïs tot getuie – was ek nie minder oor u seun Aeneas besorg nie. Toe Achilles in sy agtervolging die paniekbevange troepe van Troje teen hulle stadsmure vasgedryf en baie duisende aan die dood oorgelewer het, en toe die verstopte riviere gekreun het en die Xanthus nie sy weg kon vind om homself tot in die see voort te rol nie – toe het ek vir Aeneas waar hy met die dapper seun van Peleus¹⁵ in 'n geveg gewikkel was, terwyl nóg die gode nóg liggaamskragte in sy guns getel het, in 'n omhullende wolk daar weggeraap, hoewel ek gretig was om eerder die meenedige¹⁶ Troje se mure wat deur my eie hande opgerig was van hul fundamente af te verwoes. Ook nou bly my gesindheid onverander; verdryf u

800

810

¹⁴ Neptunus.

¹⁵ Achilles. Vgl. *II*. 20, 158 e.v. en *II*. 20, 318 e.v.

¹⁶ Neptunus en Apollo het volgens legende gehelp om Troje se mure te bou, maar is uit hulle beloning gekul deur die Trojaanse koning Laomedon.

vrees. Hy sal, soos u smee, veilig aanland by die hawe¹⁷ van Avernus. Slegs één man sal daar wees na wie u vergeefs sal soek nadat hy in die draaikolk verlore geraak het; één lewe sal vir baie gegee word.”

Toe hy die godin se hart met hierdie woorde gerusgestel en bly gemaak het, span vader Neptunus sy perde met hulle goue tuie in, sit vir die vurige diere ’n stang in hul skuimende bekke en laat al die teuels vry deur sy hande gly. Ligtelik vlieg hy in sy donkerblou strydwa oor die golfkruine heen. Die golwe gaan lê. Onder die ratelende as word die geswolle wateroppervlak gelyk gestryk, en uit die wye hemel vlug die stormwolke weg. Dan volg die veelsoortige gestaltes van sy begeleiers: ontsaglike seemonsters, die bejaarde groep van Glaucus¹⁸, Ino¹⁹ se seun Palaemon, die vlugge Tritons²⁰, en die hele leërskaar van Phorcus²¹; aan die linkerkant kom Thetis²² en Melite, die maagd Panopea, Nisaeë en Spio, Thalia en Cymodoce.

820

Hierop verander vader Aeneas se gemoedstemming en ’n strelende blydschap deurtil sy gekwelde hart. Hy gee opdrag om gou al die maste staan te maak en die ra’s met hulle seile te bespan. Soos een man laveer hulle, en gelyk sprei hulle die seile oop, nou na links, dan na regs. Soos een man swaai hulle die hoë ra-horings nou hierheen, dan daarheen terwyl gunstige briese die vloot voortdra. Aan die spits, voor al die ander, het Palinurus die digte kolonne gelei en die ander stuurlii is beveel om hulle koers volgens syne te rig.

830

En nou het die vogtige Nag byna sy keerpunt in die middel van die

¹⁷ Cumae, naby die Avernusmeer.

¹⁸ ’n Visser wat ’n seegod geword het.

¹⁹ Toe sy en Palaemon deur haar waansinnige man agtervolg is, het sy met haar seun in die see gespring en albei het seegode geword.

²⁰ ’n Seun van Neptunus, en bobaas trompetter met ’n seeskulp. In kunswerke is hy meervoudig voorgestel.

²¹ ’n Grysaard van die see.

²² ’n Seenimf, moeder van Achilles. Al die ander in die lys is seenimfe.

hemel bereik. Die matrose het uitgestrek onder die roeispans op die harde banke gelê en hul ledemate in kalme rus laat ontspan – toe Slaap lenig van die hemelse sterre af neerskiet! In sy vlug deurklief hy die donker lug en jaag die skadu's uiteen, op pad na jou, Palinurus, met 'n onheilsdroom vir jou, onskuldige man. In die gedaante van Phorbas het die god op die hoë agterstewe gaan sit en hierdie woorde uit sy mond laat vloei: “Palinurus, seun van Jasus, die see dra self die vloot voort, die winde waai gelykmatig en die uur is aan rus gewy. Lê jou hoof neer en onttrek jou vermoeide oë aan hul arbeid. Ek self sal 'n wyle in jou plek jou pligte op my neem.” Palinurus slaan nouliks sy oë op na hom en antwoord: “Vra jy my van alle mense om geen ag te slaan op die rustige aanskyn van die see en die kalme golwe nie? Dat ek hierdie drogbeeld moet vertrou? Sou ek vir Aeneas – waarom, voorwaar – aan die grille van die winde toevertrou, ek wat al soveel kere deur 'n bedrieglike helder hemel mislei is?” So het hy geantwoord. Vas op sy pos het hy die roer omklem en sonder om een oomblik sy greep te laat los sy oë op die sterre daar bo gehou.

840

850

Maar kyk! oor albei slape van die man skud die god 'n takkie, druppelend van water uit die Lethe en slaapverwekkend met kragte van die Styx. Daarmee sluit hy sy swemmende oë, hoewel hy hom teësit. Nouliks het die onverwagte slaap Palinurus se ledemate laat verslap, of die god buig oor hom en gooi hom, terwyl hy herhaaldelik, maar vergeefs na sy makkers roep, halsoorkop in die helder golwe tesame met die roerstel en 'n stuk van die agterstewe wat hy afgeruk het. Die god self het hom op sy vlerke verhef en die yl lug in gevlug. Die vloot spoed nietemin veilig voort op sy roete oor die see, en kragtens vader Neptunus se beloftes vaar dit sonder alarm verder.


860

En nou het dit in sy voortgang die kranse van die Sirenes genader, gevaarlik in die dae van weleer en wit van die beendere van baie mense – by dié geleentheid het die rotse van ver af hees gedreun van die nimmereindigende branding – toe vader Aeneas bemerk dat sy skip van koers af dryf omdat hy sy stuurman verloor het. Eiehandig het hy die boot tussen die golwe van die nag gestuur en menige sug geslaak, sy gemoed geskok deur die lot van sy vriend: “O jy wat te veel op 'n helder lug en kalm see vertrou het, onbegräaf sal jy lê, Palinurus, êrens op 'n onbekende seestrand.”

870

DIE SESDE BOEK

Aeneas se Besoek aan sy Vader in die Onderwêreld



*Hy verdryf die ander skimme wat op die lang
banke gesit het...*

DIE LANDING BY CUMAE

Wenend sê hy dit, gee sy vloot die teuel, en dryf op langelaas nader na die kuste van die Euboïese stad Cumae. Hulle swaai die boeë om dat hulle see toe kyk, en nou omsoom die gekromde agterstewens die strand want met diep bytende tand het die anker die skepe stewig vasgehou. Gretig spring die jongelingskaar op die kus van Italië uit. Party soek na die saadjies van vuur wat in die are van die vuursteen verborge is; haastig deurkruis ander die bosse¹, die digte skuilings van wilde diere, en wys na die nuutgevonde strome.

Maar Aeneas, die pligsgetroue, kies koers na die vesting waar Apollo in die hoogte heerskappy voer², en na 'n ontsaglike grot nie ver daarvandaan nie, die afgeleë woning van die huiwering-wekkende Sibille, in wie die Deliese siener³ 'n magtige insig en profetiese inspirasie blaas en die toekoms onthul. Nou nader hulle⁴ die heilige woud van Trivia en die tempeldak van goud.

10

'N BESKRYWING VAN DIE TEMPEL MET DIE SNEEWERK VAN DAEDALUS

Daar word vertel dat Daedalus tydens sy vlug uit Minos se koninkryk, die durf gehad het om homself op snelle wieke aan die lugruim toe te vertrou. Langs 'n ongewone roete het hy na die koue Noorde weggesweef, en uiteindelik liggies bokant die Chalcidiese⁵ vesting bly hang. Hier, vir die eerste keer, is hy aan die aarde teruggegee, en het hy sy vleuelstelsel aan u gewy, Phoebus, en 'n ontsaglike tempel opgerig. Op die deure het hy Androgeos⁶ se dood afgebeeld; daarnaas die kinders van Cecrops⁷ wat beveel is, ontsettend!, om jaarliks sewe lewende

20

¹ Hulle soek vuurmaakhout.

² D.w.s. na die Apollotempel hoog op 'n bergpiek.

³ Die god Apollo.

⁴ Aeneas en sy geselle.

⁵ Cumae, wat vanuit Chalcis gestig is.

⁶ Minos se seun.

⁷ Die Atheners.

knappe as boete te betaal; die urn staan daar, die lootjies reeds getrek. Op die ander deurvleuel verskyn die land van Knossos⁸ wat uit die see opsteek: hier is haar wrede liefde vir die bul, Pasíphaë se heimelike paring, en die Minotaurus, daardie basterras en dubbelstaltige telg, getuigenis van hul goddelose hartstog; hier daardie huis van beproewinge, 'n onontwarbare doolhof. Maar uit medelye met die groot liefde van die prinses⁹ het Daedalus tog self die liste en misleiding van die paleis ontsluit, en met behulp van 'n garedraad die blinde skredes¹⁰ gelei. Ook jy, Icarus, sou 'n groot rol in so 'n grootse kunswerk gespeel het, as smart dit wou toelaat. Tweemaal het hy gepoog om jou val in goud uit te beeld, tweemaal het jou vader se hande neergesink.

30

Ja-nee, hulle sou alles verder volledig besigtig het, as Achatas wat vooruit gestuur was, nie nou opgedaag het nie, en saam met hom die priesteres van Phoebus en Trivia, Deiphobe, dogter van Glaucus. Sy spreek die koning soos volg aan: “Hierdie uur vra nie om skouspele soos daardie nie. Dit sou beter gewees het om nou sewe stiere uit jou kudde, onaangeraak deur die juk, en net soveel uitgesoekte tweetand skape, volgens voorskrif te slag.” Met dergelike woorde spreek die priesteres vir Aeneas aan – die manne talm ook nie om haar heilige bevele uit te voer nie – en roep die Trojane die verhewe tempel binne.

40

DIE SIBILLE SE PROFESIE

Die flank van die Euboïese rots is uitgehol tot 'n ontsaglike grot waarheen 'n honderd wye gange voer, met 'n honderd toegange waaruit net soveel stemme, die orakelspreuke van die Sibille, uitstroom. Hulle het die drumpel bereik, toe die maagd uitroep: “Dis tyd om jou lotsbestemming te vra! Die god, kyk! die god!” Terwyl sy hierdie woorde voor die deure uitskree, het haar gesig en gelaatskleur skielik verander. Haar hare waai los, haar boesem hyg, en haar hart swel van wilde vervoering.

⁸ Kreta.

⁹ Ariadne, Minos se dogter, wat op die Athener Theseus verlief geraak het.

¹⁰ Theseus s'n.

Sy lyk groter, en haar stem klink nie soos 'n mens s'n nie, want sy is vervul met die god se teenwoordigheid, reeds hier na aan haar. "Talm jy met jou geloftes en gebede, Aeneas van Troje? Talm jy? Dit vra ek, want daarsonder sal die magtige monde van die verstomde woning nie oopgaan nie."

50

Dit het sy gesê, en geswyg. 'n Koue rilling het deur die stewige gebeente van die Trojane gesnel, en uit die bodem van sy hart het hul koning sy gebede laat stroom: "Phoebus, u wat nog altyd medelye betoon het met die sware beproewinge van Troje, u wat die pyl en hand van die Trojaan Paris teen die liggaam van Aeacus se kleinseun¹¹ gerig het, onder u leiding het ek soveel seë bevaar wat om enorme vastelande spoel, en die verafgeleë stamme van die Massyliërs en die akkers wat teenoor die Syrtes lê besoek: nou op langelaas het ons die kuste van die immer terugwykende Italië in ons greep. Mag Troje se noodlot ons net tot hiertoe agtervolg het! O alle gode en godinne vir wie Troje en die groot roem van Dardanië in die weg gestaan het, ook u kan nou tereg die volk van Pergamus spaar. En u, allerheiligste profetes, u wat voorkennis van die toekoms dra, skenk – ek vra geen koninkryk wat nie deur my voorbestemde lot aan my toekom nie – dat die Trojane met hul swerwende gode en die vervolgte magte van Troje in Latium tot rus mag kom. Dan sal ek, Phoebus en Trivia tot eer, 'n tempel van massiewe marmer bou, en feesdae vernoem na Phoebus¹² instel. Ook op u wag daar 'n groot heiligdom¹³ in my koninkryk: want daar sal ek u orakels en die raaiselspreuke aan my volk verkondig in bewaring gee, en, goedgegunstige profetes, uitgesoekte manne as u priesters inseën. Vertrou tog net nie u profesieë aan blare toe nie, sodat hulle nie dwarrelend wegfladder, tot speelbal van die snelle winde nie; verkondig hulle persoonlik, dit smeek ek u." Hier het hy sy gebed beëindig.

60

70

¹¹ Achilles.

¹² 'n Verwysing na die Apollotempel wat in 28 v.C. deur Augustus op die Palatynse heuwel gewy is; ook na die Apollospele (ludi Apollinares) wat reeds in 212 v.C. ingestel is.

¹³ Dit verwys na die vertrek in die tempel van Jupiter Capitolinus waar die Sibillynse boeke bewaar is.

Maar die besete priesteres duld nog nie die heerskappy van Phoebus nie, en storm wild in die grot rond om te kyk of sy nie die magtige god met geweld uit haar bors kan stoot nie. Des te meer vermoei hy haar rasende mond, betuel haar wilde hart en dwing haar na sy wil. En nou het die honderd ontsaglike toegange tot die huis vanself oopgegaan, en dra die priesteres se antwoorde deur die lug: “O jy wat eindelik die groot gevare van die see deurstaan het, – maar op land wag daar swaarder lye – die seuns van Dardanus sal in die ryk van Lavinium aanland, – verban hierdie bekommernis uit jou hart – maar hulle sal ook wens dat hulle nie aangeland het nie. Oorloë sien ek, afgryse oorloë, en die Tiber wat skuim van baie bloed. ’n Simoïs sal jou daar nie ontbreek nie, ook nie ’n Xanthus en ’n Griekse kamp nie. In Latium is daar reeds ’n ander Achilles gebore, self ook die seun van ’n godin.¹⁴ En nêrens sal Juno, hulle ewige plaag, nalaat om die Trojane te agtervolg wanneer jy as smekeling in benarde omstandighede alle volke en stede van Italië om hulp sal soebat! Die oorsaak van soveel kwaad vir die Trojane is andermaal ’n vreemde vrou, andermaal ’n huwelik met ’n buitelanders. Moet jy nie voor teenspoed swig nie, maar gaan dit stoutmoediger teë langs die weg wat jou Noodlot jou sal toelaat. Die pad van redding sal eerste – iets wat jy die minste vermoed – van ’n Griekse stad¹⁵ af oopgestel word.

Met sulke woorde verkondig die Sibille van Cumae die vreesaanjaende raaiselspreuke vanuit haar heiligdom, en laat die eggo’s uit haar grot weerklink terwyl sy die waarheid in geheimenisse hul: so heftig skud Apollo die teuels oor haar in haar waansin en kap hy die spore onder haar hart in. Sodra haar waansin gewyk en haar rasende mond stil geword het, begin Aeneas die held: “O maagd, geen nuwe of onvoorsiene denkbild van beproewinge rys voor my op nie; alles het ek vooraf vermoed

¹⁴ Turnus, Aeneas se grootste teenstander in Latium, se moeder was die nimf Venilia (vgl. Bk. 10.76).

¹⁵ Die stad Pallanteum wat deur die Griek Evander op die bouterrein van Rome gestig was. Vgl. die agste boek.

en voor vandag al diep in my hart deurgemaak. Slegs een ding vra ek: aangesien die poort van die koning¹⁶ van die Onderwêreld en die donker moeras waar die Acheron sy oewers oorstrom het na bewering in hierdie omgewing is, laat dit my dan tog vergun word om na die nabyheid en teenwoordigheid van my geliefde vader te gaan; wys my die pad en open u die heilige poorte. Vir hom het ek deur vlamme en 'n duisend agtervolgende spere heen op hierdie skouers van my gered, en veilig uit die midde van die vyand gebring. Hy het my op my reis vergesel en saam met my al die seë en al die bedreigings van oseaan en hemelruim deurstaan. Swak soos hy was, het hy sy kragte ooreis en meer verduur as die toebedeelde lot van sy jare. Meer nog: hý was dit wat gepleit, en my die opdrag gegee het om as smekeling u op te soek en na u drumpel te kom. Toon medelye, goedgunstige maagd, ek smeeek u, met sowel seun as vader – want u is tot alles in staat, en Hecate het u nie sonder rede in beheer van die woude van Avernus gestel nie – as Orpheus sy vrou se skim kon oproep deur op sy Thraciese lier en welluidende snare staat te maak, as Pollux deur beurtelingse dood sy broer losgekoop het en soveel kere met dieselfde pad kom en gaan. Waarom sou ek vir Theseus aanhaal, waarom die grote Hercules? Ook ek stam uit Jupiter die allerhoogste.”

110

120

DIE SIBILLE SE RAAD

Met sulke woorde het hy gebid en die altaar vasgeklem, toe die priesteres soos volg begin praat: “Telg uit die bloed van gode, seun van Trojaanse Anchises, dis maklik om in die Avernus af te daal: dag en nag staan die deur van die swarte Dis¹⁷ oop. Maar om jou skrede terug te wend en na die lug hier bo te ontkom, dit is die taak, dit kos inspanning. Enkeles vir wie Jupiter in sy genade lief gehad het, of wat deur hul gloeiende deug na die hemel opgehef is, seuns van gode, het dit reggekry. Die hele gebied tussenin word

130

¹⁶ Pluto.

¹⁷ Dis – Dives, die Latynse vertaling van Griekse Pluto: die Ryke: eers 'n epitheton, maar daarna 'n sinoniem van die onderwêreldse god Hades.

deur woude beset, en die langsaam stromende Cocytus omring dit met sy sombere meanders. Maar as die verlange in jou hart so groot is, as jy so 'n intense begeerte koester om tweemaal die Stygiese meer oor te vaar, tweemaal die swarte Tartarus te aanskou, en dit jou behaag om jou aan die waansinnige onderneming toe te wy, hoor dan wat eers gedoen moet word.

Verskuil in 'n skaduryke boom sit daar 'n takkie, sy blare en buigsame stam van goud, en gewy aan Juno van die Onderwêreld.¹⁸ Die ganse woud bedek hom, en die skadu's in die somber dale sluit hom weg. Maar dit is nie geoorloof om in die kuile van die aarde af te daal voordat iemand die goudlokkige groeisel van die boom afgepluk het nie. Lieflike Prosérpina het bepaal dat dit as haar eie besondere wygeskenk vir haar gebring moet word. As die eerste een afgepluk word, bly 'n tweede nie agterweê nie, ook van goud, en die twyg begin blare van dieselfde metaal uit te stoot. Speur dus met jou oë in die hoogte, en as jy hom gevind het, pluk hom na behore met jou hand af. Want hy sal jou self gewillig en gedwee volg as die noodlot jou roep, anders sal jy hom met geen geweld kan baasraak of met harde yster kan afskeur nie. Bowendien lê die lewelose liggaam van jou vriend daar – helaas, jy weet dit nie! en besoedel die hele vloot met die dood onderwyl jy na die gode se dekrete verneem en op my drumpel draal. Dra hom eers na sy voorbestemde rusplaas en lê hom weg in 'n graf. Bring dan swart offerdiere; laat hulle jou eerste soenoffer wees. So sal jy eindelijk die woude van die Styx aanskou, en die ryk wat vir lewendes ontoeganklik is.” Sy het gespreek, haar mond gesluit, en geswyg.

MISENUS SE DOOD

Met bedroefde gelaat en neergeslane oë verlaat Aeneas die grot en stap voort; diep in sy hart dink hy na oor die duistere gebeure. Die troue Achates vergesel hom, en plant sy treë onder 'n ewe groot

¹⁸ Prosérpina.

las van sorge. Lank het hulle in afwisselende gesprekke met mekaar geredeneer oor watter gestorwe makker dit is van wie priesteres gepraat het, welke liggaam dit is wat begrawe moet word. En kyk! toe hulle daar kom, sien hulle vir Misenus op die droë strand, weggeruk deur 'n onverdiende dood, Misenus, die seun van Aeolus. Geen tweede het hom oortref in die kuns om die manne met sy brons trompet op te roep en die Oorlogsywer met sy gesketter aan te vuur nie. Hy was 'n makker van magtige Hector, aan Hector se sy het hy die geveg ingegaan, uitnemend met klaroen sowel as speer. Nadat die seëvierende Achilles vir Hector van sy lewe beroof het, het die allerdapperste held hom as makker by die Trojaan Aeneas geskaar, en geen geringer vaandel gevolg nie. 160

Maar dáárdie dag, terwyl hy toevallig die see laat dawer met sy hol skulp, dwaas wat hy was!, en die gode met sy gesketter tot 'n wedstryd uitdaag, het die jaloerse Triton – as 'n mens dit kan glo – die held voorgelê en hom in die skuimende water tussen die rotse verdrink. Daarom het almal nou met luide misbaar rondom hom geweeklaag, veral die pligsgetroue Aeneas. Daarna voer hulle wenend die Sibille se bevel uit, onverwyld en vinnig, en hulle doen moeite om die altaarvormige brandstapel met boomstompe op te rig en hemelhoog uit te bou. Hulle gaan die eeue-oue woud binne, diep skuilplekke van wilde diere. Denne val neer, steeneike kraak onder die bylslae, esseboomstompe en splytbare eikehout word met wê gekloof, en van die berge af rol hulle yslike bergesse aan. 180

DIE GOUE TWYG

Te midde van dergelike take is Aeneas ook aan die voerpunt, en hy moedig sy makkers aan en rus hom met dieselfde gereedskap toe. Terwyl hy na die eindelose bos kyk, dink hy diep in sy bedroefde hart na oor hierdie dinge, en soos die toeval dit wou, bid hy soos volg: “As daardie goue takkie aan die boom tog net nou aan my kon verskyn in hierdie ontsaglike woud! Want alles wat die priesteres in verband met jou gesê het, Misenus, was waar, helaas, al te waar.” Nouliks het hy dit gesê of twee duiwe, soos die toeval dit wou, kom voor die oë van die held uit die hemel aangevlie en 190

gaan sit op die groen bodem. Toe herken die magtige held sy moeder¹⁹ se voëls, en verheug bid hy: “Wees julle my gidse, as daar ’n weg bestaan, en koers deur die lug die woude in waar die kosbare twyg die vrugbare grond beskadu. En u, goddelike moeder, ontsê nie u bystand aan my wankelende lot nie.”

So het hy gesê, en sy pas verdraag. Aandagtig kyk hy welke tekens hulle bring, in watter rigting hulle verder vlieg. Wei-wei vlieg hulle telkens net sover vorentoe as wat die skerp oë van die agtervolgers hulle nog kan sien. Toe hulle vervolgens by die monding van die erg onwelriekende Avernus aankom, vlieg hulle vinnig die hoogte in, en swewend deur die wolklose lug stryk hulle neer op die gewenste sitplek, die tweesoortige boom, vanwaar die goudglans skerp afgeteken deur die takke heen blink. Soos voëls in die bosse tydens die winterkoue altyd groen vertoon met nuwe lower – ’n plant wat nie deur sy eie moederboom gesaai word nie – en die sierlike stamme met sy geel ranke omstrengel: so het die goue lower in die skaduryke steeneik gelyk, so het die bladgoud in die sagte windjie geklingel. Dadelik gryp Aeneas dit vas, breek gretig die tak af wat maar taai is om los te kom, en dra dit onder die dak van die profetiese Sibille in.

200

210

VOORBEREIDINGS VIR DIE AFDALING:

1. Die lykvuur van Misenus

Intussen was die Trojane onverpoos besig om Misenus op die strand te beweën, en om die laaste eer aan sy ondankbare²⁰ oorskot te bring. Eers het hulle ’n ontsaglike brandstapel gebou, ryk aan harsige dennehoutfakkels en gekapte eikehout. Aan die sykante daarvan vleg hulle donker lower vas, aan die voorkant plaas hulle sipresse, bome van die dood, en bo-op versier hulle dit met glinsterende wapens. Party bring warm water in gereedheid, brons ketels borrelend oor die vlamme, en hulle was en salf die koudgeworde liggaam. ’n Geweeklaag klink op. Vervolgens plaas

¹⁹ Duiwe was Venus se heilige voëls.

²⁰ Ondankbaar omdat dit nie reageer op hierdie diens nie.

hulle sy klaar beweeende liggaam op die baar, en spreid purper gewade, die welbekende bedekking, daaroorheen. Ander het die ontsaglike lykbaar op hul skouers getel, 'n droewige diensbetoon, en volgens die gewoonte van hul voorvaders die oë afgewend en die fakkel onder die stapel gehou. Die opgestapelde geskenke word verbrand: wierook, vleis en kruie met hul uitgeiete olie. **220**

Toe die vuur uitgebrand was en die asse ineens stort, het hulle die oorblyfsels, die dorstige sintels, met wyn besprinkel; Corynaeus het die beendere versamel en in 'n brons lykbus gebêre. Hy ook, het driemaal met suiwer water om sy makkers geloop en die manne gereinig deur hulle liggies met die dou aan 'n tak van die vrugbare olyf te besprinkel, en die afskeidswoorde aan Misenus uitgespreek. Maar die pligsgetroue Aeneas rig 'n massiewe grafsteen oor hom op en plaas vir die held sy eie wapens, 'n roeispaan en 'n trompet, aan die voet van 'n hemelhoë berg wat tans na hom Misenus genoem word, en ewig deur die eeue heen daardie naam behou. **230**

2. Die offerande aan die Gode

Nadat hierdie dinge afgehandel is, voer Aeneas haastig die Sibille se voorskrifte uit. Daar was 'n diep grot, reusagtig groot en wydgapend, steil van wand en beskerm deur 'n swart meer en die skemering van die woude. Geen gevleuelde wese kon straffeloos oor hierdie meer op sy vlerke voortsiet nie: so 'n walm het daar uit die swart kake opgeslaan en na die hemelgewelf daar bo opgestyg. (Vandaar dat die Grieke dit Aornos, Voëlllose, genoem het.²¹) Hier laat die priesteres eers vier jong stiere met swart rûe in 'n ry staan en giet wyn op hul voorkoppe uit. Tussen die horings pluk sy die langste borselhare uit en gooi dit in die heilige vuur as eerste offergawe terwyl sy luid vir Hecate aanroep, gebiedster oor hemel en hel. Ander sny die offerdiere keel-af en vang die louwarm bloed in skottels op. Aeneas self vel met sy swaard 'n lam met swart vag neer, tot eer van die moeder²² van die **240**

²¹ Die meeste editoors beskou hierdie vers as 'n kantaantekening wat die digter by hersiening van die gedig sou geskrap het.

²² Die godheid Nag; sy en haar groot suster Aarde was die dogters van Chaos.

Wraakgodinne en haar groot suster, en vir u, Proserpina, 'n 250
 onvrugbare vers. Daarna begin hy op die nagtelike altaar te offer
 tot eer van die Stygiese koning²³, plaas die volledige karkasse van
 die stiere op die vlamme, en giet vet olie op die brandende
 ingewande uit. Maar kyk!, net voor die eerste strale van die
 opkomende son verskyn, begin die grond onder hul voete te loei
 en die beboste rûens te skud, en dit klink asof honde deur die
 duister tjank toe die godin²⁴ naderkom. "Gaan weg van hier, gaan
 weg, oningewydes." skree die priesteres, "verwyder julle uit die
 ganse heilige woud! Jy, Aeneas, betree jy flink die weg en pluk jou 260
 swaard uit sy skede. Nou het jy moed nodig, nou 'n onverskrokke
 hart." Net dit het sy gesê, en rasend die geopende grot binne-
 gestorm. Met vreeslose tred bly hy by sy begeleidster terwyl sy
 voortgaan.

O gode, u wat heerskappy voer oor siele, en u, spraaklose skimme,
 u, Chaos en Phlegethon, oorde van nag en oneindige swye,
 veroorloof my om te vertel wat ek gehoor het, veroorloof my om
 in ooreenstemming met u goddelike wil die geheimenisse te
 ontvou wat diep in die duisternis van die aarde versionke lê.

DIE AFDALING NA DIE INGANG VAN DIE ONDERWÊRELD

In die duister het hulle voortgestap deur die skadu's van die
 eensame nag en die leë woning van Dis en sy spookagtige 270
 koninkryk: soos 'n pad deur die woude by die suinige lig van 'n
 flou maan, wanneer Jupiter die hemel in skadu verberg en swarte
 nag die kleur aan dinge ontnem het. Vlak voor die ingang self,
 heel voor in die kake van die Hel, het Droefheid en Gewetens-
 wroeging hulle tuiste gemaak; bleek Siektes woon ook daar, en
 bedrukte Ouderdom, en Vrees, en Honger wat tot kwaad verlei, en
 aaklige Gebrek – skrikwekkende gedaantes om te aanskou – en

²³ Pluto.

²⁴ Hecate, vergesel van haar helhonde.

Nooddruf en die Dood. Naas hulle woon Slaap, Dood se eie broer, en die sondige Genietinge van die gees, en op die drumpel direk voor hulle, dodelike Oorlog, die ysterkamers van die Furieë, en waansinnige Tweedrag, haar slanghare met bloeddeurweekte hoofbande vasgebind. **280**

In die middel sprei 'n skaduryke olm, 'n ontsaglike een, sy jaarryke takke soos arms uit. Swerms ydel drome woon daarin, so beweer hulle, en kleef onderaan elke blaar. Verder is daar 'n menigte monsteragtige gedaantes van verskillende wilde diere: Kentoure staan by die ingang op stal, dubbelstaltige Scyllas²⁵, die honderdarmige Briareus, die skrikwekkend-sissende ondiervan Lerna,²⁶ die Chimaera met vlamme gewapen, Gorgone en Harpye, en die gestalte van die drielywige skim.²⁷ Onthuts deur 'n skielike vrees gryp Aeneas hier sy swaard en hou die getrokke skerpte voor die naderende gedaantes uit. As sy ervare metgesellin hom nie gewaarsku het dat dit maar net yl wesens sonder liggaam is wat daar in holle skyngedaantes rondfladder nie, sou hy ingestorm en die skimme tevergeefs met sy swaard aan stukke probeer kap het. **290**

DIE PAD NA DIE ACHERONRIVIER

Van hier af loop die pad wat na die waters van die Acheron, rivier van die Onderwêreld, lei. Hier kolk 'n bruisende maalstroom met 'n diep, slykerige draaikolk en braak al sy sand in die Cocytus uit. 'n Huiweringwekkende veerman bewaak hierdie waters en strome, Charon, afsigtelik in sy vuilheid. Op sy ken koek 'n massa onversorgde grys baard, sy strak starende oë is vlamme, en morsig die mantel wat geknoop van sy skouers af neerhang. Eiehandig stoot hy sy boot met 'n paal vooruit, bedien die seile, en bring onverpoos die dooies met sy roesbruin skuit aan. Hy is reeds **300**

²⁵ Die digter gebruik die meervoud moontlik omdat die monster ses koppe gehad het.

²⁶ Die Hydra, die veelkoppige waterslang wat deur Hercules doodgemaak is.

²⁷ Geryon, 'n drielywige mens wat deur Hercules gedood is.

bejaard, maar 'n god se ouderdom is fors en jeugdig. Telkens het die ganse ordelose skaar in sy menigte hier na die oewers toe gestorm, moeders en mans, die gestaltes van fiere helde wat die lewe voleindig het, seuns en ongehude dogters, jeugdiges wat voor die oë van hulle ouers op die brandstapel geplaas is: talryk soos die blare wat by die eerste herfskoue in die bosse neerfladder, of so talryk soos die voëls wat van die malende diepte af land toe swerm wanneer die ysige jaargety hulle oor die see voortdryf en na sonnige lande toe stuur. Daar het hulle gestaan en smeek om eerste die oortog te maak, hulle hande verlangend na die oorkantse oewer uitgestrek. Maar die norske veerman neem nou dié in, dan daardie, dog andere jaag hy ver weg en hou hulle op 'n afstand van die sanderige oewer.

310

Vanselfsprekend was Aeneas verbaas en ontroer deur die drukte, en hy vra: "Sê my, o maagd, wat beteken daardie gedrang na die rivier toe? Wat verlang die geeste? Op grond van watter onderskeid verlaat party die oewer en roei andere oor die donker waters?" Die bejaarde priesteres het hom kortliks soos volg geantwoord: "Seun van Anchises, onbetwisbare afstammeling van die gode, jy sien die Cocytus se diep poele, en die moeras van die Styx by wie se heiligheid die gode uit angsk vir meeneed nooit 'n eed neem nie. Die ganse menigte wat jy hier sien, is die armes²⁸ en onbegraaftes: die veerman daar, is Charon; dié hier wat oor die water vaar, is die begraaftes. Hy word nie toegelaat om hulle oor die skrikwekkende oewers en hees-brullende strome te vervoer alvorens hulle beendere in 'n graf tot rus gekom het nie. 'n Honderd jaar lank dwaal en fladder hulle hier op die strande rond; eers dan, op langelaas, word hulle toegelaat en soek hulle weer die begeerde poele op." Die seun van Anchises het sy skredes gestuit en gaan staan, diep in gedagte oor baie dinge, en in sy hart het hy hulle onregverdiges lot bejammer. Daar sien hy vir Leucaspis en die kaptein van die Lyciese vloot, Orontes, albei bedroef en

320

330

²⁸ Die armes het by hulle sterwe nie 'n muntstuk in die mond gekry om Charon mee te betaal vir sy vervoerdiens nie.

verstoke van die eerbewys van die dood, want terwyl hulle saam van Troje af oor die onstuimige see gevaar het, het die Suidewind hulle oorval en sowel skip as manne in die water bedelf.

Kyk! sy stuurman Palinurus was besig om daar verby te beweeg. Terwyl hy onlangs op die vaart van Libië af die sterre waargeneem het, het hy van die agterstewe afgestort, oorboord geslinger in die middel van die see. Toe Aeneas die bedroefde gestalte nouliks in die digte skemering herken, spreek hy hom eerste aldus aan: “Wie van die gode, Palinurus, het jou van ons weggeskeur en in die middel van die see verdrink? Kom, sê my! Want Apollo wat nog nooit tevore op leuns betrap is nie, het my gees met hierdie een antwoord mislei: hy het voorspel dat jy ter see veilig sou wees en ongeskonde by Italiaanse gebied sou aanland. Siedaar! is dit sy beloofde erewoord?” **340**

Maar Palinurus antwoord: “Apollo se orakel het u nie bedrieg nie, my leidsman, seun van Anchises, en ’n god het my ook nie in die see verdrink nie. Want toevallig is die roer waaraan ek as sy toegewese bewaker vasgekleem, en waarmee ek ons koers gestuur het, met groot geweld afgeruk, en in my halsoorkop val het ek dit saam met my gesleur. Ek sweer by die onstuimige see dat ek nie soseer iets vir myself gevrees het nie, maar eerder dat u skip, van sy roer beroof en met die stuurman oorboord, in sulke hoog opstygende bare sou ondergaan.” **350**

Drie onweersnagte lank het die Suidewind oor die water getier en my oor die eindelose seevlak voortgedryf. Teen dagbreek die vierde dag het ek Italië vaagweg bo van ’n golfkruin af gewaar. Allengs het ek land toe geswem en veiligheid was reeds binne by bereik, was dit nie dat ’n wrede volk my in hulle onkunde as buit aangesien en my met die swaard aangeval het nie, terwyl ek met gekromde vingers na ’n skurwe rotstop gryp, swaar belaai met deurweekte klere soos ek was. Nou is ek aan die golwe oorgelaat en wentel die winde my lyk heen en weer langs die kus. Daarom smee ek u by die behaaglike lig en lug van die hemel, by u vader, by die verwagtinge wat u van die opgroeiende Julius koester, red my, o onoorwinlike, uit hierdie ellendes. Gooi of grond op my lyk – want u kan – en keer terug na die hawe van Velia; of as daar **360**

'n weg bestaan, as u godin-moeder u een toon – want ek glo dis nie sonder die heilige wil van die gode dat u gereedmaak om hierdie ontsaglike strome en die moeras van die Styx te bevaar nie – reik my u hand in my ellende en neem my saam met u oor die golwe, sodat ek ten minste in die dood in 'n vredige woning tot rus mag kom.” 370

Sulke dinge het hy gesê toe die priesteres soos volg begin: “Vanwaar, Palinurus, haal jy so 'n afgryslike begeerte soos hierdie? Sal jy onbegraaf die waters van die Styx aanskou, die wrede stroom van die Furieë, en onbeveel die oewer nader? Hou op om te hoop dat die beskikkinge van die gode deur gebede verander kan word. Maar luister met aandag na my woorde as troos vir jou harde lot: deur hemelse voortekens sal die volkere in daardie buurt wyd en syd in hulle stede gedwing word om jou beendere met offers te versoen. Hulle sal 'n grafheuvel oprig en feestelike offerandes daarheen stuur, en tot in lengte van dae sal die plek die naam van Palinurus behou.” Deur hierdie woorde is sy Sorge verban, is die smart 'n wyle uit sy bedroefde hart verdryf; die land wat sy naam dra, verskaf hom vreugde. 380

Hulle gaan dus verder op die reis wat hulle onderneem het en nader die rivier. Toe die veerman hulle sommer al daar ver van die Styx se water af bemerk waar hulle deur die swyende woud voorts kry en in die rigting van die oewer aangestap kom, begin hy hulle eerste aan te spreek en sonder meer snou hy hulle toe: “Wie jy ookal is wat gewapen op pad is na ons rivier, kom, sê my, sommer van daar af, waarom jy kom, en bly staan waar jy is! Dis die oord van skimme hierdie, van Slaap en van Nag wat slaap meebring: lewende wesens mag ek nie in my Stygiese boot vervoer nie. Beslis het dit my geen vreugde gebring dat ek vir Hercules tydens sy reis hierheen op die meer ontvang het nie. Ewemin vir Theseus en Piríthoüs, hoewel hulle godeseuns was en onoorwinlik in krag. Eersgenoemde het getrag om die bewaker²⁹ van Tartarus 390

²⁹ Die driekoppige reusehond Cerberus.

met geweld in kettings te slaan en het hom sidderend van die troon van die koning self af weggesleep; laasgenoemdes het onderneem om ons koningin uit Pluto se slaapvertrek te ontvoer.”

Hierop het die Amphrysiese³⁰ profetes kortliks geantwoord: “Dergelike bedrog is hier nie ter sprake nie – moenie ontsteld wees nie – en ons wapens bring ook geen geweld nie. Vanuit sy grot kan die kolossale deurwagter maar die bloedlose skimme met sy eindelose geblaf verskrik, en die kuise Prosérpina kan gerus in haar oom³¹ se paleis bly woon. Die Trojaan Aeneas, uitnemend in pligsbetragting en dapperheid, daal af na sy vader, na die skimme in die diepste dieptes van die Onderwêreld. As die toonbeeld van so ’n groot liefde vir ’n ouer u nie ontroer nie, herken dan hierdie takkie,” en sy ontbloot die twyg wat bedek was onder haar kleed.

400

Na die gramskap, bedaar sy onstuimige hart nou; niks meer as dit word gesê nie. Bewonderend staar hy na die gewyde geskenk wat hy nou weer na ’n lang tydperk sien – die takkie deur die noodlot beskik. Hy swaai die donkerblou boot in hulle rigting en nader die oewer. Hy verdryf die ander skimme wat op die lang banke gesit het en laat die loopplank ontruim; terselfdertyd neem hy die grote Aeneas aan boord. Die bootjie van aanmekaargenaai velle het onder sy gewig gekreun en baie moeraswater deur die splete ingelaat. Uiteindelik ontskeep hy die profetes en die held veilig oorkant die rivier in die smerige modder en vaalgroen biesies.

410

DIE VELDE VAN VERDRIET

Die reusagtige Cerberus laat hierdie omgewing weergalm van die geblaf uit sy drie kele, waar hy met sy enorme liggaam hier reg voor hulle in sy grot uitgestrek lê. Die priesteres sien dat die slange op sy nekke reeds orent staan en gooi vir hom ’n bedwelmende koekie deurtrek van heuning en towerkruie. Rasend van honger

420

³⁰ Die Sibille word so genoem omdat sy die dienaar is van Apollo wat as herder op die oewers van die Amphrysusrivier in Thessalië gewoon het. (Vgl. *Georg.* III,2).

³¹ Prosérpina was ’n dogter van Jupiter, die broer van Pluto.

rek hy sy drie bekke oop en hap die toegewerpte koekie op; hy ontspan sy enorme liggaam en syg op die grond neer; lank uitgestrek lê die kolos oor die hele grot. Terwyl die wagter in slaap gedompel lê, gaan Aeneas haastig binne en stap ylings weg van die oewer van die stroom wat geen terugkeer toelaat nie.

Dadelik hoor hulle stemme en 'n luide gekerm: dis wenende kinderskimme. Voor op die drumpel van die heerlike lewe waaraan hulle nog geen deel gehad het nie, het 'n swart onheilsdag hulle van hulle moeders se bors weggegryp en meegesleur en in bittere dood gedompel. Langs hulle woon diegene wat op 'n valse aanklag ter dood veroordeel is. Maar hierdie woonplekke word gewis nie sonder die lot toegeken nie, nie sonder die uitspraak van 'n regter nie. Minos, die voorsittende regter, skud die kruik wat die lootjies bevat; hy roep die vierskaar van die stiltes byeen en vergewis hom van hulle lewens en misdrywe.

430

Die gebied aangrensend hieraan, word bewoon deur die treurendes. Hoewel onskuldig, het hulle met eie hand die dood vir hulleself berei en uit afsku vir die lig van hulle lewens afstand gedoen. Hoe graag sou hulle nie nou sowel armoede as sware ontberings wou verduur het op die aarde daar bo nie! Die noodlot versper die weg, die sombere moeras met sy haatlike water hou hulle gebonde; die Styx wat nege maal om hulle kronkel, sluit hulle volkome in.

Nie ver hiervandaan nie, wydstrekkend na alle kante toe, verskyn die Velde van Verdriet – so word hulle genoem. Hier versteek eensame voetpaadjies diegene wat deur 'n onhoudbare liefde wreed uitgemergel en verteer is, en rondomheen bedek 'n mirtebos hulle. Selfs in die dood verlaat die liefdespyn hulle nie. In hierdie oord sien hy vir Phaëdra en Procris, en Eriphyle wat bedroef die wonde vertoon: wat haar seun geslaan het, en vir Evadne en Pasiphaë. Laodamía vergesel hulle, asook die jonkman van vroeër, Caeneus, tans weer 'n vrou, deur die noodlot in haar ou gestalte herstel.

440

DIE ONTMOETING MET DIDO

Tussen hulle het Dido van Carthago in die eindelose woud

450

rondgedwaal, haar wond nog vars. Sodra die held van Troje naas haar tot stilstand kom en haar herken, 'n onduidelike gestalte tussen die skadu's, soos wanneer 'n mens aan die begin van die maand die nuwe maan sien verskyn of meen dat hy dit deur die newels heen gesien het, het hy trane gestort en haar met tere liefde aangespreek: "Arme Dido, was die tyding wat my bereik het dus waar: dat jy dood is en jy jou einde met die swaard gesoek het? Was ek, helaas!, die oorsaak van jou dood? By die sterre sweer ek, by die hemelgode, en by die trou wat in die diepste diepte van die aarde mag bestaan, teen my sin, koningin, het ek van jou kuste 460 vertrek. Maar die gode se opdragte wat my nou dwing om hier deur die skadu's, deur oorde van verwildering en verrotting, deur die eindelose nag te stap, het my met hulle oormag voortgedryf. En ek kon ook nie glo dat ek jou met my weggaan so 'n groot verdriet sou aandoen nie. Staan tog stil en moenie jou aan my oë onttrek nie. Vir wie vlug jy? Op bevel van die noodlot is dit die laaste maal hierdie dat ek met jou praat."

Met hierdie woorde het Aeneas haar woedende hart en grimmige blik probeer versag terwyl hy onophoudelik trane stort. Maar sy het haar gesig van hom afgewend en strak na die grond gestaar. Toe hy begin praat, verander haar gesigsuitdrukking niks meer as 470 wat die geval sou wees as sy 'n blok harde graniet of Marpesiese³² marmer was nie. Eindelik snel sy weg en vlug vyandig terug na die skaduryke woud waar Sychaeus, haar eertydse eggenoot, die sorg met haar deel en haar liefde met 'n ewe groot liefde beantwoord. Aeneas is eweseer geskok deur haar onregverdige lot, en met trane in die oë kyk hy haar lank vol medelye na terwyl sy gaan.

DIE ONTMOETING MET DIE OORLOGSHELDE

Van daar af beweeg hy moeisaam voort op die voorbesikte weg. En nou het hulle die allerverste velde bereik, afgesonder van die ander en dig bevolk deur diegene wat in oorlog roem verwerf het.

³² Van die berg Marpesos op die eiland Paros, beroemd om sy marmer.

Hier kom Tydeus hom tegemoet, ook Parthenopaeus, deurlugtige krygsman, en die bleek skim van Adrastus; hier ook die Trojane wat in die stryd gesneuwel het en veel beween is deur mense op aarde. Hy sug toe hy hulle almal in 'n eindelose ry herken: Glaucus en Medon, Thersilochus en die drie seuns van Antenor, Polyboetes, priester van Ceres, en Idaeus, nog steeds in besit van sy strydwa, nog steeds met sy wapens. Links en regs verdring tallose skimme mekaar rondom hom, want dis nie genoeg om hom net een keer te gesien het nie! Dit verskaf hulle plesier om te vertoef, om saam met hom te stap, en om die redes vir sy koms te verneem. Maar toe die Griekse hoofmanne en die heerskares van Agamemnon die held gewaar, en sy wapens wat deur die duister skitter, het hulle van ontsettende vrees in paniek verval. Party slaan op vlug soos hulle destyds³³ op hulle skepe afgepyl het; ander hef floutjies 'n oorlogskreet aan, maar die gepoogde kreet maak 'n bespotting van hul oopgesperde monde.

DIE ONTMOETING MET DEIPHOBUS

En hier bemerk hy Priamus se seun, Deiphobus, sy hele liggaam verskeur! Wreed is sy gelaat vermink, sy gelaat, ja, en albei sy hande. Sy slape is geskend, die ore afgeskeur en die neus afgekap deur 'n skandalige wond. Hy herken inderdaad nouliks die bewende gestalte wat die spore van sy verskriklike straf probeer bedek, en ongegroet spreek hy hom met vriendelike woorde aan: "Deiphobus, magtige krygsman, spruit uit die edel bloed van Teucer, wie het dit goed gedink om so 'n wrede straf aan jou uit te meet? Aan wie was dit vergun om op so 'n afgryslike wyse op jou wraak te neem? Gerug het my die tyding gebring dat jy daardie laaste nag, uitgeput van die geweldige slagting onder die Grieke, op 'n verwarde hoop lyke neergestort het. Toe het ek persoonlik 'n leë graftombe op die kus van Troje opgerig en jou skim driemaal met luide stem aangeroep. Jou naam en wapens beskerm nou die plek. Jou liggaam, my vriend, kon ek by my vertrek nie vind en in vaderlandse grond begrawe nie."

³³ Tydens die Trojaanse oorlog, toe Hector en sy Trojane die oorhand gehad het.

Hierop het die seun van Priamus geantwoord: “Niks, my vriend, is deur jou ongedaan gelaat nie. Alles wat aan Deiphobus en die skim van ’n gestorwene verskuldig was, het jy volbring. Maar my lot en die verderflike misdaad van die Spartaanse vrou³⁴ het my in hierdie see van ellende gedompel. Dis sy wat vir my hierdie aandenkings nagelaat het. Want jy weet hoe ons daardie laaste nag in ongegronde feesvreugde deurgebring het – en noodwendig moet ons dit maar al te goed onthou! Die oomblik toe die noodlottige perd met een sprong op die rysige burg van Troje beland en gewapende voetvolk in sy volgepropte buik daarheen gebring het, het sy ’n koordans geveins en die vroue van Troje onder die gil van luide jubelkrete aan Bacchus in die stad rondgelei. Sy self het in die middel van die optog ’n reusagtige fakkel gedra, en bo van die burg af die Grieke genooi om te kom. **510**

In daardie stadium het ons heillose slaapkamer my gehuisves, afgetob deur sorg en beswaar met slaap. Rus, soet en diep, die ewebeeld van kalme dood, het my neergedruk soos ek daar lê. Intussen verwyder my voortreflike vrou elke wapen uit die huis, ja, selfs my vertroude swaard het sy skelmpies onder my kop uitgehaal. Sy gooi die deure oop en nooi vir Menelaus die huis binne, in die verwagting, natuurlik, dat dit vir haar minnaar ’n groot diens sou wees, en dat haar slegte naam ten gevolge van haar misdade van vroeër op hierdie wyse uitgewis kon word. Maar waarom vertel ek so omslagtig? Hulle bars by my slaapkamer in, begelei deur die nasaat van Aeolus³⁵, daardie aanstoker van misdaad. O gode, laat daar vir die Grieke ook sulke dinge te beurt val, as ek met vrome lippe om wraak roep! Maar kom, en vertel jy op jou beurt watter toeval jou lewend hierheen gebring het. Is jy deur jou swerftogte oor die see hierheen gedryf, of kom jy op vermaning van die gode? Of deur welke lot word jy geteister dat jy besoek gebring het aan hierdie sombere wonings sonder son, aan hierdie oord van wanorde?” **530**

³⁴ Helena: haar naam wil hy egter nie op sy lippe neem nie.

³⁵ Ulysses, volgens gerug die kleinseun van Aeolus.

Gedurende hierdie tweegesprek het die Daeraad met haar rooskleurige vierspan reeds die middel van die hemel verbygesteek op haar baan deur die lugruim. En miskien sou hulle al die toegestane tyd met dergelike gesprekke deurgebring het, maar sy begeleidster, die Sibille, het gewaarsku en hom kortliks aangespreek: “Die nag is aan daal, Aeneas; met geween verwy! ons die ure. Hier is die plek waar die pad in die twee rigtings 540 vertak: regs is die een wat na die mure van die magtige Dis lei, en daarlangs lê vir ons die weg na Elysium. Maar die linkerhandse een voltrek die straf van die goddeloses en stuur hulle voort na Tartarus wat geen genade ken nie.” Ten antwoord sê Deiphobus: “Moenie kwaad word nie, magtige priesteres. Ek sal vertrek, myself aan die skadu’s gaan teruggee en die skimme voltallig maak. Gaan, ja, gaan heen, o sieraad van ons volk, en mag ’n beter lot jou deel wees.” Meer het hy nie gesê nie, en terwyl hy nog praat, het hy in sy spore omgedraai.

TARTARUS

Skielik kyk Aeneas om. Aan die voet van ’n krans aan die linkerkant sien hy ’n breë vesting, omring deur ’n driedubbele muur. ’n Snelstromende rivier van verskroeiende vlamme spoel 550 daar rondomheen, Phlegethon van Tartarus, en donderend wentel hy rotse voort. Direk voor hom is die ingangspoort, ontsaglik groot, en massiewe suile van die hardste staal, sodat geen geweld van mense, nie eers die hemelbewoners self in staat is om dit in oorlog te verwoes nie. ’n Ystertoring staan daar, hoog die lug in, en met haar bloedbevleete gewaad opgeskort sit Tisiphone hier slapeloos en waghoe oor die ingang, nag en dag. ’n Gejammer klink duidelik daarvandaan af op, wrede géselslae klap, en dan die gerinkel van yster en die gesleep van kettings. Aeneas het gaan staan; beangs en gespanne bly hy na die rumoer luister. “Om 560 watter soort misdaad gaan dit hier? Sê my tog, o maagd! Met welke strawwe word hulle gefolter? Welke ontsettende misbaar styg daar ten hemel?”

Toe begin die profetes só te spreek: “Roemryke leier van die Trojane, niemand wat ’n vlekkelose lewe ly mag die vervloekte

drumpel betree nie. Maar toe Hecate my in bevel geplaas het oor die woude van Avernus, het sy self vir my die strawwe uiteengesit wat die gode oplê, en my deur alles heen gelei. Rhadamanthus uit Kreta heers oor hierdie mees genadelose ryk. Hy gésel die skimme en hoor dan van hulle arglistigheid deurdat hy hulle dwing om die misdade te erken wat elkeen op aarde gepleeg het. Vrugteloos het die sondaar hom in sy skelmstreek verlustig en die verskuldigde boetedoening daarvan uitgestel tot sy dood eers lank daarna. Gewapen met 'n kats, bespring die wreekster Tisiphone die skuldiges sonder meer en jaag hulle voort. Met die linkerhand bedreig sy hulle met haar grimmige slange³⁶ en roep die wrede bende van haar susters nader. Dan, op langelaas, swaai die heilige poorte met 'n aaklige geknars van die skarniere oop. **570**

Sien jy watter soort bewaakster daar by die ingang sit, watter gedaante oor die drumpel waghou? Nog woester is die gedrog wat aan die binnekant woon, die monsteragtige Hydra met vyftig oopgesperde bekke. Daaragter gaap Tartarus self loodreg af. Tweemaal so diep strek dit omlaag die skadu's in, as wat ons blik omhoog na die hemelse Olympus reik. Hier krul die oeroue nakomelinge van Aarde op die bodem van die kuil rond, die volk **580** van die Titane, neergevel deur 'n bliksemstog. Hier het ek ook albei die seuns van Alóeus gesien, reusagtige gedaantes wat probeer het om die grote hemel met hulle hande af te breek en om vir Jupiter van sy troon daar bo te stoot. Ek het ook vir Salmoneus gesien waar hy die grusame straf uitdien wat hom oorval het onderwyl hy besig was om Jupiter se blitse en die donder van Olympus na te boots. Fakkelswaaiend is hy deur sy vierspan voortgetrek, en triomfantelik het hy tussen die Griekse stamme deur gery, ja, dwarsdeur die stad Elis³⁷, en vir homself die verering opgeëis wat gode toekom, die dwaas! Om die onweerswolke **590** en onnabootsbare donder met klinkende brons en die getrappel van horinghoewige perde te wil na-aap! Maar die almagtige Vader het sy skig deur digte wolke geslinger – geen fakkels, hy, of die

³⁶ Slange het vir haar as hare gedien.

³⁷ Waar Jupiter besondere verering geniet het.

rokerige gloed van dennehouttoortse nie – en hom met 'n ontsettende werwelwind halsoorkop neergeslinger.

Ook Tityus was daar te sien, troetelkind van moeder Aarde wat alles voortbring. Oor 'n volle nege akkers lê sy liggaam uitgestrek, en 'n monstertagtige aasvoël vreet met krom snawel aan sy onsterflike lewer en ingewande, vrugbaar vir nuwe foltering. Op soek na kos vroetel dit daar rond en woon diep binne in sy bors. Geen respyt word gegun aan die vesels wat immer opnuut groei nie. Waarom sou ek vertel van die Lapithae, van Ixion en Pirithoüs? Dreigend hang 'n swart rotsblok bo hul hoof, op die punt om iedere oomblik neer te stort, presies asof dit reeds aan die neerstort is. Goue kussingstutte glans op die hoë feestelike aanlêsofas, en voor hulle oë is 'n maaltyd van koninklike weelde berei. Vlakby lê die oudste van die Furieë³⁸ en belet hulle om die voedsel met die hand aan te raak: sy kom orent, lig haar fakkel, en dreig met 'n donderende stem.

600

Hier woon almal wat in die lewe hulle broers gehaat het, of wat 'n vader mishandel, of bedrog teen 'n afhanklike gesmee het; almal wat in afsondering oor hulle verkreeë rykdom gebroeï het sonder om 'n deel daarvan vir hulle eie familie eenkant te sit – en dit is die talrykste skaar. Ook almal wat weens owerspel gedood is, of wat deelgeneem het aan 'n goddelose oorlog en nie geskroom het om die vertroue van hul meesters te verrai nie. Ingekerker sit hulle almal hier en wag op hulle vonnis. Vra nie dat ek jou moet inlig oor die straf wat daar op hulle wag, of oor die soort misdaad of die noodlotbestemming wat hierdie mense oorweldig het nie. Party rol 'n ontsaglike rotsblok³⁹ aan, of hang oopgespalk aan die speke van wiele.⁴⁰ arme Theseus sit daar, en sal tot in ewigheid daar sit. Phlegyas, rampsaliger as enigeen, getuig met luide stem en

610

³⁸ Die Harpy Celaeno noem haarself ook so (Bk. 3. 252), maar dis beslis nie sy wat hier in die Hel is nie.

³⁹ Sisyphus se straf was om 'n swaar rotsblok teen 'n heuwel uit te rol; net sodra hy bo kom, rol dit vanself weer terug, en moet hy weer van onder af begin aanrol.

⁴⁰ Ixion was aan 'n immer draaiende wiel vasgebind.

vermaan almal deur die skadu's heen: "Wees gewaarsku, leer om regverdig te wees en die gode nie te verag nie." Hierdie een het sy vaderland vir goud verkoop en 'n magtige dwingeland daaroor gestel: vir omkoopgeld het hy wette gemaak en ongedaan gemaak. Daardie een het sy dogter se slaapkamer binnegedring en 'n verbode huwelik met haar gesluit. Almal het 'n gruwelike misdryf aangedurf, en volvoer wat hulle aangedurf het. Al het ek 'n honderd tonge gehad, 'n honderd monde en 'n stem van yster, sou ek nie in staat wees om al die vorms van misdaad te beskryf, en al die name van die strawwe op te noem nie."

620

DIE BURG VAN PLUTO

Nadat die bejaarde priesteres van Apollo hierdie woorde gespreek het, vervolg sy: "Maar kom, gaan nou flink voort op jou weg en voltooi die taak wat jy onderneem het; ons moet ons haas. Ek sien die mure wat in die Siklope se smidsoonde vervaardig is, en onder die gewelf hier reg voor ons, die ingang waar hulle ons beveel om hierdie voorgeskrewe wygeskenke neer te lê." Sy het opgehou met praat, en sy aan sy stap hulle met die donker paaie voort. Vinnig lê hulle die afstand tussenin af en nader nou die deure. Aeneas betree eerste die ingang, besprinkel sy lyf met vars water, en heg die twyg aan die deurpos voor hom vas.

630

ELYSIUM

Nadat hierdie seremonies eindelik uitgevoer en die diens aan die godin volbring is, bereik hulle die oorde van vreugde, lieflike groen drewe in die woude, geluksalige tuiste van die geseëndes. Hier strek die lugruim wyer uit en klee die velde met stralende lig; hier ken die bewoners hulle eie son, hulle eie sterre. Party oefen hulle ledemate op die grasbegroeide worstelperke, wedywer al spelend en pak mekaar aan op die geel sand. Onder luide gestamp van voete voer ander reidanse uit en sing koorliedere daarby. Geklee in 'n slepende gewaad begelei die Thraciese priester⁴¹ hulle

640

⁴¹ Orpheus, 'n priester van Apollo.

ritme met die klanke van sy sewe verskillend gestemde liersnare; nou tokkel hy hulle met sy vingers, dan weer met 'n ivoor siterpen. Hier woon die oeroue geslag van Teucer, 'n alleredelste nakroos van groothartige helde in gelukkiger tye gebore: Ilus en Assaracus, en Dardanus, die stigter van Troje. **650**

Op 'n afstand kyk Aeneas met verbasing na die manne se wapens en die skimmige strydwaens. Roerloos staan hulle spere in die grond vasgesteek, en orals op die vlakke wei hulle uitgespanne perde. Dieselfde genot wat hulle in die lewe uit strydwaens en wapens geput het, dieselfde besorgdheid om blinkvet perde te onderhou, bly hulle by nadat hulle in die aarde weggelê is.

Regs en links, kyk!, sien hy ander skimme wat op die grastapyt 'n feesmaal nuttig. In 'n koor sing hulle 'n jubelende himne aan die gode te midde van 'n geurende lourierbos, vanwaar die magtige stroom van die Eridanus opwaarts deur die woud na die bowêreld kronkel. Hier woon die talryke skaar wat in die stryd ter verdediging van hul vaderland wonde opgedoen het, almal wat hulle lewe lank kuise priesters was, al die vrome digtersangers wie se woorde Apollo waardig is. Ook hulle wat die lewe veredel het met die kunste deur hulle uitgevind, en diegene wat deur verdienstelikheid gemaak het dat ander hulle onthou: hulle almal dra 'n sneeuwit hoofband om die slape. **660**

Toe hierdie skimme aan alle kante om haar toestroom, spreek die Sibille hulle soos volg aan, maar rig haar veral tot Musaeus – hy was immers die middelpunt van 'n baie groot menigte wat na hom opkyk waar hy van sy skouers af boontoe hoog bo hulle uitstaan: “Sê my, geluksalige geeste, en u, voortreflike digtersanger, watter streek, watter plek huisves vir Anchises? Om sy ontwil het ons gekom en die magtige riviere van die Onderwêreld oorgesteek.” Die held het haar kortliks soos volg geantwoord: “Niemand het hier 'n vaste woonplek nie; ons woon in skaduryke woude en maak ons tuis op die rusbank van rivieroewers en in weides, groen van stromende beke. Maar as jul hartsverlange julle daartoe noop, stap dan oor hierdie heuwelrug en ek sal julle nou-nou op 'n gemaklike voetpad bring.” Dit het hy gesê en voor hulle uit aangestap. Van daar bo af toon hy aan hulle die glansende vlaktes; daarna daal hulle van die kruintoppe af. **670**

DIE ONTMOETING MET ANCHISES

Diep in 'n groen vallei was vader Anchises egter besig om met
aandag en belangstelling die siele te beskou wat daar ingekluister
was, en voorbestem om eendag na die lig daarbo te gaan. Hy het
juis noukeurige oorweging geskenk aan die hele skaar van sy
mense, sy geliefde nasate, en aan die lotgevalle en lotsbestemming
van die manne, aan hulle sedes en prestasies. Toe hy vir Aeneas
oor die grasveld na hom toe aangestap sien kom, het hy albei sy
hande vreugdevol uitgestrek, en terwyl die trane oor sy wange rol,
het hierdie woorde sy lippe ontval: "Het jy uiteindelik gekom? Het
die kinderliefde wat jou vader van jou verwag het oor die
moeitevolle tog geseëvier? Word dit my gegun om jou gelaat te
aanskou, my seun, en om welbekende woorde te hoor en te sê? So,
inderdaad, het ek geglo en gereken, terwyl ek die dae aftel, sou dit
gebeur. En my verlange het my nie mislei nie. Deur watter lande,
oor watter ontsaglike seë het jy gereis voor ek jou eindelik hier kan
verwelkom! Deur watter ontsaglike gevare, my seun, is jy
rondgeslinger! Hoe het ek tog gevrees dat die koninkryk van Libië
jou enigermate leed sou berokken!" Maar Aeneas antwoord: "U
beeltnis, vader, u gekwelde beeltnis wat so dikwels aan my verskyn
het, het my gedwing om na hierdie wonings af te reis. My vloot lê
voor anker in die Tirreense see. Vergun my om u hand te druk,
vergun my dit, vader, en onttrek u nie aan my omhelsing nie."
Terwyl hy so sê, het 'n tranevloed oor sy wange gestroom.
Driemaal het hy daar probeer om sy arms om sy vader se nek te
slaan; driemaal het hy die beeld misgevat en het dit sy hande
ontglip, soos ligte winde, en net soos 'n vlugtige droom.

Intussen sien Aeneas in 'n afgeleë vallei 'n eensame bos met
ritselende struike, en 'n rivier, die Lethe, wat by die vredige
woningen verbyvloei. Om hierdie rivier fladder daar ontelbare
stamme en volkere rond: soos wanneer bye op 'n helder somersdag
in die velde op die veelkleurige blomme gaan sit, en al om die
blankwit lelies draai terwyl die ganse vlakke gons van hul gesoem.
By hierdie onverwagte skouspel skrik Aeneas, en vra in sy
onwetenheid na die oorsake: welke rivier dit daar in die verte is,
wie die manne wat in so 'n ontsaglike massa die oewers beset. Toe
sê vader Anchises: "Langs die deining van die Lethestroom drink

die siele aan wie 'n tweede liggaam deur die noodlot verskuldig is, water wat van sorge bevry, en eidelose vergete. Lank reeds, voorwaar, begeer ek om jou van hulle te vertel, om hulle van aangesig tot aangesig vir jou te wys, ja, om hierdie nageslag van my kinders vir jou af te tel, sodat jy des te meer saam met my bly kan wees dat Italië gevind is.” “Vader, moet ons dan aanneem dat sommige verhewe siele vanhier opstyg na die bowêreld, en weer na trae liggame toe terugkeer? Wat 'n heillose verlange na die lig het die ongelukkiges tog!” “Dit sal ek jou gewis verklaar, my seun, en jou nie in onsekerheid hou nie”, antwoord Anchises, en een na die ander openbaar hy elke geheimenis.

720

“In die eerste plek word die hemel en die aarde en die watervlaktes, die liggende bol van die maan en die Titaniese⁴² son en sterre, deur 'n gees binne in hulle gevoed. 'n Siel deurdring die ledemate, bring die hele massa in beweging, en word een met die groot geheel. Daaruit ontstaan die menseras en diere, die voëllewe, en die wanstaltige wesens wat die see onder sy helder oppervlakte voortbring. Vurig is die krag, en hemels die oorsprong van daardie lewenssaadjies, behalwe insoverre as wat skadelike liggame hulle belemmer, en aardse ledemate en sterflike gestaltes hulle afstomp. Dit is die oorsaak van hulle vrees en verlange, van hulle verdriet en vreugde, en omdat hulle in die duisternis van 'n donker kerker opgesluit is, het hulle geen uitsig na die hemelse lig nie. Ja, selfs as die lewe hulle met sy allerlaaste daglig verlaat het, wyk elke kwaad en alle plaë van die liggaam nie algeheel van die rampsaliges af nie, en moet menige smet wat lank saam gegroei het noodwendig op wonderbare wyse diep ingewortel wees. Daarom word hulle deur straf gelouter en boet hulle vir misdade van vroeër. Party word oopgespalk en voor die yl winde uitgehang; by ander word die besmetting van misdryf in 'n ontsaglike draaikolk afgewas, of met vuur uitgebrand. Elkeen van ons ondergaan as skim sy eie loutering. Daarna word ons weggestuur deur die ruim Elysium en ons paar bewoon die velde van geluk, totdat 'n veraf dag, wanneer die kringloop van die tyd voltooi is, die vasgegroeide

730

740

⁴² Son (Sol, of Helios) was 'n seun van die Titaan Hyperion.

verderf uitgewis het en die hemelse gesindheid en vlam van louter lug⁴³ in ons suiwer laat. Wanneer die siele hier voor ons die wiel van die tyd 'n duisend jaar lank voortgerol het, nooi die god hul almal in digte skaar na die Lethestroom, sodat hulle sonder heugenis, natuurlik, die hemelgewelf weer kan besoek en 'n 750 begeerte kan begin koester om in 'n liggaam terug te keer."

Anchises het geswyg, en sy seun, met die Sibille saam, na die midde van die toeloop en die gonsende menigte getrek. Hy klim op 'n heuwel vanwaar hy almal kan onderskei waar hulle in 'n lang ry daar voor hom staan, en die gesigte kan uitken soos hulle aankom.

ANCHISES SE VOORSPELLING

"Kom, nou sal ek jou ook in woorde meedeel welke roem die kroos van Dardanus hierna ten deel val, watter nasate van Italiaanse afstamming daar op jou wag, van die luisterryke siele wat bestem is om ons naam te erf, en jou inlig oor jou lotsbestemming. Die jongman daar, jy sien hom, wat op sy spies 760 sonder 'n punt⁴⁴ leun, hou kragtens lot die plek naaste aan die daglig. Hy sal deur vermenging uit Italiaanse bloed ontspruit en eerste na die hemelse lug opstyg. Silvius word hy genoem, 'n Albaanse naam, jou laasgeborene. Láát op jou oudag sal jou vrou Lavinia hom vir jou in die woude voortbring, 'n koning en vader van konings. Van hom af sal ons geslag in Alba Longa die septer voer.

Daardie een langs hom is Procas, roem van die Trojaanse ras. Dan Capys en Numitor, en hy wat jou met sy naam in herinnering sal roep, Silvius Aeneas, wat eweseer as jy deur pligsbesef en wapendade gaan uitblink wanneer hy Alba eindig as sy koninkryk 770 ontvang. Ai, welke jongmanne tog! Watter ontsaglike krag lê hulle

⁴³ Volgens sommige antieke filosowe was louter of elementale lug die substansie waaruit die siel bestaan het. In sy suiwerste vorm was dit identies aan vuur.

⁴⁴ In vroeër tye was dit die beloning aan 'n jong stryder na sy eerste oorwinning.

aan die dag, kyk!, en hulle slape is beskadu deur die burgerkrans van eikelower!⁴⁵ Hierdie manne sê ek jou, sal Nomentum en Gabii en die stad Fidena stig; hierdie manne sal die vestings van Collatia op die berge bou, ook Pometii en Fort Invus en Bola en Cora. Hierdie name sal dān beroemd wees, maar tans is dit oorde sonder naam.

Meer nog, die seun van Mars, Romulus, wat deur sy moeder Ilia uit die bloed van Assaracus voortgebring sal word, sal in die bowêreld by sy grootvader⁴⁶ aansluit. Sien jy hoe die dubbele helmpluim⁴⁷ op sy hoof staan, en hoe sy vader hom in eie persoon met sy eie ereteken reeds nou al vir die bowêreld aanwys? Ja, onder hierdie man se geïnspireerde leiding, my seun, sal daardie roemryke Rome sy gesag tot aan die grense van die aarde verbrei, en sy trotse gees tot aan die hemel bo. As een stad sal hy sy sewe heuwels met 'n muur omring, geseën met 'n nakroos van helde: so ry die Berecynthiese moeder⁴⁸ met torings gekroon op haar strydwa deur die stede van Frigië, vergenoeg met haar nakroos van gode, haar arms om 'n honderd kleinkinders geslaan, almal hemelbewoners, almal besetters van die hoogtes daarbo.

780

Wend nou albei jou oë hierdie kant toe, aanskou hierdie volk, jou eie Romeine. Hier is Caesar, en Julius se hele nageslag, voorbestem om onder die magtige hemelgewelf te verskyn.⁴⁹ En hier, hier is die man wat jy so dikwels hoor aan jou voorspel word, Augustus Caesar, die seun van 'n god⁵⁰, wat weer 'n Goue Eeu vir Latium sal grondves tussen die akkers lank gelede deur Saturnus regeer, en wat sy ryk tot by die Garamente⁵¹ en Indiërs verby sal

790

⁴⁵ Hierdie krans is as beloning aan iemand gegee wat 'n medeburger se lewe tydens 'n geveg gered het.

⁴⁶ Numitor, in vers 767 genoem.

⁴⁷ Dit verwys na Mars se helm wat met twee pluime versier was. Dit was sy besondere ereteken.

⁴⁸ Cybele, wat op die Berecynthusberg in Frigië aanbid is.

⁴⁹ D.w.s. om in die bowêreld gebore te word.

⁵⁰ Augustus was die pleegseun van Julius Caesar wat na sy dood 'n god verklaar is.

⁵¹ Die mees suidelike volk van Afrika destyds bekend.

verbrei. Die gebied van sy heerskappy lê buite die sterre⁵², buite die jaarbaan van die son, waar die hemeltorser Atlas die firmament, getooi met vonkelende sterre, op sy skouer ronddraai. Ten gevolge van goddelike orakels sidder die koninkryke aan die Kaspiese see en die land van die Maeotiërs reeds nou al by die vooruitsig van sy koms, en die monde van die sewevoudige Nyl is 800 paniekbevange van vrees. Die kleinseun van Alceus⁵³ het nie soveel van die aarde bereis nie al het hy die hert met die koper hoewe neergeskiet⁵⁴, of vrede gebring aan die woude van Erymanthus en Lerna met sy boog laat bewe. Ewemin Liber⁵⁵ wat sy kar triomfantelik met leisels van wingerdranke stuur terwyl hy sy tiere van Nysa se hoë kruin af na onder dryf. Aarsel ons dan nog om ons dapperheid met dade uit te bou, of verhinder vrees ons om in die land van Italië te kom woon?

Wie, egter, is hy daar eenkant, wat met sy kroon van olyftakkies die aandag trek terwyl hy die heilige gerei aandra? Ek ken die hare en gryse baard van daardie Romeinse koning⁵⁶ wat die jong stad op 810 sy wette sal grondves wanneer hy van die skraal grond van die onbeduidende Cures na groot soewereine mag geroep sal word. Vir hom sal Tullus dan opvolg, hy wat sy vaderland se rus sal verbreek en die gemaksugtige burgers en manskappe wat lank reeds nie meer aan triomfoptogte gewoond was nie, weer tot oorlog sal beweeg. Kort na hom volg die praalsieke Ancus wat reeds nou al te veel behae skep in winde van gewildheid.

⁵² Aan weerskante van die skynbare jaarlikse baan van die son (ekliptika) loop daar twee stroke wat die sodiak genoem word, en waarin die twaalf konstellasies of tekens van die sodiak voorkom. Direk onder die sodiak lê die bekende wêreld: noord of suid daarvan lê die onbekende wêreld, d.w.s. "streke buite die sterre".

⁵³ Hercules.

⁵⁴ Drie van die twaalf take van Hercules: om die verskriklik vinnige koperhoef hert te vang, om die wildevark op die Erymanthusberg te vang, om die veelkoppige Hydra te Lerna te vernietig.

⁵⁵ Bacchus. Sy rit in 'n kar wat deur twee tiere van die Nysatop af in Indië waar hy gebore is, na die Weste getrek is, verteenwoordig die vooruitgang en sege van die beskawing.

⁵⁶ Numa Pompilius, tweede koning van Rome, stigter van sy godsdienstige en wetlike instellings.

Wil jy ook die Tarquiniese konings, die trotse skim van die wreker Brutus en die teruggewonne roedebundels⁵⁷ sien? Hy sal die eerste wees wat die gesag van 'n konsul en die wrede byle sal ontvang. En ter wille van die lieflike vryheid sal hy as vader sy seuns wat 'n rewolusie stook tot straf veroordeel, ongelukkige man, hoe die nageslagte ook al daardie daad sal ophemel: die liefde vir sy vaderland en sy grenselose verlange na roem sal seëvier. 820

Kyk verder nog na die Decii en die Drusi daar eenkant, na Torquatus met sy wrede byl, en na Camillus wat die vaandels terugbring. Die skimme daar, wat jy in gelyke wapenrusting sien skitter, nou nog eensgesind solank hulle deur die nagduister in bedwang gehou word, – maar ag, wat 'n ontsaglike oorlog, watter ontsaglike veldslae en slagting sal hulle wedersyds teen mekaar van stapel stuur as hulle die lewenslig bereik! Die skoonvader wat bo van die Alpyne skanse en die vesting van Monoecus af marsjeer, die skoonseun teen hom opgestel met leërmagte uit die Ooste⁵⁸! Nee, my seuns, moenie julle denke gewoond maak aan sulke groot oorloë nie, en moenie jul vaderland se sterke krag teen sy eie hartslag keer nie. En jy⁵⁹ wat jou afkoms aan Olympus ontleen, neem jy eerste 'n gematigde houding in en slinger die wapens in jou hande weg, jy, my eie bloed! 830

En daar is die held wat oor Korinthe gaan triomfeer⁶⁰, en roemryk weens sy verdelging van die Grieke as oorwinnaar sy strydwa na

⁵⁷ Roedebundels om byle (fasces) was die simbool van die hoër Romeinse amptenare se gesag: die roedes simboliseer die reg om lyfstraf toe te dien; die byl, die reg om te dood.

⁵⁸ Die skoonvader is Julius Caesar; die skoonseun, Pompeius wat met Julia, dogter van Caesar getroud was. In hulle burgeroorlog moes Caesar se troepe van Gallië af oor die Alpe marsjeer, terwyl Pompeius sy magte hoofsaaklik uit die Ooste verkry het. Die vestingstad Monoecus is die huidige Monaco.

⁵⁹ Anchises spreek die siel van die ongebore Julius Caesar aan.

⁶⁰ Mummius, wat Korinthe in 146 v.C. vernietig het.

die rysige Kapitoel sal dryf. Daardie ander een⁶¹ sal Argos verdelg, en Mykene, stad van Agamemnon, en die nasaat van Aeacus self, 'n telg van die wapenvaardige Achilles. So sal hy sy Trojaanse voorvaders en die ontwyde tempel van Minerva wreek.

840

Wie sou jou, grote Cato, onvermeld laat, of vir jou, Cossus? Wie die geslag van Gracchus, of beide Scipio's, twee verpletterende oorlogskragte, vernietigers van Libië? Of ook vir Fabricius, 'n magtige man, hoewel arm, of vir jou Serranus, waar jy die saad in jou ploegvoor saai? Waar voer julle my heen, Fabii⁶², moeg soos ek is? Jy is daardie beroemde Grootste, wat man-alleen ons staat vir ons herstel net deur te draal. Andere – dit glo ek gewis – sal ademende bronsbeelde teerder smee, lewende gesigte uit marmer kap, beter pleidooie in regsake lewer, die hemelbane met 'n stif beskryf, en die opkoms van die gesterntes vasstel: jy, Romein, moet onthou om die volkere met gesag te regeer – dit sal jou genie wees – en om die vrede 'n vaste wet⁶³ op te lê, om onderworpenes te benadig en die hovaardiges in oorlog te verpletter.”

850

So het vader Anchises gesê, en hom verder soos volg tot sy verwonderde besoekers gerig: “Kyk hoe stap Marcellus daar, so opvallend in die rusting van 'n gedode veldheer, en hoe triomfantelik toring hy bo al die helde uit. Wanneer 'n groot onrus eendag verwarring saai, sal hy, 'n ridder, die Romeinse staat herstel. Hy sal die Carthagers en die rebelse Galliër terneerslaan, en 'n derde maal verowerde wapens vir vader Quirinus ophang.” Toe vra Aeneas – want hy het 'bemerkt dat 'n jongman van buitengewone skoonheid en met glansende wapenrusting, maar

860

⁶¹ L. Aemilius Paulus, wat die Macedoniese koning Perseus in 168 v.C. verslaan het. Perseus het daarmee gespog dat hy 'n nasaat van Achilles was.

⁶² Anchises is reeds moeg van al die vertel, en nou merk hy die siele van die toekomstige Fabii, 'n familie wat 'n groot aantal beroemde Romeine opgelewer het. Hy kan nie almal vermeld nie, en daarom vestig hy Aeneas se aandag op die belangrikste lid van die familie: Quintus Fabius Maximus Cunctator.

⁶³ Die digter verwys na Augustus wat die vrede deur hom bewerkstellig, duursaam gemaak het deur dit met wet en orde te bekroon.

met verdrietige gelaat en oë neergeslaan, saam met Marcellus stap: “Wie, vader, is dit daardie wat die held so op sy weg vergesel? ’n Seun, of iemand uit die beroemde stam van sy kleinkinders? Wat ’n rumoer van die gevolg rondomheen! Wat ’n indrukwekkende voorkoms het die man! Maar die swart nag huiwer met sombere skadu om sy hoof.”

Terwyl die trane in sy oë opwel, begin vader Anchises toe weer: “My seun, vra tog nie uit na die diepe verdriet van jou mense nie. Die noodlot sal hierdie jongman net aan die wêreld toon, en nie toelaat dat hy langer bly lewe nie. Te magtig sou die Romeinse stam vir u geskyn het, o gode, as hierdie geskenk sy onvervreembare eiendom sou bly. Wat ’n eindelose weeklag van die manne sal daardie vermaarde vlakke⁶⁴ van Mars na sy groot groot stad toe laat aanrol. Of wat ’n begrafnispraal sal jy aanskou, Tiberinus, as jy by die vars grafheuvel verbystroom! Geen enkele seun van Trojaanse afkoms sal sy Latynse voorvaders so seer in vervoering bring met die belofte wat hy inhou nie, en geen ander pleegseun sal ooit soveel deur die land van Romulus geroem word nie. Helaas, pligsvervulling! Helaas, trou van weleer, en ’n hand onoorwinlik in stryd! Straffeloos sou niemand hom, onder wapen, tegemoet getree het nie, of hy nou die vyand te voet bestorm, of sy spore in die flank van sy skuimbgedekte perd kap. Helaas, rampsalige seun, as jy tog net op een of ander wyse die wrede noodlot kon verbreek! Jy sal Marcellus wees. Gee vir my handevol lelies aan! Laat ek donkerrooi blomme strooi. Laat ek ten minste hierdie geskenke op my nasaat se skim stapel en ’n troostelose plig vervul.”

So swerf hulle van plek tot plek deur die hele gebied, oor die wye newelige velde, en neem alles in oënskou. Nadat hy sy seun deur

⁶⁴ Die Marsvlakte (Campus Martius), waar keiser Augustus in 27 v.C. ’n mausoleum vir sy familie laat bou het.

⁶⁵ Die jongman Marcellus, seun van Augustus se suster Octavia. Hy is deur Augustus geadopteer en gekies om die keiser op te volg. Hy sterf egter in 23 v.C. toe hy slegs twintigjaar oud was – ’n smartvolle verlies vir die Romeinse volk.

elkeen van hierdie plekke gelei, en sy hart laat brand het van begeerte na die roem wat sou kom, vertel Anchises die held toe van die oorloë wat hy vervolgens moet voer. Hy lig hom ook in oor die volke van Laurentum en die stad van Latinus, en hoe hy elke ontbering sal kan vermy of verduur. **890**

Daar is twee poorte van die godheid Slaap. Hulle sê een van hulle is van horing, en daardeur kan egte skimme maklik uitgaan. Die ander een, glansend, is van skitterwit ivoor vervaardig, maar daarlangs stuur die geeste vals drome na die bowêreld. Met hierdie woorde⁶⁶ begelei Anchises toe sy seun daarheen, en die Sibille saam met hom, en hy laat hulle deur die ivoorpoort uit. Haastig volg Aeneas die pad na die skepe en besoek weer sy makkers.

Daarna vaar hy reguit met die kus langs na die hawe van Caieta. **900**
Die anker word van die boeg af uitgegooi; roerloos rus die agterstewens op die strand.

⁶⁶ D.w.s. die woorde waarna in vv. 890-92 verwys word.

DIE SEWENDE BOEK

Die oorlog in Latium



...die ganse bende van olyfdraende Mutusca... hulle
wat dié roosdale van die Velinusmeer bewoon, en die
ruwe kranse van Tetrica...

DIE DOOD VAN CAIETA

Ook jy, Caieta, voedster van Aeneas, het met jou dood onsterflike roem aan ons kuste besorg¹. En nou nog bekerm jou aansien jou rusplek, en dui jou naam jou stoflike oorskot in die uitgestrekte Italië aan – as sulke roem iets beteken.

CIRCE DIE TOWENARES

Maar toe die laaste eer volgens gebruik bewys, en die grond van die grafheuvel netjies in 'n hoop afgewerk is, en nadat die stormagtige see tot bedaring gekom het, vaar pligsgetroue Aeneas verder op sy reis en verlaat die hawe. Die briese bly waai tot in die nag, die helder maanlig waarborg 'n veilige vaart en in sý trillende lig glinster die see. Rakelings vaar hulle langs die nabygeleë kus van Circe se land verby waar die ryk dogter² van die Son haar ontoeganklike woude met onophoudelike gesang laat weerklink. In haar statige woning maak sy vuur met geurige sederhout om lig in die nag te verskaf terwyl sy haar fyn gesponne weefsel met weerklinkende wewerskam deurkruis.

10

Hiervandaan word 'n toornige gegrom gehoor van leeus wat hulle teen hul kettings verset en diep in die nag brul; stekelige wildevarke en bere woed in hul hokke en gedaantes van reusagtige wolwe huil. Met kragtige towerkruie het Circe, wrede godin, hulle van hul menslike gestaltes verander en in die voorkoms en liggame van wilde diere gehul. Om te voorkom dat die goeie Trojane 'n dergelike onnatuurlike gedaantewisseling ondergaan, of dat hulle haar hawe binnevaar en die afgryslike kus nader, het Neptunus hulle seile met winde gevul, ontvlugting gebied en hulle by die kokende waters verbygevoer.

20

¹ Net soos Misenus (Bk. 6, 232 e.v.) en Palinurus (Bk. 6, 381).

² Circe.

DIE LANDING AAN DIE TIBERMONDING

En nou het die see rooi begin gloei in die ligstrale, en vanuit die hoë hemel het die Daeraad goudgeel geskitter in haar rooskleurige tweespanwa, toe die winde gaan lê, elke vlagie eensklaps afneem en die roeispane moeisaam in die weerspannige seevlak beur. Maar kyk! van die see af gewaar Aeneas hier 'n ontsaglike woud. Tussen die bome stort die Tiber met sy lieflike stroom hom in 'n kolkende maling en geel van baie sand in die see uit. Rondomheen en daar bo het veelkleurige voëls wat op die oewers en in die rivierbedding boer, die lug met gesang bekoor en in die heilige woud rondgedartel. Hy gee aan sy makkers opdrag om koers te verander, die boeë landwaarts te swaai, en opgeruimd vaar hy die skaduryke rivier op.

30

AANROEPING VAN DIE MUSE

Kom dan nou, Erato³: wie die konings, wat die tye, wat die stand van sake in aloue Latium was toe die vreemde leër die eerste maal sy vloot aan die kuste van Italië laat land het – dit sal ek berig, en die voorspel tot die eerste geveg in herinnering roep. U, godin, lig u u digter in. Ek sal vertel van afgryslike oorloë, vertel van slaglinies en konings wat moedig op die dood afstorm, van die Etruriese bende, en die ganse Italië onder wapen verenig. Groter is die verhaal wat voor my ontvou, groter die taak wat ek onderneem.⁴

40

LATINUS

Koning Latinus, reeds bejaard, het in langdurige vrede oor sy velde en rustige stede regeer. Die gerug wil dat hy uit Faunus en

³ Normaalweg die Muse van liefdespoësie, hier egter 'n godin van die lied in die algemeen.

⁴ Uit hierdie woorde kan ons opmaak dat die vernaamste deel van sy werk vir Vergilius hier begin, nl. met die gebeurtenisse in Italië.

die nimf Marica van Laurentum gebore is. Faunus se vader was Picus, en met Saturnus spog hy as sy vader en die eerste bron van hulle bloed.

Deur die wil van die gode het Latinus nie 'n seun of 'n manlike nakroos gehad nie, want hulle is weggeraap terwyl hulle in die lente van hul jeug aan die opgroei was. 'n Enkele kind het sy huis en grootste woning bewaar, 'n dogter, nou ryp vir 'n eggenoot, nou volwasse en hubaar. Baie uit wydstrekkende Latium en die ganse Italië het haar die hof gemaak, maar die aansienlikste bo alle ander wat haar die hof gemaak het, is Turnus, 'n jonkman met 'n lang en deurlugtige voorgeslag, een wat die koningin-moeder met wonderbaarlike hartstog begeer het om as skoonseun aan haar te verbind. Maar die gode staan dit met allerlei verskrikkings in die weg.

50

VOORTEKENS VAN DIE OORLOG

In die middel van die paleis, in die rysige binnehof het daar 'n lourierboom met heilige blaretooi gestaan, baie jare lank deur godsdienstige ontsag beskerm. Vader Latinus het dit na bewering daar gevind en eiehandig aan Phoebus gewy toe hy sy eerste vesting gebou het, en na die boom die naam Laurenti aan sy setlaars gegee. 'n Digte swerm bye het met luide gesoem deur die helder lug getrek, en wonderbaar om te vertel, op die kruin van hierdie boom gaan sit, en met die pote bymekaar ingehaak in 'n haastig gevormde tros van die blaarryke tak afgehang. Dadelik roep die siener uit: "Ek sien 'n vreemdeling aankom, en uit dieselfde rigting 'n leër op mars na dieselfde oord, en dit voer heerskappy in ons vestingtop."

60

70

Meer nog, terwyl hy met gewyde fakkels die altare aansteek, en die meisie Lavinia langs haar vader staan, word daar gesien, o gruwel!, hoe sy die vuur in haar lang hare opvang, hoe haar hele hooftooisel in 'n knetterende vlam verbrand word, haar vorstelike hare aan die brand, aan die brand haar kroon, merkwaardig met sy edelstene; hoe sy toe in rook en 'n geel gloed gehul word en die vuur oral deur die paleis laat versprei. Onder die mense is daarvan gepraat as voorwaar 'n skrikwekkende en wonderbaarlike gesig:

want, het hulle voorspel, sy self sal luisterryk wees na roem en lot, maar vir haar volk voorspel dit 'n groot oorlog.

80

LATINUS RAADPLEEG DIE ORAKEL

Maar verontrus deur die voortekens nader die koning die orakel van Faunus, sy profetiese vader, en raadpleeg die heilige woude onder hoogliggende Albunea wat as die magtigste van alle woude met heilige bron ruis, en in skadu gehul 'n dodelike swaeldamp uit die aarde asem. Hiervandaan vra die stamme van Italië en die ganse land van Oenotrië antwoorde in tye van nood. So dikwels as wat die priesteres offergawes hierheen bring en sy onder die stille nag op die oopgespreide velle van geslagte skape gaan lê en die slaap begeer, dan sien sy menige skim wat op wonderbare wyse daar rondfladder, hoor sy velerlei stemme, voer sy gesprekke met die gode en praat met Acheron in die diepte van die hel.

90

Hier het vader Latinus toe self ook 'n antwoord kom vra, soos gebruiklik 'n honderd wollige tweetand skape geslag en op die uitgespreide velle, 'n kleed van vag, gelê. Skielik word die antwoord uit die diep woud gegee: "Streef nie daarna, my seun, om jou dogter in 'n Latynse huwelik te verbind nie, en plaas geen vertrouwe in die bruidskamer wat reeds gereed staan nie; daar sal vreemdelinge kom om jou skoonseuns te word, bestem om met hulle bloed ons naam tot aan die sterre te verhef, en wie se nakroos uit hulle ras die hele wêreld, waar die son op sy daaglikse tog albei oseane⁵ aanskou, onder hul voete neergewerp en regeer sal dien." Hierdie antwoord van sy vader Faunus, en die waarskuwing wat in die stilte van die nag aan hom gegee is, hou Latinus nie in sy eie mond toegesluit nie. Gerug wat wyd en syd rondvlieg, het die nuus reeds deur die stede van Italië gedra toe die kinders van Laomedon⁶ hulle vloot teen die grasbegroeide hang van die oewer vasgemeer het.

100

⁵ D.w.s. sowel die Ooste as die Weste, daar die Oseaan gesien is as 'n stroom wat om die aarde vloei.

⁶ Die Trojane.

CELAENO SE VOORSPELLING WORD VERVUL

Aeneas, sy hoofleiers en die skone Julius vly hulle liggame te ruste neer onder die takke van 'n hoë boom. Hulle maak 'n maaltyd gereed, plaas oral op die gras speltkoeke onder die geregte – so het Jupiter self dit by hulle ingegee – en belaa die deegonderlaag met veldvrugte. En hier, nadat die res genuttig was en die honger vir nog iets om te eet hulle daartoe gedryf het om aan die dun koeke te byt en om met onbeskroomde hand en mond die ronding van die bestemde brood te ontwy en die breë stukke nie te spaar nie – hier roep Julius uit: “Haai, eet ons ook ons tafels op?”, niks meer nie, en bloot in 'n grap. 110

Hierdie uitroep het by die hoor daarvan 'n perk gestel aan ons ontberinge⁷, en net toe dit die spreker se lippe ontval, het sy vader dit opgevang, en oorstelp deur die goddelike openbaring, hom verhinder om nog iets te sê. Onmiddellik roep Aeneas uit: “Gegroet, land aan my deur die noodlot verskuldig! Gegroet ook u, troue Huisgode van Troje! Hiér is ons tuiste, en dis ons vaderland dié. Want my vader Anchises – ek herinner my nou – het aan my hierdie lotsgeheim nagelaat: My seun, wanneer jy na 'n onbekende kus gevoer is en jy jou maaltyd geniet het, maar die noodlot jou dwing om ook jou tafels te verslind, dan moet jy in jou vermoeidheid hoop op 'n tuiste, moet jy onthou om daar met jou hand jou eerste huise op te rig en hulle met 'n stewige wai te omring.” Dit was daardie honger dié, hierdie die laaste ontbering wat op ons gewag het en wat bestem is om 'n einde te maak aan ons wrede beproewinge. Kom dan, laat ons blymoedig met die eerste strale van die son verken watter land dit die is, watter mense dit bewoon, waar die stad van die inheemse nasie lê, en laat ons verskillende rigtings van die hawe af inslaan. Pleng nou jul bekere tot eer van Jupiter, roep my vader Anchises in jul gebede aan en plaas weer die wyn op die tafels.” 120 130

⁷ Vgl. Bk. 3, 255 e.v.

So sê hy, omstrengel vervolgens sy slape met 'n blaarryke takkie en aanbid die skutsgees van die plek, ook Aarde, die eerste van die gode, en die Nimfe en die tot dusver onbekende riviere; dan roep hy die Nag aan en Nag se opgaande hemeltekens, en Jupiter van die Idaberg en die Frigiese Moeder⁸, die een na die ander; en sy twee ouers⁹, in die hemel en in die Onderwêreld. Hier het die almagtige vader drie maal helder vanuit die hoë hemel gedonder, self met sy hand getref en 'n wolk wat van goue ligstrale gloei in die lug ten toon gestel. Plotseling verbrei die gerug hom nou onder die Trojaanse skares dat die dag aanbreek het waarop hulle hul beloofde stad moet stig. Wedywerend hernieu hulle die feesmaal, en verbly deur die magtige voorteken plaas hulle mengkomme neer en omkrans die wyn.¹⁰ 140

DIE TROJANE VERKEN DIE LAND

Toe die volgende dag aanbreek en met sy eerste strale oor die aarde beweeg, soek hulle in verskillende rigtings na die stad¹¹ en grense en kuste van die inheemse volk. Dit, verneem hulle, is die poele en bron van Numicus; dit die Tiberrivier; dat die dapper Latyners hier woon. Toe gee die seun van Anchises opdrag aan 'n honderd gesante, uit elke rang gekies, om na die majestueuse stad van die koning te gaan; hulle almal moet omkrans wees met takkies van Pallas¹², en vir die held geskenke bring en vrede versoek vir die Trojane. Hulle talm nie en op sy bevel haas hulle heen met vinnige pas. Aeneas self baken sy mure af met 'n vlak grag en met inspanning maak hy die plek gereed. Soos gewoontlik by 'n laer, omring hy die eerste nedersetting aan die kus met 'n wal en borswerings. 150

⁸ Cybele.

⁹ Venus en Anchises.

¹⁰ Blomkranse is om die mengkomme geplaas.

¹¹ Lavinium.

¹² Olyftakkies; die olyf was Pallas se heilige boom.

En nou het sy manne die reis afgelê, die torings en steil geboue van die Latyners in sig gekry en hulle mure genader. Voor die stad is seuns en jongmanne in die vroeë fleur van hulle lewe besig om perdry te oefen en onder 'n stofwolk perde vir die strydwa te tem. Ander span gretig hulle boë, slinger buigsame werpspiese warrelend van hul skouers af, of daag mekaar uit tot wedloop en boksgeveg – toe 'n boodskapper vooruit ry en aan die bejaarde koning se ore berig bring dat magtige manne in onbekende drag opgedaag het. Hy gee opdrag dat hulle die paleis ingenooi word en gaan sit in die middel van die vergadersaal op sy voorvaderlike troon. 160

'N BESKRYWING VAN LATINUS SE PALEIS

Die paleis, majestueus en groots en gestut deur 'n honderd suile, het heelbo op die vesting gestaan, eens die woning van Laurentiese Picus, ontsagwekkend met sy woude en vrome verering van die voorvadere. Vir die konings was dit 'n gelukvoorspellende gebruik om hier hulle septeers te ontvang en die eerste keer die roedebundels op te neem. Hierdie heiligdom was hul se senaatshuis, hiër die plek vir hulle feesmaaltye; hiër het die vaders gewoonlik na 'n offer van ramme by die aaneenlopende ry tafels aangesit. Ja meer nog! Hier was die standbeelde van hul voorvadere van ouds, uit ou sederhout gesny, die een na die ander. Ook Italus en vader Sabinus die wingerdplanter, wat in die uitbeelding nog sy gekromde snoeimes behou; en die grysaard Saturnus en die beeltnis van Janus met sy dubbele gesig het in die voorportaal gestaan. Ook die ander vorste uit die voortyd, en helde wat gedurende oorlog wonde opgedoen het in die stryd ten behoeve van hul vaderland. Baie wapens hang daar boonop aan die heilige deurposte: gebuite strydwaens, boogvormige byle, helmbose, yslike poortgrendels, werpspiese, skilde, en boegsnawels wat van skepe afgeruk is. Picus, die perdetemmer, het self daar gesit met Quirinus¹³ se wiggelstaf in die hand, sy kort toga met 170

180

¹³ Quirinus, d.w.s. Romulus, was die eerste voëlwiggelaar van Rome en het daarom die uiterlike kentekens van 'n Romeinse voëlwiggelaar gedra: die gekromde staf, die heilige skild en die kort toga met purper strepe.

purper strepe opgebind, terwyl hy in sy linkerhand die heilige skild hou; sy aspirant-eggenote Circe, oorweldig deur liefdeslus, het hom met haar goue staf geslaan, met toormiddels in 'n voël verander en sy vlerke met helder kleure gespikkel. 190

Gesete op die troon van sy vadere in so 'n tempel, het Latinus die Trojane na hom in sy paleis genooi, en toe hulle binnekom, het hy hulle eerste met kalm gelaat soos volg begroet: “Sê my, Trojane – want ons is nie onbekend met julle stad en ras nie, en ons het gehoor van julle reis oor die see – wat verlang julle? Welke oorsaak het julle skepe deur soveel donkerblou waters na die kus van Italië gevoer, of wat het julle van my nodig? Of as julle weens 'n vergissing in koers, of deur storms gedryf – dinge wat matrose dikwels op die diepsee ervaar – ons rivieroewers binnegevaar het en in die hawe lê, moenie ons gasvryheid vermy nie. En weet ook dat ons Latyners, 'n ras van Saturnus, sonder dwang of wette regverdig is, en uit vrye wil selfbeheersing beoefen volgens die gewoonte van ons aloue god. En ek herinner my gewis – maar weens die jare is die verhaal effens vervaag – dat die Italiaanse grysaards altyd vertel het hoe Dardanus, in hierdie land gebore, deurgedring het na die stede van Trojaanse Ida en Thraciese Samos, wat tans Samothracië genoem word. Van hier af, van die Tirreense tuiste van Corythus af, het hy vertrek, en nou verwelkom die goue paleis van die sterrehemel hom op sy troon, en met sy altare vermeerder hy die aantal van die gode”. 210

ILIONEUS NEEM DIE WOORD NAMENS DIE TROJANE

Hy het geswyg, en met hierdie woord het Ilioneus daarop geantwoord: “O koning, deurlugtige spruit van Faunus, geen donker storm het ons op die golwe rondgeslinger en gedwing om in u land skuiling te soek nie. Ook geen ster of kus het ons mislei ten opsigte van die rigting van ons pad nie: doelbewus en met hunkerende harte nader ons hierdie stad van u, verjaag uit ons koninkryk, eenmaal die grootste wat die son daagliks met sy koms van die verste rand van Olympus af aanskou het. Uit Jupiter stam die bron van ons ras, in Jupiter as voorsaak verheug die manne van Troje hulle, en uit die allerhoogste geslag van Jupiter spruit ons 220

koning self: Aeneas van Troje het ons na u drumpel gestuur. Hoe geweldig die storm was wat van wrede Mykene af losgebars en oor die vlaktes van Troje getrek het, deur welke noodlot beide wêrelde van Europa en Asië gedryf is om in oorlog te bots – dit het elkeen al gehoor, sowel hy wat van ons afgeskei word deur die verste land waar die Oseaan terugstroom, as hy wat afgesonder word deur die hemelstreek van die fel brandende son waar dit in die middel¹⁴ van die vier hemelstreke strek. Ontkom aan daardie vloed het ons oor menige onmeetlike see gevaar, en ons vra net 'n beskeie woning vir ons vaderlandse gode, 'n onskadelike landingsplek aan die kus en water en lug wat sonder belemmering vir almal tot beskikking staan.

230

Ons sal u ryk nie tot skande strek nie, u roem sal ryklik verkondig word; ons dankbaarheid vir so 'n groot weldaad sal nie verflou nie en dit sal die Italiane nie berou dat hulle Troje aan hulle boesem verwelkom het nie. By die noodlot van Aeneas sweer ek, en by sy magtige regterhand, of iemand dit nou in 'n saak van trou of met oorlog of wapens op die proef gestel het, baie volkere en baie nasies – minag ons nie omdat ons uit eie wil met ons hande heilige bande¹⁵ toereik en smekende woorde tot u rig nie – het ons al vir hulleself gesoek en begeer om ons as bondgenote aan hulle te verbind. Maar die noodlot van die gode het ons met hulle opdragte gedwing om u land uit te soek. Van hier stam Dardanus, hierheen keer ons terug en hier na Tirreense Tiber en die heilige poele van die bron van Numicus dwing Apollo ons met sy streng opdragte. Verder bied ons koning u hierdie klein geskenkies uit sy vroeë rykdom aan, skamele reste uit die brandende Troje gered. Met hierdie goue bokaal het vader Anchises altyd by die altare plengoffers gebring, dié was Priamus se uitrusting wanneer hy volgens sy gewoonte reg gespreek het vir die versamelde volkere: die septer, die heilige tulband, en die ampsgewaad – die werk van Troje se vroue.”

240

¹⁴ D.w.s. almal ver na die weste en anderkant die trope het al daarvan gehoor.

¹⁵ Die bande om die olyftakkies van smekeling gedraai.

LATINUS NEEM DIE TROJANE SE HAND VAN VRIENDSKAP AAN

Terwyl Ilioneus nog so praat, sit Latinus met neergeslane blik. Roerloos staar hy na die grond en beweeg sy oë heen en weer terwyl hy konsentreer. Maar dis nie die geborduurde purper, nie soseer Priamus se septer wat hom ontroer nie, as dat hy in sy gedagte gemoeid is met die huwelik en bruidskamer van sy dogter, en die orakel van aloue Faunus in sy hart oordink: hierdie man, reken hy, is die een wat van 'n vreemde tuiste afgereis het, wat deur die noodlot bestem is om sy skoonseun te word en na heerskappy met gelyke gesag geroep word; hy sal 'n nakroos met buitengewone dapperheid hê, wat die ganse aarde met manlike krag sal beheers. Eindelik sê hy bly: “Mag die gode my planne en hulle profesie begunstig! Jou begeerte Trojaan, sal vervul word. En ek versmaai ook nie die geskenke nie. Solank Latinus die koning is, sal julle die vetheid van vrugbare grond en die welvaart van Troje nie ontbeer nie. Laat Aeneas net self, indien hy so seer na ons verlang, indien hy gretig is om in vriendskap aan ons gebind en bondgenoot genoem te word, hierheen kom en nie terugdeins vir vriendelike gesigte nie. Vir my sal dit 'n voorwaarde vir vrede wees om die hand van julle vors aan te geraak het. Neem julle nou op julle beurt my boodskap aan julle koning terug: ek het 'n dogter wat deur die orakels van my vader se heiligdom en 'n groot aantal voortekens uit die hemel verbied word om haar aan 'n bruidegom van ons geslag te verbind. Van vreemde kuste sal daar skoonseuns opdaag – dit, profeteer hulle, is die lot wat vir Latium wag – wat bestem is om ons naam met hulle bloed tot aan die sterre te verhef. Ek meen dat hý die een is vir wie die noodlot opeis, en as my gees enigsins 'n voorgevoel van die waarheid het, verkies ek hom ook.”

Toe die vader dit gesê het, kies hy perde uit sy hele stoet – driehonderd het daar gestaan, blinkvet in hul hoë stalle. Dadelik beveel hy dat hulle vir al die Trojane¹⁶ op die ry af gebring moet

¹⁶ Die honderd gesante van v. 153.

word, vlugvoetig en uitgedos in geborduurde purper dekklede. Van¹⁷ goud is die kettings wat laag van hul nekke neerhang, met goud is hul bekleed, en geel die goud waaraan hulle met hul tande kou. Vir Aeneas wat nie daar is nie, kies hy 'n strydwa en 'n tweespan. Hulle kom uit die geslag van daardie perde wat geslepe Circe van haar vader¹⁸ gesteel en toe hierdie twee as basters geteel het uit die merrie wat sy laat paar het. 280

Hoog op hulle perde keer die volk van Aeneas met sulke geskenke en woorde van Latinus terug, en bring die vredesboodskap oor.

JUNO BEMERK UIT DIE HEMEL DAT DIE TROJANE IN LATIUM AANGELAND HET

Maar kyk, Jupiter se heftige eggenote was besig om in haar strydwa deur die lug te ry, op pad terug van Argos, stad van Inachus. En ineens gewaar sy van ver uit die lug, sommer al daar van Siciliese Pachynus af, vir Aeneas in sy blydschap, en sy Trojaanse vloot. Sy sien dat hulle reeds huise aan't bou is, reeds die land vertrou en hulle skepe ontruim het. Sy het stilgehou, getref deur bittere smart. Toe skud sy haar kop en laat hierdie woorde uit haar hart stroom: "Wee my! gehate geslag en noodlot van Troje wat teenoor my noodlot staan! Kon hulle dan altemit op die vlaktes van Sigeum gesneuwel het? Kon hulle wat gevange geneem was, dan werklik gevange geneem word? Het die vure van Troje die manne miskien tot as verbrand? Dwarsdeur linies, dwarsdeur vure het hulle 'n weg gevind. Maar my goddelike mag lê mos op langelaas verlam, nè? Of ek is sat van woede en het nou tot rus gekom! Inteendeel! Toe hulle uit hul vaderland gesmyt is het ek hul bedreig, het ek die durf gehad om hulle oor golwe te agtervolg en my oral op die see teenoor die vlugtelinge te stel. Die magte van hemel en see is teen die Trojane verkwis. Wat het die 290

300

¹⁷ Ek lees vv. 278-79 nie as 'n perifrasede, maar wel as 'n selfstandige sin, nou verbind aan die voorgaande.

¹⁸ Die Son.

Syrtes of Scylla my gebaat, wat die bodemlose Charybdis? Beveilig teen my en die see geniet hulle versekerde bewaring in die vurig begeerde bedding van die Tiber. Mars¹⁹ het dit reggekry om die woeste geslag van die Lapithae te verdelg, die Vader van die gode het self die eeue-oue Calydon aan Diana²⁰ se toorn afgestaan: aan watter snode misdaad het òf die Lapithae òf Calydon hulle skuldig gemaak om straf te verdien? Maar nogtans word ek, magtige eggenote van Jupiter, ek wat in my ongeluk geen steen onaangeroer wou laat nie, wat elke middel aangegryp het, ek word deur Aeneas oorwin. Maar as my goddelike mag nie groot genoeg is nie, sou ek voorwaar nie aarsei om enige hulp af te smEEK waar dit ook al is nie: as ek die hemelgode nie kan beweeg nie, sal ek die magte van die Hel in beroering bring! Vir my sal dit nie vergun word – laat dit so wees – om hom van die ryk van Latium weg te hou nie, en deur die noodlot bly Lavinia onbeweeglik sy vrou. Tog is dit geoorloof om die verloop van dinge uit te rek en vertraging te weeg te bring vir sulke gewigtige gebeurtenisse; tog is dit geoorloof om die volke van beide konings te vernietig. Laat vader en skoonseun teen so 'n prys van hulle mense se lewens 'n verbond sluit: bloed van Trojaan en Rutuliër sal jou bruidskat wees, meisie²¹, en Bellona wag om jou as bruid te versorg. En nie alleen Cisseus²² se dogter, swanger aan 'n fakkkel, het aan 'n huweliksbrand geboorte gegee nie. Nee, Venus het net so 'n geboorte in haar eie seun, 'n tweede Paris, en weer eens is daar verderflike vuurfakkels vir herrese Troje.”

310

320

JUNO DAAL AF NA DIE AARDE EN ONTBIED DIE FURIE ALLECTO

Toe sy hierdie woorde gesê het, pyl sy met skrikwekkende gelaat

¹⁹ Volgens Servius was Mars nie na die bruilof van die Lapiet Pirithous genooi nie – vandaar sy toorn.

²⁰ Diana het 'n wildevark gestuur om Calydon te verwoes omdat die koning, Oeneus, haar alleen van al die gode sonder offer gelaat het.

²¹ Lavinia.

²² Hecuba, wat net voor Paris se geboorte gedroom het dat sy aan 'n vuurfakkkel geboorte sou gee.

op die aarde af. Sy roep onheilbringende Allecto²³ uit die huis van die Wraakgodinne in die onderwêreldse duisternis, sy wat lief is vir aaklige oorloë en woedebuie en liste en kwaadstigtende beskuldigings. Selfs haar vader Pluto haat die gedrog, selfs haar helsusters haat haar: in soveel verskynings verander sy haar, so wreed hulle voorkoms, van soveel swart slange krioel sy. Hâár hits Juno nou aan met hierdie woorde en spreek soos volg: “Gun my, maagdelike dogter van Nag, hierdie een diens, net vir my, net hierdie werk, sodat my eer en roem nie afgetakel word en verdwyn nie; sodat die volk van Aeneas nie vir Latinus met ’n huwelik omkonkel en Italiese gebied beset nie. Jy is in staat om eensgesinde broers tot stryd teen mekaar te bewapen en huise deur haat omver te werp; jy is in staat om gésels en dodelike fakkels in die huise in te dra; jy het tallose voorwendsels, tallose slinkse maniere om leed te veroorsaak. Deursoek jou wemelende hart, verydel die vredesooreenkoms en saai beskuldigings wat tot oorlog aanleiding gee. Laat die weerbare manne terselfdertyd hunker en vra en gryp na die swaard. 330

ALLECTO EN AMATA

Deurdrenk met gif van die Gorgo, pyl Allecto hierop eers na Latium en die rysige paleis van die vors van Laurentum. Sy gaan sit voor die stil drumpel van Amata; bekommernisse en die woede van ’n vrou het haar laat broei oor die Trojane se aankoms en die huwelik van Turnus, todat sy van toorn brand. Op hâár gooi die godin een van die slange van haar blouswart hare en laat dit in haar bors afdaal tot diep in haar hart, sodat sy, waansinnig van hierdie gedrog, die hele huis in rep en roer kan bring. Tussen haar kleed en gladde borste gly en kronkel hy sonder om aan haar te raak. Hy word nie deur die woedende koningin opgemerk nie en blaas sy adderasem op haar: die groot slang word die halssnoer van gevlegte goud om haar nek, hy word ’n lang lint in haar hoofband, hy deurvleg haar hare en gly glibberig oor haar liggaam rond. En 350

²³ “Die een wat nooit end kry nie” of, “die onversoenbare”.

terwyl die besmetting in die begin ongemerk met klam venyn binnesluip, haar sinne bevang en die vuur haar diepste wese laat binnedring; terwyl haar siel nog nie die vlam in elke hoekie van haar bors gevoel het nie, het sy op die gebruikelike manier van moeders, met menige traan oor haar dogter en die Trojaanse huwelik op sagte toon gesê:

“Word Lavinia aan Trojaanse uitgewekenes ten huwelik gegee, vader, en het jy geen medelye met jou dogter en jouself nie? Ook 360
geen medelye met haar moeder nie, sy wat by die waai van die eerste Noordewind in die steek gelaat sal word terwyl hy hom met die ontvoerde meisie na die diepsee haas, die trouelose seerower? Of het die Frigiese herder²⁴ Sparta dan nie só binnegedring en vir Helena, dogter van Leda, na die stede van Troje weggevoer nie? Wat dan van jou onskendbare woord van eer? Wat van jou vroeëre bekommernis oor jou mense, en die hand wat so dikwels in vriendskap aan Turnus, ons bloedverwant²⁵, gereik is? As daar vir die Latyners ’n skoonseun uit ’n vreemde volk gesoek word, en as dit vasstaan en die opdragte van jou vader Faunus druk swaar op jou, dan, voorwaar, is my beskeid dat elke land wat as vry land nie onderworpe is aan ons septer nie, ’n vreemde land is, en dat die 370
gode dit so bedoel. As ’n mens die vroegste oorsprong van Turnus se huis nagaan, dan is Inachus en Acrisius ook eintlik sy voorvaders, stam hy ook uit die hart van Griekeland²⁶”.

AMATA SE WAANSIN

Toe sy na hierdie vrugtelose poging met woorde sien dat Latinus onversetlik teenoor haar staan, toe die slang se gif wat tot raserny dryf diep in haar hartslag neergesink het en haar hele wese deurstroom, toe, voorwaar, word die arme koningin aangevuur deur ontsettende verskynings en tier sy besete in tomelose opwinding deur die lengte en breedte van die stad. Soos ’n tol soms

²⁴ Paris.

²⁵ Turnus se moeder, die Nimf Venilia, was Amata se suster.

²⁶ Turnus is dus van Griekse afkoms, en daarom eintlik ’n buitelander.

onder die kronkelende sweeplag draai²⁷, een wat seuns met
 oorgawe aan hul spel in 'n wye kring om en om deur die leë
 voorhof rondpiets – deur die sweepaangedryf vlieg dit voort, kring **380**
 op kring; die kinderskaar wat dit nie begryp nie buk verstom oor
 hom en bewonder die draaiende bukshout; die houe gee hom drif:
 met so 'n vaart as dié word sy deur die midde van stede en moedige
 volke voortgedryf. Meer nog! Sy veins die goddelike inwerking
 van Bacchus, onderneem 'n nog groter sonde, begin 'n nog groter
 dolsinnige daad, vlieg weg na die bosse en versteek haar dogter in
 die lowerryke berge om daarmee die Trojane van hulle bruid te
 beroof en die huweliks fakkel te vertraag. “Hoesee, Bacchus!” gil
 sy. “U alleen is die maagd waardig!” roep sy luid. “Tot u eer,
 voorwaar, neem sy die buigsame thyrsus²⁸ op, dis u wat sy in die **390**
 rituele dans vereer, vir u dat sy haar gewyde lokke laat groei.”

DIE ITALIAANSE VROUE WORD TOT RASERNY GEDRYF

Die gerug vlieg heen, en dieselfde drif dryf al die moeders tegelyk,
 hulle harte deur woede ontstoke, om nuwe wonings in die bosse te
 soek. Hulle het reeds hul huise verlaat en stel nek en hare aan die
 winde bloot, terwyl ander die lug met trillende gille vervul; in
 hertevelle is hul geklee en die spiese wat hulle dra is met
 wingerdranke omwikkel. Self in die middel van die skare, hef sy
 driftig 'n brandende fakkel van dennehout omhoog en sing die
 bruilofslid van haar dogter en Turnus terwyl sy haar bloedbelope **400**
 oë rol, en skielik roep sy woes uit: “Hoesee! Vroue van Latium,
 luister, waar elkeen ook al is: as daar in julle moederharte nog 'n
 mate van toegeneentheid jeens die arme Amata bestaan, as die
 bekommernis om 'n moeder se regte aan julle knaag, maak dan
 los²⁹ die hoofbande om julle hare en vier die nagtelike fees

²⁷ Die tol is laat draai deur dit met die voorslagpunt van 'n sweep te tref.

²⁸ Die thyrsus was 'n staf waarom klimop of wingerdranke gedraai was, en wat deur Bacchus en Bacchante gedra is.

²⁹ As teken van volkome oorgawe aan die god.

saam met my.” Só was die koningin in die bosse tussen die skuilhoeke van wilde diere, terwyl Allecto haar van alle kante af rondjaag met Bacchus se prikkels.

ALLECTO BESOEK TURNUS IN 'N DROOM

Toe dit vir haar lyk asof sy die waansin voorlopig voldoende opgesweep, en Latinus se plan en sy hele huis ontwig het, vlieg die afgryslieke godin dadelik op donker vlerke vandaar na die mure van die onverskrokke Rutulië. Die gerug lui dat Danaë hierdie stad vir haar Acrisiese setlaars gebou het toe sy deur die stormagtige Suidewind daarheen afgedryf is. Eens op 'n tyd is die plek deur ons voorvaders Ardea genoem, en nou nog bestaan Ardea, 'n roemryke naam, maar sy roem is iets van die verlede. **410**

In die donker nag was Turnus hier in sy rysige paleis reeds besig om die middeldeel van sy rus te geniet. Allecto lê haar grimmige gelaat en duiwelse liggaam af, vervorm haar na die gesig van 'n ou vrou, laat plooi haar afskuwelike voorkop met rimpels, neem grys hare aan tesame met 'n hoofband en vleg toe 'n olyftakkie daarin. Sy word die ou vrou Calybe, priesteres van Juno se tempel, en stel haar voor die oë van die jongeling met hierdie woorde: “Turnus, gaan jy gedweë toelaat dat soveel ontberinge vergeefs verspil is, en dat jou septer aan Trojaanse intrekkers oorgedra word? Die koning misgun jou die bruid en bruidskat wat met jou bloed verwerf is, en 'n buitelanders word as erfgenaam vir jou troon gesoek. Gaan nou, konfronteer gevare sonder dank, veragte mens! Gaan, vernietig die Tirreense linies, beskerm die Latyners met vrede. Dit, ja dit was die boodskap wat die almagtige dogter van Saturnus in eie persoon my beveel het om aan jou te gee toe jy in die vreedsame nag lê en slaap het. Kom dan, tref blymoedig voorbereidings dat jou weerbare manne bewapen word en uit die stadspoorte opruk na die oorlog³⁰, en verbrand die Trojaanse leiers **420**

³⁰ Hier lees ek *arma* i.p.v. *arva*.

en hulle beskilderde skepe wat in ons lieflike rivier voor anker lê. Die ontsaglike mag van die hemelbewoners beveel dit. En koning Latinus, tensy hy instem om jou bruid aan jou te gee en sy woord gestand doen, laat hy dit self voel en op langelaas ervaar watter man Turnus onder wapen is.”

TURNUS BESPOT DIE SOGENAAMDE PRIESTERES

Hier het die jongman die profetes uitgelag en op sy beurt die woord geneem: “Die berig dat ’n vloot die waters van die Tiber binnegevaar het, het nie, soos jy meen, aan my ore verbygegaan nie – asseblief, moet tog nie sulke ontsaglike skrikbeelde versin nie. En Juno het my nie vergeet nie. Maar jou hoë ouderdom, afgetakel deur verval en ongevoelig vir die werklikheid, ou moedertjie, verontrus jou met nuttelose bekommernisse, en by die rusies van konings bespot dit jou sienersoog met ongegronde vrees. Jou plig is om die beelde van die gode en die tempels op te pas. Mans, wie se taak dit is om oorloë te voer, sal hulle met oorlog en vrede besig hou.”

440

ALLECTO VERERG HAAR VIR TURNUS

Oor hierdie woorde ontvlam Allecto in woede. En kyk, terwyl die jongman nog praat, oorval ’n skielike rilling sy liggaam, en sy oë staar stokstyf: met soveel slange sis die Wraakgodin, so ’n ontsettende gesig kom te voorskyn. Toe rol sy haar vlammende oë en stamp hom terug terwyl hy stamelend probeer om nog iets te sê. Sy het twee van die slange uit haar hare gelig, met haar sweep³¹ geklap en met rasende mond soos volg verder gepraat: “Kyk na my! Ek afgetakel deur verval! Ek vir wie die ouderdom, ongevoelig vir die werklikheid, by die rusies van konings met ’n ongegronde vrees bespot! Kyk hierna! Ek kom van die woning van die

450

³¹ Wat sy altyd by haar dra om die veroordeeldes in die Onderwêreld hel toe te dryf.

wraaksugtige susters en in my hand hou ek oorlog en die dood.” So het sy gesê, ’n fakkel na die jongman geslinger, en die toorts, rokend met sombere lig, onder sy hart laat vassteek.

TURNUS SKRIK WAKKER

Afgryslieke vrees verbreek sy slaap, sweet bars oor sy hele liggaam uit en oorstroom gebeente en ledemate. Buite homself brul hy: “Wapens!”, en wapens soek hy op bed en in paleis. In sy hart woed ’n hunkering na die swaard, die misdadige waansin van oorlog, en woede bo-op alles: soos wanneer brandhout met knetterende vlam onder die wande van ’n siedende koperketel gepak word en die vloeistof van die hitte dans; stomend bruis en stroom die water daarbinne, en skuimend borrel dit hoog op; en nou kook dit oor, en swart rook vlieg omhoog. Daarom beveel hy die leiers van sy jongmense, noudat die vrede geskend is, om teen koning Latinus op te ruk. Hy gee opdrag dat wapens gereed gemaak moet word, dat hulle Italië moet beskerm en die vyand uit hul grense moet verdryf. “Ek kom mense genoeg vir sowel Trojane as Latyners!” het hy geskree. Toe hy so gepraat en die gode aangeriep het om sy geloftes aan te hoor, wedywer die Rutuliërs³² om mekaar tot oorlog aan te spoor. Hierdie een word beïndruk deur die buitengewone bekoring van sy gestalte en sy jeug, ’n ander deur sy koningsgeslag, ’n derde deur die roemryke dae van sy regterhand. 460 470

ALLECTO ONTKETEN DIE EERSTE VELDSLAC

Onderwyl Turnus die Rutuliërs met mannemoed vervul, haas Allecto op haar Stygiese vlerke na die Trojane. Met nuwe lis het sy die plek bemaak waar skone Julius langs die strand besig was om wilde diere met valstrik en vaart te jag. Hier veroorsaak die maagd uit die hel ’n skielike woede in sy honde, en raak hulle neuse aan 480

³² Turnus se volk.

met die welbekende reuk, sodat hulle wild op die spoor van 'n hert voortstorm. Dít was die eerste bron van beproewinge; dít was die eerste ding wat die harte van die landelike volk tot oorlog aangevuur het.

TYRRHUS SE HERT

Daar was 'n hert met wonderskone liggaam en reusegewei, een wat die jong seuns van Tyrrhus van sy moeder se uier af weggesleur en hant grootgemaak het, hulle en hul vader Tyrrhus wat beheer uitoefen oor die koninklike kuddes, en aan wie die bewaking van die velde oor 'n wye gebied toevertrou is. Hulle suster Silvia het hom geleer om bevele te gehoorsaam, sy gewei altyd met die grootste toewyding versier deur dit met sagte blomkranses te omstrengel, die wilde dier gekam en hom in 'n helder fontein gebad. Mak onder haar hand en gewoon aan die tafel van sy baas het hy in die bosse rondgedwaal, en hoewel laat in die nag, self weer huis toe gekom na die vertroude deur. **490**

Terwyl hy besig was om ver van die huis af rond te dwaal, het die woedende honde van die jagter Julius hom opgejaag, juis toe hy stroomaf gedryf en daarna op die groen oewer afgekoel het van die hitte. Ook Ascanius³³ self, aangevuur deur 'n verlange na voortreflike roem, het 'n pyl van sy gekromde boog af op hom afgestuur, en 'n godheid het sy mikkende hand nie in die steek gelaat nie: met luide gesuis het die riet aangevlie gekom en dwarsdeur sy maag, dwarsdeur sy flanke getrek. Maar die gewonde dier het die vertroude huis binnegevlug, hom steunend in sy stal gesleep, en bebloed, en net asof hy smeek, die hele huis met sy klaagtone vervul. **500**

Heel eerste slaan hul suster Silvia haar arms met haar hande, skree om hulp en roep die stoere boere. Gouer as wat sy hulle verwag het – want die grimmige furie³⁴ skuil in die swyende bosse – is hulle

³³ Julius.

³⁴ Allecto.

by, die een gewapen met 'n stok wat in vuur hard gemaak is, die ander met 'n swaar knuppel met knopperige knoeste. Wat elkeen in sy soektog ook al vind, daarvan maak woede 'n wapen. Briesend van woede gryp Tyrhus 'n byl en roep sy bendes op, net daar waar hy toevallig besig was om 'n eikestomp in vier te kloof met ingedryfde wê. **510**

ALLECTO HITS DIE BOERE NOG VERDER AAN

Maar van haar uitkykpos af benut die wrede godin die regte oomblik om leed te berokken, pyl na die steil dak van die opstal, blaas van die nok af die herders se brandwagteken, en stuur 'n onderaardse gesketter oor die gekromde horing. Terstond het die ganse bergwoud daarvan gesidder terwyl die bosse in hulle diepte weergalm. Ver weg het Trivia³⁵ se meer dit ook gehoor, het die Narstroom, wit met swawelige water, dit gehoor, ook die fontein van Velinus – en beangste moeders het hulle kindertjies aan hul bors gedruk.

Toe, voorwaar, gryp die onverskrokke boere hulle wapens en storm ylins van alle kante af toe op die klank waarmee die wrede herdershoring die teken gegee het. Ook die Trojaanse jongmanne stort deur die geopende hekke van die laer hulle hulp aan Ascanius. Albei kante het reeds die slaglinies opgestel. Nou word daar nie 'n landelike rusie met stewige knuppels en stokke wat in vuur hard gemaak is gebaklei nie, maar hulle veg met die tweesnydende swaard, en wydheen staan die sombere oes, stekelig van getrokke swaarde. Die brons skitter soos die son dit tref, en kaats sy skynsel omhoog na die wolke: soos wanneer 'n golf met die opsteek van die wind wit begin word, die see hom geleidelik orent rig en die golwe hoër en hoër laat ontstaan totdat dit van sy diepste bodem af in 'n massa na die hemel oprys. **530**

Hier, in die voorste linie, word die jongman Almo, hy wat die

³⁵ Diana, aan wie die Nemi-meer geheilig was.

oudste was van Tyrrhus se kinders, deur 'n suisende pyl neergevel; want die verwondende pyl het onder sy keel vasgesteek, en die klam pad van sy stem en sy tenger lewe met bloed afgesluit. Rondom hom lê talryke lyke, onder andere die grysaard Galaesus, gedood terwyl hy hom tussen hulle gewerp het om vrede te maak, hy wat destyds die regskaapste van alle mense was, en die rykste man aan Italiaanse boulande: vyf troppe blêrende vee het hy gehad, vir hom het vyf troppe beeste van die veld af teruggekeer, en met 'n honderd ploë het hy die aarde omgekeer.

ALLECTO STAAK HAAR DUIWELSWERK

En terwyl hulle oor die vlaktes 'n gelykop stryd voer, verlaat die godin Italië nadat sy haar beloftes uitgevoer het deur die oorlog in bloed te drenk en hulle die eerste dodelike geveg te laat aanknoop het. Deur die hemelse briese maak sy 'n regsomkeer, en selfvoldaan en op hooghartige toon spreek sy vir Juno aan: “Siedaar, vir u is die tweedrag tot aaklige oorlog volbring: sê nou maar gerus dat hulle in vriendskap moet verenig en 'n bondgenootskap moet sluit. Aangesien ek die Trojane met Italiaanse bloed bevlek het, sal ek dit ook nog daarby voeg, indien ek van u wil verseker is: met gerugte sal ek die aangrensende stede by die oorlog betrek, ek sal hulle harte laat ontvlam met 'n drang tot waansinnige stryd, sodat hulle van heinde en ver kom om hulp te bied; ek sal die velde met wapens besaai.”

JUNO STUUR ALLECTO TERUG NA DIE ONDERWÊRELD

Ten antwoord sê Juno: “Genoeg aan skrik en bedrog: die oorsake van die oorlog staan onwrikbaar vas. Man teen man veg hulle met hulle wapens, en die wapens wat die toeval eerste toegereik het, word deur vars bloed bevlek. Laat die voortreflike spruit van Venus en groot koning Latinus self so 'n verlowing en so 'n bruilof vier. Die allerhoogste Vader, heerser oor hoë Olympus, sou nie wou hê dat jy al te vrylik hier bo in die hemelse lug rondwaal nie. Wyk uit hierdie oord! Indien daar miskien nog 'n geleentheid vir optrede oorbly, sal ek dit self reël.” So het die dogter van Saturnus

gesê. Die ander een lig egter haar vlerke, sissend van die slange, verlaat die hoogtes daar bo en haas na haar tuiste in Cocytus³⁶.

In die hart van Italië is daar 'n plek aan die voet van hoë berge, gevierd, en in talryke lande in vertellinge aangehaal: die vallei van Amsanctus. Aan albei kante word dit ingesluit deur die rand van 'n bergwoud, somber van digte lower, en in die middel dreun 'n druisende bergstroom al draaiend en kolkend deur die rotse. Hier sien jy 'n huiweringwekkende grot, 'n luggat van wrede Dis en 'n ontsaglike afgrond sper sy verderflike kake oop waar Acheron³⁷ 'n pad na die bowêreld oopgebreek het. Hierin het die Wraakgodin **570** versink, die haatlike mag, en aarde en hemel van haar verlos.

LATINUS SWIG VOOR TURNUS EN SY ONDERSTEUNERS

Intussen is die vorstelike dogter van Saturnus nie minder besig om die laaste hand aan die oorlog te lê nie. Van die slagveld stroom die hele groep herders die stad binne. Hulle dra hul dooies terug – die seun Almo en Galaesus, sy gelaat vermink. Hulle smee die gode om hulp en beroep hulle op Latinus. Turnus is daar, en te midde van die aanklag van moord en brandende drif, verdubbel hy die ontsteltenis: “Trojane word opgeroep om hier te kom regeer! 'n Frigiese³⁸ stam word met ons vermeng! Ek word uit my woning verdryf!”

Toe kom almal wie se gades deur Bacchus geïnspireer in die **580** onbetreë woude in koordanse rondhuppel – want die naam Amata het geen geringe gewig gedra nie – van alle kante af byeen en roep onophoudelik na die Krygsgod. Dadelik, onder invloed van 'n godheid wat tot kwaad lei, en strydig met die voortekens, strydig met die beskikkinge van die gode eis hulle almal onheilige oorlog. Die een is gretiger as die ander om Latinus se paleis te omsingel.

³⁶ Die hel.

³⁷ Die Onderwêreld.

³⁸ Trojane.

Soos 'n onbeweeglike rots in die see weerstaan hy hulle; soos 'n rots in die see wat hom met die koms van die magtige gedreun van 'n brekende brander met sy massa handhaaf tussen die talryke loeiende golwe om hom heen; vergeefs dreun die kranse en skuimbespatte riwwe rondom hom, en die seewier wat teen sy kante geslinger is, dryf met die golwe terug. 590

Maar toe die krag hom nie meer geskenk word om hulle blinde besluit te oorheers nie en sake volgens die wil van wrede Juno verloop, het die vader menige gebed tot die gode en die leë lugruim gerig en gesê: “Helaas! ons word deur die noodlot verbrysel! Ons word deur 'n orkaan meegesleur! Julle self, my arme kinders, sal met julle goddelose bloed die prys hiervoor betaal! Op jou, Turnus, op jou sal die onheil en bittere straf wag, en te laat sal jy die gode met gebede vereer. Want vir my is rus verkry, maar reeds volkome in die ingang van my hawe, word ek van geluk in die dood beroof.” Meer het hy nie gesê nie, hom in sy paleis opgesluit en sake hulle loop laat neem. 600

JUNO GOOI DIE OORLOGSPOORTE OOP

In Italiese Latium was daar 'n gebruik wat die Albaanse³⁹ stede sedertdien sonder onderbreking as heilig gehandhaaf het, en wat Rome, gebiedster van die aarde, vandag nog as heilig handhaaf wanneer hulle die Oorlogsgod beweeg om die stryd te begin, sy dit dat hulle gereed maak om met hulle hand jammerlike oorlog teen die Getae te ontketen, of teen die Hyrcaniërs of die Arabiere, sy dit om teen die Indiërs⁴⁰ op te ruk, of die Daeraad te agtervolg, of hul oorlogsvaandels van die Parthe terug te eis. Daar is twee oorlogspoorte⁴¹ – só noem die mense hulle – geheilig deur godsdienstige ontsag en vrees vir die wrede Oorlogsgod. 'n

³⁹ Die eerste ryk in Latium wat deur vorste uit Trojaanse bloed regeer is.

⁴⁰ Die Ooste in die algemeen.

⁴¹ Poorte in die tempel van Janus vgl. Bk. I, 294. In tye van oorlog is hulle oopgemaak, en in vrede tyd toegesluit. Vir die eerste maal sedert 235 v.C. is hulle in 29 v.C. toegesluit.

Honderd brons grendels en die ewige krag van yster sluit hulle toe, en Janus, hulle bewaker, wyk nooit van hul drumpel nie. As die besluit op oorlog onherroeplik in die harte van die Vaders gevestig is, ontgrendel die konsul, opvallend met sy staatsiemantel van Quirinus⁴² en die gordstyl van Gabii⁴³, met eie hand hulle knarsende deure, en roep met eie mond die oorlog op. Dan volg die res van die manskappe sy voorbeeld, en hees sketter die brons horings hul instemming. **610**

Nou ook is Latinus beveel om volgens hierdie gebruik die volk van Aeneas die oorlog aan te sê, en die sombere poorte oop te sluit. Maar die vader het hom weerhou om hulle aan te raak, met afsku teruggedeins vir die afskuwelike plig en hom in blinde duisternis verberg. Toe sweef die koningin van die gode uit hemel neer, gee die weerspanninge deure met eie hand 'n stamp, en op hulle draaiende skarniere breek die dogter van Saturnus die ysterhekke van Oorlog oop. Italië, voorheen vreedsaam en rustig, brand van hewige hartstog. Party maak gereed om te voet oor die vlaktes te marsjeer; hoog in die lug op hulle hoë perde storm ander in 'n stofwolk voort; almal vra wapens. Met ryk spek vryf party hulle skilde glad en hulle spiese blink, en slyp hulle byle op die slypsteen. Hulle geniet dit om die vaandels te dra en die gesketter van trompette te hoor. Vyf magtige stede het aambeelde opgestel en maak nuwe wapens: sterk Atina, en Tibur die trotse, Ardea, Crustumeria en Antemnae met sy torings. Hulle hol helms uit om die hoof te beskerm en vleg skildgeraamtes van wilgertakke. Ander hamer borspantse van brons uit, of blink skeenplate van smeebare silwer. Hierop het hulle agting vir die ploegskaar en sekel, hierop het al hul liefde vir die ploeg uitgeloop: in die smeltoonde smee hulle opnuut die swaarde van hul vadere. En **630**

⁴² 'n Mantel met een of meer breë wit of purper strepe deur Romeinse konings en voëlwiggelaars en verskillende priesters gedra.

⁴³ Die Gabynse gordstyl was 'n besondere manier om die toga te dra, nl., die slip oor die linkerskouer en dan onder die regterarm deur tot by die bors opgetrek, veral in gebruik by godsdienstige plegtighede.

reeds sketter die trompet, die wagwoord loop deur die geledere – die teken tot oorlog. Die een gryp in brandende haas 'n helm uit sy huis; 'n ander dwing sy bewende⁴⁴ perd onder die juk in, trek sy drie-laag harnas met goue skakels aan, heg sy skild aan sy arm vas en gord sy vertroude swaard aan. 640

DIE OPMARS VAN DIE ITALIAANSE KONTINGENTE

Gooi nou oop die poorte van Helicon⁴⁵, godinne, hef aan julle lied en sê vir ons welke konings tot oorlog opgesweep is, welke leërskares elkeen gevolg en die vlaktes oorstroom het; met welke helde die milde aarde van Italië reeds toe al geblom, met welke wapens dit gegloei het. Want u, godinne, onthou en kan vertel, maar tot ons dring daar nouliks 'n ligte luggie van die sage deur.

MEZENTIUS EN LAUSUS

Heel voor gaan Mezentius, veragter van die gode, die oorlog in – vol gramskap het hy van die kuste van Etrurië af gekom – en bewapen sy kolonnes. Langs hom is sy seun Lausus, die mooiste van almal behalwe die voortreflike liggaamsbou van Laurentiese Turnus – Lausus, temmer van perde en oorwinnaar van wilde diere. Hy lei 'n duisend manne wat hom vergeefs⁴⁶ uit die stad Agylla gevolg het, 'n jongman wat verdien het om meer vreugde van sy vader se bewind te belewe en om nie vir Mezentius as vader te hê nie. 650

AVENTINUS

Na hulle volg Aventinus, mooi seun van mooi Hercules. Op die grasvlakte spog hy met sy seëvierende perde en sy strydwaa,

⁴⁴ 'n Ander aanvaarbare lesing vir *trementes* is *frementes* = runnikende, proesende.

⁴⁵ 'n Berg in Boeotië aan Apollo en die Muses gewy.

⁴⁶ Omdat hulle hom nie van die dood kon red nie.

opvallend vanweë die palmtak⁴⁷, en hy dra sy vader se kenteken op sy skild: 'n honderd slange van die Hydra, omgord met hul wringende lywe. In 'n woud op die Aventynse heuwel het die priesteres Rhea hom met 'n heimlike geboorte die lewenslig laat sien – 'n vrou met 'n god gepaar – toe die Tiryntiese oorwinnaar⁴⁸ die boulende van Laurentum aangedoen het nadat hy vir Geryon gedood en sy Spaanse beeste in die Etruriese rivier⁴⁹ gewas het. In hulle hande dra sy troep werpspiese en gedugte ystergepunte stawe na die oorlog, en hulle veg met fyn gepunte swaarde en Sabyne werpspiese. Hy self is te voet, swaai 'n yslike leeuel, ru van skrikwekkende maanhare, en dra die wit tande op sy kop. In hierdie mondering het hy die koninklike paleis genader, stekelig en ru, sy skouers bekleed met die drag van Hercules.

660

CATILLUS EN CORAS

Hierna verlaat twee broers die mure van Tibur en die nasie wat na die naam van hulle broer Tiburtus vernoem is, Catillus en dapper Coras, jongmanne van Argos. In die voorste linie stap hulle tussen 'n digte plaat spiese: soos wanneer twee newelgebore Kentours van 'n hoë bergkruin afdaal en Homole of sneeubedekte Othrys op volle vaart verlaat; die magtige bos bied vir hulle ruimte terwyl hulle aankom, en die struikgewas wyk met oorverdwende gekraak.

670

CAECULUS

Ook die stigter van die stad Praeneste was nie afwesig nie, hy wat iedere geslag geglo het tussen landelike kuddes uit Vulcanus gebore is om 'n koning te wees, en op die haard gevind is – Caeculus. Wyd en sy vergesel 'n legioen van boere hom: hulle wat steil Praeneste bewoon en die saailande van Gabiniese⁵⁰ Juno

680

⁴⁷ Waarom hy as oorwinnaar 'n palmtak dra, weet ons nie.

⁴⁸ Hercules – hy is in Tiryns opgevoed.

⁴⁹ Die Tiber.

⁵⁰ Juno is in Gabii vereer.

by die koel Anio en die beekdeurstroomde rotse van die Hernici; hulle wat jý voed, ryk Anagnia, en u, vader Amasenus. Hulle het nie almal harnasse of skilde of rammelende strydwaens nie; die meeste van hulle laat blouerige koeëls van lood neerreën. 'n Deel dra twee jagspiese in die hand, en het geelbruin musse van wolfsvel as beskutting vir die hoof. Gewoonlik marsjee: hulle met ongeskoeide linkervoet, terwyl ruwe leer die regtervoet bedek.

690

MESSAPUS

Kyk! Messapus, temmer van perde en spruit van Neptunus, hy vir wie niemand met vuur of swaard mag neerfel nie. Volke wat lank reeds gemaksugtig is, en bendes nie meer aan oorlog gewoond nie, roep hy skielik op tot die stryd en gryp weer sy swaard aan. Hulle hiër bewoon die skerp rotswande van Fescenninum en die Aequi Falisci; hulle dáár, die hoogtes van Soracte en die velde van Flavinia, die Ciminusmeer met sy berg, en die bergwoude van Capena. Op die maat marsjerend het hulle hul koning besing: soos sneeuwit swane soms tussen die vogtige wolke, wanneer hulle van die weiplek af terugkeer en melodieuze geluide uit hul lang nekke laat hoor; in die verte weerklink die rivier en moeras⁵¹ in Asië. En niemand sou dink dat ysterbeklede linies mekaar in daardie groot gewemel verdring nie, maar wel dat 'n wolk hees krysende voëls hoog in die lug ywerig van die diepsee of kus toe vlieg.

700

CLAUSUS

Kyk! Clausus, ontspruit uit die aloue bloed van die Sabini, voer 'n magtige leer aan, en is self die gelyke van 'n magtige leer. Sedert Rome aan die Sabyners gegee is om deel daaraan te hê, vertak tans uit hom, dwarsdeur Italië, sowel die sibbe as die stam van die Claudii. Saam met hom kom die ontsaglike afdeling van Amiternum en die aloue Quirites⁵², die ganse bende van Eretum en

710

⁵¹ Die moerasse langs die Caÿsterrivier in Klein Asië – 'n verwysing na Homerus, *Ilias* 2, 459-461.

⁵² Die inwoners van Cures.

olyfdraende Mutusca; hulle wat die stad Nomentum bewoon, en die roosdale van die Velinusmeer, die ruwe kranse van Tetrica en die Severusberg, Casperia, Foruli en die Himellarivier; hulle wat die water van die Tiber en Fabaris drink; hulle wat deur koue Nursia gestuur is, die Ortiniese afdelings en die Latynse volke, en hulle tussen wie die Allia, heillose naam⁵³, deurvloei en sy koers oopsny: talloos soos die golwe wat aangerol kom in die Libiese see wanneer woeste Orion⁵⁴ in die wintergolwe duik; of dig soos die koringare wat deur die vroeë son in die vlakke van Hermus of die geel velde van Lycië gebak word. Die skilde kletter, en die aarde is verskrik van die slag van voete. 720

HALAESUS

Hierna span die seun van Agamemnon en vyand van die Trojaanse naam, Halaesus, sy perde voor sy strydwa in en bring haastig vir Turnus 'n duisend strydlustige volke, hulle wat Massica, vrugbaar vir die druif, met kielhouers omspit, en hulle wat deur die vaders van die Aurunci van hulle hoë heuwels af, en deur die gelyk vlaktes van die aangrensende Sidicini gestuur is, hulle wat Cales verlaat, hy wat in die nabyheid van die drifyke Volturnusrivier woon, en sy aan sy ook die ruwe Saticulaner en die bendes van die Osci. Glad afgewerkte knuppels is hulle wapens, maar dis hulle gewoonte om saggebreide rieme daaraan vas te heg. 'n Leerskild bedek hul linkersy en die sekelswaarde is bedoel vir die stryd van man teen man. 730

OEBALUS

Ook jy, Oebalus, sal nie onvermeld deur my lied weggaan nie, jy wat hulle sê deur Telon op sy oudag uit die nimf Sebethis verwek is, toe hy oor die stad Capreae, koninkryk van die Teleboae, regeer het. Maar ook die seun, nie tevrede met sy vader se velde

⁵³ Omdat Rome daar in 390 v.C. deur die Galliërs verslaan is.

⁵⁴ D.w.s. wanneer die sterrebeeld ondergaan.

nie, het toé al die volkere van die Sarrastes en die vlaktes wat deur die Sarnus besproei word wyd en syd aan hom onderwerp; hulle wat Rufrae en Batulum en die velde van Celemnna bewoon, en hulle op wie die mure van Abella met sy appelboorde neerkyk en wat die gewoonte het om hulle boemerange⁵⁵ op die manier van die Teutone te slinger. Hulle hoofbedekking is bas wat van die kurkeik geskeur is; van brons is hulle flitsende swaard.

740

UFENS

Ook jy is deur bergagtige Nersae na die slagveld gestuur, Ufens, merkwaardig in jou roem en krygsgeluk. Sy volk, die Aequiculi van die harde kluite, is besonder gehard, gewoon aan die menigvuldige jagtogte in die bergwoude. Gewapen bewerk hulle die grond, en immer is dit hul genot om nuwe buit weg te dra en van die roof te lewe.

UMBRO

Ja, ook van die Marruviese volk⁵⁶, en gestuur deur koning Archippus, het daar 'n priester gekom, sy helm bo-op getooi met blare van die vrugbare olyf – alledapperste Umbro, wat gewoon was om met towerspreuk en die aanraking van sy hand slaap te giet oor die addergeslag en waterslange met giftige asem. Hulle woede het hy gestil en hulle byte met sy kuns genees. Maar die hou deur 'n Trojaanse spies toegedien, kon hy nie genees nie; teen woude het sy slaapbringende towerspreuke hom nie gebaat nie, ook nie die towerkruie wat in die Marsiese berge gepluk was nie. Jou het die bergwoud van Angitia beweën, jou, Fucinus met sy deurskynende water, jou, die helder poele.

750

760

⁵⁵ Die *cateia* is 'n onbekende wapen. Sommige navorsers meen dit was 'n soort strydbyl.

⁵⁶ Die Marse; hulle hoofstad was Marruvium.

VIRBIUS

Ook Virbius, Hippolytus se hoogs voortreflike seun was op weg na die oorlog⁵⁷. Op die kruin van sy roem het sy moeder Aricia hom gestuur, ná sy opvoeding in Egeria se heilige woude rondom die moerasagtige kuste waar die ryk en goedaardige altaar van Diana gestaan het. Want die legende lui dat Hippolytus met sy bloed die wraak van sy vader bevredig het, en, uitmekaar geskeur deur verskrikte perde⁵⁸, sy lewe gelaat het ten gevolge van die lis van sy stiefmoeder; dat hy daarna weer na die eteriese sterre en die hemelse bolug gekom het, uit die dood opgewek met die kruie van Paeon en die liefde van Diana. Toe het die almagtige Vader uit verontwaardiging dat 'n sterweling uit die skadu's van die Onderwêreld na die lewenslig opgestyg het, met eie hand die uitvinder van sulke medisyne en kuns, die seun van Phoebus⁵⁹, met 'n bliksemskig na die waters van die Styx teruggeslinger. Maar Trivia, die genadige, het Hippolytus in 'n geheime tuiste versteek en hom weggestuur na die nimf Egeria en haar woud waar hy eensaam en sonder aansien sy lewe in die bosse van Italië moes slyt, en waar hy 'n ander naam sou hê en Virbius sou heet. Vandaar ook dat behoefde perde weggehou word van Trivia se tempel en heilige woude, omdat hulle van skrik vir die seemonster die strydwa en jongeling op die strand neergeslinger het. Nietemin, sy seun het sy vurige perde oor die gelyk vlakke gedryf en met sy strydwa oorlog toe gestorm.

770

780

TURNUS

Turnus self, wonderskoon na liggaam, stap wapen in die hand onder die voorstes en troon 'n hele kop bokant hulle uit. Sy helm is met 'n drievoudige helmbos versier, en hoog bo-aan het dit 'n embleem van die Chimaera wat vure van Etna by haar kake

⁵⁷ 'n Ander vertaling van *pulcherrima bello* is: "voortreflik in die stryd."

⁵⁸ Sy naam het dié betekenis in Grieks.

⁵⁹ Aesculapius, seun van Apollo die Geneser.

uitblaas; hoe hewiger die geveg word in stromende bloed, hoe meer brul en raas sy met afgryslieke vlamme. Maar op sy blink skild het hy as wapen 'n goue beeld van Ino aangebring – 'n grootse voorstelling: haar horings opgelig, reeds oortrek van ruie hare, 790 reeds 'n vers – en die meisie se oppasser Argus, en vader Inachus wat sy stroom⁶⁰ uit 'n gesiseleerde kruik giet. Agter hom kom 'n wolk voetvolk aan, en kolonnes met skilde bewapen pak dig saam oor die hele vlakte: Argiviese manskappe en Aurunciese bendes, Rutuliërs en Sicaners van ouds, die leërskares van die Sacrani en die mense van Labicum met hulle beskilderde skilde; hulle, Tiber, wat jou dale en die heilige strand van Numicus ploeg, hulle wat die Rutuliese heuwels en Circe se hoogte met die ploegskaar bewerk; hulle oor wie se velde Jupiter van Anxur regeer, en ook Feronia 800 wat vreugde vind in haar groen heilige woud; waar die swart moeras van Satura lê, en ysige Ufens sy weg ver onder tussen die dale deur soek en in die see uitstort.


CAMILLA

Benewens hierdie leiers het Camilla van die volk van die Volsci ook gekom, aan die hoof van 'n kolonne ruiters in eskadronne wat skitter van die brons. 'n Vroulike kryger was sy, wat nie werklik haar vrouehande aan Minerva se spinstok en wolmandjies gewoonde gemaak het nie. Maar sy was as meisie gehard om oorlog te verduur en om met die vlugheid van haar voete skoon onder die winde uit te loop. Sy sou òf oor die halmtoppe van gesnyde koring kon vlieg en nie die teer are in haar vaart kneus nie, of swewend bo 'n bultende golf haar weg oor die middel van die see baan 810 sonder om haar vlugge voetsole met die water te benat. Uit huis en veld het die ganse jeug gestroom, en hulle en die moederskaar bewonder en staar haar aan terwyl sy voortbeweeg, oopmond van verbasing oor hoe vorstelike prag haar gladde skouers met purper bedek; oor hoe die goue gespe haar hare bymekaar hou; oor hoe sy in eie hand 'n Lyciese koker dra, en 'n herder se mirtestaf met 'n punt voor aangeheg.

⁶⁰ Die Inachusrivier word voorgestel as 'n riviergod wat water uit 'n kruik gooi.

DIE AGSTE BOEK

Aeneas besoek die bouterrein van die toekomstige Rome



Maar kyk ! 'n Skielike wonderteken , wonderbaar om
te aanskou ...

ONRUS IN LATIUM

Toe Turnus die oorlogsvaandel van Laurentum se burg af omhoog hef en die waldhorings met hees geskal sketter, toe hy sy vinnige perde aanwakker en sy wapens kletter, is die volk se harte dadelik onstuimig. In opgewonde onrus neem die hele Latium gelyktydig die eed van getrouheid, en waansinnig tier die jeug. Die hoofleiers Messapus en Ufens, en ook Mezentius, veragter van die gode, versamel troepe van heinde en ver, en stroop die uitgestrekte velde van hul bewerkers. Ook word Venulus na magtige Diomedes se stad gestuur om hulp te gaan soek en aan te kondig dat die Trojane besig is om hulle intrek in Latium te neem; dat Aeneas met sy vloot aangeland het en sy oorwonne Huisgode inbring terwyl hy beweer dat hy deur die noodlot as hul koning opgeëis word; dat talle volke by die Trojaanse held aansluit en dat sy naam wyd en syd oor Italië aan die toeneem is. Wat hy met hierdie begin beoog, en welke gevolge hy met die stryd begeer indien die noodlot met hom meegaan, is vir Diomedes duideliker te sien as vir koning Turnus of koning Latinus self.

10

ANEAS SE DROOM OP DIE OEWER VAN DIE TIBER

So het dit dwarsdeur Latium gegaan. Die held van Troje sien al hierdie dinge en dobber rond op die magtige gety van sorg. Hy verdeel sy vlugge gees nou hierheen, dan daarheen, stuur dit snel in verskillende rigtings en laat dit oor elke moontlikheid gaan: soos wanneer 'n bewende skynsel deur die beeld van die son of die stralende maan uit brons vate water teruggekaats word; wyd heen deurflikker dit die hele omgewing, styg weldra in die lug op en tref die panele van die hoë plafon.

20

Dit was nag, en deur alle lande heen het diepe slaap die vermoeide diere en elke soort voël en vee in sy mag gehou, toe vader Aeneas, sy hart verontrus deur die aaklige oorlog, hom op die oewer onder die koue hemelpool neerlê en 'n late rus aan sy ledemate gun. Voor hom tussen die populierblare, so het dit gelyk, verrys die bejaarde god van die plek in eie persoon, Tiberinus met die lieflike stroom — 'n blougrys mantel van deursigtige linne het hom

30

beklee, en skaduryke riet het sy hare bedek. Toe sê hy soos volg en neem Aeneas se sorge met hierdie woorde weg:

“Spruit uit die geslag van gode, jy wat ons Trojaanse stad¹ uit die hand van die vyand weer na ons terugbring en Pergamum onsterflik bewaar, jy wat deur die bodem van Laurentum en die Latynse velde verwag is, hier is jou tuiste veilig — moenie terugdeins nie — en veilig jou huisgode. Moet ook nie afgeskrik word deur die dreigemente van oorlog nie, want al die drif en woede van die gode het bedaar. En kyk, sodat jy nie moet dink dat ’n droom hierdie dinge betekenisloos versin nie, sal jy weldra onder die eike op die strand ’n ontsaglike sog kry lê met ’n werpsel van dertig stuks so pas gebore, ’n wit sog wat op die grond lê en rus, en wit die kleintjies aan haar spene². [Daar sal die plek vir jou stad wees, daar die sekere rus na jou ontberinge³]. En in ooreenstemming daarmee sal Ascanius na dertig wentelende jare ’n stad stig met ’n heerlike naam — Alba. Ek voorspel geen onsekere dinge nie!

40

Hoe jy dit wat voor die deur staan seëvierend kan deurvoer — let op — sal ek in ’n paar woorde aan jou verduidelik. Aan hierdie kuste het die Arcadiërs, ’n volk ontspruit uit Pallas, en wat koning Evander vergesel en sy vaandels gevolg het, ’n plek gekies en in die berge ’n stad gestig genoem Pallanteum na Pallas, die naam van hulle voorvader. Hierdie mense voer onophoudelik oorlog teen die Latynse volk; neem hulle as bondgenote in jou kamp op en knoop verdrae met hulle aan. Ek self sal jou tussen my oewers reguit teen my stroom op lei, sodat jy in jou vaart na die binneland die opponerende stroming met roei te bowe kan kom. Kom, staan op, seun van ’n godin, en as die eerste sterre begin daal moet jy soos gebruiklik gebede tot Juno rig, en sowel haar toorn as dreigemente met smeekbedes vermurwe. Aan my sal jy ten volle

50

60

¹ Dardanus, stigter van Troje, het oorspronklik van Italië gekom.

² Vgl. Bk. 3, 390-393.

³ Hierdie vers (46) ontbreek in twee van die beste manuskripte, en is eintlik oorbodig na vers 39.

jou eer betoon wanneer jy oorwin het. Ek is hy wat jy hier sien, waar ek met vol stroom liggies aan my oewers raak en deur die aarde sny — Tiber, die donkerbloue, lieflingstroom van die hemel. Hier is my grootse woning, en van hoogliggende stede af stroom my bron.⁴”

AENEAS SE GEBED

So het die riviergod gesê, hom hierop in sy diep kuil verberg en na die bodem afgeduik. Die nag en slaap het van Aeneas gewyk. Hy staan op, rig sy blik op die dagende lig van die hemelse son, hou volgens gebruik water uit die rivier in sy hande omhoog, en stort hierdie gebed aan die hemel uit: “Nimfe, Laurentiese Nimfe uit wie riviere gebore word, en u, Tiber, o vader, met u heilige stroom, ontvang Aeneas, en beskerm hom op langelaas teen gevare. In welke bron u kuile u ook al huisves, u wat medelye betoon met ons beproewinge, en uit welke aarde ook al u in al u lieflikheid voortvloei, immer sal u verheerlik word deur my eerbetoon, immer met geskenke, o horingdraende stroom, heerser oor Westerse waters. Ag, staan my slegs by en bevestig u goddelike openbaringe kragdadiger.” So sê hy, en kies uit die vloot twee tweedekker skepe, rus hulle toe met spanne roeiers en voorsien tegelyk sy makkers van hulle benodigdhede.

70

80

DIE WONDERTEKEN VAN DIE SOG

Maar kyk! 'n Skielike wonderteken, wonderbaar om te aanskou: glansend wit deur die bome, met 'n werpsel net so wit, het daar voor hulle oë op die groen oewer uitgestrek gelê — 'n sog! Goeie Aeneas bring die heilige gerei en offer haar inderdaad aan u, ja, aan u, oppermagtige Juno, en saam met haar werpsel plaas hy haar voor u altaar. Daardie hele lange nag het Tiber sy snellende vloed gekalmeer, teruggestroom, en só stil met geluidlose rimpeling bly

⁴ Die betekenis van hierdie vers kan nie presies bepaal word nie. 'n Ander vertaling is: “Hier verrys my groot woning, die hoof van magtige nasies.”

staan, dat hy die oppervlakte van sy water soos by 'n vreedsame kuil of rustige moeras gelyk gestryk het en die roeispaan nie met die golwe te worstel gehad het nie.

Onder gejuig haas hulle dus voort op die reis waarmee hulle begin het. Die pikbestrykte dennekiel gly deur die waters; verbaas is die golwe, verbaas die woud wat die manne se blitsende skilde daar ver op die rivier, en ook dat skepe op die water dryf, vreemd vind. Dag en nag roei hulle sonder rus voort en vaar lang bogte verby; onder die beskutting van veelsoortige bome sny hulle deur die groen bosse in die kalme watervlak. Vlammen het die son reeds na die middel van die hemelboog opgestyg toe hulle in die verte die mure en burg en die enkele huisdakke gewaar wat tans deur die mag van Rome tot aan die hemel in grootheid verhef is, maar toe deur Evander as sy skamele ryk besit is. Vinnig swaai die boë landwaarts en nader die stad. 90 100

DIE TROJANE LAND BY PALLANTEUM

Daardie dag was die Arcadiese koning⁵ juis besig om in 'n heilige bos voor die stad, die gebruikelike offer tot eer van Amphitryon se magtige seun⁶ en die ander gode te bring. Saam met hom het sy seun Pallas, saam het al die mees vooraanstaande jongmanne en die arm senaat offers van wierook gewy, en voor die altare het die louwarm bloed gedamp. Toe hulle die rysige skepe bemerk, en manne wat stilweg deur die skaduryke woud nadergly terwyl hulle oor die spane buig, word hulle verskrik deur die skielike verskyning en almal verlaat die tafels en spring op. Onbeskroomd verbied Pallas hulle om die heilige handeling te onderbreek, gryp sy spies, snel die aankomelinge self tegemoet, en van 'n bultjie af roep hy van ver: "Jongmanne, welke rede het julle gedryf om onbekende weë te beproef? Waarheen is julle op pad? Wat is julle ras? Van welke woonplek af? Bring julle vrede hierheen, of oorlog?" 110

⁵ Evander.

⁶ Hercules.

Toe sê vader Aeneas soos volg van sy hoë agterstewe af terwyl hy 'n olyftakkie wat vrede verkondig in sy hand uithou: “Kinders van Troje sien jy, en wapens vyandig teenoor die Latyners — ballinge vir wie hulle hooghartig met oorlog aangeval het. Ons soek na Evander. Dra hierdie boodskap oor en sê dat verkose leiers van Troje gekom het en om 'n wapenverbond vra.” Verbluf het Pallas gestaan, oorstelp deur so 'n magtige naam. “Wie u ook al is,” sê hy, “kom aan wal, gaan praat met my vader van aangesig tot aangesig, en betree ons huis as gas.” Met 'n handdruk het hy hom verwelkom, Aeneas se hande met albei syne omvat en dit lank vasgehou. Hulle stap voort, laat die rivier agter en nader die heilige bos.

120

DIE ONTMOETING MET EVANDER

Toe spreek Aeneas die koning aan met vriendelike woorde: “O edelste seun van die Griekse volk, tot wie die Noodlot wou hê dat ek my smeekbede rig en die lintomvlegte takke uithou, waarlik, ek was nie danig bevrees by die gedagte dat u 'n Griekse vors en Arcadiër is, en omdat u deur afstamming verwant is aan die twee seuns van Atreus nie. My eie moed en die heilige orakels van die gode, ons verwante voorvaders en u roem wat oor die aarde verbrei is, het my aan u verbind en deur die beskikking van die noodlot wat ek gewillig aanvaar, hierheen gevoer.

130

Dardanus, die oorspronklike voorvader en stigter van die stad Troje, gebore uit Atlas se dogter Electra — soos die Grieke beweer — het na die Trojane toe geseil. Oppermagtige Atlas wat die hemelgewelf op sy skouers verhef, het vir Electra verwek. U voorvader is Mercurius, aan wie stralende Maia op die ysige kruin van Cyllene geboorte geskenk het. Maar Maia, indien ons enigsins glo wat ons gehoor het, is deur die einste Atlas verwek wat die hemelse sterre dra. So vertak ons albei se geslagte uit een bloed. Hierop vertrouend, het ek u nie eers deur gesante of met diplomاسie probeer pols nie. Ek het my, ja, ek self het my en my lewe voor u gestel en as smekeling na u drumpel gekom. Dieselfde Dauniese⁷ volk wat u met wrede oorlog vervolg, vervolg ook vir

140

⁷ Die Rutuliërs, want Turnus was die seun van Daunus.

ons. As hulle ons verdryf, glo hulle, sal dit niks skeel nie of hulle onderwerp die hele Italië geheel en al aan hulle juk, en beheer die seë wat bo en onder teen hulle kuste aanspoel⁸. Neem aan ons erewoord, en gee u s'n. Vir oorlog het ons dapper harte, en ons het moed, en jongmanne deur veldslae beproef."

150

Aeneas het sy woorde beëindig. Terwyl hy gepraat het, het Evander geruime tyd al sy gesig en oë en sy hele gestalte betrag. Toe antwoord hy kortliks soos volg: "Met watter genoeg, o dapperste onder die Trojane, verwelkom en herken ek jou! Hoe herinner ek my die woorde en stem en gelaat van jou vader, groot Anchises! Want ek onthou dat Priamus, seun van Laomedon, op reis na Salamis by sy suster Hesione se koninkryk besoek afgelê, en direk vandaar voortgereis het om die ysige grense van Arcadië te besoek. Destyds het prille jeug my wange met dons bekleed, en ek het my verstom aan die Trojaanse leier, my verstom ook aan Laomedon se seun self; maar soos Anchises daar gestap het, was hy langer as al die ander. My hart het van jeugdige verlange gebrand om die held aan te spreek en om regterhand aan regterhand in 'n verbond te sluit; ek het nader gestap en hom gretig na die mure van Pheneus gebring.

160

By sy vertrek het hy my 'n merkwaardige koker met Lyciese pyle geskenk, asook 'n mantel met gouddraad deurstik en twee goue tooms wat nou in my Pallas se besit is. Daarom is ook die hand wat jy soek reeds deur my in verbond gesluit,⁹ en sodra die daeraad môre na die aarde terugkeer sal ek julle heenstuur in blydskap, en julle met my hulp en middele bystaan. Vier intussen, aangesien julle in vriendskap gekom het, hierdie jaarlikse fees wat dit 'n sonde is om uit te stel, in toegeneë stemming saam met ons, en raak reeds nou al bekend met die tafels van julle bondgenote."

170

⁸ Die Adriatiese en Etruriese of Tirreense seë respektiewelik, d.w.s. Italië van kant tot kant.

⁹ D.w.s. met Anchises.

DIE OFFERFEES

Toe hy dit gesê het, beveel hy dat die voedsel en bekere wat reeds opgeruim was, weer op tafel gesit moet word, en self plaas hy die manne op sitplekke van grassoë. Vir Aeneas nooi hy na 'n troon van ahornhout en ontvang hom met onderskeiding op 'n bank waaroor 'n ruigharige leeuvel gesprei is. Toe dra uitgelese jongmense en die priester van die altaar wedywerend gebrade vleis van bulle aan, hoop die geskenke van Ceres¹⁰ wat hulle voorberei het in mandjies op en bedien wyn van Bacchus. Aeneas en die jongmense van Troje saam met hom, smul aan die lang rugstring van 'n bees, en aan die hartslag, die soenoffer van die gode. 180

DIE VERHAAL VAN CACUS

Nadat hulle honger gestil en die drang na voedsel bevredig is, sê koning Evander: “Hierdie jaarlikse offerande, hierdie gebruikelike fees en hierdie altaar van so 'n magtige godheid is nie deur holle bygeloof, onbekend met die gode van ouds aan ons opgelê nie: gered van wrede gevare, o gas van Troje, voer ons dit uit en hernieu ons jaarliks die verskuldigde offerdiens. Kyk nou eers na hierdie krans met sy oorhellende rotsblokke, hoe die klipmassas ver uitmekaar geslinger lê, hoe 'n verlate bergwoning daar staan waar die rotse in 'n magtige verwoesting neergestort het. Hier was vroeër 'n grot wat tot diep in die berg gestrek het, bewoon deur die afgryselike gestalte van die half-mens Cacus, en ontoeganklik vir die strale van die son. Gedurig was die grond loutarm van vars slagting, en vasgespyker aan die hovaardige voordeur het daar mensegesigte gehang, bleek van jammerlike verrotting. Hierdie monster se vader was Vulcanus: sy swart vure het hy uit sy mond geblaas terwyl hy met kolossale liggaam voortstap. 190

Ook vir ons wat daarom gebid het, het die tyd op langelaas hulp 200

¹⁰ Brood.

gebring met die aankoms van 'n god. Want die oppermagtige wreker, Alcides,¹¹ trots op die dood en buit van driestaltige Geryon het opgedaag, en sy ontsaglike stiere seëvierend hier langs aangejaag terwyl sy beeste die vallei en rivier vol loop. Maar om geen skurkagtigheid of bedrog ongewaag en onaangeraak te laat nie, keer die waansinnige hart van die dief Cacus vier stiere van uitmuntende gestalte, en net soveel verse van onoortreflike skoonheid uit hul krale af. En om te voorkom dat daar hoefspore sou wees wat in die regte rigting wys, het die rower hulle aan hul sterte die spelonk ingesleep, so die tekens van hulle rigting omgedraai en hulle in die donker rotsgrot weggesteek. Vir iemand wat na hulle sou soek, het geen spoor na die spelonk toe gelei nie. **210**

Intussen, toe die seun van Amphitryon reeds besig was om sy dikgevrete kuddes uit die krale te jaag en om voorbereidings te tref vir die vertrek van daar af, het die beeste by hul afskeid gebulk, die hele woud met klaagtone vervul en die heuwels met luide geroep agtergelaat. Een van die verse het die geroep beantwoord, van onder uit die geweldige grot gebulk en, hoewel bewaak, Cacus se hoop verydel. Hierop, voorwaar, het Hercules se toorn in sy swart gal van woede ontvlam. Met sy hand gryp hy sy wapens en eikeknuppel, swaar van die knoeste, en hardloop op volle vaart na die steiltes van die berg wat hom hoog in die lug verhef. Toe, vir die eerste maal, het ons mense vir Cacus vreesbevange en met ontsteltenis in sy oë gesien. Onmiddellik vlug hy, vinniger as die Oostewind, en pyl op sy grot af; vrees het vlerke aan sy voete verleen. **220**

Net toe hy hom toegesluit en deur die kettings af te ruk 'n yslike rotsblok neergeslinger het wat deur die kuns van sy vader altyd aan yster bokant die ingang gehang het¹², en hy die deurposte met daardie versperring gestut en verskans het, kyk! daag die Tiryntiër op, sy gemoed verwoed. Tandeknersend neem hy elke toegang op

¹¹ Hercules, kleinseun van Alceus. Hy was die swerwende ridder van die ou tyd wat reuse en monsters bestry en onreg gewreek het.

¹² Iets soos 'n valpoort of valbrug van 'n middeleeuse kasteel.

en wend sy blik nou hierheen, dan daarheen. Siedend van toorn **230**
hardloop hy drie maal rondom die hele Aventinusberg, drie maal
probeer hy vergeefs die rotsingang, drie maal gaan sit hy vermoeid
in die kloof.

Daar het 'n spits granietrots gestaan, die kante rondom
weggevreet. Op die rug bokant die grot het dit hom verhef,
geweldig hoog om te sien, en 'n baie geskikte woning vir die
kleintjies van voëls wat die voorbodes van onheil is. Hierteen het
hy kragtig van die regterkant af gebeur soos dit van die rug af
vooroor gehel het na die rivier aan die linkerkant, dit geskud, van
sy diepste wortels af geskeur en los gewikkel, en toe skielik na
benede gestoot: van hierdie stoot dreun die hemel in al sy
grootheid, spring die oewers weg van mekaar en deins die rivier **240**
doodverskrik terug.

Maar Cacus se grot en ontsaglike paleis het ontbloot voor die oë
verskyn, en diep na binne het sy donker hool sigbaar gelê: net asof
die aarde van een of ander geweld diep na onder oop gaap, en
daardeur die onderaardse wonings blootlê en die bleek
skimmeryk, haatlik vir die gode, ontsluit. Die onpeilbare afgrond
word van bo af aanskou en die Skimme sidder van die instromende
lig.

Op hom wat skielik deur die onverwagte lig oorval is en ingehok in
die hol rots brul soos nooit tevore nie, laat Hercules dus
werpwapens van bo af neerreën. Die held benut iedere moontlike
wapen en bring hom in die nou met boomtakke en yslike **250**
rotsblokke. Cacus, egter, want daar was nou geen ontvlugting aan
die gevaar meer oor nie, braak uit sy kake — wonderbaar om te
sê — digte rook, en hul sy woning in 'n ondeursigtelike newel wat
die uitsig aan die oë ontruk. Onder in sy grot pak hy 'n
rookbelaaide nag saam in duisternis vermeng met vuur.

In sy ontembare moed het Hercules dit nie geduld nie. Met 'n
halsoorkop sprong het hy hom deur die vuur gewerp waar die
golwende rook die digste aangerol kom, en waar die ontsaglike
grot in 'n swart newel warrel. Hier gryp hy vir Cacus waar hy in die
duisternis vergeefs vuur uitbraak, knoop sy arms om sy nek en **260**

wurg hom met 'n stewige greep tot sy oë uitpeul en sy keel sonder 'n druppel bloed is.

Dadelik word die deure afgeruk en die pikdonker skuilgat oopgegooi; die gesteelde beeste en die diefstal wat onder eed ontken is, word aan die hemel getoon; aan sy voete word die afsigtelike lyk voortgesleep. Die mense kan hulle harte nie versadig kyk aan die half-dier se skrikwekkende oë, die gesig, die bors, ruig van stekelige hare, en die mond waarvan die vure vir ewig geblus is nie.

Sedertdien word die offerfees gevier en het die nageslagte die dag blymoedig gehou. Potitius, die oorspronklike stigter, en die huis van die Pinarii, die instandhouer van Hercules se erediens, het hierdie altaar in die bos opgerig, wat altyd deur ons die “Magtigste¹³” genoem sal word, en wat inderdaad altyd vir ons die magtigste sal wees. Kom dus, jongmanne, omkrans julle hare met lower by die offerfees ter herdenking van sulke loflike dade, en hef die bekere in julle regterhand omhoog. Roep ons gemeenskaplike god aan en sprinkel die wyn van ganser harte.” Hy het klaar gepraat. Toe bedek die tweekleurige populiertakkie sy hare met skadu dierbaar vir Hercules; met die loof in sy hare ingevleg het dit neergehang, en die heilige drinkbeker het sy regterhand gevul. Haastig pleng almal blymoedig op die tafel en bid tot die gode.

270

DIE PRIESTERS SING 'N LOFLIED TOT EER VAN HERCULES

Intussen het die hemel gedaal en kom die Aandster nader. En nou het die priesters, op tradisionele wyse met velle omgord en met fakkels in die hand aangekom, Potitius heel voor. Hulle hernieu die feesmaal, dra welkom gawes vir die tweede deel van die maaltyd aan en belaa die altare met opgehoopde skottels. Toe gaan staan die Saliërs¹⁴ rondom die aangesteekte altare om te sing,

280

¹³ 'n Verwysing na die Ara Maxima, Hercules se heiligdom te Rome.

¹⁴ Die “springende” priesters van Mars.

hulle slape omkrans met populiertakkies – aan die een kant 'n koor van jeugdiges, aan die ander kant een van ou manne – en met gesang verkondig hulle Hercules se lof en daad: hoe hy sy eerste monsters, die twee slange deur sy stiefmoeder¹⁵ gestuur, met sy hande gedruk en verwurg het; hoe hy ook voortreflike stede, 290 Troje en Oechalië, in oorlog verwoes het; hoe hy onder koning Eurystheus 'n duisend netelige take ten gevolge van die beskikkinge van wrede Juno volvoer het. “U, onoorwinlike, met u hand dood u die dubbelstaltige seuns van die wolke¹⁶, Hylaeus en Pholus, ja, u dood die ondier van Kreta¹⁷ en die verskriklike leeu onder die rots van Nemea¹⁸. Vir u het die waters van die Styx¹⁹ gesidder, vir u die deurwagter van die Onderwêreld waar hy op 'n hoop halfgevrete bene in sy bloeddeurweekte grot lê. Geen afgryslige gedaante het u verskrik nie, selfs nie Typhoeus self wat wapen in die hand hoog die lug in getoring het nie. Toe die draak van Lerna u met sy menigte koppe omsingel het, was u nie sonder raad nie. Heil, waaragtige spruit van Jupiter, u wat as sieraad tot die gode bygevoeg is! Nader ons en u heilige ritus genadiglik met heilbringende tred.” Dergelike daad verheerlik hulle in hul liedere. As toppunt van alles voeg hulle 'n lied oor Cacus se grot en die vuurademende monster self by. Die hele bos weergalm en die heuwels weerklink van die gedruis. 300

DIE WANDELING DEUR PALLANTEUM

Onmiddellik na voltooiing van die heilige handelinge keer almal terug na die stad. Gebuk onder die las van jare het die koning voortgestap met Aeneas en sy seun langs hom as metgeselle van sy wandeling, en met 'n gesprek vol afwisseling die pad verkort. Met verwondering rig Aeneas sy opmerksame oë op alles om hom 310

¹⁵ Juno.

¹⁶ Kentoure.

¹⁷ 'n Woeste bul uit die see wat die velde van Kreta verwoes het en wat hy lewendig moes vang.

¹⁸ Die leeu waarvan hy die vel dra.

¹⁹ Vgl. Bk. 6, 385-397.

heen. Hy word bekoor deur die omgewing, en dit verskaf hom vreugde om uit te vra na elke afsonderlike ding en te verneem van die monumente van vergange helde.

Toe vertel koning Evander, stigter van die burg van Rome: “In hierdie bosse het eertyds inheemse Saters en Nimfe gewoon, en ’n menseras gebore uit boomstamme en harde eikehout. Geen wet of beskawing het hulle gehad nie, en hulle het ook nie geweet hoe om stiere in te span of voorrade op te berg of om dit wat hulle verkry het, spaarsaam te gebruik nie. Maar boomtakke en die moeitevolle broodwinning van die jag het hulle onderhou.

Heel eerste het Saturnus uit hemelse Olympus gekom, verban uit sy ontrukte koninkryk, ’n vlugteling voor die wapens van Jupiter. 320 Hy het die onbeskaafde ras wat op die hoë berge versprei was, byeengebring, vir hulle wette gemaak, en verkies dat die land Latium²⁰ genoem word omdat hy aan hierdie kuste in veiligheid kon skuil. Onder sy bewind het die goue eeu geheers waarvan die mense vertel. So het hy die volke in rustige vrede regeer totdat ’n minderwaardiger eeu met ’n dowwer kleur, en oorlogswaansin en hebsug geleidelik daarop gevolg het.

Toe het die bendes van Italië en die stamme van Sicilië opgedaag, en het die land van Saturnus heel dikwels van naam verwissel²¹. 330 Toe het konings te voorskyn getree, en ruwe Thybris met sy ontsaglike liggaam, na wie ons Italiane later ons rivier, die Tiber, vernoem het: die Albula van ouds het sy regte naam verloor. Verdryf uit my vaderland en op soek na die uiteindes van die see, is ek deur die almagtige Noodlot en die onontwykbare lotsbeslissing in hierdie omgewing geplaas. Ook die gedugte waarskuwings van my moeder, die nimf Carmentis, en die god Apollo wat haar inspireer, het my hierheen gedryf.”

Nouliks het hy dit gesê of so in die loop wys hy na die altaar en die

²⁰ *Latium* dus afgelei van *latere* = om te skuil.

²¹ O.a. Italië, Ausonië, Hesperië, Oenotrië.

stadspoort wat die Romeine die poort van Carmentis noem, 'n eerbetoon uit die goeie ou dae aan die nimf Carmentis, die waarsêer-profetes wat eerste die toekomstige grootheid van Aeneas se kinders en die roem van Pallanteum voorspel het. **340**

Vervolgens wys hy hom 'n ontsaglike woud wat deur dapper Romulus 'n plek van Asiel²² gemaak is, en aan die voet van 'n ysige rots die Lupercal²³, so genoem na die Arcadiese tradisie van Lycaeïese Pan. Hy wys hom ook die woud van heilige Argiletum, roep die plek tot getuie²⁴ en vertel van sy gas Argus se dood.

Vandaar lei hy hom na die Tarpeïese woning²⁵, en die Capitolium – nou in goud getooi maar voorheen stekelig van bosagtige kreupelhout. Reeds toe al het die huiweringwekkende heiligheid van die plek die bang landelike volk verskrik, reeds toe al het hulle gesidder vir die bos en die rots. “In hierdie woud,” sê hy, “op hierdie heuwel met sy blaarryke kruin woon daar 'n god – dog welke god weet ons nie. My Arcadiërs glo hulle het Jupiter self dikwels daar gesien wanneer hy sy donker skild met sy regterhand skud en die stormwolke opjaag. Verder sien jy in hierdie twee stede met hulle vernietigde mure die oorblyfsels en monumente van die helde van ouds. Hierdie burg het vader Janus gebou, en Saturnus daardie een; hierdie een is Janiculum²⁶ genoem, en daardie een Saturnia²⁶.” **350**

Al geselsend in dergelike trant het hulle die woning van arm Evander genader, en oral in Rome se Forum en deftige Carinae²⁷ **360**

²² Die Asylum in Rome, 'n plek wat deur Romulus vir vreemde drosters en ballinge oopgestel is om die klein bevolking van sy stad aan te vul. Vgl. die “vrystede” van die Ou Testament.

²³ D.w.s. “Wolfsgrót”, so genoem omdat Pan in Arcadië as 'n wolfsgod in grotte vereer is.

²⁴ Nl. dat hy geen skuld dra i.v.m. Argus se dood nie.

²⁵ Die Capitolinus, voorheen ook bekend as Mons Tarpeius.

²⁶ Die twee kruine van die Mons Capitolinus.

²⁷ D.w.s. die plek in Pallanteum waar die historiese forum en deftige buurt van Carinae sou ontstaan.

bulkende kuddes opgemerk. Toe hulle by sy huis aankom, sê hy: “Na sy oorwinning het Hercules hierdie drumpel betree; hierdie paleis was groot genoeg vir hom. Toon die moed, my gas, om rykdom te versmaai, vorm jou om ook goddelikheid waardig te wees en kom nie onverdraagsaam na my nederige koninkryk nie.” So het hy gesê, groot Aeneas onder die dak van sy skamele woning ingelei, en hom op ’n matras van blare en die vel van ’n Libiese berin laat lê. Nag storm aan en hul die aarde in sy donker vlerke.

VENUS VERSOEK VULCANUS OM VIR ANEAS WAPENS TE VERVAARDIG

Maar Venus se moederhart was nie sonder rede hewig ontstel nie. Onthuts deur die dreigemente en gevaarlike opstand van die Laurentyne, spreek sy vir Vulcanus aan, adem goddelike liefde in haar woorde en begin aldus in die goue slaapvertrek van haar eggenoot: “Terwyl Griekse konings gedoemde Troje en sy vestings wat bestem was om deur vyandelike vuur ineen te stort met oorlog verwoes het, het ek geen hulp en geen wapens van jou vaardigheid en vermoë vir die arme mense gevra nie. En, dierbaarste eggenoot, ek wou my ook nie sonder goeie rede op jou of jou moeite beroep nie, hoewel ek uiters veel aan Priamus se seuns verskuldig was en dikwels trane gestort het om Aeneas se drukkende nood. Op bevel van Jupiter het hy hom nou aan die kuste van die Rutuli gevestig, en daarom kom ek dan tog as smekeling, en van die godheid wat ek respekteer, versoek ek wapens – ’n moeder wapens vir haar seun. Vir jou kon die dogter van Nereus²⁸, vir jou kon die eggenote van Tithonus²⁹ met hul trane beweeg. Kyk net welke volke in ’n verbond verenig, welke stede hulle poorte sluit en teen my en tot verdelging van my volk die swaard slyp!”

370

380

Dit het sy gesê, en terwyl hy nog aarsel, troetel die godin sy hele

²⁸ Die seenimf Thetis, die moeder van Achilles vir wie Hephaestus (Vulcanus) ook wapens gemaak het. (Vgl. Homerus *I.* 18, 428 e.v.)

²⁹ Aurora het Vulcanus versoek om wapens vir haar seun Memnon (vgl. Bk. 1, 489) te maak.

wese in die sagte omhelsing van haar sneeuwit arms. Plotseling het liefdespassie soos gewoonlik in hom ontvlam, het die bekende vuur sy murg ingedring en deur sy weekgeworde gebeente gesnel: net soos wanneer 'n skitterende skeur van vuur soms onder gedonder te voorskyn breek en met trillende lig deur die stormwolke snel. Sy eggenote het dit gemerk, en bewus van haar skoonheid behae geskep in haar lis. 390

Vasgeketting deur 'n ewige liefde, antwoord die vader toe: “Waarom haal jy vergesogte redes op? Waarheen het jou vertroue in my gewyk, godin? As jy destyds dieselfde begeerte gekoester het, sou dit toé ook vir my geoorloof gewees het om die Trojane te bewapen. En die almagtige Vader of die noodlot het nie verbied dat Troje bly staan en Priamus nog tien jaar langer bly leef nie. En nou, as jy gereed maak om oorlog te voer en dit jou voorneme is, al die aandag wat ek in my kuns kan belowe, alles wat uit yster of gesmelte electrum³⁰ vervaardig kan word, alles wat vuur en lug³¹ vermag – hou op om deur smeekbedes jou eie mag te wantrou!” 400
Na hierdie woorde het hy die verlangde omhelsing gegee, hom aan sy eggenote se bors gevly en in elke ledemaat na rustige slaap gerek.

Sodra die eerste rus vervolgens die slaap verdryf het, toe die reeds afdalende³² Nag halfpad om sy baan was, die uur waarin die huisvrou op wie die taak gelê is om haar lewe met spinstok en eenvoudige handearbeid draaglik te maak, die kole en smeulende vuur opwek – sy bring die nag vir haar dagtaak by en hou haar bediendes by lamplig besig aan die nimmereindigende weefwerk om haar eggenoot se bed kuis te hou en haar klein kindertjies te kan opvoed: net so vroeg en flink staan die Beheerser van Vuur uit sy sagte bed op vir die werk in sy smidswinkel. 410

³⁰ 'n Goudalloori wat 20%-25% silwer bevat het.

³² Uit blaasbalke.

³² Net soos die Son ry die Nag (ek lees 'n hoofletter) ook met 'n strydwa deur die hemelruim.

Langs die kus van Sicilië en Aeoliese Lipare verrys 'n eiland, styl van rokende rotse. Onder hom dreun 'n grot en tonnells soos dié van Etna, uitgehol vir die Siklope se smeltoonde. Op die aambeelde word kragtige houe gehoor wat 'n gedreun laat weerklink; ysterstawe³³ sis in die koelbakke en in die smeltoonde hyg die vuur – die woning van Vulcanus, Vulcanië die land se naam. Hierheen het die Beheerser van Vuur toe uit die hoë hemel neergedaal. **420**

DIE SIKLOPE SE SMIDSWINKEL

In hulle yslike grot was die Siklope besig om yster te smee – Donder en Weerlig en Vuur-Aambeeld met sy naakte liggaam. In hulle hande was daar 'n weerligstraal soos dié wat die Vader in groot getalle van orals uit die hemel na die aarde neerslinger, nog maar ru gevorm, die een deel reeds gepoleer terwyl die ander deel onafgewerk gebly het. Drie strale neerkletterende hael het hulle reeds daaraan toegevoeg, drie strale wolkbreek, drie van rooiglimmende vuur en drie van geveuelde Suidewind. Nou was hulle besig om skrikwekkende blitse en donder en vrees en woede met sy agtervolgende vure by hulle skepping in te pas. **430**

Op 'n ander plek het hulle ywerig gewerk aan 'n strydwa vir Mars, vlieënde wiele waarmee hy mense, waarmee hy stede aanhits. Wedywerend was hulle verder besig om die vreesaanjaende skild, die wapen van Pallas in haar toorn, te poleer en dit met goue slangskubbe te versier; ook die deureengevlegte slanghare, en op die godin se bors die Gorgo self met afgekapte nek en rollende oë. “Staak alles!” skree hy “Neem die werkstukke waarmee julle begin het hier weg, Siklope van Etna, en gee julle aandag hier: wapens moet vir 'n dapper held gemaak word! Nou is daar krag nodig, nou vlugge hande, nou al julle meesterlike kuns. Haastig weg met alle oponthoud!” **440**

³³ Lett.: stawe van die Chalybes – 'n volk aan die Swartsee bekend om ysterbewerking.

Meer het hy nie gesê nie. Maar hulle het die taak gelykop verdeel en gou het almal ywerig aan die werk gespring. Brons en goue metaal vloei in stroompies, en in die ontsaglike hoogood smelt yster wat wonde toedien. Hulle vorm 'n reuseskild, een teen al die wapens van die Latyners, en smee dit sewevoudig, laag op laag. Met die hygende blaasbalk trek party die lug op en blaas dit weer uit; ander doop die sissende brons in die koelbak; die grot kreun onder die gewig van die aambeelde wat op sy vloer opgestel is. Met alle mag lig hulle hul arms ritmies om die beurt en keer die metaal massa om en om met die vasgrypende tang. 450

AENEAS EN EVANDER BESPREEK DIE BONDGENOOTSKAP

Terwyl die beskermers van Lemnos³⁴ hierdie werk haastig op Aeolië se kuste van stapel stuur, roep die vriendelike lig en die môresang van voëls onder die dakrand vir Evander uit sy nederige woning. Die grysaard staan op, trek 'n wol onderkleed aan, en bind Tirreense sandale³⁵ om sy voete vas. Toe gord hy 'n Arcadiese swaard aan sy sy en skouers, en slaan die luiperdvel terug wat aan sy linkerkant neergehang het³⁶. En ook die twee waghonde draf van die hoë voordeur af voor hom uit en vergesel hulle baas terwyl hy voortstap. 460

Gedagtig aan hulle gesprek en aan sy beloofde diens was die held op pad na die afgesonderde verblyfplek van Aeneas. Nie minder vroeg nie het Aeneas ook aangestap gekom. Pallas, sy seun, het saam met Evander gestap, en Achates saam met Aeneas. Toe hulle bymekaar kom, skud hulle hand, gaan sit te midde van die huise³⁷ en geniet op langelaas die gesprek wat hulle gegun is. Sô begin die koning eerste:

³⁴ Vulcanus is op Lemnos vereer.

³⁵ Tirreense (Etruriese) sandale het hout sole en vergulde rieme gehad.

³⁶ D.w.s. die vel word na regs teruggeslaan sodat dit nie oor die swaardgeves aan die linkerkant hang nie.

³⁷ In die ope lug.

“Magtigste leier van die Trojane – solank jy lewe sal ek gewis nie 470
erken dat Troje se mag en ryk oorwin is nie – na verhouding met
jou groot naam is ons kragte om hulp in oorlog te bied gering. Aan
hierdie kant word ons ingehok deur die Etruriese rivier, aan
daardie kant druk die Rutuliër en kletter hy onder wapen om ons
mure. Maar ek is van plan om magtige volke en ’n laer, ryk aan
koninklike kontingente, met jou te verbind. ’n Onverwagte toeval
toon hierdie weg tot redding: jy kom as geroepene van die noodlot.

Op ou rots gegrondves, word die stad Agylla nie ver hiervandaan 480
nie bewoon. ’n Lydiëse volk, hoogs beroemd in oorlog, het hulle
eertyds daar op die Etruriese hooglande gevestig. Baie jare lank
het dit floreer totdat koning Mezentius dit met hovaardige
heerskappy en wrede wapengeweld in sy mag gehou het. Waarom
sou ek sy afgryslieke moorde opnoem, waarom die wreedaardige
dade van die tiran? Mag die gode vergelding vir sy eie hoof en
geslag bewaar! Hy het selfs lyke aan lewende mense vasgebind
deur hand teen hand en gesig teen gesig te plaas – sy metode van
foltering – en hulle so, druipend van etter en sugvog in jammerlike
omhelsing met ’n langsame dood vermoor.

Maar op die ou end het sy burgers moeg geword vir die
waansinnige met sy onuitspreeklike gruweldade. Hulle neem die 490
wapen op en omsingel die man, homself en die paleis; hulle maai
sy volgelinge af en slinger vuur op sy dak. Onderwyl die slagting aan
die gang is, ontsnap hy en vlug na die velde van die Rutuliërs, en
word beskerm deur die wapens van sy gasvriend Turnus. Daarom
het die hele Etrurië in geregverdigde woede in opstand gekom, en
met ’n dreigement van onmiddellike oorlog eis hulle hul koning op
vir sy straf.

Ek sal jou as generaal by hierdie duisende voeg, Aeneas. Want
langs die hele kus wemel en rumoer hul skepe, en hulle eis dat daar
tot die aanval oorgegaan moet word. Maar hul bejaarde waarsêër
hou hulle teë met ’n profesie van die noodlot: ‘O keurbende van 500
die Lidiese jeug, blom en mannemoed van die ou helde, julle wat
deur geregverdigde verontwaardiging teen die vyand gevoer word
en vir wie Mezentius tot billike woede aanvuur, geen Italiaan mag
oor so ’n magtige volk gesag voer nie: kies vreemde leiers!’

Verskrik deur die waarskuwings van die gode het die Etruriese linies toe rustig op die vlakte hier³⁸ laer getrek. Tarchon het persoonlike gesante met die kroon en septer van hulle ryk na my gestuur, en hy bied my die kentekens van gesag aan met die versoek dat ek in die laer verskyn en die Tirreense troon moet bestyg. Maar my ouderdom, stram en koud en deur jare uitgeput, en my kragte wat nie meer toereikend is vir dapper dae nie, misgun my die oppergesag. Ek sou my seun daartoe aangespoor het as dit nie was dat hy deur sy Sabyne moeder van gemengde afkoms is, en van haar 'n deel van sy vaderland verkry het nie. Jy wie se jare en afkoms deur die noodlot begunstig word, jy vir wie die hemel opvorder, aanvaar jou taak, o allerdapperste leier van die Trojane – ja, nou ook van die Italiane! Boonop sal ek my Pallas hier, my hoop en vertroosting, aan jou verbind. Laat hom onder jou leiding leer om krygsdiens en die moeitevolle taak van oorlogvoering te verduur; laat hom jou dae sien en jou van sy vroegste jare af bewonder. Aan hom sal ek tweehonderd Arcadiese ruiters gee, die keur van ons manskappe se krag, en Pallas sal net soveel in sy eie naam vir jou bydra.”

510

DIE WAPENVOORTEKEN

Nouliks het hy dit gesê, of Aeneas, seun van Anchises, en troue Achates het met oë strak op die grond gerig menige bedrukkende gedagte in eie bedroefde hart oordink. En hulle sou daarmee aangehou het as Venus nie 'n teken uit die wolklose lug gegee het nie. Want onverwags kom daar uit die hemel 'n trillende blits met donder gepaard, en skielik lyk dit of alles ineens stort, en die gesketter van 'n Tirreense trompet³⁹ skal deur die lug. Hulle kyk omhoog, en weer en weer dreun 'n magtige gerommel. In 'n helder deel van die hemel sien hulle wapens, deur wolke omgewe, rooi glimmend onder die hemelblou en donderend teen mekaar gebeuk.

520

³⁸ Waar hulle aanvanklik saamgetrek het, nie ver van Pallanteum af nie.

³⁹ Die Tirreners (Etruriërs) was waarskynlik die uitvinders van die trompet.

Oorstelp was die ander in hul hart, maar die held van Troje het die geluid en die beloftes van sy godin-moeder herken. Toe verklaar hy: “Vra voorwaar nie, my gasheer, vra beslis nie welke gebeurtenis deur die voortekens voorspel word nie: ek word deur Olympus opgeroep. My goddelike moeder het voorspel dat sy hierdie teken sou stuur as die oorlog dreig, en dat sy vir my wapens deur Vulcanus vervaardig deur die lug tot hulp sou bring. Wee my! watter ontsettende slagting wag daar op die rampsalige Laurentiërs! Watter vergelding, Turnus, sal jy aan my betaal! Hoeveel skilde en helms en liggame van helde sal u onder u golwe aanrol, vader Tiber! Laat hulle om stryd roep en hulle verdrae verbreek!” **530**

Na hierdie woorde staan hy van sy hoë troon af op, en allereerste laat ontvlam hy die altaar waarop die vuur vir Hercules gesmeul het, en stap blymoedig na die Lar⁴⁰ van gister, en na die nederige huisgode. Terselfdertyd slag Evander, en terselfdertyd ook die Trojaanse strydery uitgesoekte tweejaar-oud skape.

Hiervandaan stap hy vervolgens na die skepe en besoek weer sy makkers. Van hulle kies hy die uitnemend dapperes om hom na die oorlog te volg; die res vaar met die stroom mee en dryf sonder inspanning stroom af om aan Ascanius die boodskap van sy vader en sy omstandighede te bring. Aan die Trojane op pad na Tirreense velde, word perde verskaf; vir Aeneas lei hulle 'n buitengewoon pragtige dier nader, geheel bedek deur 'n geelbruin leeuevel, skitterend met vergulde kloue. **550**

EVANDER NEEM AFSKEID VAN PALLAS

Plotseling vlieg die gerug en verbrei hom deur die klein stadjie, dat ruiters haastig op weg is na die Tirreense koning. In angs verdubbel die moeders hul gebede, vrees beweeg nader na die

⁴⁰ Die beskermgod van die huis waar hy gasvryheid geniet, en wat hy waarskynlik die vorige dag vereer het.

gevaar toe as wat hulle werklik is, en groter doem die beeltnis van die Oorlogsgod reeds op. Toe omklem vader Evander sy seun wat op vertrek staan se hand, hou dit styf vas terwyl hy onbedaarlik ween en sê hierdie woorde: “Ag, as Jupiter tog my vervloë jare wou teruggee, soos ek was toe ek die voorste linie dig onder die mure van Praeneste neergevel het, en seëvierend hope skilde aan die brand gestee, en met hierdie hand vir koning Erulus na die Doderyk laat afdaal het, hy, aan wie sy moeder Feronia, afgryslik om te vertel, by sy geboorte drie lewens en drie stelle wapens geskenk het om te hanteer, en wat driemaal in die dood neergevel moes word – maar tog het hierdie hand van my hom daardie dag al sy lewens ontnem en hom net soveel kere van sy wapenrustings beroof – dan sou ek nooit nou van jou heerlike omhelsing geskeur gewees het nie, my seun, en sou Mezentius nooit sy buurman, my persoon, bespot het, en soveel wrede sterfgevälle met die swaard veroorsaak, en ons stad van soveel burgers beroof het nie.

560

570

Maar u, o gode, en u, Jupiter, oppermagtige heerser van die gode, ek smee, toon medelye met die Arcadiese koning en hoor 'n vader se gebede. As u goddelike wil, as die noodlot Pallas vir my ongeskonde bewaar, as ek bly lewe om hom weer te sien, hom weer te ontmoet, dan bid ek om my lewe en getroos ek my om enige swaar te verduur. Maar, Noodlot, as u met een of ander onuitspreeklike leed dreig, laat dit my geoorloof wees om nou, ja, nou die wrede lewe te beëindig terwyl my vrees nog twyfel, terwyl my toekomsverwagtinge nog onseker is, terwyl ek jou, liewe seun, my laat en enigste vreugde, in my omhelsing hou, en laat geen ernstiger tyding my ore verwond nie.” Hierdie woorde het die vader by hulle laaste afskeid uitgespreek; hy het ineengestort en sy bediendes het hom die huis in gedra.

580

DIE RUITERS VERTREK VAN PALLANTEUM

En nou het die ruiters inderdaad reeds by die oop poorte uitgery, Aeneas en die troue Achates onder die voorstes, en daarna die ander vorste van Troje. Pallas self ry in die middel van die troep, opvallend met sy mantel en beskilderde skild: soos wanneer die Môrester, vir wie Venus meer as al die sterrevure bemin, druipend van die golwe van die Oseaan sy heilige gelaat na die hemel hef en

590

die duisternis laat versmelt. Beangs staan die moeders op die mure en volg met hul oë die stofwolk en die troep in koperskittering. Gewapen ruk hulle aan deur die kreupelhout waar die kortste pad na hul bestemming langs lei. 'n Bevel word uitgeskree, die kolonne word gevorm en die hoefslag laat die krummelende vlakke bewe van galopperende gedreun.

Naby die ysige Caererivier is daar 'n ontsaglike heilige bos, wyd heen geheilig deur die godsdienssin van die voorvaders. Heuwels wat 'n dal vorm, sluit dit aan alle kante in en omsom die woud met donker denne. Die legende lui dat die ou Grieke wat eertyds die gebied van Latium eerste bewoon het, die heilige bos en 'n feesdag gewy het tot eer van Silvanus, die God van landerye en kuddes. Nie ver hiervandaan nie het Tarchon en die Etruriërs in 'n beskutte omgewing laer getrek, en van 'n hoë heuwel af kon die hele leërskaar nou gesien word, gelaer oor die wye velde. Hierheen ry vader Aeneas en die jongmanne wat vir die oorlog gekeur is; moeg versorg hulle hul perde en verkwik hulle liggame.

600

VENUS OORHANDIG VULCANUS SE WAPENS AAN AENEAS

Maar Venus, die stralende godin, het genader en tussen hemelse wolke haar geskenke saamgebring. En toe sy van ver af haar seun eenkant in 'n afgesonderde dal by die ysige stroom gewaar, het sy hom met hierdie woorde aangespreek terwyl sy uit eie beweging voor hom verskyn: "Siedaar! die geskenke wat deur my eggenoot se beloofde kuns voltooi is. In die toekoms, my seun, moet jy nie aarsel om die trotse Laurentiërs of heftige Turnus tot die geveg te daag nie." Die godin van Cythera het gespreek, haar seun omhels en die vonkelende wapens voor hom onder 'n eikeboom neergesit. Sy hart is vervul van vreugde oor die godin se geskenke en oor so 'n groot eer, en hy kan nie genoeg daarna kyk nie. Oor elkeen afsonderlik laat hy sy oë dwaal en vol bewondering draai hy die vlamstralende helm, skrikwekkend met sy pluime, om en om tussen hande en arms. Ook die dodelike swaard en die stywe koper borswering, bloedrooi en ontsaglik groot, soos wanneer 'n blouswart wolk onder die strale van die son begin gloei en van ver

610

620

af skitter. Dan die blink skeenplate van electrum en suiwer goud, en die spies, en die onbeskryflike samestel van die skild.

DIE SKILDBESKRYWING

Op die skild het die Heer van Vuur, geensins onbekend met die voorspellings van die waarsêers of onkundig aangaande die komende geslagte nie, die verhaal van Italië en die segetogte van Rome uitgebeeld; daarop die hele afstamming van Ascanius se toekomstige geslag, en die oorloë wat hulle geveg het, die een na die ander.

Hy het ook die wolvin uitgebeeld waar sy in die groen grot⁴¹ van Mars uitgestrek lê pas nadat sy gejong het, met die tweeling seuntjies wat aan haar spene hang en om haar rond speel en sonder vrees aan hulle moeder suig. Sy buig haar slanke nek om, troetel hulle om die beurt en fatsoeneer hul lyfies met haar tong. **630**

Nie ver daarvandaan nie het hy Rome bygevoeg, en die Sabyne vroue wat wederregtelik uit die sitplekke van die teater geskaak is onderwyl die groot Sirkusspele⁴² aan die gang was. Ook 'n nuwe oorlog wat skielik tussen die seuns van Romulus⁴³ en die grysaard Tatius met sy streng Cures⁴⁴ uitbreek. Daarna het dieselfde konings, na beëindiging van hulle onderlinge stryd, met wapen en offerskaal in die hand voor Jupiter se altaar gestaan en langs 'n geofferde swyn 'n bondgenootskap gesluit. **640**

Nie ver van daar af nie het die vinnige vierspanwaens reeds vir Mettus⁴⁵ uitmekaar geskeur – maar jy, man van Alba, moes jou

⁴¹ Diesg. Lupercal.

⁴² Die *ludi circenses*, ook bekend as *ludi magni*, of *ludi Romani*. Vgl. Livius 1, 9 vir die skaking van die Sabyne vroue.

⁴³ Die Romeine.

⁴⁴ Titus Tatius was 'n koning van die Sabyne. Hulle stad, Cures, was bekend om die streng eenvoudige lewe van sy inwoners.

⁴⁵ Mettus Fufetius van Alba, wat verraad gepleeg het teen die Romeinse koning Tullus Hostilius, is op hierdie wyse gestraf. Vgl. Livius 1, 27 e.v., veral 1, 28, 10.

woord gehou het! – en het Tullus die verraaier se lyk ylings deur die bos gesleep, terwyl die bespatte doringstruik drup van die bloed.

Ook Porsenna was daar. Hy beveel hulle⁴⁶ om die verbanne Tarquinius weer in hulle geledere op te neem en bring die stad met 'n swaar beleëring in die nou onderwyl die kinders van Aeneas ter wille van vryheid na die swaard storm. Hom sou jy kon sien, presies asof hy woedend is, presies asof hy dreig omdat Cocles dit gewaag het om die brug af te kap, en Cloelia haar boei verbreek en die rivier in geswem het. **650**

Aan die bokant⁴⁷ het Manlius, die bewaker van die Tarpeïese vesting, voor die tempel gestaan en die rysige Capitolium teen die vyand gehou; die paleis was ru en vars met sy strooidak van Romulus⁴⁸. En hier het die silwer gans⁴⁹ in vergulde suilegange rondgefladder en verkondig dat die Galliërs op die drumpel staan. Beskerm deur die skadu's en die guns van die donker nag het die Galliërs tussen die kreupelhout deur opgedaag en was reeds binne bereik van die vesting. Goudkleurig is hulle hare, en goudkleurig hul klere; hulle skitter in kort gestrepte mantels en hul melkwit nekke is met goud omvleg; elkeen swaai twee Alpyense werpspiese in die hand en beskerm hul liggame met lang skilde. **660**

Hier het hy die huppelende Salië uitgebeeld en die naakte Luperci en die puntmusse⁵⁰ waaraan woldrade hang, en die skilde wat uit

⁴⁶ Die Romeine. Vgl. Livius 2, 10 e.v. vir Lars Porsenna se aanval op Rome; ook Macaulay se *Lays of Ancient Rome*.

⁴⁷ Van die skild.

⁴⁸ Op die Capitolium was daar 'n huis van Romulus (casa Romuli) met 'n strooidak. Hierdie dak was glo deur Romulus gemaak en is gedurig in stand gehou deur dit met vars strooi te dek.

⁴⁹ In 390 v.C. het die Galliërs die Capitolium aangeval, maar hulle is teruggedryf deur Manlius wat net betyds deur die gesnater van ganse gewek is.

⁵⁰ Spitspuntige musse is deur die Saliërs gedra; 'n olyftakkie was met 'n draad wol daaraan vasgebond.

die hemel geval het; deur die stad heen het kuise moeders⁵¹ in waens met sagte kussings uitgevoer, die gewyde optog gehou.

'n Endjie weg hiervan voeg hy ook die Onderwêreldse wonings by, die hoë poorte van Dis, die strawwe vir misdade, en vir jou, Catilina,⁵² waar jy vasgeketting aan 'n dreigende krans hang en sidder vir die gesigte van die Wraakgodinne; ver eenkant, ook die vromes, en Cato⁵³ wat vir hulle wette maak. 670

Tussen hierdie tonele deur het 'n uitbeelding van die bruisende see oor 'n breë strook geloop, in goud, maar die donkerblou water het met grys golwe geskuim, en rondomheen het dolfyne, glansend van silwer, al in die rondte oor die see met hulle sterte gegee en die branding deurklief. In die middel was daar bronsbeslane skepe te sien – die slag van Actium. Jy sou die ganse Leucates kon sien krioel van die opgestelde strydmagte, en die golwe skitterend in goud. Aan die een kant staan Augustus Caesar op die hoë agterstewe van sy skip en saam met die Senaat, die Volk, die Huisgode en die Groot Gode voer hy die Italiane tot die stryd aan. Vreugdevol straal sy slape twee vlamme uit, en op sy hoof verskyn sy vader se ster⁵⁴. Elders toring Agrippa hoog die lug in, en begunstig deur gode en winde voer hy sy kolonne aan; om sy slape glans die snawels van die skeepskroon⁵⁵ – trotse onderskeidingsteken van see-oorloë. 680

Aan die ander kant is Antonius met oosterse prag en veelsoortige troepemag na sy oorwinnings oor die volke van die Daeraad en

⁵¹ Na die inname van Veii (± 392 v.C.) het die vroue van Rome al hulle goud en juwele aan Camillus uitgelewer om sy beloofde tempel tot eer van Apollo te bou. As beloning vir hulle offervaardigheid is vroue toegelaat om in waens te ry tydens optogte na heilige handelinge.

⁵² Die berugte Romeinse samesweerder van 63 v.C.

⁵³ Die Jongere, Stoïsynse prototipe van regverdigheid en deugdelikheid.

⁵⁴ Die komeet wat na die moord op Julius Caesar verskyn het, en as bevestiging van sy vergoding beskou is.

⁵⁵ 'n Diadeem met goue skeepsnawels, 'n baie seldsame onderskeiding wat Agrippa te beurt geval het na sy oorwinning in die seeslag teen Sextus Pompeius in 36 v.C.

oor die kus van die rooi⁵⁶ see. Hy bring Egipte en die krag van die Ooste en die mees afgeleë Bactra met hom saam, en hy word gevolg – o, skande! – deur sy Egiptiese vrou⁵⁷. Almal storm gelyk aan en die ganse seevlak skuim, omgewoel deur terugswaaiende spane en driepuntige boegsnawels. Hulle haas na die diepsee; jy sou kon dink dat die Cyclades losgeskeur is en op die see ronddryf, of dat hoë berge met berge bots: in getoringde skepe van so 'n reuse-omvang haas die manne na die geveg. Brandende vlasbolle en gevleuelde yster werptuie word met die hand oral rond geslinger; die akkers van Neptunus⁵⁸ word rooi van die vars slagting. **690**

Te midde van haar leërskares roep die koningin hulle op met haar vaderlandse tamboeryn, en slaan tot nog toe geen ag op die twee slange⁵⁹ agter haar nie. Gedropte van allesoortige gode en die blaffende Anubis hou hulle wapens teen Neptunus en Venus, en teen Minerva getrokke. Uit yster gedrewe tier die Oorlogsgod midde-in die geveg, en vanuit die lug tier die toornige Wraakgodinne. Verheug oor haar geskeurde⁶⁰ mantel stap Tweedrag daar rond en haaër volg Bellona met 'n bloedbesmeerde gésel. **700**

Toe Apollo van Actium dit sien, het hy sy boog vanuit die hoogste gespan: uit vrees hiervoor het die hele Egipte, al die Indiërs, al die Arabiere en al die Sabaeërs op vlug geslaan. Die koningin self was te sien waar sy die winde aanroep en onder seil gaan, op die punt om enige oomblik die losgemaakte seiltoue uit te rol. Haaër het die Heer van Vuur uitgebeeld waar sy bleek van die dood wat op hande is midde-in die slagting deur die golwe en die wind van **710**

⁵⁶ Nie die huidige Rooisee nie, maar die Persiese Golf en deel van die Indiese Oseaan.

⁵⁷ Cleopatra.

⁵⁸ Die seewater.

⁵⁹ Die simbool van die dood. Vgl. Bk. 2. 203; 7.450; 8.289. Cleopatra het haar self uiteindelik ook deur 'n adder laat pik om te sterwe.

⁶⁰ Simbool van tweedrag en twis.

Iapyx⁶¹ voortgedra word. En direk teenoor haar die reuse-gestalte van die treurende Nyl wat die voue van sy kleed oopgooi en die oorwonnes met sy hele kleed nooi na sy donkerblou skoot en beskermende strome.

Maar Caesar het die mure van Rome in drievoudige triomftog⁶² binnegeery, en aan die gode van Italië sy onsterflike offergeskenk gewy: driehonderd magtige altare dwarsdeur die stad. Van vreugde en spele en gejuig het die strate weerklink; in elke tempel was daar 'n koor van moeders, in elkeen altare; voor die altare het geslagte stiere die grond bedek. Hy self sit by die sneeuwit ingang van stralende Phoebus⁶³, besigtig die geskenke van die volke en hang dit aan die trotse deurposte. In 'n lang optog stap die oorwonne nasies verby, so verskillend van kleredrag en wapens as van taal. Hier het Mulciber⁶⁴ die Nomadervolk en die losgegordelde inwoners van Afrika, daar die Leleges en Cariërs en pyldraende Geloni uitgebeeld. Die Eufraat wat nou met nederiger golwe gevloei het was ook daar, en die Morini, die mees afgeleë van alle mense, en die Ryn met sy twee horings⁶⁵, en die ontembare Dahae en die Araxesrivier, verontwaardig oor sy brug.⁶⁶ 720

Met bewondering kyk hy na hierdie tonele op Vulcanus se skild, 730 die geskenk van sy moeder, en hoewel hy nie die feite ken nie, skeep hy behae in hul uitbeelding, en hy lig die roem en lot van sy nageslag op sy skouer.

⁶¹ Die NWN – wind wat van die Iapyx-voorgebergte in die hak van Italië af waai, en haar in haar vlug na Egipte sou aanhelp.

⁶² In 29 v.C. het Augustus op drie agtereenvolgende dae 'n triomftog gevier na sy oorwinnings in Dalmasië, Actium en Alexandrië.


⁶³ Dit verwys na die wit marmer tempel wat Augustus in 28 v.C. op die Palatinus tot eer van Apollo gewy het.

⁶⁴ Bynaam van Vulcanus as bedwinger van vuur en brand.

⁶⁵ Die twee horings is die twee mondinge, nl. die Ryn en die Waal.

⁶⁶ Alexander die Grote het 'n brug oor die sterkvloeiende Araxes gebou. Dit is egter weggespoel en dit was sonder 'n brug totdat Augustus weer een daaroor laat bou het.

DIE NEGENDE BOEK
*Turnus se aanval
op die Trojaanse laer*



...wanneer hulle eendag hulle taak volbring het ... sal ek
hul sterflike liggame ontnem en beveel om godinne
van die magtige see te wees .

JUNO STUUR IRIS OM TURNUS OP TE SWEEP

En terwyl dié gebeurtenisse¹ hulle ver weg in 'n ander deel van die land afspeel, het Juno, dogter van Saturnus, vir Iris uit die hemel neergestuur na die vurige Turnus. Juis op daardie oomblik het Turnus in sy voorvader Pilumnus se heilige bos in 'n gewyde dal gesit. Hóm het die dogter van Thaumás² met roserooie mond soos volg aangespreek: “Turnus, wat geeneen van die gode sou waag om jou ten antwoord op jou gebede te belowe nie, kyk! dit het die blote verloop van tyd ongevraag vir jou gebring. Aeneas het sy laer en makkers en vloot verlaat, en hy is op pad na die koningstad van Evander op die Palatinus³. En dis nie al nie! Hy het deurgedring tot die mees afgeleë stede van Corythus en is besig om 'n bende Lidiërs⁴, boere wat hy saamgetrek het, te bewapen. Wat aarsel jy? Nou is die tyd om te roep om jou perde, nou om jou strydwaens. Draal nie langer nie, stig verwarring in sy laer en neem dit in.”

10

Dit het sy gesê, haar op gebalanseerde vlerke die lug in verhef, en in haar vlug 'n reuseboog onder die wolke beskryf. Die jongman het haar herken, albei sy hande na die hemel opgehef en die weglyende godin met hierdie woorde nageroep: “Iris, sieraad van die hemel, wie het u op wolke voortgedra en na my hier op die aarde neergebring? Vanwaar hierdie skielike stralende helderheid in die lug? Ek sien die hemel in die middel oopgaan, en die dwalende sterre aan die uitspansel. So 'n gunstige voorteken volg ek, wie u ook al is wat my tot die stryd oproep.” So het hy gesê, na die rivier gestap, onder menige gebed tot die gode water bo uit die stroom opgeskep en die hemel met geloftes belaa.

20

¹ Aeneas se ervarings te Pallanteum in Bk. 8.

² Iris, boodskapster van die gode.

³ Die bekende heuwel in Rome.

⁴ Etruriërs.

TURNUS SE LEËR RUK OP TEEN AENEAS SE LAER

En nou was sy leër oor die oop vlaktes op mars, ryk aan perde, ryk aan geborduurde kledingstukke en goud. Messapus hou die voorste linies in toom, Tyrrhus⁵ se seuns die agterhoede, en Turnus voer bevel in die middel van die kolonne: soos die Ganges wat deur sy sewe kalm systrome gevoed word en stilweg hoog styg, of die Nyl wat met bevrugterende vloed uit die vlaktes eb en nou in sy bedding teruggesak het. 30

In hierdie stadium sien die Trojane 'n wolk swart stof skielik in die Weste saampak en dat duisternis oor die vlaktes verrys. Van die voorkant van die skutswal af roep Caïcus die eerste: “Burgers, watter saamgepakte massa kom daar in digte duisternis aangerol? Gou! Bring die swaard! Gee aan die wapens! Klim op die mure! Die vyand is op ons! Kom aan!” Onder luide geroep soek die Trojane beskutting deur al die hekke en beman die borswerings. Want so het Aeneas, voortreflike krygsman, by sy vertrek opdrag gegee: as daar intussen een of ander noodtoestand sou ontstaan, moes hulle dit nie waag om 'n slaglinie op te stel en die oop vlakke te vertrou nie; hulle moes slegs die laer en die mure wat deur die verskansing beskut is, verdedig. Hoewel eergevoel en woede hulle aanpor om slaags te raak, versper hulle dus nogtans die hekke en voer sy opdragte uit; in die omhullende verdedigingstorings wag hulle onder wapen die vyand in. 40

Soos Turnus vergesel van twintig uitgelese ruiters haastig voor die stadig bewegende marskolonne uitgery het, verskyn hy ook onverwags voor die laer. Hy ry 'n witgespikkelde Thraciese perd, en 'n goue helm met 'n rooi bos beskerm sy hoof. “Manne, wie gaan eerste saam met my teen die vyand...kyk!” sê hy, en hy swaai sy spies en slinger dit die lug in – die aanvang van die geveg – en fier ruk hy aan oor die vlakke. Sy makkers neem die kreet op en 50

⁵ Kyk Bk. 7, 484 e.v.

volg hom met 'n afgrysig klinkende krygsgeskree. Hulle is verwonder oor die lamsakkigheid van die Trojane, oor die feit dat hulle hul nie aan die gelyk vlakke toevertrou nie, nie soos manne wapen in die hand die vyand tegemoet gaan nie, maar veilig in die laer bly.

Onstuimig ry hy heen en weer om die mure en soek na 'n toegang waar daar geen toegang is nie. Soos wanneer 'n wolf by 'n vol skaapkraal op die loer lê; wind en weer verduur hy en teen middernag kom snuffel hy by die openinge in die omheining; aaneen blêr die lammers, veilig onder hul moeders, terwyl hy woes en roekeloos van woede te kere gaan teen hulle wat buite bereik is; sy knaende honger, lank reeds ongestil, en sy bek wat dors na bloed folter hom: net so ontvlam die woede in die Rutuliër terwyl hy die laer en die mure beskou, en toornige frustrasie brand in sy stewige gebeente.

60

Watter plan moet hy maak om toegang te probeer verkry? Watter metode sal die ingeslote Trojane van die skutswal af uitdryf en hulle na die gelyk vlakke laat uitstroom? Op die vloot storm hy af waar dit vlak teen die kant van die laer verskuil gelê het, rondom ingesluit deur skanse en die stromende rivier. Hy skree aan sy juigende makkers om vuur te bring en driftig vul hy sy hand met 'n vlamme fakkels. Toe, voorwaar, spring hulle ywerig aan die werk – Turnus se teenwoordigheid spoor hulle aan – en die hele leërskaar bewapen hulle met rokende fakkels. Ineens het hulle die haarde kaal gestroop: smeulende fakkels werp 'n pikagtige gloed; vonke meng daarmee en word deur die Vuurgod na die sterre gevoer.

70

Watter god, Muses, het so 'n verskriklike vuur van die Trojane afgeweer? Wie het sulke magtige vlamme van die skepe af verdryf? Sê my dit. In die gryse verlede lê die waarborg vir die waarheid van die feit, maar die verhaal leef voort.

CYBELE PLEIT BY JUPITER VIR DIE BEHOUD VAN DIE SKEPE

Daar word vertel dat die Berecyntiese Moeder⁶ van die gode in die dae toe Aeneas op die Idaberg van Troje die eerste keer begin vorm gee het aan sy vloot, en voorbereidings getref het om die dieptes van die see op te soek, in eie persoon vir magtige Jupiter met hierdie woorde aangespreek het: “Skenk ter voldoening aan my versoek, my seun, dit wat jou dierbare moeder van jou vra, noudat jy oor Olympus heers.⁷ Ek het ’n dennewoud gehad, baie jare lank dierbaar vir my, en op die hoogste top ’n bergwoud, skemeragtig van donker denne en stamme van ahornhout, waarheen die mense altyd vir my offerandes gebring het. Hulle het ek met plesier aan die Trojaanse jongman geskenk toe hy ’n vloot nodig gehad het, maar nou kwel ’n beklemmende vrees my besorgde hart. Verdryf my vrees, vergun jou moeder om dit met haar smeekbedes te kan bereik, naamlik, dat hulle op geen seetog en ook nie deur werwelgeweld van die wind verbrysel en oorweldig word nie: laat dit vir hulle tot voordeel wees dat hulle op ons berge ontspruit het.”

Hierop antwoord haar seun haar, hy wat die sterre van die heelal laat wentel: “Moeder, waartoe ontbied u die noodlot? Of wat beoog u met daardie versoek van u? Moet kiele wat deur sterflike hande gebou is dan die voorreg van onsterflikheid hê? En sal Aeneas in sekerheid onsekere gevare deurmaak? Aan welke god is so ’n groot mag verleen? Nee, wanneer hulle eendag hulle taak volbring het en hulle eindpaal, die hawens van Italië, bereik, sal ek elkeen wat aan die golwe ontkom en die Trojaanse leier na die akkers van Laurentum gedra het, hul sterflike gestalte ontnem, en beveel om godinne van die magtige see te wees, soos Nereus se dogter Doto, en Galatea, wat die skuimende oseaan met hul bors

⁶ Die godin Cýbele.

⁷ Cýbele het vir Jupiter beskerm toe Saturnus sy kinders wou opeet, en hom ook gehelp tydens die opstand van die Titane. Sy kon dus aanspraak maak op sy vergunning want sy het hom terdeë gehelp om heerser van Olympus te word.

deurklief.” Hy het gespreek, en dit met ’n knik van sy hoof bekragtig deur te sweer by die strome van sy broer in die Onderwêreld, by die oewers waarlangs die kokende pikstroom met donker draaikolke vloei, en met sy knik het hy die ganse Olympus laat bewe.

DIE TROJANE SE SKEPE VERANDER IN NIMFE

Die beloofde dag was dus nou daar en die Skikgodinne het die bestemde tyd reeds volbring, toe Turnus se beoogde skending die Moeder gemaak het om die fakkels van die heilige skepe te weer. In dié stadium het ’n vreemde lig allereers op hulle oë geskyn, en daar is gesien hoe ’n reusewolk en die reie van Ida⁸ van die Daeraad af oor die hemel snel. Toe bars daar ’n verskriklike stem deur die lug en deurdring die geledere van Trojaan en Rutuliër: “Y! nie beangs heen en bewapen nie julle hande om my skepe te verdedig nie, Trojane! Turnus sal eerder toegelaat word om die see te verbrand as my heilige skepe van dennehout. Gaan heen, julle, julle is vry! Gaan heen, julle is godinne van die see! Julle Moeder beveel dit.” En dadelik ruk elke skip sy vasmeertou van die oewer los, en soos dolfyne plons hulle hul boegsnawels onder water en duik af na die bodem van die see. Daarvandaan – seldsame wonder! – kom net soveel maagdelike gestaltes te voorskyn, en hulle beweeg oor die see. 110 120

TURNUS BEMOEDIG SY LEËR DEUR DIE TROJANE TE KLEINEER

Die Rutuliërs se harte was verbyster; Messapus self was lamgeskrik, sy perde onthuts. Onder ’n hees gedruis stuit ook die rivier sy stroom, en Tiberinus vloei terug van die diepsee af. Maar onverskrokke Turnus se moed het hom nie begewe nie. Meer nog! Hy beur hulle op met sy woorde en berispe hulle nog bowendien: “Hierdie wonderteken is op die Trojane gemik! Jupiter het self

⁸ Cýbele se gevolg.

aan hierdie mense hulle gewone bystand ontruk en nie gewag⁹ vir Rutuliese wapens en vuur nie. Die seë is dus nou vir die Trojane ontoeganklik, en hoop om te vlug is daar niks! Die een deel¹⁰ van die aarde is hulle ontnem, die land daarenteen is in ons hande – soveel duisende van die Italiaanse ras¹¹ is onder wapen. Die gode se noodlotarakels, as die Trojane dalk met sulke goed spog, maak my nie in die minste bang nie. Aan die noodlot en aan Venus is daar nou genoeg gegun, in soverre die Trojane by die akkers van vrugbare Italië aangeland het. Ook ek het my eie noodlot as teenvoeter vir hulle s'n, naamlik om die misdadige ras met die swaard te verdelg, noudat my bruid van my gesteel is. Daardie verbittering raak nie net die seuns van Atreus nie, en dis nie Mykene alleen wat daaroor wapens mag opneem nie. Maar, sal die mense sê, dat hulle eenmaal te gronde gegaan het, is genoeg. Hulle vorige misdaad sou genoeg gewees het, as hulle net nie die hele vrouegeslag hartgrondig gehaat het nie.¹²

Hier het ons 'n volk aan wie moed verskaf word deur die vertroue wat hulle plaas op die skutswal tussen ons, en deur die vertraging wat gragte meebring – wat 'n klein treetjie van die dood af! Het hulle dan nie gesien hoe Troje se vestings, deur Neptunus se hand gebou, in vuur versink nie? Maar julle, keurbende van my, wie van julle maak gereed om hul skutswal met die swaard aan stukke te kap en wie bestorm hul beangste laer saam met my? Ek het nie Vulcanus se wapens, nie 'n duisend skepe¹³ nodig teen die Trojane nie. Al die Etruriërs kan hulle maar onverwyld as sy bondgenote byvoeg. Hulle hoef nie bang te wees vir die donker en 'n onkryghaartige diefstal¹³ van die Pallasbeeld nadat die bewakers van die

⁹ Ek lees hier *expectans*, i.p.v. *expectant*. Vgl. R.D. Williams, *The Aeneid of Virgil*, books 7-12 ad loc.

¹⁰ Die see.

¹¹ Ek lees *gentis*, i.p.v. *gentes*. Vgl. R.D. Williams ad loc.

¹² Die betekenis is waarskynlik dat die Trojane Helena 'n onreg aangedoen het, en daarom is hulle vernietig. En nou kom hulle presies weer dieselfde ding doen teen Lavinia – daarom gaan hy hulle weer vernietig. Dis in ieder geval 'n "locus conclamatus."

¹³ Achilles het van Vulcanus (Hephaestus) wapens verkry om teen die Trojane mee te veg. Vir die duisend skepe waarmee die Grieke na Troje gevaar het, en die diefstal van die Pallasbeeld vgl. Bk. 2, 198; 162-175.

vesting wyd en syd neergevel is nie, en ons sal ook nie in 'n houtperd se donker buik gaan wegkruip nie: ek is vas beslote om hulle mure openlik in die daglig met vuur te omsingel. Ek sal toesien dat hulle besef hulle het nie te make met Danaers¹⁴ en Pelasgiese¹⁴ troepe wat deur Hector tot die tiende jaar op hulle plek gehou is nie. Vir die huidige, aangesien die beste deel van die dag verby is, moet julle die res daarvan gebruik om na julle fisiese welstand om te sien, manne, wel tevrede dat dinge goed verloop het. En koester julle maar die verwagting dat die slag voorberei word.”

DIE ITALIANE OMSINGEL DIE LAER

Intussen word aan Messapus die taak opgedra om die hekke met brandwagposte te beset, en die laer met vure te omsingel. Veertien Rutuliërs word gekies om die mure met troepe te bewaak, en elkeen lei 'n honderd jongmanne met purper pluime en skitterend van goud. Flink haas hulle heen en weer as hulle die wagbeurte wissel, en uitgestrek op die gras doen hulle hul toe goed aan wyn, en laat die koper kruike kantel. Helder blink die vure; met dobbelspel rek die wagters die nag sonder slaap uit. **160**

DIE TROJANE SE VOORSORGMATREËLS

Bo van die skutswal af waar hulle onder wapen die hoë skanse beset, aanskou die Trojane hierdie dinge. Met vervaarde haas inspekteer hulle die hekke, verbind die skanse met valbrûe en dra werptuie aan. Mnestheus en dapper Serestus druk hierdie werk aan – die twee wat vader Aeneas aangestel het om, indien teenspoed hulle in een of ander stadium daartoe sou roep, leiding te gee aan die jongmanne en aan hulle voor te skryf wat om te doen. Nadat daar geloot is vir die gevaarpunte, staan die hele legioen al met die mure langs op wag. Om die beurt kom hulle aan diens, en elkeen verdedig wat van hom verwag word om te verdedig. **170**

¹⁴ Grieke.

NISUS EN EURYALUS BESLUIT OM AENEAS OOR DIE GEVAAR TE GAAN INLIG

Nisus, die seun van Hyrtacus, was die hekwag – 'n allervurigste vegter. Blitsig was hy met werpspies en ligte pyle, en daarom het die jagteres Ida¹⁵ hom as makker vir Aeneas gestuur. Langs hom was sy vriend Euryalus, die mooiste¹⁶ van die seuns van Aeneas en van hulle wat die Trojaanse wapenrusting gedra het, 'n seun wie se ongeskeerde wange die eerste spore van 'n manlike leeftyd vertoon het. Hierdie twee was een in hulle liefde, en het altyd sy aan sy die geveg ingestorm. Ook by hierdie geleentheid het hulle saam waggestaan en die hek bewaak.

180

Nisus sê: “Is dit die gode wat hierdie vurige verlange in mense se harte plaas, Euryalus, of word elke mens se eie ontsettende begeerte vir hom 'n god? Lank reeds beplan my hart om 'n geveg of een of ander roemryke daad aan te durf: met rustige stilte is dit nie tevrede nie. Jy sien watter vertroue in die huidige toestand die Rutuliërs besiel: hier en daar flonker ligte, in slaap en wynroes ontspanne het hulle hul neergevly, en wyd lê die stilte oor die omgewing. Hoor nou waaroor ek wonder en welke idee daar nou in my gees opkom. Almal, sowel die gewone volk as die raadsmanne verlang dringend dat Aeneas ontbied word, en dat manne gestuur word om amptelik die gebeurde aan hom te rapporteer. As hulle aan jou belowe wat ek eis – want vir my is die roem van die daad genoeg – lyk dit my kan ek onder dáárdie hoogtetjie langs my weg na die mure en skanse van Pallanteum vind.”

190

Euryalus was stomgeslaan, oorweldig deur 'n intense verlange na roem, en dadelik spreek hy sy gretige vriend met hierdie woorde aan: “Nisus, weier jy dus om my as makker aan jou sy te neem in 'n onderneming van die hoogste belang? Sou ek jou dan alleen in sulke groot gevare instuur? Só het my vader Opheltos, oorlogs-

200

¹⁵ Die bergnimf van die Idaberg by Troje.

¹⁶ Vgl. Bk. 5, 295; 343-344.

veteraan, my nie geleer nie, grootgemaak soos ek was te midde van die Griekse terreur en die beproewinge van Troje. Só het ek my ook nie gedra terwyl ek aan jou sy grootmoedige Aeneas en die uiterste noodlotsbestemming gevolg het nie. Hier is daar 'n hart – ek sê jou daar is – wat die lewenslig minag, en wat glo dat daardie roem waarna jy streef, nie te duur gekoop word teen die prys van die lewe self nie.”

Hierop antwoord Nisus: “Ek het voorwaar geen vrees van daardie aard in jou verband gekoester nie, want dit sou sonde wees: so mag groot Jupiter, of wie ook al hierdie dinge met regverdige oë aansien, my nie!¹⁷ triomfantlik aan jou terugbesorg nie. Maar indien – soos jy dikwels in 'n kritieke oomblik van gevaar sien – indien een of ander toeval of god my in die verderf stort, sou ek wou hê dat jy behoue bly: jou jeugdigheid verdien eerder om te bly lewe. Laat daar iemand wees om my liggaam uit die geveg te raap of teen 'n prys los te koop en aan die aarde toe te vertrou. Of as die Noodlot dalk die gewone ritusse verbied¹⁸, om lykoffers aan my te bring in my afwesigheid en my met 'n gedenksteen op 'n leë graf te vereer. En mag ek ook nie vir jou arme moeder 'n bron van sulke groot verdriet wees nie, sy, ou seun, die enigste van baie moeders wat die durf gehad het om jou tot die einde te volg en niks omgee vir magtige Acestes¹⁹ se stad nie.”

210

Maar die jongman sê: “Jy versin nou redes wat nie steek hou nie; my oortuiging bly onverander en verflou nie. Laat ons gou maak!” Terselfdertyd maak hy die wagte wakker. Hulle neem oor en hou verder wag. Hy verlaat sy pos, stap saam met Nisus voort, en hulle soek die prins²⁰ op.

220

¹⁷ M.a.w. hy bied sy veilige terugkeer as waarborg vir die waarheid van sy woorde. Vgl. ook R.D. Williams, ad loc. vir opheldering van die betwiste punktuasie in v.208.

¹⁸ Ek stem saam met R.D. Williams e.a. om *id* in vers 214 te skrap as 'n kantaantekening.

¹⁹ Vgl. Bk. 5, 767 e.v.

²⁰ Ascanius.

NISUS EN EURYALUS SE SENDING

Oor die hele aarde was alle ander wesens besig om hulle sorg in slaap te verlig, hulle harte van beproewinge onbewus. Maar die opperbevel van die Trojane, die keur van hulle weermag, het nog beraad gehou oor allerbelangrikste staatsake, naamlik, wat hulle te doen staan, of wie die boodskapper na Aeneas sou wees. In die middel van die oop ruimte²¹ in die laer staan hulle op hul lang spiese aangeleun, skild in die hand. Toe versoek Nisus, en tegelyk ook Euryalus, gretig om sonder versuim tot die vergadering toegelaat te word: die saak is belangrik, sê hulle, en sal vir die oponthoud vergoed. 230

Julus het die eerste die opgewonde twee manne verwelkom en vir Nisus beveel om te praat. Toe sê die seun van Hyrtacus so: “Manne van Aeneas, luister met welwillendheid en laat ons voorstel nie aan ons jare geoordeel word nie. Die Rutuliërs het stil geword, in slaap en wynroes ontspanne. By die tweesprong wat na die hek naaste aan die see toe lei, het ons self ’n plek gesien om deur te glip. Die kring van die wagvure is daar onderbreek en swart rook styg op na die sterre. As u ons toelaat om die gawe kans te benut om Aeneas en die mure van Pallanteum te gaan soek, sal u ons spoedig weer hier terug sien met buit, nadat ons ’n groot slagting aangerig het. En ons is goed bekend met die weg wat ons moet volg: tydens ons voortdurende jagtogte het ons van onder uit die dale die buitewyke van die stad bemerk, en die hele loop van die rivier leer ken. 240

Aletes, gebuk onder die jare en ryp van oordeel, sê hierop: “Gode van ons vadere, onder wie se goddelike beskikking Troje nog altyd staan, dan wil u nieteenstaande alles tog nie die Trojane geheel en al verdelg nie, wanneer u vir ons jongmanne geskenk het met so ’n gees en sulke vasberade harte.” Terwyl hy so praat, het hy beide se skouer en hand vasgegryp terwyl die trane oor sy gelaat en 250

²¹ Die oop ruimte om die generaalstent.

wange stroom. “Watter belonings, manne, watter waardige belonings moet ek meen kan aan julle betaal word vir die roemryke daad wat julle beoog? Die skoonste sal allereers deur die gode en die bewustheid van eie verdienste verskaf word. Dan sal die pligsgetroue Aeneas dadelik die res skenk, en ook Ascanius wat in die fleur van sy lewe staan en nooit sulke groot dienste vergeet nie.”

“Nee,” neem Ascanius die woord, “ek, wie se enigste redding geleë is in my vader se terugkeer, ek besweer julle voor ons magtige Huisgode, Nisus, voor die Lar van Assaracus en die altaar van gryse Vesta, my hele lot en al my vertrouwe op die toekoms lê ek in julle hand. Bring my vader terug en stel hom weer voor ons oë; as hy teruggehaal is, is daar geen somberheid meer nie. Ek sal twee bokale gee, uit silwer vervaardig en ru van figuurtjies in reliëf, wat my vader as buit geneem het tydens die verowering van Arisba; en twee drievoete, twee groot talente goud en ’n antieke mengkom, ’n geskenk van Dido van Sidon. Voorwaar, indien dit my te beurt val om Italië te verower, om as oorwinnaar die heerskappy te verkry en die uitloting van die buit voor te skryf – jy het gesien op watter perd, en in watter uitrusting Turnus gery het, geheel in goud: daardie einste perd, die skild, en die rooi helmboes sal ek uit die loting uithou, reeds nou al jou beloning, Nisus. Daarbenewens sal my vader twaalf vrouens van allerkeurigste skoonheid skenk, en twaalf manlike gevangenes, elkeen met sy eie wapens. By hierdie dinge nog boonop al die vaste eiendom van Latinus persoonlik. Vir jou, eerbiedwaardige seun aan wie ek nader staan wat ouderdom betref, jou neem ek nou reeds met my hele hart aan, en ek lê beslag op jou as metgesel vir elke lotgeval. Sonder jou sal daar na geen roem vir my ondernemings gesoek word nie: of ek my met vrede of oorlog besig hou, in woord en daad sal my grootste vertrouwe in jou wees.”

Hom antwoord Euryalus soos volg: “Geen dag sal my onopgewasse vir sulke heldemoed bewys nie; mag die noodlot vir my slegs gunstig uitval, en nie ongunstig nie. Maar bo al u geskenke, versoek ek een ding: ek het ’n moeder uit die oerou geslag van Priamus, arme mens wat nòg deur die land van Troje, nòg deur koning Acestes se stad weerhou is om saam met my weg

te vaar. Háár laat ek nou agter, onbewus van hierdie gevaar, wat ook al die aard daarvan, en ongegroet – die nag en u regterhand is my getuie – omdat ek die trane van 'n ouer nie sou kon verduur nie. Maar u, ek smeeek dit, moet haar troos as sy radeloos is en bystaan in haar eensaamheid. Vergun my om hierdie verwagting van u te koester, en ek sal elke ongeval stoutmoediger tegemoetgaan.” 290

Die Trojane was diep getref en het trane gestort, veral mooi Julius; die beeltnis van sy eie liefde vir sy vader het sy hart geroer. Toe sê hy dit: “Wees verseker van alles wat jou loflike onderneming verdien. Want sy sal vir my 'n moeder wees, en slegs die naam Creüsa sal ontbreek; op haar wat so 'n seun gebaar het, wag daar geen geringe dank nie. Wat ook al die uitslag van jou daad, ek sweer by hierdie hoof waarby my vader gewoonlik in die verlede gesweer het: wat ek aan jou belowe as jy in gelukkige omstandighede terugkeer, daardie selfde beloftes sal ook van krag bly vir sowel jou moeder as jou nageslag.” 300

Wenend sê hy dit; terselfdertyd maak hy sy vergulde swaard van sy skouer af los, die een wat Lycaon van Kreta met wonderbare kuns gemaak en vir gerieflike gebruik met 'n ivoor skede toegerus het. Aan Nisus gee Mnesteus 'n vel – ruie buit van 'n leeu geneem. Troue Aletes ruil sy helm om vir dié van Nisus. Dadelik stap hulle gewapen voort. Terwyl hulle aanstap, begelei die hele leierskorps, jonk en oud, hulle met geloftes na die hekke. So het ook mooi Julius, voor sy jare al bedeel met die gees en verantwoordelikheid van 'n man, aanhoudend opdragte gegee wat aan sy vader oorgedra moes word. Maar die winde verstrooi dit alles, en gee dit verdel aan die newels. 310

NISUS EN EURYALUS IN DIE VYANDELIKE KAMP

Hulle kom buite, klouter deur die gragte, en in die skadu's van die nag stap hulle na die kamp van hul verderf – bestem, egter, om eers baie ander se verderf te wees. Orals op die gras sien hulle liggame in slaap en wynroes uitgestrek lê; strydwaens op die strand, disselboom in die lug; manne tussen die tuie en wiele; langs

hulle lê hulle wapens, langs hulle die wynkruike. Nisus sê die eerste soos volg: “Euryalus, ons hand moet dit waag: nou roep die geleentheid self. Hierlangs lê ons pad. Hou jy wag en bly op die uitkyk, ver voor jou uit, sodat ’n hand hom nie van agter teen ons kan lig nie. Hier gaan ek verwoesting saai en jou op ’n breë baan langs lei.” **320**

Dit sê hy, onderdruk sy stem, en met die swaard val hy terselfdertyd vir trotse Rhamnes aan, wat juis op ’n hoë stapel spreie gelê het, besig om die slaap met sy hele bors uit te blaas. Hy was self ’n koning, en die gunsteling waarsêer van koning Turnus, maar sy verderf kon hy met waarsêery nie afweer nie. Nisus oorval drie knegte wat sommer langs Rhamnes tussen hulle wapens lê, en Remus se wapendraer, en die wadrywer wat hy jou werklik onder die perde aantref; met sy swaard kap hy hulle slap neerhangende nekke af. Daarna onthoof hy hulle baas self en laat die romp agter, roggelend in stootslae bloed. Die grond word lou van donker bloed, en die matrasse raak deurweek. Ook Lamyus en Lamus bring hy om, en die jongman Serranus met sy merkwaardige gesig. Daardie nag het hy tot baie laat gespeel en nou het hy daar gelê, sy ledemate oorrumpel deur die wyngod. Gelukkig sou hy gewees het as hy daardie spel aaneen so lank as die nag laat duur, en tot ligdag voortgesit het! So veroorsaak ’n uitgehongerde leeu opskudding deur die vol krale – want ’n waansinnige honger dryf hom – terwyl hy die gedweë kudde, stom van vrees, verskeur en aansleep, en met bloedbevlekte muil brul. **330**

Nie minder is Euryalus se slagting nie. Ook hý tier verwoed, en op sy weg oorval hy ’n groot, naamlose massa: Fadus en Herbesus en Rhoetus en Abaris, nie bedag op die gevaar nie – maar Rhoetus was tog wakker en het alles gesien terwyl hy hom uit vrees agter ’n groot mengvat probeer verberg. Toe hy opstaan, het Euryalus sy hele swaard trompop in die bors hier reg voor hom weggedruk en dit vol van die dood uitgetrek. Hy laat sy donkerrooi lewe uitstroom, en sterwend gooi hy wyn met bloed gemeng op terwyl Euryalus gretig sy heimelike bloedbad voortsit. **340**

En nou was hy op pad na Messapus se makkers. Daar het hy bemerk dat die buitenste wagvure besig was om uit te brand, en

dat hul behoorlik gekniehalterde perde in die gras wei. Toe sê Nisus kortliks soos volg – want hy het bemerk dat Euryalus deur 'n al te groot moordlus voortgedryf word: “Laat ons ophou, want die onvriendelike daglig is aan 't nader. Ons het genoeg wraak geneem; 'n weg is dwarsdeur die vyand gebaan.” Baie van die vyand se besittings van soliede silwer vervaardig, laat hulle agter, wapens en mengvate, met pragtige spreie daarby. Rhamnes se borsversierings en sy gordel met goue knoppe wat skatryk Caedicus eertyds aan Remulus van Tibur as geskenk gestuur het toe hy hom, hoewel ver weg, met gasvriendskap aan hom verbind het; op sy sterfbed het Remulus dit aan sy kleinseun gegee om te besit; na sy dood het die Rutuliërs dit deur oorlog en veldslag bekom – hierdie dinge pluk Euryalus af en heg dit, ag, vergeefs, aan sy eie dapper skouers vas. Toe sit hy Messapus se helm op, mooi passend en sierlik met sy pluime. Hulle stap die kamp uit en trag om veiligheid te bereik.

360

VOLCENS EN SY RUITERS GEWAAR DIE TWEE TROJANE

Intussen is ruiters uit Latinus se stad vooruit gestuur en is hulle op pad terwyl die res van die leër in formasie op die vlakte vertoef. Vir koning Turnus het hulle 'n antwoord gebring, driehonderd man onder aanvoering van Volcens, almal met skilde bewapen. En reeds was hulle besig om die kamp te nader en digby die mure aan te ruk, toe hulle die twee in die verte bemerk waar hulle met 'n voetpad na links afdraai. In die skemerende doflig van die nag het Euryalus se helm die maan se strale teruggekaats, en hom verraaï omdat hy nie daaraan gedink het nie.

370

Die ruiters het hierdie glimp nie verontagsaam nie. Van die kolonne af skree Volcens: “Halt, manne! Wat is die rede dat julle op weg is? Wie is julle wat so onder wapen is? Of waarheen is julle reis?” Hulle twee het geen antwoord gegee nie, maar ylend die bos ingevlug en op die nag vertrou. Aan alle kante neem die ruiters stelling in by die bekende afdraaipaadjies en omsingel elke uitgang met wagt.

380

EURYALUS WORD GEVANG

Wyd heen het die woud gestrek, ruig van struikgewas en donker steeneik, aan alle kante toegegroeï van digte doringbosse. So hier en daar het 'n voetpad by versteekte openinge deurgeskemer. Euryalus word belemmer deur die skaduryke takke en die swaar buit, en vrees mislei hom met die rigting van die paaie. Nisus kom weg. Onbewus het hy reeds ontkom aan die vyand en aan die omgewing wat later na die naam Alba, Albaans genoem is – in dié stadium het koning Latinus sy hoë stalle daar gehad – toe hy gaan staan en vergeefs omkyk na sy maat wat nie daar is nie. “Euryalus, arme seun, waar het ek jou agtergelaat? Of met watter pad sal ek jou volg?” Weer eens lê hy die kronkelende pad deur die bedrieglike woud af, bemerk sy spore en volg hulle terug, al dwalend deur die stil struikgewasse. Hy hoor die perde, hoor die rumoer en die geluide van die agtervolgers. En lank was die tussenpoos nie voordat 'n geskree sy ore bereik en hy vir Euryalus sien, oorweldig soos hy was deur die misleidende omgewing, die nagduister en die skielike, verbysterende verwarring. Die hele skaar is nou besig om hom weg te sleep terwyl hy elke moontlike poging aanwend – vergeefs!

390

NISUS PROBEER EURYALUS RED MAAR STERF SAAM MET HOM

Wat moet hy doen? Met watter geweld, met watter wapens moet hy dit waag om die jongman te red? Moet hy hom midde-in die swaarde stort met die bedoeling om te sterwe, en deur wonde 'n snelle, roemryke dood verwerf? Vinnig bring hy sy arm agteruit met sy spies in balans, en terwyl hy opkyk na die Maan daarbo, bid hy met hierdie woorde: “U, godin, staan u my onderneming kennelik by, o dogter van Latona, sieraad van die sterre en bewaakster van woude. As my vader Hyrtacus ooit gawes ten behoeve van my na u altare aangedra het, as ek self met iets uit my jagtogte eer aan u betoon het, iets aan u koepel opgehang, of aan u heilige géwel vasgeheg het, vergun my om hierdie klomp in verwarring te bring en rig my wapens deur die lug.”

400

Hy het gespreek, en met inspanning van sy hele liggaam slinger hy

410

die yster. In sy vlug deurklief die spies die skadu's van die nag en land van agter in Sulmo se rug. Daar breek dit af en deurpriem sy bors met die versplinterde skag. Hy rol om, sterwenskoud, en gooi 'n warm stroom uit sy bors op terwyl sy sye onder uitgerekte geroggel op en neer skok.

Na alle kante kyk hulle rond. Des te aggressiewer hieroor, kyk! het Nisus weer 'n ander wapen met 'n swaai bo van sy oor af geslinger. Terwyl hulle in verwarring verkeer het die spies fluitend deur albei Tagus se slape getrek en louwarm in sy deurboorde brein vasgesteek. Woedend tier Volcens, maar nêrens bespeur hy die spiesgooier, of iets waarop hy in brandende toorn kan afstorm nie. “Jý sal egter intussen met jou warm bloed vir albei teenoor my boet,” het hy geskree, en terselfdertyd met getrokke swaard op Euryalus afgestorm. **420**

Toe, voorwaar, was Nisus waansinnig van skrik. Buite homself skree hy dit uit, en hy kon hom nie langer in die donker verberg of so 'n ontsettende smart verduur nie: “Vir my! Vir my! Hier staan ek wat dit gedoen het! Keer julle swaard teen my, Rutuliërs! Dis alles my skuld. Hý het niks gewaag nie, en hy was ook nie daartoe in staat nie. Daarvoor roep ek die hemel en die alsiende sterre tot getuie. Hy het maar net sy rampsalige vriend te lief gehad.” **430**

Sulke woorde was hy besig om te sê, maar die swaard, kragtig ingedryf, deurboor Euryalus se ribbes en vlek sy sneeuwit bors oop. Sterwend stort hy neer; oor sy skone ledemate stroom die bloed; sy nek word slap en sink op die skouers neer: soos wanneer 'n purper blom deur die ploeg van sy wortels afgesny is en kwynend verwelk, of wanneer papawers met moeë nek die hoof gebuig het as hulle deur 'n toevallige reënbus belaaï word.

Maar Nisus storm tussen hulle in, en uit almal pyl hy net op Volcens af: met Volcens alleen het hy te doen. Om hom pak die vyand saam, en aan alle kante probeer hulle hom in handgemene geveg verdryf. Dog hy druk aan en swaai sy blitsende swaard totdat hy dit in die gillende Rutuliër se mond reg voor hom weggedruk en sterwend sy vyand sy lewe ontnem het. Deurstek soos hy was, het hy hom toe op sy lewelose vriend neergewerp en daar op langelaas in kalme dood tot rus gekom. **440**

Geseënde vriendepaar! As my verse iets vermag, sal geen verloop van tyd julle ooit aan die herinnering van die nageslag onttrek nie, solank die huis van Aeneas²² by die Capitolium se onbeweeglike rots sal woon en die Romeinse vader²³ die heerskappy voer.

Die seëvierende Rutuliërs het die buit en geplunderde wapens in besit geneem en wenend die lewelose Volcens hulle kamp binnegedra. En in die kamp was die leed nie minder nie toe hulle op die dooie Rhamnes afkom, en soveel vorste in een slagting verdelf, ook Serranus en Numa. Groot is die toeloop na die lyke self, na die sterwendes, na die toneel nog vars van louwarm slagting en na die strome vol skuimende bloed. Die een ken vir die ander die buit uit: Messapus se glansende helm en Rhamnes se borsversierings – met baie sweet teruggewen. **450**

En nou het die vroeë Daeraad die saffraankleurige bed van Tithónus verlaat en was besig om nuwe lig oor die aarde te sprinkel.²⁴ Noudat die son ingestroom het, noudat die aarde weer deur daglig onthul is, staan Turnus self in sy wapenrusting en wakker sy manne aan tot die wapenstryd. Die leiers trek hul bronsgepantserde linies saam vir die geveg, elkeen sy eie mense, en prikkel hulle woede met allerlei gerugte. Meer nog! Euryalus en Nisus se koppe – deerniswekkende skouspel – steek hulle aan spiespunte vas en dra dit omhoog terwyl hulle met luide geskree volg. Aan die linkerkant – want regs word die laer deur die rivier ingesluit – het die geharde volk van Aeneas hulle linie teen die vyand opgestel. Hulle beset die yslike gragte en staan bedroef op die hoë torings. Tegelykertyd word hulle ontroer deur die helde se gesigte – al te goed bekend aan hulle in hul droefheid – voor aan spiese vasgesteek terwyl swart bloed daarvan afdrup. **460**

²² Waarskynlik Augustus en sy nageslag, maar ook die Romeinse volk.

²³ Waarskynlik die Senaat, maar moontlik ook die Keiser (wat egter eers na Vergilius se dood *pater patriae* geword het).

²⁴ Vgl. Bk. 4, 584-5.

EURYALUS SE MOEDER HOOR VAN SY DOOD

Intussen storm die gevleuelde boodskapster, Gerug, fladderend deur die verskrikte laer en sluip ongemerk na die ore van Euryalus se moeder. Arme vrou! Oombliklik het die warmte haar liggaam verlaat, die weefspoel het uit haar hande gevlieg en die woldraad is afgerol. In haar droefheid vlieg sy heen met losgeplukte hare en die gille van 'n vrou, en buite haarself pyl sy ylings af op die mure en voorste linies. Aan manne dink sý nie, nie sý aan gevaar of wapens nie, en vervul dan die hemel met haar weeklagte: "Is dit só dat ek jou aanskou, Euryalus? Jy, daardie langverwagte troos vir my oudag, kon jy my alleen agterlaat, wreedaard? En toe jy sulke groot gevare ingestuur is, is jou arme moeder toe nie die geleentheid gegun om jou vir laas vaarwel te sê nie? Helaas! in 'n vreemde land lê jy, ten prooi gegee aan die honde en roofvoëls van Latium? En ek, jou moeder, het jou nie met 'n lykstoet uitgeleide gedoen, jou oë toegedruk of jou wonde gewas, en jou met die kleed bedek waaraan ek dag en nag so ywerig vir jou gewerk het terwyl ek die

sorge van 'n ou vrou met weefwerk probeer stil het nie. Waarheen sal ek jou volg? Of watter land bevat nou jou liggaam, jou verminkte lyk, die ledemate afgeskeur? Is dit al, my seun wat jy van jouself vir my terugbring? Dit wat ek oor land en see gevolg het? Deurboor my, indien daar nog medelye in julle harte leef, slinger al julle wapens na my, ag, Rutuliërs, en verdelg my die eerste met die swaard. Of u, magtige vader van die gode, toon erbarming en werp hierdie haatlike lewe met u skig af na die Doderyk, want op geen ander wyse kan ek die wrede lewe afbreek nie."

Deur dié geweene is hulle harte diep geskok, 'n kreun van verdriet ontsnap elkeen se bors, hul kragte vir die stryd gebroke en verlam. Op aandrang van Ilioneus, en Julius wat bitterlik ween, neem Idaeus en Actor haar weg terwyl sy die droefheid so laat ontvlam, en geskraag op hul arms plaas hulle haar weer terug in haar huis.

DIE AANVAL OP DIE TROJAANSE LAER BEGIN

Maar in die verte het die trompet sy verskriklike geskal uit singende brons laat sketter. 'n Geskree volg, en die hemel

weergalm. Die Volsci storm nader, bring hul skildedak in 'n reguit lyn aan en maak gereed om die gragte op te vul en die skutswal af te breek. Party soek toegang en trag om met lere op die mure te klouter waar die geledere yl is en die verdedigingskordon openinge vertoon en nie so dig beman is nie.

Die Trojane, daarenteen, laat reën elke soort werptuig neer en stamp die vyand af met stewige pale – vanweë die lang²⁵ oorlog is hulle gewoon daaraan om hulle mure te verdedig. Telkens het hulle ook klippe met vernietigende gewig afgerol om te kyk of hulle iewers deur die beskutte linie kon breek, terwyl die vyand nogtans behae daarin skep om alle lotgevalle onder die digte skildedak te trotseer. Maar nou kan hulle nie langer uithou nie. Want waar 'n groot saamgepakte skare gedreig het, het die Trojane aangestorm en 'n geweldige massa neergerol wat deur die wapenbedekking gebars en die Rutuliërs oor 'n wye gebied platgevee het. En die waaghalsige Rutuliërs is nie meer lus om in blinde stryd te veg nie, maar trag om die Trojane met werptuie van die skutswal af te verdryf. In 'n ander sektor het Mezentius – skrikwekkend om te aanskou – aanhoudend 'n Etruriese dennefakkelt geswaai terwyl hy rokende vure slinger. Maar Messapus, temmer van perde en spruit van Neptunus, breek die skanse af en skree om lere om die mure mee te bestyg. 510
520

AANROEPING VAN DIE MUSES

O Calliope²⁶, ek smee u almal, inspireer my terwyl ek sing van die slagting wat Turnus toe met die swaard daar aangerig het, van die sterfgevalle wat hy veroorsaak het, wie elkeen van die manne na die Onderwêreld laat afdaal het, en ontrol die magtige toneel van die stryd saam met my.

²⁵ Tien jaar lank om Troje.

²⁶ Die Muse van epiese digkuns, maar hier verteenwoordig sy al die Muses.

DIE VERNIETIGING VAN DIE TROJANE SE TORING

Daar²⁷ het 'n toring gestaan, ontsaglik om teen op te kyk, met verbindingsbrûe hoog daar bo, en gunstig geleë. Al die Italiane het met alle mag gestreef om dit te oorrumpel en met die opperste geweld van hulle strydkragte omver te werp. Die Trojane, daarenteen, het getrag om dit met klippe te verdedig en om in digte groepe hulle werptuie deur die ruim skietgate te slinger. Aan die voorpunt van sy manne het Turnus 'n brandende fakkel gegooi en die vuur teen die sykant laat vassteek. Yslik groot aangewakker deur die wind het dit die planke oorval en aan die deurposte gekleef terwyl hulle verteer word. Verwarring en paniek heers daar binne, en vergeefs begeer hulle om aan die ramp te ontsnap. Terwyl hulle saambondel en agtertoe terugval na die deel wat nog die verderf gespaar is, kyk! toe stort die toring neer onder die skielike gewig, en die ganse hemel dreun van die gekraak. Halfdood beland hulle op die grond terwyl die ontsaglike bouwerk agternakantel. Deur hulle eie wapens word hulle vasgepen, hulle borste deurboor deur die harde hout. 530

Alleen Helenor en Lycus het ternouernood ontkom. En van hulle was Helenor in die bloei van sy jare; die slavin Licymnia het hom heimelik grootgemaak vir die koning van Maeonië, en hom met verbode²⁸ wapens na Troje gestuur, liggewapen met 'n swaard sonder skede, nog sonder roem met sy wit²⁹ skild. Toe hy bemerk dat hy hom midde-in Turnus se duisende bevind, dat Latynse linies aan hierdie kant van hom staan, Latynse linies aan daardie kant – soos 'n wilde dier wat deur 'n digte kring jagters omsingel 540

²⁷ Vers 529 verskyn as vers 645 in die Muse-aanroep van Bk. 7. Dit word deur die meeste mss. weggelaat en is hier waarskynlik 'n interpolasie.

²⁸ Waarom hy verbied is om 'n soldaat te wees, of wie hom verbied het, weet ons nie.

²⁹ Wit, d.w.s. nog sonder blasoen omdat hy nog nie aan 'n geveg deelgeneem het, en dus ook nog nie roem behaal het nie. 550

is woedend teen die wapens tier, hom welbewus in die dood stort en met 'n sprong bo-op die jagspiese beland: net so storm die jongman tussen die vyand in om te sterwe, en hy koers na waar hy sien die wapens die digste is.

Maar Lycus kan baie beter hardloop. Tussen vyand en tussen wapens deur bereik hy in sy vlug die mure en hy doen sy bes om die hoë borswering vas te gryp en die hande van sy makkers by te kom. Ewe vinnig en met sy spies agtervolg Turnus, en triomfantelik tart hy hom met hierdie woorde: “Gek, het jy gehoop om my hand te kan ontvlug?” Terselfdertyd gryp hy hom soos hy daar hang en pluk hom af tesame met 'n groot stuk van die muur: soos Jupiter se wapendraer³⁰ wanneer hy 'n haas of 'n swaan met skitterwit lyf in sy gekromde kloue wegdra en na die hoogtes opskiet, of soos die wolf van Mars³¹ wanneer hy uit die kraal 'n lam gegryp het wat met langdurige geblêr deur sy ma gesoek word. **560**

Aan alle kante word 'n geskree aangehef; hulle storm in en vul die gragte met grond; ander slinger brandende fakkels na die dakke. Ilioneus tref vir Lucetius met 'n klip, ja, 'n yslike stuk van 'n berg, toe hy na aan die hek kom terwyl hy fakkels aandra. Liger vel Emathion neer, Asilas vir Corynaeus, die een³² vaardig met die werpspies, die ander³³ met die pyl wat ongemerk van ver af tref. Caeneus dood Ortygius, Turnus die seëvierende Caeneus; Turnus ook Itys, Clonius, Dioxippus, Promulus, Sagaris, en Idas wat voor op een van die hoogste torings gestaan het. Capys dood Privernus. Themillas se spies het laasgenoemde eers 'n ligte skramswond toegedien, maar hy, dwaas wat hy was, het sy skild neergegooi en sy hand op die wond gedruk. 'n Pyl in geveleulde vlug het dus diep in sy linkersy ingedring, en verborge daarbinne sy lugpyp met 'n dodelike wond vernietig. **580**

³⁰ Die arend.

³¹ Romulus en Remus, die kinders van Mars, is deur 'n wolvin gevoed.

³² Liger.

³³ Asilas.

In voortreflike wapenrusting het Arcens se seun met bont bestikte mantel daar gestaan, glansend in Spaanse purper en merkwaardig van voorkoms. Sy vader Arcens het hom gestuur ná sy opvoeding in die heilige bos van Mars aan die strome van Symaethus, waar die ryk en vergewensgesinde altaar van Palicus staan. Mezentius self het sy spiese neergesit, en met die riem stewig ingetrek sy snorrede slingervel drie maal om sy kop geswaai, sy teenstander se slape middeldeer gekloof met die gesmelte lood, en hom uitgestrek laat neerslaan in die diep sand.

ASCANIUS SE EERSTE OORLOGSDAAD

Daar word vertel dat Ascanius toe vir die eerste keer 'n vlugge pyl in die oorlog gemik het, hy wat voorheen daaraan gewoon was om sku wilde diere te verskrik; dat hy dapper Numanus met sy hand neergevel het, Numanus wie sy bynaam Remulus was en wat, onlangs getroud, Turnus se jonger suster as vrou gehad het. Pronkend het hy voor die voorste linie gestap terwyl hy dinge uitskree wat betaamlik en onbetaamlik is om te uiter, vermetel in sy hart oor sy nuwe koningsverwantskap en luidkeels aan die spog met sy magtige heldemoed: "Skaam julle julle nie, tweemaal gevange Trojane, om weer eens beleër te word, ingehok deur 'n skutswal, en om agter mure as beskutting teen die dood te skuil nie? Siedaar die mense wat met oorlog ons vrouens vir hulle toeëien! Watter god, of liever, watter waansin het julle na Italië gedryf? Hier is geen seuns van Atreus en ook geen Ulysses, meester in misleidende taal nie. Van oorsprong is ons 'n geharde ras en ons begin deur ons kinders na die riviere af te dra en hulle in die bitter koue water hard te maak. As seuns is hulle dou voor dag op die been om te jag en deurkruis hulle die bosse. Hulle spel is om perde te leer en om pyle in die boog te span.

Maar as jongmanne is hulle teen arbeid gehard en gewoon aan armoede, en hulle tem die grond met die kielhouer of skud dorpe met oorlog. Ons hele lewe word met wapens deurgebring, en met die agterkant van die spies spoor ons die rûe van ons stiere aan. Stram ouderdom verswak nie ons geesteskrag en knak nie die veerkrag van ons liggame nie. Op ons gryns hare druk ons 'n helm, en steeds is dit vir ons 'n genot om vars buit te versamel en van

roof te lewe. Maar julle klere is met saffraan en glansende purper geborduur. Om ledig te sit is vir julle welbehaaglik. Dit verskaf julle plesier om in koordanse op te gaan, en julle hemde het moue³⁴ en julle tulbande strikkies! O Trojaanse vroue, voorwaar! – want Trojaanse mans is julle nie – trek op oor die hoogtes van Dindymus³⁵ waar die fluit sy melodie deur twee openinge³⁶ vir haar toegewydes verskaf. Die tamboeryne en Berecynthiese³⁷ bukshoutfluit van die Moeder³⁸ van Ida roep julle! Laat wapens aan manne oor, en sien af van die swaard!”

620

Ascanius kon die man wat so grootmond spog en sulke nare dreigemente uiter nie uitstaan nie. Hy draai na hom toe, span die pyl styf in die perdestertsnaar, gaan staan met sy arms wyd van mekaar af gestrek, en smekend bid hy voor Jupiter met geloftes: “Almagtige Jupiter, seën my dapper onderneming. Self sal ek jaarliks tot u eer geskenke na u tempel bring, en ’n skitterwit stier met vergulde voorkop voor u altaar plaas, een wat sy kop so hoog soos sy moeder hou, wat al met die horing mik en die sand met sy hoewe opskop.”

Die Vader het gehoor, en aan die linkerkant uit ’n onbewolkte deel van die hemel gedonder: tegelykertyd soem die doodbringende boog. Met skrikwekkende gegons vlieg die styfaangetrekte pyl weg. Dwaarsdeur Remulus se kop trek dit en deurboor sy hol slape met die ysterpunt. “Gaan nou, en gaan bespot ons dapperheid met jou hooghartige woorde! Die tweemaal gevange Trojane bied hierdie antwoord aan die Rutuliërs.” Slegs dit het Ascanius gesê. Met juigkrete volg die Trojane; jubelend van blydschap verhef hulle hul harte na die sterre.

630

³⁴ ’n Hemp met moue is deur die Romeine as verwyfd beskou.

³⁵ ’n Berg naby Troje, heilig vir die Groot Moedergodin (Cýbele).

³⁶ Die Trojaanse (Frigiese) fluit met twee windpype wat twee verskillende note gelyktydig laat hoor het.

³⁷ Frigiese.

³⁸ Cýbele.

APOLLO VERSKYN AAN ASCANIUS

Gesete op 'n wolk, het langlokkige Apollo toe juis bo vanuit 'n
hemelstreek neergekyk op die Italiaanse slaglinies en die stad, en **640**
met hierdie woorde spreek hy die seëvierende Julius aan: "Geluk
met jou eerste heldedaad, seun! So styg 'n mens op na die sterre,
o spruit van gode en toekomstige vader³⁹ van gode. Met reg sal alle
oorloë wat deur die noodlot bestem is om te kom, uiteindelik
onder die heerskappy van die ras van Assaracus ten einde kom, en
Troje kan jou nie bevat nie⁴⁰." Terwyl hy dit sê, duik hy uit die hoë
hemel neer, deurklief die waaiende winde en soek Ascanius op.
Toe verander hy van aanskyn in die ou man Butes. Hy was
voorheen Anchises van Troje se wapendraer en 'n getroue wag van
sy huis; daarna het Aeneas hom as metgesel vir Ascanius gegee.
Apollo het aangestap gekom, in alle opsigte die sprekende **650**
gelykenis van die grysaard, na stem en gelaatskleur, na grys hare
en wreed klinkende wapens, en met hierdie woorde spreek hy die
vurige Julius aan: "Laat dit voldoende wees, seun van Aeneas, dat
Numanus deur jou wapens gesnuwel het sonder gevaar vir jou.
Magtige Apollo gun jou hierdie eerste onderskeiding en is nie
afgunstig op wapens wat die gelyke is van sy eie nie. Origenes, my
seun, moet jy nie deelneem aan die stryd nie." So het Apollo
begin, en terwyl hy nog besig is om te praat, het hy hom aan die
gesigsveld van sterweling onttrek en ver weg in die yl lug onder
die oë uit verdwyn.

Die prinse van Troje het die god en sy hemelse wapens herken, en **660**
in sy vlug sy pylkoker hoor ratel. Vanweë Apollo se woorde en
goddelike wil hou hulle Ascanius teë, hoewel hy gretig is vir die
geveg. Self tree hulle weer tot die stryd toe en waag hulle lewens
in openlike gevare. Van bolwerk tot bolwerk trek die oorlogskreet
al met die mure langs; hulle span hulle gretige boë en swaai die slinger-
rieme.⁴¹ Orals word die grond besaai met wapens; skilde en hol

³⁹ Hy was die voorvader van die toekomstige Caesars.

⁴⁰ D.w.s. Troje is nie groot genoeg om so 'n groot held te bevat nie.

⁴¹ Rieme aan werpwapens vasgeheg, en waaraan dit eers geswaai is om groter impetus te verkry.

helms weerklink van die slae; die stryd neem in felheid toe: magtig soos die storm wat met die verskyning van die reënryke Bokkies⁴² vanuit die Weste aanrol en die aarde gésel, dig soos haelvlae wat die stormwolke oor die see neerslinger wanneer Jupiter, huiweringwekkend met sy Suidewinde, 'n reënstorm laat neerdwarrel en die omhullende wolke aan die hemel laat oopbars. 670

PANDARUS EN BITIAS

Pandarus en Bitias, seuns van Alcanor van die Idaberg, en grootgemaak deur die woudnimf Iaera in Jupiter se heilige bos, jongmanne so groot soos die denne en die berge van hulle vaderland – vertrouend op hulle wapens gooi hulle nou die hek oop wat op bevel van hulle generaal aan hulle toevertrou is, en nooi nog boonop die vyand die mure binne. Self staan hulle net binnekant, links en regs voor die torings, gewapen met die swaard, hul helmpluime trillend daar hoog op hulle koppe: soos twee rysige eike wat hulle hoog aan helder strome verhef, òf op die oewers van die Po òf digby lieflike Athesis; hulle hef hulle lowerryke koppe ten hemel en knik met 'n verhewe kruin. 680

Toe die Rutuliërs die ingang sien oopstaan, storm hulle binne. Onmiddellik het Quercens⁴³ en Aquiculus, pragtig bewapen, en Tmarus met sy voortvarende gees, en Haemon, seun van Mars, òf met al hulle volgelinge omgesprong en gevlug, òf net daar op die poortdrumpel hulle lewe neergelê. Hierop laai die woede sterker op in hul verbitterde harte, en nou kom die Trojane byeen, drom saam op daardie een plek en waag dit om handgemeen te raak en verder van die hek af uit te storm. 690

TURNUS VERNEEM VAN DIE OOP HEK: BITIAS SNEUWEL

Aan Turnus, die generaal, wat woedend op 'n ander front veg en

⁴² Die gesternte van die Haedi.

⁴³ Die name wat direk volg is dié van Rutuliese leiers.

verwoesting onder die manne saai, word die berig gebring dat die vyand van nuwe moordlus blaak, en die poorte oop aanbied. Hy laat die taak waarmee hy besig is, en van geweldige woede ontstoke storm hy na die Trojaanse hek met die trotse broers⁴⁴. Hy slinger sy spies, en eerste vel hy vir Antiphates neer, want die man was besig om heel voor te veg – die edele Sarpedon se buite-egtelike seun by 'n moeder van Thebae: deur die wykende lug vlieg die Italiaanse kornoelieskag, slaan in sy slukderm vas en trek diep in sy bors in; die gapende sny van die swart wond spuit 'n stroom skuimende bloed uit, en die ysterpunt word warm in die deurboorde long. Daarna vel hy vir Meropes en Erymas neer, daarna vir Aphidnus, en daarna vir Bitias met sy vlammeende oë en briesende woede in die hart, nie met 'n werpspies nie – want hý sou nie sy lewe aan 'n werpspies afgestaan het nie – maar met luide gesuis het 'n geslingerde falariaanse⁴⁵ spies aangekom, voortgedryf soos 'n weerligstraal. Nóg twee bulvelle⁴⁶, nóg sy vertroude harnas van dubbele goue skubbe kon dit weerstaan; sy reuseliggaam knak en stort neer; die aarde kreun, en sy yslike skild kletter op hom neer. So val 'n klipmassa soms op die Euboïese kus van Baiae, een wat die mense vooraf met groot rotsblokke opstapel en dan in die seewerp⁴⁷. So hel dit oor en stort slepend neer; met geweld tref dit die vlakwater en gaan lê onder op die bodem. Die see is in beroering en die swart sand kook op; dan sidder rysige Prochyta van die gedreun, en ook die rotsbedding van Inarime wat op bevel van Jupiter oor Typhoeus⁴⁸ geplaas is.

700

710

In hierdie stadium het die krygshaftige Mars nog meer moed en krag aan die Latyners verleen. Hy kap die skerp spore onder hul hart in en stuur Vlug en sombere Angs na die Trojane. Aangesien daar geleentheid vir 'n geveg gebied is, stroom die Latyners van alle kante af saam en die god van die slag stort in hul harte.

720

⁴⁴ Pándarus en Bitias.

⁴⁵ 'n Geweldige spies met 'n drie voet lange lem, gewoonlik uit 'n catapulta geslinger (vgl. Livius 21, 8, 10). Dit kan ook 'n lang brandpyl wees.

⁴⁶ Sy skild.

⁴⁷ 'n Verwysing na die bou van 'n hawehoof, of die opbou van 'n basis vir 'n villa in die see.

⁴⁸ Vgl. nota by Bk. 1, 665.

PANDARUS SE DOOD

Toe Pandarus sy broer se gevalle liggaam bemerk en sien in watter toestand hulle lot verkeer, watter noodlot sake nou lei, beur hy met sy breë skouers teen die hek en met geweldige inspanning swaai hy dit op sy skarnier toe. Baie van sy makkers sluit hy uit die laer en laat hulle daar in verbete stryd. Maar ander sluit hy saam met homself in en ontvang hulle soos hulle terugstorm. Dwaas! want hy het nie die Rutuliërs se koning midde-in die menigte sien binnestorm nie, en hom nog boonop binne in die laer opgesluit – soos 'n woeste tier tussen weerlose kuddes! Dadelik het 'n nuwe lig uit Turnus se oë geblits en sy wapens het skrikwekkend geratel. Op sy kruin tril die bloedrooi pluime, en met sy skild skiet hy flikkerende strale soos weerlig.

730

In skielike paniek herken die volk van Aeneas die gehate gesig en reusagtige ledemate. Toe spring die reusagtige Pandarus blitsig na vore en brandend van woede oor sy broer se dood sê hy: “Hierdie is nie Amata se paleis, haar trougeskenk aan jou nie! Ook nie die burg van Ardea wat met voorvaderlike mure vir Turnus beskerm nie! Jy aanskou die laer van jou vyand, en daar bestaan geen moontlikheid om hier uit te kom nie!” Onvervaard antwoord Turnus met 'n glimlag: “Begin, as daar enige mannemoed in jou hart is, en raak slaags! Jy sal aan Priamus kan vertel dat jy nóg 'n Achilles hier gevind het.”

740

Dit het hy gesê. Beurend span Pandarus al sy kragte in en slinger sy spies, ru van die knoeste en skurwe bas. Die briesie het dit opgevang; Juno, dogter van Saturnus, het die aankomende wond weggekeer, en die spies het in die hek vasgeslaan. “Maar hierdie wapen wat ek kragtig met my regterhand hanteer sal jy nie ontvlug nie, want hy wat die swaard swaai en die wond toedien is nie iemand van wie jy kan ontvlug nie.” So sê Turnus, rys hoog op na die opgehewe swaard en met die yster kloof hy Pandarus se voorkop tussen die twee slape, ja, sy baardlose wange met 'n afgryslike wond. 'n Plofgeluid klink op en die aarde word geskud deur sy geweldige gewig. Sterwend strek hy sy ineengestorte ledemate en sy bebloede wapens, met harsings bespat, op die grond uit, en kyk! van elke skouer af het sy kop in gelyke helftes heen en weer gebeng.

750

TURNUS RIG 'N SLAGTING AAN IN DIE TROJAANSE LAER

In paniekbevange vrees spring die Trojane om en vlug in alle rigtings, en as die gedagte hom dadelik op die oomblik van sy oorwinning te binne geskiet het om die grendels met geweld te breek en sy makkers deur die hekke in te laat, sou daardie die laaste dag van die oorlog en die Trojaanse ras gewees het. Maar waansin en 'n dolle moordlus het hom in vurige woede teen sy vyande voortgedryf. Eers haal hy vir Phaleris in, en vir Gyges wie se kniesening hy afgekap het. Dan gryp hy hulle spiese en slinger dié na die rûe van die vlugtendes: Juno verskaf die krag en die moed. 760

Hy voeg Halys by as metgesel vir hulle, en Phegeus, sy skild deurboor. Daarna ook Alcander en Halius en Noëmon en Prytanis terwyl hulle onbewus van alles die stryd op die mure aan die gang hou. Terwyl Lynceus teen hom aanruk en op sy makkers roep, verras Turnus hom skielik regs van die skutswal af met 'n mokerhou van sy flitsende swaard. Met die een hou is sy kop skoon afgekap en ver daarvandaan het dit gaan lê, nog steeds met die helm op. Vervolgens vel hy vir Amycus neer, daardie verdelger van wilde diere; geen ander was vaardiger as hy om pyle in te smeer en die ysterpunt met gif te bewapen nie. Ook vir Clytius, seun van Aeolus, en Cretheus, vriend van die Muses, Cretheus, metgesel van die Muses, hy wat immer in die lied en die lier sy plesier gevind het, en om melodieë vir die snare te toonset, en immer van perde en die wapens van helde en van gevegte gesing het. 770

DIE TROJANE OMSINGEL VIR TURNUS

Toe die Trojaanse leiers, Mnestheus en vurige Serestus, uiteindelik van die slagting onder hulle manne verneem, kom hulle ook daarheen en sien die binnegegate vyand en hoe hulle makkers uitmekaar spat. En Mnestheus sê: “Waarheen, waar vlug julle dan hiërna heen? Watter ander mure of watter ander vestings het julle? Sal dit wees, burgers, dat een man wat aan alle kante deur julle verdedigingswalle omsingel is, straffeloos so 'n groot slagting 780

dwarsdeur ons laer aangerig het? Dat hy soveel van ons voortreflikste jongmanne na die Onderwêreld laat afdaal het? Is julle nie jammer, en kry julle nie ook skaam as julle aan julle arme vaderland dink, en aan ons ou gode en aan die magtige Aeneas nie, julle lamsakke!?”

Deur dergelike woorde word hulle aangevuur en bemoedig, en in 'n digte kordon neem hulle stelling in. Geleidelik het Turnus uit die geveg begin terugtrek en na die rivier en dié deel in die laer wat deur die stroom omsluit word, begin koers kry. Des te vinniger druk die Trojane hieroor onder luide geskree aan en konsentreer hulle mag: soos wanneer 'n digte groep jagters met hulle dodelike wapens kort op die hakke van 'n woeste leeu is; maar hý, verskrik, en knorrig, en wreed glurend, tree terug, maar sy woede en sy moed laat nie toe dat hy op die vlug slaan nie, en hoewel hy dit beslis begeer, is hy vanweë die wapens en die manne nie in staat om hom te verset nie. Net so tree die weifelende Turnus sonder haas terug, terwyl sy gemoed kook van woede. Meer nog! Twee maal het hy toe weer onder sy vyande ingevlieg, twee maal het hy hulle linies in verwarde vlug langs die mure af teruggedryf. Maar die hele mag kom haastig uit die kamp byeen, en Juno, dogter van Saturnus, waag dit nie om krag dáárteen te verskaf nie. Want Jupiter het Iris, die Godin van die lugruim, uit die hemel neergestuur met streng bevele aan sy suster, indien Turnus nie van die Trojane se hoë verskansings wou wyk nie. 790

Daarom is die jongman nie in staat om met sy skild en regterhand voldoende weerstand te bied nie – so word hy oorweldig deur werpwapens wat van alle kante af na hom geslinger word. Om sy hol slape ratel die helm van die onophoudelike gekletter van houe, en die soliede brons bars oop onder die klippe. Die pluime word van sy kop⁴⁹ afgeskeur, en sy skild is nie bestand teen die houe nie. Die Trojane, en ook die verwoestende Mnestheus self, verdubbel 810

⁴⁹ v. 810: saam met R.D. Williams (ad loc.) skrap ek die punktuasie na *iubae* om *capiti* afhanklik te maak van *discussae*.

hulle spiesaanval. Toe vloei die sweet oor sy hele liggaam en vorm 'n pikswart stroom – hy kry ook nie kans om asem te haal nie – en die hygende asemhaling skok sy vermoeide liggaam. Toe, op langelaas, werp hy hom in volle wapenrusting met 'n halsoorkop sprong in die rivier. Toe hy kom, het dié hom in sy geel stroom ontvang, hom op sagte kabbeling weggevoer, die slagting afgewas en hom opgetoë aan sy makkers terugbesorg.

DIE TIENDE BOEK

*Die Groot Veldslag:
Die dood van Pallas,
Lausus en Mezentius*



.... die Vader van die Gode en Koning van mense roep 'n
vergadering byeen in sy sterrewoning.

DIE GODEVERGADERING IN OLIMPUS

Intussen word die huis van almagtige Olympus oopgegooi¹, en die Vader van die gode en Koning van mense roep 'n vergadering byeen in sy sterrewoning. Hooggesete oorskou hy vandaar alle lande, die Trojaanse laer en die volkere van Latium. Hulle gaan sit in sy paleis met poorte aan albei kante², en self begin hy:

“Magtige hemelbewoners, waarom het julle die besluit omgeswaai en stry julle so fel met vyandige harte? Ek het vooraf verbied dat Italië met die Trojane in oorlog bots. Welke twis is dit dié in stryd met my verbod? Welke vrees het òf laasgenoemde òf eersgenoemde genoop om na die wapen te storm en die swaard uit te lok? Daar sal 'n tyd vir geregverdigde stryd kom – verhaas dit nie – wanneer woeste Carthago eendag groot verwoesting deur die geopende poorte van die Alpe³ op die vestings van Rome sal afstuur. Dán sal dit geoorloof wees om met haat te stry, dán om mekaar te plunder. Laat die saak nou rus, en sluit blymoedig die verdrag wat ek verorden het.”

10

VENUS SE PLEIDOOI

Dit het Jupiter kortliks gesê. Maar daarop antwoord goue Venus nie kortliks nie: “O Vader, o ewige mag oor mense en dinge – want wat anders is daar wat ons nog sou kon aanroep? – sien u hoe honend die Rutuliërs optree, hoe Turnus met sy strydwa deur die skares jaag en die aandag trek en opgeblaas van Oorlogstriomf aanstorm? Nie langer beskerm gesluite mure die Trojane nie; inderdaad knoop hulle die geveg binne die hekke aan, tussen die muurskanse self, en die gragte loop oor van die bloed. Aeneas is afwesig en onbewus daarvan. Sal u dan nooit toelaat dat hulle van beleëring bevry word nie? Weer eens bedreig 'n vyand die mure van wordende Troje, dreig ook 'n ander leër, en vanuit Aetoliese

20

¹ D.w.s. 'n nuwe dag breek aan en die hemelpoorte word oopgegooi.

² Oos en Wes. Die son beweeg daardeur.

³ 'n Verwysing na Hannibal se tog oor die Alpe om Italië binne te val (218 v.C.)

Arpi⁴ verrys daar weer eens teen die Trojane 'n seun van Tydeus. Ek glo, voorwaar, dat daar nóg wonde vir my voor die deur staan, en dat ek, u nasaat, die wapens van 'n sterfling laat wag.⁵ Indien die Trojane sonder u goedkeuring en teen u goddelike wil na Italië gesoek het, laat hulle dan vir hulle sondes boet, en moenie hulle met u bystand help nie. Maar as hulle soveel orakelspreuke gevolg het wat die gode van die bo- en die onderwêreld verskaf het, waarom is enigiemand dan nou in staat om u bevele te verander, of waarom dan om die noodlotsbeskikkinge opnuut vas te stel? 30

Hoekom sou ek die verbranding van hulle vloot op die kus van die Eryxberg ophaal⁶. Waarom die koning? van storms en sy gierende winde van Aeolië af opgejaag, of Iris, vanuit die wolke neergestuurt? Nou bring sy selfs die skimme in beroering, – 'n deel van die heelal wat tot dusver onbeproof gebly het – nou word Allecto skielik op die bowêreld losgelaat en tier sy dwarsdeur die Italiane se stede. Heerskappy kan my hoegenaamd nie skeel nie. Dis daardie beloftes van u waarop ons gehoop het solank die noodlot nog vasgestaan het. Laat hulle wen, wat u wil hê moet wen. As daar geen oord is wat u meedoënlose eggenote aan die Trojane wil afstaan nie, dan, Vader, smee ek u by die smeulende puinhope van verwoeste Troje: laat dit vir my toegelaat wees om Ascanius onbeseer uit die stryd te stuur, laat dit toegelaat wees dat my kleinseun bly lewe. Goed! Laat Aeneas op onbekende waters rondgeslinger word en volg waar die Noodlot ook al die weg aangedui het, maar laat ek die krag hê om die seun te beskerm en aan die afgryslike slag te onttrek. Amathus behoort aan my, rysige Paphus en Cythera is myne, en ook die tempel van Idalia: laat die kind sy wapens neerlê en daar sy lewe roemloos slyt. Beveel Carthago om 40 50

⁴ Die seun van Tydeus, nl. Diomedes, die Aetoliër, het hom ná die Trojaanse oorlog in Suid-Italië in die stad Arpi gevestig. Hy het die Trojane egter geen leed aangedoen in Latium nie, en Venus se stelling is dus onwaar. Vgl. Bk. 8, 9 e.v., en Bk. 11, 225 e.v.

⁵ By Troje het Diomedes vir Venus verwond.

⁶ Vgl. Bk. 5, 606 e.v.

⁷ Vgl. Bk. 1, 50 e.v.

Italië met magtige oorheersing te verdruk: van laasgenoemde se kant af sal daar geen teenstand vir Tiriese⁸ stede kom nie. Wat het dit gebaat dat hy aan die verderf van oorlog ontkom en dwarsdeur die Griekse brande gevlug het? Dat soveel gevare van die see en die onmeetlike aarde tot die einde toe deurmaan is terwyl die Trojane op soek is na Latium en 'n herrese Troje? Sou dit nie vir hulle beter gewees het om by die uitgebrande puin van hulle vaderland te gebly het, ja, op die bodem waar Troje gestaan het nie? Gee die Xanthus en die Simoïs aan die rampsalige volk terug, ek smee u, en vergun die Trojane, vader, om weer eens die lotsbeskikkinge van Ilium deur te maak.”

60

JUNO SE VERWEER

Daarop sê vorstelike Juno, aangedryf deur 'n felle woede: “Waarom dwing jy my om my diepe swye te verbreek, en om die smartlike toorn wat ek verberg gehou het met woorde rugbaar te maak? Het enigeen onder mense of gode vir Aeneas gedwing om oorlog te soek en om as vyand teen koning Latinus op te trek? Op aandrang van die noodlot het hy na Italië gesoek – laat dit so wees, maar eintlik is hy aangedryf deur die besete profesieë van Cassandra¹⁰! Het ék hom miskien aangemoedig om sy laer te verlaat of sy lewe aan die winde toe te vertrou? Om die opperbevel van die oorlog of die verdediging van sy mure aan 'n snuiter oor te laat? En om die lojaliteit van die Etruriërs om te rokkel en vredsamese volke op te sweep? Welke god, welke meedoënlose mag van my het hom tot sy skade aangedryf? Waar staan Juno in hierdie verband, of Iris wat vanuit die wolke neergestuurd is? Dit skreeu kwansuis ten hemel dat die Italiane jou herbore Troje met vure omring en dat Turnus ferm staan op sy vaderlandse grond! Hy wat Pylumnus as voorvader het en wie se moeder die godin Venilia is! Maar wat dan daarvan dat die Trojane die Latyners met

70

⁸ Dido, stigter van Carthago, het oorspronklik van Tirus af gekom.

¹⁰ Vgl. Bk. 2, 246; 3, 183.

dodelike fakkels aanval, ander mense se erwe met hulle juk verdruk en die buit wegvoer? Wat daarvan dat hulle skoonvaders uitsoek en beloofde bruide van hulle eggenote se omhelsing wegskeur? Dat hulle met uitgestrekte hand vrede afsmeek, maar tog hulle skepe met wapens behang? Jy het die mag om Aeneas ongemerk uit die hande van die Grieke weg te voer en om vir hulle in plaas van 'n man, 'n newel en yl winde toe te reik¹¹. En jy het die mag om hulle vloot in net soveel nimfe¹² as wat daar skepe was te verander. Is dit dan 'n sonde dat ons op ons beurt die Rutuliërs 'n bietjie gehelp het? Aeneas is afwesig en onbewus daarvan? Nou laat hy dan onbewus en afwesig wees! Paphus en Idalium behoort aan jou, en ook rysige Cythera: waarom peuter jy dan met onverdraagsame harte en 'n stad propvol stryd lustige krygers? Is dit ék, vra ek jou, wat poog om Troje se brose staat van sy grondveste af omver te werp? Of dalk hy¹³ wat die rampsalige Trojane vir die Grieke gegooi het? Wat het veroorsaak dat Europa en Asië tot oorlog opgestaan en hulle vriendskapsverdrae met skelmagtigheid ontbind het? Het die Trojaanse owerspeler Sparta onder my leiding geplunder? Of is dit ék wat aan hom wapens verskaf, en die oorlog deur Hartstog gevoed het? Toé moes jy om jou mense se ontwil gevrees het! Te laat kom jy nou te voorskyn met ongeregverdigde klagtes en slinger jy vrugtelose beledigings na my!"

80

90

So het Juno gepleit, en al die hemelbewoners het verdeeld hulle instemming gebrom: soos wanneer die eerste ritselings van die wind in die kerker van die bosse ruis en 'n vae geloei laat voortrol om aan die matrose te verklap dat stormwinde op koms is.

JUPITER SE UITSPRAAK

Toe begin die almagtige Vader aan wie die oppergesag oor die heelal behoort – wanneer hy praat, word die hoë woning van die

100

¹¹ 'n Verwysing na Homerus, *Il.* 5, 315 e.v.

¹² Vgl. Bk. 9, 80 e.v.

¹³ Paris.

gode stil en sidder die aarde in sy fondamente; stil is die hoë firmament, die Westewinde het dan gaan lê, en die oseaan beheers en dwing sy watervlak tot kalmte: “Neem dan hierdie woorde van my ter harte en prent hulle diep in jul geheue in. Aangesien dit nie geoorloof is dat Italiane met Trojane in ’n verbond verenig word, en julle getwis ook geen einde kry nie, sal ek, of hy nou Trojaan of Rutuliër is, geen onderskeid maak in die noodlot wat vir elkeen vandag beskore is, of in die verwagtinge wat elkeen koester nie. Dit maak vir my nie saak of die laer beleër word vanweë die Italiane se noodlotsbeskikkinge, of vanweë ’n dwase fout van die Trojane ten gevolge van misleidende raad nie. En ek vrywaar ook nie die Rutuliërs nie. Elke man se eie pogings sal vir hom lyding of geluk bring. Koning Jupiter is onpartydig teenoor almal. Die noodlot sal ’n weg vind.” Met ’n knik van sy hoof het hy sy woorde bekragtig deur te sweer by die strome van sy broer in die Onderwêreld, by die oewers waarlangs die kokende pikstroom met donker draaikolke vloei, en met sy knik het hy die ganse Olympus laat bewe. Dit was die einde van die geredekawel. Toe staan Jupiter van sy goue troon af op, en om hom heen geskaar, begelei die hemelbewoners hom na die deur.

110

DIE RUTULIËRS SIT DIE AANVAL OP DIE TROJAANSE LAER VOORT

Intussen dring die Rutuliërs rondom op al die hekke aan om hul vyande neer te vel en die skanse met vuur te omsingel. Maar die leërskaar van die volk van Aeneas word agter hulle skutswalle ingehok, en daar is geen hoop om te ontvlug nie. Ellendig en verlore staan hulle op die hoë torings en beset die mure rondom met ’n yl verdedigingskring. Asius, seun van Imbrasmus, en Thymoetes, seun van Hicetaon, en die twee Assaraci en die ou man Thymbris saam met Castor vorm die voorste linie. Aan hulle sy staan die twee broers van Sarpedon, Clarus en Thaemon, wat van rysige Lycië af gekom het. Die een beur met sy hele liggaam en dra ’n yslike klip, geen geringe deel van ’n berg nie – Acmon van Lernesius, net so groot soos sy vader Clytius en sy broer Menestheus. Party probeer om die vyand met werpspiese af te weer, ander met klippe, en om vuur te slinger en pyle op die boogснаar te pas.

120

130

In hul midde, kyk! Venus se mees geregverdigde sorg, die Trojaanse seun self, sy pragtige hoof ontbloot, soos 'n vonkelende edelsteen in geel goud geset – 'n sieraad vir die hals of die hoof; of soos glansende ivoor wat kunstig in bukshout of hout van die terpentynboom uit Oricus ingelê is. Op sy melkwit nek vloei die lokke neer en 'n ring van soepel goud bind dit saam.

Ook vir jou, Ismarus, het jou fiere stamgenote gesien terwyl jy wonde afstuur en pyle met gif bewapen, jy, edele spruit van 'n Lidiese huis, waar die mense die ryk akkers bewerk en die Pactolusrivier hulle met goud besproei. Ook Mnestheus was daar, hoog verhef deur die vorige dag se roem toe hy vir Turnus van die muurskans verdryf het; ook Capys, aan wie die stad van Campanië¹⁴ sy naam ontleen het.

140

AENEAS KEER OOR SEE TERUG MET SY ETRURIESE BONDGENOTE

So het hulle reeds die gevegte van die wrede oorlog teen mekaar gevoer: teen middernag, egter, was Aeneas besig om die see te deurklief. Want toe hy van Evander af weg is, het hy die Etruriese kamp binnegegaan, die koning¹⁵ genader, aan die koning sy naam en afkoms gemeld, en wat hy soek en wat hy self aanbied. Hy lig hom in oor die gewapende magte wat Mezentius besig is om vir sy eie kant te wen en oor die gewelddadige hart van Turnus. Hy waarsku hom oor die dinge waarop 'n mens in menslike aangeleenthede moet vertrou en rig 'n smeekbede daarby. Onverwyld sluit Tarchon 'n verdrag en verenig sy magte met hom.

150

Bevry van die noodlotseis¹⁶ gaan die Etruriese volk toe op bevel van die gode skeep, in vaste vertroue op 'n buitelandse leier. Heel voor seil Aeneas se skip met Frigiese leeus aan die boegsnawel vasgeheg en die Idaberg wat bokant hulle opdoem¹⁷ – 'n aller-

¹⁴ Capua.

¹⁵ Tarchon.

¹⁶ Vgl. Bk. 8, 503.

¹⁷ Natuurlik op die wapen.

aangenaamste gesig vir Trojane in ballingskap. Daar sit groot Aeneas die wisselvallighede van oorlog en oordink. Pallas bly pal aan sy linkersy, en vra nou uit na die sterre – hulle gids deur die donker nag – en dan weer na sy ervarings op land en ter see. **160**

DIE KATALOGUS VAN ETRURIESE BONDGENOTE

Gooi nou oop die poorte van Helicon, godinne, hef aan julle lied en sê vir ons welke mag intussen vir Aeneas van die kuste van Etrurië af vergesel en die skepe beman en oor die see heen vaar.

Vóóraan sny Massicus met die bronsbeslane Tier deur die waters. Onder hom is 'n duisend jongmanne wat die mure van Clusium en die stad Cosae verlaat het; hulle wapens is pyle, ligte kokers aan die skouers, en dodelike boë.

Saam met hom is grimmige Abas, sy hele eskadron glimmend in opvallende wapenrusting, terwyl die skip glans van sy vergulde beeld van Apollo.¹⁸ Sy moederland Populonia het aan hom seshonderd krygsservare jongmanne gegee, maar Ilva driehonderd – 'n eiland beroemd om sy onuitputlike myne van die Chalybes.¹⁹ **170**

Die derde aanvoerder is Asilas, deurlugtige middelaar tussen mense en gode. Die ingewande van offerdiere gehoorsaam hom, en ook die hemelse sterre, die tonge van die voëls en die profetiese vuurstrale van die bliksem. Haastig voer hy 'n duisend man in geslote formasie en stekelig van spiese aan. Die stad Pisae, geleë op Etruriese bodem maar Alpheïes²⁰ van oorsprong, beveel hulle om hom te gehoorsaam.

¹⁸ Die beeld van die skip se beskermgod.

¹⁹ Die Chalybes het ryk ystermyne besit.

²⁰ Die oorspronklike setlaars het van die omgewing van die Alpheusrivier in Elis gekom.

Daarna volg Astyr die allerskoonste, Astyr wat op sy perd en kleur- 180
spelende wapenrusting vertrou. Nog driehonderd was daar – een
van hart om hom te volg – wat van hulle wonings in Caere en die
velde van die Minio, en in aloue Pyrgi en koorsgeteisterde
Graviscæ kom.

En jou sou ek nie oorslaan nie, Cunarus, dapperste oorlogs-
aanvoerder van die Liguriërs, of vir jou met jou klein gevolg,
Cupavo, op wie se kruin die swaanvere verrys – 'n aanklag,
Amor²¹, teen jou en jou moeder – die embleem van sy vader se
metamorfose. Want hulle sê dat terwyl Cynus in sy smart oor sy 190
geliefde Phaethon tussen die skaduryke populierloof van
laasgenoemde se susters gesing, en in sy lied troos gesoek het vir
sy hartseer verlange, hy gaandeweg met sagte dons die witheid van
ouderdom verkry, die aarde verlaat, en met 'n lied²² na die sterre
gevlieg het. Sy seun vergesel nou die vloot met 'n troep so oud soos
hy en dryf met sy spane die ontsaglike Centaurus aan: hoog in die
lug staan hy²³ bo die water, dreig die golwe met 'n yslike rots en
sny met sy lang kiel deur die diep see.

Dáár is Ocnus ook! As seun van die profetes Manto en die
Etruriese rivier²⁴ voer hy 'n leërmag van sy vaderlandse kuste af
aan. Aan jou het hy mure gegee, Mantua, en sy moeder se naam – 200
Mantua, ryk aan voorvadere, maar wat nie almal van dieselfde
stam kom nie. Drie rasse behoort daaraan en onder elke ras is daar
vier volke. Mantua self is die hoof van die volke en put sy krag uit
Etruriese bloed. Mezentius jaag ook vyfhonderd uit daardie oord
teen hom in die harnas. Behang met grysgroen riet het Mincius²⁵,
seun van vader Benacus, hulle in vyandige skepe oor die see heen
gelei.

²¹ Dit was Amor se skuld dat Cynus (= swaan) nie oor die dood van sy vriend
Phaethon kon kom nie, en uiteindelik in 'n swaan verander is (vgl. Propertius 1,
11, 30). Phaethon se susters is in populierbome verander (vgl. Ovid. *Met.* 2, 340
e.v.)

²² 'n Verwysing na die bekende "swanesang."

²³ Die Kentour wat op die skip se wapen afgebeeld is.

²⁴ Die Tiber.

²⁵ 'n Voorstelling van die Minciusrivier op die skip se wapen.

Log kom Aulestes aan; deinend beuk hy die golwe met 'n honderd spane; die helder oppervlak word omgewoel en die waters skuim. Hy vaar in die yslike Triton wat die donkerblou golwe met sy skulp²⁶ verskrik. Soos hy aangeswem kom, vertoon sy ruie voordeel tot by die heupe 'n mens, maar sy buik eindig in 'n walvis en die skuimende golf ruis onder die half-dier se bors. Soveel uitgesoekte vooraanstaandes was in dertig skepe op weg om Troje te gaan help; met brons boeg het hulle die ruimtes van die sout see deurklief.

210

SY GEWESE SKEPE ONTMOET AENEAS AS NIMFE

En nou het die dag uit die hemel gewyk en genadige Phoebe²⁷ het met haar nagtelik-swerwende strydwa kloppend deur die middel van die lugruim gery. Aeneas sit op sy pos – want bekommernis gun sy ledemate geen rus nie – en self rig hy die roer en bedien die seile. En skielik, kyk! in die middel van die oortog kom 'n troep eie makkers hom tegemoet: sy aan sy het die nimfe wat deur Cýbele beveel is om goddelike mag oor die see uit te oefen en van skepe in nimfe te verander, nader geswem en die golwe deurklief – soveel as die brons boeë wat voorheen op die kus vasgeanker gelê het. Van ver af herken hulle hul koning en kring in koordanse om hom heen. Cymodocea, die kundigste spreker onder hulle, swem agter sy skip aan, gryp met haar regterhand daaraan vas, lig haar heup-hoog uit die water, en roei met die linkerhand liggies in die stil golwe. Sonder dat hy iets vermoed, spreek sy hom toe soos volg aan:

220

“Is jy wakker, Aeneas, spruit van die gode? Word wakker en laat skiet die toue aan die seile. Ons, die denne wat van Ida se heilige kruin kom, nou nimfe van die oseaan, is jou vloot! Toe die verraderlike Rutuliër ons met swaard en vuur in die verderf probeer stort het, het ons teësinig jou vasmeertoue afgeruk en tans soek

230

²⁶ Triton, Neptunus se trompetblaser op die skip se wapen.

²⁷ Die maan.

ons jou oor die see heen. Die Groot Moeder het ons uit ontferming in hierdie gestalte herskep, dit aan ons vergun om godinne te wees en ons lewe onder die golwe te slyt. Maar die jeugdige Ascanius word deur die muur en die gragte ingehok te midde van wapens en Latyners, stekelig van oorlog. Die Arcadiese ruiters hou reeds saam met die dapper Etruriërs hul vasgestelde posisie. Dis Turnus se vaste voorneme om eskadronne tussenin teen hulle op te stel om te voorkom dat hulle by die Trojaanse laer aansluit. Kom, staan op, en beveel dadelik met die koms van die Daeraad dat jou makkers na die wapen opgeroep word, en neem dan die skild op, die onoorwinlike een wat die Beheerser van Vuur self geskenk, en die rante waarvan hy met goud omraam het. Die dag van môre – as jy my woorde nie as ydel beskou nie – sal ontsaglike hope Rutuliese gesneuweldes aanskou.”

240

Sy het klaar gepraat en as afskeid die hoë skip met haar regterhand vorentoe gestoot, wel wetend hoë om dit te doen: vinniger as 'n spies of 'n pyl met die vaart van die winde vlieg dit deur die golwe. Daarop versnel die ander hulle spoed. Die Trojaanse seun van Anchises is self verstom, maar skep nietemin moed uit die voorteken. Toe kyk hy op na die gewelf daar bo en bid kortliks: “Genadige godemoeder van Ida, vir wie Dindyma en getoringde stede en die twee leeus onder die juk ingespan na aan die hart lê, wees u nou my leidster in die geveg, verhaas u paslik die verwesenliking van u voorspelling en nader die Trojane, o godin, met heilbringende tred.”

250

Net dit het hy gesê. Intussen het die dag op sy wentelbaan nou in volle helderheid aangestorm en die nag op vlug laat slaan. Eers beveel hy sy makkers om op die sinjale te let, hulle harte op oorlog in te stel en hulle voor te berei vir die stryd.

AENEAS NADER DIE TROJAANSE LAER

En waar hy op die hoë agterstewe staan, het hy reeds die Trojane en sy laer in sig, toe hy meteens die vlamme skild in sy linkerhand omhooghef. Van die mure af styg die Trojane se geskree na die sterre; hernieuwe hoop laat vlam hul woede op; met geweld slinger hulle die wapens – soos kraanvoëls van die Strymonrivier

260

mekaar tussen donker wolke roep en suisend deur die lug voortgly terwyl hulle onder blye klanke voor die Suidewinde vlug. Maar vir die koning van die Rutuliërs en die Italiaanse leiers het dit vreemd voorgekom, totdat hulle omkyk en die strandwaarts varende skepe sien, en dat die ganse see op hulle aangerol kom met skepe. Op Aeneas se hoof vlam die helmspits, uit die pluime op die kruin stroom daar vlamme, en die goue skildknop werp magtige vure uit: net soos wanneer bloedrooi komete soms met onheilspellende voorteken in die helder nag gloei, of soos wanneer die verskroeiende Hondster opkom en droogte en pestilensie vir ongelukkige sterweling bring terwyl hy die hemel met 'n skadelike lig versomber.

270

TURNUS BEMOEDIG SY MANNE

Die vertrouwe om die kus voor die aankomendes te beset en hulle op land te verslaan, het egter die moedige Turnus nie versaak nie. (Meer nog. Hy beur hulle op met sy woorde en berispe hulle bowendien²⁸): “Wat julle in jul gebede begeer het, is hier, naamlik om hulle met geweld te verbrysel. Mars self lê in die hande van dapper manne. Laat elkeen nou aan sy vrou en huis dink, en weer die magtige daade verrig wat aan ons voorvaders roem besorg het. Laat ons toeslaan en hulle by die waterkant tegemoetgaan solank hulle nog van stryk, en hulle treë direk na ontskeping nog onvas is. Goeie geluk staan die moediges by.” Dit sê hy en dink by homself na wie om teen die landing te lei, en aan wie hy die beleërde mure sou kon toevertrou.

280

AENEAS ONTSKEEP

Met loopplanke ontskeep Aeneas intussen sy makkers van die hoë agterstewens af. Baie hou die eb van die uitgewoede branders dop en spring dan waaghalsig in die vlak water af, terwyl ander met die

²⁸ Hierdie vers (= Bk. 9, 127) verskyn nie in die beste mss. nie en moet hier as vervals aanvaar word.

roeispane afgly. Tarchon beskou die strand, en waar hy nie 290
ondieptes verwag en waar geen brekende branders bruisend terug-
vloei nie, maar die kalm see met deinende vloed strandwaarts gly,
daarheen swaai hy skielik sy boeë en smeek sy makkers: “Nou,
keurbende, moet julle oor die stewige spane buig! Lig die skepe,
dryf hulle aan, klief hierdie vyandige land met die boegsnawels en
laat die kiel self vir hom ’n voor uithol. En ek aarsel nie om my
skip in so ’n ankerplek te verongeluk nie, as ek maar net eenmaal
die land kon bereik.”

Nadat Tarchon so gesê het, gaan staan sy makkers regop teen die 300
roeispane en dryf hul skuimende skepe aan na die velde van
Latium totdat die boegsnawels droë grond bereik en al die skepe
ongedeer op die strand tot stilstand gekom het. Maar nie jou skip
nie, Tarchon! Want dit word teen die ondieptes gemoker, en
terwyl dit in onsekere ewewig teen ’n steil rif hang, hou dit lank
stand teen die branders. Skielik breek dit egter uiteen en dompel
die bemanning midde-in die golwe. Stukke roeispaan en drywende
roeierbanke verskaf hulle las, en die terugtrekkende golf suig
terselfdertyd hulle voete terug.

DIE GEVEG BEGIN: AENEAS RIG 'N SLAGTING AAN

En geen trae gedraal hou vir Turnus terug nie, maar vol vuur werp 310
hy haastig sy hele leër teen die Trojane in die stryd en stel dit op
die strand teenoor hulle op. Die trompette sketter. Aeneas lei die
aanval op die landelike afdelings – ’n voorteken van die uitslag
van die geveg – en vel die Latyners neer en dood vir Theron, ’n
reus van ’n man wat sowaar die durf gehad het om die held Aeneas
aan te val. Deur die brons skakels van die pantser, deur die hemp
met goue skubbe steek hy met die swaard en deurboor sy sy.
Daarna tref hy vir Lichas, uit die skoot van sy gestorwe moeder
gesny, en gewy aan u, Phoebus, omdat²⁹ hy as suigling toegelaat is

²⁹ v.317: Ek lees *quod* i.p.v. *quo* – dus geen vraag nie. Vgl. R.D. Williams ad loc.

om aan die gevare van die mes te ontkom. En nie ver vandaar nie
 werp hy taai Cisseus en yslike Gyas na die dood neer terwyl hulle
 die geledere met die knuppel neervel: Hercules se wapen en hul
 kragtige hande het hulle niks gebaat nie, en ook nie hul vader
 Melampus, deurentyd die makker van Hercules solank hy sy
 moeilike take op aarde verrig het nie. 320

Kyk! Hy slinger sy spies, en terwyl Pharus ydel woorde uitgalm,
 plant hy dit in sy skreeuende mond. Ook jy, arme Cydon, sou in
 die najaag van jou nuwe vreugde, Clytius, – sy wange beklee met
 die goud van jeugdige dons – deur die hand van die Trojaan
 neergevel gewees en rampsalig daar gelê het, onbewus van die
 knapeliefde wat jou altyd besiel het, as die digte troep van jou
 broers, Phorus se nakroos wat sewe in getal is en sewe spiese
 slinger, hom nie tegemoetgegaan het nie. Party van hulle spiese
 kaats van sy helm en skild af sonder om skade te berokken, party 330
 word deur genadige Venus afgewend sodat hulle sy liggaam net
 skrams tref. Aeneas spreek sy vertroude Achates aan: “Bring vir
 my ’n stapel spiese! My hand sal geen enkele een daarvan
 vrugteloos na die Rutuliërs slinger, geen enkele een wat op die
 vlakte van Troje in die liggame van die Grieke bly steek het nie.”
 Toe gryp hy ’n yslike spies en slinger dit: daardie vliegende spies
 deurboor Maeon se brons skild en skeur tegelyk deur sy harnas en
 bors. Alcanor kom hom te hulp en met die regterarm onderskraag
 ’n broer ’n neerstortende broer. Die spies deur Aeneas geslinger,
 trek dwarsdeur sy arm, vlieg reguit voort en bly druipend van 340
 bloed op sy koers terwyl Maeon se sterwende regterarm aan die
 senings van sy skouer neerhang. Toe pluk Numitor die spies uit sy
 broer se liggaam en mik dit na Aeneas: maar dit is hom nie gegun
 om op sý beurt ook te tref nie en het magtige Achates se dy net
 skrams geraak.

DIE ITALIANE BEHAAL SUKSES

In dié stadium kom Clausus van Cures nader, vol vertroue op sy
 jeugdige liggaam, en van ver af tref hy vir Dryops onder die ken
 met die onverbiddelike spies wat met geweld gestoot is. Dit trek
 deur sy gorrel, en sleur die woorde wat hy besig is om te sê en sy
 lewe op dieselfde oomblik mee: Dryops tref die grond met sy

voorkop en braak dik dooibloed uit sy mond. Ook drie Thraciërs uit die mees verhewe geslag van Boreas, en drie wat deur hul vader Idas en hul vaderlandse Ismarusberg gestuur word, vel hy in die wisselende stryd neer. Halaesus en die Aurunciese bendes snel hom te hulp; ook die spruit van Neptunus kom nader, Messapus, beroemd vanweë sy perde. Nou probeer die een kant, dan weer die ander kant, om mekaar te verdryf: net daar op die drumpel van Italië vind die slag plaas. Soos tweedragtige winde, gelyk na moed en kragte, in die magtige hemelruim teen mekaar die stryd opneem; self wyk hulle nie voor mekaar nie – nie die winde, nie die wolke, nie die golwe nie; lank bly die uitslag van die geveg twyfelagtig; alles staan in hardnekkige konflik vasgevang: presies so bots die leër van Troje en die leër van Latium. Voet teen voet klou hulle aan hul posisie, man teen man in digte skaar. 350

PALLAS SE DAPPERHEID

Maar op 'n ander plek het die snelstromende rivier oor 'n wye gebied rollende klippe ingespoel asook bosse wat van die oewers af losgeskeur is. Toe Pallas daar bemerk dat sy Arcadiërs wat nie gewoon was om te voet aan te val nie, voor die agtervolgende Latyners vlug aangesien die aard van die terrein, ru van die verspoelings, hulle genoop het om van hulle perde af te sien, doen hy die enigste ding wat in 'n geval van nood oorbly om te doen: hy vuur hulle dapperheid aan, nou met smeekbedes, dan weer met bitter verwyte: “Waar vlug julle heen, makkers? Ek smee elkeen van julle by jul dapper dade, by die naam van koning Evander en die oorloë wat julle gewen het, by die hoop wat nou genaak om met my vader in roem mee te ding, moenie op die vlug vertrou nie! Met die swaard moet ons 'n pad deur die vyand oopkap. Daar waar die saamgepakte massa manne die digste aandring, daarlangs roep julle roemryke vaderland julle en julle leier Pallas terug. Ons word deur geen goddelike magte onder druk geplaas nie. As sterweling word ons deur 'n sterflike vyand in die nou gebring. Ons het net soveel lewens en net soveel hande as hulle. Kyk! Met 'n magtige versperring van golwe sluit die oseaan ons deurgang af, en nou is daar geen land meer om oor te vlug nie. Sal ons op die see of op die Trojaanse laer afpyl?” Dit sê hy en bars voort na die midde van die digte geledere van die vyand. 370

Lagus, gelei deur 'n ongunstige lot, is die eerste wat hom ontmoet. 380
Terwyl hy 'n klip met 'n yslike gewig probeer optel, slinger Pallas 'n spies en deurboor hom waar sy rugstring die skeiding tussen sy ribbes gevorm het, en pluk die spies wat in sy gebeente vassteek weer vinnig uit. Hisbo betrap hom nie terwyl hy oor sy slagoffer buk nie, hoewel hy dit voorwaar hoop. Want terwyl hy roekekoos in 'n vlaag van woede oor die wrede dood van sy makker instorm, oorval Pallas hom eerste en druk sy swaard weg in Hisbo se longe wat van toorn uitgeswel staan. Hierna val hy vir Sthenius aan, en Anchemolus uit die ou geslag van Rhoetus, hy wat die vermetelheid gehad het om sy stiefmoeder se bed te onteer.

Ook julle het op die Rutuliese velde gesneuwel, tweeling Larides 390
en Thymer, volkome identiese nakroos van Daucus. Vir hulle eie ouers was hulle nie van mekaar te onderskei nie – 'n heerlike vergissing. Maar nou het Pallas 'n wrede onderskeid gemaak. Want, Thymer, die swaard van Evander het jou jou hoof ontnem, en, Larides, jou afgekapte regterhand tas rond na jou, sy eienaar, en die half-lewende vingers stuip trek en klem herhaaldelik die swaard vas. Die Arcadiërs is deur sy teregwyding aangevuur, en toe hulle die roemryke daad van die held sien, word hulle deur 'n mengeling van woede en skaamte bewapen om die vyand tegemoet te gaan.

Hierop deurboor Pallas vir Rhoetus wat met sy tweespan verbyge-
vlieg kom. Vir Ilus was dit 'n respyt, ja, soveel uitstel. Want van ver 400
af het Pallas sy stewige spies na Ilus gemik, maar, allervoortreflikste Teuthras, Rhoetus ontvang dit toe hy tussenin kom terwyl hy voor jou en jou broer Tyres vlug. Uit die strydwa rol hy, en sterwend beuk hy die velde van die Rutuliërs met sy hakke. Soos wanneer die somerwinde in antwoord op sy gebede opgekom het, en die herder verspreide vure in die woude aansteek; skielik vat die tussenliggende gedeeltes vlam en onafgebroke strek die skrikwekkende linie van Vulcanus oor die wye vlaktes; vergenoegd sit hy en neerkyk op die lustig knetterende vlamme: net so dring al die dapperheid van jou makkers op een plek saam, Pallas, en staan 410
jouby.

Maar Halaesus, vurige kryger, tree vorentoe om hulle die hoof te

bied en krimp agter sy skild in. Hý vel vir Ladon neer, en Pheres, en Demodocus, en met sy flitsende swaard kap hy Strymonius se regterhand af toe hy dit oplik om hom in die keel te steek. Hy tref vir Thoas teen die mond met 'n klip en laat spat sy skedel uiteen terwyl bloederige harsings daaraan kleef. Sy vader, 'n voorspeller van die noodlot, het vir Halaesus in die bosse versteek; toe die vader in rype ouderdom sy dowwe oë in die dood laat ontspan, het die Skikgodinne hulle hande aan die seun geslaan en hom aan Evander³⁰ se wapens toegewy. Hóm val Pallas nou aan, en bid eers soos volg: “Vader Tiber, gun nou aan die spies wat ek hier balanseer om te slinger 'n voorspoedige weg deur die bors van die taai Halaesus. Dan sal hierdie wapens wat ek van die held gaan afstroop op u eik pryk”. Die god het dit gehoor. Terwyl Halaesus vir Imaon gedek gehou het, stel hy, arme man, sy bors onbeskut aan die Arcadiese spies bloot. 420

LAUSUS EN PALLAS

Maar Lausus³¹, 'n groot krag in die oorlog, laat sy magte nie toe om verskrik te wees ten gevolge van so 'n groot slagting deur die held nie. Eers dood hy vir Abas, die knoes³² en verskansing van die geveg, toe dié hom opponeer. Die seuns van Arcadië word neergevel, neergevel die Etruriërs, en julle, Trojane, vegters wat nie deur die Grieke verdelg is nie. Met ewe goeie leiers en ewe groot slaankrag storm die leërs op mekaar af. Die agterhoede dring aan en maak die linies nog digter; die samedromming maak dit vir 'n wapen of 'n hand onmoontlik om te roer. Hier beur en stoot Pallas, daar Lausus om hom te bereik. Hulle ouderdom verskil nie veel nie, albei is buitengewoon mooi, maar die Noodlot het hulle 'n terugkeer na hul vaderland ontsê. Die heerser oor magtige Olympus het egter nie toegelaat dat hulle twee van aangesig tot aangesig te staan kom nie: eerlank, wag 'n eie lot op elkeen onder die hand van 'n magtige vyand.³³ 430

³⁰ D.w.s. die wapens wat Pallas gedra het.

³¹ Vgl. Bk. 7, 649 e.v.

³² Waarskynlik die hardste punt van die Etruriërs se slaankrag.

³³ Aeneas en Turnus.

PALLAS WORD DEUR TURNUS GEDOOD

Intussen maan sy genadige suster³⁴ vir Turnus om Lausus te hulp te snel, en met vlieënde strydwa sny hy nou deur die midde van sy leër. Toe hy sy makkers sien, skree hy: “Dis tyd om julle aan die geveg te onttrek. Ek alleen ruk teen Pallas op. Aan my alleen is Pallas verskuldig. Ek wou dat sy vader self hier kon wees om dit te aanskou!” Dit het hy gesê, en op sy bevel het sy makkers van die strydperk gewyk. Stom van verbasing oor die hooghartige opdrag en die onttrekking van die Rutuliërs, staar die jongeling Turnus aan en laat sy oë oor die ontsaglike liggaam dwaal. Van ver af neem hy met grimmige blik sy hele wese op, en met hierdie woorde antwoord hy op die koning se woorde: “Binnekort sal ek lof inoes, òf met die buit wat ek van ’n vyandelike generaal gestroop het, òf deur ’n merkwaardige dood: my vader is gereed vir die een of die ander van hierdie lotsbeskikkinge. Staak jou dreigemente!” So sê hy en stap na die middel van die perk. Koud stroom die bloed saam in die Arcadiërs se harte. 440

Turnus het van sy strydwa afgespring en maak gereed om te voet handgemeen te raak. Soos ’n leeu aangestorm kom wanneer hy van sy hoë uitkykpos af ’n bul daar ver op die vlaktes sien stofskop vir ’n geveg: net so is die voorkoms van die naderende Turnus. Toe Pallas reken dat sy vyand binne bereik van ’n spiesworp is, het hy eerste vorentoe getree in die hoop, welig, dat nieteenstaande hul ongelyke kragte, ’n geluiskans sy waagstuk sal steun en hy roep die grote hemel aldus aan: “Ek smee u by die gasvrye ontvangs en tafel van my vader waarby u as vreemdeling aangesit het, Hercules, staan my magtige onderneming by. Mag Turnus aanskou hoe ek die bloedbevleete wapenrusting van hom afruk terwyl hy sterf, en mag sy brekende oë my as sy oorwinnaar erken.” Hercules het die jongman gehoor; diep in sy hart onderdruk hy ’n ontsaglike kreun en magteloos laat hy sy trane vloe. Toe spreek die Vader sy seun aan met vriendelike woorde: 460

³⁴ Die nimf Juturna.

“Vir elke mens staan sy eie dag vas. Kort en onherroeplik is die lewensduur vir almal. Maar om roem met dae uit te bou – dít is die taak van manne. Soveel gode seuns het onder die hoë mure van Troje gesneem, ja, Sarpedon, my eie seun, het saam met hulle gesterf. Ook Turnus word deur sy eie noodlot opgeroep; hy het die eindpunt van sy toegestane lewensspan bereik.” So sê hy, en draai sy oë van die Rutuliese velde af weg. **470**

Maar Pallas slinger sy spies met groot krag en pluk sy flitsende swaard uit die hol skede. Die spies vlieg voort en tref waar die skouerbedekking die hoogste uitstaan. Dit wring ’n pad oop deur die rand van die skild en ten laaste raak dit selfs nog Turnus se reuseliggaam skrams. Tydsaam balanseer Turnus nou sy eikeskag met die skerp yster aan die punt, en slinger dit na Pallas terwyl hy sê: “Kyk of my wapen nie meer deurdringend is nie.” Hy het klaar gepraat; maar met trillende slag bars die punt dwarsdeur die middel van die skild – soveel lae yster, soveel brons, en hoewel die omhullende bulvel dit soveel maal bedek! – en deurboor die versperring van sy harnas, en sy magtige bors. Tevergeefs ruk hy die warm wapen uit die wond: bloed en siel volg met een en dieselfde pad. Hy stort neer op die wond – sy wapens het oor hom gekletter – en sterwend tref hy die vyandelike grond met sy bebloede mond. **480**

Turnus gaan staan wydsbeen oor hom en sê: “Arcadiërs, onthou my woorde en rapporteer hulle aan Evander: ek stuur Pallas aan hom terug soos hy verdien het om hom terug te kry. Al die eer wat ’n graf meebring, al die troos wat uit ’n begrafnis te put is, staan ek vryelik toe. Sy gasvryheid aan Aeneas sal hom duur te staan kom.” En terwyl hy dit sê, trap hy met sy linkervoet op die dooie en raap die groot gewig van die gordel op, en die verhaal van sonde³⁵ wat daarop gegraveer is: die jongelingskaar wat in een huweliksnag grusaam vermoor is, en die bruidskamers deurdrenk van die bloed, ’n voorstelling van Clonus³⁶, die seun van Eurytus, in ryk goud **490**

³⁵ Die verhaal, naamlik, van Danaus se vyftig dogters wat met uitsondering van een hulle mans die eerste huweliksnag vermoor het.

³⁶ Niks verder is bekend of van die kunstenaar of van sy vader nie.

gesiseleer het. Oor hierdie buit jubel Turnus nou, en hy verlustig hom in die besit daarvan. Hoe min weet die mensehart tog van die noodlot en die toekomstige lotsbestemming, of hoe om die juiste maat te bewaar wanneer dit uitgelate juig van sukses! Vir Turnus sal die uur aanbreek dat hy enigiets sal wil betaal om Pallas nie aan te geraak het nie, en dat hy daardie buit en die dag sal haat. **500**

Maar onder luide gekreun en geweën drom sy makkers om Pallas saam, lê hom op sy skild neer en dra hom terug. O jy wat bestem is om terug te keer as bron van smart en groot trots vir jou vader, hierdie eerste dag het jou aan die oorlog geskenk, en hierdie selfde dag voer jou weg, maar tog laat jy ontsaglike hope lyke van Rutuliërs agter!

AENEAS VERNEEM VAN PALLAS SE DOOD

Dis nie die gerug van so 'n groot ramp wat nou na Aeneas aangevlie kom nie, maar 'n betroubare boodskapper om te sê dat sy manne slegs 'n haarbreedte van die dood af is, dat dit tyd is om die vluggende Trojane te hulp te kom. Met sy swaard maai hy alles af wat na aan hom kom, met die yster kap hy verwoed 'n breë baan deur die leërskaar, en hy soek na jou, Turnus, vermetel soos jy is oor jou jongste moord. Pallas, Evander, alles sien hy hier vlak voor hom – die tafel, die eerste waar hy destyds as vreemdeling kom aansit het, en die regterhande wat in verbond gegee is. **510**

Vervolgens gryp hy vier jongmanne, seuns van Sulmo, en net soveel wat deur Ufens grootgemaak is, almal lewend, om hulle as lykoffers aan die skimme te offer en die vlamme van Pallas se brandstapel met die bloed van hierdie gevangenes te besprinkel. **520** Hierna het hy van ver af 'n venynige spies na Magus gemik. Behendig ontduik laasgenoemde dit en die spies vlieg trillend oor hom heen. Hy omarm Aeneas se knieë en smekend sê hy: “By die gees van u vader, en by u verwagtinge van die opgroeiende Julius smee ek u, spaar my lewe vir 'n seun en 'n vader. Ek besit 'n grootse woonhuis; diep binne-in lê daar talente gedrewe silwer begrawe, en ek het groot hoeveelhede verwerkte en onverwerkte goud. Ek is nie die spil waarom die Trojane se oorwinning draai nie, en een lewe sal nie so 'n groot verskil maak nie.” Hy het klaar

gepraat. Ten antwoord sê Aeneas aan hom: “Die baie talente silwer en goud waarvan jy praat, spaar hulle vir jou seuns. Daardie soort bedinging in oorlog het Turnus eerste reeds geëlimineer op die oomblik toe hy Pallas om die lewe gebring het. Só dink die gees van my vader Anchises, só dink Julus.” Terwyl hy so sê, gryp hy met die linkerhand Magus se helm vas, buig sy nek agteroor terwyl hy nog smeek, en druk die swaard tot teen die geves weg. **530**

Nie ver daarvandaan nie was Haemon se seun, priester van Apollo en Trivia. ’n Hoofband het sy slape met die heilige lint omkrans, sy hele wese glansend in ampsgewaad en wit kentekens. Hòm kom Aeneas teë en jaag hom oor die vlakke heen. Toe hy val, gaan staan hy oor hom, dood hom ten offer en bedek die liggaam met sy reuse-skaduwee. Serestus maak die dooie se wapens bymekaar, en hy dra dit op sy skouers weg, ’n segeteken vir u, koning Mars. **540**

DIE ITALIANE VERENIG HULLE KRAGTE TEEN AENEAS

Caeculus, ’n spruit uit die stam van Vulcanus, en Umbro wat van die Marsiese berge af kom, hernieu die geveg. Die nasaat³⁷ van Dardanus storm teen hulle voort. Met sy swaard het hy Anxur se linkerarm, en die hele ronde skild daarmee saam afgekap – laasgenoemde het pas iets grootpraterigs gesê en gedink dat sy krag sy woorde sou bewaarheid, en miskien sy gees hemelhoog verhef en aan homself ’n gryse ouderdom en lange jare belowe. Tarquitus aan wie die nimf Dryope geboorte geskenk het vir Faunus die woudbewoner, het oormoedig met glinsterende wapens aangeruk en in die pad van die verwoede Aeneas gaan staan. Laasgenoemde swaai sy spies terug en pen daarmee die ontsaglike gewig van Tarquitus se skild aan sy borsplaat vas. Daarna kap hy sy kop af dat dit op die grond neerrol terwyl hy vergeefs om genade smeek en gereed maak om baie dinge te sê. Hy rol die warm romp voor hom uit, gaan staan oor hom en spreek **550**

³⁷ Aeneas.

uit verbitterde hart: “Lê nou daar, skrikwekkende kryger! Jou allerbeste moeder sal jou nie in die grond weglê of jou ledemate met ’n voorvaderlike graf belaaï nie. Vir wrede roofvoëls sal jy gelaat word, of die golf sal jou meevoer waar hy in die see afgesink het, en die uitgehongerde visse sal aan jou wonde suig.” **560**

Hierna agtervolg hy vir Antaeus en Lucas, manne uit die voorste geledere van Turnus, en vir dapper Numa en blonde Camers, die seun van groothartige Volcens wat die rykste grondbesitter was onder die Italiane en oor stil Amyclae regeer het. Soos Aegaeon³⁸, wat hulle beweer ’n honderd arms en ’n honderd hande gehad het, en uit vyftig monde en borste vuur geblaas het toe hy teen Jupiter se skigte met net soveel eenderse skilde gekletter, en net soveel swaarde getrek het: so het Aeneas hom seëvierend oor die hele vlakte uitgewoed toe sy swaard eers warm geword het. Meer nog, **570** kyk! hy pyl op Niphaeus se vierspan af, reguit na die borste in aantog. En skielik, toe hulle hom ver weg sien aankom terwyl hy afgryslike dreigemente uitbrul, swenk hulle van vrees, storm terug, skiet hulle drywer uit en gaan op loop met die strydwa in die rigting van die strand.

Intussen jaag Lucagus en sy broer Liger met hulle witspan onder die vegtendes in. Sy broer stuur die perde met die leisels, maar Lucagus swaai sy getrokke swaard met mening. Aeneas het dit nie verduur dat hulle met soveel drif tier nie. Hy storm nader en reusegroot gaan staan hy voor hulle, sy spies gereed. Liger sê vir **580** hom: “Dis nie Diomedes³⁹ se perde, en nie Achilles se strydwa of die vlaktes van Troje wat jy hier sien nie: op hierdie plek gaan daar nou ’n einde gemaak word aan die oorlog en aan jou lewe!” Dergelike woorde vlieg wyd heen uit die mond van waansinnige Liger.

Maar die held van Troje vorm geen antwoord daarop nie want hy

³⁸ ’n Ander naam vir Briareus.

³⁹ Aeneas is in die Trojaanse oorlog deur Aphrodite en Apollo van Diomedes gered, en deur Poseidon van Achilles.

slinger sy spies na die vyand. Terwyl Lucagus vooroor buk om die tweespan met die platkant van sy swaard te piets, en toe hy hulle aandryf terwyl hy hom met linkervoet na vore gereed maak vir die geveg, trek die spies deur die binneste lae van sy glansende skild en deurboor sy linkerlies. Hy tuimel uit die strydwa en rol sterwend op die grond. Die goeie Aeneas spreek hom aan met bitter woorde: “Lucagus, geen lafhartige vlug van perde het jou strydwa verraaï nie, en dis nie yl skimme van die vyand wat hulle laat omspring het nie. Met jou sprong van die wa af is dit jy self wat jou span in die steek laat.” So het hy gesê en die tweespan vasgegryp. Die broer het by dieselfde strydwa afgegely en sy kragteloze hande jammerlik uitgestrek: “By u eie persoon, by die ouers wat aan so ’n seun soos u geboorte gegee het, held van Troje, spaar hierdie lewe en betoon genade aan ’n smekeling.” Terwyl hy nog verder pleit, antwoord Aeneas hom: “Flus het jy nie sulke woorde gebesig nie. Sterf, en laat as broer jou broer nie in die steek nie.” Toe klief hy sy bors met die swaard – die skuilhoek van sy siel. So het die Trojaanse leier dood gesaai oor die vlaktes, tierend soos ’n stortvloed of ’n swart werwelwind. Eindelik bars die seun Ascanius en die vergeefs beleërde stryders voort en verlaat die laer.

590

600

JUNO VERKRY DIE REG OM TURNUS TYDELIK TE RED

Intussen spreek Jupiter ongevraag vir Juno aan: “Suster, en tegelyk ook alledierbaarste eggenote van my, dit is soos jy gedink het – en jou mening bedrieg jou nie – dis Venus wat die Trojaanse magte stut en nie die manne se eie regterhand, vurig in oorlog, en hulle trotse hart, bestand teen gevaar nie.” Baie nederig antwoord Juno hom: “Allervoortreflikste eggenoot, waarom terg jy my as ek ontstem is en jou streng woorde vrees? As my liefde my die invloed besorg het wat dit voorheen verskaf en nou nog behoort te verskaf het, sou jy my voorwaar nie die mag geweier het, almagtige, om vir Turnus uit die geveg te onttrek en hom ongeskonde te bewaar vir sy vader Daunus nie. Laat hom dan nou maar sterf en met sy patriotiese bloed boete betaal aan die Trojane. Hy ontleen darem tog sy naam aan ons stam – vier geslagte terug was Pilumnus sy

610

voorvader – en met kwistige hand het hy dikwels jou drumpel met talryke geskenke belaaï.” 620

Die Koning van hemelse Olympus antwoord haar kortliks: “As jy smee om uitstel van onmiddellike dood, om respyt vir die jongman wat gedoem is om te sterwe, en jy besef dat ek dit onder hierdie voorwaardes bepaal, neem dan vir Turnus in vlug weg en ontruk hom aan sy dreigende noodlot: tot sover is daar ruimte vir toegewing. Maar as daar enige verdere guns onder daardie smeebede van jou skuil en jy dink die hele verloop van die oorlog word beïnvloed of verander, dan voed jy ’n ydele hoop.” En wenend sê Juno: “Wat dan as jy in jou bedoeling sou gun wat jy in jou woorde misgun, en Turnus se huidige lewe sou bekragtig word en voortduur? Nou wag daar ’n sware dood op die onskuldige, of anders verkeer ek in dwaling omtrent die waarheid. Maar ag, mag ek in hierdie verband liever deur valse vrees mislei word, en mag jy – en jy kan – jou planne ten goede wysig!” 630

JUNO LOK TURNUS WEG VAN DIE GEVEG

Toe sy hierdie woorde gesê het, daal sy dadelik uit die hoë hemel neer. Omgewe deur ’n wolk het sy ’n storm deur die lug gedryf en op die Trojaanse leër en die Latynse kamp afgepyl. Uit ’n omhullende wolk: tooi die godin toe ’n yl, kragtelose skim-gestalte – ’n wonderbare verskynsel om te aanskou – met Trojaanse wapens sodat dit soos Aeneas daar uitsien. Sy boots die skild en pluime van sy goddelike hoof na, gee dit sinnelose woorde, gee dit klanke sonder betekenis en maak Aeneas se stap en bewegings na – soos die gedaantes wat hulle sê ná die dood rondsweef, of soos droombeelde wat ons sluimerende sinne bedrieg. Maar in vrolike stemming stap die beeltnis uitgelate voor die voorste linies, tart die man met sy wapens en daag hom met sy woorde uit. Turnus storm op hom af en van ver slinger hy sy suisende spies; die gedaante slaan op vlug en hardloop weg. Toe, voorwaar, toe Turnus glo Aeneas het omgespring en is besig om die wyk te neem, en toe hy opgewonde ’n ydel hoop in sy hart voed, skree hy: “Waar vlug jy heen, Aeneas? Moenie jou vas bepaalde huwelik in die steek laat nie! Hierdie land sal jou die 640 650

grond⁴⁰ gee wat jy oor golwe heen gesoek het!" So skree hy terwyl hy hom agtervolg. Hy swaai sy getrokke swaard, en sien nie dat die winde sy vreugdevolle krete wegdra nie.

Toevallig het daar 'n skip gelê, vasgemeer aan die rand van 'n hoë rots, die lere uitgehang en die loopplank gereed – die een waarmee koning Osinius van die strande van Clusium af gevaar het. Hierheen haas die vluggende gedaante van Aeneas en angsbevange werp hy hom in die skuilhoeke daarvan. Net so doelgerig bly Turnus op sy hakke; hy oorkom alle hindernisse in sy pad en spring bo-oor die hoë loopplank. Nouliks het hy op die boeg geland of die dogter van Saturnus breek die meertou af en sleur die losgeplukte skip voort oor die ebbende golwe. Toe⁴¹ soek die yl gedaante nie langer skuiling nie maar dit vlieg omhoog en versmelt met 'n donker wolk. Aeneas daag egter sy vyand wat nie daar is nie tot 'n geveg. Baie liggame van krygers wat in sy pad kom, laat hy na die dood afdaal, terwyl 'n stormwind Turnus onder-tussen oor die middel van die oseaan wegvoer. Onbekend met die waarheid en ondankbaar oor sy redding kyk hy om en strek albei sy hande in gebed ten hemel: "Almagtige Vader, het u geoordeel dat ek so 'n groot verwynt verdien, en was dit u wil dat ek so swaar moet boet? Waarheen word ek gevoer? Waarvandaan kom ek? Watter vlug is dit die wat my wegvoer? Of wat het met my gebeur? Sal ek ooit weer die mure of kamp van Laurentum aanskou? Wat van daardie manne van my, hulle wat my en my vaandel gevolg het? Hulle wat ek een en almal – o skande! – in die kake van gruwelike dood agtergelaat het? Ek sien hulle nou verstrooi op vlug, en ek hoor hulle kreun waar hulle sneuwel. Wat moet ek doen? Of watter deel van die aarde kan nou diep genoeg oopgaap vir my? Julle, ag, winde, toon julle liewer erbarming en dryf die skip teen rotse, teen riwwe aan – ek smeeke julle met my hele hart – en slinger dit op die genadelose vlak waters van 'n sandbank waarheen nòg Rutuliërs nòg die verwyntende gerug my kan volg."

660

670

⁴⁰ Hy bedoel twee meter daarvan.

⁴¹ In vv. 661-665 is die vertelling onsamehangend. O.C.T. transposeer vv. 661-2 en 663-4. Ek vertaal daarvolgens, maar dit bly onsamehangend.

Terwyl hy so praat, wankel hy in sy gemoed nou hierheen, dan daarheen: sal hy hom vanweë so 'n groot skande in waansin op sy swaard werp en die wrede lem deur sy ribbes stoot? Of sal hy hom midde-in die golwe slinger en na die bogtige kus toe probeer swem, en weer eens teen die wapens van die Trojane in beweeg? Driemaal het hy beide metodes probeer, driemaal het magtige Juno hom bedwing en met erbarming in haar hart die jongman teëgehou. Hy deurklief die diepsee, en op gunstige golf en gety gly hy voort terwyl hy na die aloue stand van sy vader Daunus gevoer word. 680

MEZENTIUS SE HELEDEDADE

Maar op aandrang van Jupiter betree vurige Mezentius intussen die geveg en val die jubelende Trojane aan. Die Etruriese magte storm saam, en met al hulle haat en 'n onophoudelike stroom wapens val hulle hom alleen aan – een man hulle teiken. Maar hy staan soos 'n ontsaglike rots wat in die see vooruitspring, prys-gegee aan die woede van die winde en blootgestel aan die oseaan; al die geweld en bedreigings van hemel en see verduur hy terwyl hy self onbeweeglik bly. Hy vel vir Hebrus, die spruit van Dolichaon, teen die grond neer, en saam met hom vir Latagus en snelvoetige Palmus. Vir Latagus tref hy onverhoeds teen die mond en vol in die gesig met 'n klip, ja, 'n yslike stuk van 'n berg, terwyl hy Palmus se kniesening afkap en hom hulpeloos laat lê en krul; sy wapenrusting gee hy aan Lausus om aan sy skouers te dra en die pluim om op die kruin van sy helm vas te heg. Ook Evanthes die Frigiër dood hy, en Mimas die vriend van Paris en net so oud soos hy; sy vader was Amycus, en Theano het hom in dieselfde nag gebaar as wat Cisseus se vorstelike dogter⁴², swanger aan 'n fakkelt, vir Paris die lig laat sien het. Paris lê in die stad van sy vadere, maar die kus van Italië bevat Mimas – 'n onbekende. 700

⁴² Hecuba.

En soos die gevreesde wildevark wat deur happende honde van die hoë berge af gejaag word, een wat baie jare lank deur denbedekte Vesulusberg beskerm en baie jare lank deur die rietbosryke moeras van Laurentum gevoed is; nadat hy tussen die jagnette beland het, gaan hy staan, snork verwoed en laat die hare op nek en skouers stekelig staan en niemand het die moed om kwaad te word of nader te gaan nie, maar op 'n veilige afstand val hulle hom aan met spiese en krete; hy egter⁴³, draal onbevrees en wend hom na alle rigtings terwyl hy op sy tande kners en die spiese van sy rug afskud: net so het nie een van almal wat 'n geregverdigde wrok teen Mezentius gekoester het die moed gehad om hom met die getrokke swaard te ontmoet nie; van ver af daag hulle hom met werptuie en luide geskree. **710**

Van die alou gebied van Corythus het Acron gekom, 'n Griek wat as balling 'n onvervulde huwelik agtergelaat het. Mezentius het hom van ver af opgemerk waar hy die middel van die linie in verwarring bring, glansend met sy rooi verebos en in die purper van sy beloofde bruid. Soos 'n uitgehongerde leeu deur die diep skuilplekke dwaal, soos dit dikwels gebeur – want 'n knaende honger dryf hom aan – en as hy miskien 'n skuwe bokkie of 'n hert met hoog oprysende gewei gewaar het, word hy bly en sper sy kake skrikwekkend oop, laat sy maanhare rys en slaan sy naels vas in die vleis terwyl hy laag daaroor buk; walglike bloed baai sy meedoënlose bek: so storm Mezentius strydlustig op die saamgepakte vyand af. Arme Acron word neergevel en sterwend beuk hy die swart aarde met sy hakke terwyl hy die gebreekte⁴⁴ spies met sy bloed bevlek. En Mezentius verwerdig hom nie om Orodes wat op die vlug geslaan het in die stof te laat byt of hom met 'n spiesworp in die rug te verwond nie. Hy hardloop om hom voor te keer, gaan staan man teen man voor hom en oorwin, nie met lis nie, maar met moed en wapens. Toe trap hy teen hom vas en terwyl hy hom wegdruk beur hy aan sy spies en sê: “Manne, hier **730**

⁴³ Scaliger het vv. 717-18 getransponeer om dit op die wildevark te laat slaan i.p.v. op Mezentius. Vgl. R.D. Williams ad loc.

⁴⁴ Toe dit tref, het dit gebreek.

lê rysige Orodes, 'n oorlogskrag wat nie te versmaai is nie." Sy makkers neem die blye triomfroep op en skree hard saam. Sterwend sê Orodes egter: "Ek sal nie ongewreek sterf nie, oorwinnaar, wie jy ook al is, en jou vreugde sal van korte duur wees. Ook op jou wag in die verte 'n soortgelyke lot, en binnekort sal jy op dieselfde bodem beland." Te midde van sy woede glimlag Mezentius hieroor en sê: "Sterf nou! Laat die Vader van die gode en die Koning van mense maar na my omsien." Met hierdie woorde het hy die spies uit sy liggaam getrek. Wrange rus en yster slaap druk op sy oë neer, en sy ooglede sluit in ewige nag. 740

DIE TROJANE WORD NEERGEVEL

Caedicus dood Alcatous, Sacratore dood Hydaspes, Rapo vir Parthenius en die uiters kragtige Orses; Messapus dood Clonius en Erichates, seun van Lycaon – die een terwyl hy op die grond lê nadat hy van sy toomlose perd afgeval het, die ander toe hy te voet aankom. Ook Lyciese Agis het te voet aangeruk; Valerus, bedeel met voorvaderlike dapperheid, het hom egter neergevel. Maar Thronius word deur Salius gedood, en Salius deur Nealcus, beroemd⁴⁵ om sy vaardigheid met die werpspies en pyl wat van ver af verras. 750

DIE GODE BEJAMMER DIE VEGTENDES

Gedugte Mars het nou in gelyke mate smart en dood aan beide kante uitgedeel. Eweveel het hulle neergevel, eweveel het hulle neergestort, om die beurt oorwinnaars en oorwonnes, en nóg die een nóg die ander het geweet wat vlug is. In Jupiter se paleis het die gode erbarmende gevoel vir die nuttelose woede aan beide kante, en dat sterweling sulke groot teistering moes deurstaan. Hier sit Venus daarna en afkyk, daar, teenoor haar, Juno, dogter van Saturnus. Bleek Tisiphone tier tussen die duiende. 760

⁴⁵ v. 754: Ek lees *insignis* i.p.v. *insidiis*. Vgl. R.D. Williams ad loc.

AENEAS ONTMOET MEZENTIUS IN 'N TWEERGEVEG

Maar, voorwaar, Mezentius swaai sy geweldige spies en ruk briesend oor die vlakke aan. So groot soos Orion wanneer hy deur die ontsaglike poele in die middel van die oseaan waad en vir hom 'n pad oopklief terwyl hy met sy skouers bo die golwe uitstaan, of wanneer hy 'n baie ou es van die bergkruine af bring en op die grond loop maar sy hoof tussen die wolke verberg: so beweeg Mezentius voort met sy geweldige wapens. Aeneas gewaar hom in die lang slaglinie en maak gereed om hom tegemoet te gaan. Ferm in sy krag staan Mezentius, en bly totaal onverskrokke terwyl hy sy heldhaftige teenstander inwag. Met sy oog meet hy die afstand wat vir 'n spiesworp voldoende is en sê: “Mag my regterhand – want dít is vir my my god – en die wapen wat ek hier vir die worp balanseer, my nou bystaan! Ek belowe om jou te wy, Lausus, jou eie persoon, beklee met die buit wat ek van daardie seerower afgepluk het, as segeteken oor Aeneas.” Hy het gespreek, en sy suisende spies van ver af geslinger. Dit vlieg voort maar kaats van Aeneas se skild af en tref die edele Antenor wat daarneffens gestaan het tussen die sy en die lende, Antenor, makker van Hercules. Nadat hy van Argos af gestuur is, was hy steeds aan Evander se sy en het hy hom in die Italiaanse stad gevestig. Arme man, hy word neergevel deur 'n wond wat vir iemand anders bedoel is; hy staar na die hemel en terwyl hy sterf, gaan sy gedagtes terug na sy lieflike Argos. 770

Toe slinger pligsgetroue Aeneas sy spies. Dwarsdeur die bolvormige ronding van die skild met sy drie lae brons trek dit, dwarsdeur die binnelae van vlas en die ingevlegte pantser van drie bulvelle gemaak. Laag in sy lies het dit vasgesteek, maar nie sy geweld tot die uiterste gevoer nie. Toe hy die Etruriër se bloed sien, pluk Aeneas verheug sy swaard gou van sy dy af en driftig gaan staan hy dreigend oor sy vervaarde vyand. Toe Lausus dit sien, het hy uit liefde vir sy dierbare vader luid gekreun terwyl die trane oor sy wange rol – en as die feit dat iets so lank gelede gebeur het so 'n heldhaftige daad geloofwaardig sal maak, sal ek die lot van jou wrede dood en jou skitterende heldedade hier nie onvermeld laat nie, en jou gewis ook nie, roemryke jongman. 790

Mezentius was aan die retireer; magteloos en belemmer het hy die wyk begin neem terwyl hy sy vyand se spies in sy skild agter hom aansleep. Die jongman het na vore gesnel en tussenbei getree in die geveg. Toe Aeneas reeds met sy regterhand omhoogstrek, besig om die hou te slaan, het Lausus die swaard afgeweer en deur die vertraging die held self gestuit. Sy makkers begelei sy daad met luide geskree, totdat die vader, beskut deur sy seun se skild, kon wegkom. Hulle slinger hulle spiese en bring hul vyand in verwarring met werptuie van ver af. Aeneas is verwoed, maar hy staan pal, beskut deur sy skild. En soos stormwolke soms in haelvlae neerstort en elke landman en elke boer uit die vlaktes uiteenvlug, en die reisiger in 'n beskutting skuil wat veiligheid bied, sy dit onder die walle van 'n rivier of die gewelf van 'n hoë rots, terwyl die reën op die lande uitsak, sodat hulle met die terugkeer van die son hulle dagtaak kan voortsit: so word Aeneas van alle kante af onder werpwapens bedolwe en weerstaan hy die wolk van oorlog totdat dit geheel en al kan uitwoed.

800

LAUSUS SE DOOD

Intussen vaar hy teen Lausus uit en dreig hom: “Waarheen storm jy, mannetjie, net om te sterwe? Hoekom waag jy dinge wat jou kragte te bowe gaan? Jou liefde vir jou vader mislei jou in jou onbesonnenheid.” Maar Lausus gaan nie minder heftig te kere nie, dwaas wat hy is. Wrede woede styg nou hoër in die Trojaanse leier op, en die Skikgodinne vat Pallas se laaste lewensdrade bymekaar.⁴⁶ Want Aeneas stoot sy stewige swaard dwarsdeur die jongeling se liggaam en druk dit weg tot aan die geves. Die punt het ook die skild deurboor – broos beskutting vir iemand so uitdagend – en die hemp wat sy moeder uit buigsame goud vir hom geweef het, en sy bloed het die voue daarvan volgestroom. Toe het sy lewe die liggaam verlaat, en deur die lug bedroef na die Skimmeryk vertrek.

810

820

⁴⁶ Net voordat hulle dit afknip.

Maar voorwaar, toe die seun van Anchises die blik en gelaat van die sterwende sien, die gelaat wat op wonderbare wyse bleek word, het hy van jammerte hardop gekreun en sy regterhand uitgestrek terwyl die beeltnis van sy eie liefde vir sy vader hom voor die gees kom. “Wat sal pligsgetroue Aeneas jou nou gee, beklaenswaardige seun, vir daardie loflike daade van jou, wat sal hy gee wat so ’n edel inbors waardig is? Hou maar jou wapens waarin jy vreugde gevind het, en as so ’n bekommernis nog vir jou geld, ek gee jou terug aan die skimme en asse van jou vadere. Nogtans, ongelukkige, hierin sal jy troos vind vir jou jammerlike dood: jy sneuwel deur die hand van magtige Aeneas.” Nog voor hulle iets kon doen, verwyf hy Lausus se talmende makkers en lig sy liggaam van die grond af op waar hy sy lokke, volgens mode netjies getooi, met sy bloed ontsier.

830

MEZENTIUS RUK OP NA SY LAASTE GEVEG

Langs die stroom van die Tiberrivier het die vader intussen die bloed uit sy wonde met water gestelp, en teen ’n boomstam aangeleun, sy liggaam gemaklik gemaak. Sy brons helm hang daar naby aan die takke, en stil lê sy swaar wapenrusting op die gras. Die keur van die jongmanne staan om hom. Hy self, siek en hygend, laat sy nek rus, die lang gekamde baard uitgesprei op sy bors. Telkemale doen hy navraag oor Lausus, en telkemale stuur hy manne om hom terug te roep en hom die opdragte van sy bedroefde vader te bring.

840

Maar wenend was sy makkers juis toe besig om die lewelose Lausus op sy skild aan te dra – ’n magtige held, deur ’n magtige wond oorwin. Met ’n voorgevoel van ramp het sy hart van ver af die geweeeklaag herken. Hy besoedel sy gryns hare met baie stof, strek albei hande ten hemel en slaan sy arms om die lyk. “My seun, het so ’n drang om te bly lewe my oorheers dat ek kon toelaat dat hy wat deur my verwek is hom om my ontwil aan die vyand se hand blootstel? Word ek, jou vader, deur hierdie wonde van jou bewaar? Lewe ek voort as gevolg van jou dood? Wee my, in my ellende is ballingskap⁴⁷ nou oplaas vir my bitter! Nou is die

850

⁴⁷ v. 850: Ek lees *exsilium*. Vgl. R.D. Williams ad loc.

wond diep geslaan! Ek is die man, my seun, wat jou naam met skande bevlek het omdat ek weens my aanstootlikheid van my troon en die septer van my vadere verdryf is. Ek was vergelding verskuldig aan my vaderland en aan die haat van my mense: het ek maar self my sondige lewe aan alle vorms van die dood oorgelewer! Nou lewe ek voort en laat nog nie die mensegeslag en die daglig agter nie. Maar ek sál dit agterlaat!"

Met dat hy dit sê, rig hy hom op sy gewonde dy op, en hoewel sy krag weens die diep wond tekortsiet, gee hy onversaag opdrag dat sy perd gebring moet word. Dit was sy trots, dit sy troos. Op hóm het hy uit alle oorloë as oorwinnaar weggery. Hy spreek die treurende dier aan en begin met hierdie woorde: "Rhaebus, lank het ons gelewe, as enigiets vir sterweling lank is. Vandag sal jy òf as oorwinnaar daardie bloedbevlekte⁴⁸ buit en Aeneas se kop terugbring en saam met my die wreker wees van Lausus se smarte, òf jy sal saam met my sneuvel as geen geweld 'n weg oopveg nie. Want, allerdapperste dier, ek glo jy sal nie bereid wees om iemand anders se bevele en die Trojane as jou base te verduur nie." Hy het gespreek, en nadat die perd hom op sy rug verwelkom het, het hy sy bene soos gewoonlik in posisie geplaas en in elke hand 'n skerp, swaar werpspies geneem; sy hoof glim van die brons en vertoon stekelig van die perdestertpluim. So het hy vinnig na die middelpunt van die slag gejaag. In die enkele hart sied 'n heftige skaamtegevoel, en waansin gepaard met verdriet.

860

870

En⁴⁹ nou het hy Aeneas driemaal met luide stem geroep. Aeneas het inderdaad die geroep herken, en met blydschap bid hy: "Mag die magtige Vader van die gode dit so vergun, so ook verhewe Apollo! Mag jy die stryd begin." Net dit het hy gesê en hom met dreigende spies tegemoet geloop. Maar Mezentius skree: "Waarom probeer jy my bangmaak, wreedaard, nou dat jy my seun van my weggeruk het? Dit was die enigste weg waarlangs jy my kon

⁴⁸ v. 862: Ek lees *cruenta*.


⁴⁹ v. 872 – word deur die meeste mss. weggelaat as 'n foutiewe verdubbeling van Bk. 12, 668.

vernietig. Ek vrees nie die dood nie, en ek ontsien nie een van die gode nie. Staak dit! Want ek kom om te sterf, maar allereers bring ek jou hierdie geskenke.” Hy het gespreek en sy spies na sy vyand geslinger. Daarna plant hy ’n ander een, en nog ’n ander terwyl hy in ’n wye sirkel om Aeneas jaag; maar die goue skildknop weerstaan almal. Driemaal het hy in sirkels na links om sy wagtende vyand gegaloppeer terwyl hy wapens slinger; driemaal dra die held van Troje ’n digte bos spiese op sy brons skild saam met hom in die rondte. Toe Aeneas vervolgens moeg word daarvoor om die oponthoud so lank uit te rek en soveel spiespunte uit te pluk, en toe hy onder druk geplaas word omdat hy sy teenstander in ongelyke stryd ontmoet, spring hy na veel oorweging in sy gemoed eindelijk vorentoe en slinger sy spies mooi tussen die strydros se hol slape. Die perd steier orent en kap met sy voorpote in die lug. Hy gooi sy ruiter af, val dan self bo-op hom, pen hom vas en lê daar met sy blad uit lid en kop teen die grond. 880 890

Sowel Trojane as Latyners laat die hemel ontvlam met hulle geskree. Aeneas storm nader, pluk sy swaard uit die skede, gaan staan oor hom en sê hierdie woorde: “Waar is vurige Mezentius nou, en daardie wilde heftigheid van hart?” Sodra hy die lug ingeasem en sy bewussyn herwin het, antwoord die Etruriër terwyl hy na die hemel daar bo staar: “Bitter vyand, waarom hoon en dreig jy my met die dood? Dis geen sonde om my om die lewe te bring nie. Ek het nie onder daardie voorwaarde na die oorlog toe gekom nie, en my Lausus het ook nie so ’n ooreenkoms ten behoeve van my met jou aangegaan nie. Slegs hierdie een guns smee ek by die genade wat daar vir oorwonnenes by hul vyand mag bestaan: laat toe dat my liggaam in die grond weggeleë word. Ek besef dat die felle haat van my mense my omring. Beskerm my liggaam teen hierdie woede en staan my aan die graf van my seun af as sy deelgenoot.” So sê hy; doelbewus ontvang hy die swaard aan sy keel en giet sy lewe in gutschende bloed oor sy wapenrusting uit. 900

DIE ELFDE BOEK

*Die Groot Ruiterygeveg:
Die dood van Camilla*



...en die vlaktes glans van omhooggeligte wapens.

AENEAS RIG 'N SEGETEKEN OP

Intussen het die Daeraad verrys en die Oseaan verlaat. Hoewel sy sorge hom aandryf om tyd af te staan vir die begrafnis van sy makers, en sy gees deur hulle dood verwar is, het Aeneas by daglumier begin om as oorwinnaar sy geloftes aan die gode na te kom. Hy het die takke van 'n reuse-eik rondom afgekap, en dít plant hy op 'n heuweltjie. Hy hang 'n glinsterende wapenrusting daaraan, die buit wat van Mezentius, die generaal, afgestroop is, as 'n segeteken aan u, magtige Beheerser van Oorlog. Hy heg die pluime vas, druipend van bloed, die gebreekte spiese van die man, en die borsharnas, twaalf maal aangeval en deurboor. Hy bind die brons skild aan die linkerarm¹ vas en hang die swaard met ivoorgeves om die nek.

10

Sy jubelende makers – want die hele skaar leiers het in 'n digte kring om hom saamgedrom – begin hy toe soos volg te bemoedig: “'n Baie groot taak is volbring, manne. Weg met alle vrees vir die toekoms! Hier is ons eersteling, buit op 'n hovaardige koning verhaal, en ten gevolge van my handewerk is dit Mezentius² dié. Nou moet ons op die koning en die mure van Latium afmarsjeer. Maak moedig³ julle wapens gereed en vestig vooruit julle hoop op die oorlog, sodat, sodra die hemelgode julle toeknik om die vaandels uit die grond te trek en die manskappe uit die laer te lei, een of ander versuim julle nie weens onvoorbereidheid in die war bring, of 'n slap houding julle nie deur vrees vertraag nie. Laat ons intussen ons makers, hulle onbegraafde liggeme aan die aarde toevertrou – die enigste eer wat in die dieptes van die Onderwêreld geld. “Gaan”, sê hy, “en vereer met 'n laaste lykoffer die voortrefflike siele wat hierdie vaderland vir ons met hulle bloed verwerf het. Laat Pallas allereers na die treurende stad van Evander gestuur word – hy vir wie dit nie aan dapperheid te kort geskiet het nie maar wat deur 'n swart onheilsdag weggevoer en in bittere dood gedompel is.”

20

¹ Die eikestomp word verpersoonlik.

² D.w.s. die segeteken is al wat van Mezentius oorbly.

³ v. 18: Ek lees nie 'n komma na *parate* nie, sodat *animis* saam met *arma parate* gaan.

PALLAS SE TERUGKEER NA SY VADER

Wenend sê hy dit en stap terug na die drumpel waar die lyk van die gestorwe Pallas in staatsie lê en die bejaarde Acoetes dit bewaak. 30
Voorheen was Acoetes die wapendraer van Arcadiese Evander, maar nou het hy onder minder gelukkige beskerming van die gode 'n gesel vir sy geliefde pleegkind geword. Rondom staan die hele bediendekorps, die skaar Trojaanse mans, en die Trojaanse vroue met loshangende hare soos gebruiklik vir roubewys. Maar toe Aeneas by die hoë voordeur ingestap kom, het hulle op hulle borste geslaan en 'n luide gekerm na die sterre laat opstyg; van bedroefde roubeklag het die koninklike woning gekreun. Toe hy self Pallas se hoof sien, deur kussings geskraag, en sy gelaat, wit soos sneeu, en in sy gladde bors die gapende wond deur die Italiaanse spies geslaan, wel sy tranes op en hy sê: “Beklaenswaardige, het die Noodlot jou vir my misgun toe dit so vriendelik genaak het, sodat jy nie my koninkryk moes sien en seëvierend na jou vaderlike tuiste terugry nie? Dít was nie die beloftes wat ek by my afskeid aangaande jou and jou vader Evander gegee het nie; toe hy my omarm het by my vertrek, en hy my na groot soewereine mag heengestuurd het met die besorgde waarskuwing dat die manne dapper is, dat die oorlog teen 'n geharde volk is. En totaal mislei deur ydel hoop is hy dalk nou besig om geloftes te maak en die altare met geskenke te belaaï terwyl ons die lewelose jongman 40
wat nou niks meer aan enige van die hemelbewoners verskuldig is nie, smartlik en met nuttelose eerbewys grafwaarts dra. Arme man, jy sal die wrede begrafnis van jou seun aanskou! Is dít ons tuiskoms? Ons verwagte feestelike intog? Is dít my plegtige versekering? Maar, Evander, jy sal nie 'n lafaard sien, een met skandelijke wonde aan die rug, en as vader sal jy nie bid om 'n ellendige dood omdat jou seun gered is nie⁴. Wee my! Welke toring van krag verloor jy tog, Italië, welke toring van krag, jy, Julus!” 50

⁴ M.a.w. die vader sal liever die dood begeer as om die skande van sy seun te belewe.

Nadat hy hierdie dinge wenend gesê het, gee hy opdrag dat die deerniswekkende lyk opgeneem word. Hy stuur 'n duisend man wat hy uit die hele leër gekies het om hom die laaste eregeleide te gee, en om saam met die vader te ween – 'n nietige troos vir hewige smart, maar tog verskuldig aan die vader in sy ellende. Flink vleg ander van aarbeiboomlote en buigsame eiketakkies die raamwerk vir 'n sagte lykbaar, en beskadu die hoog opgeboude sofa met 'n blaredak. Hier lê hulle die jongman neer, hoog op sy landelike bed: soos 'n blom gepluk deur die hand van 'n meisie, sy dit 'n tenger viooltjie of neerhangende hiasint; sy glans en skoonheid het tot nou nog nie vergaan nie, maar reeds voed moeder aarde hom nie meer, of verskaf aan hom sy kragte nie.

60

70

Toe het Aeneas twee gewade uitgehaal, styf van goud en purper. Met vreugde het Dido van Carthago daaraan gewerk, dit eiehandig vir hom gemaak en die weefsel met dun gouddraad deurvleg. Een hiervan sprei hy bedroef oor die jongman as laaste eerbewys, en omhul met die kleed sy hare wat vir die vuur bestem is. Daarbenewens stapel hy nog baie buit op wat in die stryd teen die Italiane behaal is, en beveel dat die roof in 'n lang ry aangedra word. Hy voeg perde by, en wapens wat hy van die vyand gestroop het. Hy het ook die hande van hulle wat hy as lykoffers na die skimmeryk wou stuur, agter hul rugge vasgebind, vas van plan om die vlamme met die bloed van die neergevelde te besprinkel. En hy beveel dat die leiers self die boomstamme wat met vyandelike wapens behang is, moet aandra, en dat die vyande se name daaraan vasgeheg moet word.

80

Arme Acoetes, afgetakel deur die ouderdom, word voortgelei terwyl hy nou sy bors met sy vuiste skend, dan weer sy gesig met sy naels; hy stort ineen en slaan met sy volle lengte op die grond neer. Ook strydwaens bring hulle aan, bespat met Rutuliërbloed. Die strydros Aethon se versierings is afgehaal en wenend stap hy agterna terwyl hy sy gesig met groot trane benat.

90

Ander dra Pallas se spies en helm, want Turnus, sy oorwinnaar, het die res van sy wapenrusting. Daarna volg die stoet van roubeklaers: die Trojane, en al die Etruriërs en Arcadiërs, met spiespunte na die grond gerig. Nadat die hele prosessie van sy

makkers ver verby was, het Aeneas gaan staan en met 'n diep sug dít nog bygevoeg: “Dieselfde verskriklike lot om oorlog te voer, roep my hiervandaan na nuwe trane: tot in ewigheid groet ek jou, edele Pallas, vaarwel tot in ewigheid.” Meer het hy nie gesê nie, hom na die hoë mure gewend en laer toe voortgestap.

'N WAPENSTILSTAND WORD VERSOEK OM DIE DOOIES TE BEGRAWE

En nou het daar gesante uit die stad van Latium opgedaag. Omkrans met olyftakkies het hulle om genade gevra: dat Aeneas die lyke wat deur die swaard verstrooi oor die vlakte gelê het aan hulle teruggee, en toelaat dat hulle onder 'n grafheuwel van grond geplaas word. Oorlog, sê hulle, word nie gevoer teen oorwonnes wat die lewenslig ontnem is nie; laat hy nie die manne krenk wat voorheen sy gasvriende en skoonvaders⁵ genoem is nie. **100**

Daar hulle versoek nie geminag kon word nie, willig goeie Aeneas daartoe in, en voeg nog boonop hierdie woorde daarby: “Welke onverdiende lot het julle in so 'n oorlog verstrik, Latyners, dat julle van ons, julle vriende, wegvlug? Vra julle my om vrede vir die dooies wat ten gevolge van hul lot in die stryd gesneuwel het? Gewis sou ek dit ook aan die lewendes wou toestaan. En ek sou nie gekom het as die noodlot my nie hierdie plek as tuiste gegee het nie, en ek voer ook nie oorlog teen julle as volk nie: dis julle koning wat ons bondgenootskap beëindig, en hom liewer aan Turnus se wapens toevertrou het. Vir Turnus sou dit regverdiger gewees het om hom aan hierdie⁶ dood bloot te stel. As hy van plan is om die oorlog te beëindig deur dapper te stry, as hy die Trojane wil verdryf, moes hy met hierdie wapens soos myne teen my kom veg het sodat die een aan wie die god of sy eie regterhand die lewe geskenk het, dan bly lewe het. Gaan nou heen en laat die lykvuur onder julle ramspoedige landgenote ontvlam.” Aeneas het sy woorde beëindig. Die gesante was verslae en stil. Hulle het na mekaar toe gedraai, star gestaar en geswyg. **110**

⁵ Vgl. Bk. 7, 98.

⁶ Die dood nl. waaraan die Latyners pas ten prooi geval het. **120**

DRANCES VAAR TEEN TURNUS UIT

Ten antwoord begin Drances toe soos volg te praat – 'n grysaard wat met laster en haat altyd vyandig teenoor die jongman Turnus was: “O held van Troje, groot deur roem, groter nog deur wapendade, hoe kan ek u met my lof tot aan die hemel verhef? Waaroor moet ek eerste my bewondering uitspreek? U regverdigheid, of u beproewing in oorlog? Ons sal gewis dankbaar hierdie woorde na die stad van ons vadere terugdra, en as die Noodlot iewers 'n weg bied, sal ons u met koning Latinus verenig. Laat Turnus vir homself verdrae soek. Ja-nee, dit sal vir ons 'n genoeg wees om die massiewe mure op te rig wat deur die noodlot vir u beskore is, en om die rotsblokke van Troje op ons skouers aan te dra.” Dit het hy gesê, en almal het uit een mond hul algehele instemming laat hoor.

130

Hulle het 'n ooreenkoms aangegaan wat twaalf dae sou duur. Onder beskerming van die vrede het Trojane en Latyners sonder gevaar saam deur die bosse en oor die rûens rondgedwaal. Die rysige es weerklink onder die tweesnydende byl, en hulle laat hemelhoë denne neerslaan; onophoudelik kloof hulle eikehout en geurende sederhout met wîe, en vervoer wilde berg-esse op kreunende waens.

PALLAS SE BEGRAFNISSTOET KOM IN PALLANTEUM AAN

En nou vul gevleuelde Gerug, boodskapper van so 'n groot verdriet, Evander se ore en Evander se huis en stad, Gerug wat pas tevore vertel het van Pallas die oorwinnaar in Latium. Die Arcadiërs het na die poorte gestorm en volgens hulle ou gebruik doodsfaakkels opgeraap; helder vertoon die pad van die lang stroom faakkels en wydheen verlig dit die landerye. Die kolonne Trojane kom van die teenoorgestelde kant af en sluit by die jammerende menigte aan. Sodra die moeders bemerk dat die stoet hul huise nader, laat hulle die treurende stad ontvlam van hul krete.

140

Maar geen mag kan Evander teëhou nie en hy bereik die

middelpunt van die skaar. Toe die lykbaar neergesit word, val hy
 met geweën en gekreun op Pallas neer en in sy smart vind die
 woorde eindelijk moeisaam uiting: “O Pallas, dít was nie die
 belofte wat jy aan my gegee het toe ek gevra⁷ het dat jy gewillig
 moet wees om jou met groter omsigtigheid aan die wrede geveg
 toe te vertrou nie! Goed het ek geweet hoe ’n sterk invloed
 nuutgevonde roem in die stryd, en wondersoete eer in die eerste
 geveg kan uitoefen! O wrange eersteling van jou jeug! O wrede
 skoling in oorlog hier digby jou huis! Ag, dat nie ’n enkel een van
 die gode my geloftes en gebede verhoor het nie! En jy, my eerbied-
 waardige eggenote, gelukkig in jou dood, jy wat nie gespaar gebly
 het om hierdie smart te beleef nie! Maar ek het langer gelewe as
 my lot, sodat ek alleen oorbly – ek, sy vader, hom oorleef. Het ek
 maar die Trojaanse magte gevolg, ons bondgenote, en het die
 Rutuliërs my maar met hulle wapens oorweldig! Het ek maar my
 eie lewe gegee, en het hierdie stoet nou vir my, en nie vir Pallas
 nie, huis toe gebring! En ek sou julle nie blameer nie, Trojane, en
 nie ons verdrag of die hande wat ons in bondgenootskap gesluit
 het nie: daardie lot wat jou getref het was aan my ouderdom
 verskuldig. Maar as ’n ontydige dood op my seun gewag het, sal dit
 vir my steeds ’n vreugde wees dat hy gesneuwel het terwyl hy die
 Trojane Latium binnegelei en eers duisende Volsci neergevel het.
 Voorwaar, ek sou jou met geen ander begrafnis vereër nie, Pallas,
 as dié waarmee pligsgetroue Aeneas, die magtige Trojane, die
 Etruriese leiers en die ganse Etruriese leër jou vereër. Groot is die
 segetekens wat hulle bring⁸ wat deur jou hand aan die dood
 uitgelewer is. Ook jy sou nou as ’n ontsaglike boomstomp met
 wapens⁹ behang gestaan het as sy ouderdom dieselfde was, en
 die krag van sy jare dieselfde, Turnus! Maar waarom hou ek in my
 ongeluk die Trojane van hulle wapens weg? Gaan heen en onthou
 om hierdie boodskap aan julle koning oor te bring: dat ek my lewe
 uitrek, haatlik noudat Pallas nie meer daar is nie – die rede

⁷ v. 152: Ek lees *petenti* i.p.v. *parenti*. Vgl. R.D. Williams ad loc.

⁸ Hulle “bring” dit vir sover hulle self die segetekens is.

⁹ v. 173: Ek lees *armis* i.p.v. *arvis*. Vgl. R.D. Williams ad loc.

daarvoor, jy sien dit self, is jou hand wat vir Turnus aan sowel seun as vader skuld. Dít is die enigste geleentheid wat nog vir jou dapperheid en geluk oop staan. Ek vra nie om vreugde in die lewe nie – want dit sou ’n sonde wees – maar om die berig daarvan¹⁰ aan my seun in die diepte van die onderwêreld te bring.”

180

DIE TROJANE EN HULLE BONDGENOTE BEGRAWE HULLE DOOIES

Intussen het die Daeraad sy verkwikkende lig vir sterwelinge in hulle droefheid te voorskyn gebring en hulle dagtaak en beproewinge hernieu. Reeds het vader Aeneas, reeds het Tarchon op die bogtige kus brandstapels gepak. Hierheen het elkeen volgens die gebruik van sy vadere die liggame van hulle mense gebring, en toe dit met somber fakkels aangesteek is, word die hoë hemel deur die rook in duisternis gehul. Driemaal het die manne met glinsterende wapens omgord in prosessie om die aangesteekte stapels gemarsjeer, driemaal het hulle te perd in ’n kring om die droewe begrafnisvuur gery en roukrete ge-uit. Die aarde word met tranes besprinkel, besprinkel ook hul wapens; die geskree van manne en ’n gesketter van trompette styg ten hemel.

190

In hierdie stadium gooi party die buit wat van die gedode Latyners gestroop is op die vuur: helms en sierlike swaarde, tooms en gloeiende¹¹ wiele. Ander gooi welbekende offergawes op: die dooies se eie skilde en die wapens wat hulle geen geluk gebring het nie. Rondomheen word menige stier se liggaam aan die Dood geoffer; ruigharige varke en vee geroof van oral uit die velde, word oor die vlamme geslag. Vanoor die hele strand kyk hulle dan hoe hulle makkers verbrand. Hulle bly by die halfuitgebrande stapels staan en kan hulself nie daarvandaan wegskeur nie, totdat die vogtige nag die hemelkoepel, beset met vonkelende sterre, laat draai.

200

¹⁰ D.w.s. van Turnus se “teregstelling” deur Aeneas.

¹¹ D.w.s. die wiele van die strydwagens gloei soos die manne in die geveg rondjaag.

OOK DIE LATYNERS BEGRAWE HULLE DOOIES

Eweso het die ongelukkige Latyners op 'n ander plek intussen ontelbare brandstapels opgerig. 'n Deel van die groot aantal lyke van hulle mense begrawe hulle in die grond, 'n deel tel hulle op en dra dié na naburige velde, of stuur hulle terug na die stad.¹² Die res, 'n ontsaglike, ordelose hoop lyke, verbrand hulle sonder om hulle te tel en sonder onderskeiding. Wedywerend glans die uitgestrekte velde toe aan alle kante van vure, die een na die ander.

Die derde môrestond het die ysige skadu van die hemel af verdryf. Bedroef het hulle die diep as omgewoel, die deurmekaar liggende beendere uit die uitgebrande vure gegrawe en 'n hoop warm grond daarop gestapel.

210

DIE GEVOELENS LAAI OP TEEN TURNUS

Maar in die huise, in skatryk Latinus se stad klink die luidste geweene, die grootste deel van die eindelose geweeklaag. Hier staan moeders en hulle ongelukkige skoondogters, daar treurende susters met hul liefhebbende harte, en seuns wat van hul vaders beroof is: hulle vervloek die gruwelike oorlog en Turnus se huwelik. Hulle sê hy self moet met wapens, hy self moet met die swaard die saak besleg daar hy vir homself die koninkryk van Italië en die hoogste eerverlang. Die grimmige Drances vererger hierdie toestand nog en gee die plegtige versekering dat alleen Turnus tot die stryd opgeroep word, dat hy alleen gedaag word¹³. Daarteenoor word menige opinie in verskillende formulering ten gunste van Turnus ge-uit. Die magtige naam van die koningin beskerm hom, en sy groot roem vanweë die segetekens wat hy verdien het, onderskraag die held.

220

¹² Laurentum.

¹³ Vgl. vv. 115-118.

DIE GESANTE NA DIOMEDES KEER ONVERRIGTERSKE TERUG

Temidde van hierdie woelinge, toe die vurige opgewondenheid sy hoogtepunt bereik, kyk! om alles te kroon, bring die gesante¹⁴ bedroef die antwoord van Diomedes se magtige stad af: niks is bereik teen die prys van sulke groot moeite nie; geskenke en goud en dringende versoeke het niks gebaat nie; die Latyners moet ander gewapende bystand soek, of van die Trojaanse koning vrede probeer kry.

230

LATINUS BELEË 'N VERGADERING VAN SY VOLKSLEIERS

Van ontsaglike smart gooi selfs koning Latinus tou op. Dat Aeneas duidelik deur 'n goddelike wil as 'n man met 'n noodlotsbestemming na hulle gebring is, daaraan word hulle herinner deur die toorn van die gode en die vars grafhope voor hulle oë. Daarom ontbied hy die opperraad en voorstes van sy volk met sy dekreet en roep hulle in sy hoë woning saam. Hulle stroom deur die volstrate na die koninklike paleis en kom byeen. In hulle midde sit Latinus, sowel die oudste in jare as die eerste in gesag: neerslagtigheid is op sy gesig te lees. En hier beveel hy die gesante wat van die Aetoliese stad teruggestuur is om te sê welke nuus hulle bring, en eis om weer elke antwoord van Diomedes in presiese volgorde te hoor. Toe raak alle tonge stil, Venulus gehoorsaam die opdrag en begin soos volg te spreek:

240

“Burgers, ons het Diomedes en sy Griekse nedersetting gesien. Ons het die reis afgelê, al die gevare te bowe gekom en die hand waardeur die land van Troje tot 'n val gekom het, gedruk. As oorwinnaar was hy besig om die stad Argyripa, genoem na sy vader se volk, in die Apuliese velde in die omgewing van die Garganusberg te stig. Nadat ons binnegegaan het, en daar in sy

¹⁴ Vgl. Bk. 8, 9-17.

teenwoordigheid geleentheid gegee is om te spreek, bring ons geskenke te voorskyn, vermeld ons naam en vaderland, wie die aggressors is, en watter oorsaak ons na Arpi gebring het. Nadat hy dit aangehoor het, het Diomedes met kalm gelaat geantwoord: **250**

‘O geluksalige volke, o ryk van Saturnus, oeroue kinders van Italië, watter lot verstoort julle rus en noop julle om oorloë waarvan julle niks weet nie te begin? Elkeen van ons wat die velde van Troje met die swaard ontwy het – ek sê niks van die lydens-beker wat tot die droesem onder sy rysige mure geledig is, van die helde wat deur die Simoïs daar oorweldig word nie – ons het dwarsoor die wêreld onuitspreeklike straf verduur en alle boetes vir ons misdade betaal, ’n bende wat selfs deur Priamus bejammer word: die heillose ster van Minerva¹⁵ is getuie daarvan, ook die rotse van Euboea, en Caphereus wat wraak geneem het. **260**

Menelaus, seun Atreus, is ná daardie oorlog na verskeie kuste gedryf, en verkeer in ballingskap so ver as die pilare van Proteus.¹⁶ En Ulysses het die Siklope van Etna aanskou. Sal ek vertel van Neoptolemus se koninkryk, en van Idomeneus se gevalle huis? Of van die Locri¹⁷ wat aan die kus van Libië woon? Die Mykeense¹⁸ leier van die magtige Grieke het nouliks sy drumpel oorskry of hy vind die dood deur die hand van sy trouelose vrou: ’n owerspeler het op die loer gelê vir die veroweraar van Asië. Ag, dat die gode my dit misgun het om na die altare van my vaderland terug te keer, en om my vrou na wie ek verlang, en skone Calydon weer te sien!¹⁹ **270**

Selfs nou nog agtervolg wonderverskynsels my, verskriklik om te aanskou: my verlore makkers het op vleuels die hoë lug in gepyl en swerf as voëls²⁰ oor die riviere rond – helaas!, wrede straf van my

¹⁵ Minerva (= Pallas Athena) het die Grieke tydens hul terugvaart van Troje af by die voorgebergte Caphereus in Euboea laat skipbreuk ly. Wraak is geneem oor die mishandeling van Cassandra, priesteres van Minerva.

¹⁶ Gibraltar.

¹⁷ Volgelinge van Ajax, seun van Oileus, wat blykbaar as ballinge in N.-Afrika gaan woon het.

¹⁸ Agamemnon wat na die verowering van Troje (Asië) deur sy vrou Clytaemnestra en haar minnaar Aegistheus vermoor is.

¹⁹ v. 270: Ek lees ’n uitroepteken i.p.v. ’n vraagteken.

²⁰ Diomedes se makkers is in voëls verander, Vgl. Ovid. *Met.* 14, 497 e.v.

vriende – en vervul die kranse met hul jammerkrete. Niks anders, ja, niks anders was my te wagte reeds sedert daardie tyd toe ek in my waansin die liggame van hemelinge met die swaard aangeval, en ek Venus se hand met 'n wond geskend het nie. Nee, voorwaar, moenie my tot sulke gevegte aandryf nie! Na die val van Troje bestaan daar vir my geen oorlog meer teen die Trojane nie, en ek praat of verheug my nie oor die rampe van weleer nie. Gee maar die geskenke wat julle van die kuste van jul vaderland af vir my bring, vir Aeneas. Teen sy heftige wapens het ons stelling ingeneem en met hom handgemeen geraak. Glo iemand wat uit ervaring weet hoe magtig hy hom agter die beskutting van sy skild oprig, met welke werwelgeweld hy sy spies slinger. As die land van Troje nog twee sulke manne voortgebring het, sou die Trojane bo verwagting na die Griekse stede opgeruk, en sou Griekeland die kentering in die noodlot bekla het. Die hele gesloer voor die mure van die hardnekkige Troje, die oorwinning wat vir die Grieke getalm en tot die tiende jaar geretireer het, is aan die hand van Hector en Aeneas toe te skryf. Albei het uitgeblink in moed, albei in voortreflike wapendade – maar Aeneas het die eerste plek beklee in pligsbetragting. Sluit met mekaar 'n verbond soos dit geoorloof is: maar waak daarteen dat julle wapen teen wapen in oorlog bots'. En hiermee, edele vors, het u tegelyk verneem wat die koning se antwoord, en wat sy standpunt in die gewigtige stryd is.”

280

290

LATINUS SE VOORSTEL

Nouliks het die gesante dit gesê of 'n teenstrydige gemompel stroom oor die lippe van die Latyners: soos wanneer rotse snelstromende riviere blokkeer; in die gestuite maling ontstaan daar 'n gebruis en die nabygeleë oewers weergalm van die klaterende water. Sodra hul gemoedere bedaar, en hul angstige monde tot swye gekom het, bid hul koning eers tot die gode, en begin van sy hoë troon af:

300

“Ek wou dat ons veel eerder tot 'n beslissing gekom het oor hierdie krisis, Latyners, en dit sou beter gewees het om nie 'n vergadering byeen te roep op 'n tydstip soos hierdie wanneer die vyand reeds ons mure beleër nie. Ons voer 'n rampspoedige

oorlog, burgers, teen 'n volk wat uit gode gebore is, ja, teen onoorwinlike helde onvermoeibaar deur stryd, en wat nie hulle swaarde kan laat rus nie, al is hulle ook oorwin. As julle enige hoop gevestig het op gewapende ondersteuning van die kant van die Aetoliërs, moet julle dit laat vaar! Elkeen is sy eie hoop, maar julle sien hoe ontoereikend dit is. In watter ontreddering die res neergevel lê – alles is sigbaar voor julle! En ek beskuldig niemand: die uiterste wat dapperheid kon doen, is gedoen; met die volle krag van ons ryk het ons gestry. Ek sal nou die siening van my weifelende verstand uiteensit en dit – skenk aandag hier – in 'n paar woorde verduidelik. 310

Aangrensend aan die Tiber lê daar 'n stuk grond, reeds lank in my besit. Dit strek ver na die Weste, tot by die Sicaniërs se grense verby. Aurunciërs en Rutuliërs het hulle saailande daar, en ploeg die klipperige randjies terwyl hulle die ruuste dele daarvan as weiding gebruik. Laat hierdie hele gebied, tesame met 'n strook hoë denbegroeide bergland aan die Trojane toeval om hulle vriendskap te wen. Laat ons ook billike voorwaardes vir 'n verdrag formuleer en hulle as vennote ons koninkryk binnegooi. Laat hulle hul dáár vestig as hulle begeerte so groot is, en 'n stad stig. Maar as hulle begeer om 'n ander gebied en 'n ander volk te probeer bereik, en hulle is by magte om van ons grondgebied te vertrek, laat ons dan vir hulle twintig skepe van Italiaanse eikehout bou. As hulle in staat is om meer te beman – al die timmerhout lê gereed aan die waterkant. Laat hulle self die aantal en boustyl van hulle vaartuie voorskryf: laat ons die brons, die vakmanne en die skeepswerwe verskaf. Verder, om hierdie besluit te berig en 'n hegte verbond met hulle te sluit, verorden ek dat 'n honderd gesante op weg gaan, Latyners uit adellike geslag. Hulle moet olyftakkies van vrede voor hulle uithou met die hand, en geskenke meeneem: talente goud en ivoor, en die troon en mantel, die simbole van my gesag. Beraadslaag nou onderling en kom ons haglike toestand te hulp.” 320

DRANCES ONDERSTEUN LATINUS EN VAAR TEEN TURNUS UIT

Toe staan Drances op, vyandig soos tevore. Turnus se roem het 330

hom met bedekte afguns en prikkels van verbittering aangepor. Skatryk was hy, en nogal welbespraak, maar vir oorlog was sy hand sonder geesdrif. In vergaderings is hy as 'n raadgever van formaat beskou, en behendig om oproer te stook. Die adellike bloed van sy moeder het hom 'n trotse afkoms besorg, maar van vaderskant het hy 'n onsekere stand verkry. Met hierdie woorde verswaar en verhoog hy nou hulle toorn: "U vra ons raad in 'n saak wat vir elkeen glashelder is, o edel vors, en wat geen kommentaar van ons kant benodig nie. Almal erken dat hulle weet wat ons volk se belange vereis, maar hulle is huiwerig om te praat. Laat die man vryheid van spraak toestaan en sy opgeblasenheid laat vaar, hy deur wie se heillose bewind en verderflike trots – ek sal dit gewis sê al dreig hy met wapens en die dood – ons sien dat soveel skitterende leiers gesneuwel en die ganse stad in rou versink het, terwyl hy vol vertroue om te kan vlug die Trojaanse laer aanval en selfs die hemel met sy wapengekletter verskrik. Voeg nog een geskenk by daardie groot aantal wat u beveel aan die Trojane gestuur en belowe moet word, alleredelste vors, en laat niemand se onstuimigheid u intimideer om nie as vader u dogter in 'n waardige huwelik aan 'n voortreflike skoonseun te gee, en die vrede wat ons begeer met 'n ewige verbond te sluit nie.

340

350

Maar as so 'n groot vrees vir Turnus ons gees en harte gevange hou, laat ons homself smeek, van homself instemming vra om te swig en van sy persoonlike aanspraak afstand te doen ten behoeve van koning en vaderland. Waarom werp jy jou rampsalige burgers so dikwels in openlike gevare, jy wat vir Latium die bron en oorsaak van hierdie lyding is? Daar is geen heil in oorlog nie! Vrede vra ons jou almal, Turnus, en daarmee saam, die enigste onskendbare waarborg vir vrede. Ek is die eerste, ek wat jy dink jou vyand is – en ek gee nie om om dit te wees nie – kyk! ek kom na jou as smekeling. Toon erbarming vir jou volk, lê af jou trots, gee dit gewonne en onttrek jou! Ons is verslaan en het genoeg dood aanskou, genoeg uitgestrekte velde ontvolk. Of as roem jou aanspoor, as jy sulke groot krag in jou binneste voel, as die paleis wat jy as bruidskat sal kry jou so na aan die hart lê – waag dit dan en bring vol vertroue jou bors teen die vyand te staan. Natuurlik, ons, nikswerd lewens, 'n onbegraafde en onbeweende massa, moet op die vlaktes neergevel word sodat 'n vorstelike eggenote

360

370

Turnus se deel mag wees. En jy ook, as jy enige krag het, as jy 'n ietsie van jou vader se vegtersgees besit, kyk dan hom wat jou daag vol in die oë.”

TURNUS SE ANTWOORD

Ten gevolge van hierdie woorde het Turnus se onstuimige woede ontvlam. Hy stoot 'n kreun uit en bars los met hierdie woorde uit die diepte van sy hart: “ 'n Oorvloedige stroom woorde het jy voorwaar altyd, Drances, juis wanneer die oorlog om dade vra, en as die Senaat byeengeroep word, is jy die eerste daar! Maar die raadsaal moenie gevul word met woorde wat so manjifiek uit jou mond vlieg waar jy veilig staan solank die verskansing van ons mure die vyand weghou en ons gragte nie van bloed stroom nie. Donder dus maar voort met jou welsprekendheid – dis jou gewoonte – en beskuldig jy my van vrees, Drances, aangesien jou hand soveel hope neergevelde Trojane veroorsaak en jy die velde wyd en syd met segetekens versier het! Dit staan jou vry om te ervaar wat onverskrokke moed vermag. En ons hoef gewis nie die vyand ver te gaan soek nie: aan alle kante omsingel hulle ons mure! Trek ons hulle tegemoet? Wat talm jy? Sal jou veglus altyd in jou windmakerige tong lê, en in daardie voete van jou wat gereed staan om te vlug? 380 390

Ek verslaan? Of sal enigiemand, verfoeilike leuenaar, my na verdienste verslaan noem as hy die Tiber hoog sien swel van Trojaanse bloed, as hy Evander se hele huis saam met sy nageslag ineengestort sien, en die Arcadiërs gestroop van hul wapens? So het Bitias en die reus Pandarus my nie leer ken nie, en die duisend wat ek seëvierend op een dag na die Onderwêreld laat afdaal het hoewel ek deur die vyand se mure en skutswal ingesluit en omsingel was. ‘Geen redding in oorlog nie’? Sing daardie deuntjie vir die Trojaanse skepsel²¹, waansinnige, en vir jou eie lot. Moenie 400

²¹ Aeneas.

ophou om alles verder deur groot vrees in verwarring te bring, en die magte van 'n volk wat reeds tweemaal verower is op te hemel en neerhalend te praat van Latinus se krygsmag nie.

Nou sidder ook die prinse van die Grieke kastig vir die Trojaanse wapens, nou ook Diomedes en Achilles van Larisa, en die Aufidus-rivier vlug stroomop terug voor die golwe van die Hadriatiese see²². So is dit ongeveer wanneer hy voorgee dat hy bang is vir my verwyte, die skurk van 'n huigelaar, en deur kastige vrees sy aanklag nog feller maak. Nooit sal jy 'n lewe soos joune deur my hand verloor nie – ontstel jou nie! Laat dit saam met jou woon en in daardie borskas van jou bly!

Ek kom nou terug, vader, na u en die belangrike sake wat u ter beraadslaging voorgelê het. As u geen hoop verder op ons wapens vestig nie, as ons so in die steek gelaat is en totaal ineengestort het na één neerlaag van ons leër, en ons goeie geluk nie kan terugkeer nie – laat ons dan om vrede smEEK en ons hande weerloos na die vyand uitstrek. Hoewel, ag!, as daar maar 'n sprankie van ons gewone dapperheid in ons oorgebly het! Vir my is die man wat meer as ander mense sowel geluk smaak in sy ontberinge as edel van inbors is, dié een wat sterwend vooroor neergestort en eens en vir altyd in die stof gebyt het om sodanige skande nie te aanskou nie. **410**

Maar as ons nog oor middele beskik, en ook nou nog oor vars weerbare manne, en as daar stede en volke van Italië vir ons tot hulp oor is; as roem ook vir die Trojane teen die prys van baie bloedvergieting gekom het – hulle het hulle eie dooies, en 'n soortgelyke storm het oor almal getrek – waarom verloor ons smadelik moed heel aan die begin? Waarom oorval 'n gesidder ons ledemate nog voor die trompet geskal het? Die verloop van die dae en die verandering bringende inspanning van wisselende tydsomstandighede het al aan baie dinge 'n gunstige wending besorg. Die goeie geluk wat nou verskyn en dan weer verdwyn het al baie **420**

²² M.a.w. alles is deurmekaar en agterstevoor.

mense mislei, maar daarna weer op vaste grond teruggeplaas. Dis nie die Aetoliër²³ of die manne van Arpi wat ons tot bystand sal wees nie: dit sal Messapus wees en geseënde Tolumnius en die leiers wat deur soveel volkere gestuur is! En geen geringe roem sal met die keurbendes uit Latium en die velde van Laurentum meegaan nie. Daar is ook Camilla uit die voortreflike volk van Volsci, sy wat haar troepe ruiters en eskadronne, glansend van brons, voortlei.

430

Maar as die Trojane my alleen tot die stryd oproep en dit u behaag, as ek die algemene heil so erg in die weg staan, nouja, Oorwinning het nie uit so 'n geweldige afsku van my hande weggevlug dat ek sou weier om iets te probeer ter vervulling van so 'n heerlike verwagting nie. Ek sal moedig teen hom optrek, ook al sou hy hom as die gelyke van magtige Achilles bewys en 'n wapenrusting soos syne aantrek, deur Vulcanus se hande gemaak. Ek, Turnus, wat in dapperheid vir geeneen van die vroeër geslagte terugstaan nie, ek wy hierdie lewe van my aan julle en aan my skoonvader Latinus. Aeneas daag my alleen uit? Nou laat hy daag, ek bid dit! En laat Drances nie in my plek met sy dood betaal, as dit hier gaan om die gode se toorn nie, of nie die lof inoes as dit 'n geval is van dapperheid en roem nie."

440

AENEAS SE OPMARS TEEN LAURENTUM

So was hulle besig om in onderlinge twis oor die haglike toestand te debatteer: Aeneas, egter, was besig om met sy magte uit sy laer aan te ruk. Onder groot beroering, kyk! hardloop 'n boodskapper deur die koninklike sale en vul die stad met heftige vrees. "Die Trojane", skree hy, "en die leër van die Etruriërs is van die Tiberivier af in slagorde oor al die vlaktes heen aan't afdaal." Dadelik is die gemoedere van die skare verontrus en hul harte geskok. Hul toorn ontvlam, tot die uiterste geprikkel. Opgewonde swaai hulle die hande en eis wapens, luid skree die jongelinge om wapens – en

450

²³ Diomedes.

wenend mor die vaders in droefheid. Aan alle kante styg nou 'n luide geskree onder verskil van opinie ten hemel: soos wanneer swerms voëls soms in 'n hoë woud gaan sit het, of swane langs die visryke Padusastroom hul skor geskree oor die kwakende poele laat hoor.

Turnus gryp die geleentheid aan en sê: “Nou goed dan, burgers, roep 'n vergadering byeen, sit dan maar rustig en prys die vrede! Hulle daar is besig om gewapen teen ons koninkryk aan te storm!” **460**

Meer het hy nie gesê nie, hom gehaas en ylend uit die hoë paleis gesnel. “Volusus”, roep hy uit, “gee aan die Volsiese kontingente bevel om hulle te bewapen en voer jý die Rutuliërs aan! Messapus, en jy, Coras, saam met jou broer, ontplooi julle die ruitery onder wapen oor die wye vlaktes. Laat party die stadspoorte versterk en die torings beman. Die res van die leër moet saam met my gaan aanval waar ek sal beveel.”

Onmiddellik word daar vanuit die ganse stad na die mure gestorm. Vader Latinus self verlaat ook die vergadering, en hewig verontrus deur die sombere uur stel hy sy groot planne uit. Menige verwyt maak hy hom dat hy nie vir Aeneas van Troje vrywillig verwelkom, en hom as sy skoonseun aan die stad verbind het nie. **470**

Party grawe 'n grag voor die poorte, of dra klippe en pale aan. Die skor trompet gee die bloedige teken vir die stryd. Toe het vrouens en seuntjies in bonte kring rondomheen op die mure stelling ingeneem, want die uiterste doodstryd roep almal op. Vergesel van 'n groot skaar moeders ry²⁴ die koningin ook na die tempel en burgtop van Pallas, en bring offergawes. Aan haar sy sit die meisie Lavinia, die oorsaak van soveel leed, haar lieflike oë neergeslaan. Agter hulle volg die moeders teen die trappe op, vul die tempel met wieroekdampe, en van die hoë drumpel af stort hulle droewige gebede uit: “Krygshaftige, heerseres van oorlog, maagdelike Pallas Athena, breek met u hand die speer van die **480**

²⁴ Vgl. die nota by Bk. 8, 665-66.

Trojaanse seerower, slaan hom neer dat hy met sy gesig op die aarde stort en spalk hom voor ons hoë poorte oop.”

Turnus self, woedend, omgord hom so vinnig as wat hy kan vir die stryd. Geklee in sy glansende rooigeel borspantser het hy reeds stekelig vertoon van die brons skubbe. Sy bene het hy met goue skeenplate omhul, sy slape is tot nog toe onbedek, maar die swaard het hy reeds aan sy linkersy vasgegord. In ’n glans van goud storm hy met jubelende gemoed van die hoë burg af, en in sy verwagting behaal hy vooraf reeds die oorwinning oor sy vyand: soos ’n hings wat sy halter breek en uiteindelik vry uit die stal vlug; sodra hy die oop vlakke bereik, draf hy ôf na die weiding en die merrietroppe, ôf, gewoon daaraan om in die bekende rivier te bad, spoed hy soheen en runnik uitgelate, sy nek hoog in die lug terwyl die maanhare om sy nek en skof speel.

490

CAMILLA SE AFSPRAAK MET TURNUS

Vergesel van haar troep Volsci galoppeer Camilla hom tegemoet. Vlakby die stadspoorte spring die koningin van haar perd af. Die hele afdeling volg haar voorbeeld, verlaat hul perde en golf neer na die grond. Toe sê sy: “Turnus, as ’n dapper mens tereg ’n bietjie selfvertroue mag hê, dan het ek die durf, en ek belowe om die Trojane se ruitery tegemoet te gaan en my alleen teen die Etruriese ruiters op te stel. Laat my toe om met my hand die eerste gevare van die oorlog te beproef. Wag jy met die voetvolk voor die mure en bewaak die stad.”

500

Met sy oë op die vreesinboesemende meisie gevestig, antwoord Turnus hierop: “O meisie, sieraad van Italië, welke dank kan ek probeer uitspreek of terugbetaal? Maar nou, aangesien jou moed alle perke te bowe gaan, moet jy die moeilike taak met my deel. Volgens die gerug – en die verspieders wat ek gestuur het, berig dat dit waar is – het Aeneas, daardie meedoënlose man, lig-gewapende ruiters vooruitgestuur om die vlaktes te teister. Hy self is besig om deur verlate dele al met die rug langs die steiltes van die berg te oorkom in sy aantog na die stad. Ek stel ’n hinderlaag op in ’n oorkoepelde pad deur die woud sodat ek die toegange aan beide kante met gewapende soldate beset. Vang jy die Etruriese

510

ruitery op in 'n oop geveg. Dapper Messapus sal saam met jou wees, en die Latynse ruiters en die troep van Tiburtus. Ook jy²⁵ moet verantwoordelikheid as leier aanvaar.” So sê hy, en met dergelike woorde bemoedig hy Messapus en die leiers van die bondgenote vir die geveg, en hy ruk teen die vyand op. 520

Daar is 'n dal met slingerende kronkelpaaie, geskik vir bedrog en oorlogslis. 'n Helling, donker van digte lower, sluit dit aan weerskante in. 'n Klein voetpaadjie lei daarheen, en 'n smal pas met 'n nou toegang bring jou daarin. Daarbokant, tussen die uitkyktorings op die kruin van die berg, lê 'n onsigbare plato, 'n veilige skuilplek om na keuse van links of regs 'n aanval te loods, of om op die rûens stelling in te neem en yslike rotse neer te rol. Hierheen haas die jongman, bekend met die rigting van die paaie; 530 in aller yl beset hy die terrein en neem posisie in in die bedrieglike bosse.

DIANA OPENBAAR CAMILLA SE LEWENSLOOP EN TOEKOMS

In haar hemelse tuiste het Diana intussen die snelle Opis, een van die heilige skaar maagde wat haar altyd vergesel, aangespreek en hierdie verdrietige woorde haar mond laat ontval: “Daar skry Camilla na die wrede oorlog voort, o maagd, en vergeefs omgord sy haar met ons wapens, sy wat ek bo die ander liefhet. Want Diana se liefde vir haar – jy ken dit goed – het nie onlangs gekom, en my hart met 'n plotselinge soetheid bekoor nie. Toe haar vader Metabus uit sy koninkryk verdryf is ten gevolge van die haat wat 540 deur sy hovaardige magsuitoefening verwek is, en hy Privernum, sy aloue stad, verlaat het, het hy in sy vlug tussen die slae van die oorlog deur sy babadogter saamgeneem om sy ballingskap te deel, en haar na die naam van haar moeder Casmilla, effens gewysig, Camilla genoem. Self het hy haar voor hom teen sy bors gedra en die lang rûens van eensame bergwoude opgesoek. Aan alle kante

²⁵ D.w.s. saam met hom.

het wrede spiese hom bedreig, daar die Volsci hom met hul soldate omsingel en gedurig om hom geswerf het.

Maar kyk! in die middel van sy vlug het die Amasenus in vloed gelyk met sy oewers geskuim – so 'n geweldige reënboog het uit die wolke voortgebars. Terwyl hy gereed maak om deur te swem, word hy deur sy liefde vir die kindjie teruggehou, en vrees hy om sy dierbare las se ontwil. Terwyl hy elke moontlikheid in sy gedagtes oordink, het hy na veel huiwering skielik hierdie besluit geneem: die enorme spies wat die stryder toevallig in sy sterke hand gedra het, taai van knoeste en hardgedroogde eikehout – hieraan maak hy sy dogtertjie vas, toegedraai in kurkbags uit die bosse, en bind haar netjies aan die middel van die spies vas. Terwyl hy haar in sy ontsaglike hand balanseer, bid hy aldus ten hemel: “Genadige bewaakster van die bosse, maagdelike dogter van Latona, ek, haar vader, wy hierdie dogtertjie aan u as u dienaars. Dis u wapen waaraan sy eerste vashou terwyl sy as smekeling deur die lug voor haar vyand vlug. Neem haar as u eie aan, godin, ek smeek u, haar wat nou aan die onsekere bries toevertrou word.” Hy het gespreek, hy trek sy arm terug, en kragtig slinger hy die spieskag. Luid het die waters gedreun terwyl arme Camilla aan die suisende spies oor die snelle stroom vlieg. Maar terwyl 'n groot troep vyand reeds al digter dring, spring Metabus in die rivier en seëvierend trek hy die spies met die meisietjie, die wygeskenk aan Diana, uit die grasbegroeide sooi.

550

560

Geen stede het hom in hulle huise en mure ontvang nie – weens sy wilde aard sou hy self ook nie daartoe ingestem het nie – en as herder het hy op eensame berge sy lewe geslyt. Hier, tussen kreupelhout en ruie lêplekke van wilde diere, het hy sy dogtertjie aan die uier van 'n wilde merrie in 'n kudde met melk gevoed deur die spene tussen haar tere lippies uit te melk. Toe die kindjie die eerste keer stewig op haar voetjies staan, het hy haar handjies bewapen met 'n aangepunte werpspies en 'n boog aan die skouer van die kleinding gehang. In plaas van 'n goue haarband, in plaas van 'n slepende mantel as gewaad, hang 'n tiervel van haar kop af oor haar rug neer. Selfs toe al het sy met tere handjies haar kinderlike werptuie geslinger en die slingervel met sy gladde riem om haar kop geswaai en 'n kraanvoël, afkomstig van die Strymon-

570

580

rivier, of 'n wit swaan afgeskiet. Menige moeder deur die stede van Etrurië heen het haar vergeefs as skoondogter begeer. Alleen met Diana tevrede, koester sy onbevlek 'n ewige liefde vir haar wapens en haar maagdelikheid. Ek sou kon wens dat sy nie deur oorlog soos dié meegesleur was, en probeer het om die Trojane uit te daag nie – sy wat vir my dierbaar is – en dat sy nou nog een van my gesellinne was. Maar kom, aangesien sy deur 'n bitter noodlot geteister word, daal uit die hemel neer, nimf, en besoek die gebied van die Latyners waar daar onder 'n onheilspellende voorteken 'n aaklige slag gelewer word. Neem hierdie²⁶ wapens, en trek die pyl van wraak uit die koker: wie ook al haar gewyde liggaam met 'n wond skend, Trojaan of Italiaan, laat hy hiermee op dieselfde wyse met sy bloed aan my vergelding betaal! Daarna sal ek die beklagenswaardige meisie se liggaam en wapens ongeskonde in 'n omhullende wolk na haar graf vervoer en in haar eie vaderland ter ruste lê.” So het Diana gesê en Opis het suisend deur die ligte briese van die hemel neergedaal, haar liggaam omgewe van 'n swart werwelwind.

590

DIE RUITERYGEVEG BUITE DIE STADSMURE

Maar intussen nader die Trojaanse leër die stadsmure, en ook die Etruriese leiers en die hele berede korps, volgens getal in eskadronne georden. Oor die hele vlakte runnik die steierende perde; hulle veg teen die stywe teuels en swenk nou hierheen, dan daarheen. Van die yster spiese vertoon die veld nou stekelig oor 'n wye gebied, en die vlaktes glans van die omhooggeligte wapens. Eweneens verskyn Messapus en die vinnige Latyners, en Coras saam met sy broer, en die maagd Camilla se vleueltroep teenoor en voor hulle op die vlakte. Ver trek hulle die arms terug, stoot die spiese vorentoe en swaai hul lanse heen en weer; vurig word die aantog van manne en die gerunnik van perde.

600

En nou het beide leërs in hul opmars binne speerworpafstand van

²⁶ Haar eie boog en pyle.

mekaar gehalt. Skielik storm hulle vorentoe met 'n geskree en spoor hulle verwoede perde aan. Tegelykertyd laat hulle werpwapens neerreën, so dig soos sneeuvlokke, en die hemel word in skadu versluis. Dadelik jaag Tyrrhenus en wakker Aconteus met gevelde lanse met mening op mekaar af; hulle is die eerste wat onder luide gekletter op die grond neerstort en hulle perde bors teen bors verbreek en verbrysel. Aconteus word soos 'n blits uit die saal gegooi, of soos 'n gewig wat deur swaargeskut uitgeskiet is. Halsoorkop val hy ver van sy perd en strooi sy lewe uit in die briesse. **610**

Onmiddellik is die slaglinies in verwarring. Die Latyners maak 'n regsomkeer, swaai hulle skilde terug om die rug te dek en draai hulle perde in die rigting van die stad. Die Trojane agtervolg, en Asilas aan die voorpunt lei hul eskadronne. En reeds het hulle die poorte genader toe die Latyners weer eens hul krygskreet aanhef en die soepel nekke van hul perde omswaai: die Trojane vlug en retireer onder algeheel vrye teuel. Soos wanneer die oseaan met beurtelinge golfslag voortrol; nou stroom dit op die land af, bedelf skuimend die rotse en oorspoel die verste sandrand met sy krullende golwe; dan eb dit weer vinnig terug, suig die rollende klippies in sy trekking saam en laat die strand met vervloeiende stroompies agter. Tweemaal het die Etruriërs die Rutuliërs verslaan en na die stad toe gejaag; tweemaal teruggedryf, kyk hulle om en bedek hul rûe met hul skilde. Maar toe hulle in 'n derde geveg bots, toe albei linies totaal verstrengel raak en elke man sy man gekies het, toe, voorwaar, styg die gekreun van die sterwendes op, en wapens en liggame en halfdooie perde tussen neergevelde ruiters word in 'n diep stroom bloed aangerol. Die geveg neem in felheid toe. **620**

Orsilochus het sy spies na Remulus se perd geslinger – want hy was bang om die man self aan te pak – en die yster onder sy oor laat vassteek. Wild steier die perd die lug in van die hou; die wond is vir hom te veel en hy lig sy bors op en skiet sy bene hoog uit; sy ruiter word afgegooi en rol op die grond. Catillus vel Jollas neer, en vir Herminius, gedug in heldemoed, gedug ook weens sy liggaamsbou en wapens. Op sy onbedekte hoof stroom sy blonde hare; sy skouers is kaal en hy vrees geen verwonding nie; openlik **630**

stel so 'n groot man hom bloot aan die wapens. Deur sy breë skouers word die trillende spies gedryf, en toe dit aan die anderkant uitkom, laat dit die held ineenkrimp van die pyn. Oral guts die donker bloed. Al vegtend veroorsaak hulle dood, en streef self na 'n roemryke dood deur wonde.

CAMILLA²⁷ SE HELEDADADE

Maar midde-in die slagting gaan kokeromgorde Camilla soos 'n Amasone heftig te kere, haareen bors ontbloot om te veg. En nou laat sy buigsame lanse dig uit haar hand neerreën, dan gryp haar regterhand onvermoeibaar weer die stewige strydbyl; die goue boog en pyle van Diana ratel aan haar skouers. Selfs wanneer sy soms verjaag was en teruggeval het, het sy haar boog agtertoe gedraai en al vlugtend pyle gemik. Maar om haar heen was die keur van haar gesellinne, die maagd Larina, en Tulla, en Tarpeia wat haar bronsbeklede byl swaai, dogters van Italië wat deur goddelike Camilla self as haar trots uitgesoek is – goeie diensvroue in vrede en oorlog: soos wanneer die Amasones van Thracië op die strome van die Thermodon galoppeer en met beskilderde wapens veg, sy dit rondom Hippolyte²⁸, sy dit wanneer Penthesilea²⁹, dogter van Mars, in haar strydwa uit die geveg terugkeer en die vroulike leër met luide krete en 'n gedreun op hul halfmaanskilde te kere gaan.

Wie vel jy die eerste neer met jou wapen, woeste maagd, en wie die laaste? Of hoeveel liggame laat stort jy sterwend op die grond neer? Heel eerste vir Eunaëus, seun van Clytiüs, wie se onbeskutte bors sy met 'n lang dennehoutspies deurboor toe hy op haar afgery kom. Hy stort neer terwyl hy strome bloed braak, byt in die bloed-deurweekte grond, en sterwend krul hy rond op sy wond. Daarna vir Liris, en Pagasus bo-op hom; eersgenoemde terwyl hy die toom

²⁷ Vgl. Bk. 7, 808 e.v.

²⁸ Vgl. Bk. 7, 808 e.v.

²⁹ Twee koninginne van die Amasones.

afgehaal het nadat hy van sy perd afgegooi was toe dit onder hom neergeslaan het; die ander terwyl hy aankom en sy hand ongewapend na sy vallende vriend uitstrek; halsoorkop stort hulle saam neer. Sy voeg Amastrus, seun van Hippotas, by hierdie dooies, en met mening agtervolg sy vir Tereus van ver af met haar speer, en vir Harpalykus en Demophoön en Chromis. Soveel lanse as wat die maagd warrelend uit haar hand geslinger het, soveel manne van Troje het gesneuwel.

'n End weg ry die jagter Ornytus met wapens wat hom onbekend is, op 'n perd uit Japxyx. Die afgestroopte vel van 'n vegterstier bedek sy breë skouers. 'n Wolf se yslike oopgesperde bek en kake met die wit tande bedek sy kop, en 'n landelike jagspies is die wapen in sy hand. Hy self beweeg in die middel van die skares en steek 'n hele kop bo hulle uit. Hom onderskep sy – want dit was geen moeite met sy troep op vlug nie – en deurboor hom. Sy gaan staan oor hom en spreek die volgende woorde uit haar vyandige hart: “Trojaan, het jy gedink jy jag wilde diere in die bosse? Die dag het gekom om jou woorde met die wapens van 'n vrou te weerlê. Jy sal nietemin hierdie geensins geringe roem na die skimme van jou voorvadere meeneem: dat jy deur die wapen van Camilla gesneuwel het.” **680**

Hierna dood sy vir Orsiloehus en Butes, die twee grootste Trojane. Butes het sy met haar spiespunt van agter gestee, tussen die bors-harnas en helm, waar die ruiter se nek sigbaar is en die skild aan die linkerarm neerhang. Terwyl sy voor Orsiloehus vlug en in 'n wye sirkel gejaag word, uitoorlê sy hom deur aan sy binnekant in te swenk en agtervolg nou die agtervolger. Toe rig sy haar hoër op en kap haar stewige byl tweemaal deur die man se helm en skedel ten spyte van sy gesoebat en veelvuldige smeekbedes. Die wond bespat sy gesig met warm harsings. **690**

En nou kom die vegterseun van Aunus wat op die Apennynne woon haar teë, hy wat nie die minste³⁰ onder die Liguriërs was solank die **700**

³⁰ Die Liguriërs was berugte leuenaars – hy kon dus lekker lieg.

noodlot hom toegelaat het om te bedrieg nie. Verskrik deur die skielike aanblik steek hy vas, en toe hy bemerk dat hy nou deur geen vaart aan die geveg kan ontkom, of die dreigende koningin kan ontwyk nie, begin hy om met oorleg en lis bedrog te pleeg en vang met hierdie woorde aan: “Wat is dit nou so danig besonders as jy, hoewel ’n vrou, op ’n dapper perd moet vertrou? Sien af van jou vaart! Waag dit om op gelyk grond met my handgemeen te raak en omgord jou vir ’n geveg te voet: spoedig sal jy weet aan wie windmakerige grootpraat skade berokken!”

Hy het gespreek. Maar woedend en ontstoke van felle verontwaardiging, oorhändig sy haar perd aan ’n gesellin, en gaan staan voor hom met gelyke wapens, te voet en onbevrees, met getrokke swaard en onversierde skild. Maar onder die indruk dat hy met sy lis geslaag het, vlieg die jongman self daar weg – hy talm nie – pluk sy teuels om en vlug ylend weg terwyl hy sy perd tot vaart aandryf met yster spore. “Bedrieglike Liguriër, verniet so opgeblase in jou hovaardige gemoed! Vergeefs het jy, glibberig soos jy is, jou land se lis op die proef gestel, en bedrog sal jou nie ongeskonde huis toe neem na leuenagtige Aunus toe nie!” Dit sê die maagd, en soos blits hardloop sy op snelle voete die perd in, gryp dit voor aan die teuels vas, raak handgemeen en put vergelding uit haar vyand se bloed: so maklik as wat ’n valk, die heilige voël³¹, van ’n hoë rots af opvlieg en ’n duif daar hoog in ’n wolk agternasit, dit in sy greep vasklem en met gekromde kloue verskeur; dan dryf daar bloed en uitgeplukte vere uit die lug neer.

710

720

JUPITER SORG DAT DIE ETRURIËRS WEER MOED SKEP

Maar hoog op die top van Olympus sit die Vader van mense en gode, en hy bemerk al hierdie dinge met alsierende oë. Hy hits die Etruriër Tarchon aan om aan die wrede gevegte deel te neem, en met felle prikkels wek hy sy woede. Dus ry Tarchon tussen die doodslag en wykende afdelings op sy perd en spoor die eskadronne met verskillende verwyte aan, roep elkeen op sy naam

730

³¹ Homerus (*Od.* 15, 526) noem die valk “Apollo se snelle boodskapper.”

en bemoedig die verjaagdes om weer tot die geveg toe te tree. “Welke vrees, Etruriërs, o julle wat nooit sal skaam kry nie, o julle ewige lamsakke, welke grenslose lafhartigheid het in jul harte opgekom? ’n Vrou jaag julle uiteen en laat slaan hierdie afdelings op die vlug! Waarvoor het ons swaarde? Of waarom dra ons hierdie wapens nutteloos in ons hande? Maar julle is nie traag vir liefde en nagtelike stoeigevegte, of wanneer die gekromde fluit die reidanse van Bacchus verkondig nie! Wag maar op feesmale en bokale op die vorgelaaide tafel – dít is mos julle verlange, dít jul genoeg – totdat die siener gunstige tekens meld en die offerande aankondig en die gemeste offerdier julle na die hoë bosse nooi!”

740

So het hy uitgeroep, en self bereid om te sterwe, dryf hy sy perd na die middel van die vegtendes en storm woedend op Venulus af, pluk hom van sy perd af, slaan sy regterarm om sy vyand, en voer hom met groot geweld weg terwyl hy die man voor hom teen sy skoot hou en vinnig wegy. ’n Geskree styg ten hemel en al die Latyners kyk om daarheen. Soos die blits vlieg Tarchon oor die vlakte heen terwyl hy die man met sy wapens meevoer. Toe breek hy die yster van die bopunt van sy vyand se eie spies af en speur rond na onbeskermdes liggaamsdele waar hy ’n dodelike wond kan toedien. Venulus, daarenteen, veg terug, weer die hand van sy keel af en ontwyk die geweld met sy krag. Soos wanneer die geelbruin adelaar hoog in die lugruim vlieg met ’n slang wat hy gevang het; hy het sy pote daarom geslaan en hou dit stewig in sy kloue vas; maar die gewonde slang wring hom in krullende kronkelings, vertoon stekelig van regopstaande skubbe en sis met sy bek terwyl hy sy voorlyf hoog oplig; onverpoos val die voël die worstelende reptiel aan met sy krom snawel en beuk tegelykertyd die lug met sy vlerke: net so dra Tarchon sy buit triomfantelik uit die linie van die Tiburtiërs. Die Etruriërs volg die voorbeeld en prestasie van hulle leier en storm in.

750

ARRUNS HOU VIR CAMILLA DOP

Toe is dit dat Arruns, hy wat aan sy lot verskuldig is³², rondom

³² D.w.s. gedoem om te sterwe.

vlugge Camilla draai met sy werpspies en groot arglistigheid – daarin is hy haar meerdere – en uittoets welke noodlotskans die maklikste sal wees. Waar die jonkvrou ook al woedend in die middel van die troep beweeg, daar sluip Arruns op haar hakke en hou hy in stilte haar bewegings dop. Waar sy seëvierend terugkeer en van 'n vyand af terugstap, daarheen draai hy skelmpies sy snelle teuels. Nou probeer hy hierdie toegang, dan daardie, en dwaal in 'n sirkel om en om terwyl hy sy onfeilbare spies meedoënloos swaai.

760

CAMILLA SE DOOD

Toevallig het Chloëus, heilig vir Cybelusberg³³ en lank gelede 'n priester, in die verte die aandag getrek waar hy in sy Trojaanse wapens skitter. Hy het sy skuimbekende perd aangedryf, en 'n vel met brons skubbe wat met gouddraad veervormig aaneengeryg was, het dit bedek. Self het hy van uitheemse rooibruin en purper gestraal en Gortyniese³⁴ pyle met 'n Lyciese boog afgeskiet. Van goud was die boog aan sy skouers, en van goud die siener se helm. Sy saffraankleurige mantel met die ruisende linneplooie het hy met 'n gespe van geel goud in 'n knoop saamgebind; sierlik gestik was sy hemp en die uitlandse bedekking³⁵ van sy bene.

770

Hòm het Camilla nou blindelings agtervolg, sy dit om Trojaanse wapens voor aan tempels vas te heg, sy dit om as jagteres in buitgemaakte goud te pronk – hom alleen uit almal wat aan die worsteling van die stryd deelgeneem het. Brandend van vroulike verlange na buit en krygstrofeë, agtervolg sy hom onverskillig deur die hele linie, toe Arruns op langelaas uit sy hinderlaag die geleentheid te baat neem. Vinnig bring hy sy spies te voorskyn en bid soos volg tot die hemelgode: “Apollo, hoogste van alle gode, bewaker van heilige Soracte, u wat deur ons, meer as deur ander volke, vereer word, tot wie se eer die dennehoutvuur aan die

780

³³ Die berg van die godin Cybele.

³⁴ Kretensiese.

³⁵ Sy broek.

stapel vreet, en ons, u aanbidders, in 'n vaste vertrouwe op ons godsvrug ons skredes deur die vuur³⁶ in die diep as plant, gee, almagtige vader, dat hierdie skande deur my wapens uitgedelg word! Geen afgestroopte wapenrusting van die verowerde meisie, geen segeteken of enige buit vra ek nie – my ander dade sal my roem besorg. As hierdie heillose pes maar net val, getref deur 'n wond wat ek toedien, sal ek roemloos na die stede van my vaders terugkeer.”

790

Apollo het gehoor en in sy beslissing toegestaan dat 'n deel van Arruns se gebed slaag, maar die ander deel het hy in die gevleuelde briese verstrooi. Aan die bidder het hy toestemming verleen om Camilla te verras en in plotselinge dood neer te vel. Dat sy hoogliggende vaderland hom sien terugkeer, het hy nie toegestaan nie, en rukwinde het sy woorde na Suiderstorms weg-gewaai.

Toe die speer dus deur sy hand geslinger word en suisend deur die briese trek, het al die Volsci gespanne hul aandag en oë op hul koningin gevestig. Sy self was van niks bewus nie, nóg van die bries, nóg van die gesuis en die wapen wat uit die lug nader, totdat die speer sy skyf tref en onder haar ontblote bors vassteek. Diep ingedryf, drink dit haar maagdelike bloed.

800

Onthuts storm haar makkers nader en vang hul meesteres op terwyl sy neersyg. Nog meer verbouereerd as al die ander vlug Arruns in blydschap gemeng met angs. Nou waag hy nie om verder op sy spies te vertrou, of die wapen van die meisie te trotseer nie. Soos die wolf wat 'n herder of 'n groot stier gedood het en hom onverwyld, voordat vyandige wapens hom kan agtervolg, in die hoë berge weg van die paaie versteek het; bewus van sy vermetele daad het hy sy stert laat sak, dit bewend onder sy pens geslaan en na die bosse koers gevat: net so het Arruns in aller yl onder die oë uit gehaas, en tevrede om te vlug in die midde van die gewapende troep verdwyn.

810

³⁶ In die aloue ritusse op Soracteberg het die aanbidders drie maal met offergawes deur dennehout vuur geloop. Vgl. Plin. *Nat. Hist.* 7, 2, 19.

Sterwend pluk Camilla met haar hand aan die speer, maar die ysterpunt steek tussen die ribbene in 'n diep wond vas. Bloedloos syg sy neer, haar oë word flets en koud van die dood, en die roserooi van vroeër het uit haar gelaat verdwyn. Terwyl sy haar asem uitblaas, spreek sy toe vir Acca aan, 'n jonkvrou so oud soos sy en getrouer aan haar as al die ander, die enigste persoon wat Camilla gehad het om haar sorge mee te deel, en sê: "Tot hier toe, Acca, my suster, kon ek uithou: nou vernietig die folterende wond my, en alles om my heen word swart van duisternis. Vlug, en lewer hierdie laaste opdragte van my aan Turnus af: hy moet die geveg oorneem en die Trojane afweer van die stad. En nou, vaarwel!"

820

Terwyl sy dit nog sê, het sy die leisels laat los en ten spyte van al haar pogings, grond toe afgegly. Toe het sy geleidelik koud geword, en haar geheel en al van haar liggaam losgemaak. Sy het haar slap nek neergelê, en haar hoof, oorweldig deur die dood, en haar wapens laat val. Met 'n kreun het haar lewe verbitter wegevlug na die skadu's benede. Toe, voorwaar, styg daar 'n ontsaglike geskree op en slaan teen die goue sterre vas. Noudat Camilla geval het, word die stryd feller; in digte skaar storm die ganse leër van die Trojane, die Etruriese leiers, en Evander se Arcadiese eskadronne gelyktydig aan.

830

OPIS NEEM WRAAK OP ARRUNS

Maar Opis, Diana se brandwag, sit lank reeds daar bo op die bergtoppe onverskrokke na die gevegte en kyk. En toe sy te midde van die krete van die woedende manskappe van ver af vir Camilla sien lê, getref deur die sombere dood, het sy gekreun en hierdie woorde uit die bodem van haar hart gesê: "Helaas, 'n al te wrede, ja, met 'n al te wrede straf het jy vergeld, o jonkvrou, omdat jy gewaag het om die Trojane met oorlog uit te tart! En dit het jou niks gebaat dat jy eensaam tussen die kreupelhout vir Diana vereer het, of dat jy ons pylkokers aan jou skouer gedra het nie. Maar tog het jou vorstin jou, reeds in die greep van die dood, nie ongeëre gelaat nie, en sal hierdie dood van jou nie sonder roem onder die volke wees nie. Ook sal jy nie ly deur bekend te staan as 'n ongewreekte nie. Want wie ook al jou liggaam met 'n wond geskend het, sal met sy verdiende dood daarvoor boet."

840

Bedek deur 'n skaduryke eik, het daar aan die voet van 'n hoë berg 'n heuweltjie opgestapelde grond gestaan – die reusegraf van Dercennus, 'n Laurentiese koning van lank gelede. Hier neem die allerskoonste godin met vinnige vaart eers stelling in, en van die hoë grafheuvel af gewaar sy vir Arruns. Toe sy hom sien, skitterend in sy wapenrusting en geswolle van ydele trots, sê sy: “Waarom gaan jy in 'n totaal verkeerde rigting weg? Rig jou skrede hierheen, kom hierheen na jou dood, sodat jy jou verdiende beloning vir Camilla kon ontvang. Sal jy dan ook deur Diana se pyle sterf?”³⁷

850

Die Thraciese nimf het gespreek, en die gevleuelde pyl uit die vergulde koker geneem. Verbete het sy die booggespan en dit ver uitgetrek totdat die gekrulde eindes teen mekaar raak, en totdat sy met hande in 'n reguit lyn, die skerp ysterpunt met die linkerhand, en met die regterhand en boogsnaar haar bors kon raak. Dadelik, en gelyktydig het Arruns die snorrende pyl en die suisende lug gehoor, en die yster het in sy liggaam vasgesteek. Sy vergeetagtige makkers laat hom sterwend in die stof van die onbekende vlakke agter waar hy sy laaste kreun gee. Op haar vlerke word Opis na hemelse Olympus weggedra.

860

CHAOS ONTSTAAN IN LATINUS SE STAD

Nadat hulle hul gebiedster verloor het, is Camilla se liggewapende eskadron die eerste wat vlug. In verwarring slaan die Rutuliërs op vlug, en ook dapper Atinas vlug. Die leiers in die veld verstrooi, en die afdelings deur hul leiers verlaat, soek veiligheid; hulle pluk hulle perde om en ry na die stadsmure. En niemand is by magte om die aandringende Trojane wat die dood meebring te weerstaan, of met wapens teen hulle stand te hou nie. Maar op tam skouers dra hulle hul ontspanne boë terug, en die hoefslag van perde op galop laat die krummelende vlakke bewe.

870

³⁷ Beter mense sterf deur Diana se pyle!

'n Dwarrelende stofwolk, ondeursigtig en swart, rol na die mure toe aan, en van bo uit die wagtoringe laat die moeders, terwyl hulle op hul borste slaan, hul vroulike geweeklag tot aan die hemelse sterre opstyg. Hulle wat die eerste by die oopliggende poorte ingestorm het, word geteister deur 'n skaar van die vyand wat onder die Italiaanse troepe ingekom het. En hulle spring nie 'n jammerlike dood vry nie, maar net daar op die drumpel, binne hul vaderlandse mure en in die beskutting van hulle huise word hulle deurboor en asem hulle hul lewens uit. Party het die poorte gegrendel en durf nie vir hulle makkers 'n weg open, of die smekendes binne die mure ontvang nie. 'n Allerellendigste slagting ontstaan onder hulle wat die toegange met wapens beskerm, en hulle wat teen die wapens instorm. 'n Deel van die wat voor die oë en aangesigte van hul wenende ouers uitgesluit is, rol onder druk van die wanordelike vlug halsoorkop in die gragte. Onbeheers storm ander blindweg en beuk teen die poorte en kosyne wat met hul versperrende grendel onversetlik bly. Die moeders self is in allerskerpste mededinging besig om met bewende hand wapens bo van die mure te slinger – ware vaderlandsliefde wys die weg aan, soos hulle vir Camilla gesien het – en met stewige eikestokke en pale wat in vuur hard gemaak is boots hulle inderhaas ysterwapens na, en hulle brand om eerste voor die mure te sterwe.

880

890

TURNUS EN AENEAS BEREIK DIE STAD

Met volle geweld bereik die vreeslike berig intussen die ore van Turnus in die bosse, en Acca vertel die jongman van die geweldige ramp: die magte van die Volsci is vernietig, Camilla het gesneuwel, die vyand storm verbitter aan en het seëvierend alles oorweldig terwyl die paniek nou na die stad toe deurdring. Woedend ontruim hy die heuwel wat hy beset het – so eis Jupiter se gestrenge wil dit – en hy verlaat die ruwe bosse.

900

Nouliks het hy buite gesig verdwyn en die vlakte bereik, of vader Aeneas gaan die onbewaakte pas binne, trek oor die bergrug en kom uit die skaduryke woud te voorskyn. So marsjeer beide na die stadsmure, vinnig en met hul hele leër, en ook nie ver van mekaar af nie. Op dieselfde oomblik het Aeneas van ver af die vlaktes sien damp van die stof en die Laurentiese leërmagte bemerk, en het

Turnus die grimmige Aeneas in sy wapenrusting herken en die **910**
naderende voete en die gepraes van perde gehoor. En hulle sou
dadelik die geveg ingegaan en die krygskans beproef het as
roserooi Apollo nie nou sy moeë perde in die Hiberiese³⁸ oseaan
gebad en die nag teruggebring het terwyl die dag gedaal het nie.
Voor die stad trek hulle laer en verskans die mure met grondwalle.

³⁸ Westelike.

DIE TWAALFDE BOEK

*Die beslissende tweeveg:
die dood van Turnus*



...ek het dit verdien en ek vra nie om genade nie .

TURNUS BESLUIT OM AENEAS IN 'N TWEERGEVEG TE ONTMOET

Toe Turnus bemerk dat die Latyners weens die onguns van die Oorlogsgod geknak en ontmoedig is, dat daar uitvoering geëis word van sy beloftes en dat hulle oë op hom gerig is, ontbrand hy sonder meer van onversoenlike woede en laat sy trots hoogty vier. Soos die leeu wat in die velde van Carthago deur jagters met 'n swaar wond in die bors getref is en eers dán begin veg; dis vir hom 'n vreugde om die golwende maanhaar op sy gespierde nek te skud, en onbevrees byt hy die rower se spies wat in hom vassteek middeledeur terwyl hy met bloedbevlekte muil brul: net so swel die heftigheid in die ontstoke Turnus aan.

Toe spreek hy die koning aan en onstuimig begin hy: “By Turnus lê daar nou geen oponthoud nie. Daar is geen rede waarom die lafhartige Trojane hulle woorde sou terugtrek, of dit waarop hulle ooreengekom het van die hand sou wys nie: ek ontmoet hom in die stryd! Bring die heilige gerei, vader, en stel die verdrag op. Ek sal die Trojaan of met hierdie hand Hel toe neerstuur, die vlugteling uit Asië – laat die Latyners sit en toekyk – en met my swaard, ek alleen, die aantying teen ons almal weerlê, of hy moet ons as oorwonnes in sy mag hou, en Lavinia moet aan hom toeval as sy vrou.”

10

LATINUS PROBEER TURNUS TOT ANDER INSIGTE BRING

Met bedaarde hart het Latinus hom beantwoord: “O jongman, voortreflik in dapperheid, hoe meer jy self uitblink in jou felle mannemoed, des te meer is dit my plig om jou sorgvuldiger van raad te bedien en angsvallig elke lotskans te oorweeg. Jy het jou vader Daunus se koninkryk, jy het baie dorpe wat deur jou hand verower is, en Latinus het sowel goud as die bereidwilligheid om dit te gee. In Latium, in die velde van Laurentum is daar ander ongetroude meisies van edel afkoms. Laat my toe om hierdie woorde wat my swaar val om uit te spreek, sonder bedrog te sê en drink terselfdertyd dit met jou gees in: aan nie een van haar vroeëre vryers mog ek my dogter verbind nie, en al die gode en

20

mense het dit voorspel. Oorrompel deur my liefde vir jou, oorrompel deur ons bloedverwantskap en die trane van my bedroefde eggenote, het ek alle verbintenisse verbreek, die beloofde bruid aan my skoonseun ontruk en goddelose wapens opgeneem. Jy sien, Turnus, welke gevare, welke oorloë my sedertdien agtervolg, welke groot ontberinge jy, meer as ander, verduur. Tweemaal is ons reeds in groot slae oorwin en in ons hoofstad beskerm ons beswaarlik die hoop van Italië. Die strome van die Tiber is nog warm van ons bloed, en die uitgestrekte vlaktes lê wit van ons beendere. Waarom wyk ek soveel keer van my besluit af? Watter waansin is dit wat my bedoeling verander? As ek bereid is om hulle as bondgenote aan my te verbind nadat Turnus gedood is, waarom nie liewer die stryd beëindig solank hy nog lewe nie? Wat sal jou Rutuliese bloedverwante, wat sal die res van Italië sê as ek jou – mag die noodlot my woorde loënstraf! – aan die dood sou uitlewer, jy wat 'n huwelik met my dogter nastreef? Dink aan die wisselende geleenthede van oorlog, bejammer jou gryse vader wat nou bedroef deur sy vaderland Ardea ver van jou weggehou word.”

30

40

Turnus se heftigheid bedaar geensins ten gevolge van hierdie woorde nie; nog hoër laai dit op, en van die helende poging word dit nog feller. Sodra hy weer kon praat, begin hy soos volg: “Die bekommernis wat u oor my voel, voortreflike vors, moet u asseblief om my ontwil laat vaar en my vergun om my dood vir roem in te ruil. Ook ek, vader, kan met my hand werpwapens laat neerreën en die yster kragtig swaai, en daar stroom ook bloed uit 'n wond wat ek geslaan het. Sy goddelike moeder sal ver van hom af wees, sy wat die vlugteling met 'n wolk deur 'n vrou versin, bedek en haar in onwerklike skadu's verberg.”

50

AMATA PLEIT OOK BY TURNUS

Maar onthuts deur die onverwagte wending van die oorlog het koningin Amata, vas van plan om te sterwe¹, wenend aan haar

¹ Indien Turnus sou sterwe.

vurige skoonseun vasgeklou: “Turnus, ek smeeek jou by hierdie trane van my, by al die eerbied wat jy vir Amata in jou hart omdra: jy is nou my enigste hoop, jy, die steun van my jammerlike ouderdom; Latinus se eer en heerskappy rus op jou skouers, op jou steun ons hele wankelende huis. Een guns vra ek: sien af daarvan om teen die Trojane te veg. Watter lot ook al in daardie geveg op jou wag, Turnus, wag ook op my. Saam met jou sal ek hierdie haatlike lig verlaat en nimmer as gevangene vir Aeneas as skoonseun aanskou nie.”

60

Lavinia het haar moeder se woorde gehoor, en trane het oor haar brandende wange gestroom terwyl ’n diep blos sy vuurglans vertoon en oor haar gloeiende gelaat versprei. Soos wanneer iemand Indiese ivoor met bloedrooi purper tint, of soos wanneer ’n groot bos blankwit lelies ’n rooi skynsel aanneem van die rose tussen hulle – sulke tinte het die meisie op haar wange vertoon. Hý word deur sy liefde verwar en stip vestig hy sy blik op die meisie. Te meer brand hy vir die geveg en spreek Amata kortliks aan: “Nee, ek smeeek u, moeder, moet my nie met trane, nie met so ’n groot onheilsteken uitgeleide doen waar ek op weg is na die stryd van die wrede Oorlog nie; want Turnus is nie vry om sy dood te vertraag nie. Idmon, dra hierdie woorde van my aan die Trojaanse heerser oor, woorde wat nie na sy sin sal wees nie! Sodra die Daeraad môre in haar karmosyn strydwa voortry en rooi aan die hemel gloei, moet hy nie die Trojane teen die Rutuliërs voortlei nie – laat die wapens van die Trojane en die Rutuliërs rustig bly. Laat ons met ons bloed die oorlog beëindig; laat Lavinia op die vlakte daar as eggenote gewen word.”

70

80

TURNUS BEREI VOOR VIR DIE TWEEGEVEG

Toe hy dit gesê en haastig na sy huis teruggekeer het, eis hy sy perde, en dit is vir hom ’n lus om na hulle te kyk waar hulle hier voor sy oë runnik. Orithya² het hulle persoonlik aan Pylumus³ as

² Eggenote van die Noordewind, Boreas.

³ Turnus se grootvader.

'n eregeskenk gegee – in witheid sou hulle sneeu oortref, in spoed die briese. Ywerig staan die stalknegte rondom, klop hulle met bakgehoude hand teen die bors dat dit weerklik en roskam die golwende maanhare.

Hierna lê hy die pantser met goue skubbe oor sy skouers. Terselfdertyd pas hy hom die swaard en skild en die horings⁴ van sy rooi pluim aan, ja, die swaard wat die goddelike Beheerser van Vuur self vir sy vader Daunus gesmee, en witwarm in die water van die Styx gedoop het. Dan gryp hy met geweld sy stewige speer wat in die middel van sy huis teen 'n geweldige suil aangeleun gestaan het, buit wat hy van die Aurunciër Actor afgeneem het. Hy skud die wapen dat dit tril en skree uit: “O speer wat nooit my oproep gefaal het nie, nou het jou tyd gekom. Jou het die reus Actor voorheen gedra, jou dra Turnus nou in sy regterhand. Gee dat ek die verwyfde Trojaan se liggaam neervel, dat ek met sterke hand sy pantser afpluk en verskeur, en sy hare wat met die warm krulyster gekrul is en druipe van mirre, met stof besoedel.” Deur sulke woede word hy aangedryf; gloeiende vonke skiet uit sy hele gesig, en vuur flikker in sy felle oë. Soos wanneer 'n bul ten aanvang van die geveg skrikwekkend brul, of met sy kop teen 'n boomstam beurt in 'n poging om sy woede op sy horings oor te dra; met sy stote daag hy die winde of lewer stofskoppend in vlieënde sand die voorspel tot die geveg.

90

100

AENEAS NEEM DIE UITDAGING AAN

Grimmig in die wapenrusting wat sy moeder geskenk het, is Aeneas intussen besig om sy strydslus ewe flink aan te wakker en hom met woede op te sweep, bly dat die oorlog met die voorgestelde verdrag besleg word. Daarna troos hy sy makkers en stel die verdrietige Julius se vrees gerus deur hulle die noodlot mee te deel. Hy beveel die manne⁵ om sy besliste antwoord aan Latinus te rapporteer en om die vredesvoorwaardes mee te deel.

110

⁴ Twee kokers van horing aan die helmkap, waarin die pluim vasgesit is.

⁵ Idmon (v. 75) en sy geselle.

VOORBEREIDING VIR DIE VREDESVERDRAG

Nouliks het die volgende dag verrys en die bergtoppe met lig besprinkel, die uur wanneer die perde van die Son hulle uit die diep draaikolk⁶ verhef en lig uit hul omhooggestrekte neusgate adem, of die Rutuliërs en die manne van Troje het die strydperk digby die mure van die magtige stad afgebaken, en was besig om in die middel haardvure en sooibedekte altare vir hul gemeenskaplike gode voor te berei. Met voorskote aan, die slape omkrans met heilige lower, het ander fonteinwater en vuur aangedra.

120

Die leër van die Italiane kom aangemarsjeer, en dig saamgedring stroom die troepe deur die volgepakte poorte. Aan die ander kant haas die ganse Trojaanse en Etruriese leër in allerlei bewapening nader, met swaarde toegerus, presies asof hulle deur wrede oorlogstryd opgeroep word. En in die middel van die duisende beweeg die leiers self heen en weer, trots op hul goud en purper: Mnesteus, nasaat van Assaracus, en dapper Asilas en Messapus, temmer van perde en spruit van Neptunus. En toe elkeen op die gegewe teken na sy bestemde plek teruggegaan het, plant hulle hul spiese in grond en laat leun hul skilde daarteen. Toe het die moeders en ongewapende massas en kragteloze grysaards gretig uitgestroom en die torings en die dakke van die huise beset; nog ander staan by die hoë poorte.

130

JUNO SE TUSSENKOMS

Maar van die heuweltop af – tans word dit die Albaanse genoem, maar toe het die berg nog geen naam of eer of faam gehad nie – het Juno neergekyk en stip na die vlakke, die twee leërs van die Italiane en die Trojane, en na Latinus se stad gestaar. Dadelik spreek die godin Turnus se suster⁷ aan, 'n godin – hierdie eer het Jupiter, verhewe vors van die hemel, aan haar geheilig ter

140

⁶ Die oseaan.

⁷ Juturna, 'n waternimf.

vergoeding vir haar geskonde kuisheid – wat poele en dreunende riviere beskerm: “O nimf, sieraad van die strome, allerdiërbaarste van my hart, jy weet hoe ek jou alleen van al die Latynse meisies wat groothartige Jupiter se ondankbare bed bestyg het, uitgekies en met graagte ’n plek in die hemel gegee het. Verneem nou jou smart, Juturna, en moet my nie daarvoor beskuldig nie. Waar dit gelyk het of die Noodlot toelaat en die Skikgodinne dit gedoog dat Latium se voorspoed groei, het ek Turnus en jou stad beskerm. Nou sien ek dat die jongman teen ’n magtiger noodlot stry: die oordeelsdag van die Skikgodinne, verderflike geweld is aan ’t nader. Hierdie tweegeveg, hierdie verdrag kan ek nie met my oë aanskou nie! As jy iets meer ingrypends in jou broer se belang durf doen, gaan voort! Vir jou is dit paslik. Dalk wag daar beter dinge op die mense in hul ellende.” Nouliks het sy dit gesê of die trane stroom uit Juturna se oë, en driemaal, viermaal het sy haar lieflike bors met haar hand getref. “Hierdie is geen tyd vir trane nie”, sê Juno, dogter van Saturnus, “haas heen, en as daar ’n manier is, ontruk jou broer aan die dood! Of laat die oorlog ontbrand en vernietig die verdrag wat plegtig gesluit is! Ek raai die waagstuk aan.” So het sy Juturna aangespoor, en haar vol twyfel en ontsteltenis van die wrede wond in haar siel verlaat.

150

160

DIE VERDRAG WORD GESLUIT

Intussen kom die vorste aangery. Latinus, ’n man van reusegestalte, ry op sy wa getrek deur ’n vierspan – twaalf goue strale, embleem van die Son, sy voorvader, omgewe sy glansende slape. Turnus ry met sy wit tweespan terwyl hy twee lanse met breë ysterlemme in sy hand laat wieg. Aan hierdie kant kom vader Aeneas, die oorsprong van die volk van Rome, stralend met vonkelende skild en hemelse wapens uit die kamp te voorskyn, en langs hom Ascanius, die ander hoop van magtige Rome. In vleklose wit kleeft het ’n priester die jong van ’n stekelharige vark en ’n ongeskeerde tweetand skaap gebring en die diere voor die brandende altare geplaas. Die vorste draai met hul gesigte na die opkomende son, strooi met hul hand die sout offermeel, merk die slape van die offerdiere aan die bokant met die mes⁸ en pleng uit

170

⁸ ’n Tosseltjie hare word daar afgesny. Vgl. Bk. 6, 245.

die bekere op die altare.

Toe trek pligsgetroue Aeneas sy swaard en bid soos volg: “Laat die Son nou my getuie wees waar ek roep, en hierdie Aarde, om wie se ontwil ek kans gesien het om sulke groot ontberinge te verduur; en die almagtige Vader, en u, sy gade, dogter van Saturnus – nou vriendeliker, nou op langelaas, godin, ek smee – en u, roemrugtige Mars, u, vader, wat alle oorloë onder u goddelike wil beheer. En die fontein en strome roep ek aan, en al die heilighed van die hoë hemel, en al die gode in die donkerblou see: as die oorwinning toevallig aan Italiese Turnus toeval, dan is die ooreenkoms dat die oorwonnene na Evander se stad heengaan. Julius sal dan uit die land wyk, en daarna sal die volk van Aeneas nie rebelleer en weer met oorlog begin, of hierdie koninkryk met die swaard bedreig nie. Maar as Oorwinning⁹ ons stryd begunstig – soos ek eerder dink, en mag die gode dit eerder so met hul mag bevestig – sal ek nie die Italiane beveel om die Trojane se onderdane te wees nie, en ek streef ook nie na hul koninkryk vir myself nie: laat beide volke onder dieselfde wette en onoorwonne ’n ewige verbond aangaan. Ek sal die gode en die heilige handeling voorsien; laat Latinus as my skoonvader die wapens behou, as my skoonvader, sy gewone oppergesag. Vir my sal die Trojane stadsmure oprig, en Lavinia sal haar naam aan die stad gee.”

180

190

So het eers Aeneas gespreek, en daarna volg Latinus aldus terwyl hy na die hemel opkyk en sy regterhand na die sterre uitstrekk: “Ek sweer by dieselfde magte, Aeneas, by die Aarde, die See, die Sterre, Latona se tweevoudige nakroos¹⁰, Janus met die twee gesigte, die mag van die onderwêreldse gode en die heiligdomme van onverbiddelike Pluto: mag die Vader wat verbonde met sy bliksem bekragtig, hierdie woorde hoor. Ek raak die altaar aan, en roep tot getuie die vure en die gode tussen ons: geen tydverloop sal hierdie vrede en verdrag vir die Italiane verbreek nie, wat ook

200

⁹ Ek lees *Victoria*.

¹⁰ Die son en die maan.

al mag gebeur. En geen mag sal my wil verander nie, nie as dit die land in die golwe sou plons, alles in 'n vloed vermeng en die hemel aan stukke sou neerslinger in die Onderwêreld nie, so seker as wat hierdie septer” – want in sy regterhand het hy toevallig 'n septer gedra – “nooit twyge met ligte lower of skaduwees sal uitstoot nie as dit eenmaal in die bosse onder van die stam afgesny is en sy moeder ontbeer, en deur die ysterbyl sy blare en takke verloor het: eenmaal 'n boom, maar nou het die hand van die vakman dit met sierlike brons oorgetrek en dit aan die Latynse vaders gegee om te dra.”

210

Met sulke woorde het hulle die verdrag midde-in die gesigskring van die vernaamste leiers bekragtig. Toe sny hulle volgens gebruik die gewyde diere oor die vlamme keelaf, skeur die ingewande uit die nog lewende offerdiere en stapel oorlaaide borde op die altare.

DIE VERBOND WORD GESKEND

Maar lank reeds, voorwaar, het daardie geveg vir die Rutuliërs ongeluk voorgekom en is hul harte deur verskeie emosies verontrus, nou te meer toe hulle van naderby sien dat die helde in krag verskil. Turnus vererger hierdie vrees toe hy met geluidlose tred naderkom en deemoedig met neergeslane oë die altaar vereer – ook sy jongmangelaat en die bleekheid van sy jeugdige liggaam. Sodra sy suster Juturna sien dat hierdie soort opmerking toeneem en dat die gevoelens van die skare wankelend en verward is, neem sy die voorkoms van Camers aan en werp haar in die midde van die leër. Edel was die familie waaruit hy gestam het, skitterend die roem van sy vader se dapperheid, en hyself 'n verbete vegter. Goed op hoogte van die omstandighede werp sy haar in die midde van die leër, saai allerlei gerugte en spreek soos volg: “Skaam julle jul nie Rutuliërs, om één lewe vir al sulke weerbare manne op die spel te plaas nie? Is ons dan nie in getalle en krag hul gelyke nie? Kyk! Hier staan al die Trojane en Arcadiërs en die bendes van Etrurië wat deur die noodlot vyandig teen Turnus is. As ons slegs al om die ander man tot die stryd sou optrek, het elkeen van ons nouliks 'n vyand. Turnus, voorwaar, sal deur sy roem opstyg na die hemelgode aan wie se altare hy sy lewe wy, en hy sal voortleef op die lippe van mense. Ons wat nou hier

220

230

traag op die velde sit, sal ons vaderland verloor en gedwing word om hovaardige base te gehoorsaam!"

Deur sulke woorde is die jongmanne se besluit nou sterker aangevuur, 'n gemompel kruip van die een gelid na die ander. Selfs die Laurentiërs¹¹, ja, selfs die Latyners¹¹ is verander. Hulle wat reeds gehoop het op rus na die stryd en behoud van hul besittinge, verlang nou wapens, bid dat die verdrag ongedaan gemaak word en bejammer Turnus se onregverdige lot. **240**

Hierby voeg Juturna iets anders, iets gewigtigers: in die hoë hemel wys sy op 'n teken wat die harte van die Italiane doeltreffender as enigiets anders verwar en met sy wonderverskyning bedrieg het. Want in sy vlug deur die rooigetinte lug het die geelbruin voël van Jupiter die oewervoëls, 'n krysende massa in gevleuelde kolonne opgejaag. Toe skiet hy skielik na die water neer en roekeloos gryp hy 'n sierlike swaan in sy gekromde kloue. Met gespanne aandag kyk die Italiane toe. Een en almal – wonderbaar om te sien – draai die voëls skreeuend in hul vlug om, en terwyl hulle die hemel met hulle vlerke verduister, vorm hulle 'n wolk en agtervolg die vyand deur die lug totdat die arend, oorweldig deur die oormag en die gewig van sy prooi self, swig, dit uit sy kloue in die rivier laat val en hoog tussen die wolke in vlug. **250**

Toe, voorwaar, begroet die Rutuliërs die voorteken met 'n geskree en hulle maak gereed om te veg. Heel eerste sê Tolumnius die wiggelaar: "Hiérom was dit, hiérom dat ek so dikwels in my gebede gevra het. Ek erken die hand van die gode en neem die teken aan. Gryp haastig na die swaard! Ek, ja, ek sal julle lei, rampsaliges vir wie 'n skaamtelose indringer soos kragteloos voëls met oorlog verskrik en julle kuste met geweld plunder. Ook hý sal op die vlug slaan en ver weg op die diepsee sy seile span. Versamel eendragtig julle troepe dig bymekaar en verdedig met stryd die koning wat van julle weggegryp is!" **260**

¹¹ Bondgenote van die Rutuliërs tot wie Juturna haar woorde gerig het.

Hy het gespreek, vorentoe gesnel en sy spies reg op die vyand voor hom afgeslinger. Sekuur op sy doel af sny die suisende spies met kornoeliehoutskag snorrend deur die briese. Hiermee saam ontstaan terselfdertyd 'n heftige geskree; al die wigvormig opgestelde geledere is die ene verwarring en hul harte gloei van die opskudding. Voort vlieg die spies na waar nege besonder mooi geboude broers toevalling in sy pad gestaan het – 'n kroos wat een getroue Etruriese eggenote almal vir Arcadiese Gylippus gebaar het. Van hulle word een in sy middel getref, waar die bestikte gordel teen die maag skaaf en 'n gespe die eindes van die sygedeeltes aaneenbyt – 'n jongman voortreflik van gestalte en met blinkende wapens. Dwarsdeur sy ribbes boor dit en vel hom neer op die geel sand.

270

Maar van die broers, 'n moedige bende deur smart ontstoke, trek party die swaard, en party gryp die yster werpspies en storm blindelings voort. Die afdelings van die Laurenters hardloop hulle tegemoet; van hierdie kant af golf digte rye Trojane en Etruriërs en Arcadiërs opnuut met hul beskilderde wapens aan. So is almal in die greep van één begeerte: om die stryd met die swaard te besleg. Hulle het die altare uiteengepluk; deur die ganse lug trek 'n onstuimige storm van werpspiese, en 'n yster stortbui kletter neer; die offerkomme en heilige vure word weggedra. Latinus self slaan op vlug en neem sy gode terug, verdryf deur die tot niet gegane verbond. Ander span hulle strydwaens in of wip met 'n sprong in die saal en is by met getrokke swaarde.

280

Gretig om die verbond te verbreek, ry Messapus met sy perd op die Etruriese vors Aulestes af wat 'n koningsteken dra, en laat hom verskrik op die vlug slaan. Hy tree vinnig agteruit en rol, arme man, met sy kop en skouers op die altaar wat agter hom gestaan het. Maar spies in die hand storm Messapus verwoed aan en hoog bo van sy perd af tref hy die vurig smekende Aulestes geweldig met sy balk van 'n speer, en sê: “Dis 'n doodskoot!¹² 'n Beter

290

¹² Hierdie woorde is deur die toeskouers in die Romeinse arena uitgeskree as 'n gladiator neergevel word.

slagoffer is hiermee aan die magtige gode geskenk.” Die Italiane storm nader en strop die wapenrusting van sy nog warm lyk af. Corynaeus wat in hul pad staan, gryp ’n halfverbrande stuk hout van die altaar af en toe Ebysus aankom en ’n hou mik, tref hy hom in die gesig met die vuur nog voor hy kon slaan. Sy yslike bos baard het vlam gevat en ’n skroeireuk afgegee. Corynaeus storm toe self ook nog in, gryp met sy linkerhand die hare van sy verbouereerde vyand vas, beur kragtig met sy geboë knie en druk die man af grond toe. Dan tref hy hom in die sy met die meedoënlose swaard. 300

Met getrokke swaard agtervolg Podalirius die herder Alsus en hang dreigend oor hom waar hy in die voorste linie tussen die wapens deur storm. Maar Alsus swaai sy byl agtertoe, klief sy vyand se voorkop en ken reg in die middel, en benat sy wapenrusting met die bloed wat wydheen spat. Wrange rus en yster slaap druk op sy oë neer, en sy ooglede sluit in ewige nag. 310

AENEAS WORD VERWOND

Maar pligsgetroue Aeneas, sy hoof ontbloot, het sy regterhand sonder wapen uitgestrek en met kragtige stem na sy manne geroep: “Waarheen storm julle? Watter skielike onenigheid ontstaan daar tussen julle? Ag, bedwing julle toorn! Die verbond is klaar gesluit en al sy voorwaardes beklank. Aan my alleen kom die reg toe om die stryd te voer. Laat my begaan en verban julle vrees. Met my hand sal ek krag verleen aan die verbond; deur hierdie heilige offerandes is Turnus reeds aan my verskuldig!”

Terwyl hy so praat, te midde van sulke woorde, kyk! het ’n pyl snorrend na die held toe aangevlieg. Niemand het ooit geweet deur watter hand dit afgeskiet, deur welke werwelgeweld dit voortgedryf is, of wie sulke groot roem aan die Rutuliërs besorg het nie, of dit nou toeval was of ’n god. Die faam van daardie opvallende daad bly verborge, en niemand het hom ooit beroem op die wond van Aeneas nie. 320

Toe Turnus sien dat Aeneas hom aan die geledere onttrek en dat ontsteltenis onder die Trojaanse leiers heers, ontgloe die vuur van

skielike hoop in sy hart. Hy roep om sy perde en tegelyk ook om sy wapens. Hoogmoedig wip hy met 'n sprong in sy strydwa en pluk heftig aan die teuels. In vlieënde vaart gee hy die liggaam van menige dapper held aan die dood prys. Menigeen slinger hy half-dood neer¹³, ry òf die geledere met sy strydwa plat òf gryp spiese en slinger hulle na die vlugtendes. Soos wanneer bloedbespatte Mars in volle vaart langs die strome van die ysige Hebrus donderend met sy skild beuk en vrye teuel aan sy tierende perde gee terwyl hy oorlog aanhits; oor die oop vlakte snel hulle die Suide- en Westewind verby, op sy verste grense dreun Thracië van hul hoefslag, en om hom heen storm die gestaltes van donker Vrees en Woede en Hinderlaag voort – die god se gevolg: so dryf dapper Turnus sy sweetdampende perde in die middel van die stryd en vertrap sy jammerlik gesneuwelde vyande; die vinnige hoewe sprinkel dou van bloed wat tot bloederige modder getrap word.

330

340

En reeds het hy Sthenelus aan die dood uitgelewer, en Thamyrus en Pholus, laasgenoemdes in handgemene geveg, eersgenoemde van ver af. Van ver af ook Glaucus en Lades, albei seuns van Imbrasmus, seuns wat hy eiehandig in Lycië grootgemaak en met gelyke wapens toegerus het om òf handgemeen te veg òf te perd die winde in spoed te oortref.

Op 'n ander plek ry Eumedes na die middel van die geveg – deur oorlog beroemde nasaat van Dolon van ouds. In naam is hy die ewebeeld van sy grootvader, in moed en krag dié van sy vader. Eertyds het Dolon die durf gehad om Achilles se strydwa as prys vir homself op te eis om as spioen na die Grieke se kamp te gaan. Maar Diomedes het hom met 'n gans ander prys beloon¹⁴ vir sulke aanmatiging, en nou aspireer hy nie meer na Achilles se perde nie. Toe Turnus vir Eumedes uit die verte op die oop vlakte gewaar, agtervolg hy hom eers met 'n ligte werpspies oor die lang afstand,

350

¹³ V. 329 lees ek sonder 'n dubbelpunt.

¹⁴ Op sy verkennerstog na die Griekse kamp is Dolon deur Diomedes gedood. Vgl. Hom. *Il.* 10, 299 e.v.

bring die perde van sy tweejuk strydwa tot stilstand, spring van die wa af en gaan staan oor die sterwende man wat daar lê. Hy plant sy voet op Eumenes se nek, wring die swaard uit sy hand, kleur die glansende lem diep in sy gorrel en voeg hom boonop nog hierdie woorde toe: “So ja, Trojaan, lê daar en meet met jou lengte die akkers en die Italië wat jy met oorlog wou bekom. Dít kry hulle as beloning wat my met die swaard durf toets, só bou hulle hul stadsmure.” 360

Met ’n spiesworp stuur hy Asbytes om Eumenes te vergesel; ook Chloreus en Sybaris, Dares en Thersilochus, en Thymoetes wat van die nek van sy perd wat sy ruiter nie wou duld nie afgeval het. Net soos wanneer die geblaas van die Noordewind uit Thracië oor die Egeïese diepsee dreun en die golwe na die kuste toe agtervolg; waar die winde neergestort het, daar vlug die wolke deur die hemel heen: so wyk die geledere voor Turnus waar hy ook al ’n pad oopkap, en spring die linies om en hardloop weg. Sy eie vaart dra hom voort, en die bries laat sy wuiwende helmbos wapper as die strydwa daarteen inry. 370

Phegeus kon sy aanval en bittere woorde nie langer verdra nie. Hy spring voor die strydwa in, gryp die toom met sy regterhand en pluk die hollende skuimbek perde van hul koers af. Onderwyl hy hangend aan die juk meegesleur word, tref Turnus se breë lans hom waar sy liggaam blootgestel is. Dit skeur die tweelaag borspantser, steek daarin vas en skraap net sy liggaam oppervlakkig. Hy swaai egter om, hou sy skild voor hom uit en was besig om op sy vyand af te gaan terwyl hy die hulp van sy getrokke swaard inroep, toe die wiel en die sneldraaiende as van die voortspoedende strydwa hom tref en halsoorkop op die grond laat neerstort. Turnus volg, en met sy swaard kap hy sy kop af tussen die onderpunt van die helm en die rand van die harnas, en laat die romp net daar op die sand agter. 380

AENEAS WORD GENEES

En terwyl Turnus aldus seëvierend dood saai daar op die vlaktes, het Mnestheus en die troue Achates met Ascanius wat hulle vergesel, intussen vir Aeneas na die kamp gebring terwyl hy al om

die ander tree swaar leun op sy lang spies. Driftig sukkel hy om die pyl waarvan die punt afgebreek het uit te pluk, en eis die mees voor die hand liggende metode tot hulp: met die breë swaardlem moet hulle die wond oopsny, die skuilhoek van die wapen diep oopkloof en hom dan na die stryd toe terugstuur. **390**

Japyx, die seun van Jasus en by uitstek Apollo se liefling, was reeds daar. Oorweldig deur brandende liefde het Apollo destyds self blymoedig sy eie kunste, sy eie gawes vir hom aangebied: die sienersgawe, die siter en die snelle pyle. Om sy vader wat dodelik siek was se noodlot uit te stel, het Japyx verkies om die krag van kruie en praktiese geneeskuns aan te leer, en om roemloos die stille kunste te beoefen.

Ergerlik het Aeneas daar gestaan en brom terwyl hy onversetlik teen hulle trane op sy yslike spies leun te midde van 'n groot menigte jongmanne met die bedroefde Julus onder hulle. Die bejaarde Japyx se kleed is opgebind en teruggegooi volgens die gewoonte van geneeshere, en angstig probeer hy enige raat met sy helende hand en die kragtige kruie van Phoebus – vergeefs! Vergeefs pluk hy aan die pylpunt en vat hy die yster ferm met die knyptang vas. Die geluk toon hom nie die weg nie, Apollo kom hom nie in die minste met sy raad te hulp nie. Al meer en meer neem wrede skrik op die vlaktes toe, al nader kom die onheil. Reeds sien hulle die hemel in ondeursigtige stofwolke gehul; nader kom die ruiters en dig val die pyle in die middel van die kamp. Die aaklige krete van die vegtende jongmanne en van hulle wat deur die hand van die wrede Oorlogsgod val, styg ten hemel. **400**

Erg onthuts deur haar seun se onverdiende smart, pluk Venus in hierdie stadium met moederlike sorg 'n essekruid van die Idaberg op Kreta af – 'n stengel met sappige blare en 'n tros purper blomme; 'n plant daardie wat nie onbekend is aan wilde bokke wanneer 'n gevleuelde pyl in hul rug vasgesteek het nie¹⁵. Venus het haar uiterlike in 'n donker wolk gehul en hierdie¹⁶ kruid na

¹⁵ Cicero vertel (*De Nat. Deor.* II 50, 126) dat hierdie kruid na bewering die pyle uit die bokke se liggame laat val as hulle dit gevreet het.

¹⁶ v. 416: ek lees *hoc* i.p.v. *hic*.

benede gebring. Hiermee deurtrek sy die rivierwater wat hulle in 'n glinsterende lampetbeker gegooi het, behandel dit heimlik, en sprinkel die heilsame sap van ambrosia en geurige wonderkruid daaroor. Salig onbewus hiervan, bstryk die bejaarde Japx die wond met daardie water. En natuurlik, al die pyn het skielik uit sy liggaam gewyk, en diep in die wond het al die bloed gestol. En nou volg die pyl sy hand; sonder dat hy hard daaraan trek, gly dit uit, en sy krag het hernieu na hom teruggekeer soos dit tevore was. "Gou, bring haastig vir die held sy wapens! Wat staan julle nog?" roep Japx luid, en vuur die heel eerste hulle moed teen die vyand aan. "Hierdie welslae kom nie van menslike middele, nie van my meesterlike kuns nie! En dis nie my hand, Aeneas, wat u bewaar nie! 'n Magtiger god is hier aan die werk en stuur u terug tot magtiger dade."

420

AENEAS KEER TERUG NA DIE GEVEG

Gretig vir die geveg het Aeneas reeds sy kuite links en regs met goue skeenplate omsluit. Hy het 'n afkeer aan verdere getalm en swaai sy spies heen en weer. Toe sy skild gemaklik aan sy sy pas, en die pantser aan sy rug, neem hy ten volle gewapen vir Ascanius in sy arms, soen hom liggies deur die helmskuif en sê: "My seun, leer van my wat dapperheid en ware volharding in teenspoed is; van ander, wat geluk is. Vandag sal my regterhand jou in die oorlog beskerm en na groot belonings lei. Sorg jy, wanneer jou jare eendag rypheid bereik het, dat jy dit onthou. En as jy die voorbeeld van jou eie mense in herinnering roep, laat sowel jou vader Aeneas as jou oom Hector vir jou 'n besieling wees."

430

440

Nadat hy hierdie woorde gesê het, het hy in sy reusekrag by die poorte uitgestap terwyl hy 'n ontsaglike spies in sy hand skud. Saam met hom storm Antheus en Mnestheus voort in digte geledere, en die hele skare stroom uit die verlate kamp. Toe is die vlakke die ene verwarring in ondeursigtige stof, en die verskrikte aarde bewe van die slag van voete.

Van die verskansing reg voor hulle af het Turnus hulle sien aankom, het die Italiane hulle gesien, en 'n koue siddering het deur murg en been gesnel. Heel eerste, voor al die Latyners, het

Juturna die geluid gehoor, dit herken en beangs weggevlug. Aeneas vlieg voort en lei sy somber kolonne ylings oor die oop vlakke. Soos wanneer 'n storm skielik losbars en 'n donker wolk oor die middel van die see landwaarts snel – helaas!, die harte van die arme boere weet lank vooruit al en sidder: dit gaan verwoesting aanrig onder hulle bome, die gesaaides vernietig en wydheen alles verniel – die winde vlieg hom vooruit en dra sy gedreun na die kuste: so voer die Trojaanse veldheer sy kolonne reg op die vyand af, en dig byeen sluit elkeen hom by die saamgepakte geledere aan.

450

Thymbraeus vel die gedugte Osiris met sy swaard neer, Mnestheus vir Arcetius; Achates dood Epulo, Gyas Ufens. Selfs die siener Tolumnius sneuwel, hy wat eerste sy spies reg op die vyand afgeslinger het. 'n Luide geskree styg ten hemel. Op hulle beurt word die Rutuliërs verslaan en in stof gehul keer hulle hul rûe in vlug oor die velde. Aeneas self verwerdig hom nie om die vlugtendes na die dood neer te slinger nie, nòg hulle wat hom op gelyke voet ontmoet nie. Hy agtervolg ook nie die wat hulle spiese van ver af na hom gooi nie: in die digte stofwolk speur hy in die rondte en soek net na Turnus, net Turnus vorder hy op vir die geveg.

460

JUTURNA HOU TURNUS BUIITE AENEAS SE BEREIK

Uit vrees hiervoor was Juturna, die maagdelike stryder, se hart ontstel. Van tussen die leisels gooi sy Turnus se wadrywer, Metiscus, af, en laat hom ver agter waar hy van die disselboom afgeval het. Sy self neem sy plek in en hanteer met eie hand die golwende leisels terwyl sy al die trekke van Metiscus het: sy stem, sy gestalte, sy wapens. Soos wanneer 'n swart swaeltjie deur die ruim woning van 'n ryk heer swiep en al in die rondte deur die hoë voorhof vlieg op soek na klein krummeltjies en kossies vir haar tjilpende kleintjies in die nes, en nou in die leë suilegange, dan weer om die poele water kwetter: so jaag Juturna met die perde dwarsdeur die midde van die vyand, en vlieg sy op haar vinnige wa oor die hele strydperk rond. Nou vertoon sy haar triomfantelike broer hier, dan weer daar, maar sy laat hom nie toe om 'n geveg

470

480

aan te knoop nie en vlieg ver weg uit die pad. Om hom te konfronteer volg Aeneas die kronkelings al in die rondte, bly op die man se spoor en roep met luide stem deur die verstrooide geledere na hom. So dikwels as wat hy sy vyand in die oog gekry en gepoog het om die vlug van die gevleuelde perde met sy eie vaart te ewenaar, so dikwels het Juturna die wa in 'n ander rigting gestuur en 'n regsomkeer laat maak. Helaas! Wat moet hy doen? Vergeefs dobber hy rond op 'n wisselende gety, en teenstrydige sorge roep sy gees nou hierheen, dan daarheen.

AENEAS ONTVLAM IN WOEDE

Soos Messapus toevallig twee buigsame spiese met yster aangepunt in sy linkerhand gedra en liggies voortgedraf het, slinger hy een daarvan na Aeneas en stuur dit sekuur op sy teiken af. Aeneas het gaan staan, op sy knie neergesak en hom agter sy skild ingekrimp. Die aansnellende spies het nietemin die helmkam saamgesleur en die boonste pluime van sy kop afgeslaan. Toe, voorwaar, rys die woede in hom op. En toe hy sien dat Turnus se perde en strydwa in die teenoorgestelde rigting terugwyk, roep hy, gedryf deur hul bedrog, vir Jupiter en die altare van die geskonde verdrag menigmaal tot getuie aan. Nou, eindelijk, storm hy na die midde, en onder begunstiging van die Oorlogsgod laat hy, skrikwekkend, sommer blindweg, 'n wrede slagting opvlam en gee hy vrye teuel aan al sy woede.

490

SOWEL AENEAS AS TURNUS MAAI ONDER HUL TEENSTANDERS

Welke god kan nou aan my soveel aakligheide, wie kan in 'n lied die verskillende doodslae verhaal, en die val van leiers wat beurtelings nou deur Turnus en dan weer deur die held van Troje oor die ganse vlakte heen gejaag word? Was dit u wil, Jupiter, dat volke wat in ewigdurende vrede sou saamleef, met so 'n geweldige aandrif moes bots? Aeneas tref die Rutuliër Sucro in die sy – dít was die eerste geveg wat die stormloop van die Trojane tot stilstand gebring het – maar Sucro hou hom nie lank op nie, en daar waar die dood die gouste kom, dryf hy sy genadelose swaard

500

dwarsdeur sy ribbes, die beskutting van sy bors. Turnus lig
Amycus en sy broer Diore uit die saal, knoop die geveg te voet **510**
aan en tref een met sy lang spies en die ander met sy swaard. Hy
hang die twee se afgekapte koppe aan sy strydwa en voer hulle
druipend van bloed weg.

Aeneas stuur Talos en Tanaïs en dapper Cethegus na die dood –
drie met een aanslag – en bedroefde Onites, 'n Echioniese¹⁷ naam,
edel seun van sy moeder Peridia. Op 'n ander plek dood Turnus
die broers¹⁸ wat van Lycië en die velde van Apollo af gestuur is, en
die jongman Menoetes, 'n Arcadiër wat oorlog vergeefs gehaat
het. Sy ambag en armoedige woning was langs die waters van
visryke Lerna en het niks geweet van gediensdigheid teenoor die **520**
magtiges nie, terwyl sy vader op gehuurde grond gesaai het.

En soos vure wat van verskillende kante af op 'n dorre bos en
ruisende struik van lourier losgelaat is, of wanneer skuimende
riviere in snelle vaart van die hoë berge af na benede dreun en see
toe jaag terwyl elkeen sy eie weg met verwoesting baan: net so
gewelddadig storm die twee, Aeneas en Turnus, deur die geveg.
Nou, ja, nou sied die woede in hul binneste, bereik hul onoorwin-
like harte die breekpunt; nou is hulle met al hul kragte daarop uit
om wonde toe te dien.

Murranus staan luidkeels en spog met sy oorgrootvaders en die
eeue-oue name van sy grootvaders, en sy hele geslag wat deur **530**
Latynse konings loop. Met 'n rotsblok, met die werwelgeweld van
'n magtige klip tref Aeneas hom halsoorkop en laat hom uitgestrek
op die grond neerstort. Onder die leisels en die juk het die wiele
hom voortgerol en slag op slag word hy getrap deur die vinnige
hoeve bokant hom – die hoeve van die perde wat hulle baas nie
eers onthou nie.

¹⁷ Thebaanse Echion was een van die vyf wat uit die gesaaide draketande gebore
is en Kadmos met die stigting van Thebae behulpsaam was.

¹⁸ Waarskynlik die broers wat in Bk. 10, 126 vermeld word. Patara in Lycië was een
van Apollo se beroemdste plekke van aanbidding.

Turnus ontmoet die aanstormende Hyllus wat van grenslose moed brul, en slinger 'n spies na sy goudbedekte slape¹⁹. Dwarsdeur sy helm het die spies in sy harsings vasgesteek. En jou regterhand, Cretheus, dapperste onder die Grieke, het jou nie van Turnus gered nie, en sy eie²⁰ gode het nie vir Cupencus beskerm toe Aeneas aanval nie: hy het sy bors in die pad van die yster geplaas, en die beskerming van sy brons skild het hom niks gebaat nie, arme man.

540

Ook vir jou, Aeolus, het die Laurentiese vlaktes sien sneuwel en hoe jy 'n breë strook aarde met jou rug bedek. Jy sterf, jy wat nie deur die Griekse leërs, en ook nie deur Achilles, verwoester van Priamus se koninkryk neergevel kon word nie; hier was die eindpunt van jou lewensbaan. Jou hoë woning was aan die voet van Ida, jou hoë woning te Lyrnesus, maar jou graf lê in Laurentiese grond.

Die volle leërs, een en almal staan na mekaar toe gekeer, ja, al die Latyners en al die Trojane; Mnestheus en vurige Serestus; Messapus, temmer van perde en dapper Asilas; die Etruriese leer en die Arcadiese eskadronne van Evander. Elkeen na sy vermoë beur die manne met die uiterste geweld van hul kragte. Geen uitstel, geen ruskans nie; in ontsaglike stryd druk hulle aan.

550

AENEAS VAL LATINUS SE STAD AAN

In hierdie stadium het sy allerlieflikste moeder vir Aeneas die gedagte gestuur om na die mure aan te ruk, sy kolonne vinnig teen die stad te rig en met 'n skielike nederlaag paniek te saai onder die Latyners. Toe hy op soek na Turnus sy blik heen en weer deur die bonte afdelings laat gaan, sien hy die stad, onaangetas deur so 'n groot oorlog, ongeskonde en rustig. Dadelik laat die idee van 'n nog groter geveg sy hart ontvlam. Hy roep sy aanvoerders Mnestheus en dapper Serestus, en gaan staan op 'n hoogtetjie

560

¹⁹ Sy helm was waarskynlik van goud gemaak.

²⁰ Servius beweer *Cupencus* is 'n Sabyne woord wat "priester" beteken.

waar die res van die Trojaanse leër vinnig byeenkom, maar sonder dat die digte skaar hulle skilde en spiese neersit. Op die hoë grondhoop staan hy in hulle midde en sê: “Laat my bevele onverwyld uitgevoer word – Jupiter is aan ons kant! En laat niemand, dit vra ek julle, vanweë my skielike plan nou traer aanruk nie. Daardie stad, die oorsaak van die oorlog, die hart van Latinus se koninkryk, sal ek vandag nog verwoes en die rokende dakke met die grond gelyk maak, tensy hulle instem om die juk te ontvang en as oorwonnes aan ons gehoorsaam te wees. Sal ek werklikwaar wag totdat dit Turnus behaag om hom ’n geveg met my te laat welgeval, totdat hy, oorwin soos hy is, ’n tweede keer die stryd wil aanknoop? Hierdie stad, burgers, is die bron, hierdie stad is die einddoel van die misdadige oorlog. Bring vuurfakkels, gou! en eis met vlamme dat die verdrag in ere herstel word!”

570

Dit het hy gesê, en met ewe groot ywer vorm almal ’n wigformasie en storm in ’n digte massa na die mure. Onverwags verskyn daar lere, en eensklaps ook vuur. Party hardloop na die verskillende poorte en vel die voorste teenstanders neer. Ander slinger hul ysterwapens en verduister die lug met hul spiese. Self onder die voorstes, strek Aeneas sy regterhand na die mure op, en met luide stem beskuldig hy Latinus. Hy roep die gode tot getuie dat hy weer eens na die geveg gedwing word, dat die Italiane nou ’n tweede maal sy vyande is, en dat hierdie verbond die tweede is wat deur hulle verbreek word. Onenigheid ontstaan onder die beangste burgers. Party sê hulle moet die stad ontsluit en die poorte vir die Trojane oopgooi, terwyl hulle die koning self na die skanse toe wil sleur. Ander dra wapens aan en ruk op om die mure te verdedig. Soos wanneer ’n herder ’n swerm bye in lawarots vol holtes opgespoor, en hul nes met nare rook gevul het; ontsteld oor hulle eiendom, hardloop hulle gejaagd daarbinne kruis en dwars deur die vesting van was, en laat onder heftige gegons hul woede styg; die swart walm rol deur hul woning; van binne dreun die rotse van ’n gesoem sonder sigbare bron en die rook borrel uit, die vrye lug in.

580

590

KONINGIN AMATA PLEEG SELFMOORD

Ook nog hierdie lot wat die ganse stad tot op sy fundamente met

rou geskok het, het die uitgeputte Latyne getref. Toe die koningin van die paleisdak af die vyand uit verte sien nader, sien hoe die mure aangeval word en hoe die fakkels na die dakke toe vlieg, maar nêrens Rutuliese magte, geen troepe van Turnus teen hulle nie, dink die arme mens dat die jongman in die worsteling van die stryd gedood is. Verbyster deur skielike smart skree sy dat sý die oorsaak, die voorwerp van beskuldiging en die bron van al die onheil is. Menige ding sê sy, buite haarself van droewige waansin. Vasbeslote om te sterf, skeur sy met haar hand haar purper gewaad en bind die knoop van afsigtelike dood aan 'n hoë balk vas.

600

Toe die ongelukkige Latynse vroue van hierdie ramp verneem, is haar dogter Lavinia die eerste wat haar pragtige lokke en roserooi wange met haar hand verskeur. Daarna word die res van die skare rondom haar rasend van smart, en wydheen weergalm die paleis van luide gejammer. Vandaar versprei die onheilstyding deur die ganse stad. Hulle moed begewe hulle. Oorstelp deur die dood van sy gade en die val van sy stad, stap Latinus in geskeurde klere en bestrooi en besoedel sy gryse hoof met vuil stof.

610

TURNUS HERKEN JUTURNA SE LIS EN HAAS TERUG NA DIE STAD

Op die verste rand van die vlakte agtervolg die baasvegter Turnus intussen die²¹ paar vyande wat nog daar rond dwaal. Hy is nou minder geesdriftig, en hy raak al meer en meer onvergenoeg met die gang van sy perde. Die bries het hierdie verwarde geskree en duistere verskrikking na hom toe aangedra, en die geluid en onverkwiklike gedruis van die stad vol ontsteltenis het sy gespitste ore getref. “Wee my! Waarom word ons mure deur sulke hewige roumisbaar geskok? Of watter luide geskree storm vanuit die afgeleë stad aan?” So sê hy, trek verbyster die teuels in en hou stil.

620

²¹ vv. 612-13 (byna identies aan Bk. 11, 471-72) verskyn nie in die beste mss. nie en word hier as vervals verwerp.

Sy suster, soos sy in die voorkoms van sy wadrywer Metiscus verander was en die strydwa en perde en leisels hanteer het, konfronteer hom met hierdie woorde: “Hierlangs, Turnus, waar oorwinning eerste die weg open, moet ons die Trojane agtervolg; daar is ander om met hulle hand die huise te verdedig. Aeneas storm op die Italiane af en knoop gevegte aan; laat ons ook genadelose dood afstuur op die Trojane. Nóg in die aantal gedodes, nóg in krygsroem sal jy as sy mindere terugstaan.”

630

Hierop sê Turnus: “Suster, ek het jou lankal herken toe jy eers listig die verdrag verydel en jou in hierdie oorlog begewe het, en nou ook probeer jy vergeefs jou goddelikheid vir my verberg. Maar wie het jou uit Olympus neergestuur en verlang dat jy sulke swaar beproewinge verduur? Of was dit dalk om jou rampsalige broer se wrede dood te aanskou? Want wat moet ek doen? Of welke noodlotskans kan nou my veiligheid waarborg? Met my eie oë het ek gesien hoe Murranus sy dood ontmoet terwyl hy na my roep – daar bly geen ander oor wat vir my dierbaarder is as wat hy was nie – ’n magtige held, neergeslaan deur ’n magtige wond. Arme Ufens het gesnuwel om nie ons skande te aanskou nie; die Trojane is in besit van sy lyk en wapens. Sal ek dit gedoog dat hulle wonings verwoes word – dít is die enigste kwaad wat aan ons rampspoed ontbreek het – en nie Drances se aantygings met my regterhand weerlê nie? Sal ek my rug vertoon? Sal hierdie land vir Turnus sien waar hy vlug? Is dit dan heeltemal so ellendig om te sterf? Wees my goedgesind, o Skimme, daar die guns van die hemelgode van my afgewend is. Vry van daardie aanklag sal ek as smettelose siel na u afdaal – my magtige voorvadere nooit onwaardig nie!”

640

Nouliks het hy dit gesê of, kyk! Saces kom in vlieënde vaart op sy skuimbedekte perd dwarsdeur die vyand aangery, reg van voor deur ’n pylskot in die gesig verwond. Hy storm aan en smee Turnus by name: “Turnus, ons laaste hoop op redding is op jou gevestig. Toon medelye met jou mense! Soos die bliksem tref Aeneas met sy wapens! Hy dreig om die hoogste torings van Italië omver te werp en aan die verderf uit te lewer – en reeds vlieg die vuurfakkels na ons dakke! Na jou wend die Latyners hul gelaat, na jou hulle oë. Koning Latinus self weifel oor wie hy sy skoonseun

650

sal noem, of na watter verbond hy moet neig. Daarbenewens het die koningin wat die allergrootste vertroue in jou gehad het, deur haar eie hand gesterf en oorbluf van vrees die lewenslig ontvlug. Alleen Messapus en dapper Atinas hou hulle linies voor die poorte staande. Aan beide kante staan vyandsgeledere diggepak om hulle, en 'n yster oes staan stekelig van getrokke swaarde – maar jy ry met jou strydwa op die verlate grasveld rond!”

660

Turnus was stom geslaan. Starend en sprakeloos het hy gestaan, verwar deur die beeld van die wisselende verwikkelinge. In daardie één hart dein 'n diepe skaamte, waansin en smart deurmekaar, liefde opgesweep deur woede, en die besef van sy eie manlike krag. Sodra die newels weggevaag en die lig weer na sy verstand teruggekeer het, het hy in hewige opwindung sy vlamme oë na die stadsmure gedraai en vanuit sy strydwa na die magtige stad omgekyk.

670

Maar kyk! 'n Dwarrelende vuurkolom het vlamme van verdieping tot verdieping hemelwaarts gegolf en 'n toring in sy mag gehou, 'n toring wat hy self met gevoegde balke opgerig, waaronder hy wile geplaas en waaroor hy hoë brûe geslaan het. “Nou, suster, ja nou seëvier die noodlot; hou op om my terug te hou. Waar die god, waar die harde lot heen roep, moet ons volg. Ek is vasbeslote om Aeneas in die stryd te ontmoet, vasbeslote om in die dood al sy bitterheid te verduur. Nie langer, my suster, sal jy my eerloos sien nie. Vergun my, ek smeek dit, om eers hierdie laaste woede uit te woed.”

680

So het hy gesê, en vinnig van die strydwa af op die grond gespring. Deur die vyand, deur die wapens storm hy, laat sy bedroefde suster agter en bars in ylende vaart deur die midde van die troepe. Soos wanneer 'n rots halsoorkop van die kruin van 'n berg af omlaag stort, losgeskeur deur die wind, sy dit dat 'n stormbui dit losgespoel of 'n lang tydperk dit met verloop van jare ondergrawe en losgewikkel het; met 'n geweldige vaart stort die onkeerbare massa teen die steilte af, bons oor die grond en sleur bosse en kuddes en mense rollend met hom mee: so storm Turnus tussen die verspreide afdelings deur na die stadsmure waar die grond diep deurweek is van gestorte bloed, waar die lug gons van die spiese.

690

Hy gee 'n teken met sy hand en begin terselfdertyd met 'n luide uitroep: "Staak dit nou, Rutuliërs, en julle, Latyners, hou terug julle werpwapens! Wat die stryd ook al bring, dit is my deel. Dit is regverdiger dat ek alleen vir julle part boet vir die geskonde verbond, en die saak met die swaard beslis." Almal wat in die middel gestaan het, het padgegee en vir hom plek gemaak.

DIE TWEEGEVEG BEGIN

Maar toe vader Aeneas Turnus se naam hoor, verlaat hy die mure, verlaat hy die vestingtop en stoot alle oponthoud opsy. Jubelend van vreugde staak hy alle take en kletter skrikwekkend met sy wapens: so ontsaglik soos Athos, ontsaglik soos Eryx, of so ontsaglik soos vader Apenninus self wanneer hy van trillende eike dreun en vreugde vind in sy sneeubedekte kruin terwyl hy hom oprig na die briesse.

700

Nou, voorwaar, het almal hulle oë op hom gerig, die een gretiger as die ander – Rutuliërs en Trojane en al die Italiane, sowel hulle wat die hoë vestingwerke beset, as hulle wat die mure laag teen die grond met die stormram gebeuk het – en die wapens van hulle skouers af neergelê. Verstom staan Latinus self dat hierdie twee reuse wat in verskillende wêrelddele gebore is, mekaar nou ontmoet het en die twis met die swaard gaan besleg.

Toe die strydperk op die vlakte nou oop voor hulle lê, hardloop hulle vinnig vorentoe, slinger hulle spiese van ver af en storm met skilde en luid klinkende brons na die geveg. Die aarde kreun; dan verdubbel hulle die swaardhoue, vinnig na mekaar; toeval en moed vloei ineen. Soos wanneer twee bulle op magtige Sila of die kruin van Taburnus hul koppe na mekaar toe draai en instorm na die dodelike geveg; verskrik het die veewagters die wyk geneem, stom van vrees staan die hele kudde, en die verse wag weifelend om te sien watter een heerskappy gaan voer oor die bergwoud, agter watter een die hele kudde gaan aanstap; met groot geweld verwond hulle mekaar, dryf met alle krag hul horings in en baai nek en skof in strome bloed terwyl die ganse woud weergalm van hul gebrul: net so bots die Trojaan Aeneas en die Dauniese held met hul skilde teen mekaar; 'n dawerende gekraak vervul die lug.

710

720

Jupiter self hou twee skale in volkome ewewig omhoog en plaas die lotsbestemming van die twee helde elk afsonderlik daarin om te sien wie deur die stryd gedoem is, en met wie se gewig die dood die skaal laat deurslaan.²²

Op hierdie oomblik dink Turnus dit is veilig, skiet vooruit, rys met sy hele liggaam hoog op na die opgehefde swaard, en slaan. Die Trojane en besorgde Latyners gil, die linies van beide kante popel van opgewondenheid. Maar die verraderlike swaard breek en laat die driftige Turnus in die middel van sy hou in die steek: weerloos sou hy gewees het as vlug hom nie te hulp gekom het nie. Vinniger as die Oostewind vlug hy toe hy 'n onbekende swaardhandvatsel en sy hand sonder wapen sien.

730

Die verhaal lui dat toe hy halsoorkop agter sy ingespande perde ingeklim het om die geveg te begin, hy sy vader se swaard agtergelaat en in die haas sy wadrywer Metiscus se swaard opgeraap het. Lank het dit sy doel gedien, solank die Trojane in swerwende vlug die rug gekeer het. Toe dit egter te staan kom teen die wapens wat Vulcanus gemaak het, het die mensgemaakte lem soos brose ys aan stukke gespat met die hou – die skerpe skitter op die geel sand. Daarom vlug Turnus waansinnig in verskillende rigtings oor die vlakke en vleg ordelose sirkels in mekaar, nou hierheen, dan daarheen. Want in digte kring het die Trojane hom aan alle kante ingesluit, terwyl 'n uitgestrekte moeras hom hier, en die hoë stadsmure hom daar omring.

740

Hoewel sy knieë wat deur die pylskot vertraag is hom by wyle belemmer en hul spoed weerhou, agtervolg Aeneas net so gretig, en verwoed bly hy tree vir tree kort op die hakke van sy verskrikte vyand: soos wanneer 'n jaghond op 'n hert afkom waar dit deur 'n rivier ingesluit of deur die skrik van helderrooi vere²³ omsingel is; hy jaag hom en bly blaffend kort op sy hakke; verskrik deur die

750

²² Die kant wat deurslaan is gedoem om te sterwe.

²³ Die jagterrein is omsingel met 'n tou waaraan helderrooi vere vasgebond was om die diere bang te maak en so in die nette te laat hardloop.

valstrik en die hoë oewer, vlug die hert herwaarts en derwaarts langs 'n duisend weë; die gretige hond uit Umbrië bly egter met oopgesperde bek kort agter hom, en nou, ja nou het hy hom, en klap sy kake toe net asof hy hom het; maar hy word deur 'n hap in die lug gefnuik.

Toe, voorwaar, ontstaan daar 'n geskree, oewers en poele weergalm rondomheen, en die ganse hemel dreun van die gedruis. Terwyl Turnus vlug, verwyd hy ál die Rutuliërs sonder ophou. Hy roep elkeen by sy naam en eis die swaard wat hy so goed ken. Aeneas, daarenteen, dreig met die dood en onmiddellike verdelging as enigiemand sou naderkom. Hy verskrik sy bewende vyande met die dreigement dat hy hulle stad sal verwoes, en hoewel gewond, agtervolg hy op 'n kort afstand. Vyf volle sirkels hardloop hulle, en net soveel weer in die teenoorgestelde rigting; hier word immers geen geringe of wedstrydpryse nagejaag nie, maar hulle veg om die lewe en bloed van Turnus.

760

Toevallig het hier tevore 'n olienhoutboom met bitter blare gestaan, gewy aan Faunus. In die ou dae was dit 'n boom wat deur matrose vereër is, en wanneer hulle aan die golwe ontkom het, het hulle gewoonlik hul gawes aan die god van Laurentum daaraan vasgeheg en die gewyde klere daaraan opgehang. Maar sonder om enige onderskeid te maak, het die Trojane die heilige stam afgekap sodat hulle op 'n oop vlakte kon veg. Hier het Aeneas se spies vasgesteek, hierheen het sy snelle vaart hom gevoer en in die taai wortel vasgehou.

770

Die nasaat van Dardanus het gebuk en wou die yster met sy hand uitpluk om die vyand wat hy nie in die hardloop kon inhaal nie, met die spies te agtervolg. Toe, voorwaar, bid Turnus waansinnig van vrees: "Faunus, ek smee u, wees genadig, en, allerbeste Aarde, hou u die yster vas, indien ek altyd sorg bestee het aan u eerbewyse wat die Trojane, daarenteen, met oorlog onheilig het." Hy het gespreek, en in sy gebed die hulp van die god nie vergeefs ingeroep nie. Want hoewel hy lank geworstel en oor die taai stam getalm het, kon Aeneas met geen krag die kake van die boomstam oopwring nie. Terwyl hy kragtig beur en volhou, verander die

780

Dauniese godin²⁴ weer haar voorkoms in dié van die wadrywer Metiscus, hardloop vorentoe en gee sy swaard aan haar broer terug. Verontwaardig dat dit vir die vermetele nimf veroorloof is, kom Venus nader en pluk die spies uit die diep wortel. Opnuut toegerus met wapens en moed – die een vol vertroue op sy swaard, die ander vurig en trots met sy spies – staan hulle hoog opgerig van aangesig tot aangesig voor die stryd van die hygende Oorlogsgod.

790

JUPITER EN JUNO KOM TOT 'N VERGELYK

Intussen spreek die Koning van almagtige Olympus vir Juno aan waar sy van 'n goue wolk af die gevegte dophou: “Wat sal nou die einde wees, my gade? Wat bly daar op langelaas vir jou oor? Jy weet self, en jy erken jy weet dat Aeneas as inheemse held aan die hemel verskuldig is en deur die noodlot na die sterre verhef word. Wat voer jy in die skild? Of waarop hoop jy nog dat jy so in die koue wolke bly vertoef? Was dit betaamlik dat 'n god deur 'n sterfling met 'n wond geskend is? Of dat sy verlore swaard aan Turnus teruggegee is – want wat sou Juturna sonder jou kon doen? – en dat die krag van die oorwonnenes toegeneem het? Staak dit nou uiteindelik en laat jou beïnvloed deur my dringende versoek, sodat so 'n groot droefheid jou nie in stilte verteer en aaklige bekommernisse uit jou lieflike mond my nie keer op keer besoek nie. Die einde is bereik. Jy het die mag gehad om die Trojane op land en ter see rond te jaag, om 'n goddelose oorlog te laat ontbrand, om 'n huis²⁵ te ontsier en 'n huwelik met rou te vermeng: ek verbied jou om verder te probeer!”

800

So het Jupiter begin, en so het Saturnus se dogter met deemoedige houding daarop geantwoord: “Omdat daardie wilsbeskikking van jou inderdaad aan my bekend was, magtige Jupiter, het ek Turnus en die aarde teen my sin verlaat. Anders sou jy my nie nou alleen

²⁴ Juturna.

²⁵ Aeneas en Livinia s'n.

op my troon in die lug gesien het terwyl ek verdiende en 810
 onverdiende dinge verduur nie. Maar ek sou met vlamme omgord
 vlak by die gevegslinie gestaan, en die Trojane na die verderflike
 stryd gesleep het. Ek het Juturna die raad gegee – ek erken – om
 haar rampspoedige broer te help, en ingestem dat sy nog groter
 dinge waag ter wille van sy lewe, maar tog nie dat sy spiese slinger,
 nie dat sy haar boog span nie. Dit sweer ek by die onversoenbare
 hoof van die Styx se bron, die enigste vreesinboesemende mag wat
 vir die hemelgode ingestel is. En nou, wat my betref, ek gee dit
 gewonne en trek my terug uit die gevegte wat ek haat. Een ding
 wat deur geen bepaling van die noodlot verbied word nie, smee 820
 ek jou terwille van Latium, en ter wille van die waardigheid van
 jou²⁶ volk: wanneer hulle weldra met 'n gelukkige huwelik
 vrede sluit – laat dit so wees! – wanneer hulle weldra onder
 bepaalde voorwaardes verdrae aangaan, beveel dan nie die
 inheemse Latyners om hulle aloue naam te verander en om
 Trojane te word en Teucriërs genoem te word, of dat die mense
 hulle taal moet verander of hulle kleredrag moet wysig nie. Laat
 Latium bestaan, en laat daar Albaanse vorste deur die eeue wees;
 laat daar 'n Romeinse stam wees, kragtig vanweë Italiaanse
 dapperheid. Troje het geval, en laat toe dat hy saam met sy naam
 gevalle bly.”

Die Skepper van mense en dinge glimlag haar toe en sê: “Jy is 830
 voorwaar Jupiter se suster en Saturnus se tweede kind – sulke
 magtige golwe van gramskap laat jy diep in jou hart voortrol. Maar
 kom, kalmeer jou woede wat so onnodiglik opstuif: ek staan toe
 wat jy verlang en ek gee my gewilliglik gewonne. Die Italiane sal
 die taal en sedes van hul vadere behou, en hulle naam sal wees
 soos dit tans is; slegs na liggaam vermeng, sal die Trojane hulle
 hier vestig. Ek sal hulle gebruike en die ritusse van hulle heilige
 handelinge byvoeg, en almal Latyners met een taal maak.
 Vermeng met Italiaanse bloed sal hieruit 'n ras verrys, wat jy sal sien
 mense en gode in vroomheid oortref, en geen ander volk sal jou 840

²⁶ Omdat Latinus 'n afstammeling is van Saturnus, Jupiter se vader.

eer in gelyke mate besing nie.” Hiermee het Juno ingestem en blymoedig haar gesindheid verander. Intussen vertrek sy uit die hemel en verlaat die wolk.

JUPITER STUUR 'N FURIE OM TURNUS TE VERSKRİK

Nadat dit afgehandel is, bedink die Vader iets anders in sy eie hart, en hy maak gereed om Juturna van haar broer se stryd af weg te stuur. Hulle sê daar is twee afskuwelike monsters wat Wraakgodinne²⁷ genoem word. Die gure Nag het hulle en die helse Megaera in een en dieselfde bevalling gebaar, en hulle met eenderse kronkelende slange omkrans en boonop van windsnelle vlerke voorsien. Voor die troon van Jupiter en op die drumpel van die grimmige Koning²⁸ verskyn hulle, en verskerp die vrees van rampsalige sterwelinge so dikwels as die Koning van gode afgryslike dood en pestilensies beplan, of stede wat dit verdien met oorlog verskrík.

850

Jupiter het een van hulle vinnig uit die hoogste hemel neergestuur en haar beveel om Juturna te ontmoet as voorteken van onheil. Sy vlieg heen, en daal in snelle werweldwarreling na die aarde neer. Net soos 'n pyl wat van die boogsnaar af deur 'n wolk trek – een wat 'n Parthiër afgeskiet het, 'n Parthiër of 'n Kretenser, 'n pyl bewapen met die gal van wrede gif, 'n wapen waarvoor daar geen geneesmiddel bestaan nie – en snorrend en onopgemerk die vinnige skadu's deurklief: so het die spruit van Nag getrek en die aarde opgesoek.

860

Toe sy die Trojaanse leër en Turnus se troepe sien, krimp sy skielik saam tot die gedaante van 'n voëltjie wat soms op grafstene of verlate dakke sit, en láát in die nag sy onheilspellende klaagtoon deur die skadu's laat hoor. In dié gedaante verander, vlieg die duiwelse ding skreeuend heen en weer voor Turnus se gesig en

²⁷ Allecto en Tisiphone.

²⁸ Jupiter as hy kwaad is.

slaan heftig met die vlerke teen sy skild. In sy angs verlam 'n vreemde verstarring sy ledemate. Van skrik het sy hare orent gestaan en sy stem het in sy keel vasgesteek.

JUTURNA ONTTREK HAAR

Maar toe Juturna van ver af die fluitende vlerke van die Wraakgodin herken, pluk sy, ongelukkige suster, haar loshangende hare uit; met haar naels krap sy haar gesig stukkend en met haar vuiste kneus sy haar bors: “Hoe, my Turnus, kan jou suster jou nou nog help? Met welke lis sou ek die lewenslig vir jou kon verleng? In staat wees om my teen so 'n voorteken te verset? Nou, nou verlaat ek die slagveld. Verskrik my nie in my vervaardheid nie, afskuwelike voëls. Ek ken julle klappende wiekslag, klank van die dood, en die trotse bevel van groothartige Jupiter ontgaan my nie. Is dít sy beloning vir my maagdelikheid? Waartoe het hy my ewige lewe gegee? Waarom is die doodslot my ontnem? Ek sou gewis nou 'n einde kon maak aan sulke heftige leed en my arme broer na die skimme vergesel! Ek ontsterflik? Of sal iets van my vir my dierbaar wees sonder jou, my broer? O watter diepste diepte van die aarde kan diep genoeg vir my gaap en my, 'n godin, na die onderste skimme laat neerdaal?” Net dít het die godin gesê, haar hoof met 'n blougroen mantel bedek, en met menige kreun in die diep rivier ingedui.

DIE EINDE VAN DIE TWEEGEVEG

Aeneas dring voort teen sy vyand en swaai sy spies, 'n grote, soos 'n boomstam, en skree uit 'n woedende hart: “Welke verdere oponthoud is daar nou? Of waarom krabbel jy nou terug, Turnus? Nie in 'n wedloop nie, maar met wrede wapens moet ons handgemeen stry! Neem alle gedaantewisselinge aan²⁹, neem alle middele te baat en versamel alles wat jy met moed of lis vermag.

²⁹ 'n Verwysing na Proteus (Vgl. *Georg.* 4, 440 e.v.) wat die een gedaante na die ander aanneem om sy lot te probeer ontwyk.

Kies nou om op vleuels na die sterre daar bo te sweef, of om jou ingekerker in holtes van die aarde te verberg!”

Turnus skud sy kop en sê: “Jou driftige woorde verskrik my nie, woestaard! Dis die gode wat my verskrik, en die vyandskap van Jupiter.” Meer sê hy nie, kyk om hom heen en bemerk ’n yslike klip, ’n yslike, oeroue klip wat toevallig daar op die vlakke gelê het, een wat as grensbaken vir die akkers daar geplaas is om ’n geskil oor die saailande te besleg. ’n Twaalfstal uitgesoekte manne sou dit slegs met moeite op hul skouers kon tel – manne met ’n liggaamsbou soos wat die aarde tans voortbring. Haastig het die held dit opgeraap en terwyl hy nog hoër oprys, het hy dit op volle vaart na sy vyand geslinger. Maar hy herken homself nie terwyl hy hardloop en beweeg, of toe hy die geweldige klip optel en gooi nie: sy knieë knik en sy bloed stol yskoud. Voortwentelend deur die yl lug het selfs die klip van die held toe nie die volle afstand getrek, en ook nie sy doelwit getref nie.

900

Soos wanneer lome rus in die nag ons oë gesluit het en dit in ’n droom lyk of ons vergeefs begeer om gretig verder te hardloop, maar in die middel van die poging syg ons hulpeloos neer; ons tong is kragteloos, ons gewone liggaamskragte is ontoereikend, en geen stem of woord volg nie: so ontsê die afgryslieke godin sukses aan Turnus, waar hy ook al met sy moed ’n uitweg gesoek het. Toe warrel daar velerlei gevoelens in sy hart. Hy rig sy oë na die Rutuliërs en die stad, en van vrees aarsel hy. Hy sidder by die besef dat die dood op hom is, en hy sien nie waarheen hy kan ontvlug, of met welke geweld hy teen sy vyand kan aanruk nie; nêrens ook sy strydwa, of sy suster, die wadrywer nie.

910

Terwyl Turnus aarsel, wieg Aeneas die noodlotspeer, kies met sy oë die gunstige geleentheid en slinger dit van ver af met al sy krag. Nooit snor klippe wat deur grofgeskut teen stadsmure afgeskiet is so nie, nooit bars sulke harde donderslae uit ’n bliksemstraal voort nie! Soos ’n swart werwelwind vlieg die spies wat afgryslieke vernietiging bring. Dit skeur deur die soom van die pantser en die buitenste rand van die sewelaag skild; suisend trek dit dwarsdeur sy dy. Swaar getref syg die geweldige Turnus op die grond neer, sy knie kragteloos onder hom ingevou. Met ’n kreun spring die

920

Rutuliërs gelyk op, rondom eggo die ganse berg en wydheen galm die hoë woude die klank terug.

Nederig en deemoedig hef Turnus sy oë op, strek 'n pleitende hand voor hom uit en sê: “Voorwaar, ek het dit verdien, en ek vra nie om genade nie; benut jou goeie geluk. As die kommer van 'n vader in sy droefheid jou enigsins kan raak, dan versoek ek – Anchises was vir jou ook so 'n vader – toon medelye met Daunus se ouderdom, en gee my, of as jy dit verkies, my dooie liggaam aan my mense terug. Jy het oorwin. Die Italiane het gesien hoe ek as oorwonnene my hande uitstrek; Lavinia is joune om jou eggenote te word. Moenie in haat verder gaan nie.” **930**

Driftig het Aeneas met rollende oë in sy wapenrusting gestaan, en sy regterhand bedwing. En terwyl hy aarsel het hierdie woorde hom nou meer en meer begin vermurwe – toe die onheilbringende draagriem hoog aan Turnus se skouer sy aandag trek, en die seun Pallas se swaardgordel met die welbekende knoppe glinster, Pallas vir wie Turnus oorwin en met 'n dodelike wond neergevel het, en nou sy vyand se onderskeidingsteken om sy skouers dra.³⁰ **940**

Nadat hy die buit, die herinneringsteken van sy felle smart aangestaar het, ontvlam hy in woede, en verskriklik in sy toorn sê hy: “Jy wat getooi is in die geroofde buit van een van my geliefdes, sal jy van hier uit my hande geruk word? Dis Pallas, ja, Pallas, wat jou met hierdie doodsteek ten offer bring en voldoening put uit jou misdadige bloed.”

Terwyl hy dit sê, stoot hy in brandende woede die swaard reg van voor in sy bors weg. Maar Turnus se ledemate word slap in die kilheid van die dood, en met 'n kreun vlug sy lewe verbitter na die skadu's benede. **950**

³⁰ Vgl. Bk. 10, 495-505.

Lys van Persoons- en Plekname

As algemene reël by die uitspraak van hierdie vreemde name geld die volgende:

- (a) Alle tweelettergrepige name kry die klem op die eerste lettergreep.
- (b) By drie- en meerlettergrepige name geld die reël van die *tweede laaste* sillabe: as hy lank is, kry hý die klem; as hy kort is, gaan die klem na die *derde laaste* sillabe.
As hulp vir die korrekte uitspraak word die klem by alle drie- en meerlettergrepige name aangedui.

- (c) **Vokale:** a, kort of lank, soos in *mak skape*; i, kort of lank, soos in *drie riviere*; o, kort of lank, soos in *vol môre*; ě, kort soos in *net*, en ē lank, ongeveer=ei, soos in *lei*; u, kort of lank, soos in *soet moer*; y,=u, kort of lank, soos in *nuwe bure*.

Diftonge: au, soos in *auk!*; ae, soos in *baai*; eu, ongeveer=ě-hoe in een asem uitgespreek; ei, soos in *lei*; oe=oi, soos in *goi-ing*.

Konsonante: Soos in Afrikaans, behalwe: c = k; ch = g, soos in *gee*; g = gh, soos in *ghoen*, behalwe in verafrikaanse vorms; th = t; ph = f; v = w, soos in *dwerf*.

Aand of Hésperus, wie se dogters, die Hespérides (wat volgens 'n ander mite die dogters van Nox en Erebus was), die tuin met goue appels op 'n eiland anderkant die Atlasgebergtes bewaak het.

Aandster verpersoonlik = Vesper.

Aandster, land van die = Hespérië = Italië.

Aarde of Terra of Tellus, die aarde as godin, moeder van Gerug (Fama) en die Reuse (Titáne), dogter van Chaos.

Ábaris Rutúliese bondgenoot van Turnus, deur Eurýalus gedood.

Abas een van Aenéas se vlootkapteins.

Abélla stad in Campanië, bekend om sy appels.

Ácamas een van die Griekse leiers wat in die houtperd toegesluit was.

Acarnánië landstreek in Griekeland.

Acca vertroueling van Camilla.

Acéstes stigter en koning van die stad Acésta (Segesta) op die noordkus van Sicilië waar Aenéas gasvry ontvang is; die seun van 'n Trojaanse moeder en die riviergod Crinísus.

- Achaeménides** Griek wat deur Aenéas van die Siklópe se eiland gered is nadat hy daar deur Ulýsses agtergelaat is.
- Achátēs** Aenéas se getrouste metgesel.
- Ácheron** een van die onderwêreldse riviere, soms metonimies vir die onderwêreld self.
- Achilles** die mees gevreesde Griekse held voor Troje.
- Acmon** Trojaan en reisgenoot van Aenéas.
- Acoétes** wapendraer van Evánder in diens van Pallas.
- Acónteus** Latynse soldaat.
- Ácragas** Griekse stad op Sicilië (ook Agrigéntum genoem).
- Acrísíus** koning van Argos en oorgrootvader van Turnus.
- Acron** Griek wat in Etrúrië gewoon en bondgenoot was van Aenéas; deur Mezéntius gedood.
- Áctium** voorgebergte in Acarnánië waar Augustus later die stad Áctium gebou het.
- Actor** 1) Trojaan, reisgenoot van Aenéas; 2) Beroemde Italiaan wie se speer Turnus besit.
- Adamástus** die Griek Achaeménides se vader.
- Adrástus** mitiese koning van Argos.
- Adriatiese see** ten Ooste van Italië.
- Aea** eiland in die Swartsee, woonplek van Circe.
- Aegaéon** of Briáreus, 'n reus met honderd arms.
- Aegéum** Egëiese see tussen Griekeland en Klein-Asië.
- Aegis** Júpiter of Minérva se skild waarmee storms of bliksems verwek is.
- Aegísthús** verleier van Clytaemnéstra, vermoor Agamémnon by sy tuiskoms van Troje af.
- (L) Aemílius Paulus** 'n Romeinse generaal wat die Macedoniese koning Pérseus in 168 v.C. verslaan het.
- Aenéas** held van die Aenéis, leier van die Trojane, seun van die godin Venus en die Trojaan Anchíses.
- Aenus** stad in Thracië.
- Aeólië** eiland naby Sicilië, tuiste van Aeólus.
- Aeólus** die god wat oor die winde heerskappy gevoer het.
- Aequi** 'n oud- Italiaanse volk in Látium.
- Aesculápius** geneesheer, seun van Apóllo die god van geneeskunde.
- Aethon** perd van Evánder se seun Pallas.

- Aetólië** landstreek in sentraal Griekeland, beskou as middelpunt van Griekeland.
- Áfricus** die Suidweste wind in Italië (want dit waai uit die rigting van Afrika).
- Afrika** Romeinse provinsie met Carthago as hoofstad.
- Agamémnon** koning van Mykéne en hoofaanvoerder van die Grieke voor Troje, 'n seun van Átreus.
- Agathýrsi** volkstam van Sarmatië (Oos-Hongarye) wat hulleself altyd blou geverf of getattoeër het.
- Agénor** mitiese koning van die Feniciëse stad Tirus.
- Agis** Lýciër, bondgenoot van Aenéas, en deur Válerus gedood.
- Agrippa** aanvoerder van Augustus se vloot by Actium.
- Agýlla** stad in Etrurië, die latere Caere.
- Ajax** Griekse held voor Troje, seun van koning Oíleus.
- Albaans** van Alba, 'n landstreek in Latium.
- Alba Longa** oudste stad in Latium, gestig deur Aenéas se seun Ascánius.
- Albáni** inwoners van Alba Longa.
- Álbula** ou naam van die Tiberrivier.
- Albúnea** nimf van 'n bron by Tibur.
- Alcánder** reisgenoot van Aenéas, deur Turnus gedood.
- Alcánor** 1) Trojaan van die Idagebergte, vader van Pañdarus en Bítias; 2) Rutuliër.
- Alcáthoüs** reisgenoot van Aenéas, gedood deur Caédicus.
- Alétes** een van Aenéas se vlootkapteins.
- Allécto** een van die drie Wraakgodinne.
- Állia** sytak van die Tiber in Látium, teenswoordig Aja.
- Almo** Latyner, oudste seun van Latínus se herder Tyrrhus.
- Alóides** twee reuse, Otys en Ephíáltes, seuns van Alóëus; hulle wou die hemel bestorm deur drie berge op mekaar te stapel.
- Alpe** gebergte van Sentraal-Europa.
- Álpheus** rivier in Elis wat onder die see deur vloei en op Sicilië as die Arethúsabron uitborrel; ook 'n riviergod wat die nimf Arethúsa tot by die eiland Ortýgia naby Syracúsae agtervolg het.
- Alsus** Rutuliese herder wat vir Podalírius gedood het.
- Amasénus** 'n riviergod van die Amasénus, 'n klein riviértjie in Latium.

- Amasóne** baie krygshaftige volk van vroue woonagtig in Klein Asië, onder bevel van 'n koningin.
- Amástrus** volgeling van Aenéas, deur Camilla gedood.
- Amáta** koning Latínus van Latium se vrou, suster van Turnus se moeder Venília.
- Ámathus** stad in Suid-Ciprus.
- Amitérnum** 'n Sabyense stad, tans Amatryce.
- Amor** die god van liefde, ook genoem Cupido.
- Ampsánctus** onwelriekende meer in Italië, tans Lago d' Ansante.
- Amýclae** ou stad in Latium, deur sy inwoners verlaat.
- Ámycus** Trojaan.
- Anágnia** stad in Latium, tans Anagni.
- Anchémolus** seun van die Marsiese koning Rhoetus, deur Pallas gedood.
- Anchises** adellike Trojaan, eggenoot van die godin Venus, die moeder van Aenéas; swerf saam met Aenéas op soek na Italië maar sterf gedurende die tog in Sicilië.
- Ancus (Marcius)** vierde koning van Rome.
- Andrógeos** seun van koning Minos van Kreta; die Atheners het hom gedood en moes as boete daarvoor jaarliks sewe jongelinge en sewe maagde aan Minos uitlewer sodat hulle as prooi vir die Minotaúrus kon dien.
- Andrómake** vrou van Hector van Troje; na lg. se dood word sy slavin van Pyrrhus, Achíles se seun; hy skenk haar aan Hélenus, Hector se broer. Aenéas besoek hulle te Buthrótum.
- Angítia** godin van geneeskunde by die Marsi en Marrúviërs.
- Ánio** beroemde sytak van die Tiber (tans Teverone), grens tussen Latium en Sabyense gebied.
- Ánius** koning van die eiland Delos, en priester van Apóllō; Aenéas en Anchises het hom besoek.
- Anna** suster van koningin Dido van Carthágo.
- Antaéus** aanvoerder in Turnus se leër, deur Aenéas gedood.
- Antándros** hawestad in Troas, bekend om sy geskikte hout vir skeepsbou.
- Antémnae** 'n ou stad van die Sabýners.
- Anténor** Trojaanse prins wat volgens oorlewing na die val van Troje weggevaar, en die stad Patávium (Pádua) gestig het.

- Ántheus** reisgenoot van Aenéas.
- Antíphates** seun van Sárpedon, koning van Lycië.
- Antónius** Romeinse triumvir in beheer van Oosterse provinsies van die Ryk, trou met Cleopátra, te Actium deur Augustus verslaan.
- Antóres** Griek uit Argos, volgeling van Evánder, bondgenoot van Aenéas, goddood deur Mezéntius.
- Anúbis** Egiptiese god, deur kop van 'n hond voorgestel.
- Anxur** 1) een van Turnus se soldate; 2) ou stad van die Volsci in Latium.
- Ánxurus** kultustitel van Jupiter by Anxur vereer.
- Aórnos** Griekse naam vir die Avérnusmeer (lett.: Voëllose).
- Apennínus** verpersoonliking van die Apennynne bergreeks in Italië.
- Aphídnu**s reisgenoot van Aenéas, deur Turnus gedood.
- Apóllo** ook genoem Phoebus, die songod; seun van Júpiter en Latóna; suster van die maangodin Diána; god van profesie, musiek, poësie, sonlig, geneeskunde en boogskutterskuns; spesiaal vereer op die eiland Delos en in die Griekse nedersetting van Cumae in Italië.
- Aquilus** soldaat van Turnus.
- Arabië** bewoners van ryk in Midde-Ooste, tans Arabië.
- Aráxes** Armeense rivier, teenswoordig Aras.
- Arcádië** bergland in die middeldeel van die Peloponnésus.
- Arcens** Siciliër wat sy seun vir Aenéas as bondgenoot gestuur het, seun deur Mezéntius gedood.
- Arcétius** Rutuliër deur Trojane gedood.
- Archippus** koning van die Marrúviërs.
- Arctúrus** groot ster in die konstellasie Boótes (Ossedrywer).
- Árdea** hoofstad van Rutuliërs.
- Arethúsa** veelgeprese fontein op die eiland Ortýgia naby Syracúsa; ook die naam van die nimf wat van die riviergod Alpheus weggevlug het.
- Argilétu**m vlakke aan die voet van die Capitólium, waar, volgens Vergilius, Evánder se gas Argus vermoor is.
- Argívies** = van Argos.
- Argos** stad in die Peloponnésus, tuiste van die Griekse held Diomédes.

- Argus** 1) gasvriend van Evánder; 2) hardvoggige bewaker van sy beminde Io.
- Ariadne** koning Minos van Kreta se dogter; sy het die Athener Théseus gehelp om sy weg uit die Labirint te vind en saam met hom gevlug; hy laat haar op die eiland Naxos agter, maar sy word deur Bacchus gered.
- Aricia** 1) ou stad in Latium met woud en tempel van Diana, teenswoordig Arriccia; 2) 'n nimf, moeder van Virbius.
- Arisba** 'n stad deur Aenéas ingeneem voor die Trojaanse oorlog.
- Arpi** of Argýripa, stad deur Diomédes uit Argos gestig in Suidoos-Italië.
- Arruns** Etruriër wat Camilla dood, en op bevel van Diana gedood word.
- Asbýtes** soldaat van Aenéas, deur Turnus gedood.
- Ascánius** of Julius, seun van Aenéas, en Creúsa; volgens oorlewering stigter van Alba Longa; mitiese voorvader van die Romeinse Julii.
- Asilas** 1) wiggelaar wat Etruriërs teen Turnus aanvoer; 2) Rutuliese soldaat.
- Ásius** soldaat van Aenéas, seun van Ímbrasus.
- Assáracus** seun van Tros, grootvader van Anchises.
- Astýanax** seun van Hector en Andrómache.
- Astyr** Etruriër, bondgenoot van Aenéas.
- Asýlum** 'n plek van asiel.
- Áthesis** rivier in die Po-vlakte, teenswoordig Etsch.
- Athos** 'n berg in Thracië, teenswoordig Monte Santo.
- Átii** lede van die gens Átia van Rome, afstammelinge van die jeugdige Trojaan Atys, een van die kapteins in die ruiteryvertoning.
- Atína** stad in Latium.
- Atínas** Rutuliër, soldaat van Turnus.
- Atlas** een van die reuse wat teen Jupiter gerebelleer het; as straf daarvoor moes hy die hemel op sy skouers dra; ook 'n bergreeks in Noord-Afrika.
- Átreus** koning van Argos en Mykéne.
- Atrides** die seuns van Átreus, nl. Agamémnon en Meneláus.
- Atys** kyk Atii.

- Aúfidus** rivier in Apúlië, teenswoordig Ofanto.
- Augústus** eretitel ('die verhewene') aan Octaviánus gegee nadat hy keiser van die Rome geword het; alle keisers na hom het ook hierdie titel gedra.
- Auléstes** Etruriese soldaat, bondgenoot van Aenéas.
- Aulis** die hawestad in Boeótië waar die Griekse vloot vergader het voordat hulle teen Troje uitgevaar het.
- Auróra** godin van die daeraad, vrou van Tithónus en moeder van Memnon.
- Aurúnci** bewoners van Middel- en Benede-Italië.
- Ausónië(r)s** ou naam van Italië en sy bewoners.
- Autómedon** wadrywer van Achíllēs.
- Aventínus** die Aventýnse heuwel, een van Rome se sewe heuwels.
- Avérnus** meer by Cumae, en toegang tot die onderwêreld; ook die onderwêreld self.
- Bacchánte** vrou wat die wilde fees van Bacchus vier.
- Bacchus** ook genoem Dionýsus, god van wyn en wilde lewensvreugde; eggenoot van Ariádne.
- Báctrië** land van die Bactri, tussen Parapamísus bergreeks en die Oxusrivier in binneland van Asië.
- Bajae** hawestad in Campanië, waar Agrippa in 37 v.c. die see van die lagune afgeskei het met 'n wal.
- Barca** voedster van Sychaéus, eertydse eggenoot van koningin Dido.
- Barcaéi** wilde stam in Noord-Afrika.
- Bátulum** stad in Campanië deur Samniëte gebou.
- Bebrýciërs** inwoners van Bebrycië.
- Bellóna** Romeinse oorlogsgodin, suster van Mars.
- Belus** koning van die Feniciëse stad Sidon, en vader van Dido.
- Benácus** meer in Noord-Italië waardeur die Mínciorivier stroom, teenswoordig Lago di Garde.
- Berecýntus** berg in Frigië wat deur die kultus van die godin Magna Mater, of Cýbele, beroemd gemaak is.
- Béroë** Trojaanse vrou, eggenote van Dorýclus.
- Bítias** 1) Carthaagse edelman aan wie Dido die drinkbeker reik nadat sy daarvan geproe het; 2) Trojaan, broer van Pándarus, deur Turnus gedood.

- Bola** stad in Latium.
- Bóreas** die Noordewind.
- Briáreus** 'n honderdarmige reus wat in die voorportaal van die hel sy straf uitdien.
- Brontes** (Donder) een van die Siklope in Vulcánus se werkswinkel.
- Brutus** (L. Junius) die konsul wat die Romeinse konings verdryf het, stamvader van die Romeinse stam Junia.
- Butes** 1) Bebrýciese bokser wat voor die lykspele van Anchíses deur Dares doodgeslaan is; 2) wapendraer van Anchíses; 3) Trojaan deur Camilla gedood.
- Buthrótum** hawestad in Epírus, waar Hélenus en Andrómache hulle eie Troje herbou het.
- Byrsa** 1) die burg van Carthago; 2) die naam van die handeling om 'n stuk grond met rieme uit 'n beesvel gesny, uit te meet.
- Cacus** vuurspuwende reus, seun van Vulcánus, in sy grot op die Aventínus deur Hércules gedood.
- Caéculus** seun van Vulcánus, oud-Italiese heros, stigter van Praeneste.
- Caédicus** 1) ryk Rutuliër, gasvriend van Rémulus; 2) Etruriese soldaat in Mezéntius se leër.
- Caéneus** meisie genaamd Caenis wat deur haar minnaar, die god Neptúnus in 'n seun verander is met die naam Caenus; in die onderwêreld het sy egter weer 'n meisie geword.
- Caere** kyk Agýlla.
- Caesar** Gaius Julius, diktator in 44 v.C. vermoor, word na sy dood vergoddelik; latere keisers neem sy naam aan.
- Caesar Augústus** Octaviánus, aangenome seun van Julius, eerste keiser van die Romeinse ryk.
- Caícus** een van Aenéas se vlootkapteins.
- Cajéta** voorgebergte en hawestad in Latium waar Aenéas se voedster, Cajéta, volgens oorlewering begrawe is; tans Gaëta.
- Calchas** Griekse priester en siener voor Troje.
- Cales** stad in Campanië, beroemd om sy wyn, tans Calvi.
- Calliope** godin van epiese en lirieke poësie, een van die nege Muses.
- Cálybe** priesteres van Juno.
- Camerína** stad op die suidkus van Sicilië.

- Camers** Rutuliër deur Aenéas gedood.
- Camilla** strydermaagd van die Volsci, dogter van koning Métabus, deur Arruns gedood.
- Camillus** (M. Furius), heroweraar van die Romeinse vaandels wat deur die Galliërs gebuit was.
- Capéna** stad in Etrurië, tans Civitucola.
- Capháreus** voorgebergte in Euboéa waar die terugkerende Griekse vloot gestrand het.
- Capitólíum** 1) die tempel van Júpiter op die Capitólínusheuwel in Rome; 2) die hele Capitólínusheuwel met die burg en tempel.
- Capri** eiland aan die kus van Campanië.
- Cápua** hoofstad van Campanië, gestig deur Capys
- Capys** Trojaan in Aenéas se gevolg.
- Cáriërs** inwoners van Carië, 'n landstreek in Klein-Asië.
- Carínae** deftige buurt van Rome op die Esquilínus, beroemd om sy pragtige geboue.
- Carméntis** 1) Evander se moeder as profetes vereër; 2) die poort van Carméntis aan die voet van die Capitólínus.
- Carpáthium** van Cárpathus, 'n eiland in die Egēiese see; Carpátiese see = Egēiese see.
- Carthágo** stad aan die noordkus van Afrika, Feniciëse kolonie van die stad Tirus, volgens sage deur Dido gestig; groot teenstander van Rome.
- Casmilla** moeder van Camilla.
- Caspéria** stad van die Sabyne, tans Aspra.
- Cassándra** dogter van koning Príamus en Hécuba van Troje; Apollo het haar met die voorspellingkuns bedeel maar is later deur hom gestraf sodat niemand haar voorspellings wou glo nie.
- Castor** reisgenoot en vriend van Aenéas.
- Castrum Inui** stad op die kus van Latium.
- Catilína** (Lúcius Sérgius) berugte Romeinse samesweerder in 63 v.C.
- Catillus** stigter van Tibur saam met sy broers Coras en Tibúrtus, Turnus se bondgenoot teen Aenéas.
- Cato** (Marcus Porcius - bynaam Maior), 'n konserwatiewe Romein en geswore vyand van Carthago; amptenaar, skrywer en redenaar.
- Caulon** stad in Suid-Italië.

- Caÿstros** rivier in Ionië.
- Cecrops** (kinders van), Atheners.
- Celaéno** die oudste Harpý wat vir Aenéas en sy Trojane 'n kwaai hongersnood voorspel het.
- Celémna** stad in Campanië waar Juno vereer is.
- Centaúrus** een van die skepe wat onder bevel van Sergéstus aan die roeiwedstryd tydens Anchises se lykspele deelgeneem het.
- Ceraúnië** gebergte langs die kus van Epírus.
- Cérberus** die driekoppige reusehond wat die ingang na die onderwêreld bewaak.
- Ceres** suster van die oppergod Jupiter, godin van landbou en vrugbaarheid, en ook beskermster van die huwelik.
- Cethégus** bondgenoot van Turnus, deur Aenéas gedood.
- Chaon** stamvader van die Chaóniërs.
- Chaónië** landstreek in Epírus (tans Albanië).
- Chaos** god van die onderwêreld, en ook die onderwêreld self; eintlik die donker, gapende leë ruimtes van die onderwêreld.
- Charýbdís** berugte draaikolk in die Siciliese seestraat.
- Chlóreus** Trojaanse priester van Cýbele, deur Turnus gedood.
- Chromis** Trojaan deur Camilla gedood.
- Chimaéra** 1) een van die skepe wat onder bevel van Gyas aan die roeiwedstryd tydens Anchises se lykspele deelgeneem het; 2) 'n mitiese monster met die kop van 'n leeu, die lyf van 'n bok en die stert van 'n slang.
- Címinus** meer in Etrurië.
- Ciprus** eiland in die Middellandse see.
- Circaéüs** berg in Latium, tans Monte Circello.
- Circe** nimf en toewares op die eiland Aea.
- Cithaéron** berg in Griekeland waar Bacchus vereer is.
- Císseus** 1) koning van Thracië en vader van Hécuba; 2) Rutuliër deur Aenéas gedood.
- Clárius** (van Claros) epitheton van Apollo omdat hy op Claros vereer is.
- Clarus** Lyciese bondgenoot van Aenéas.
- Claúdi** ou Romeinse geslag van Sabyense afkoms.
- Clausus** Sabyense leëraanvoerder van Turnus, stamvader van die Rom. gens Claudia.

- Cloánthus** kaptein van die Scylla, een van die skepe wat aan die bootwedren deelgeneem het.
- Cloélia** Romeinse heldin wat van Porsénna ontsnap het deur oor die Tiber te swem.
- Clónius** Trojaan deur Messápus gedood.
- Clonus** kunstenaar wat Pallas se swaardriem versier het.
- Cluéntius** die naam van 'n Romeinse gens.
- Clúsium** stad in Etrurië, tans Chiusi.
- Clýtius** 1) Trojaan deur Turnus gedood; 2) een van Turnus se soldate.
- Cócles** (Horátius) Romeinse held wat die brug van die Tiber manalleen verdedig het.
- Cocýtus** een van die onderwêreldse riviere, ook die onderwêreld self.
- Coéus** een van die Titane.
- Collátia** Sabyne stad in Latium.
- Cora** stad van die Volsci in Latium.
- Coras** een van die stigters van Tibur. Kyk Catillus.
- Coroébus** Frigiër, seun van Mygdon, verloofde van Cassandra.
- Corybánte** priesters van die godin Cýbele; hulle verering het gepaard gegaan met wilde musiek, danse en geestesvervoering.
- Corynaeus** Trojaan.
- Córythus** stad in Etrurië, tans Cortona.
- Cosae** hawestad in Etrurië.
- Cossus** (Cornelius) 'n Romeinse generaal wat die koning van die Veii gedood en hom van sy wapenrusting beroof het.
- Créthius** Trojaanse digter en sanger deur Turnus gedood.
- Creúsa** dogter van Príamus en Hécuba, eerste eggenote van Aenéas, moeder van Ascánius.
- Crínisus** riviergod, ook rivier in Sicilië.
- Crustumérium** Sabyne stad in Latium.
- Cumae** stad in Campanië in Italië, wat deur Griekse koloniste gestig is; beroemd om sy Sibille en Apollotempel.
- Cúnarus** aanvoerder van Liguriërs, bondgenoot van Aenéas.
- Cupávo** Liguriër, seun van Cynus, bondgenoot van Aenéas.
- Cupéncus** Sabyne priester, deur Aenéas gedood.
- Cures** hoofstad van die Sabyne, tans Corresse.
- Curétes** priester van Júpiter op Kreta; hul feeeste gekenmerk deur luidrugtige wapendanse.

- Cýbele** Asiatiese godin van vrugbaarheid, later in Rome ook as *Ops* en *Magna Mater* (die Groot Moeder van die gode) vereer.
- Cýclade** eilandgroep in die Egéïese see.
- Cýcnus** Liguriese prins wat in 'n swaan verander is.
- Cydon** soldaat van Turnus.
- Cylléne** berg in Arcadië, geboorteplek van Mercúrius.
- Cymódoce** seenimf.
- Cynthus** berg op die Griekse eiland Delos, geboorteplek van Apollo en Diana.
- Cythéra** eiland in die Egéïese see, en heilig vir Venus, tans Cerigo. Daarom word Venus “Cytheréa” genoem.
- Daédalus** die beroemde legendariese Griekse boumeester wat die doolhof, of Labirínt in Kreta gebou het; omdat hy aan Ariádne bekend gemaak het hoe haar minnaar Théseus uit die Labirínt kon uitkom, is hy self opgesluit; hy en sy seun ontvlug op vlerke wat hy vir hulle gemaak het; sy seun, Ícarus verongeluk tydens die vlug, maar Daédalus land by Cumae waar hy vir Apollo 'n tempel bou.
- Daeraad** of Auróra, godin van die môrerooi, dogter van Hypérion.
- Dahae** 'n Scythiese volksstam.
- Dánaë** moeder van Pérseus, stig in Italië die stad Árdea, trou met Pilúmnus, skenk hom Daunus as seun.
- Dárdanus** die stigter van Troje, stamvader van die koningshuis van Troje, en deur Aenéas ook van die Romeine.
- Dares** Trojaanse bokser saam met Aenéas; neem deel aan die vuisgeveg tydens die lykspele, deur Turnus gedood.
- Daucus** Rutuliër, vader van tweeling Thymbrus en Larídes.
- Daunus** koning van Apúlië, vader of voorvader van Turnus.
- Décii** beroemde Romeinse heldegslag waaraan die vader en seun P. Décius Mus behoort het; hulle het respektiewelik gedurende die Latynse en Samnietiese oorloë vir die Romeine die oorwinning gekoop deur hulle lewens aan die onderaardse gode op te offer.
- Deíopéa** seenimf, dogter van Nereus en Doris, deur Juno aan Aéolus as vrou belowe.
- Deíphobe** priesteres van Apollo te Cumae.
- Deíphobus** seun van koning Príamus; na Paris se dood is hy met

- Hélēna getroud, wat hom in die nag van Troje se val aan die Grieke verraaï het.
- Delos** eilandjie in die Egéiese See en geboorteplek van Apollo en Diana; eers 'n drywende eiland (Ortýgia), maar later deur Apollo vasgemeer en sentrum van sy erediens.
- Demódocus** Trojaan deur Halaésus gedood.
- Demóleos** andersins onbekende Griek.
- Demóphoön** reisgenoot van Aenéas.
- Dercénnus** prins van Lauréntum.
- Diána** suster van Apollo, godin van die jag en die maan, (kyk Apollo.)
- Dicte** berg op die eiland Kreta.
- Dido** ook genoem Elíssa, dogter van koning Belus van Tirus; vlug van haar broer Pygmálion wat haar man Sychaéus vermoor het, koop in Afrika grond van koning Jarbas d.m.v. 'n transaksie genaamd Byrsa (q.v.) en bou daarop die stad Carthago, raak verlief op Aenéas en pleeg selfmoord toe hy op bevel van die gode na Italië wegseil.
- Didymáon** tempel van Apollo te Dídyma.
- Díndyma** berg in Frigië aan Cýbele gewy.
- Diomédes** koning van die Griekse staat Argos; seun van Týdeus; een van die helde van Troje wat saam met Ulýsses die beeld van Pallas (Palládium) uit Troje geroof het; later strand hy op die kus van Italië en stig daar verskeie stede.
- Dióne** Venus se moeder; ook Venus self.
- Dióres** adellike Trojaan in Aenéas se gevolg; deelnemer aan die wedloop op Anchíses se lykspele.
- Dioxíppus** Trojaan deur Turnus gedood.
- Dirae** kyk Wraakgodinne.
- Dis** (Pluto) god van die onderwêreld.
- Discórdia** verpersoonliking van twis en tweedrag.
- Dodóna** stad in Epírus, beroemd om sy oeroue orakel van Júpiter in 'n heilige eikewoud geleë; uit die geruis van die eike en die geluid van koper simbale deur die wind beweeg, is die toekoms verkondig.
- Dolicháon** Trojaan, vader van Hebrus, deur Mezéntius gedood.
- Dolon** Trojaanse spioen in Trojaanse oorlog deur Diomédes gedood.

- Dolópiërs** Griekse volk, onderdane van Achíllēs.
- Donúsa** eiland in die Egéïese see.
- Dóricus** Doriese = Griekse.
- Dorýclus** Griek uit Tmaros, eggenote van die Trojaanse vrou Béroë.
- Doto** seenimf, dogter van Néreus.
- Drances** Latyner, vriend van Latínus en aartsvyand van Turnus.
- Drépanum** 'n stad op Sicilië waar Anchísēs se lykspele gehou is.
- Drusi** beroemde Romeinse gens waartoe Livia, vrou van keiser Augustus, behoort het.
- Drýope** 1) Griekse volksstam in die omgewing van die Parnásusberg; 2) nimf, moeder van Tárquitus.
- Dryops** Trojaan deur Clausus gedood.
- Dulichium** 'n eiland in die Ióniese see en deel van Ulýsēs se koninkryk.
- Dymas** een van Aenéas se manskappe gedurende die laaste nag van Troje; by vergissing deur sy eie Trojane gedood.
- Ébysus** soldaat van Turnus.
- Echíon** een van die stigters van Thebe.
- Edónus** "Thracies", na die Edóni 'n Thraciese volksstam.
- Egéria** Italiaanse bronnimf met gawe van profesie.
- Egéstas** verpersoonliking van gebrek.
- Eléctra** dogter van Atlas, moeder van Dárdanus.
- Elis** stad in die weste van die Peloponnésus, beroemd om sy Olimpiese spele.
- Elíssa** ander naam vir koningin Dido van Carthago.
- Elórus** rivier in Sicilië.
- Elýsium** die stralende woongebied van die geluksaliges in die onderwêreld; hemel of paradys.
- Emáthion** Trojaan deur Liger, bondgenoot van Turnus, gedood.
- Encéladus** reus deur Jupiter se bliksem gedood en onder die vuurspuwende berg Etna begrawe.
- Entéllus** beroemde bokser, leerling van Aenéas se broer Eryx; behaal die oorwinning oor Dares op Anchísēs se lykspele.

- Épeus** een van die Grieke voor Troje; bouer van die houtperd.
- Épirus** landstreek in Noord-Griekeland, aangrensend aan die Ióniese see.
- Épulo** Rutuliër deur Achátēs gedood.
- Épytides** vriend van jong Julius.
- Épytus** een van Aenéas se manskappe gedurende die laaste nag van Troje.
- Érato** Muse van liriese poësie.
- Érebus** god van duisternis en van die onderwêreld; ook die onderwêreld self.
- Érétum** Sabyne stad aan die Tiber.
- Erichaétes** Trojaan deur Messápus gedood.
- Eridanus** mitiese rivier van die onderwêreld, later vereenselwig met die Padus (tans die Po).
- Erínys** Wraakgodin.
- Eriphýle** vrou van Amphiráüs, een van die “Sewe teen Thebe”; sy verraa haar man se skuilplek toe hy tydens die tog teen Thebe weggroep omdat hy as siener gewet het hy sou op daardie tog omkom; daarom word sy as moordnares in die onderwêreld gestraf.
- Érulus** seun van die godin Ferónia, koning van Praeneste, gedood deur Evándēr.
- Erymánthus** rivier in die berge van Arcadië.
- Érymas** Trojaan deur Turnus gedood.
- Eryx** 1) beroemde bokser, seun van Venus en broer van Aenéas; 2) ’n berg en stad op Sicilië, met ’n beroemde tempel van Venus.
- Ethiopiërs** inwoners van Ethiopië (Abissinië).
- Etna** vuurspuwende berg op Sicilië waaronder die reus Typhon vasgepen lê; as laasgenoemde roer, word aardbewings verwek.
- Etrúrië** landstreek van sentraal-Italië.
- Etrúriërs** of Etruskers, inwoners van Etrurië.
- Eubóies** van Euboéa, ’n eiland in die Egéiese see.
- Eufraat** rivier in Asië, tans Forat of Frat, metonimies die volkere aan die Eufraat.
- Eumédes** Trojaan, seun van Dolon, gedood deur Turnus.
- Eumélus** Trojaan wat die skeepsbrand tydens die lykspele kom aankondig het.

- Euménides** die “Goedgunstiges”, ’n eufemistiese benaming vir die Wraakgodinne of Furieë of Erínyë.
- Eunaéus** Trojaan, seun van Clytius.
- Európa** 1) dogter van die Feniciëse koning Agénor, deur Jupiter in die gedaante van ’n stier geskaak; 2) die wêrelddeel na haar genoem.
- Eurótas** rivier in Laconië.
- Eurus** Griekse benaming vir die suidoostewind.
- Eurýalus** mooi jong Trojaan in Aenéas se gevolg; boesemvriend van Nisus.
- Eurýpylus** Griek wat volgens Sinon na die orakel van Apollo gestuur is om die god te gaan raadpleeg i.v.m. die terugvaart van die Griekse vloot.
- Eurýstheus** koning van Mykéne wat in opdrag van Juno die twaalf take aan Hercules opgedra het.
- Eurýtides** = seun van Eúrytus = kunstenaar Clonus.
- Eurýtion** een van die beste boogskutters van die Trojane, en die man wat die duif op Anchíses se lykspele neergeskiet het; hy was ’n broer van Pándarus.
- Evádne** vrou van Capanéus wat by Troje gesneuwel het; sy het haarself op sy brandende brandstapel gewerp.
- Evánder** seun van die nimf Carméntis, Arcadiese koning, stigter van Pallantéum (genoem na sy seun Pallas), bondgenoot van Aenéas.
- Evánthes** Frigiër wat deur Mezéntius gedood is.
- Fábaris** rivier in Sabyne gebied, tans Farfa.
- Fábii** beroemde patristiese gens van Rome; byna almal het hulle lewens in die oorlog teen Veii vir hul vaderland opgeoffer. Q. Fabius Maximus Cunctator, wat vir Hannibal met ’n uitputtingstaktiek bestry het, was lid daarvan.
- Fabrícius** Romeinse geslag waarvan Gaius Fabrícius Lúscinus, beroemde generaal in die oorloë teen Pyrrhus en die Samniete, die bekendste was.
- Fadus** Rutuliër, deur Eurýalus gedood.
- Falíscum** stad en gebied in Etrurië.
- Fama** “Gerug”, godin van die gerug, gevleuelde dogter van Tellus (Aarde) wat net soveel oë, ore, monde en tonge het as wat daar vere op haar lyf is.

- Fames** personifikasie van hongersnood.
- Faunus** oud-Italiese koning, vader van Latinus.
- Fenicië** landstreek van Sirië, tussen die Middellandse see en die Libanongebergte.
- Ferónia** Sabyne godin, beskermster van vrygelatenes.
- Fescénia** of Fescenninum, 'n baie ou stadjie van Etrurië, bekend om sy spotdialoë in verse wat daarna vernoem is.
- Fidénae** stad van die Sabyne in Latium, by die samevloeiing van die Tiber en die Anio.
- Fides** "Trou", 'n Romeinse godheid.
- Flavinia** Etruriese stad, bondgenoot van Turnus teen die Trojane.
- Fortúna** godin van die geluk en van die lot.
- Fóru** Sabyne stad, tans Civita Tommasa.
- Frigië** landstreek in Klein-Asië waarin Troje geleë was; Frigiërs is dus Trojane.
- Fúcinus** grootste meer in Suid-Italië, tans Lago di Celano.
- Furié** wraakgodin (kyk Euménides); in die onderwêreld het daar drie van hulle gewoon wat die sondaars vervolg en tot waansin gedryf het.
- Gábii** baie ou stad in Latium.
- Gaetúlië** landstreek in die Noordweste van Afrika; ook Afrika self.
- Galaésus** 1) ryk boer van Latium; 2) rivier in Calabrië.
- Galatéa** seenimf, dogter van Néreus.
- Gállíërs** magtige Keltiese volk oorspronklik woonagtig tussen die Ryn en Garonne; later ook in Noord-Italië, Griekeland en selfs Asië.
- Ganges** groot rivier in Indië.
- Ganymédes** een van koning Tros van Troje se drie seuns; omdat hy so mooi was, het Jupiter hom deur 'n arend na Olympus toe laat skaak om daar as skinker vir die gode te dien in die plek van Juno se dogter Hebe; een van die redes waarom Juno die Trojane gehaat en agtervolg het.
- Garamánte** volk in die binneland van Noord-Afrika, wat deur die Romeinse prokonsul L. Cornelius Balbus onderwerp is.
- Garamántis** 'n bosnimf, eggenote van die god Hammon, moeder van koning Jarbas van Afrika.

- Gargánus** berg in Apúlië, tans St. Angelo.
- Gáudia** verpersoonliking van Genietinge van die vlees.
- Gebrek** kyk Egéstas.
- Gela** stad op Sicilië.
- Gelóni** Scythiese volksstam van die Dnepr.
- Genietinge** kyk Gaudia.
- Génius** beskermgees.
- Gerug** (kyk Fama) godin van sowel goeie as slegte nuus.
- Géryon** koning van die eiland Erythéia in die verre Weste; 'n monster met drie liggame, deur Hercules van sy beeste ontroof.
- Getae** 'n volksstam noord van die Benede-Donou.
- Gigánte** mitiese seuns van Gaia (Aarde) en Tártarus, reuse wat die hemel wou aanval en in 'n poging om daar te kom drie berge opmekaar gestapel het; hulle is deur die gode oorwin en onder die vulkane van die ganse aarde begrawe.
- Glaucus** 1) visser van Boeótië wat nadat hy towerkruie geëet, in die see gespring het en onder die seegode opgeneem is; hy was die vader van Deíphobe, die priesteres van Cumae; 2) aanvoerder van die Lyciërs, deur Turnus gedood.
- Górgone** drie gevleuelde monstersusters met slanghare en ysterkloue, Stheno, Eurýale en Medúsa; lg. die Gorgo by uitstek omdat alles waar sy na gekyk het in klip verander het.
- Gortýnia** stad op Kreta.
- Gracchi** Tibérius en Gaius Semprónius Gracchus, twee broers en Romeinse volkstribune wat in hulle poging om 'n beter verdeling van die staatsgrond ter bevoordeling van die Plebéjers te verkry, aan die haat van die adeistand ten prooi geval het.
- Gradívus** Romeinse oorlogsgod.
- Graécia** Griekeland.
- Gravíscae** hawestad in Etrurië wat deur moerasse in omgewing baie ongesond gemaak is.
- Grynéiis** van Grýnium, 'n Aeóliese stad bekend om sy tempel van Apollo.
- Gýarus** een van die Cýclade-eilande.
- Gyas** 1) een van Aenéas se vlootkapteins wat aan die roeiwedstryd deelgeneem het; 2) Rutuliër deur Aenéas gedood.
- Gyges** Trojaan deur Turnus gedood.
- Gylíppus** Arcadiër wat saam met Evander na Italië gekom het.

- Hadriacus** Adriatiese (see).
- Haedi** konstellasie van die Bokkies wat reën voorspel.
- Haemon** soldaat van Turnus.
- Haemónides** priester van Diana en Apollo, deur Aenéas gedood.
- Halaesus** Italiese vors, afstammeling van Agamémnon, bondgenoot van Turnus.
- Hálius** Trojaan deur Turnus gedood.
- Hammon** godheid van Egipte en Libië, met 'n beroemde tempel in die Libiese woestyn; eggenoot van die nimf Garamántis en vader van koning Jarbas van Afrika; geïdentifiseer met die Romeinse god Jupiter.
- Harpályce** dogter van die Thraciese vors Harpálycus; na haar moeder se dood ontvang sy 'n manlike, militêre opvoeding; na haar vader se dood leef sy as jagteres, beroemd om haar vaart en uithouvermoë.
- Harpálycus** Trojaan deur Camilla gedood.
- Harpýe** mitiese roofsugtige monsters, halfvrou, halfroofvoël.
- Hebrus** rivier in Thracië.
- Hécate** godin van die maan en van towenary, geïdentifiseer met Diána; na aanleiding van die drie maanfasas word sy deur digters “drievormig” genoem, en met drie koppe en drie fakkels in die hand afgebeeld; sy is veral op die kruispaaie vereer, en vandaar “Trívia” genoem.
- Hector** oudste seun van Príamus en Hécuba van Troje, eggenoot van Andrómache dapperste held van die Trojane; hy verslaan vir Pátroclus, word self in 'n tweegeveg gedood deur Achilles wat sy lyk agter sy strydwa om die mure van Troje rondsloop, maar wat dit later aan Príamus teruggee om in Troje te begrawe.
- Hécuba** eggenote van Príamus.
- Hélena** dogter van Jupiter en Leda, vrou van Meneláus, koning van Sparta; sy is deur die Trojaan Paris geskaak, wat aanleiding gegee het tot die Trojaanse oorlog.
- Helénor** Trojaan deur Rutuliërs gedood.
- Hélenus** seun van Príamus, profeet van Apollo; van Pyrrhus ontvang hy vir Andrómache, weduwee van Hector; in Epírus bou hulle 'n nuwe Troje.

- Hélicon** berg in Boeótië aan Apollo en Muses gewy, tans Zagaro-Vouni.
- Helórus** = Elórus, rivier in Sicilië, tans Atellaro.
- Hellas** Griekeland.
- Hélymus** 1) Trojaan; 2) Siciliër wat deelgeneem het aan die wedloop by die lykspele.
- Herbésus** Rutuliër deur Eurýalus gedood.
- Hércules** beroemdste Griekse heros, seun van Jupiter en Alcémene; daarom gehaat deur die jaloerse Juno, en gedwing om die twaalf take te volbring; na sy pynlike dood onder die gode opgeneem; beskou as weldoener en begeleier van die Muses.
- Herminius** Trojaan deur Catíllus gedood.
- Hermione** dogter van Meneláus en Hélena, vrou van Achíllies se seun Pyrrhus, en na lg. se dood, van Oréstes.
- Hermus** belangrikste rivier van Lidië, tans Sarabad of Kodos.
- Hernícia** (saxa) van die Herníci, 'n volk van Latium.
- Hésione** dogter van Laómedon, suster van Príamus.
- Hespérië** "Awendland", Italië.
- Hespérides** nimfe, dogters van Érebus en Nag; op 'n verafgeleë eiland in die Weste het hulle 'n tuin met goue appels besit wat deur 'n draak bewaak is.
- Hibérus** Spaanse, Iberiese.
- Hicetáon** vader van die Trojaan, Thymoétes.
- Hiems** verpersoonliking van die storm: Stormgod.
- Himélla** Sabyne rivier, tans Aja.
- Hinderlaag** of Insidiae, verpersoonliking hiervan.
- Hippócoön** seun van Hýrtacus en een van die deelnemers aan die boogskutterswedstryd by die lykspele.
- Hippólyte** koningin van die Amasones.
- Hippólytus** seun van Théseus word ten gevolge van die belasting van sy stiefmoeder Phaedra, deur sy vader verwens en sterf 'n gewelddadige dood; hy word deur Aesculápius weer in die lewe geroep, en leef onder die naam Virbius in die woud van Arícia waar hy as heros vereer word.
- Hípotes** vader van Trojaan Amástrus.
- Hisbo** Rutuliër deur Pallas gedood.
- Hómole** berg in Thessálië.

Hondster Sírius, kyk Orion.

Hongersnood = Fames, verpersoonliking van honger.

Hyádes die Reëngesternte, sewe sterre in die kop van die Stier; hulle opgang (7-21 Mei) voorspel reën.

Hydáspes Trojaan, gedood deur Sacrátor.

Hydra die veelkoppige waterslang van Lerna wat deur Hercules gedood is; dit bewaak die voorhof van die onderwêreld.

Hylaéus 'n Kentour.

Hyllus Trojaan deur Turnus gedood.

Hýpanis een van Aenéas se makkers die laaste nag van Troje; word deur die Grieke gedood.

Hycánus van die Hycániërs, inwoners van Hyrcánië, 'n landstreek tussen Medië, Parthië en die Kaspiese see.

Hýrtacus vader van die boogskutter Hippócoön.

Iaéra nimf wat Alcánor se seuns, Pándarus en Bítias grootgemaak het.

Ícarus seun van Daédalus; deur middel van vlerke wat lg. vir hulle gemaak het, ontvlug hulle uit die Labirínt op Kreta; Daédalus vlieg egter na aan die son, sy vlerke breek en hy verdrink in Icáriese see by die eiland Icárië in die Egéiese see.

Ida 1) berg by Troje waar die Scamánderrivier ontspring het en waar Ganymédes deur 'n arend geskaak is; 2) berg op Kreta waar Jupiter opgevoed is.

Idaéus 1) wadrywer en herout van koning Príamus, skim in die onderwêreld; 2) Trojaan wat Eurýalus se bedroefde moeder van die skanse weglei.

Idáliese Gebergte 'n berg Idálium op Ciprus waar Venus 'n tempel gehad het.

Idália stad op Ciprus na aan die Idaliese gebergte.

Idas 1) Trojaan deur Turnus gedood; 2) Thraciër, bondgenoot van Aenéas, gedood deur Clausus.

Idmon Turnus se Rutuliese boodskapper na Aenéas.

Idoméneus koning van Kreta tydens die Trojaanse oorlog; vestig hom daarna in Italië.

Ília moeder van Rómulus en Remus.

Ilíone dogter van Príamus en Hécuba.

Ilíoneus makker van Aenéas en een van sy vlootkapteins.

Ílium digterlike naam van Troje, genoem na Ílius, die grootvader van Príamus.

Íllýrië landstreek aan die Adriatiese see in die huidige Dalmasië en Albanië.

Ílus 1) 'n stigter van Troje; 2) Ascánius; 3) Rutuliër deur Pallas gedood.

Ílva 'n eiland in die Tirreense see, tans Elba.

Ímáon aanvoerder van die Aurúnci, bondgenote van Turnus.

Ímbrasus reisgenoot van Aenéas, vader van Asius.

Ínachus stigter en vors van Argos.

Ínárima of Aenária, vulkaniese eiland op die Campaniese kus; die vulkaan is beskou as die graf van die honderdarmige reus Typhoéus wat die heerskappy oor die hemel wou bekom en deur Jupiter se bliksem gedood is.

Índiërs bewoners van die Indusvallei in 'n suidoostelike rigting.

Íno dogter van Cadmus en Harmónia; in haar vlug voor haar waansinnige man spring sy in die see en word onder die seegode opgeneem.

Ío prinses van Argos, deur Jupiter in 'n koei verander.

Íphitus bejaarde makker van Aenéas wat saam met hom deur die brandende stad na Príamus se paleis opgeruk het.

Íris boodskapper van die gode, veral van Jupiter en Juno; geïdentifiseer met die reënboog wat hemel en aarde as't ware met 'n brug verbind.

Ísmara stad in Thracië.

Ísmarus Trojaanse soldaat van Aenéas.

Ítália Italië.

Ítalus ou koning van Italië na wie die land genoem is.

Íthaca eiland met 'n gelyknamige hoofstad, vaderland van Ulysses.

Ítys Trojaan deur Turnus gedood.

Íxion koning van die Lápitchae; weens sy vergryp teen Juno is hy in die onderwêreld aan 'n wiel vasgebind wat met duiselingwekkende snelheid in die rondte draai.

Janículum een van die heuwels van Rome waarop die god Janus 'n vesting gebou het.

Janus ou Italiaanse poortgod voorgestel met twee gesigte wat in- en uitgang, begin en einde versinnebeeld; sy tempel op die

Forum was 'n poortdeurgang wat alleenlik gesluit mog word as daar vrede dwarsdeur die Ryk geheers het.

Jápygies “van Apulië”, in Suid-Italië.

Japyx 1) NWN-wind; vgl. nota Bk. 8, 710; 2) Trojaanse geneesheer, seun van Jasus.

Jarbas seun van Hammon en Garamántis; vors van Afrika wat om koningin Dido se hand meeding maar afgewys word.

Jásius broer van Dárdanus die stamvader van Troje.

Jollas Trojaan deur Catíllus gedood.

Jopas Carthaagse sanger wat by Dido se feesmaal ter ere van Aenéas optree.

Július beroemde Romeinse geslag wat hulle naam afgelei het van Julius (of Ascánius) die seun van Aenéas; C. Julius Caesar het aan hierdie geslag behoort, en keiser Augustus ook deur adopsie.

Julus of Ascánius, seun van Aenéas en Creúsa.

Juno suster en eggenote van Jupiter; koningin van die gode, beskermster van Carthago en vyand van die Trojane.

Júpiter oppergod van die Romeine, regeerder oor die hemel en die ganse natuur; verwek reën en sonskyn, bliksem en donder; beskik oor die lot van sterweling en openbaar sy wil deur wondertekens en orakelspreuke.

Jutúrna nimf, suster van Turnus, vergoddelik deur Jupiter.

Kaukásus bergreeks in Asië.

Knossos hoofstad van Kreta in die voorhistoriese periode.

Korínthe stad in die Peloponnésus.

Kreta eiland in die middellandse see.

Kretensers bewoners van Kreta.

Labíci 'n stad in Latium.

Labirint die doolhof wat Daédalus te Knossos op Kreta gebou het.

Lacedaémon Sparta.

Lacínium voorgebergte op die mees suidelike punt van Italië, waar Juno 'n tempel besit het.

Lades Trojaan, seun van Ímbrasus, deur Turnus gedood.

Ladon Arcadiese reisgenoot van Aenéas, deur Halaésus gedood.

Laértia (regna) van Laértēs, = Íthaca.

- Lagus** Rutuliër deur Pallas gedood.
- Lamus** Rutuliër deur Nisus gedood.
- Lámyrus** Rutuliër deur Nisus gedood.
- Laócoön** Trojaanse priester van Neptúnus en Apollo; hy het vergeefs gewaarsku teen die houtperd; is saam met sy twee seuntjies deur die twee seeslange verwurg.
- Laodamia** vrou van Protesiláus; toe lg. as aanvoerder van die Thessaliërs voor Troje sneuwel, het sy haarself om die lewe gebring om in die dood by haar man te kan wees.
- Laómedon** koning van Troje, vader van Príamus; hy weier aan Apollo en Poseidon hulle loon vir die bou van Troje se mure; daarom noem Dido die Trojane “die trouelose geslag van Laómedon”.
- Lápthae** wilde legendariese volk wat op die bruilof van hulle koning, Piríthoüs, met die Kentoure slaags geraak en volkome vernietig het.
- Lar** die beskermgod van ’n huis, stad of oord. Die mv. Lares, kom meer dikwels voor.
- Larides** Rutuliër, tweelingbroer van ThyMBER, deur Pallas verwond.
- Larina** gesellin van Camilla.
- Larisaéüs** burger van Larísa, ’n stad in Thessalië.
- Látagus** Trojaan deur Mezéntius gedood.
- Latinus** legendariese koning van Látium wat vir Aenéas gasvry ontvang en hom sy dogter Lavínia as vrou gegee het.
- Látium** landstreek in Sentraal-Italië tussen die Apennynne en die Tirreense see; aan die Noorde begrens deur Etrurië, en aan die Suide deur Campanië.
- Latóna** moeder van Apollo en Diana vir wie sy op die eiland Delos in die wêreld gebring het.
- Latyners** inwoners van Latium.
- Laurénters** inwoners van Laurentum, die hoofstad van Látium.
- Lavinia** dogter van Latinus en Amáta; aan Turnus verloof maar aan Aenéas beloof; dit lei tot die oorlog tussen Turnus en Aenéas.
- Lausus** seun van Mezéntius, die verbanne koning van Etrurië.
- Laviniese Ryk** streek waarvan Lavínium die sentrum gevorm het.

Lavinium ou Latynse stad in Látium, gestig deur Aenéas en genoem na Lavínia.

Leda moeder van Hélena.

Léleges 'n Pelasgiese volksstam in Klein-Asië en Griekeland.

Lémnos eiland in Egéïese see, setel van Vulcánus.

Lerna moeras in Griekeland, tuiste van Hydra (q.v.)

Lerniese Slang die Hydra (q.v.)

Lethe rivier in die onderwêreld waaruit die skimme gedrink het om die verlede te vergeet.

Leto kyk Latóna.

Letum verpersoonliking van Dood.

Leucáspis een van die Trojaanse skimme wat Aenéas in die onderwêreld ontmoet het.

Leucátes voorgebergte op die eiland Leucas, tans Capu Ducato.

Liber kyk Bacchus.

Libië Griekse naam vir Afrika, later vir Noord-Afrika tussen Egipte en die Syrtes.

Liburniese Ryk Noord-Illyrië.

Lichas bondgenoot van Turnus, priester van Apollo, deur Aenéas gedood.

Licýmnia moeder van die Trojaan Helénor.

Lidië landstreek in Klein-Asië, tradisionele moederland van die Etruriërs.

Liger Etruriër, bondgenoot van Turnus.

Ligúriërs volk in die Noord-Weste van Italië.

Lilybaéiim voorgebergte en stad op die weskus van Sicilië.

Lipare die grootste van die Aeóliese eilande by Sicilië, tans Lipari.

Liris soldaat van Aenéas.

Lócriërs Griekse setlaars uit die landstreek Locris, stig 'n stad Narýcium in Italië.

Lúcagus Etruriër, bondgenoot van Turnus, deur Aenéas gedood.

Lucas Rutuliër, soldaat van Turnus.

Lucétius Rutuliër, soldaat van Turnus.

Lúcifer die Môrester, volgens die mite, seun van Auróra.

Luctus verpersoonliking van Rou.

- Luna** die Maan verpersoonlik. Kyk Phoebe.
- Lupércal** grot in die Palantínus, gewy aan die god Lupercus.
- Lupérci** priesters van Faunus.
- Lyaéus** Bacchus.
- Lycaéiese** van die Lycaéusberg in Arcadië wat aan Pan en Jupiter gewy was.
- Lycáon** kunstenaar uit Kreta, vader van Aenéas se soldaat, Erichaëtes.
- Lycië** landstreek in die suidweste van Klein-Asië.
- Lýctius** van Lyctos, 'n stad op Kreta = Kretensies.
- Lycúrgus** koning van Thracië wat sy onderdane verbied het om Bacchus te vereer en daarom met blindheid gestraf is.
- Lycus** Trojaan, makker van Aenéas, deur Turnus gedood.
- Lýnceus** Trojaan, makker van Aenéas, deur Turnus gedood.
- Lyrnéssus** stad in Klein-Asië, naby Troje.
- Macháon** seun van Aesculápius en beroemde dokter van die Grieke voor Troje; een van die helde wat in die houtperd toegesluit was.
- Maeon** Rutuliër, een van Phórius se sewe seuns.
- Maeónië** 1) landstreek in Lidië; 2) metonimies vir Etrurië daar die Etruriërs van die Lidiërs afgestam het.
- Maeótië** die landstreek om die Maeótiese meer (tans die see van Asof).
- Magus** Latynse bondgenoot van Turnus, deur Aenéas gedood.
- Maia** moeder van Mercurius.
- Maleía** oostelike voorgebergte in Lacónië.
- Manes** 1) siele (skimme) van afgestorwenes; 2) die skim van een persoon; 3) die onderwêreld.
- M. Mánlius** (Capitolínus), redder van die Capitólium by die bestorming deur die Galliërs, later aangekla van hoogverraad en van die Tarpéiese rots afgegooi.
- Mántua** ou hoofstad van Etrurië.
- Marcéllus** 1) C. Claudius Marcellus, 'n Romeinse generaal wat die Galliërs by Clastídium verslaan en hulle aanvoerder, Viridómarus, in 'n tweegeveg gedood het; in die tweede Puniese oorlog oorwin hy vir Hannibal by Nola; 2) M. Claudius Marcellus, seun van Octavia, die suster van keiser Augustus; deur die keiser aangeneem en as vermoedelike troonopvolger

- baie geliefd; sterf op negentienjarige leeftyd en die eerste gestorwene wat in die Mausoléum op die Marsvlakte langs die Tiber weggelê is.
- Marica** oud-Italiese godin.
- Marpésiese** van die Marpésusberg op die eiland Paros, beroemd om sy marmergroewe.
- Marrúviese** van Marrúvium, hoofstad van die Marse.
- Mars** seun van Jupiter en Juno, Romeinse god van oorlog; vader van Romulus en Remus en as sodanig skutsgod en stamvader van die Romeinse volk.
- Marsi** dapper volk in Midde-Italië.
- Marsvlakte (Marsveld)** groot veld aan Mars gewy te Rome langs die Tiber; oefenplein vir soldate en druk besoek deur die Romeine vir sport en ontspanning.
- Mássica** die streek by die Mássicusberg tussen Latium en Campanië, beroemd om sy wyn.
- Mássicus** Etruriese aanvoerder, bondgenoot van Aenéas.
- Massýliese** van die Massyliërs, 'n volksstam van Numidië.
- Maurúsius** = Moorse.
- Mavors** = Mars.
- Máximus** Q. Fabius (Cunctátor) teenstander van Hannibal, in die tweede Puniese oorlog.
- Medon** Trojaanse held wie se skim deur Aenéas op sy tog deur die onderwêreld ontmoet word.
- Medúsa** die mees bekende Gorgo.
- Megaéra** een van die Wraakgodinne.
- Mégarus** van Mégara, 'n stad op Sicilië.
- Melámpus** waarsêer en geneesheer, metgesel van Hercules.
- Meliboéus** van Meliboéa, 'n stad in Thessálië.
- Mélite** 'n seenimf.
- Mémnii** naam van Romeinse gens wat hulle stamboom teruggevoer het tot by die Trojaanse bevelvoerder Mnéstheus.
- Memnon** seun van Auróra (Daeraad) en Tithónus; legendariese koning van Ethiopië wat Troje te hulp gekom het; word deur Achilles gedood maar verkry onsterflikheid.
- Meneláüs** koning van Sparta, seun van Atreus en jonger broer van Agamémnon; Paris skaak sy vrou en veroorsaak so die Trojaanse oorlog.

- Menéstheus** burger van Lyrnéssus, bondgenoot van Aenéas.
- Menoétes** stuurman van die Chimaéra onder bevel van Gyas in die roeiwedstryd; word deur sy kaptein van die skip af gegooi.
- Merops** Trojaan, deur Turnus gedood.
- Messápus** koning van Apulië of Calábrië, seun van Neptúnus, bondgenoot van Turnus.
- Métabus** verbanne koning van Privérnum, vader van Camilla.
- Metiscus** Turnus se wadrywer.
- Mettus** (of Mettius) Fufétius, Albaanse generaal wat teen Tullus Hostilius verraad gepleeg het.
- Mezéntius** verdryfde Etruriese koning van Agýlla of Caere, vader van Lausus, bondgenoot van Turnus.
- Mimas** Trojaan saam met Paris gebore.
- Míncius** rivier in Noord-Italië, tans Mincio.
- Minérva** Romeinse godin van wysheid en kennis, skutsgodin van die kunste, wetenskappe en handwerk, maar veral van die stad Rome; geïdentifiseer met die Griekse godin Athéna en dra die bynaam Pallas.
- Mínio** riviértjie in Etrurië, tans Mignone.
- Minos** legendariese koning en wetgewer op Kreta, na sy dood as regter in die onderwêreld aangestel; 'n latere opvatting maak hom die bose koning van Kreta vir wie Daédalus die Labirínt moes bou en aan wie die Atheners jaarliks sewe meisies en sewe jongmense vir die Minotaúrus moes stuur.
- Minotaúrus** monster, halfmens, halfbul in die Labirínt op Kreta, seun van Minos se vrou Pasíphaë, deur die Athener Théseus gedood.
- Misénus** seun van Aéolus, makker van Aenéas en trompetter van die Trojaanse vloot; stort van sy skip en verdrink in die see; begrawe op die voorgebergte van Campanië wat na hom vernoem word (Capo di Miseno).
- Mnéstheus** gesiene Trojaan wat as kaptein van die Pristis aan die roeiwedstryd op die lykspele deelgeneem het.
- Moeder** (die groot), kyk Cýbele.
- Monoécus** 1) hawestad in Ligurië (tans Monaco); 2) “die alleenwonende”, bynaam van Hercules.
- Morbi** verpersoonliking van Siektes.
- Mórini** Belgiese volksstam aan die see by die Schelde.

Mors verpersoonliking van die Dood.

Múlciber Vulcánus.

Múmmius naam van 'n Romeinse gens, van wie Mucius Mummius Archáicus, die veroweraar van Korinthe, veral bekend is.

Murránus Latynse bondgenoot van Turnus, deur Aenéas gedood.

Muse die godin van epiese poësie, Callíope, een van die nege dogters van Zeus en Mnemósyne, tradisioneel by die aanvang van 'n belangrike literêre werk aangeroep.

Mýconos een van die Cýclade-eilande in die Egëiese see.

Mygdo Frigiese koning.

Mykéne ou stad van Árgolis in Griekeland; vesting en setel van die Griekse helde Pelops, Átreus en Agamémnon.

Myrmidone volksstam uit Phthia in Thessalië; onderdane en soldate van Achílles gedurende die Trojaanse oorlog.

Nag (of Nox), die onderwêreld, die ryk van die nag.

Nar rivier in Umbrië, sytak van die Tiber.

Naryx stad in Locris (Griekeland).

Nautes Trojaanse waarsêer en priester van die godin Pallas Athéna (Minérva) te Troje.

Naxos grootste eiland van die Cýclade-groep in die Egëiese see; beroemd om sy marmer, sy wyn en sy erediens van Bacchus.

Neálces Trojaan wat Sálius, die bondgenoot van Turnus, gedood het.

Némea 'n plekkie in Árgolis met 'n woud daaromheen waarin Hercules die Neméïese leeu waarvan hy die vel dra, verwurg het.

Nemi meer in Latium, gewy aan Diana Trívia.

Neptúnus seun van Satúrnus en broer van Júpiter; die god van die see.

Néreus vader van die Neréïdes; 'n profetiese seegod wat in velerlei gedaantes aan mense verskyn.

Néritos klein eilandjie by Íthaca.

Nersae stad van die Aequi in Látium.

Nilus die Nylrivier.

Niphaéus Rutuliër deur sy eie perde gedood.

- Nisaéë** seenimf.
- Nisus** makker van Aenéas en boesemvriend van die mooi jong Eurýalus.
- Noëmen** Trojaan deur Turnus gedood.
- Nómades** Pastorale volke wat met hulle vee rondswerf, 'n naam waarvan die Romeine waarskynlik Númidæ gevorm het.
- Noméntum** stad noord-oos van Rome.
- Notus** Griekse naam vir die reënbringende suidewind; ook die stormwind.
- Numa** 1) Numa Pompilius, die tweede koning van Rome; 2) Rutuliër deur Nisus en Eurýalus gedood; 3) Rutuliër in Turnus se kamp.
- Numánus** of Rémulus, swaer van Turnus, deur Ascánius gedood.
- Numéntum** stad Noord-oos van Rome, tans Mentana.
- Numícus** rivier in Látium in omgewing van Lávínium.
- Numídië** kusgebied van Afrika, wes van Carthago, tans Algerye.
- Númitor** 1) koning van Alba Longa; 2) Rutuliër, een van Phorcus se sewe seuns.
- Núrsia** Sabyne stad, tans Norcia.
- Nysa** oorspronklik 'n berg in Thracië, later ook die naam van 'n stad en 'n berg in Indië waar Bacchus opgegroeï, en waarvandaan hy sy erediens oor die ganse wêreld versprei het.
- Océanus** Oseaan, wêreldsee wat rondom die aarde stroom en dit insluit.
- Ocnus** Etruriër, seun van die Tiber, bondgenoot van Aenéas.
- Odýsseus** ander naam vir Ulýsses, seun van Laértēs en koning van Íthaca; bekend om sy skrandtheid en listigheid: beroemdste held van die oudheid.
- Oébalus** koning van Campanië, teenstander van Aenéas.
- Oechálië** stad op Euboéa deur Hercules verwoes.
- Oenótriërs** oudste bewoners van Suid-Italië.
- Oileus** koning van Locris in Griekeland, vader van die Griekse held Ajax.
- Oleáros** eiland van die Sporádes-groep in die Egéïese see.
- Olímpus** hoogste berg in Thessalië, die gode het op die kruine daarvan gewoon; metonimies vir die hemel self.

- Onítes** Rutuliër deur Aenéas gedood.
- Oorlog** (Bellum) verpersoonliking van oorlog.
- Ophéltes** vader van Eurýalus.
- Opis** nimf uit Diana se gevolg wreek Camilla se dood.
- Orcus** god van die onderwêreld; ook die doderyk en die onderwêreld self.
- Oréades** bergnimfe.
- Oréstes** seun van Agamémnon en Clytaemnéstra; vermoor sy moeder en haar minnaar Aegísthús om sy vader wat deur hulle vermoor is te wreek; hy bring ook vir Pyrrhus, seun van Achíllés, om die lewe.
- Orícus** van Óricum, 'n stad in Epírus, bekend om sy terpentynbome.
- Óriens** 1) die verrysende Son; 2) die Ooste.
- Órion** mitiese jagter van Boeótië, deur Diana gedood en as sterrebeeld saam met sy hond Sírius aan die hemel geplaas.
- Orithýia** eggenote van Bóreas, die Noordewind.
- Órnytus** Etruriër, deur Camilla gedood.
- Oródes** Trojaan, deur Mezéntius gedood.
- Oróntes** makker van Aenéas wat as kaptein van die skip van die Lyciërs in 'n storm omgekom het.
- Órpheus** oudste legendariese digter en sanger van Thracië; na die onderwêreld afgedaal om sy vrou Eurýdice te gaan terugpleit; omdat hy teen die waarskuwing in omgekyk het na haar voordat hy op die aardoppervlak terug was, het sy finaal teruggegly na die onderwêreld.
- Orses** Trojaan, deur Rapo gedood.
- Orsilochus** Trojaan, deur Camilla gedood.
- Ortínus** dis nie duidelik na watter stad in Latium hierdie byv. nw. verwys nie.
- Ortýgia** ou naam van die eiland Delos in die Egéïese see.
- Ortýgius** Rutuliër, deur Ceneus gedood.
- Osci** volksstam in Campanië.
- Osínus** Etruriese koning, bondgenoot van Aenéas.
- Osíris** Rutuliër, bondgenoot van Turnus.
- Othrys** bergreeks in Thessalië, woonplek van die Kentours.
- Pachýnus** suidelike voorgebergte van Sicilië.
- Pactólus** gouddraende rivier in Lidië.

- Pádua** of Patávium, 'n stad in die Po-vlakte, gestig deur die Trojaanse vlugteling Anténor (q.v.)
- Padus** die Po, grootste rivier in Italië.
- Padúsa** een van die mondinge van die Po.
- Paeon** god van geneeskunde.
- Págasus** Trojaan, deur Camilla gedood.
- Palaémon** 'm seegod.
- Palamédes** een van die Griekse helde voor Troje; deur Ulysses beskuldig van sameswering met die Trojane, word gestenig.
- Palatínus** een van die sewe heuwels van Rome, waar Evander en Augustus hulle wonings gehad het.
- Palícus** Siciliese godheid, op wie se altaar oorspronklik mense geoffer is.
- Palínúrus** stuurman van Aenéas se skip, val oorboord en spoel aan land by kaap Palínúrum wat na hom vernoem is.
- Pallantéum** Evander se stad op die Palatínus.
- Pallas** 1) bynaam van Athena (of Minerva); liefkindogter van Zeus; godin van oorlog en wysheid; skutsgodin van wetenskappe, handwerk, en van die Grieke; aan die mensdom die gebruik van vuur geleer en die olyfboom geskenk; 'n houtbeeld van haar, die Palládium, het in Troje gestaan en die stad beskerm; eers nadat dit gesteel is, kon die Grieke Troje verower. 2) Seun van Evander, bondgenoot van Aenéas, deur Turnus gedood; 3) koning van Arcadië, oorgrootvader van Evander.
- Palmus** Trojaan, reisgenoot van Aenéas.
- Pan** herdersgod, uitvinder van die herdersfluit; voorgestel met horings, bokkloutjies en stert.
- Pándarus** aanvoerder van die Lyciërs, die bondgenote van Troje.
- Panopéa** 'n seegodin.
- Pánopes** jong Siciliër uit die gevolg van Acéstes wat aan die wedloop op die lykspele deelgeneem het.
- Pantágias** klein riviértjie op Sicilië.
- Panthus** seun van Othrys en priester van Apollo in Troje.
- Paphus** stad op die weskus van die eiland Ciprus met die oudste en beroemdste tempel van Venus.
- Parcae** drie Skikgodinne, Clotho, Láchesis en Átropus; elke sterweling se lewensdraad is deur hulle gespin en afgeknip.

- Paris** seun van Priámus en Hécuba; te vondeling gelê op die Idagebergte en as herder grootgemaak; as skeidsregter in 'n skoonheidswedstryd tussen Juno, Minerva en Venus, ken hy aan lg. die prys toe (Juno daardeur diep gekrenk); hy skaak Hélena, vrou van Meneláus en veroorsaak daardeur die Trojaanse oorlog; dood vir Achíles maar word self gevel deur 'n pyl van Philoctétes.
- Paros** eiland in die Egéïese see, beroemd om sy wit marmer.
- Parrhásius** van Parrhásia, 'n landskap en stad in Arcadië, en beteken "Arcadiese".
- Parthe** 'n volk suidoostelik van die Kaspiese see, uitstekende ruiters en boogskutters, berug om hulle troueloosheid.
- Parthénus** Trojaan, deur Rapo gedood.
- Parthenopaéus** een van die "Sewe teen Thebe".
- Pasíphaë** vrou van Minos en moeder van Andrógeos, Ariádne en Phaedra; ook van die Minotaúrus wat gebore is uit haar onnatuurlike liefde vir 'n bul deur Poseídon aan Minos geskenk.
- Patávium** kyk Pádua.
- Patron** jongman afkomstig uit Arcadië, neem deel aan die wedloop op die lykspele.
- Pelásgers** Grieke.
- Péleus** die koning van Thessalië en vader van Achíles.
- Pélias** makker van Aenéas.
- Pelopéus** van Pelops = van Griekeland.
- Pelórus** die noord-oostelike punt van Sicilië.
- Penáte** huisgode van die familie, maar ook die beskermgode van stad en staat.
- Penéleus** Griekse soldaat in Troje wat vir Coroébus om die lewe gebring het.
- Penthesiléa** koningin van die Amasones wat Troje te hulp gesnel het na Hector se dood, deur Achíles in 'n tweeveg gedood.
- Péntheus** koning van Thebe wat deur Bacchus met waansin geslaan is weens sy verbod op die erediens van die god.
- Pérgama** die burg van Troje, ook Troje self.
- Peridia** Thebaanse moeder van Onítes.
- Péripas** 'n Griekse soldaat binne Troje.

- Pérseus** laaste koning van Macedonië; afstammeling van Achilles; deur die Romeinse generaal Aemilius Paulus verslaan.
- Petélia** stad in Bruttium, Suid-Italië.
- Phaeáke** legendariese bewoners van die eiland Scheria (Corfu) wat 'n vrolike lewe gelei het.
- Phaedra** dogter van Minos, en vrou van Théseus; omdat sy die dood van haar stiefseun Hippólytus veroorsaak het, het sy selfmoord gepleeg en daarom in die onderwêreld by die voortydig gestorwenes gewoon.
- Pháëthon** seun van die songod Hélius of Phoebus; ook soms die songod self.
- Pháleris** Trojaan, deur Turnus gedood.
- Pharus** Rutuliër deur Aenéas gedood.
- Phégeus** 1) Trojaan, deur Turnus gedood; 2) ander Trojaan, ook deur Turnus gedood.
- Phéneos** stad in Arcadië.
- Pheres** Trojaan, deur Halaesus gedood.
- Philoctétes** Griekse vriend van Hercules aan wie hy die wonderboog geskenk het; weens 'n voetwond wat nie wou genees nie word hy op raad van Odýsseus op die eiland Lemnos agtergelaat terwyl die ander Grieke teen Troje opruk; toe dit egter duidelik blyk dat Troje nie sonder die boog ingeneem kon word nie, is hy weer na Troje teruggebring.
- Phíneus** waarsêende koning van Thracië wat sy seuns se oë uitgesteek het en daarom met blindheid gestraf is; die Harpýe het hom getreiter deur sy voedsel te besoedel.
- Phlégethon** rivier van vuur in die onderwêreld.
- Phlégyas** koning van die Láipithae wie se dogter deur Apollo onteer is; as wraak steek hy Apollo se tempel te Delphi aan die brand en word daarvoor in die onderwêreld gestraf.
- Phoebe** maangodin Diána.
- Phoebus** die “stralende”, bynaam van Apollo in sy hoedanigheid as songod.
- Phoenix** Achilles se Griekse leermeester wat hom na Troje vergesel het.
- Phóloë** slavin afkomstig uit Kreta, as prys toegeken aan Sergéstus wat laaste gekom het in die roeiwedstryd op die lykspele.

- Pholus** 'n Kentour.
- Phorbos** Trojaan in wie se gedaante die god van slaap probeer het om Aenéas se stuurman Palinúrus oor te haal om sy waaksaamheid te verslap.
- Phorcus** seun van Neptúnus en vader van die Górgone; na sy dood het hy 'n seegod geword.
- Phthia** stad in Thessalië en geboorteplek van Achilles.
- Picus** seun van Satúrnus, voorvader van Latínus.
- Pilúmnus** godheid van oud-Italië, voorvader van Turnus.
- Pinárii** priesters van 'n ou Hercules-diens.
- Pirithoüs** koning van die Lápithae wat saam met sy vriend Théseus na die onderwêreld afgedaal het om vir Prosérpina te skaak, as straf is hy in Tártarus aan 'n suil vasgeklank.
- Pisae** of Pisa, 'n stad in Etrurië.
- Plemýrium** voorgebergte by Syracúsae op Sicilië.
- Pluto** seun van Satúrnus en Rhea; eggenoot van Prosérpina; god van die onderwêreld.
- Po** grootste rivier in Italië, kyk Padus.
- Podalirius** Trojaan deur Alsus gedood.
- Polítes** een van Príamus se seuns; by die huisaltaar in Príamus se paleis word hy voor die oë van sy ouers deur Pyrrhus gedood.
- Pollux** een van die Dioscúri, (Zeusseuns) wat sy onsterflikheid wou deel met sy broer Castor; daarom het hy afwisselend een dag by die hemelse gode vertoef en een dag in die onderwêreld.
- Polyboëtes** priester van die godin Ceres.
- Polydórus** seun van Príamus en Hécuba; hy is deur die Thraciese koning Polyméstor vermoor nadat hy deur Príamus aan sy sorg toevertrou is.
- Polyphémus** Sikloop wat deur Odýsseus blind gemaak is.
- Polýxena** dogter van Príamus en Hécuba; sy is op haar minnaar Achilles se graf geoffer deur sy seun Pyrrhus.
- Pométiá** oudste stad van die Volsci in Látium.
- Pompeíus** Cnaeus Pompeius Magnus, Romeinse generaal en staatsman en mededinger van Julius Caesar, behaal groot oorwinnings in Sicilië, Afrika, Spanje en die Ooste; op die seestrand van Egipte is hy verraderlik vermoor.
- Populónia** 'n stad in Etrurië.
- Porsénna** Etruriese koning wat die verbanne Tarquínus Supérbus weer na Rome wou terugbring.

- Portúnus** die Romeinse hawegod.
- Potítius** stamvader van 'n Romeinse geslag, Romeinse priester van Hercules.
- Praenése** stad in Látium, tans Palestrina.
- Príamus** 1) die laaste koning van Troje, eggenoot van Hécuba en die vader van 'n groot aantal kinders, tydens die verowering van Troje deur Pyrrhus gedood; 2) seun van Polítes en kleinseun van koning Príamus, stamvader van die Itali; neem deel aan die ruiteryvertoning op die lykspele.
- Pristis** skip wat onder bevel van Mnéstheus aan die roeiwedstryd deelgeneem het.
- Privérnum** stad van die Volsci in Latium.
- Privérnus** Rutuliese soldaat van Turnus.
- Prócas** ou koning van Alba Longa, vader van Númitor en Amúlius.
- Procris** Attiese prinses wat so jaloers was op haar man, Céphalus, dat sy hom heimelik op 'n jagtog gevolg het; sy word per ongeluk deur hom gedood en daarom vertoef sy in die onderwêreld by die voortydig gestorwenes.
- Próchyta** eiland aan die kus van Campanië, tans Procida.
- Prosérpina** die dogter van Júpiter en Ceres, eggenote van Pluto, koningin van die onderwêreld.
- Próteus** profetiese seegod wat egter eers vasgebind moes word aler hy profeteer, en in die proses van vasbind gedurigdeur van gedaante verander om te probeer ontsnap.
- Prýtanis** Trojaan deur Turnus gedood.
- Púniërs** Carthagers.
- Pygmálion** koning van Tirus en broer van Koningin Dido van Carthago wie se man Sychaéus deur hom vermoor is.
- Purácmon** 'n Sikloop in Vulcánus se smidswinkel.
- Purgi** hawestad in Etrurië.
- Pyrgo** voedster van Príamus se kinders, haal op aanhitsing van Iris die Trojaanse vroue op Sicilië oor om hulle vloot aan die brand te steek.
- Pyrrhus** seun van Achíles, ook Neoptólemus (die jong kryger) genoem, dood Príamus, en offer dié se dogter, Polýxena, op Achíles se graf.
- Quercens** Rutuliër, soldaat van Turnus.

- Quirínus** Sabyne oorlogsgod, later geïdentifiseer met die vergoddelikte Rómulus.
- Rapo** soldaat van Mezéntius, dood Parthénius en Orses.
- Rémulus** 1) kyk Numánus; 2) man van Tibur (kyk Caédicus) wie se wapenrusting deur Rutuliërs gewen, en van hulle afgeneem is deur Eurýalus.
- Remus** tweelingbroer van Romulus deur wie hy gedood is.
- Rhadamánthus** broer van Minos; saam met Minos en Aéacus in die onderwêreld as regter aangestel.
- Rhaebus** naam van Mezéntius se perd.
- Rhamnes** Rutuliër deur Eurýalus gedood en van wapenrusting beroof.
- Rhea** of Rea, priesteres, moeder van Latynse held Aventínus.
- Rhesus** 'n koning van Thracië en bondgenoot van Troje. 'n Voorspelling het gelui dat Troje nooit ingeneem sou kon word as sy perde eers van Troje se gras gevreet en die water van die Xanthus geproe het nie. Daarom is hy spoedig na sy aankoms by Troje deur Diomédes en Ulýssee om die lewe gebring, nog voordat sy perde kon wei of water suip.
- Rhipheus** 'n makker van Aenéas; by vergissing is hy die nag van Troje se val deur sy mede-Trojane gedood; geloof as die edelmoedigste van alle Trojane.
- Rhoetéum** 'n voorgebergte aan die Hellespont naby Troje.
- Rhoetéus** of Rhoetéius, byv. nw. (n.a.v. die Trojaanse voorgebergte Rhoetéum) = Trojaans.
- Rhoéteus** 1) Rutuliër, deur Eurýalus gedood; 2) koning van die Marsi, vader van Anchémolus.
- Rómulus** die stigter en eerste koning van Rome; hy en sy broer Remus, tweelingseuns van Mars en Rhea Silvia; te vondeling gelê en deur 'n wolvin gevoed; dood sy broer toe lg. sy stadsmuur bespot; deur Mars in 'n vurige wa na die hemel opgeneem; sedertdien onder die naam Quirínus vereer.
- Rósea** 'n streek in Sabyne gebied.
- Rufrae** stad in Campanië.
- Rutuliërs** 'n ou volksstam in Látium, onder aanvoering van Turnus voer hulle oorlog teen Aenéas en die Trojane.
- Ryn** een van die grootste riviere in Europa, tussen Gallië en Germanië.

- Saba** 'n streek in Arabië bekend om sy wierook.
- Sabinus** oud-Italiese held.
- Sabýne** oud-Italiese volk in die buurt van die Latyners.
- Saces** Rutuliër, soldaat van Turnus.
- Sacráni** ou volksstam in Latium.
- Sacrátor** soldaat van Mezéntius.
- Ságaris** 'n Trojaan in Aenéas se gevolg.
- Sálamis** eiland in die Saroniese golf teenoor Attica.
- Sáliërs** die “springende” priesters wat in die begin van Maart wapendanse ter ere van Mars uitgevoer het; by Vergilius is hulle priesters van Hercules.
- Sálius** 1) een van Aenéas se reisgenote uit Acarnánië afkomstig; 2) soldaat van Turnus, dood Thrónius.
- Sallentýne Velde** 'n landstreek in Suid-Italië.
- Salmóneus** prins van Elis wat hom met Jupiter wou gelykstel deur lg. se bliksem en donder met fakkels en dreunende wawiele en die getrappel van perdehoewe te probeer naboots; hiervoor is hy in Tártarus gewerp.
- Same** ou naam van die Ioniese eiland Cephalnéa.
- Samos** vrugbare eiland aan die kus van Iónië met 'n gelyknamige hoofstad waar Juno besondere verering geniet het.
- Samothrácië** bergagtige eiland voor die kus van Thracië, kolonie van Samos.
- Sarnus** rivier in Campanië, tans Sarno.
- Sárpodon** seun van Zeus, leier van die Lyciërs en held van Troje; deur Pátroclus voor Troje gedood; op bevel van Zeus gesalf en teruggebring na Lycië.
- Sarrástes** volk in Campanië, bondgenote van Turnus.
- Saticuláner** inwoner van Saticula, 'n stad in Samnium.
- Sátura** 'n moerasmeer in Látium.
- Satúrnu** oud-Italiese godheid van landelike lewe en landbou; deur sy seun Jupiter van sy troon gestoot, vlug hy na Látium waar hy vir sy nuwe vaderland landbou en beskawing bring.
- Scaéïese Poort** die westelike poort van die stad Troje, direk teenoor die Griekse kamp geleë.
- Scípio's** P.C. Scípio Africánu Major wat vir Hannibal verslaan het en daarmee die tweede Puniese oorlog beëindig het, en P.C. Scípio Africánu Minor wat die derde Puniese oorlog beëindig het met die verwoesting van Carthago.

- Scylacéum** 'n stad aan die ooskus van Suid-Italië.
- Scylla** 1) seenimf wat in 'n monsteragtige wese verander is; haar tuiste was 'n gelyknamige rots-grot tussen Italië en Sicilië in die golf van Messína; vanuit haar grot het sy die skepe geteister en die skepelinge gevang om op te vreet; 2) monster in die onderwêreld.
- Scyriese jeug** die wapenbroers van Pyrrhus wie se grootvader, Lycomédes, koning was van Scyros.
- Sebéthis** nimf, moeder van die Italiese held Oébalus.
- Séfier** of Zéphyrus, die Griekse naam vir die Westewind.
- Selínus** stad op Sicilië.
- Seréstus** een van Aenéas se skeepskapteins; deur die storm op 'n ander plek as Aenéas op die kus van Afrika geslinger; bring Aenéas se vloot in gereedheid om van Carthago af weg te vlug.
- Sergéstus** vriend van Aenéas en kaptein van die "Centaurus" waarmee hy deelgeneem het aan die roeiwedstryd op die lykspele.
- Sérgii** naam van 'n Romeinse gens wat sy oorsprong terugvoer na die Trojaanse held Sergéstus.
- Serránus** 1) Atilius Regulus Serránus, volgens oorlewerings 'n landbouer wat op sy lande besig was om te saai toe boodskappers hom die nuus bring dat hy tot konsul verkies is; 2) Rutuliër deur Nisus gedood.
- Sevérus** berg in die gebied van die Sabyne.
- Sibille** hoogbejaarde waarsegster en priesteres van Apollo by sy tempel te Cumae; onder haar geleide bring Aenéas besoek aan die onderwêreld.
- Sicániërs** bewoners van Sicilië (voorheen Sicánia genoem).
- Sicilië** eiland aan die voet van Italië, deur digters ook Trinácria (die "Driepuntige") genoem na sy drie kape Lilybaéum, Pelórus en Pachýnus.
- Sidicini** volksstam in noorde van Campanië.
- Sidon** een van die beroemdste Feniciëse stede.
- Sigéum** naam van 'n kaap, 'n stad en 'n see-engte in Trojaanse gebied.
- Siklópe** mitiese volk van eenoogreuse wat 1) as herders op Sicilië geleef het; 2) onder leiding van Vulcánus in die vulkaan Etna bliksems gesmee het vir Jupiter.

Sila of Sylva, 'n berg in Brúttium.

Silvānus 'n bos- en veldgod van Látium.

Silvia dogter van Tyrrhus, die herder van Látium.

Silvius seun van Aenéas en Lavínia; deur sy moeder in die bosse grootgemaak omdat sy die jaloesie van haar stiefseun Julius (Ascānius) gevrees het.

Silvius Aenéas 'n koning van Alba.

Simois 1) klein sytak van die Scamándar naby Troje; 2) rivier in Epirus wat deur Hélenus na die Trojaanse rivier genoem is.

Sinon Griekse spioen wat hom deur die Trojane laat vang het om hulle oor te haal om die houtperd binne Troje se stadsmure in te sleep.

Sirénes legendariese wesens; voëls met die gesigte van jong vroue; aan die weskus van Italië hul tuiste gehad; met hul lieflike sang het hulle verbyvarende skepe gelok om skipbreuk te ly op die rotse.

Sírius Hondster, kyk Orion.

Skikgodinne kyk Parcae.

Slaap of Somnus, die god van slaap.

Son of Sol die Italiaanse songod, gelykgestel met die Griekse Phoebus en Apollo.

Soracte berg in Etrurië, noord van Rome.

Sparta hoofstad van Laconië in die Peloponnésus.

Spio 'n seenimf.

Sthénelus 1) een van die “Sewe teen Thebe” wat aan die Trojaanse oorlog deelgeneem en hom in die houtperd laat toesluit het; 2) Trojaan, deur Turnus gedood.

Sthénus Rutuliër, deur Pallas gedood.

Stormgode of Tempestates, die storms as gode aan wie die mens offers gebring het.

Stróphades twee eilande in die Ioniese see wes van die Peloponnésus.

Strymon groot rivier wat Thracië van Macedonië skei.

Strymónius Trojaan, deur Halaésus gedood.

Stýgiese van die Styx.

Styx die rivier wat nege maal rondom die onderwêreld stroom en die Cocýtus in sy loop opneem; ook 'n moeras in die onderwêreld en die onderwêreld self.

Sucro Rutuliër, deur Aenéas gedood.
Sulmo Rutuliër, deur Nisus gedood.
Sýbaris Trojaan, deur Turnus gedood.
Sychaëus eggenoot van Dido, deur haar broer Pygmálion vermoor.
Symaëthus grootste rivier van Sicilië.
Syracúsaë hoofstad van Sicilië, tans Siragossa.
Syrtes twee gevaarlike sandbanke aan die noordkus van Afrika tussen Carthago en Cyréne; tans die Groot (golf van Sydra) en die Klein Syrte (golf van Gades).
Tabúrnus berg in Campanië.
Tagus Rutuliër, deur Nisus gedood.
Talos Rutuliër, deur Aenéas gedood.
Tánaïs Rutuliër, deur Aenéas gedood.
Tarcho vors van Etrurië, aanvoerder van Aenéas se Etruriese bondgenote.
Taréntum ryk handelstad in Suid-Italië.
Tarpeía 1) rots op die Capitólínus vanwaar misdadigers afgegooi is; 2) 'n makker van Camilla.
Tarquínii die naam van twee konings van Rome, Lucius Tarquínus Priscus die eerste Etruriese koning wat oor Rome kom heers het, en Lúcius Tarquínus Supèrbus, die sewende en laaste despotiese koning van Rome.
Tárquitus seun van Faunus, Etruriese bondgenoot van Turnus.
Tártarus of Tartara, die leë donker afgrond onder die aarde, net so diep onder die aarde as wat die hemel bo hom verwyder is; die strafoord van die onderwêreld; soms die onderwêreld self.
Tátius koning van die Sabyne.
Tegéiese van Tégea, 'n stad in die ooste van Arcadië.
Teléboae volk uit Acarnánië wat Capri gekoloniseer het.
Tellus kyk Aarde.
Telon koning van die Teléboae.
Ténédos eiland teenoor die kus van Troje waar die Grieke tydens hul geveinsde aftog geskuil het.
Teucer of Teucrus, 1) die eerste koning van Troje, na wie die Trojane "Teucríers" genoem word; 2) 'n prins van Sálamis wat as balling 'n tweede Sálamis op Ciprus gestig het.

Téreus	Trojaan, deur Camilla gedood.
Tétrica	berg in Sabyne gebied.
Teuthras	Trojaanse reisgenoot van Aenéas, broer van Tyres.
Teutóne	Germaanse volk wat saam met die Cimbri die Romeinse Ryk ingeval het en in 102 v.C. deur Marius verslaan is.
Thaemon	Lyciër, reisgenoot van Aenéas.
Thalia	'n seenimf.
Thámyrus	soldaat van Aenéas, deur Turnus gedood.
Thapsos	skiereiland en stad op Sicilië.
Thaumus	vader van Iris, seun van Neptúnus.
Theáno	vrou van die Trojaan Ámycus, skenk aan Mimas geboorte dieselfde nag waarin Paris gebore is.
Thebe	(of Thebae) ou hoofstad van Boeótië in Griekeland.
Themíllas	Rutuliese soldaat van Turnus.
Thérmodon	rivier in Cappadócië.
Theron	Rutuliër wat Aenéas aanval en self omkom.
Thersilochus	oorlogsheld wat Aenéas in die onderwêreld ontmoet het.
Théseus	nasionale heros in Attica, legendariese koning van Athene; saam met sy vriend Pirithoüs in die onderwêreld afgedaal om vir Prosérpina te skaak; as straf is hy daar aan 'n rotsblok vasgeklank.
Thessálië	vlakte deur berge omring in die noord-ooste van Griekeland; vaderland van Achíllēs.
Thessándrus	een van die Griekse leiers wat in die houtperd toegesluit was.
Thetis	seegodin, vrou van Péleus en moeder van Achilles.
Thoas	1) een van die Griekse leiers wat in die houtperd toegesluit was; 2) Trojaan deur Halaésus gedood.
Thrácië	landstreek in die noord-ooste van Griekeland.
Thrónius	Trojaan, deur Rutuliër Salius gedood.
Thybris	1) oud-Italiese koning; 2) Etruries-Griekse naam van die Tiber.
Thýias	kyk Bacchante.
Thymber	Rutuliër, deur Pallas gedood.
Thymbra	stad en vlakte in Troas waar daar 'n tempel van Apollo was.

- Thymoëtes** 1) Priamus se swaer wat die Trojane probeer oorhaal het om die houtperd binne die mure te sleep, vermoedelik om hom te wreek op Priamus wat Thymoëtes se vrou ten gevolge van 'n foutiewe interpretasie van 'n orakel om die lewe laat bring het; 2) Trojaan, deur Turnus gedood.
- Tiber** die rivier waaraan Rome geleë is.
- Tiberínus** god van die Tiber; 2) die rivier self.
- Tibur** baie ou stad in Latium, tans Tivoli.
- Tibúrtus** stigter van Tibur, kyk Catíllus.
- Tigris** die “Tier”, naam van 'n Etruriese skip.
- Timávus** 'n riviértjie in Istrië wat volgens Vergilius nege bronne gehad het, (tans 'n breë rivier, die Timavo).
- Tirreense** = Etruriese.
- Tiryns** stad in Argolis waar Hercules opgevoed is.
- Tirus** hoofstad en een van die oudste stede van Fenicië; Carthago was een van sy kolonies; daarom is Tiriërs = Carthagiers.
- Tyrrhus** koning Latínus se herder.
- Tisíphone** een van die wraakgodinne, (Euménides, Furieë, Erínyë) wat as wreekster van moord dag en nag in die onderwêreld die wag hou.
- Titan** die son.
- Titáne** 'n ou godegeslag, die ses seuns van Úranus en Gaea wat onder leiding van Satúrnus (Kronos) hulle vader van die wêreldheerskappy beroof het, maar self voor die heerskappy van Satúrnus moes wyk; hulle verloor die stryd teen Júpiter (Zeus) toe hy vir Satúrnus (Kronos) van die troon gestoot het, en word in Tártarus gewerp.
- Tithónus** die seun van Laómedon, eggenoot van Auróra (die Daeraad); sy skenk aan hom onsterflikheid, maar nie ewigduurende jeug nie, met die gevolg dat hy verskrimpel het.
- Tityus** seun van Jupiter, 'n geweldige reus wat vir Latóna aangerand het en daarom deur haar kinders, Apollo en Diana, neergeskiet is; in die onderwêreld het sy liggaam oor nege akkers grond uitgestrek gelê terwyl 'n aasvoël onophoudelik aan sy immer opnuut groeiende lewer vreet.
- Tmaros** berg in Epírus aan die weskus van Griekeland.
- Tmarus** Rutuliese soldaat van Turnus.

- Tolúmnus** Etruriese waarsêer, bondgenoot van Turnus.
- Torquátus** Titus Mánlius Torquátus Imperiósus, 'n Romeinse konsul wat sy seun laat onthoof het omdat hy teen sy verbod in met 'n vyand 'n tweeveg aangeknoop het.
- Trinácia** kyk Sicilië.
- Triónes** die konstellasie van die Groot en Klein Beer.
- Trivia** kyk Hécate.
- Triton** seegod wat op bevel van sy vader Neptúnus op 'n skulp (die Tritonshoring) geblaas het om die see in beweging te bring of te kalmee.
- Tróilus** seun van koning Príamus op bevel van Achilles voor Troje verwurg.
- Trojane** inwoners van Troje en die bewoners van die Trojaanse landstreek in Klein-Asië.
- Troje** 1) hoofstad van die Trojaanse land en geleë aan die voet van een van die Idageberge se uitlopers tussen die Símōis- en Scamándar-riviere; na 'n beleg van tien jaar deur die Grieke verower; ook Ilion of Ilium genoem; 2) stad wat die Trojaan Hélenus in Epirus gestig het.
- Trojespel** die ruiterspel wat die Trojaanse seuns op die lykspele vir Anchíses uitgevoer het.
- Tulla** gesellin van Camilla.
- Tullus** Tullus Hostílius, die derde koning van Rome onder wie se regering Alba Longa verwoes is.
- Turnus** koning van die Rutuliërs, seun van Daunus, en die nimf Venília; broer van die nimf Juturna; ding mee om die hand van Lavinia, word in 'n tweeveg deur Aenéas gedood.
- Tweedrag** kyk Discórdia.
- Týdeus** vader van Diomédes en een van die “Sewe vorste teen Thebe”.
- Tyndáreus** koning van Sparta, eggenoot van Leda, vader van Hélena en Clytaemnéstra.
- Typhoéus** honderdarmige reus wat vir hom die heerskappy oor die hemel wou bemeester maar deur Jupiter se bliksem gedood en onder Etna begrawe, of, volgens 'n ander sage, in Tártarus afgeslinger is.
- Ucálegon** bejaarde Trojaan en vriend van Príamus; in die laaste nag van Troje word sy huis deur die vuur vernietig.

- Ufens** 1) aanvoerder van die Aequi; 2) klein riviertjie in Latium, tans Uffente.
- Ulixes,** of Ulysses, koning van Íthaca, bekend om sy skranterheid en listigheid.
- Úmbrië,** gebied in Midde-Italië.
- Umbro,** soldaat en priester van die Marsi, bondgenoot van Turnus.
- Válerus,** Rutuliër, dood Aenéas se bondgenoot Agis.
- Vélia,** hawestad op die kus van Lucanië waar Palinúrus se lyk uitgespoel het.
- Velínus,** 'n meer in Sabyne gebied.
- Vénulus,** Latynse gesant na Diomédes.
- Venus,** ou Italiese godin van vrugbaarheid en tuinbou; moeder van Kupído (of Amor of Liefde) en van Aenéas; stammoeder van die Romeinse Julii; protagonis van die Trojane in die *Aenëïs*.
- Vesta,** Romeinse godin van die huislike haard, die familielewe en huislike geluk; in haar ronde tempeltjie te Rome het die ewige vuur gebrand wat volgens die legende deur Aenéas uit Troje saamgebring was.
- Vésulus,** berg in die Alpe waar die Po ontspring.
- Vírbius,** seun van Hippólytus.
- Volcens,** aanvoerder van Latynse ruiters wat vir Nisus en Eurýalus betrap het.
- Volsci,** volksstam in Látium.
- Voltúrnus,** rivier in Campanië, tans Volturno.
- Vólusus,** Rutuliese soldaat.
- Vulcánus,** god van vuur, eggenoot van Venus.
- Wraakgodinne,** kyk Eumenides.
- Xanthus,** of Scamándar, 'n rivier in die land van Troje; twee gelyknamige riviere in Chaónië en Lycië is daarna vernoem.
- Zacynthus,** een van die Íóniese eilande teenoor Elis (tans Zante).